# “MODEL NATIVE TOWNSHIPS” IN SUID-AFRIKA: “THE PINNACLE OF PERFECTION”? ’N HISTORIESE EVALUERING, *CA*. 1900’s - 1940’s

by/deur

**KATHARINA SEVENHUYSEN**

Submitted in fulfilment of the requirements for the degree of/
Voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die graad

**DOCTOR OF PHILOSOPHY**
**(HISTORY/GESKIEDENIS)**

in the/in die

**Faculty of Humanities/Fakulteit Geesteswetenskappe**
**University of Pretoria/Universiteit van Pretoria**
**Pretoria**
**2023**

Supervisor/Studieleier : Prof Karen L. Harris

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

“It was reported at the September [1937] conference [of the municipalities and the Native Affairs Department], … that the [central government’s Housing] Board had collected data which ‘brought to

***the pinnacle of perfection***

the type of building required for housing of non-Europeans in South Africa’”.[1]

Die teoreties-tegniese verskynsel van die “model native township” — ontwerp, ontwikkel en onderskryf deur dekades se staats- en munisipale amptenare binne die histories-ideologiese konteks van die segregasiebeleid — behoort vanuit ’n historiese evalueringsoogpunt soos volg benader te word:

in all [its] COMPLEXITY,

in all [its] **nuance**;

that means weighing **the good** up against the bad,

not reduced to ~~one dimension~~,

but [the historian] should

illuminate the shades of grey and

examine [it] and its **legacy**

in a much more **multidimensional** and **subtle** way.[2]

1. P.B. Rich, Administrative ideology, urban social control and the origins of apartheid theory, 1930-1939, *Journal of African Studies* 7(2), Summer 1980, p. 79.
Beklemtoning deur myself.
2. RadioSonderGrense (RSG), 21 April 2023, Potgooi https://www.rsg.co.za/rsg/potgooi-resultaat/?_sf_s=oppenheimer, Program: Op en Wakker, Onderhoud met Michael Cardo, getiteld ‘Harry Oppenheimer — Die koning van diamante’, oor sy boek *Harry Oppenheimer: Diamonds, gold and dynasty* (Johannesburg, 2023), toegang: 8 Julie 2023.

© University of Pretoria

## OPSOMMING

Die "model native township"-verskynsel, met sy praktiese vergestalting in enkele swart stedelike woonbuurtes in Suid-Afrika gedurende die eerste helfte van die 20ste eeu, is die fokus van hierdie studie en word vanuit 'n historiese evalueringsoogpunt ondersoek. Die tydgenootlike beskrywing van hierdie woonbuurtes as "the pinnacle of perfection" in terme van teoreties-tegniese voorskrifte en standaarde vir swart stedelike behuisingsverskaffing, en hoe dit in die praktyk in die swart woonbuurt van Atteridgeville in Pretoria prakties gerealiseer het, word aan die hand van eietydse kriteria beoordeel.

Die teoretiese, kontekstuele en konseptuele raamwerk waarbinne hierdie navorsing plaasvind, berus op die konsepte van modernisme, die Britse welsynstaatgedagte en die sanitasie-sindroom wat die idee van "model"-behuisingstoestande vir die werkersklas gedurende die eerste helfte van die twintigste eeu onderlê het. Paternalisme en segregasie, in hierdie begrippe se vele genuanseerde betekenisse, het die daarstelling van "ideale" swart stedelike woonomstandighede in Suid-Afrika op 'n rassebasis laat plaasvind. Stadsbeplanners en argitekte het model swart woonbuurtes gevisualiseer en ontwerp. Die praktiese realiteit van die finansiële las op plaaslike stedelike owerhede en die swak ekonomiese posisie van die swart inwoners het, te midde van uitdagende oorlogtydse (1939-1945) omstandighede, hierdie idealistiese planne ondermyn. Model swart woonbuurtes was nie die "beste" wat nog ooit opgerig is nie, dit was wel "beter" as bestaande krotbuurtes.

Die metodologiese lens wat gebruik word om hierdie verskynsel te ondersoek, berus op bewese historiese navorsingsbeginsels, aangevul met bydraes uit 'n verskeidenheid van relevante dissiplines. Die kritiese omgaan met en lees van bronnemateriaal; die gebruikmaking van 'n klasse- én rasse-ontledings- en verklaringsmodel; en die noodsaaklikheid van postmodernistiese bevraagtekening is toegepas. Navorsing oor behuising — 'n "werklikheidsonderwerp" wat die werklike, komplekse menslike realiteit ondersoek — het 'n interdissiplinêre en selfs transdissiplinêre metodiese benadering vereis. Historiese vergelykingsmetodes waar Atteridgeville met tydgenootlike behuisingskriteria vergelyk word, is toegepas. Die beklemtoning van die ingewikkelde en verweefde aard van hierdie onderwerp het ook die bydrae van visuele elemente genoodsaak. Bowenal het die daarstelling en verkryging van historiese begrip, aan die hand van 'n genuanseerde en empatiese omgaan met die verlede, sy mense en die strukturele (woonbuurt)-erfenis, noodsaaklik geblyk ten einde gebalanseerde en verantwoordbare historiese evaluerings te maak.

**SLEUTELWOORDE:** Pretoria; Atteridgeville; "model native township"; behuising; argitektuur; modernisme; patriargalisme; paternalisme; segregasie.



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**ABSTRACT**

The “model native township”-phenomenon with its embodiment in a number of black urban townships in South Africa during the first half of the 20th century is the focus of this study and is investigated from a historical evaluation perspective. The contemporary description of these residential areas as the “pinnacle of perfection” in terms of the theoretical-technical prescriptions and standards for the provision of black urban housing, and how this was realised in practice in the black township of Atteridgeville in Pretoria, is assessed through the use of contemporary criteria.

The theoretical, contextual and conceptual framework in which this research took place relies on the concepts of modernism, the British welfare-state idea, and the sanitation syndrome which underlie the idea of model housing conditions for the working class during the first half of the 20th century. In the multiple nuanced meanings of the concepts paternalism and segregation, the establishment of “ideal” black urban living conditions in South Africa took place on a racial basis. Town planners and architects visualised and designed model black townships. The practical reality of the financial burden on local urban authorities and the weak economic position of the black inhabitants, amidst the challenging war (1939-1945) years, undermined these idealistic plans. Model black townships were not the “best” that had ever been established, but they were better than existing slum areas.

The methodological lens that was used to investigate this phenomenon, is founded on established historical research principles, augmented by contributions from a range of relevant disciplines. The critical analysis of source material; the use of both a class and race analysis and explanatory model; and the necessity of postmodern questioning was applied. Research about housing — a “real life” topic that investigates the true, complex human reality — demanded an interdisciplinary, and even a transdisciplinary approach. Historical comparative methodologies were applied where Atteridgeville was compared with contemporary housing criteria. The emphasis on the complex and intricate nature of this topic also necessitated the use of visual elements. Above all, the establishment of historical understanding, utilising nuanced and empathetic engagement with the past, its people and the structural (township) heritage, was necessitated in order to make balanced and accountable historical evaluations.

**KEYWORDS:** Pretoria; Atteridgeville; “model native township”; housing; architecture; modernism; patriarchalism; paternalism; segregation.


© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



**DANKBETUIGINGS**

Met hierdie dankbetuigings verleen ek erkenning aan die toewyding, ondersteuning, aanmoediging, bemoediging, geduld en "daar-wees" van persone wat hierdie navorsing (en die grondslag daarvoor) en die tydperk (!) wat daaraan bestee is, draaglik én moontlik gemaak het:

- ✓ Johan Bergh (vir die leerskool van formulering en herformulering)
- ✓ Hannes Engelbrecht (omdat ek só baie by jou, die "closet"-historikus, geleer het)
- ✓ Cobus Ferreira† (vir die aandrang op presisie, deeglikheid, redigering en herlees)
- ✓ Jackie Grobler (vir sy ondersteuning as dosent en kollega)
- ✓ **Karen Harris (vir jou ongelooflike en volgehoue toewyding, ondersteuning, geduld, studieleiding, empatiese druk en emosionele onderskraging)**
- ✓ kollegas en vriende (vir volgehoue belangstelling wat ondersteuning gebied het)
- ✓ Alex Mouton (vir die bekendstelling aan veelvoudige interpretasies van 'n historiese gebeurtenis)
- ✓ Alett Nell (vir haar speurhond-ingesteldheid en die opspoor van elke moontlike bron)
- ✓ Willie†, Jessie† en Kobus† Pretorius (omdat hulle só trots sou gewees het)
- ✓ die Pretorius- en Sevenhuysen-families (vir volgehoue belangstelling en ondersteuning)
- ✓ Willem Stals† (vir die beklemtoning van 'n "deeglike bestudering" van elke bron)
- ✓ Floors van Jaarsveld† (vir die bekendstelling aan verskillende metodologiese invalshoeke)

- ♡ **Pieter Sevenhuysen (vir geduldige (!) stedelike geografie-verduidelikings, jarelange geduld en ondersteuning)**
- ♡ **Jessika Sevenhuysen (vir aanmoediging, ondersteuning en daaglikse aanhalingnotas vir die laaste 60 dae van skryfwerk)**

***Opus tandem perfectum est***
(Die werk is eindelik voltooi)

***Soli Deo Gloria!***



© University of Pretoria

**INHOUD** **BLADSY**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Opsomming | | | i |
| *Abstract* | | | ii |
| Dankbetuigings | | | iii |
| Afkortings | | | vii |
| Diagramme | | | viii |
| Kaarte | | | viii |
| Sketse | | | viii |
| Tabelle | | | viii |
| Bylae | | | ix |
| **I** | **Inleiding** | | **1** |
| | 1. | Begripsomskrywing | 3 |
| | 2. | Die universele behoefte aan behuising | 10 |
| | 3. | Die faktore wat swart stedelike behuisingsverskaffing beïnvloed, *ca*. 1900-1948 | 16 |
| | 4. | Die situasie in Pretoria | 36 |
| | 5. | Struktuur van die studie | 43 |
| **II** | **Teoretiese, metodologiese en bronnebegronding** | | **46** |
| | 1. | Stedelike, behuisings-, sosiale, plaaslike en/of streeksgeskiedenis? | 48 |
| | 2. | ’n Interdissiplinêre en selfs transdissiplinêre benadering | 63 |
| | 3. | ’n Klasse-, rasse- én postmodernistiese ontledings- en verklaringsmodel | 71 |
| | 4. | ’n Vergelykende, evaluerende en visuele perspektief | 80 |
| | 5. | Atteridgeville as gevallestudie: primêre en tydgenootlike bronne | 87 |
| | 6. | Slot | 92 |
| **III** | **Literatuuroorsig** | | **95** |
| | 1. | Definisies en begrippe | 97 |
| | 2. | Swart behuising en verstedeliking | 99 |
| | 3. | Die geskiedenis van swart woonbuurtes in Pretoria | 103 |
| | 4. | Navorsingsmetodiek en die stedelike verskynsel | 105 |



© University of Pretoria

5. Die konseptuele oorsprong van "modelbehuising" 110
6. Administratiewe en wetgewende onderbou van swart stedelike behuising 114
7. Die rol van stadsbeplanning en argitektuur in swart stedelike woonbuurtes 118
8. Navorsing oor Atteridgeville 120
9. Slot 121

**IV Kontekstuele, konseptuele en administratiewe grondslag: swart stedelike behuisingsverskaffing in Suid-Afrika, *ca*. 1900's-1940's 122**

1. Die konseptuele oorsprong van "modelbehuising" 124
2. Modelbehuising + Suid-Afrikaanse konteks = "model native townships" 131
3. Administratiewe strukture, beheer en werkswyses van toepassing op stedelike swartes en hulle woonbuurtes 147
4. Slot 170

**V Beleids- en wetgewende grondslag: swart stedelike behuisingsverskaffing in Suid-Afrika, *ca*. 1900's-1940's 173**

1. Die dualistiese, buigsame en aanpasbare segregasiebeleid 173
2. Wetsbepalings wat swart stedelike behuisingsbeleid en -verskaffing bepaal en gerig het 177
3. Slot 208

**VI Uitleg-, infrastruktuur- en behuisingskenmerke van "model native townships": Atteridgeville in Pretoria, 1930's – 1940's 210**

1. Die oorsprong en aard van stadsbeplanning in Suid-Afrika 212
2. Relevante wetgewing, ordinansies, organisasies, beraadslagings en wetenskaplike ondersoeke van toepassing op stadsbeplanning 216
3. Die vergestalting van stadsbeplannings- en argitektoniese beginsels en -praktyke in die beplanning en ontwerp van model swart stedelike woonbuurtes 221
4. Die raamwerk waarbinne die Pretoriase plaaslike owerheid die (model) swart stedelike woonbuurt van Atteridgeville moes oprig 227
5. Atteridgeville: Beplanning, ontwerp en uitleg, en daarstelling van infrastruktuur, 1930's-1940's 240



© University of Pretoria

6. Atteridgeville: Verskuiwing en behuisingstrukture 262

7. Slot 268

**VII Hoe "perfek" was die "model"?**

**Atteridgeville gemeet aan tydgenootlike standaarde vir 'n "model native township" 270**

1. Hoe "perfek" was die model swart woonbuurt-verskynsel vir die historiese konteks waarbinne dit prakties neerslag gevind het? 273

2. Hoe "perfek" was Atteridgeville as 'n model swart woonbuurt gemeet aan tydgenootlike kriteria vir model swart woonbuurtes? 279

3. Atteridgeville — 'n "model native township", vír en ín sy tyd? 299

4. Slotbesinning 301

**VIII Bylae 310**

**IX Bronne 327**



© University of Pretoria

## AFKORTINGS

| | |
|---|---|
| m | meter |
| NBNI | Nasionale Bounavorsingsinstituut |
| PUTCO | Public Utility Transportation Company |
| SAP | Suid-Afrikaanse Polisie |
| VSA | Verenigde State van Amerika |
| WNNR | Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad |
| ZAR | Zuid-Afrikaansche Republiek |


© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**DIAGRAMME** **BLADSY**

| | | |
|---|---|---|
| Diagram 1: | Skematiese kennisvoorstelling van invalshoeke relevant tot swart stedelike woonbuurtes | 107 |
| Diagram 2: | Skematiese kennisvoorstelling van navorsing oor die konsep "paternalisme" | 112 |
| Diagram 3: | Skematiese kennisvoorstelling van navorsing oor die konsep "model swart woonbuurt" | 115 |
| Diagram 4: | Segregasie-onderskeid | 141 |
| Diagram 5: | Organogram van swart stedelike administrasie | 159 |

**KAARTE**

| | | |
|---|---|---|
| Kaart 1: | Vestiging in en uitbreiding van swart woonbuurtes in die Pretoria-omgewing, 1908-1943 | 37 |
| Kaart 2: | Die oriëntasie van Atteridgeville ten opsigte van buffersones en vervoerroetes, 1940's | 243 |

**SKETSE**

| | | |
|---|---|---|
| Skets 1: | Die verskillende vorme van dissiplinariteit | 10 |
| Skets 2: | Die teenstrydige eienskappe van paternalisme | 136 |
| Skets 3: | "Model swart woonbuurt": betekeniskategorieë | 146 |

**TABELLE**

| | | |
|---|---|---|
| Tabel 1: | Fases in swart stedelike behuisingsbeleid en -verskaffing | 178 |
| Tabel 2: | Atteridgeville gemeet aan tydgenootlike kriteria | 298 |



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**BYLAE** **BLADSY**

**Bylaag I: Foto's** **310**

Foto 1: Terrein van Atteridgeville-ontwikkeling met dolomietkoppies en Bankenveld-plantegroei 310

Foto 2: Huise van verskillende ontwerpe is vir afwisseling langs mekaar geplaas 310

Foto 3: Spasie rondom huise beskikbaar vir die maak van tuine 311

Foto 4: Mev. Patricia Atteridgeville — *Mmadisopo* — by swart kinders wat sop ontvang 311

Foto 5: Uitnodiging na die amptelike opening van Atteridgeville op 5 Augustus 1940 312

Foto 6: Hooggeplaastes tydens die amptelike opening van Atteridgeville op 5 Augustus 1940 312

Foto 7: Mev Atteridge by 'n huis in Marabastad wat afgebreek word tydens die verskuiwing na Atteridgeville 313

Foto 8: Eerste intrekkers op pad na Atteridgeville, 1940 313

Foto 9: Die huis waar nuwe intrekkers se huisinhoud ontsmet is voordat 'n nuwe huis betrek mag word 314

Foto 10: Eerste intrekkers besig om in te trek 314

Foto 11: Eerste intrekkers voor 'n skakelhuis 314

Foto 12: Voorbeeld van tuinmaak deur die inwoners van Atteridgeville 315

Foto 13: Voorbeeld van tuinmaak deur die inwoners van Atteridgeville 315

**Bylaag II: Huis- en woonbuurtplanne** **316**

Groep I, Huisplan 1: Tweekamer-skakelhuis 316

Groep I, Huisplan 2: Driekamer-skakelhuis 317

Groep I, Huisplan 3: Driekamerhuis 318

Groep I, Huisplan 4: Vierkamerhuis 319

Groep I, Huisplan 5: Vyfkamerhuis 320

Groep II, Huisplan 6: Tweekamer-skakelhuis 321

Groep II, Huisplan 7: Driekamer-skakelhuis 322

Groep II, Huisplan 8: Driekamerhuis 323

Groep II, Huisplan 9: Vierkamerhuis 324

Huisplan 10: Voorgestelde planne van die Sentrale Woningsraad, 1940 325

Woonbuurtplan 1: Radiale uitlegpatroon van Atteridgeville 325

Woonbuurtplan 2: Onreëlmatige straatpatroon wat eentonigheid teenwerk 326

Woonbuurtplan 3: Gedetailleerde plan wat erfplasing van huise en spasie rondom huise aantoon 326



© University of Pretoria

# I INLEIDING

Die onderwerp van hierdie proefskrif — *"Model native townships" in Suid-Afrika: "The pinnacle of perfection"? 'n Historiese evaluering, ca. 1900's-1940's* — handel oor die konseptuele en kontekstuele oorsprong van "model native townships" in Suid-Afrika gedurende die eerste helfte van die 20ste eeu. Waar kom die idee vandaan om "model"-woonbuurtes op te rig? Waarom was daar by die regeringsklasse 'n byna obsessiewe gedrewenheid om die ideale, die perfekte, woonbuurt vir die werkersklasse in Suid-Afrika (beide blank[1] en swart[2]) te visualiseer, te ontwerp en tot stand te bring? Hoe moes die "model native township" teoreties en tegnies daar uitsien? Het hierdie "model"-aard in die praktyk gerealiseer? Was dit enigsins moontlik om die "toppunt van perfeksie" in die daarstelling van swart stedelike behuising gedurende die betrokke tydperk prakties aan te pak en tot uitvoer te bring? Vir wie was dit die "volmaakte", die "ideale", woonbuurt — vir die skeppers of vir die bewoners daarvan? En, hoe behoort historici hierdie "ideale" woonbuurtes binne die konteks van die "alles-behalwe-ideale" segregasionistiese en diskriminerende leefwêreld van die eerste helfte van die 20ste eeu krities te evalueer en te beoordeel?

Ten einde bogenoemde en vele ander vrae oor die onderwerp te beantwoord, is dit noodsaaklik om die oorsprongsgedagtes, -filosofieë en -ideologieë en die daaruit-voortspruitende beleid, wetgewing en regulasies, en die betrokke uitvoerende owerheidsinstansies na te vors en sistematies te ontrafel en te ontleed om groter histories-relevante begrip en insig te verkry. Dit stel dan die navorser in staat om 'n weldeurdagte, gebalanseerde en genuanseerde waarde-oordeel te vel en die gehalte — hoe "perfek" en in lyn met die eietydse kriteria dit was — van die "model native township"-verskynsel histories te bepaal.

Eerstens sal die oorsprong en teoreties-tegniese visualiserings- en ontwerpfases uiteengesit en ontleed word. Dan sal die praktiese neerslag van die "model native township" in die ontwerp en totstandkoming van 'n swart stedelike woonbuurt binne die munisipale grense van Pretoria gedurende die tydperk 1935-1948 — Atteridgeville — aangetoon en met eietydse kriteria vergelyk en daaraan geëvalueer word.

Teen 1935 was swartes in twee swart woonbuurtes onder beheer van die Stadsraad van Pretoria woonagtig, naamlik Marabastad (wat Schoolplaats grootliks ingesluit het) en Bantule (waarvan Hove's Ground deel uitgemaak het). Omstandighede in hierdie woonbuurtes, veral in Marabastad, is gekenmerk

1. Kyk p. 4 van hierdie hoofstuk vir die rasionaal agter die gebruik van die term "blank"/"blankes".
2. Vir die doel van hierdie studie word onder "swart"/"swartes" die inheemse Bantoesprekende inwoners van Suid-Afrika verstaan. Vir 'n meer volledige verduideliking van hierdie begrip, kyk pp. 3-4.


© University of Pretoria

deur onbevredigende en onaanvaarbare toestande weens ’n tekort aan behuising, fasiliteite, dienste en ruimte. Om hierdie rede het die Stadsraad van Pretoria van 1935 af begin met die beplanning van ’n nuwe “model swart woonbuurt” om dié probleme hok te slaan; in toekomstige swart behuisingsbehoeftes te voorsien; en om as ’n model (of die beste voorbeeld) van hoe ’n swart stedelike woonbuurt behoort te lyk, te dien. Hierdie nuwe swart woonbuurt — Atteridgeville — is wes van Pretoria aangelê, ongeveer dertien kilometer[3] van die middestad af.[4]

Atteridgeville het dus reeds van 1935 af begin vorm aanneem, maar dit was eers gedurende die tweede bewindstydperk (1939-1948) van genl. Jan Smuts as eerste minister dat die nodige infrastruktuur[5] daargestel is en swartes deur die Stadsraad van Pretoria daar hervestig is. Teen 1939 is daar met die aanvoorwerk, beplanning en daarstelling van Atteridgeville reeds so ver gevorder dat die opening van Atteridgeville vir 1940 in die vooruitsig gestel is. Die amptelike opening het dan ook op 5 Augustus 1940 plaasgevind.[6] Die bespreking, ontleding en evaluering van swart stedelike behuisingsverskaffing en behuisingsbeleidsrigtings gedurende dié tydperk, sal vanselfsprekend ook lei tot uitsprake oor die hantering van die swart stedelike behuisingsituasie deur die Smuts-regering tot en met die regeringsoorname deur die Nasionale Party in 1948.

Die eietydse gebruik van die beskrywings “model native township” en later “properly planned townships”[7] was aan die orde gedurende die eerste helfte van 20ste eeu. Met die bewindsaanvaarding van die Nasionale Party is beide beskrywings steeds gebruik, en gedurende die einde van die 1950’s en die 1960’s het die beskrywing “properly planned townships” toenemend neerslag gevind. Die verskil tussen die behuisingsverskaffing tot en met die bewindsaanvaarding van die Nasionale Party in 1948 vergeleke met die daaropvolgende tydperk, strek verder as die beskrywingsverandering ten spyte van die kontinuïteit en ooreenkomste in die oorsprong, visualisering, ontwerp, tegniese aspekte en praktiese toepassing van hierdie beskrywings in swart stedelike woonbuurtes.[8] Onder die Nasionale Party en veral met die aanstelling van Hendrik F. Verwoerd (1901-1966) as Minister van Naturellesake in 1950, het swart stedelike behuisingsverskaffing ’n baie meer resepmatige, rigiede, beherende en onverbiddelike karakter openbaar. In hierdie konteks word Verwoerd beskryf as “a persuasive ideologue and a martinet without peer — but above all he was a brilliant administrator”.[9] Hierdie oorgang van die meer

3. Vir die doel van hierdie studie is afstande na die metrieke maatstelsel omgeskakel — van *myl* na kilometer — omdat dit binne die huidige verwysingsraamwerk beter verstaanbaar is; dieselfde geld ook vir die omskakeling van *morg* na hektaar in die aanduiding van grondoppervlakgroottes.
4. M. Malan, *The black community of Pretoria, 1923-1939*, M.A. Dissertation, University of Pretoria, 1996, p. 19; J.F. Eloff, *’n Volkekundige studie van aanpassing en ontwikkeling in die gesinslewe van die naturelle van Atteridgeville*, M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1952, p. 78.
5. Die begrip “infrastruktuur” sal voorts gebruik word om ook behuising, noodsaaklike dienste en openbare fasiliteite in te sluit.
6. M. Malan, *The black community of Pretoria, 1923-1939*, M.A. Dissertation, University of Pretoria, 1996, p. 65.
7. I. Evans, *Bureaucracy and race. Native administration in South Africa*, p. 119.
8. I. Evans, *Bureaucracy and race. Native administration in South Africa*, p. 5.
9. I. Evans, *Bureaucracy and race. Native administration in South Africa*, p. 6.


© University of Pretoria

innoverende en kreatiewe, pragmatiese, selfs lukrake en nie altyd gekoördineerde nie, ontwikkelingsfase van "model native townships" na die meer "ontmenslike" fase gefokus op oorhoofse beheer, kunsmatige afhokking, wetenskaplikheid, tegniese kriteria en reëls is 'n verdere rede vir die tydsafbakening van die proefskrif.[10]

Die onderwerp van hierdie proefskrif kan slegs na behore begryp word indien relevante begrippe duidelik en begrensd gedefinieer word en dit teen 'n breër agtergrond geplaas word. Daarom moet dit binne die konteks van die universele behoefte aan, reg op, en problematiek van 'n tekort aan behuising en die verskeie faktore wat die verskaffing van behuising beïnvloed, beskou word.

## 1. Begripsomskrywing

Vir hierdie studie oor swart stedelike woonbuurtes moet sekere begrippe presies gedefinieer en verduidelik word sodat daar klarigheid bestaan oor wat onder hierdie begrippe verstaan word. Sekere begrippe sal hier kortliks gedefinieer word en dan in Hoofstuk IV in groter detail en meer genuanseerd, as deel van die konseptualisering van die navorsingsonderwerp ontleed word.

Die eerste drie begrippe wat aandag vereis is *ras*, *swart/swartes* en *blank/blankes*. Die begrip *ras* het tot en met die helfte van die 1920's binne die Suid-Afrikaanse konteks meer met taal en kultuur te make gehad as met kleur. Gedurende hierdie tydperk het die "rassekwessie" na die verhouding tussen Afrikaans- en Engelssprekende blankes verwys. Daarna is *ras* gebruik om tussen blankes en swartes in Suid-Afrika te onderskei.[11] Die betekenis en gebruik van die begrip *ras* is problematies. Hierdie begrip moet in samehang met die heersende en tydgenootlike kontekste, en ideologiese en teoretiese paradigmas gedefinieer word. Daar moet verstaan word dat ras na beide ooreenkomste (afkoms) wat mense saamsnoer én na verskille (fisiese voorkoms, velkleur, genetika, historiese afkoms, taal, kultuur, geloof, beskawingsvlak, status, mag) wat mense/groepe/gemeenskappe verdeel en tot vooroordeel, diskriminasie en ongelykheid (=rassisme) aanleiding gee, kan verwys.[12] Die keuse om die woord of kategorie *swart/swartes* te gebruik, berus op die gebruik daarvan deur tydgenootlike bronne. Hierdie kategorie verwys na die inheemse Bantoesprekende inwoners van Suid-Afrika. Indien die terme *Bantoe* of *naturel* of hulle Engelse ekwivalente in aanhalings en in die name van wetgewing en bronne voorkom, is by die oorspronklike terminologie gebly ten einde die tydsgees weer te gee, dit histories-chronologies en gepas binne die bepaalde regeringsbeleidkonteks te plaas, en dus

10. A. Lemon, The apartheid city, *in* A. Lemon (ed.), *Homes apart: South Africa's segregated cities*, p. 6.
11. S. Dubow, *Racial segregation and the origins of apartheid in South Africa, 1919-1936*, pp. 4, 15.
12. P. Maylam, *South Africa's racial past: The history and historiography of racism, segregation and apartheid*, pp. 6-7.



© University of Pretoria

kontekstuele akkuraatheid te verseker.[13] Die keuse om die woord of kategorie *blank/blankes* te gebruik, berus eweneens op die gebruik daarvan deur tydgenootlike bronne. Alhoewel die woord ideologies gelaai is, was dit die aanvaarbare kategorie gedurende die eerste helfte van die twintigste eeu in Suid-Afrika. Die kategorie *wittes* is in die huidige tydsgees dalk 'n meer aanvaarbare, dog steeds ideologies-gelaaide kategorie.

Vir die doel van hierdie studie word onder *stedelike swartes* hoofsaaklik dié swartes ingesluit wat onder die jurisdiksie van stedelike plaaslike owerhede gestaan en in die amptelike munisipale swart stedelike woonbuurtes woonagtig was of daarin woonagtig moes gewees het indien voldoende huisvesting verskaf kon word. Onder *swart stedelike woonbuurt* word verstaan die swart stedelike woongebied wat volgens wetgewing as synde onder die beheer en jurisdiksie van 'n betrokke stedelike plaaslike owerheid geplaas is en waarvoor die betrokke stedelike plaaslike owerheid dan verantwoordelikheid vir die verskaffing van behuising aanvaar het.[14] Die gebruik van *lokasie* en/of *woonbuurt* ("township") benodig verdere toeligting: oorkoepelend kan verklaar word dat hierdie begrippe na die "institutionalisation of the form of residential segregation known <u>successively</u> as the 'location' or 'township'"[15] verwys. *Lokasie* was 'n begrip wat in die middel van die 19de eeu ontstaan het en gedurende die 19de en eerste twee dekades van die 20ste eeu binne die Suid-Afrikaanse konteks gebruik is om na afgebakende territoriale en gesegregeerde administratiewe plattelandse en stedelike gebiede te verwys wat vir swart vestiging onder koloniale beheer afgebaken is. Tot en met die 20ste eeu was alle stedelike lokasies eenvoudig plekke waar inwoners hulle eie woonplekke, wisselend in voorkoms en gehalte, opgerig het. Die stadsbeplanner Alan Mabin verduidelik dat "[t]hey were places pointed out to those excluded by markets or race, sometimes both, as places to 'locate' themselves."[16] Soos wat beheer en kostes gaandeweg toegeneem het, het hierdie gebiede toenemend in staatsbehuisingsgebiede verander. Die term *woonbuurt*/"township" is gedurende die 1920's begin gebruik, blykbaar as 'n aanduiding van formaliteit en toenemende beheer. Na afloop van die Tweede Wêreldoorlog (1939-1945) was die term *woonbuurt* die aanvaarde en amptelike term vir gesegregeerde swart gebiede.[17]

*Behuising* verwys na 'n verskeidenheid van aspekte. In die mees omvattende sin verwys *behuising* na die bevrediging van die basiese menslike behoefte aan skuiling en veiligheid deur die verskaffing van

---

13. J. Robinson, Administrative strategies and political power in South Africa's black townships 1930-1960, *Urban Forum* 2(2), 1991, p. 75.
14. Unie van Suid-Afrika, *Naturellen (Stadsgebieden) Wet* (Wet 21 van 1923), Artikel 1(1)(a), p. 141.
15. P. Wilkinson, Housing policy in South Africa, *Habitat International* 22(3), 1998, p. 217. Beklemtoning deur myself.
16. A. Mabin, Suburbs on the veld, modern and postmodern, Draft article, 2005, p. 4.
17. A. Mabin, Suburbs on the veld, modern and postmodern, Draft article, 2005, p. 4; J. Robinson, *The power of apartheid: State, power and space in South African cities*, p. 57; J. Robinson, "A perfect system of control?" State power and "native locations" in South Africa. *Environment and Planning D: Society and Space* 8(2), 1990, p. 136; A. Mabin, Conflict, continuity and change: Locating "properly planned native townships" in the forties and fifties, *in* Planning History Study Group, *Proceedings of the Symposium on South African Planning History*, p. 307.



© University of Pretoria

beskerming teen klimaatstoestande (buitengewone hitte en koue) en die ongewenste indringing van insekte, knaagdiere en omgewingsteurnisse (soos geraas) wat skadelik vir die gesondheid en welsyn kan wees.[18] Daar bestaan dus 'n noue verband tussen die mens se behuising, gesondheid en algemene welsyn. In 'n enger sin verwys *behuising* na die fisiese behuisingstrukture wat verskillende tipes huisvesting insluit. Met ander woorde, dit omskryf die verskillende strukture wat as woonplek vir enkellopendes en die gesinseenheid dien.[19] *Behuising* behels ook die verskaffing of beplanning, finansiering, oprigting en instandhouding van sowel die fisiese behuisingstrukture as die nodige *infrastruktuur*. Die begrip *infrastruktuur* kan vir die doel van hierdie studie as "*sociale* [of] *consumptieve* infrastructuur"[20] omskryf word. Dit behels die onderliggende basis of ondersteunende struktuur, insluitende die nodige fasiliteite, toerusting, dienste en geboue, wat vir die groei en funksionering van die gemeenskap noodsaaklik is.[21]

Die stadsbeplanner Antonie Moolman Lamont verskaf 'n meer spesifieke omskrywing van hierdie begrip en verklaar dat *infrastruktuur*

> refers to those often unseen services which enables the occupants to live comfortably in the house. These include roads, piping for ..., water, storm water and sewage, and cables for electricity and telephones. Factors such as qualitative differentiation and local bulk service availability determine which of these commodities are being provided in individual settlement schemes since not all of them are absolutely necessary for the occupation of a dwelling.[22]

Dit is duidelik dat Lamont binne die begrip *infrastruktuur* onderskei tussen dienste wat noodsaaklik en 'n voorvereiste is voordat 'n huis bewoon kan word en ander dienste wat die woonervaring meer gemaklik, geskik en aangenaam maak, en dus die lewenskwaliteit van die inwoners behoort te verhoog. Die bespreking van die "sosiale" infrastruktuur van "model native townships" (en spesifiek dan ook Atteridgeville) sluit dus die daarstelling van *noodsaaklike dienste* én van genoegsame en bereikbare *openbare fasiliteite* in. Onder *noodsaaklik dienste* word aspekte soos sanitasie, water, elektrisiteit, vullisverwydering, telefoon-, pad- en spoorverbindings verstaan.[23] *Openbare fasiliteite* sluit aspekte soos opvoedings-, ontspannings-, gesondheids-, welsyns-, godsdienstige, handels- en inkoopfasiliteite, wat tot 'n aangename leefruimte, gemaklike leefervaring, en beter lewenskwaliteit kan lei, in. Onder *aangenaam* word "genoegsame, geskikte of voldoende"[24] verstaan, en *gemaklik* verwys na "gerieflik en sonder moeite of swaarkry".[25] Onder *lewenskwaliteit* word "'n lewe van goeie gehalte en waarde of 'n

---

18. D.U. Vestbro *et al.* (eds), *Methodologies in housing research*, p. 2.
19. W. Morris (ed.), *The Grolier international dictionary I*, p. 638.
20. A.J. Wiggers *et al.* (hoofreds.), *Grote Winkler Prins X*, p. 53.
21. W. Morris (ed.), *The Grolier international dictionary I*, p. 675.
22. A.M. Lamont, Provision of housing and infrastructure, *in* W.P. Mostert & J.M. Lötter (eds), *South Africa's demographic future*, p. 147.
23. B. Goodall, *The Penguin dictionary of human geography*, pp. 235-236.
24. F.J. Labuschagne & L.C. Eksteen (reds.), *Pharos verklarende Afrikaanse woordeboek*, pp. 6 & 303.
25. F.J. Labuschagne & L.C. Eksteen (reds.), *Pharos verklarende Afrikaanse woordeboek*, p. 300.



© University of Pretoria

hoë standaard"[26] veronderstel. Hierdie verduidelikings is egter onbevredigend, baie subjektief en grotendeels kwalitatief van aard.

Onder "die reg op behuising" in die Universele Verklaring van Menseregte (1948), verskaf die begrip *geskikte of voldoende behuising* 'n meer presiese verduideliking en omskrywing vir 'n *aangename* leefruimte wat 'n *gemaklike* leefervaring en beter *lewenskwaliteit* vooropstel.[27] Hiervolgens word *voldoende of geskikte behuising* — ten spyte van die feit dat sosiale, ekonomiese, kulturele, klimaats-, ekologiese en ander faktore die definisie van "geskik" of "voldoende" kan beïnvloed — beskou as behuising wat aan basiese standaarde voldoen met betrekking tot die beskerming van eiendomsreg; toegang tot dienste, hulpbronne, fasiliteite en infrastruktuur; bekostigbaarheid; bewoonbaarheid; toeganklikheid; ligging; en kulturele toepaslikheid.[28] Gemeet aan tydgenootlike Suid-Afrikaanse standaarde moes goeie of *kwaliteits*behuising aan vier standaarde voldoen: gesondheidstandaarde om die gesondheid van die bewoners te handhaaf; maatskaplike standaarde om 'n gesonde gesinslewe te verseker en maatskaplike euwels teen te werk; struktureel-duursame standaarde wat sou verseker dat gebouestrukture met minimale instandhouding 'n ekonomies-aanvaarbare lewensduur het; en ekonomiese standaarde wat op die bekostigbaarheid van behuising, verkieslik sonder subsidie, dui.[29]

Die welbekende doyen van Britse stedelike geskiedenis Jim Dyos besin op 'n meer filosofiese wyse oor die *kwaliteit van die stedelike lewe*. Kwaliteit is moeilik omskryfbaar: dit kan verwys na grade van uitnemendheid of bloot aandui dat alle nodige aspekte teenwoordig is; die minimumstandaard dus. Soms is die afwesigheid van kwaliteit, van alle nodige aspekte, 'n groter bepaler van kwaliteit. Voorts moet die kwaliteit van die stedelike lewe ook met die kwaliteit van die plattelandse lewe vergelyk word. Die tydskonteks van industrialisasie en gepaardgaande verstedeliking en die regeringsfokus in daardie tye op ekonomiese gewin eerder as op kwaliteitsbehuising en 'n kwaliteitslewe vir stedelike werkers moet ook voor oë gehou word. Die invloed van kwantiteit (massas verstedelikte werkers) op kwaliteit moet as die grootste beslissende faktor erken word. Laastens beskou Dyos die estetiese aspekte van die kwaliteit van die stedelike lewe as te make met "the way in which the parts are put together"[30] — die aanwesigheid van ruimte, oop spasies, die plasing van strate, die kwaliteit van boumateriaal, die afstande tussen woon- en werkplek.[31] Binne 'n Suid-Afrikaanse swart stedelike segregasionistiese konteks kan die ironie

26. F.J. Labuschagne & L.C. Eksteen (reds.), *Pharos verklarende Afrikaanse woordeboek*, pp. 291 & 600.
27. Human Rights Education Associates, n.d., The right to housing: Introduction, www.hrea.org/index, access: 3 August 2014.
28. Human Rights Education Associates, n.d., The right to housing: Introduction, www.hrea.org/index, access: 3 August 2014. **Kyk Hoofstuk VII vir 'n gedetailleerde bespreking en toepassing van hierdie kriteria op Atteridgeville.**
29. A.C. Steenkamp, *Space, power and the body — the civil and uncivil as represented in the Voortrekker Monument and the Native Township Model*, PhD. Thesis, Technical University of Delft, 2008, pp. 143-144; M. Stals, *Fragmentation & unity. The search for the design of a 'model township'. The case of Atteridgeville, Pretoria*, M.Sc. Dissertation, Katholieke Universiteit Leuven, 1998, p. 22.
30. D. Cannadine, & D. Reeder (eds), *Exploring the urban past: Essays in urban history by H.J. Dyos*, p. 70.
31. D. Cannadine, & D. Reeder (eds), *Exploring the urban past: Essays in urban history by H.J. Dyos*, pp. xi, 62, 63, 67, 68, 70, 76.



© University of Pretoria

hiervan nie geïgnoreer word nie en was dit eerder ’n situasie van “the way in which the parts were set apart”.

’n Volgende belangrike begrip wat verklaar moet word, is *modernisme/moderniteit*. *Modernisme* is ’n denkwyse gekenmerk deur ’n doelbewuste wegbreek van die klassieke en tradisionele idees en die aanhang van vernuwende, innoverende en meer liberale idees tydens die opkoms van kapitalisme, industrialisasie, sekularisasie, rasionalisasie, die nasiestaat en sy voortspruitende instellings en vorme van beheer. Die klem is hier op verandering deur menslike ingryping, wetenskaplike kennis en tegnologie. Hierdie verandering was nie altyd positief nie en het dan ook soms ontaard in “ontmensliking” weens die klem op vooruitgang ter wille van vooruitgang, struktuur en reëls. *Moderniteit* verwys op sy beurt meer spesifiek na die sosiale verhoudinge voortspruitend uit die opkoms van industrialisasie en kapitalisme en die neerslag daarvan in die toenemende formele sosiale of maatskaplike organisasie en verdeling of segmentering van die bevolking (sosiale of maatskaplike manipulering of ingenieurswese/“social engineering”).[32]

Die begrip *welsynstaat* verdien ook nadere toeligting binne die gegewe tydskonteks van moderniteit. Woordeboekdefinisies van ’n welsynstaat beskryf dit as ’n “[s]taat met hoogontwikkelde sosiale dienste, bv. [opvoeding/behuising]/gesondheidsorg/versekering/pensioene/werklosesorg/ …, wat alles deur die staat gefinansier [of gedeeltelik gesubsidieer] word”[33] en waar “die staat [kern]verantwoordelikheid aanvaar”[34] om genoemde welsynsdienste van ’n minimumstandaard aan die mins-gegoede landsburgers (diegene wat nie oor die middele beskik om hierdie standaard van dienste aan hulleself te verskaf nie) te voorsien.[35]

Soos reeds aangedui, ondersoek hierdie studie “model native townships” en ook die aanname dat Atteridgeville ’n *model* stedelike swart woonbuurt was. Die woord *model* is afgelei van *modus* wat na maatstaf, beperking en manier verwys.[36] Onder *model* word hier “toonbeeld, volmaakte voorbeeld van iets”,[37] “voorbeeld wat nagevolg word … voorbeeld/patroon/voorgeskrewe vorm”[38] en selfs

---

32. T. van Niekerk & J. Wolvaardt (eds), *Oxford South African concise dictionary*, p. 754; S.E. Toulmin, *Cosmopolis: The hidden agenda of modernity*, pp. 3-5; A. Giddens, *Conversations with Anthony Giddens: Making sense of modernity*, p. 94; R. Leppert, The social discipline of listening, *in* J. Drobnick (ed.), *Aural cultures*, p. 19; P. Lambert & P. Schofield (eds), *Making history. An introduction to the history and practices of a discipline*, p. 104.
**Kyk Hoofstuk IV vir ’n nadere toeligting van modernisme/moderniteit soos van toepassing op stadsbeplanning en woonbuurtuitleg.**
33. F.J. Labuschagne & L.C. Eksteen (reds.), *Pharos verklarende Afrikaanse woordeboek*, p. 1538.
34. J. Luther *et al., Handwoordeboek van die Afrikaanse taal*, p. 1580.
35. B. Goodall, *The Penguin dictionary of human geography*, p. 502.
**Kyk Hoofstuk IV vir ’n meer genuanseerde en Suid-Afrikaans-gekontekstualiseerde verduideliking van hierdie konsep.**
36. A.C. Steenkamp, *Space, power and the body — the civil and uncivil as represented in the Voortrekker Monument and the Native Township Model*, PhD. Thesis, Technical University of Delft, 2008, p. 2.
37. F.F. Odendal & R.H. Gouws (reds.), *Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal*, p. 726.
38. F.J. Labuschagne & L.C. Eksteen (reds.), *Pharos verklarende Afrikaanse woordeboek*, p. 727.


© University of Pretoria

uniekheid vergeleke met ander, minderwaardiger, voorbeelde[39] verstaan. Onmiddellik sal die argument geopper kan word dat daar nie so iets soos 'n volmaakte voorbeeld bestaan nie. Tog het dit historici, stadbeplanners en argitekte (veral dié onder invloed van die modernisme) nie in die verlede daarvan weerhou om stedelike strukture en woonbuurtontwerpe as geïdealiseerde en utopiese "modelle" voor te hou en standaarde en riglyne daarvoor voor te skryf nie. In hierdie konteks verwys *model* dus na 'n bouprojek

> that was imagined through and also displayed in its material form as a chosen standard and norm: an ideal way of being … effective in enforcing its limits, principles and values … an exemplary ideal of (white) society.[40]

'n Paar begrippe staan in noue verband tot mekaar en dit is sinvol om hulle gesamentlik te omskryf, naamlik filantropie; patriargalisme en paternalisme; en liberalisme en segregasie. Wat presies onder hierdie begrippe verstaan word, is belangrik wanneer die rol van blanke amptenare en die redes vir hulle optrede in die strewe na "kwaliteitsbehuising" vir stedelike swartes uitgelig en verduidelik word.

Eerstens *filantropie*, waarby veral die "strewe om die medemens [veral minderbevoorregtes] se lot [van armoede en lyding] te versag"[41] bedoel word, en in 'n mindere mate na die ingesteldheid om alle mense gelyk te behandel, verwys word.[42]

Tweedens *patriargalisme* (afkomstig van die Latyn *pater* wat "vader" en *arche* wat "regeer" beteken)[43] en *paternalisme* (afkomstig van die Latyn *paternus* wat "vaderlike" beteken),[44] wat breedweg verwys na 'n vaderlike manier van optrede, of die manier van regeer soos 'n vader oor sy gesin of uitgebreide gesin (familie). Dit behels die uitoefening van "beheer" oor <u>en</u> "sorg" vir "ondergeskiktes" op 'n vaderlike (soos 'n voog) manier, sonder om hulle enige seggenskap oor hulle eie sake te gee.[45]

---

39. M. Stals, *Fragmentation & unity. The search for the design of a 'model township'. The case of Atteridgeville, Pretoria*, M.Sc. Dissertation, Katholieke Universiteit Leuven, 1998, p. 98.
40. A.C. Steenkamp, *Space, power and the body — the civil and uncivil as represented in the Voortrekker Monument and the Native Township Model*, PhD. Thesis, Technical University of Delft, 2008, p. 2.
**Kyk Hoofstuk IV vir 'n meer omvattende en ideologies-relevante uiteensetting van verskeie betekeniskategorieë wat met die model-woonbuurt-konsep in verband gebring word.**
41. F.F. Odendal & R.H. Gouws (reds.), *Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal*, p. 234; F.J. Labuschagne & L.C. Eksteen (reds.), *Pharos verklarende Afrikaanse woordeboek*, p. 264.
42. F.J. Labuschagne & L.C. Eksteen (reds.), *Pharos verklarende Afrikaanse woordeboek*, p. 264.
43. F.F. Odendal & R.H. Gouws (reds.), *Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal*, p. 854.
44. F.F. Odendal & R.H. Gouws (reds.), *Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal*, p. 853.
45. W.F. Botha (hoofred.), *Woordeboek van die Afrikaanse taal XII P - Q*, p. 129; F.J. Labuschagne & L.C. Eksteen (reds.), *Pharos verklarende Afrikaanse woordeboek*, p. 897; F.F. Odendal & R.H. Gouws (reds.), *Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal*, pp. 853-854; C. van Onselen, The social and economic underpinnings of paternalism and violence on the maize farms of South-Western Transvaal, 1900-1950, *The Journal of Historical Sociology* 5(2), June 1992, pp. 133-137; R. Ross, Paternalism, patriarchy and Afrikaans, *South African Historical Journal* 32, May 1995, pp. 34-47; R. C.-H. Shell, *Children of bondage. A social history of the slave society at the Cape of Good Hope, 1652-1838*, pp. xxvi, xxvii, xxix.
**Kyk Hoofstuk IV vir 'n uitgebreide verduideliking van hierdie twee uiteenlopende en selfs teenstrydige, dog onlosmaaklike komponente van paternalisme.**



© University of Pretoria

Die begrip *liberalisme* moet versigtig omskryf word, omdat hierdie begrip gedurende die twintigste eeu 'n betekenisverandering ondergaan het. In die algemeen verwys die term na 'n politieke en sosiale filosofie wat individuele gelykheid en vryheid op godsdienstige, ekonomiese, kulturele en politieke gebied; 'n verteenwoordigende regeringsvorm; vooruitgang en hervorming; en die beskerming van burgerlike vryhede, beliggaam. Gedurende die 19de en die eerste helfte van die 20ste eeu[46] het politieke en sosiale liberalisme in die Suid-Afrikaanse gebiede "gekwalifiseerde" gelykheid en vryheid behels, met "beskawings"- en geletterdheidsvlak as kriteria.[47]

Die woord *segregasie* is afkomstig van die Latyn *segregare* wat "afgeskei/apart van die kudde"[48] beteken. Segregasie behels 'n maatskaplike of politieke bestel of beleid waarvolgens rasse, klasse of etniese groepe deur wetgewing geskei word.[49] Onder die ondersteuners van *segregasie* kan tussen liberale en konserwatiewe segregasioniste onderskei word. *Konserwatiewe segregasioniste* (*single-minded*) het die permanente verskille tussen blankes en swartes beklemtoon. Hierdie verskille, onder meer in "beskawingsvlak", het volgens hulle 'n beleid van segregasie/skeiding genoodsaak. Hulle het die skeidingsbeleid deur middel van onderdrukking en onderwerping afgedwing. *Liberale segregasioniste* (*double-minded*) het ook 'n skeidingsbeleid ondersteun as gevolg van die verskille tussen blankes en swartes. Hulle het differensiasie beklemtoon en geglo dat die segregasiebeleid 'n kompromis tussen die handhawing van die eie identiteit en betekenisvolle assimilasie aan die een kant, en onderdrukking en onderwerping aan die ander kant, moes wees. Hulle het egter besef dat hierdie verskille nie altyd daar sou wees nie en het dus opheffing aangemoedig wat uiteindelik die verskille sou laat verdwyn het.[50]

Wat metodologie betref, noodsaak die dissiplinêre ineengevlegdheid van navorsingsresultate oor hierdie onderwerp 'n besinning oor die komplekse begrip van *dissiplinariteit* in al sy vorme en variasies. Die Noorweegse akademikus (musikus) Alexander Refsum Jensinius verskaf die volgende oorsigtelike definiëring en uiters kreatiewe visuele uitbeelding van die verskillende vlakke van dissiplinariteit **(Kyk Skets 1)**.

---

46. Gedurende die tweede helfte van die 20ste eeu het die liberalisme 'n bykomende betekenis in Suid-Afrika verkry, naamlik om die belange van swartes, ook politieke regte soos beliggaam in die slagspreuk "een-mens-een-stem", te bevorder en 'n meer regverdige gemeenskap daar te stel.
47. J.P. Brits, *The Penguin concise dictionary of historical and political terms*, p. 141.
48. Oxford Dictionary Trust, *Oxford South African concise dictionary*, p. 1070.
49. J.P. Brits, *The Penguin concise dictionary of historical and political terms*, p. 204; H.W. Fowler, & F.G. Fowler, *The concise Oxford dictionary of current English*, p. 1095.
50. J.P. Brits, *The Penguin concise dictionary of historical and political terms*, p. 204; S. Dubow, *Racial segregation and the origins of apartheid in South Africa, 1919-1936*, pp. 6-8; H. Giliomee, The making of the apartheid plan, 1929-1948, *Journal of Southern African Studies* 29(2), 2003, pp. 386-388, 391; R. C.-H. Shell, *Children of bondage. A social history of the slave society at the Cape of Good Hope, 1652-1838*, p. xxvii.
**Kyk Hoofstuk IV vir 'n uitgebreide verduideliking en ontleding van die segregasiekonsep in sy totaliteit, asook die onderskeid wat tussen liberale en konserwatiewe segregasioniste gemaak behoort te word.**


© University of Pretoria

Skets 1: Die verskillende vorme van dissiplinariteit




Uit: A. Jensenius, 11 June 2018, Disciplinarities: Intra, cross, multi, inter, trans, https://www.arj.no disciplinarities-2, access: 4 November 2019.

*Intra*dissiplinêr verwys na navorsing binne ’n enkele dissipline; *multi*dissiplinêre navorsing vind plaas wanneer navorsers van verskillende dissiplines saamwerk (meestal parallel en in isolasie van mekaar en binne hulle eie dissiplinêre grense) en elkeen insigte uit hulle onderskeie dissiplinêre kennisveld tot die navorsingsterrein toevoeg; *kruis*dissiplinêr impliseer dat ’n spesifieke dissipline vanuit die perspektief van ’n ander dissipline/dissiplines beskou word; *inter*dissiplinêre navorsing behels die gebruik, analisering, verwerking, harmonisering en integrasie van kennis (navorsingsresultate) vanuit verskillende dissiplines deur die daarstelling van ’n ware gekoördineerde en samehangende sintese van benaderings — met dié voorbehoud dat die eie aard van elke afsonderlike dissiplinêre benadering steeds voor oë gehou word, terwyl die verskillende invalshoeke van ander dissiplines raakgesien en geïnterpreteer word; en *trans*dissiplinêre (ook na verwys as “extra disciplinary”[51] of *buite*dissiplinêre) navorsing veronderstel groter integrasie as ’n interdissiplinêre benadering waar ’n eenheid of kennisveld uit verskeie relevante intellektuele raamwerke, ook die buite-akademiese — verby en los van (bevry van) dissiplinêre perspektiewe en grense — geskep word, dikwels wanneer ’n “werklikheidsonderwerp” (’n aspek van die werklike, komplekse menslike realiteit, soos behuising) ondersoek word.[52]

## 2. Die universele behoefte aan behuising

Van die vroegste tye af poog die mens om in twee basiese behoeftes te voorsien. Naas die beskikbaarstelling van genoegsame voedsel is die soeke na en daarstelling van ’n geskikte skuiling (behuising) vir die mens die hoogste prioriteit.[53] Die sielkundige Abraham H. Maslow[54] het in 1954

---

51. J. Tribe, The indiscipline of tourism, *Annals of Tourism Research* 24(3), 1977, p. 652.
52. A. Jensenius, 11 June 2018, Disciplinarities: Intra, cross, multi, inter, trans, https://www.arj.no disciplinarities-2, access: 4 November 2019; J. Tribe, The indiscipline of tourism, *Annals of Tourism Research* 24(3), 1977, pp. 647, 652.
53. D.M. Calderwood, *Native housing in South Africa*, D.Arch. Thesis, University of the Witwatersrand, 1953, p. 10.
54. A.H. Maslow, *Motivation and personality* (New York, 1954).


© University of Pretoria

algemeen-menslike behoeftes en die bevrediging daarvan uiteengesit. Bill Faulkner,[55] 'n akademikus in toerismebestuur, het in 1978 Maslow se algemeen-menslike behoeftes meer spesifiek vir die stedelike inwoner aangepas. Hiervolgens word die mens se basiese fisiologiese behoeftes binne die stedelike konteks bevredig deur die verskaffing en voorsiening van voedsel, skuiling en gesondheidsdienste. Die daarstelling van basiese dienste en veral behuising word dus as die minimumvereiste gesien vir die bevrediging van een van die mens se mees basiese en universele behoeftes. Die mens en sy owerheidsinstellings poog dan reeds al eeue lank om op verskillende wyses in hierdie behoefte te voorsien.[56]

Behuising kan verskeie basiese menslike bestaansbehoeftes vervul: 'n fisiese behoefte, die behoefte aan skuiling, aan beskerming teen die elemente en aan 'n tuiste vir die familie-eenheid; 'n sielkundige behoefte, die behoefte aan persoonlike ruimte en privaatheid; 'n sosiale behoefte, die behoefte aan 'n bymekaarkomplek en gemeenskaplike ruimte vir die gesin; en ook selfs 'n ekonomiese behoefte, die behoefte aan 'n ruimte vir ekonomiese aktiwiteite. Die belangrikheid en invloed van voldoende skuiling soos vergestalt in behuising op die mens se persoonlikheid, geestestoestand, gesinsverhoudinge, lewenskwaliteit, sosiale welsyn, tevredenheid en produktiwiteit kan dus nie gering geskat word nie. 'n Geskikte, aangename en gesonde behuisingmilieu veronderstel voldoende skuiling, privaatheid, stilte, sanitêre geriewe, en voldoende hoeveelhede lug, lig en fisiese ruimte vir die uitlewing van basiese lewensfunksies. Indien hierdie faktore teenwoordig is, kan 'n bevredigende en rustige atmosfeer geskep word wat gesondheid, welsyn, lewenskwaliteit, stabiliteit, energie, produktiwiteit, arbeidsvreugde, finansiële sekuriteit en sosiale status vir die individu meebring. Behuising kan dus as een van die belangrikste maatskaplike bestaansnoodsaaklikhede beskou word. Ongelukkig was en is hierdie bestaansnoodsaaklikheid nie vir baie in Suid-Afrika beskore nie.[57]

'n Kombinasie van ekonomiese en ideologiese redes het veroorsaak dat veral die swart stedelike bevolking in Suid-Afrika nie voldoende en kwaliteitskuiling in die vorm van behuising beleef het nie. Die eentonigheid, gebrek aan groen plantegroei, oop ruimtes, privaatheid en individualiteit in swart stedelike woonbuurtes het 'n heel ander atmosfeer en belewing by swart stedelike Suid-Afrikaners van hulle behuising tot gevolg gehad. Baie swart stedelike woongebiede is as simbole van armoede, geweld, sosiale verval, onveiligheid, misdaad en chaos gesien. Daarby is die meeste swart stedelike woonbuurtes

55. H.W. Faulkner, *Locational stress on Sydney's metropolitan fringe*, Ph.D. Thesis, Australian National University (Canberra, 1978).
56. E.C. Liebenberg, Verstedeliking en die kultuurhistoriese belangrikheid van 'plek' as 'n geografiese ervaring, *in* J.F.T. Bartmann (red.), *Verstedeliking as kultuurhistoriese verskynsel*, pp. 63, 65, 71; K. Sevenhuysen, *Swart stedelike behuisingsverskaffing in Suid-Afrika, ca. 1900-1948: ekonomiese en ideologiese werklikhede,* M.A.-miniverhandeling, Universiteit van Pretoria, 2001, p. 1.
57. J. de Klerk, Swart behuisingstekort, *Volkshandel* 45(1), Maart 1984, p. 42; P. Morris, *A history of black housing in South Africa*, p. 2; L.T. Lorimer (ed.), *The encyclopedia Americana. International edition XIV*, p. 481; C.F. Swart & A.M. Lamont, *Die stad. Sosiologie, beplanning en ontwikkeling*, pp. 175, 242; Human Rights Education Associates, n.d., The right to housing: Introduction, www.hrea.org/index, access: 3 August 2014.


© University of Pretoria

deur ’n hoë kindersterftesyfer gekenmerk wat ’n aanduiding is van die onhigiëniese en swak gesondheidstoestande in daardie gebiede. Tog het die aard van swart stedelike behuising bygedra tot die ontwikkeling van ’n unieke swart stedelike belewing en kultuur, bekend as *marabi*. Intieme en noue sosiale interaksie weens die gebrek aan ruimte het ’n ryk sosiale lewe en unieke swart stedelike kultuur daargestel. Hierdie unieke kultuur het uit luide musiek, sang, dans, drank (hoofsaaklik tuisgebroude sorghumbier) en kameraadskap bestaan. Op hierdie wyse het swart stedelinge gepoog om die meestal ondraaglike omstandighede te bowe te kom en om te midde van die haglike en hopelose situasie te oorleef.[58]

Die oorsprong van die sogenaamde “behuisingsprobleem of behuisingsvraagstuk” kan tot die begin van die dertiende eeu in Europa teruggevoer word. In Suid-Afrika kan dit na ongeveer die einde van die negentiende eeu, wat swart stedelike behuising betref, teruggevoer word. Die probleme rondom die verskaffing van behuising het egter deur die eeue heen grootliks dieselfde gebly en dalk net in intensiteit toegeneem. Industrialisasie en gevolglike verstedeliking kan wêreldwyd as belangrike redes vir behuisingstekorte beskou word. So byvoorbeeld kan die omvangryke behuisingsnood in Europa gedurende die middel van die twintigste eeu in direkte verband met die Europese Industriële Rewolusie van die negentiende eeu en die gepaardgaande proses van verstedeliking gebring word. Suid-Afrika het sy industriële rewolusie sedert die twintigerjare van die twintigste eeu begin beleef toe al hoe meer mense van alle rasse die vervaardigingsbedryf begin betree het. Die toestroming van die bevolking na die stede het die stedelike ruimte bedreig en onder druk geplaas en hierdie tendens vind steeds plaas. ’n Gebrek aan beplanning en ruimte vir die toenemende stedelike bevolking het tot die onstaan van krotbuurtes waar lig, lug, ruimte en sanitasie bykans nie bestaan het nie, gelei. Geleidelik, van die begin van die negentiende eeu, het regerings toenemend van die belangrikheid van kwaliteitsbehuising vir die algemene welsyn en gesondheid van die bevolking bewus geword. Daar is besef dat hierdie behuisingsprobleem inderdaad ook ’n gesondheidsprobleem en -gevaar geskep het. Dit was duidelik dat goeie beplanning, kwaliteitsdienslewering en streng regulasies noodsaaklik vir die oplos van hierdie vraagstuk was. Wat die vraagstuk verder gekompliseer het, was dat die meerderheid stedelike inwoners nie oor die ekonomiese middele beskik het om self in hulle behoefte aan skuiling te voorsien nie.[59]

---

58. G.M. van der Waal, Visie op die stad, *in* J.F.T. Bartmann (red.), *Verstedeliking as kultuurhistoriese verskynsel*, pp. 47-48, 50; E.C. Liebenberg, Verstedeliking en die kultuurhistoriese belangrikheid van ‘plek’ as ’n geografiese ervaring, *in* J.F.T. Bartmann (red.), *Verstedeliking as kultuurhistoriese verskynsel*, pp. 67-68; W. Beinart, *Twentieth-century South Africa*, p. 123; D. Oakes (ed.), *Reader’s Digest illustrated history of South Africa. The real story*, pp. 355, 358; B.J. Liebenberg & S.B. Spies (eds), *South Africa in the twentieth century*, p. 296; C. van Onselen, *New Babylon. New Nineveh. Everyday life on the Witwatersrand, 1886-1914*, pp. 6-7.

59. L.T. Lorimer (ed.), *The Encyclopedia Americana. International edition XIV*, pp. 481, 485-486; J.P.C. Mostert, Behuisingsprobleme van die verstedelikte swarte in Suid-Afrika, 1939-1948, *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 12(3), Desember 1987, p. 23; L. Callinicos, *A people’s history of South Africa II. Working life. Factories, townships and popular culture on the Rand, 1886-1940*, pp. 64, 66, 80; E. Thorrington-Smith, An approach to native housing in South Africa. An example of an African new town at Umlazi, Durban, *Journal of the Town Planning Institute* 37(9), July-August 1951, p. 205; D.M. Calderwood, Native housing, *The South African Annual Review* 1(1), January 1953, p. 35; K. Sevenhuysen, *Swart stedelike behuisingsverskaffing in Suid-Afrika, ca. 1900-1948: ekonomiese en ideologiese werklikhede,* M.A.-miniverhandeling, Universiteit van Pretoria, 2001, p. 1.


© University of Pretoria

In die meeste lande is gevolglik sedert die tweede helfte van die negentiende eeu van die regering van die dag verwag om die inisiatief hiermee te neem. Die rede daarvoor was dat ’n regering by uitstek oor die magte en hulpbronne beskik om behuising te verskaf, dit te bestuur en te beheer, en om behuisingstoestande te verbeter. Daar is geglo dat dit die openbare plig en verantwoordelikheid van ’n regering is om redelike behuising aan diegene wat ekonomies nie in staat was om self in hulle behuisingsbehoefte te voorsien nie, te verskaf; net soos in die geval van onderwys en ander noodsaaklike dienste.[60]

Huisvesting van ’n voldoende of geskikte standaard is voorts wêreldwyd as die reg van elke individu beskou; ’n basiese mensereg dus. In 1948 het die Verenigde Nasies in sy Universele Verklaring van Menseregte die reg op behuising met die fundamentele gelykheid en waardigheid van elke mens (Artikel 1) en die beginsel van geen diskriminasie nie (Artikel 2) in verband gebring. Ten opsigte van behuising verwys Artikel 2 na die reg van elke individu en groep op behuising ongeag onder meer geslag, ouderdom, ras, etnisiteit, godsdiens, politieke of ander mening, nasionale of sosiale oorsprong, en eiendom. Hierdie artikel ondersteun veral die reg op behuising van tradisioneel-benadeelde groepe, klasse of rasse. Artikel 25 beklemtoon veral die reg van elke persoon op ’n voldoende of toereikende lewenstandaard.[61] Hierdie standaard sluit die reg op behuising in:

> Everyone has the right to a standard of living adequate for the health and well-being of [her]/himself and of [her]/his family, including food, clothing, <u>housing</u> and medical care and necessary social services, and the right to security in the event of unemployment, sickness, disability, widowhood, old age or other lack of livelihood in circumstances beyond his control. (Article 25(1))[62]

In Suid-Afrika, ingevolge Artikel 6(3) van die *Naturelle (Stadsgebiede) Konsolidasiewet van 1945*,[63] het stedelike swartes die “reg” tot verblyf in blanke stadsgebiede gehad. Stedelike plaaslike owerhede was verplig om die nodige huisvesting aan stedelike swartes te voorsien. Tog het hierdie reg net binne sekere afgebakende gebiede gegeld. Die Suid-Afrikaanse Instituut vir Rasseverhoudinge het in sy getuienis voor die Naturellewettekommissie[64] in 1947 egter die teenoorgestelde mening gehuldig. Hiervolgens het stedelike swartes in Suid-Afrika vanuit ’n breë regsoogpunt binne die raamwerk van

60. L.T. Lorimer (ed.), *The Encyclopedia Americana. International edition XIV*, p. 490; B. Goodall, *The Penguin dictionary of human geography*, p. 216; H.L. Watts (ed.), *Focus on cities*, p. xiii; M. Janisch, Health and social welfare services for natives in urban areas, *Race Relations* 7(4), November 1940, p. 83; W.H. van Schalkwyk, *Die beleid van die Suid-Afrikaanse regering ten opsigte van die stedelike swartes, 1945-1953*, M.A.-verhandeling, Randse Afrikaanse Universiteit, 1983, pp. 41-42; R.E. Phillips, *The Bantu in the city*, p. 140; K. Sevenhuysen, *Swart stedelike behuisingsverskaffing in Suid-Afrika, ca. 1900-1948: ekonomiese en ideologiese werklikhede,* M.A.-miniverhandeling, Universiteit van Pretoria, 2001, p. 2.
61. Human Rights Education Associates, n.d., The right to housing. International and regional instruments for protection and promotion: United Nations, Universal Declaration of Human Rights, www.hrea.org/index, access: 3 August 2014.
62. Human Rights Education Associates, n.d., The right to housing: Introduction, www.hrea.org/index, access: 3 August 2014. Beklemtoning deur myself.
63. Unie van Suid-Afrika, *Naturelle (Stadsgebiede) Konsolidasiewet van 1945 (Wet 25 van 1945)*, Artikel 6(3), pp. 117, 119.
64. U.G. 28-1948: Unie van Suid-Afrika, Departement van Naturellesake, *Verslag van die Naturellewette-kommissie, 1946-48* (Pretoria, 1948).



© University of Pretoria

die *Naturellen (Stadsgebieden) Wet van 1923*[65] soos gewysig, nie oor die reg tot huisvesting beskik nie. Die bepalings van hierdie wetgewing het die regte van stedelike swartes so ingeperk dat die toestaan van huisvesting aan stedelike swartes binne die kader van hierdie wetgewing as ’n “voorreg” beskou kon word wat aan stedelike swartes deur amptenare van stedelike plaaslike owerhede toegestaan kon word. Hierdie voorreg kon te enige tyd weer ontneem word. Stedelike swartes het nie die reg gehad om op huisvesting by stedelike plaaslike owerhede aan te dring nie en ook nie om op huisvesting van ’n sekere kwaliteitstandaard aanspraak te maak nie. Alhoewel wetgewing dus aan stedelike swartes die teoretiese reg tot huisvesting verleen het, het daar van hierdie reg in die praktiese toepassing en breë sin van die woord nie veel van gekom nie. Die teoretiese reg tot huisvesting veronderstel in die praktyk die vryheid van keuse betreffende die ligging, aard en standaard van huisvesting — dié vryheid van keuse het in die praktyk ontbreek en die teoretiese reg op huisvesting in ’n groot mate tot niet gemaak.[66] Hierdie stand van sake is na die bewindsaanvaarding van die Nasionale Party in 1948 voortgesit en het lynreg teen wêreldtendense, wat behuising meestal en in ’n toenemende mate as ’n basiese mensereg beskou het, ingedruis. Dit was eers met die aanvaarding van Suid-Afrika se eie Handves van Regte, soos vervat in die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika van 1996,*[67] dat die reg op toegang tot geskikte behuising ’n groter praktiese moontlikheid vir alle Suid-Afrikaners geword het.[68]

In die meeste lande, ook in Suid-Afrika, is dit ironies dat die armer gedeeltes van die stedelike gemeenskap die werkersklas vorm sonder wie se arbeidsmag en -krag die regering van die dag nie kan funksioneer nie. Die welsyn en gesondheid van die arbeidsmag het die regering nie net onder ’n morele verpligting vir behuisingsverskaffing aan sy minder gegoede inwoners geplaas nie, maar dit was ’n ekonomiese noodsaaklikheid om die werkersklas veilig en gesond te huisves. Met die geweldige toename in die stedelike bevolking gedurende die twintigste eeu het regerings ’n al hoe groter rol begin speel in die oplos van die behuisingsvraagstuk. ’n Tekort aan behuising weens die snelle verstedelikingsproses het regerings met talle ander probleme begin konfronteer: ’n styging in huispryse; die onstaan van krotbuurtes waar mense uit die lae-inkomstegroep en werkloses noodgedwonge hulle toevlug moes neem; ’n toename in siektes en sterftes weens onhigiëniese toestande met onvoldoende sanitasiegeriewe onder slumtoestande; en ook ’n gevolglike toename in misdaad, gesinsafbreking en

65. Unie van Suid-Afrika, *Naturellen (Stadsgebieden) Wet van 1923 (Wet 21 van 1923)* (Kaapstad, 1923).
66. L.T. Lorimer (ed.), *The Encyclopedia Americana. International edition XIV*, p. 490; B. Goodall, *The Penguin dictionary of human geography*, p. 216; H.L. Watts (ed.), *Focus on cities*, p. xiii; M. Janisch, Health and social welfare services for natives in urban areas, *Race Relations* 7(4), November 1940, p. 83; South African Institute of Race Relations, Evidence submitted to the Native Laws Commission of Enquiry I. Urban areas, *Race Relations* 14(2), 1947, pp. 25-27; W.H. van Schalkwyk, *Die beleid van die Suid-Afrikaanse regering ten opsigte van die stedelike swartes, 1945-1953*, M.A.-verhandeling, Randse Afrikaanse Universiteit, 1983, pp. 41-42; R.E. Phillips, *The Bantu in the city*, p. 140; K. Sevenhuysen, *Swart stedelike behuisingsverskaffing in Suid-Afrika, ca. 1900-1948: ekonomiese en ideologiese werklikhede,* M.A.-miniverhandeling, Universiteit van Pretoria, 2001, p. 2.
67. Republiek van Suid-Afrika, *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (Wet 108 van 1996)*, Hoofstuk 2 Handves van regte (Pretoria, 1996).
68. Republiek van Suid-Afrika, 2012, Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika: Hoofstuk 2 Handves van regte, www.justice.gov.za/legislation/constitution/SAConstitution-web-afr, toegang: 4 Augustus 2014.


© University of Pretoria

algemene lyding. Dit was spoedig duidelik dat die behuisingsvraagstuk, ook en veral wat swart stedelike behuising in Suid-Afrika betref het, op twee bene gestaan het. Aan die een kant was daar die totaal onbevredigende en onhigiëniese toestande in die bestaande woonbuurtes en aan die ander kant die omvangryke tekort aan behuising vir die toenemende stedelike bevolking.[69]

Wat die situasie gedurende die twintigste eeu nog verder bemoeilik het, was die twee Wêreldoorloë (1914-1918 en 1939-1945) en die depressie (1929-1933), met die gepaardgaande gestagneerde ekonomieë van die 1930's, wat die meeste lande beïnvloed het en veral die probleme rondom behuisingsverskaffing geïntensiveer het. Die jare tussen die oorloë en die depressie is grotendeels gebruik om die agterstande wat gedurende hierdie gebeure in behuisingsvoorsiening ontstaan het, die hoof te bied. Intussen het die stedelike bevolkings steeds verder toegeneem en nog groter behuisingstekorte laat onstaan.[70]

Dit was wêreldwyd duidelik dat die meeste stedelike ekonomiese, sosiale, maatskaplike, fisiese en gemeenskapsvraagstukke en probleme, na die gebrek aan voldoende en kwaliteitsbehuising teruggevoer kan word. Navorsers het aangetoon dat daar inderdaad 'n verband tussen swak, bouvallige en onhigiëniese behuising en 'n verskeidenheid van gesondheids-, sosiale en maatskaplike probleme bestaan:

> Morbidity and mortality rates are sensitive to housing conditions; studies indicate that improved housing reduces the incidence of illness and death[71] ... There is evidence that housing is an important factor in self-perception. Houses that convey an obvious image of neglect and inferior status have been found to influence the self-evaluation and motivation of people who live there, leading to feelings of pessimism and passivity.[72]

Die behuisingsprobleem was en is dus duidelik die opeenhoping van verskeie probleme wat nie met 'n eenvoudige en eensydige benadering opgelos kon en kan word nie.[73] Dat die verskaffing van behuising inderdaad 'n komplekse proses is, blyk uit die feit dat die daarstelling van behuising ook nou verweef is met die politieke, ekonomiese en sosiale stand van die bepaalde samelewing waarin die mens hom/haar

69. L.T. Lorimer (ed.), *The encyclopedia Americana. International edition XIV*, pp. 481-482; J.P.C. Mostert, Behuisingsprobleme van die verstedelikte swarte in Suid-Afrika, 1939-1948, *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 12(3), Desember 1987, pp. 25, 30-31; J. Pampallis, *Foundations of the New South Africa*, p. 142; L. Callinicos, *A people's history of South Africa II. Working life. Factories, townships and popular culture on the Rand, 1886-1940*, p. 73; K. Sevenhuysen, *Swart stedelike behuisingsverskaffing in Suid-Afrika, ca. 1900-1948: ekonomiese en ideologiese werklikhede,* M.A.-miniverhandeling, Universiteit van Pretoria, 2001, p. 2.
70. L.T. Lorimer (ed.), *The encyclopedia Americana. International edition XIV*, p. 483; M. Nasiali, Citizens, squatters and asocials: The right to housing and the politics of difference in post-liberation France, *American Historical Review* 119(2), April 2014, p. 439.
71. L.K. Loewenstein, *Urban studies* (New York, 1971), pp. 323-324, soos aangehaal in C.F. Swart & A.M. Lamont, *Die stad. Sosiologie, beplanning en ontwikkeling*, p. 175.
72. L.K. Loewenstein, *Urban studies* (New York, 1971), p. 324, soos aangehaal in C.F. Swart & A.M. Lamont, *Die stad. Sosiologie, beplanning en ontwikkeling*, p. 176.
73. L.T. Lorimer (ed.), *The encyclopedia Americana. International edition XIV*, pp. 482-483; C.F. Swart & A.M. Lamont, *Die stad. Sosiologie, beplanning en ontwikkeling*, p. 175.


© University of Pretoria

bevind.[74]

## 3. Die faktore wat swart stedelike behuisingsverskaffing beïnvloed, *ca.* 1900-1948

In Suid-Afrika het ’n verskeidenheid faktore die aard, kwaliteit, belewing, ligging, stand en problematiek van swart stedelike behuising en swart stedelike behuisingsverskaffing voor en gedurende die Tweede Wêreldoorlog gerig en beïnvloed. Hierdie faktore is nou in mekaar verweef en het mekaar wedersyds beïnvloed. Daarom kan dié faktore nie in waterdigte kompartemente ingedeel word nie.[75] Tog kan die volgende faktore wat swart stedelike behuisingsverskaffing beïnvloed het, onderskei word: verstedelikings-, demografiese en geografiese faktore, wat swartes na die stede gedwing het en die behoefte aan swart stedelike behuising geskep het; politieke en wetgewende faktore, wat die aard, kwaliteit, belewing en ligging van swart stedelike behuising bepaal het; en ekonomiese en sosiaal-maatskaplike faktore, wat eweneens ’n rol in die aard, kwaliteit, belewing en ligging van swart stedelike behuising gespeel het.

Die ingewikkelde en verweefde aard van hierdie bepalende faktore blyk duidelik uit die volgende ietwat simplistiese en veralgemeende uiteensetting van die oorsprong en hantering van swart stedelike behuisingsverskaffing. Vanweë die ontoereikendheid van die swart reservate weens ekonomiese redes en die gevolge van grondwetgewing, en ook as gevolg van die vraag na genoeg goedkoop swart arbeid het swartes begin verstedelik. Die stedelike plaaslike owerhede was vanweë ideologiese en ekonomiese redes nie geneë of in staat om voldoende en kwaliteitshuisvesting aan die stedelike swartes binne hulle gebied te verskaf nie. Effektiewe wetgewing wat toestroming kon beheer en verbeterde woontoestande vir die stedelike swartes kon meebring, is laks en apaties deurgevoer. Steeds het swartes in ’n toenemende mate verstedelik, aangetrek deur werksgeleenthede geskep deur toenemende industrialisasie en die land se deelname aan die Tweede Wêreldoorlog. As gevolg van lae lone (vanweë goedkoop en volop swart arbeid); apatiese regeringsoptrede en -beleid; gesegregeerde en ontoereikende behuising en dienste, het armoede, oorbevolking, krotbuurtes en ’n hoë voorkoms van siektes en misdaad die daaglikse lot van die meerderheid stedelike swartes voor en gedurende die Tweede Wêreldoorlog geword. Tog kan hierdie eenvoudige en regeringsverdoemende uiteensetting nie die komplekse aard van swart verstedeliking en swart stedelike behuisingsverskaffing na behore verklaar nie. ’n Nadere ondersoek na die bepalende faktore is noodsaaklik.

74. D.M. Calderwood, *Native housing in South Africa*, D.Arch. Thesis, University of the Witwatersrand, 1953, p. 10.
75. N.C. Pollock, The development of urbanization in Southern Africa, *in* R.P. Beckinsale (ed.), *Urbanisation and its problems*, p. 322.



© University of Pretoria

Verstedelikings-, demografiese en geografiese faktore

Die komplekse proses van verstedeliking — die mees opvallende verskynsel van die twintigste eeu — behels die konsentrasie van die bevolking in die stede ('n fisiese of demografies-geografiese verskuiwing). Dit verwys ook na 'n toename in die stedelike bevolking wat weens ekonomiese en maatskaplike prosesse 'n stedelike lewenstyl aanvaar en beoefen ('n maatskaplik-kulturele en selfs sielkundige verskuiwing). Vir hierdie studie is dit veral die redes waarom die swart bevolking hulle in groot getalle voor en veral gedurende die Tweede Wêreldoorlog na die Suid-Afrikaanse stede gewend het, wat aandag vereis. Die faktore wat swartes na die stede gedwing het — die sogenaamde stedelike trekkragte en plattelandse stootkragte wat inderwaarheid deel van groter prosesse in die ekonomiese strukturele veranderinge in die land was[76] — kan ook as die faktore beskou word wat die behoefte aan swart stedelike behuising laat ontstaan het. Dit is inderdaad so dat die behuisingsprobleem van die swart stedelike bevolking nou verweef is met die verstedelikingsproses van hierdie bevolkingsgroep. Waar die proses van grootskaalse swart verstedeliking as die mees opvallende verskynsel van die twintigste eeu in Suid-Afrika beskou kan word, kan die behoefte aan voldoende swart stedelike behuising wat deur toenemende swart verstedeliking (en die hantering daarvan) geskep is, as een van die mees problematiese eise van die twintigste eeu in Suid-Afrika gereken word.[77] Dit was dus ook een van die prioriteite van Suid-Afrika se eerste demokraties-verkose regering, soos vervat in die Heropbou- en Ontwikkelingsprogram van 1994. Hiervolgens onderskryf die Heropbou- en Ontwikkelingsprogram die beginsel dat alle Suid-Afrikaners die reg het tot 'n veilige plek waar in vrede en waardigheid gewoon kan word en dat die reg op behuising 'n basiese mensereg is.[78]

Die hoofoorsaak van verstedeliking is geleë in die feit dat toestande op die platteland ongunstig raak in vergelyking met die toestande in die stedelike gebiede. Met ander woorde, op die platteland word afstootkragte van plattelandse armoede beleef vergeleke met die aantrekkings- of suigkragte van industrieë in die stedelike gebiede op soek na goedkoop arbeid. Of die situasie kan só daar uitsien dat die plattelandse bewoners se behoeftes alleenlik bevredig kan word deur dié middele wat in die stedelike gebiede aangetref word. Alhoewel dit hier oorvereenvoudig gestel is, vat dit tog die redes vir verstedeliking in 'n neutedop saam.[79]

---

76. H. Sapire, & J. Beall, Introduction: Urban change and urban studies in Southern Africa, *Journal of Southern African Studies* 21(1), March 1995, pp. 3, 10; P. Smit, Historiese grondslae van swart verstedeliking in Suid-Afrika, *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal* 19, November 1987, p. 24.
77. B.J.L. Berry, *The human consequences of urbanisation*, pp. 1, 29; J.P.C. Mostert, Behuisingsprobleme van die verstedelikte swarte in Suid-Afrika, 1939-1948, *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 12(3), Desember 1987, p. 22; K. Sevenhuysen, *Swart stedelike behuisingsverskaffing in Suid-Afrika, ca. 1900-1948: ekonomiese en ideologiese werklikhede,* M.A.-miniverhandeling, Universiteit van Pretoria, 2001, p. 4.
78. African National Congress, *The Reconstruction and Development Programme: A policy framework*, p. 23.
79. G.E. Stent, Migrancy and urbanization in the Union of South Africa, *Africa: Journal of the International African Institute* 18(3), July 1948, p. 161; D. Welsh, The growth of towns, *in* M. Wilson & L.M. Thompson (eds), *The Oxford history of South Africa II. South Africa, 1870-1966*, p. 175; K. Sevenhuysen, *Swart stedelike behuisingsverskaffing in Suid-Afrika, ca. 1900-1948:*



© University of Pretoria

Verskeie stedelike trek- en plattelandse stootkragte het dus tot swart verstedeliking in die Unie van Suid-Afrika aanleiding gegee. Wat plattelandse afstootkragte betref, was die toestande in die swart reservate 'n belangrike rede. Dit was reeds al in 1918 duidelik dat die swart reservate nie meer in die grondbehoeftes van die swart plattelandse bevolking kon voorsien nie. Die ontoereikendheid van die swart reservate vir die beoefening van 'n bestaansekonomie het swartes in ekonomiese nood na die stede gestoot waar daar 'n groot aanvraag na goedkoop swart arbeid was. Ongunstige plaasarbeidertoestande het ook bygedra tot swart verstedeliking. Die lang werksure en lae lone wat swartes op die plase verdien het en wat dikwels in die vorm van goedere en nie in kontant betaal is nie, het swartes na die stede gedwing waar die aantrekkingskrag van 'n kontantloon op hulle gewag het. Baie swart deelsaaiers[80] kon nie 'n bestaan op die plase maak nie en vir swartes op die plase was daar beperkte, indien enige, gestruktureerde onderwys- en mediese geriewe. 'n Verdere faktor wat tot die verstedeliking van veral jonger swart mans bygedra het, was die begeerte om aan die verveling, sleur, verpligtinge, tradisies, beheer en dissipline van die stamlewe te ontsnap na die opwinding van die stadslewe.[81]

Stedelike werksgeleenthede het swartes aangetrek met die oog op die verdienste van 'n kontantloon. By die plattelandse swartes was daar om verskeie redes 'n behoefte aan kontant. Kontantgeld was nodig om die belasting wat die staat op swartes gehef het, te betaal; om beeste vir *lobola* aan te koop; om gereedskap en implemente vir landbou aan te skaf; en die aanraking met blankes het tot nuwe behoeftes gelei wat slegs deur middel van kontant bevredig kon word, onder meer fietse, komberse, potte en messe. Baie swartes het ook om persoonlike redes en om sosiale behoeftes te bevredig na die stede getrek. Die opvoeding van hulle kinders het belangrik geword en dit kon slegs in die stede behoorlik verkry word. Baie is uit nuuskierigheid en avontuurlus na die stede gelok om daar die opwinding van die stad te kon beleef. Daar is na die stedelike swartes op die platteland opgesien en 'n arbeidsperiode in die stad is as 'n vorm van inisiasie tot manlikheid beskou wat swart stedelike mans se aantreklikheid onder swart vrouens skynbaar verhoog het. Ook is ongehude moeders, geskeide vrouens, weduwees en vrouens beskuldig van heksery of duiwelskunste na die stad gelok waar hulle vry kon wees van stereotipering en

---

*ekonomiese en ideologiese werklikhede,* M.A.-miniverhandeling, Universiteit van Pretoria, 2001, p. 4; P. Smit, Historiese grondslae van swart verstedeliking in Suid-Afrika, *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal* 19, November 1987, p. 16.

80. Swart deelsaaiers het saam met blanke boere aan 'n oes gewerk. Swartes het die arbeid, ploeë, osse en saad verskaf en die blanke boere die grond. Die blanke boere het 'n deel van die opbrengs (gewoonlik 'n derde, maar soms tot die helfte) verkry en die swart deelsaaiers die res.
H. Giliomee, *Die Afrikaners. 'n Biografie*, p. 250.

81. N.C. Pollock, The development of urbanization in Southern Africa, *in* R.P. Beckinsale (ed.), *Urbanisation and its problems*, p. 318; C.F. Swart & A.M. Lamont, *Die stad. Sosiologie, beplanning en ontwikkeling*, pp. 231-232; P. Smit & J.J. Booysen, *Swart verstedeliking. Proses, patroon en strategie*, p. 17; J.P.C. Mostert, *Die politieke, maatskaplike en ekonomiese implikasies van die swart verstedeliking in Suid-Afrika, 1939-1948*, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1985, p. 9; B.H. Heystek, *Swart verstedeliking aan die Oosrand tot 1923*, M.A.-verhandeling, Randse Afrikaanse Universiteit, 1988, p. 9; L. Thompson, *A history of South Africa*, pp. 164-165; L. Callinicos, *A people's history of South Africa III. A place in the city. The Rand on the eve of apartheid*, pp. 4-5, 27; B.J. Liebenberg & S.B. Spies (eds), *South Africa in the twentieth century*, p. 188; D. Welsh, The growth of towns, *in* M. Wilson & L.M. Thompson (eds), *The Oxford history of South Africa II. South Africa, 1870-1966*, pp. 178, 179; P. Smit, Historiese grondslae van swart verstedeliking in Suid-Afrika, *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal* 19, November 1987, p. 16.


© University of Pretoria

'n ongewenste sosiale posisie van skaamte en afhanklikheid.[82]

Die grootste toename in swart verstedeliking het gedurende die dertiger- en veertigerjare van die twintigste eeu plaasgevind. Die Tweede Wêreldoorlog kan nou wel nie as die enigste oorsaak vir hierdie toenemende verstedeliking beskou word nie, maar dit was bepaald die hoofoorsaak van en 'n groot stimulus vir die verstedelikingsproses wat teen 'n baie vinniger tempo as voorheen gedurende die oorlogsjare geskied het. Verskeie faktore het daartoe bygedra dat swartes gedurende hierdie jare in groot getalle na die stede gestroom het. Die vraag na goedkoop swart arbeid vanweë toenemende industrialisasie en die verskaffing van oorlogsbenodigdhede het uitermatig toegeneem. Die feit dat die regering vanweë die oorlog nie geld beskikbaar gehad het vir die aankoop van verdere grond vir die agterlike en ontoereikende swart reservate, soos wat deur die *Naturelletrust en -Grond Wet van 1936*[83] beloof is nie, het die plattelandse situasie verder versleg. 'n Groot gedeelte van die ongeveer 40 000 swartes wat vir die strydmagte gewerf is, het nie na die oorlog na hulle plattelandse tuistes teruggekeer nie, maar in die stede 'n heenkome gesoek as gevolg van die sosiale kontak met die sogenaamde Westerse beskawingsprodukte en blanke soldate. Waar die broodwinner van 'n swart gesin by die krygsmagte aangesluit het, is dié gesin in 'n ekonomiese bestaanstryd gedompel wat gesinslede na die stede laat stroom het ten einde aan die lewe te bly. Ook die aansluiting van blankes by die krygsmagte het swart verstedeliking aangemoedig — die blanke soldate se siviele betrekkings in die stede is in sommige gevalle deur verstedelikte swartes gevul. Laastens het die styging in swart lone in die stedelike nywerhede gedurende die oorlogsjare met ongeveer 229%, teenoor die 170%-toename gedurende die tydperk 1933-1938, 'n versnelde swart toestroming tot gevolg gehad.[84]

Swart verstedeliking was 'n voortdurende, maar oneweredige proses wat vanweë bogenoemde redes stadig gedurende die einde van die negentiende eeu 'n aanvang geneem het en veral gedurende die twintigste eeu in Suid-Afrika 'n hoogtepunt bereik het. Die swart verstedelikingsproses het verskillende fases deurloop. Die ontdekking van diamante in 1867 en van goud in 1871 en veral in 1886 het nie die swart verstedelikingsproses as sodanig aan die gang gesit nie, maar eerder die swart bevolking deur middel van trekarbeid met die stedelike milieu en lewe in aanraking laat kom. Eers na Uniewording in

82. W.D. Hammond-Tooke (ed.), *The Bantu-speaking peoples of Southern Africa*, p. 445; B.H. Heystek, *Swart verstedeliking aan die Oosrand tot 1923*, M.A.-verhandeling, Randse Afrikaanse Universiteit, 1988, pp. 7-8; L. Thompson, *A history of South Africa*, p. 164; D. Welsh, The growth of towns, *in* M. Wilson & L.M. Thompson (eds), *The Oxford history of South Africa II. South Africa, 1870-1966*, pp. 178, 179; L. Callinicos, *A people's history of South Africa I. Gold and workers*, p. 30.
83. Unie van Suid-Afrika, *Naturelletrust en -Grond Wet van 1936 (Wet 18 van 1936)* (Kaapstad, 1936).
84. J.S. Rousseau, *Die politieke implikasies van swart verstedeliking in Suid-Afrika, 1939-1946*, M.A.-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1978, p. 19; J.P.C. Mostert, Die Tweede Wêreldoorlog: impetus vir versnelde swart verstedeliking in Suid-Afrika, *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 11(2), Augustus 1986, pp. 39-47, 49; J.P.C. Mostert, Black urbanisation. A historical perspective, *Journal for Contemporary History* 11(1), April 1986, pp. 117-118; L. Callinicos, *A people's history of South Africa III. A place in the city. The Rand on the eve of apartheid*, p. 3; W. Beinart, *Twentieth-century South Africa*, p. 124; D Oakes (ed.), *Reader's Digest illustrated history of South Africa. The real story*, p. 347; B.J. Liebenberg & S.B. Spies (eds), *South Africa in the twentieth century*, p. 291.


© University of Pretoria

1910 en met grootskaalse industrialisasie gedurende die twintiger- en dertigerjare sou die werklike swart verstedelikingsproses aan die gang gesit word en soos wat dekades mekaar opgevolg het, veral gedurende die Tweede Wêreldoorlogsjare, in momentum toeneem.[85]

Versnelde swart verstedeliking is aan die begin van die twintigste eeu verder meegebring deur die deurvoering van die *Naturellen Grond Wet van 1913*,[86] wat Suid-Afrika in gebiede vir blanke en swart bewoning verdeel het, en die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog in 1914, wat industriële eise aan die Suid-Afrikaanse ekonomie gestel het. Die ontoereikendheid van die swart reservate weens die aard en omvang van die toegekende swart grondgebied het meer en meer swartes na die stede laat trek. Die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog het Suid-Afrika gedwing om in ’n toenemende mate in sy eie industriële behoeftes te voorsien. Werkgeleenthede vir swartes was toe nie meer net tot mynbou en die aanverwante sektore beperk nie en swartes het toe ook as werkers die nywerheidsektor betree. Die getal ongeskoolde werkers in die stedelike fabrieke, waarvan die meeste swart was, het van 61 000 in 1915-1916 toegeneem tot 113 000 in 1919-1920 (’n toename van 52 000 of 85% in vier jaar). Tog blyk dit volgens sensusopnames dat swart verstedeliking taamlik stadig gedurende 1911 tot 1921 plaasgevind het. Die rede daarvoor is moontlik geleë in die feit dat die swart bevolking afgeneem het vanweë die griepepidemie van 1918. In die stede het die swartes meestal in krotbuurtes gewoon waar hulle uitgelewer was aan buitensporige huur vir oorvol, onhigiëniese akkommodasie van sink. Op daardie tydstip was daar nog nie wetgewing wat die daarstelling van swart stedelike behuising van redelike kwaliteit afgedwing het nie en swartes is bloot beskou as tydelike besoekers wat aan die ekonomiese behoeftes van die blanke moes voldoen. Die tekort aan huisvesting, die verslegtende krottoestande en lae lone het die stadservaring en ingesteldhede van die swart stedelinge oorweldigend negatief beïnvloed.[87]

Verskerpte sekondêre en tersiêre ekonomiese aktiwiteite in die stede tussen die twee wêreldoorloë het, tesame met beter beroepsmoontlikhede, ’n hoër lewenstandaard en die sosiale aantrekkingskrag van die stede, ’n belangrike trekkrag gevorm teenoor die negatiewe ekonomiese afstootkragte van die platteland. Die gevolg was ’n eenrigting bevolkingsmigrasie na die stede. Swart verstedeliking het tussen 1921-1936 skerp gestyg. Die stedelike swart bevolking het in daardie vyftien jaar met bykans 554 000 (94%),

---

85. W. Beinart, *Twentieth-century South Africa*, p. 120; P. Smit & J.J. Booysen, *Swart verstedeliking. Proses, patroon en strategie*, pp. 14-15; K. Sevenhuysen, *Swart stedelike behuisingsverskaffing in Suid-Afrika, ca. 1900-1948: ekonomiese en ideologiese werklikhede,* M.A.-miniverhandeling, Universiteit van Pretoria, 2001, pp. 4-5.
86. Unie van Suid-Afrika, *Naturellen Grond Wet van 1913 (Wet 27 van 1913)* (Kaapstad, 1913).
87. J. Pampallis, *Foundations of the New South Africa*, p. 107; P. Smit & J.J. Booysen, *Swart verstedeliking. Proses, patroon en strategie*, pp. 16-17; W. Beinart, *Twentieth-century South Africa*, p. 120; D. Oakes (ed.), *Reader’s Digest illustrated history of South Africa. The real story*, pp. 263-264, 294, 317; B.J. Liebenberg & S.B. Spies (eds), *South Africa in the twentieth century*, pp. 122, 164; K. Sevenhuysen, *Swart stedelike behuisingsverskaffing in Suid-Afrika, ca. 1900-1948: ekonomiese en ideologiese werklikhede,* M.A.-miniverhandeling, Universiteit van Pretoria, 2001, p. 5; P. Smit, Historiese grondslae van swart verstedeliking in Suid-Afrika, *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal* 19, November 1987, p. 17.



© University of Pretoria

ongeveer 37 000 per jaar, toegeneem. Tog was slegs 17% van die totale swart bevolking in 1936 in stedelike gebiede woonagtig.[88]

Die grootste en mees dramatiese toename in die swart stedelike bevolking het gedurende 1936-1946 plaasgevind. Die swart stedelike bevolking het in daardie tien jaar met bykans 547 000 (48%[89]), ongeveer 55 000 per jaar, toegeneem. Teen 1946 was 24%, teenoor die 17% in 1936, van alle swartes in die stede woonagtig. Alhoewel 75% van alle blankes verstedelik was, het die getal stedelike swartes die getal stedelike blankes teen 1946 verbygesteek. Die belangrikste rede vir die toename in swart verstedeliking was Suid-Afrika se oorlogspoging wat nuwe eise aan die ekonomie en die arbeidsmag gestel het. Die vraag na goedkoop swart arbeid het hand aan hand met industriële groei en die snelle uitbreiding in nywerhede en industrieë, gemik op die oorlogspoging, toegeneem. Gedurende die oorlogsjare (1939-1945) het die industriële arbeidsmag, waarvan die meeste swart was, met 53% toegeneem. Die getal swartes in die industrieë het tussen 1934 en 1946 bykans verdriedubbel, van ongeveer 85 000 tot 250 000 ('n toename van 194%). Swartes het hulle ook al hoe meer na die stede gewend weens die ontoereikende aard van die swart reservate en toenemende meganisasie op blanke plase. Die beloftes van werk in die groeiende vervaardigings- en dienstesektore het as stedelike trekkrag gedien. Nie net swart mans nie, maar ook swart vroue (en by implikasie swart gesinne) het in 'n toenemende mate begin verstedelik. Die tempo van verstedeliking van swart vroue het dié van swart mans begin verbysteek. In Johannesburg het swart vroue 36% van die swart stedelike bevolking uitgemaak en in Port Elizabeth, Bloemfontein en Oos-Londen ongeveer 50%. Swart verstedeliking het gedurende hierdie tydperk dus 'n meer permanente aard begin aanneem. Meer en meer swart gesinne het begin verstedelik en die getal trekarbeiders wat slegs tydelik in die stede was, begin verbysteek.[90]

---

88. I.J. van der Merwe, *Die stad en sy omgewing. Inleiding tot nedersettingsgeografie*, pp. 45-46; W. Beinart, *Twentieth-century South Africa*, p. 120; F.A. van Jaarsveld, *Stedelike geskiedenis as navorsingsveld van die Suid-Afrikaanse historikus*, p. 15; N.J.J. Olivier, *Ons stedelike naturellebevolking*, p. 2; D. Welsh, The growth of towns, *in* M. Wilson & L.M. Thompson (eds), *The Oxford history of South Africa II. South Africa, 1870-1966*, pp. 173, 188; K. Sevenhuysen, *Swart stedelike behuisingsverskaffing in Suid-Afrika, ca. 1900-1948: ekonomiese en ideologiese werklikhede,* M.A.-miniverhandeling, Universiteit van Pretoria, 2001, pp. 5-6.

89. Bronne dui die totale swart stedelike bevolking in 1946 verskillend aan. P.S. Hattingh en J.J. Olivier (Swart verstedeliking in Suid-Afrika. 'n Fasemodel van prosesse en ruimtelike strukture, *in* F.A. van Jaarsveld (red.), *Verstedeliking in Suid-Afrika*, p. 30) en P. Smit en J.J. Booysen (*Swart verstedeliking. Proses, patroon en strategie*, p. 39) gee die swart stedelike bevolking onderskeidelik as 1 689 000 en 1 688 000 weer. Hierteenoor word die getal stedelike swartes in 1946 deur D. Welsh (The growth of towns, *in* M. Wilson & L.M. Thompson (eds), *The Oxford history of South Africa II. South Africa, 1870-1966*, p. 190), H. Suzman (*A digest of the Native Laws (Fagan) Commission*, p. 20) en E. Hellmann (E. Hellmann & L. Abrahams (eds), *Handbook on race relations in South Africa*, p. 239) as tussen 1 793 000 en 1 794 000 aangedui. Die verskil in getalle beloop ongeveer 100 000 stedelike swartes. Die persentasietoename in die getal stedelike swartes tussen 1936 en 1946 kon dan tussen 48% en 57% gewees het.
A. Wessels en M.E. Wentzel (*Die invloed van relevante kommissieverslae sedert Uniewording op regeringsbeleid ten opsigte van swart verstedeliking en streekontwikkeling*, p. 63) werp lig op die verskil in getalle: die syfer van 1 794 000 stedelike swartes sluit die ongeveer 109 000 stedelike swartes in wat in plakkerskampe woonagtig was.

90. J. Pampallis, *Foundations of the New South Africa*, p. 156; L. Thompson, *A history of South Africa*, pp. 166, 178; N.C. Pollock, The development of urbanization in Southern Africa, *in* R.P. Beckinsale (ed.), *Urbanisation and its problems*, p. 323; W. Beinart, *Twentieth-century South Africa*, pp. 120-121; J.P.C. Mostert, Die Tweede Wêreldoorlog: impetus vir versnelde swart verstedeliking in Suid-Afrika, *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 11(2), Augustus 1986, pp. 39-41; F.A. van Jaarsveld, *Stedelike geskiedenis as navorsingsveld van die Suid-Afrikaanse historikus*, p. 15; P. Smit & J.J. Booysen, *Swart verstedeliking. Proses, patroon en strategie*, p. 39; D. Oakes (ed.), *Reader's Digest illustrated history of South Africa. The real story*, pp. 354-355; B.J. Liebenberg & S.B. Spies (eds), *South Africa in the twentieth century*, pp. 245, 294; T.R.H. Davenport, *South Africa. A modern history*, Fourth edition, pp. 299, 511; K. Sevenhuysen, *Swart stedelike behuisingsverskaffing in Suid-Afrika, ca. 1900-1948: ekonomiese en ideologiese werklikhede,* M.A.-miniverhandeling, Universiteit van Pretoria, 2001, pp. 6-7; P. Smit, Historiese grondslae van



© University of Pretoria

Werksgeleenthede het swartes na die stede gelok, maar die segregasionistiese regeringsbeleid wat slegs vir tydelike en 'n klein swart stedelike bevolking voorsiening gemaak het, kon nie in die vraag na huisvesting en dienste voorsien nie. Ekonomiese kragte het regeringsbeleid gemik op tydelike swart stedelinge dus totaal begin oorheers. Die gevolg van hierdie versnelde toestroming van swartes na die stede, tesame met die feit dat baie min huise gedurende die oorlogsjare gebou is, was 'n akute en landswye behuisingstekort met gepaardgaande oorvol swart stedelike woonbuurtes en stedelike krotbuurtes. Hiermee tesame het die lewenskoste weens die oorlog geweldig gestyg en is die prys van lone telkens deur die prys van voedsel oorskry wat tot groter armoede en blootstelling aan ongunstige en goedkoop behuising vir die stedelike swarte gelei het.[91]

Uit die aard en ontwikkeling van swart verstedeliking is dit duidelik dat die wêreldwye, universele en natuurlike proses van verstedeliking nie deur die swart bevolking van Suid-Afrika vrygespring is nie. Indien 'n deel van die bevolking na die stede migreer, ontstaan daar vanselfsprekend 'n behuisingsbehoefte — hierdie nuwe stedelinge moet 'n skuiling kry. In Suid-Afrika het hierdie behoefte aan behuising vir die swart stedelike bevolking dan ook vroeg reeds op bevrediging aangedring. Dat die verstedeliking van swartes die behoefte aan swart stedelike behuising sou daarstel, is voor-die-hand-liggend, maar in Suid-Afrika, met sy beleid van skeiding[92] en die beskouing dat die stedelike swarte slegs tydelik in die stede was om aan die arbeidsbehoefte van die blankes te voldoen, is die realiteit en dringendheid van die swart stedelike behuisingsbehoefte grootliks geïgnoreer. Verstedeliking lei dus noodwendig tot behuisingsbehoeftes, maar indien daar nie voortydig beplan en daarvoor voorsiening gemaak word nie, word dit 'n onoorkomelike probleem. Dit is wat in Suid-Afrika plaasgevind het weens die lakse hantering deur die owerhede van 'n vanselfsprekende en universele proses en behoefte.

Politieke en wetgewende faktore

In die meeste lande is vroeg reeds van die regering van die dag verwag om behuising aan sy inwoners te verskaf. Die verskaffing en finansiering van behuising as 'n noodsaaklike diens moes aan die hand van toepaslike wetgewing gekoördineer, gerig en gereguleer word. Deur wetgewing en beleid kon 'n regering die nodige magte en finansiële middele daarstel om behuisingsdoelwitte te bereik.[93] Die

---

swart verstedeliking in Suid-Afrika, *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal* 19, November 1987, p. 17.

91. L. Thompson, *A history of South Africa*, pp. 178-179; J. Pampallis, *Foundations of the New South Africa*, p. 156; J.P.C. Mostert, Behuisingsprobleme van die verstedelikte swarte in Suid-Afrika, 1939-1948, *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 12(3), Desember 1987, p. 23; D. Oakes (ed.), *Reader's Digest illustrated history of South Africa. The real story*, p. 354; P. Smit, Historiese grondslae van swart verstedeliking in Suid-Afrika, *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal* 19, November 1987, p. 18.

92. Onder "skeiding" word hier die verdeling van die land in gebiede vir blankes en swartes verstaan. Die verskillende rassegroepe is in hulle eie (geografies-geskeide) territoriale gebiede geplaas. Swartes se toegang tot "blanke" gebiede/dorpe/stede is deur ekonomiese vraag en aanbod, en blanke vrese vir swart toestroming bepaal.
T.R.H. Davenport, *South Africa. A modern history*, Third edition, p. 542.

93. L.T. Lorimer (ed.), *The encyclopedia Americana. International edition XIV*, p. 490; K. Sevenhuysen, *Swart stedelike behuisingsverskaffing in Suid-Afrika, ca. 1900-1948: ekonomiese en ideologiese werklikhede,* M.A.-miniverhandeling,



© University of Pretoria

daarstelling en toepassing van die behuisingsbeleid en -wetgewing betreffende stedelike swartes in Suid-Afrika is gedurende die eerste helfte van die twintigste eeu nie net deur behuisingsbehoeftes; die openbare verantwoordelikheid en verpligting van die owerhede om behuising te verskaf; die beplannings- en finansiële bevoegdheid van die amptenary; en die ekonomiese posisie van die swart stedelike huisbewoners bepaal nie. Die ideologie van skeiding tussen blankes en swartes en die beskouing dat swartes slegs tydelik in "blanke" stede woonagtig was, het die beplanningsproses, finansiële verpligtinge en problematiek aangaande swart stedelike behuisingsverskaffing ten diepste beïnvloed. Swart stedelike behuisingsbehoeftes en -verskaffing is aan blanke behoeftes van heerskappy en beskerming teen swart indringing ondergeskik gestel en toenemend in wetgewing[94] verskans. Finansiële verpligtinge en besteding is hoofsaaklik deur blanke politieke behoeftes gedikteer.[95]

Die behoefte aan swart stedelike behuising is nie net deur toenemende swart verstedeliking geskep en geïntensiveer nie, maar veral ook deur die regeringshantering daarvan. Gedurende die eerste helfte van die twintigste eeu is die beleid betreffende swart stedelike behuisingsverskaffing binne 'n bepaalde regeringstruktuur geformuleer en toegepas. Die vernaamste besluitnemers en beleidmakers was die onderskeie eerste ministers, ministers van Naturellesake, en die Departement van Naturellesake en sy vernaamste amptenare. Die onderskeie eerste ministers, genls. Louis Botha (1910-1919), Jan Smuts (1919-1924 en 1939-1948) en Barry Hertzog (1924-1939), het self verantwoordelikheid vir die portefeulje van Naturellesake geneem — 'n aanduiding van die belangrikheid van hierdie portefeulje. Desondanks het beleidsformulering dikwels op aanbeveling van die aangestelde ministers van Naturellesake, amptenare in hulle departement, en die onderskeie kommissies en komitees van ondersoek plaasgevind. Gedurende die tydperk onder bespreking het onder andere die volgende persone die portefeulje van minister van Naturellesake beklee of namens die betrokke eerste minister daarin waargeneem: Henry Burton (1910-1912), Barry Hertzog (1912), Jacobus Wilhelmus ("J.W.") Sauer (1912-1913), Francois Stephanus ("F.S") Malan (1915-1921), Henry Fagan (1938-1939), Deneys Reitz (1939-1943) en Piet van der Byl (1943-1948).[96]

---

Universiteit van Pretoria, 2001, p. 2.

94. Kyk K. Sevenhuysen, Owerheidsbeheer en -wetgewing rakende stedelike swart behuising voor en gedurende die Tweede Wêreldoorlog, *Historia* 40(1), Mei 1995, pp. 98-105 vir 'n meer volledige bespreking van relevante wetgewing.

95. K. Sevenhuysen, *Swart stedelike behuisingsverskaffing in Suid-Afrika, ca. 1900-1948: ekonomiese en ideologiese werklikhede,* M.A.-miniverhandeling, Universiteit van Pretoria, 2001, p. 3; P. Smit, Historiese grondslae van swart verstedeliking in Suid-Afrika, *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal* 19, November 1987, p. 20.

96. B.J. Liebenberg & S.B. Spies (eds), *South Africa in the twentieth century*, pp. 52, 58, 65, 157, 163; S. Dubow, *Racial segregation and the origins of apartheid in South Africa, 1919-1936*, pp. 45, 123-125; W.J. de Kock (hoofred.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek I*, p. 519; W.J. de Kock & D.W. Krüger (hoofreds.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek II*, p. 638; A. Wessels & M.E. Wentzel, *Die invloed van relevante kommissieverslae sedert Uniewording op regeringsbeleid ten opsigte van swart verstedeliking en streekontwikkeling*, pp. 57, 66; J.P. Brits, *Op die vooraand van apartheid. Die rassevraagstuk en die blanke politiek in Suid-Afrika, 1939-1948*, pp. 13, 32, 68; K. Sevenhuysen, *Swart stedelike behuisingsverskaffing in Suid-Afrika, ca. 1900-1948: ekonomiese en ideologiese werklikhede,* M.A.-miniverhandeling, Universiteit van Pretoria, 2001, p. 7. P. Kallaway, F.S. Malan, the Cape liberal tradition, and South African politics, 1908-1924, *The Journal of African History* 15(1), pp. 113-129.



© University of Pretoria

Teen die begin van die twintigste eeu was die regeringsbeleid wat teenoor stedelike swartes gevolg sou word, reeds deur gebruik en in die wetgewing van die kolonies en republieke vasgelê. Dit sou na Uniewording in sentrale wetgewing gekonsolideer word. Teen die tyd dat die *Naturellen (Stadsgebieden) Wet*[97] in 1923 op die wetboek geplaas is, was die gepoogde afsondering van swartes in bepaalde woongebiede 'n goed-gevestigde praktyk onder die meeste blank-beheerde stedelike plaaslike owerhede.[98] Regeringsbeleid rakende stedelike swartes het rondom die ideologie van blanke heerskappy en beskerming, skeiding en swart stedelike tydelikheid gewentel. Daarvolgens moes swartes en blankes op alle terreine, behalwe die ekonomiese, binne die stedelike gebied van mekaar geskei word. Dit het woonbuurtskeiding met die gepaardgaande skeiding tussen swart stedelike woon- en werkplekke tot gevolg gehad. Finansiële segregasie is ook deurgevoer waarvolgens stedelike blankes se munisipale uitgawes en bydraes teen Algemene Inkomsterekeninge en dié van stedelike swartes teen Swart Inkomsterekeninge onderskeidelik gedebiteer en -krediteer is. Die stede is as die uitsluitlike domein van blankes beskou waar swartes slegs tydelik welkom en geregtig op huisvesting was solank hulle arbeid aan blanke behoeftes kon voldoen. Indien hulle blankes nie meer van diens kon wees nie, moes hulle na hulle "oorspronklike tuistes", die reservate, terugkeer.[99]

As gevolg van hierdie tydelikheidsbeskouing van die swartes in die stad is huisvesting en dienstevoorsiening slegs op 'n tydelike basis verskaf, wat die vorm van swart verstedeliking en swart stedelike behuising drasties beïnvloed het. Daar is geglo dat indien die myne uitgewerk sou raak swartes na hulle oorspronklike tuistes sou terugkeer en dat huisvesting en dienstevoorsiening op 'n permanente basis nie realisties sou wees nie. Die tydelikheidsbeskouing is beklemtoon deur die feit dat swart woongebiede dikwels verskuif is wanneer dit deur blanke gebiede begrens is. Die bewustheid van hulle tydelikheid en die feit dat daar nie voldoende behuising voorsien is nie, het by die stedelike swartes ook tot die vorming van tydelike krot- en plakkersdorpe aanleiding gegee. Die tydelikheidsbeginsel het inderdaad ook in wetgewing tot uiting gekom en wel in die *Naturellen (Stadsgebieden) Wet van 1923*.[100] Veral die grondbesitreg en huiseienaarskap van swartes is daardeur geraak. Geen swartes kon binne die stedelike gebied grond (en ook huisvesting) besit nie, aangesien dit die beginsel van hulle permanentheid in die stad sou bevestig en dit was totaal strydig met die beleid van skeiding en tydelikheid.[101]

---

97. Unie van Suid-Afrika, *Naturellen (Stadsgebieden) Wet van 1923 (Wet 21 van 1923)* (Kaapstad, 1923).
98. K. Sevenhuysen, *Swart stedelike behuisingsverskaffing in Suid-Afrika, ca. 1900-1948: ekonomiese en ideologiese werklikhede,* M.A.-miniverhandeling, Universiteit van Pretoria, 2001, p. 8; P. Smit, Historiese grondslae van swart verstedeliking in Suid-Afrika, *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal* 19, November 1987, p. 22.
99. P. Smit & J.J. Booysen, *Swart verstedeliking. Proses, patroon en strategie*, pp. 21, 78; D. Page, *Die teorie en toepassing van streeksbeplanning. 'n Handleiding vir die studie van navorsingsmetodes en die opstel en implementering van streekplanne*, pp. 38-39; A. Mabin, Conflict, continuity and change: Locating "properly planned native townships" in the forties and fifties, *in* Planning History Study Group, *Proceedings of the Symposium on South African Planning History*, p. 307; K. Sevenhuysen, *Swart stedelike behuisingsverskaffing in Suid-Afrika, ca. 1900-1948: ekonomiese en ideologiese werklikhede,* M.A.-miniverhandeling, Universiteit van Pretoria, 2001, pp. 8-9.
100. Unie van Suid-Afrika, *Naturellen (Stadsgebieden) Wet van 1923 (Wet 21 van 1923)*, Artikel 5, pp. 145, 147.
101. P. Smit & J.J. Booysen, *Swart verstedeliking. Proses, patroon en strategie*, pp. 78-79; D. Page, *Die verstedeliking van die Bantoegebiede van Transvaal*, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Suid-Afrika, 1964, p. 70; D. Oakes (ed.), *Reader's Digest*


© University of Pretoria

Die politieke ideologie dat die swart man slegs 'n "tydelike verblyfhouer" in blanke stede was, na sy vroeëre tuiste moes terugkeer, en nie sy vrou en kinders na die stad moes saambring nie, het egter nie gerym met die ekonomiese realiteit nie. Soos reeds genoem, het swartes hulle veral gedurende die dertigerjare in 'n toenemende mate op 'n permanente basis, dit wil sê in gesinsverband, in en om die stede gevestig. In 1911 was die verhouding tussen swart mans en swart vrouens in die stede vier mans vir elke een vrou (4:1), terwyl die verhouding in 1946 twee mans vir elke een vrou (2:1) was, wat 'n duidelike verdubbeling weerspieël.[102]

Die toenemende verstedeliking van swart vrouens was 'n tendens wat nie maklik deur wetgewing en regeringsbeleid gestuit kon word nie en wat verdere probleme rakende behuisingverskaffing vir die groeiende swart stedelike bevolking tot gevolg gehad het. Die permanente koms van swart vrouens na die stad het ook belangrike gevolge vir swart verstedeliking en behuisingverskaffing ingehou. Hulle aanwesigheid in die stede het die swart mans verhoed om periodiek na die swart reservate terug te keer en het die trekarbeiderstelsel, wat tydelikheid veronderstel en onderlê het, weerspreek. Dit was die begin van die blywende verstedeliking van swartes en hulle permanente aanwesigheid in die stede. 'n Toename in swart stedelike geboortes het gevolg en die swart stedelike bevolking natuurlik laat toeneem. Swart kinders wat in die stede gebore is, het hulleself as "permanente" inwoners van die stede begin beskou. Stedelike plaaslike besture moes huisvesting en onderwys-, maatskaplike en mediese dienste op 'n gesinsbasis verskaf, wat weer tot tekorte en erge sosiaal-maatskaplike probleme gelei het.[103]

Ten spyte van die voorhandliggende verandering wat in die aard van die swart stedelike bevolking, veral gedurende die Tweede Wêreldoorlogsjare, plaasgevind het, het die wetgewing en beleid teenoor die stedelike swarte steeds net vir 'n tydelike swart stedelike bevolking voorsiening gemaak. Reeds in 1932 het die Ekonomiese Naturellekommissie die tydelikheidsbeginsel van stedelike swartes skerp weerspreek; verklaar dat permanente swart verstedeliking 'n voldonge feit is; en gemaan dat daar vir 'n permanente swart stedelike bevolking voorsiening gemaak en beplan moes word.[104] Die Young-Barrett-komitee, wat die verblyf van swartes in stedelike gebiede moes ondersoek, het in 1935 bevind dat daar in die stedelike gebiede 'n groot aantal permanente swart stedelinge was en dat dit in nasionale belang

*illustrated history of South Africa. The real story*, p. 317; B.J. Liebenberg & S.B. Spies (eds), *South Africa in the twentieth century*, p. 160; D. Welsh, The growth of towns, *in* M. Wilson & L.M. Thompson (eds), *The Oxford history of South Africa II. South Africa, 1870-1966*, p. 186.

102. C.M. de Villiers, *Die vryetydsbesteding van volwasse manlike Bantoe in die gebied Pretoria-Witwatersrand-Vereeniging I*, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1972, p. 44; K. Sevenhuysen, *Swart stedelike behuisingsverskaffing in Suid-Afrika, ca. 1900-1948: ekonomiese en ideologiese werklikhede,* M.A.-miniverhandeling, Universiteit van Pretoria, 2001, p. 9.

103. P. Smit & J.J. Booysen, *Swart verstedeliking. Proses, patroon en strategie*, pp. 18-19; K. Sevenhuysen, *Swart stedelike behuisingsverskaffing in Suid-Afrika, ca. 1900-1948: ekonomiese en ideologiese werklikhede,* M.A.-miniverhandeling, Universiteit van Pretoria, 2001, p. 9.

104. U.G. 22-1932: Unie van Suid-Afrika, *Verslag van die Ekonomiese Naturellekommissie (Kommissie insake Ekonomiese en Maatskaplike Toestande van die Naturelle), 1930-1932* (Pretoria, 1932).



© University of Pretoria

was om swart stedelike gebiede op ’n permanente basis te organiseer.[105] Ook die Fagan-kommissie het in 1948 op die permanente en onomkeerbare aard van swart verstedeliking vanweë ekonomiese realiteite gewys.[106] Ten spyte van hierdie realistiese uitsprake het opeenvolgende Suid-Afrikaanse regerings stedelike swartes steeds as tydelike inwoners beskou. Hierdie opvatting het tot uiting gekom in die wetgewing en beheermaatreëls wat op stedelike swartes van toepassing was en waarvolgens “oortollige” swartes, wat nie daar was om in die behoeftes van die blanke te voorsien nie, verwyder moes word. Hierdie standpunt het ook in die behuisingsbeleid neerslag gevind wat nie vir die beplanning en ordelike ontwikkeling van swart stedelike woonbuurtes vir permanente swart stedelinge voorsiening gemaak het nie.[107]

Hierdie totale ignorering van die realiteit ter wille van ideologiese gewin, het reeds gedurende die Tweede Wêreldoorlogsjare en in die jare onmiddellik daarna chaotiese afmetings begin aanneem. In 1943 is vasgestel dat die tekort aan stedelike swart woonhuise vir die hele land ongeveer 125 000 beloop het. Binne die bestek van vier jaar, dit wil sê in 1947, het hierdie getal met ten minste 30 000 gestyg wat die stedelike plaaslike owerhede met ’n onbegonne taak rakende behuisingsverskaffing gelaat het.[108] Behuisingstekorte van oorweldigende omvang was dus aan die orde van die dag, omdat daar nie voortydig vir die toestroming van swart gesinne voorsiening gemaak is nie. Deur die realiteit van ’n permanente swart stedelike bevolking te ignoreer en na te laat om vir die toekoms te beplan, het nie die situasie verbeter of verander nie, maar grootliks en dramaties vererger.[109]

Gedurende die twintiger- en vroeë dertigerjare van die twintigste eeu toe die meeste swart stedelike arbeid deur trekarbeiders verrig is; die meeste swart gesinne nog in die reservate agtergebly het; en swart verstedeliking geleidelik en wisselvallig was, was die behuisingsvraagstuk van relatief klein omvang. Gevolglik het die regering dit nie as noodsaaklik beskou om ’n behuisingsbeleid vir ’n permanente swart

105. Union of South Africa, *Report of departmental committee appointed to enquire into and to report upon the question of residence of natives in urban areas and certain proposed amendments of the Native Urban Areas Act no. 21 of 1923* (Cape Town, 1935).
106. U.G. 28-1948: Unie van Suid-Afrika, Departement van Naturellesake, *Verslag van die Naturellewette-kommissie, 1946-48* (Pretoria, 1948).
107. D.L. Smit, *Verslag van die interdepartementele komitee in sake die maatskaplike, ekonomiese en gesondheidstoestande van naturelle in stedelikegebiede*, par. 194, p. 17; E. Hellmann & L. Abrahams (eds), *Handbook on race relations in South Africa*, p. 2; J.P.C. Mostert, Behuisingsprobleme van die verstedelikte swarte in Suid-Afrika, 1939-1948, *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 12(3), Desember 1987, p. 29; D. O’Meara, *Volkskapitalisme. Class, capital and ideology in the development of Afrikaner nationalism, 1934-1948*, p. 227; F.A. Saunders, *Native Economic Commission, 1931. Urban native areas. Notes upon section 7, paragraphs (2), (5) and (8)*, pp. 5-6; J.D.R. Jones & A.L. Saffery, Social and economic conditions of native life in the Union of South Africa. Findings of the Native Economic Commission, 1930-1932, collated and summarised, *Bantu Studies* 7(4), December 1933, pp. 329-330, 335; A. Wessels & M.E. Wentzel, *Die invloed van relevante kommissieverslae sedert Uniewording op regeringsbeleid ten opsigte van swart verstedeliking en streekontwikkeling*, pp. 33, 36-37, 74, 84-85; P. Morris, *A history of black housing in South Africa*, pp. 29-30; K. Sevenhuysen, *Swart stedelike behuisingsverskaffing in Suid-Afrika, ca. 1900-1948: ekonomiese en ideologiese werklikhede,* M.A.-miniverhandeling, Universiteit van Pretoria, 2001, pp. 9-10.
108. Dit moet hier genoem word dat die swart stedelike behuisingsituasie in Port Elizabeth heelwat beter as in die res van die land daar uitgesien het. Hierdie stedelike plaaslike owerheid het daarin geslaag om behuising van ’n redelike standaard teen ’n redelik bekostigbare huur aan sy stedelike swartes te verskaf. Tog was daar selfs in Port Elizabeth swartes wat in hierdie jare nie oor die nodige behuisingsgeriewe beskik het nie, maar hierdie behuisingsnood was van ’n baie kleiner omvang as elders in die land.
109. J.P.C. Mostert, Behuisingsprobleme van die verstedelikte swartes in Suid-Afrika, 1939-1948, *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 12(3), Desember 1987, pp. 29, 35-37.


© University of Pretoria

stedelike bevolking te formuleer nie. Wat wel duidelik uitstaan, is die feit dat die ignorering van die realiteite en waarskuwings van permanente swart verstedeliking wat reeds in die dertigerjare duidelik geword het, die oorsaak van latere tekorte en probleme was. Selfs al het groter integrasie gedurende die oorlogsjare plaasgevind en al het Smuts besef dat segregasie nie sou werk nie, kon die regering egter nie net lukraak hulle beleid van tydelikheid en van die skeiding van blanke gebiede (plase, dorpe en stede) en swart gebiede (reservate) laat vaar nie. Juis die grootliks onbeheerde toestroming van swartes — veral swart vrouens en dus swart gesinne — en die feit dat die swart stedelike bevolking die blanke stedelike bevolking in 1946 verbygesteek het, het die blanke kiesers desperaat aan die beleid van skeiding laat glo as die enigste uitweg om die blanke se ekonomiese en politieke posisie teen die stedelike "swart gevaar"[110] te beskerm. In hierdie verband het Ernest George ("E.G.") Jansen, 'n latere Minister van Naturellesake, in September 1944 tydens 'n "volkskongres" gereël deur die Suid-Afrikaanse Bond vir Rassestudie dit onomwonde gestel dat die enigste manier om met die toenemende swart stedelike bevolking te handel, was om die beleid van skeiding toe te pas.[111]

Dat ideologiese motiewe — die beleid van tydelikheid en skeiding — vroeg reeds swaarder as korrekte beplanning, gesondheidsoorwegings en kwaliteit geweeg het in die beplanning en daarstelling van swart stedelike woonbuurtes, blyk duidelik uit die verslag van die Tuberkulose-kommissie van 1914:

> As regards situation, the location is <u>usually</u> placed in the outskirts of the town, which is a desirable arrangement, but the site is <u>in many cases</u> ill-chosen, <u>generally</u> ... not far from the town sanitary tip, the refuse dump and the slaughter poles, and at the same time away from the possibility of procuring any proper domestic water supply ... <u>Rarely</u> has any attempt been made to systematically lay out the site. Huts are dumped down anywhere; no proper streets are laid out, and little if any attempt made for surface drainage ... Consequently sanitary control is difficult ... <u>Very few indeed</u> of the dwellings are provided with sanitary accommodation of their own, and public latrines in the location are few and often <u>entirely absent</u> ... Refuse is <u>in most cases</u> not collected ... But it is with the character of the dwellings that the greatest fault must be found. <u>With few exceptions</u> they are a disgrace, and the majority is quite unfit for human habitation. Of course, in every location there are a certain number of better class inhabitants who have erected reasonable satisfactory dwellings, and in some cases the local authority has ... itself erected dwellings of a better standard ... but <u>speaking generally</u> the dwellings are mere shanties, often nothing more than hovels, constructed out of bits of old packing case lining, flattened kerosene tins, sacking and other scraps and odds and ends. They are put up on the bare ground, higgledy-piggledy, without any sort of order, often propped up one against another ... The

110. "Swart gevaar" verwys hier na die "bedreiging" wat klaarblyklik deur blanke kiesers ervaar is in die aangesig van die groot getalle swartes wat na die stede gestroom het en hulle werk- en woonplekke "bedreig" het.
Kyk hier na die artikel van Lubbe oor die oorsprong en gebruik van hierdie term deur politici: H.J. Lubbe, "Swart gevaar" in beeld: visuele propaganda in *Die Burger* gedurende die parlementêre verkiesingstryd van 1928 en 1929, *Kleio* XXVI, 1994, pp. 27-44.

111. J.J. Booysen, Bevolkingsverhoudinge binne Suid-Afrika, *in* F.A. van Jaarsveld (red.), *Verstedeliking in Suid-Afrika*, p. 20; J.P.C. Mostert, Die rol van swart verstedeliking in die algemene verkiesing van 1948, *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 10(3), Desember 1985, pp. 25, 41, 56-57; L. Thompson, *A history of South Africa*, pp. 180-181, 186; D. O'Meara, *Volkskapitalisme. Class, capital and ideology in the development of Afrikaner nationalism, 1934-1948*, pp. 173-174; B.J. Liebenberg & S.B. Spies (eds), *South Africa in the twentieth century*, p. 282; D. Welsh, The growth of towns, *in* M. Wilson & L.M. Thompson (eds), *The Oxford history of South Africa II. South Africa, 1870-1966*, p. 189; P. Smit, Historiese grondslae van swart verstedeliking in Suid-Afrika, *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal* 19, November 1987, p. 18.


© University of Pretoria

> dwellings are low, dark and dirty, generally encumbered with unclean and useless rubbish, mud floors are the rule, often below the ground level and consequently sometimes apt to be flooded in the wet weather. Overcrowding is frequent; and altogether one could hardly imagine more suitable conditions for the spread of tuberculosis ...[112]

Die owerhede was dus duidelik bewus van die haglike toestande, maar steeds was daar nie daadwerklike optrede nie.

Die stedelike plaaslike owerhede was sedert 1923 deur wetgewing[113] verplig om beter na die swartes binne hulle grense om te sien en dit het wel soms tot beter kwaliteitsbehuising gelei. Daar was selfs teen 1938 in ’n paar stedelike gebiede leë huise in die swart woonbuurtes. Maar die toestroming van swartes na die stede, tesame met ’n tekort aan finansies en boumateriaal gedurende die oorlogsjare, het die stedelike plaaslike owerhede onkant betrap en spoedig was die omstandighede van 1914 weer aan die orde van die dag.[114]

Wetgewing en beleid in Suid-Afrika het nie net die kwaliteit van swart stedelike behuising beïnvloed nie, maar ook die ligging, aard en belewing daarvan. Daar bestaan ’n sterk verband tussen die proses van verstedeliking (die wyse waarop dit plaasvind en gereguleer word) en die vorm wat verstedeliking en behuising aanneem (hoe die verstedelikte gebiede en gemeenskappe daar uitsien). Die stedelike geograwe Flip Smit en Jan Booysen laat hulle soos volg hieroor uit:

> In Suid-Afrika sou die oorheersende begrip van tydelikheid van die swart bevolking in blanke stedelike gebiede die verstedelikingsproses [en behuisingsverskaffing] in bepaalde bane lei en ’n geweldige invloed uitoefen op die patroon en vorm van swart stedelike woonbuurte.[115]

Nie net woonbuurtskeiding is deur die regeringsbeleid vasgestel nie, maar ook die ligging en lokaliteit van swart woonbuurtes.[116]

Die verstedeliking van blankes en swartes en die toepassing van ’n segregasiebeleid het aan die Suid-Afrikaanse stad teen die helfte van die twintigste eeu ’n karakteristieke tweeledige aard verleen. Die grootste en mees opvallende deel was ’n ruim moderne gedeelte, bestaande uit ’n besigheidsentra waar mense van alle rasse gedurende die dag saamwerk, en woonbuurtes met ruim en gerieflike woonhuise in besit van blanke gesinne en bedien deur swart werkers. Apart en afgeskei van die moderne stad was,

---

112. U.G. 34-1914: Report of the Tuberculosis Commission, par. 234-237, soos aangehaal in T.R.H. Davenport, *The beginnings of urban segregation in South Africa. The Natives (Urban Areas) Act of 1923 and its background*, Rhodes University Occasional Papers XV, pp. 6-7.
Beklemtoning deur Davenport.
113. Unie van Suid-Afrika, *Naturellen (Stadsgebieden) Wet van 1923 (Wet 21 van 1923)*, Artikels 1, 2 &3, pp. 141, 143.
114. L. Marquard, *The native of South Africa*, p. 30; F.W.C. Buitendag, The emergence of the urban African, *Race Relations Journal* 18(3), August 1951, p. 207.
115. P. Smit & J.J. Booysen, *Swart verstedeliking. Proses, patroon en strategie*, p. 2.
116. J.N. Steyn & J.J. Olivier, Veranderende ruimtelike patrone van swart stedelike woongebiede en tuislanddorpe in Suid-Afrika: 1904-1975, *Die Suid-Afrikaanse Geograaf* 6(2), September 1978, p. 131.


© University of Pretoria

soos reeds in die vorige paragrawe aangedui is, die swart woonbuurtes geleë waar geboue van modder en karton, sinkgeboue en buite-toilette in die meeste gevalle op klein erfies ingedruk gestaan het. Water is verkry van enkele krane langs ongeplaveiselde sypaadjies en ongeteerde paaie. Slegs 'n baie klein persentasie van stedelike swartes het in baksteenhuise met lopende water gewoon. Net in enkele gevalle is die noodsaaklike dienste van sanitasie en vullisverwydering verskaf. Daar het dus 'n groot kontras in die digtheid, tipe behuising, en die kwaliteit van dienste en geriewe wat vir die verskillende "rassegroepe" in Suid-Afrikaanse stede verskaf is, bestaan.[117]

Die skril teenstelling tussen swart en blanke stedelike woonbuurtes en tussen swart en blanke stedelike behuising wat in Suid-Afrika aan die orde was, het benewens die ideologiese implikasies van gedwonge skeiding ook verdere diepgaande gevolge meegebring. Veral die belewing van swartes van hulle behuising is hierdeur oorwegend negatief beïnvloed. Die aard en kwaliteit van swart stedelike behuising is deur blanke beleidmakers en amptenare bepaal. Aangesien swartes glad nie by die vormgewing van hulle gebiede betrokke was nie, het dit veroorsaak dat hulle besonder moeilik met hulle woongebiede kon identifiseer. Verder het die feit dat swart stedelike woongebiede dikwels as minderwaardig en as tydelike arbeidsreservoirs gesien is, nie hierdie situasie enigsins verbeter nie. Die dodelike en eindelose herhaling van klein identiese huisies ("matchbox housing") met 'n bykans totale gebrek aan private en openbare ruimtes in swart stedelike woonbuurtes het die gevoel van onderworpenheid, blanke beheer, mindere menswaardigheid, en selfs magteloosheid verhoog. Dit wil dus voorkom of die sosio-politieke en ekonomiese stedelike milieu en owerheidstrukture en -stelsels deur middel waarvan aan die stedelike swartes behuising verskaf is, in direkte verband staan met die waarde en belewing wat stedelike swartes aan hulle behuising toegedig het. Vir die swart stedelike bevolking was hulle behuising in die meeste gevalle slegs 'n simbool van die allernodigste skuiling en beskerming teen die elemente; baie selde het hulle dit as 'n tuiste, 'n geskikte en aangename lewensruimte, ervaar.[118]

Die politieke en wetgewende faktore van skeiding en tydelikheid het nie net aan swart stedelike behuising vorm en waarde (of die gebrek daaraan) gegee nie. Die swart stedelike behuising en behuisingskwaliteit wat te voorskyn getree het, het beslis ook rasseverhoudinge bepaal en beïnvloed. Stedelike swartes se standpunt oor die behuisingsprobleme is in die Naturelle Verteenwoordigende Raad in 1941 aan die orde gestel. Hiervolgens is die regering verantwoordelik gehou vir hulle haglike en onvoldoende behuisingstoestande. Daar is voorts beweer dat die behuisingskemas van die stedelike plaaslike owerhede op geen tydstip voldoende was vir die bestaande behoeftes van die stedelike swartes

---

117. L. Thompson, *A history of South Africa*, p. 170; N.C. Pollock, The development of urbanization in Southern Africa, *in* R.P. Beckinsale (ed.), *Urbanisation and its problems*, p. 305.
118. G.M. van der Waal, Visie op die stad, *in* J.F.T. Bartmann (red.), *Verstedeliking as kultuurhistoriese verskynsel*, pp. 46, 49-50; J. de Klerk, Swart behuisingstekort, *Volkshandel* 45(1), Maart 1984, p. 42; J.P.C. Mostert, Behuisingsprobleme van die verstedelikte swarte in Suid-Afrika, 1939-1948, *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 12(3), Desember 1987, p. 46.


© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

nie. Die beleidsbepalings dat hulle nie hulle eie huise kon besit nie en daarom ook nie hulle eie huise kon bou nie het die probleem grootliks vererger. Die toename in die blanke stedelike bevolking en die industriële ontwikkeling was, soos reeds genoem, verantwoordelik vir toenemende swart verstedeliking (en dus die behuisingsprobleem), aangesien groot getalle swartes nodig was om in die behoeftes van die blankes en die industrieë te voldoen. Daar is egter nie aandag aan beplanning en voorsiening van behuising vir die groot getalle stedelike swartes gegee nie. Stedelike swartes het hulle behuisingsprobleem voorts as 'n dringende nasionale probleem beskou en was van mening dat dit deel van die landsbeleid vir die ekonomiese ontwikkeling van die land moes uitmaak. Dit volg vanselfsprekend dat daar kwade gevoelens tussen swart en blank (veral die regering) sou ontstaan weens die ontoereikende en kortsigtige behuisingsbeleid, die gevolglike behuisingsnood en gepaardgaande maatskaplike euwels waaraan die oorgrote meerderheid van die stedelike swartes blootgestel is.[119]

Ekonomiese en sosiaal-maatskaplike faktore

Die kwaliteit, aard en omvang van behuisingsvoorsiening staan voorts ook in direkte verband tot die finansiële posisie van die owerhede wat die behuising moet verskaf en die ekonomiese posisie van die bewoner wat vir die huisvesting moet betaal. Oor die algemeen dus sal behuising net so goed of sleg wees as wat die inkomste van die betrokke bevolking toelaat. Indien die inkomste van die gesin styg, kan die gesin beter huisvesting bekostig. Hoe hoër die nasionale of plaaslike inkomste is, hoe meer bronne kan die owerhede aanwend vir die daarstelling van behuising.[120]

In Suid-Afrika het finansiële en ekonomiese oorwegings 'n beslissende rol in die verskaffing van huisvesting aan stedelike swartes gespeel. Die stedelike plaaslike owerhede was volgens wetgewing daarvoor verantwoordelik om behuising aan die stedelike swartes binne hulle gebiede te verskaf.[121] Finansiering (in die vorm van lenings en subsidies) vir die daarstelling van swart stedelike woonbuurtes is van die sentrale owerheid ontvang, maar dit het steeds die verantwoordelikheid van die stedelike plaaslike owerheid gebly om die behuising te verskaf. Die finansiële posisie van die betrokke stedelike plaaslike owerheid, sowel as dié van die sentrale owerheid; die gewilligheid om die finansieel-veeleisende taak en verantwoordelikheid van behuisingverskaffing op te neem; die stremmende invloed van die segregasiebeleid; die behuisingsoprigtingskoste; en die betaalvermoë van die stedelike swartes was bepalende faktore in die aard, kwaliteit en hoeveelheid behuisingstrukture wat vir die swart stedelike

119. J.P.C. Mostert, Behuisingsprobleme van die verstedelikte swartes in Suid-Afrika, *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 12(3), Desember 1987, pp. 47-48, 53.
120. L.T. Lorimer (ed.), *The Encyclopedia Americana. International edition XIV*, p. 482; C. Thornhill, Regerings- en administratiewe reëlings vir 'n stedelike gemeenskap, *in* F.A. van Jaarsveld (red.), *Verstedeliking in Suid-Afrika*, p. 95; M.D.A. Baldocchi, *Survey of housing practice in the Union of South Africa*, p. 3; D.M. Calderwood, *Native housing in South Africa*, D.Arch. Thesis, University of the Witwatersrand, 1953, p. 202.
121. Unie van Suid-Afrika, *Naturellen (Stadsgebieden) Wet van 1923 (Wet 21 van 1923)*, Artikels 1, 2 &3, pp. 141, 143.


© University of Pretoria

bevolking opgerig is. Die impak van die Tweede Wêreldoorlog op die ekonomie en beskikbaarheid van fondse vir nie-oorlogsdoeleindes, het 'n alreeds benarde swart stedelike behuisingsverskaffingsituasie verder benadeel.[122]

In Suid-Afrika het die tydelikheids- en skeidingsbeleid teenoor die stedelike swartes voor en gedurende die Tweede Wêreldoorlogsjare die beplanning en finansiering en dus die verskaffing van swart stedelike behuising bepaal. Weens die politieke beleid van skeiding en tydelikheid teenoor stedelike swartes het die sentrale en stedelike plaaslike owerhede nie vir 'n toenemend permanente swart stedelike bevolking en die verskaffing en uitbreiding van hulle huisvesting beplan nie. Dit het erge behuisingstekorte en enorme finansiële verpligtinge voor en veral gedurende die Tweede Wêreldoorlogsjare tot gevolg gehad.[123] Die feit dat die stedelike swarte as 'n tydelike besoeker beskou is, het daartoe gelei dat daar nie voor 1920 statutêr vir die finansiering van swart stedelike woonbuurtes voorsiening gemaak is nie en dat finansiële hulp van die regering slegs aan blanke behuising verskaf is.[124]

Wetgewing wat in die twintigerjare aangeneem is, het stedelike plaaslike owerhede vir die finansiering van hulle swart woonbuurtes verantwoordelik gemaak.[125] Lenings en subsidies uit die staatskas en die inkomstes verkry van swart bewoners is gebruik om swart stedelike huisvesting, finansieel-gesegregeerd van blanke stedelike huisvesting, te finansier. Finansiële segregasie het deur middel van 'n aparte Swart Inkomsterekening plaasgevind: inkomstes afkomstig van stedelike swartes (die winste gegenereer uit die verkope van sorghumbier in munisipale biersale; die huurgeld vir standplase, woon- en handelspersele; fooie vir woon- en loseerpermitte; diensgeld; lisensiegeld; pas- en registrasiefooie; en boetes, wat vir lokasieregulasie-oortredings gehef is) is in 'n rekening apart van die Algemene Inkomsterekening gestort. Die doel met finansiële segregasie was die beskerming van stedelike swartes. Die mikpunt van 'n afsonderlike rekening vir swart stedelike behuisingsuitgawes was om te verseker dat inkomste verkry uit swart stedelike woonbuurtes weer op swart stedelike behuising en dienste bestee is en nie op ander projekte van stedelike plaaslike owerhede nie. Dit is ook pertinent in die wetgewing (Artikel agt (7) van die 1923-wet)[126] aangedui dat fondse uit die (blanke) Algemene Inkomsterekeninge gebruik mag word om die Swart Inkomsterekeninge aan te vul. Stedelike plaaslike owerhede het bogenoemde wetsbepaling eers teen die 1940's as 'n algemene beginsel aanvaar en toegepas, nadat aanvanklik gepoog is om die Swart Inkomsterekening selfvoorsienend en as 'n finansieel-onafhanklike

---

122. Vir 'n volledige bespreking van hierdie bepalende faktore kyk K. Sevenhuysen, *Swart stedelike behuisingsverskaffing in Suid-Afrika, ca. 1900-1948: ekonomiese en ideologiese werklikhede,* M.A.-miniverhandeling, Universiteit van Pretoria, 2001, Hoofstuk II, pp. 47-78.
123. K. Sevenhuysen, *Swart stedelike behuisingsverskaffing in Suid-Afrika, ca. 1900-1948: ekonomiese en ideologiese werklikhede,* M.A.-miniverhandeling, Universiteit van Pretoria, 2001, p. 80.
124. Unie van Suid-Afrika, *Woningswet van 1920 (Wet 35 van 1920* (Kaapstad, 1920).
125. Unie van Suid-Afrika, *Naturellen (Stadsgebieden) Wet van 1923 (Wet 21 van 1923)*, Artikels 1, 2, 3 & 8, pp. 141, 143, 153, 155.
126. Unie van Suid-Afrika, *Naturellen (Stadsgebieden) Wet van 1923 (Wet 21 van 1923)*, Artikel 8, p. 155.



© University of Pretoria

entiteit te bedryf.[127]

Die praktiese en veral finansiële implikasies van territoriale skeiding van "tydelike" swart stedelinge en permanente blanke stedelinge in dieselfde stadsgebied het stadsvaders met groot finansiële vraagstukke gekonfronteer. Die toepassing van rasseskeiding het telkemale die verskuiwing van swartes uit krotbuurte aangrensend tot blanke gebiede behels. Swartes kon slegs verskuif word indien alternatiewe huisvesting vir hulle verskaf is en dit het die stedelike plaaslike owerhede met finansiële verpligtinge opgesaal. Die verskuiwing van swartes uit blanke gebiede en meestal ook verder weg van hulle werkplek het die probleem van hoe ver van mekaar die rasse werklik verwyderd moes leef, laat ontstaan. Die vervoerkoste van swartes tussen woon- en werkplek en die eis van blanke werkgewers dat swart arbeid geredelik en binne maklike bereik beskikbaar moes wees, het die werklikheid en finansieel-onpraktiese aard van skeiding ontbloot. Herhaaldelik is besef dat blankes en swartes in stedelike gebiede net so ver van mekaar verwyderd kon leef as wat bekostigbaar sou wees. Vervoersubsidies is deur die regering ingestel en dit het die beleid van skeiding teen hoë finansiële koste gedeeltelik laat realiseer. Hierdie finansiële uitgawes is deur werkgewers en belastingbetalers gedra. Swartes het meestal verkies om nader aan hulle werkplek te woon, al was dit dan in 'n onhigiëniese krotbuurt of plakkerskamp. Die finansiële uitgawe om alternatiewe en meer higiëniese behuising, wat verder van die werkplek en blanke gebiede geleë was, op te rig, het meermale futiel blyk te wees.[128]

Hoë grondpryse, die tekort aan en hoë koste van boumateriaal, die hoë ontwikkelings- en instandhoudingskoste van swart woonbuurtes, en die tekort aan en hoë koste van blanke arbeid het die finansieringsverpligtinge en -probleme van stedelike plaaslike owerhede gedurende die eerste helfte van die twintigste eeu toenemend vererger. Talle pogings is aangewend om koste so laag as moontlik te hou sodat beide die stedelike plaaslike owerhede en swart stedelinge finansieel kon oorleef. Hierdie pogings het oorwegend die standaard, digtheid, kwaliteit, maatskaplike welsyn, gerief en belewing van swart stedelike behuising benadeel.[129]

---

127. M.E. van Zyl, *Swart verstedeliking in Vereeniging, 1923-1960*, D.Phil.-proefskrif, Vista Universiteit, 1993, pp. 149, 151; P.H. Gúenalt & R.J. Randall, Some financial aspects of urban native segregation in South Africa, *Race Relations*, November 1940, p. 95; E. Hellmann & L. Abrahams (eds), *Handbook on race relations in South Africa*, pp. 232, 260-262; P. Morris, *A history of black housing in South Africa*, pp. 14, 35; D.L. Smit, *Verslag van die interdepartementele komitee in sake die maatskaplike, ekonomiese en gesondheidstoestande van naturelle in stedelikegebiede*, par. 11, p. 1; par. 139, p. 12; para. 170-171, p. 15; par. 203, pp. 17-18.
128. G.H. Pirie, African township railways and the South African state, 1902-1963, *Journal of Historical Geography* 13(3), July 1987, pp. 293-294; M.M. Khosa, Changing patterns of "black" bus subsidies in the apartheid city, 1944-1986, *GeoJournal* 22(3), 1990, pp. 251-252; A.J. Cutten, The planning of a native township, *Race Relations Journal* 18(2), 1951, p. 74; K.S.O. Beavon, Black townships in South Africa: *Terra incognita* for urban geographers, *South African Geographical Journal* 64(1), 1982, pp. 12, 17; Union of South Africa, *Natives (Urban Areas)Act, 1923 Amendment Act, 1930 (Act 25 of 1930)*, pp. 196, 198; S. Parnell, Racial segregation in Johannesburg: The *Slums Act*, 1934-1939, *The South African Geographical Journal* 70(2), September 1988, pp. 114-115; E.H. Brookes, Some municipal problems and how the Institute can help, *Race Relations* 2, January-February 1934, p. 15.
129. B.S. van As, *Stedelike naturellebehuising in Wes-Kaapland I*, M.A.-verhandeling, Universiteit van Stellenbosch, 1955, pp. 18, 49. Vir 'n volledige bespreking kyk K. Sevenhuysen, *Swart stedelike behuisingsverskaffing in Suid-Afrika, ca. 1900-1948: ekonomiese en ideologiese werklikhede,* M.A.-miniverhandeling, Universiteit van Pretoria, 2001, Hoofstuk II, pp. 64-69.



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die huishuur wat deur die stedelike plaaslike owerhede gevra is, was ’n swaar ekonomiese las op die swartes wat reeds nie ’n groot loon ontvang het nie. Dit was immers goedkoop, tydelike swart arbeid wat in die stede gebruik is. Werkgewers het selde ’n bydrae tot huisvesting wat deur die stedelike plaaslike owerheid verskaf is, gelewer. Navorsing gedurende die eerste helfte van die twintigste eeu, onder meer deur die Volkebond, het aanbeveel dat huishuur nie meer as tussen 20% (“one-fifth”) en 25% (“one-fourth”) van die gesinsinkomste van ongeskoolde werkers mag beloop nie. In die geval van armer en groter gesinne moes die persentasie dienooreenkomstig afneem. Huishuur moes dus in verhouding tot inkomste laag genoeg wees sodat dit nie die gesinsuitgawes so oorheers en uitput dat voedsel, klere en ander noodsaaklike items ontbeer moes word nie. ’n Belangrike uitgawe van stedelike swartes, wat in direkte verhouding tot hulle vermoë om huurgeld te betaal en die kwaliteit van hulle behuising gestaan het, was die uitgawes wat aan vervoerkoste tussen hulle woon- en werkplek bestee is. Die beleid van territoriale skeiding, maar ekonomiese integrasie, gemik op die bevrediging van blanke politieke en ekonomiese behoeftes, was vir stedelike swartes problematies en ekonomies-uitmergelend. Om die huur te kon bybring, is subhuurders ingeneem en dit het tot ’n afname in behuisingskwaliteit, leefruimte en privaatheid, en die benadeling van gesondheid aanleiding gegee.[130]

Dit sou veral gedurende die Tweede Wêreldoorlogsjare wees waartydens finansiële en ekonomiese faktore die verskaffing van voldoende swart stedelike behuising ingrypend sou beïnvloed. Die oorlogspoging het toenemende industrialisasie tot gevolg gehad. Stedelike plaaslike besture in die nywerheidsentra van die land het probeer om nyweraars na hulle gebiede met veral volop goedkoop swart arbeiders te lok. Daar is nie veel aandag aan die huisvesting van hierdie arbeidsbron geskenk nie. Diegene wat hulle wel bekommer het, was totaal magteloos om iets aan die toenemende behuisingsnood te doen. Instromingsbeheermaatreëls wat die behoefte aan huisvesting kon beperk en reeds in plek was, is nie toegepas nie, omdat dit die onmiddellike beskikbaarbaarheid van ’n goedkoop swart arbeidsmag vir nywerheidsontwikkeling kon belemmer. Die ekonomiese eise van die Tweede Wêreldoorlog rakende industrialisasie; die behoefte aan voldoende goedkoop arbeid in die stedelike gebiede; en ’n tekort aan

---

130. D. Page, *Die verstedeliking van die Bantoegebiede van Transvaal*, D. Phil.-proefskrif, Universiteit van Suid-Afrika, 1964, p. 72; M. Janisch, Health and social welfare services for natives in urban areas, *Race Relations* 7(4), 1940, p. 83; M. Janisch, *A study of African income and expenditure in 987 families in Johannesburg*, p. 16; Central Housing Board, Housing in urban native areas, *Race Relations* 7(4), 1940, p. 64; P.H. Connell *et al.*, *Native housing: A collective thesis*, pp. 37, 182, 196-197; P.H. Connell, *Sub-economic housing practice in South Africa*, p. 8; H.J. van Eck, *Report of housing committee on the state and the housing situation*, pp. vi, 13, 48; W.J.S. Coetzee, *Die ekonomiese aspekte van naturellebehuising in Suid-Afrika*, M.A.-verhandeling, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, 1954, pp. 54, 62; E. Hellmann & L. Abrahams (eds), *Handbook on race relations in South Africa*, pp. 257-258, 395; M.M. Khosa, Changing patterns of “black” bus subsidies in the apartheid city, 1944-1986, *GeoJournal* 22(3), 1990, p. 252; E. Hellmann, Social services for urban Africans. Shall the poor carry their own poverty?, *Race Relations Journal*, November 1941, pp. 52, 54; P.H. Gúenault & R.J. Randall, Urban native housing in South Africa, *Race Relations Journal*, November 1940, pp. 80-81; South African Institute of Race Relations, Evidence submitted to the Native Laws Commission of Enquiry I: Urban areas, *Race Relations* 14(2), 1947, pp. 37-39; D.L. Smit, *Verslag van die interdepartementele komitee in sake die maatskaplike, ekonomiese en gesondheidstoestande van naturelle in stedelikegebiede*, par. 10, p. 1; par. 300, p. 24; par. 12, p. 29; J.P.C. Mostert, Behuisingsprobleme van die verstedelikte swarte in Suid-Afrika, 1939-1948, *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 12(3), Desember 1987, p. 27; J.D.R. Jones & A.L. Saffery, Social and economic conditions of native life in the Union of South Africa. Findings of the Native Economic Commission, 1930-1932, collated and summarised, *Bantu Studies* 8(1), March 1934, p. 93.



© University of Pretoria

boumateriaal vanweë die oorlog en oorlogsproduksie het dus 'n ontsettende behuisingsnood en sosiaal-maatskaplike wantoestande tot gevolg gehad.[131]

Nic Olivier, regsgeleerde en regeringsadministrasiekenner, vat die omvang van die behuisingsnood en gepaardgaande wantoestande raak saam:

> Die [T]weede [W]êreldoorlog het ons gelaat met 'n erfenis op hierdie gebied [swart stedelike behuising] wat selfs die stoutmoedigste met 'n gevoel van wanhoop en hulpeloosheid gelaat het. Die oorlogspoging, onversadigbaar in sy eise, het nóg kapitaal nóg mannekrag te spare gehad om aan binnelandse maatskaplike vraagstukke te wy.[132]

Die behuisingsituasie van stedelike swartes is verder vererger deurdat die regering vanweë die oorlogspoging en verskerpte industrialisasie minder aan swart stedelike behuisingskemas kon bestee. Terselfdertyd het die lewenskoste vanweë die oorlog die hoogte ingeskiet wat dit vir die stedelike swartes, ten spyte van 'n styging in hulle lone, nog moeiliker gemaak het om behuising van 'n redelike standaard geredelik te bekom. Ten einde 'n betaalbare huur vir swart huise vas te stel, is subekonomiese huise opgerig. Dit het die regering met subsidie- en leningsverpligtinge gelaat, sowel as stygende verliese wat die regering met die deurvoering van die swart stedelike behuisingskemas gely het. Die finansiële las van swart stedelike behuisingsverskaffing het ook swaar op die stedelike plaaslike owerhede en die blanke stedelinge, wat 'n deel van die verliese moes dra en wat tot hoër munisipale belastings op blanke stedelinge gelei het, gerus. Daar is probeer om die boukoste van swart stedelike behuising te verlaag deur van swart bouers — die volop goedkoop arbeid wat die basis van die hele probleem was — gebruik te maak. Erge teenstand van blankes in die boubedryf wat hulle deur die goedkoop swart arbeid bedreig gevoel het; die feit dat daar slegs 250 swart bouers opgelei is; en die gebrek aan geskooldheid en kundigheid van swart bouers het hierdie projek egter laat skipbreuk ly.[133]

'n Laaste aspek wat swart stedelike behuisingsverskaffing beïnvloed het, was die sosiaal-maatskaplike situasie en gevolge van swart stedelike behuising. Swart stedelike behuisingstoestande het binne die sosiaal-maatskaplike stedelike milieu twee deurslaggewende gevolge teweeggebring. Aan die een kant

---

131. J.S. Rousseau, *Die politieke implikasies van swart verstedeliking in Suid-Afrika, 1939-1946*, M.A.-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1978, pp. 20-21; J.P.C. Mostert, Behuisingsprobleme van die verstedelikte swartes in Suid-Afrika, 1939-1948, *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 12(3), Desember 1987, pp. 29-30; T.R.H. Davenport, *South Africa. A modern history*, Fourth edition, pp. 308, 526.
132. N.J.J. Olivier, *Ons stedelike naturellebevolking*, p. 5.
133. J.P.C. Mostert, Behuisingsprobleme van die verstedelikte swartes in Suid-Afrika, 1939-1948, *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 12(3), Desember 1987, pp. 38-39, 41-44, 50; T.R.H. Davenport, *South Africa. A modern history*, Fourth edition, pp. 308, 512; J. vd B. Breedt, Die Suid-Afrikaanse oorlogsekonomie gedurende die Tweede Wêreldoorlog I, *Militaria* 13(1), 1983, p. 46; J. vd B. Breedt, Die Suid-Afrikaanse oorlogsekonomie gedurende die Tweede Wêreldoorlog II, *Militaria* 13(2), 1983, pp. 14-15; W.J.S. Coetzee, *Die ekonomiese aspekte van naturellebehuising in Suid-Afrika*, M.A.-verhandeling, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, 1954, pp. 25, 33-34, 36, 41; P.H. Gúenault & R.J. Randall, Urban native housing in South Africa, *Race Relations Journal*, November 1940, p. 81.
Kyk ook P.H. Gúenault & R.J. Randall, Some financial aspects of urban native segregation (*Race Relations Journal* 7(4), November 1940).



© University of Pretoria

het die swak en onhigiëniese toestande en toenemende misdaad wat veral aan die begin van die twintigste eeu in die meerderheid swart stedelike woonbuurtes geheers het, sterk openbare menings ontlok. Die gesondheidsgevaar en die vrees vir misdadigers het tot die aandrang op segregasie en op die verskuiwing van swart woonbuurtes ver weg van blanke woonbuurtes gelei. Daardeur is gehoop dat enige aansteeklike siektes, wat vanweë die onhigiëniese toestande op 'n gereelde grondslag uitgebreek het, nie na die blanke woonbuurtes sou versprei nie en dat misdadigheid ook tot die swart woonbuurtes beperk sou bly. Hierdie denkwyse of persepsie is deur Maynard Swanson as die "sanitasie-sindroom"[134] beskryf.[135]

Aan die ander kant het hierdie haglike toestande en die gesondheidsvrees wat dit by blankes laat onstaan het, inderwaarheid ook bygedra tot die verbetering van toestande in die swart stedelike woonbuurtes. Al het die blankes op skeiding aangedring om hulle gesondheidsvrees te besweer, het hulle besef dat daar iets daadwerkliks aan die toestande gedoen moet word. Swart werkers wat ver van die blankes verwyderd in ongesonde toestande gewoon het, het saam met die blankes en in hulle huise gewerk en die gevreesde siektes tot midde in die blanke se milieu gebring. Die ongesonde en haglike toestande het dus nie net tot skeiding van blanke en swart woonbuurtes aanleiding gegee nie, maar het inderwaarheid ook weens openbare aandrang, wat tot kommissies en komitees van ondersoek[136] en uiteindelik tot wetgewing[137] aanleiding gegee het, bygedra tot die verbetering van toestande in swart stedelike woonbuurtes. Dit moet egter vermeld word dat hierdie verbetering in toestande net sou kon plaasvind indien die wetgewing nougeset toegepas is en indien voldoende finansiële bronne beskikbaar was. Dit was ongelukkig in die meerderheid van die swart stedelike woonbuurtes nie die geval nie.[138]

Verstedelikings-, demografiese en geografiese, polities-wetgewende, ekonomiese en sosiaal-

---

134. **Kyk Hoofstuk IV vir 'n bespreking en kritiese evaluering van hierdie sindroom.**
135. N. Worden, *The making of modern South Africa. Conquest, segregation and apartheid*, p. 42; L. Callinicos, *A people's history of South Africa II. Working life. Factories, townships and popular culture on the Rand, 1886-1940*, pp. 72, 78-80; W. Beinart, *Twentieth-century South Africa*, p. 74; D. Oakes (ed.), *Reader's Digest illustrated history of South Africa. The real story*, p. 314; T.R.H. Davenport, *South Africa. A modern history*, Fourth edition, p. 524; W. Beinart & S. Dubow (eds), *Segregation and apartheid in twentieth-century South Africa*, pp. 6-7; M.W. Swanson, The sanitation syndrome: Bubonic plague and urban native policy in the Cape Colony, 1900-1909 (*Journal of African History* 18(3), 1977).
136. Hier kan verwys word na die Tuberkulose-kommissie (1914); die Ekonomiese Naturellekommissie of Holloway-kommissie (1930-1932); die Departementele komitee in sake die verblyf van naturelle in stedelike gebiede en sekere voorgestelde wysigings aan die *Naturellen Stadsgebieden Wet (Wet 21 van 1923)* of die Young-Barrett-komitee (1935); die Interdepartementele komitee in sake die maatskaplike, ekonomiese en gesondheidstoestande van naturelle in stedelike gebiede of die Smit-komitee (1942); die Nasionale Gesondheidsdienskommissie of die Gluckman-kommissie (1944); en die Naturellewette-kommissie of Fagan-kommissie (1946-1948).
137. Die aanbevelings van die Young-Barrett-komitee het neerslag gevind in die *Wet tot Wysiging van die Wette op Naturelle (Wet 46 van 1937)*. Hiervolgens kon die woonomstandighede in swart stedelike woonbuurtes verbeter word deur die getal stedelike swartes aan die hand van instromingsbeheermaatreëls aan bande te lê.
Die implementering van die aanbevelings van die Smit-komitee, die Gluckman-kommissie en die Fagan-kommissie is onderskeidelik deur die ekonomiese eise van die Tweede Wêreldoorlog en die bewindsaanvaarding van die Nasionale Party in 1948 in die wiele gery.
138. P. Smit & J.J. Booysen, *Swart verstedeliking. Proses, patroon en strategie*, p. 74; N. Worden, *The making of modern South Africa. Conquest, segregation and apartheid*, p. 43; A. Wessels & M.E. Wentzel, *Die invloed van relevante kommissieverslae sedert Uniewording op regeringsbeleid ten opsigte van swart verstedeliking en streekontwikkeling*, pp. xi-xii, 12-13, 28-41, 57-61, 66-76; J. Butler, *Cradock. How segregation and apartheid came to a South African town*, pp. 115, 143, 187.



© University of Pretoria

maatskaplike faktore het dus die aard, omvang, kwaliteit, stand, ligging en belewing van swart stedelike behuising in Suid-Afrika gerig en bepaal. Dit het voorts ook die probleem van die verskaffing van voldoende swart stedelike behuising aan die orde gestel en tot ’n mate self veroorsaak.

## 4. Die situasie in Pretoria

’n Voor-die-hand-liggende vraag is nou of hierdie breë algemene tendense rakende swart verstedeliking, swart stedelike behuisingverskaffing en ongewenste toestande ook vir Pretoria gegeld het. Op die oog af blyk dit dat die stedelike plaaslike owerheid van Pretoria met dieselfde probleme, toestande en frustrasie as elders in Suid-Afrika geworstel het. Veral in die swart stedelike woonbuurtes van Marabastad en Bantule het onuithoudbare toestande geheers. Dit het die Pretoriase blanke stadsvaders immers gedwing om gedurende die laat dertiger- en vroeër veertigerjare ’n “model native township” — Atteridgeville — tot stand te bring.

Tot en met 1935 toe daar met die beplanning van Atteridgeville as die “eerste behoorlik-beplande”[139] of dan model swart woonbuurt begin is, het swart stedelinge hulle in onder meer die volgende gebiede in en rondom Pretoria (waarvan sommige[140] onder beheer van die Pretoriase plaaslike owerheid was) gevestig: Schoolplaats (1867), Marabastad (1888), Lady Selborne (1905), Eersterus-Riverside (1905), Eastwood (1905), Bantule en Hoves Grounds/Hove’s Ground (1912), en Mooiplaas (*ca.* 1936).[141] ’n Voëlvlug oor die ontstaan en omstandighede in hierdie gebiede is noodsaaklik ten einde die rede vir en impak van Atteridgeville as “model native township” in Pretoria sinvol en verantwoordbaar te begryp en te evalueer **(Kyk Kaart 1)**.

---

139. J. Moolman, Die vestiging van die Bantoe in Pretoria. Referaat gelewer tydens die Kongres van die Vereniging vir Aardrykskunde-Onderwys, p. 9.
140. Van hierdie swart woongebiede het onder die dorpsrade/munisipaliteite (en wetlike jurisdiksie) van Innesdal, Hercules, Silverton en Pretoria-Noord geressorteer wat eers in 1931 en na 1948 by die Stadsraad van Pretoria ingelyf is: Innesdal in 1931, Hercules in 1949, en Silverton en Pretoria-Noord in 1964. Elkeen van hierdie owerhede het ’n eie beleid ten opsigte van die huisvesting van swart werkers binne hulle eie onderskeie gebiede gevolg; soms is geen beleid gevolg en behuisingsfasiliteite opgerig nie, veral deur die munisipaliteite van Silverton en Pretoria-Noord wat deur omstedelike swart plakkersgebiede omring was.
E.J. Carruthers, Urban land claims in South Africa: The case of Lady Selborne township, Pretoria, Gauteng, *Kleio* 32, 2000, pp. 27-28; Stadsraad van Pretoria, *Die stad Pretoria: amptelike gids*, pp. 19, 219; P.S. Hattingh & A.C. Horn, Pretoria, *in* A. Lemon (ed.), *Homes apart: South Africa’s segregated cities*, p. 148; M.J. Louw, *’n Geografiese studie van funksionele differensiasie in die metropolitaanse gebied van Pretoria*, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Suid-Afrika, 1964, p. 49.
141. J. Moolman, Die vestiging van die Bantoe in Pretoria. Referaat gelewer tydens die Kongres van die Vereniging vir Aardrykskunde-Onderwys, pp. 9-14; H.P. Junod, The Bantu population of Pretoria, *in* S.P. Engelbrecht *et al.* (samestellers), *Pretoria (1855-1955): geskiedenis van die stad Pretoria*, p. 84; R.D. Coertze, *Atteridgeville. ’n Stedelike Bantoewoonbuurt*, p. 1; M. Malan, *The black community of Pretoria, 1923-1939*, M.A. Dissertation, University of Pretoria, 1996, pp. 19-20.


© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Kaart 1: Vestiging in en uitbreiding van swart woonbuurtes in die Pretoria-omgewing, 1908-1943




Uit: P.S. Hattingh & A.C. Horn, Pretoria, *in* A. Lemon (ed.), *Homes apart: South Africa's segregated cities*, p. 148.

Die onderskeie Grondwette (1844, 1859, 1889 en 1896) van die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR), waaronder Pretoria wetlik sedert 1855 geressorteer het, het gelykstelling tussen blanke swart inwoners verbied en 'n beleid van "afskeiding" in die oprigting van woongebiede vooropgestel. In die praktyk is daar egter toegewings gemaak ten einde swart arbeid binne maklike bereik vir blankes te verseker. Met die opmetings van Pretoria in 1857-1859 en 1875 is daar geen voorsiening vir 'n swart woonbuurt gemaak nie. Die eerste stap in die daarstelling van aparte woonbuurtes vir swart inwoners het in 1867 plaasgevind toe ongeveer 20 hektaar aan die Berlynse Sendinggenootskap beskikbaar gestel is vir die daarstelling van 'n vaste woonplek vir swartes wat onderrig wou ontvang. 'n Swart woonbuurt het dus tot stand gekom met erwe wat genoeg ruimte vir huisies (deur swartes self gebou) en tuingrond vir 100



© University of Pretoria

egpare gehad het. Schoolplaats/Skoolplaas (-plek?) was dus die eerste woonbuurt vir swartes in die Pretoria-gebied, was een kilometer noordoos van Kerkplein af geleë en dus binne loopafstand van die dorp Pretoria waar die meeste swart inwoners gewerk het. Die naam verwys waarskynlik na die eerste swart skool in die gebied wat daar (op die plaas/plek) gevestig is.[142]

Schoolplaats het al hoe digter bevolk geraak en na die weste uitgebrei, anderkant die Steenovenspruit. In 1888 is 67 erwe in die gebied tussen Skinnerspruit, die Apiesrivier en Steenovenspruit in opdrag van die landdros van Pretoria uitgemeet wat as die ontstaan van die tweede woonbuurt waar swartes woonagtig was, Marabastad, beskou kan word. Marabastad is waarskynlik vernoem na Pedi Hoofman/Kaptein Maraba wat teen 1880 (vir 'n tydperk) in hierdie gebied woonagtig was. 'n Ander verklaring lui dat hierdie woonbuurt na 'n ene Maraba vernoem is wat as 'n konstabel gewerk het, en moontlik ook as tolk diens gedoen het as gevolg van sy kennis van Engels, Nederlands en 'n paar inheemse tale. Die naam is in 1928 amptelik na Marabalokasie verander. Persele is in Marabastad aan inwoners beskikbaar gestel waar die inwoners hulle eie huise kon bou. Hierdie twee woonbuurtes het oor byna geen geriewe beskik nie: in Schoolplaats was daar byvoorbeeld in 1901 een kraan vir elke 100 gesinne. Eietydse bronne beskryf dit as krotbuurtes met vuil en stowwerige strate in droë weer, morsig en modderig wanneer dit gereën het, en as 'n "ghetto" wat so oorbevolk was dat dit 'n gesondheidsgevaar vir die inwoners en vir openbare gesondheid ingehou het. Inwoners van beide hierdie eerste twee swart woonbuurtes is mettertyd (Schoolplaats gedurende die 1930's en finaal in 1935; Marabastad in die 1940's) uit die krotbuurtes verwyder en in Marabastad (nuwer uitbreidings, bekend as Nieu-Marabastad), Bantule en later Atteridgeville hervestig.[143]

---

142. J. Moolman, Die vestiging van die Bantoe in Pretoria. Referaat gelewer tydens die Kongres van die Vereniging vir Aardrykskunde-Onderwys, pp. 4-5, 34; J.S. Bergh, Die ontstaan van Pretoria se eerste Bantoewoonbuurt, *Historia* 19(1), Mei 1974, pp. 42-43; M. Friedman, *A history of Africans in Pretoria with special reference to Marabastad, 1902-1923*, M.A. Dissertation, University of South Africa, 1994, pp. 18, 20; R.D. Coertze, *Atteridgeville. 'n Stedelike Bantoewoonbuurt*, pp. 1, 3; 7, 414; J.T. Nell, *Die huisbediende in die stedelike gebied van Pretoria*, M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1961, p. 10; G.M. van der Waal, Marabastad was eerste swart gebied, *Muniforum* 21(10), Oktober/November 1993, p. 3; R. Peacock, *Die geskiedenis van Pretoria, 1855-1902*, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1955, pp. 243-244; H. Heydenrych, & A. Swiegers, *Discover Pretoria*, p. 11; M. Malan, *The black community of Pretoria, 1923-1939*, M.A. Dissertation, University of Pretoria, 1996, pp. 21-24; R.C. de Jong, "The need for a total removal". An exploratory survey of the urbanisation of Africans in Pretoria, with particular emphasis on the townships that disappeared during this process, *Research by the National Cultural History Museum* 4, 1995, pp. 22-23, 50-51.

143. J. Moolman, Die vestiging van die Bantoe in Pretoria. Referaat gelewer tydens die Kongres van die Vereniging vir Aardrykskunde-Onderwys, pp. 5-6; J.S. Bergh, Die ontstaan van Pretoria se eerste Bantoewoonbuurt, *Historia* 19(1), Mei 1974, p. 43; F.J. Nöthling, Die vestiging van gekleurdes in en om Pretoria, 1900-1914, *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis* 45(1), 1984, p. 134; M. Friedman, *A history of Africans in Pretoria with special reference to Marabastad, 1902-1923*, M.A. Dissertation, University of South Africa, 1994, pp. 18, 25, 123-126, 129, 140-142, 188-189; R.D. Coertze, *Atteridgeville. 'n Stedelike Bantoewoonbuurt*, pp. 1-9, 12; M. Mulaudzi, *Service delivery and public participation: An exploratory case study of Atteridgeville-Saulsville between 1995 and 2005*, M.A. Dissertation, University of Pretoria, 2006, pp. 52-53; M. Naidoo, 29 April 2008, *Stories from the Asiatic Bazaar. Laws Marabastad*, www.muthalnaidoo.co.za/stories-from-the-asiatic-bazaar-othermenu-96/113-laws-marabastad, access: 26 October 2011; K. Espag (ed.), Pretoria 1885-2005, *Supplement to Rekord*, 2005, p. 65; G.M. van der Waal, Marabastad was Eerste swart gebied, *Muniforum* 21(10), Oktober/November 1993, p. 3; A. Janse van Rensburg, Marabastad's historical future, *in* Planning History Study Group, *Proceedings of the Symposium on places, people and planning II*, pp. 29-30; R. Peacock, *Die geskiedenis van Pretoria, 1855-1902*, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1955, pp. 244-245; Stadsraad van Pretoria, *Die stad Pretoria: amptelike gids*, p. 217; H.P. Junod, The Bantu population of Pretoria, *in* S.P. Engelbrecht *et al.* (samestellers), *Pretoria (1855-1955): geskiedenis van die stad Pretoria*, pp. 76-77; Greater Pretoria Metropolitan Council, *Maotwana. Township tourist attractions*, p. 1; P.S. Hattingh & A.C. Horn, Pretoria, *in* A. Lemon (ed.), *Homes apart: South Africa's segregated cities*, p. 147; B.W.B. Ball, *Planning for separate racial groups in Pretoria*, M.Sc. Dissertation, University of Pretoria, 1968, pp. 32-33; R.D. Coertze, Die gesinslewe in Atteridgeville, *in* J.F. Eloff, & R.D. Coertze (reds.), *Etnologiese studies in Suidelike Afrika*, p. 291; M.


© University of Pretoria

Gedurende die Britse bewind in Pretoria is die plaaslike owerheid,[144] in 'n voortsetting van die ZAR-beleid, in 1902 gemagtig om afsonderlike en afgeskeide woonbuurtes vir swart werkers uit te lê. Streng regulasies met spesifikasies oor ventilasie, lug, ruimte per persoon, hoeveelheid inwoners per erf, en die grootte van die onbeboude gedeelte per erf is uitgevaardig. Indien verblyfstrukture nie aan genoemde vereistes voldoen het nie, kon dit afgebreek word. Die redes hiervoor was om 'n geordende uitleg en doeltreffende(r) gesondheidstandaarde as in die voorafgaande tydperk na te streef. Swartes was vir die oprigting van hulle eie huisvesting en dienste (water en sanitasie) verantwoordelik, en dit het as die selfvoorsieningstelsel, gekoppel aan streng munisipale beheer, bekend gestaan. Teoreties moes hierdie maatreëls tot verbeterde swart lewensomstandighede gelei het. Dit het weens drie faktore in die praktyk misluk: die gebrekkige ekonomiese vermoëns van die swart inwoners om kwaliteitboumateriaal aan te koop; die tydelikheidselement wat Britse lokasieregulasies onderlê het waarvolgens erfpermitte net vir 'n bepaalde tydperk uitgereik is; en lakse munisipale administrasie en beheer om die regulasies toe te pas en af te dwing.[145]

Ook tydens die Britse bewind is 'n aantal swart eiendomsdorpe ("freehold townships") gestig waar swartes volle eienaarskap van erwe/eiendomsreg verkry het, maar sonder dat enige munisipale dienste aanvanklik gelewer is. Onder hierdie bepalings het Lady Selborne, Eastwood, Highlands, Eersterus en Riverside ontstaan. Lady Selborne is in 1905 aan die suidelike hange van die Magaliesberg uitgelê, ongeveer agt kilometer noordwes van Kerkplein af. Die woonbuurt se naam verwys na Lady Beatrix Maud Cecil wie se man, Lord William Selborne, Lord Alfred Milner as Hoë Kommissaris van Suid-Afrika en Goewerneur van die Transvaal- en die Oranjerivierkolonie opgevolg het tot met Uniewording in 1910. Hierdie woonbuurt het ontstaan en is uitgelê vanweë toenemende digtheid en beperkte fisiese uitbreidingsmoontlikhede in Schoolplaats en Marabastad (waar daar ook in hierdie tyd buurtes vir Indiërs en Kleurlinge ontstaan het). Drie verdere sogenaamde eiendomsdorpe is in 1905 uitgelê, naamlik Eersterus en Riverside aan die noordoostelike kant van Pretoria en ongeveer sestien kilometer van Kerkplein af. Op die plaas Garsfontein, ongeveer nege kilometer van Kerkplein af, is Eastwood aangelê.[146]

---

Malan, *The black community of Pretoria, 1923-1939*, M.A. Dissertation, University of Pretoria, 1996, pp. 25-34, 47-54, 161-164; T.J. Chiloane, *The establishment of black settlement areas in and around Pretoria with special reference to Mamelodi, 1900-1970*, M.A. Dissertation, Rand Afrikaans University, 1990, p. 72; R.C. de Jong, "The need for a total removal". An exploratory survey of the urbanisation of Africans in Pretoria, with particular emphasis on the townships that disappeared during this process, *Research by the National Cultural History Museum* 4, 1995, pp. 24-28, 51-58.

144. Die plaaslike owerheid in Pretoria het in 1903 munisipale en in 1931 stadstatus verkry.
H. Heydenrych, & A. Swiegers, *Discover Pretoria*, p. 17; G. Cuthbertson *et al.*, *Renaming of Pretoria: Report of the city of Tshwane*, p. 43.

145. F.J. Nöthling, Behuisingskemas vir gekleurdes in Pretoria, 1900-1924, *Contree* 8, Januarie 1980, pp. 21-23; R.D. Coertze, *Atteridgeville. 'n Stedelike Bantoewoonbuurt*, p. 3; R.C. de Jong, "The need for a total removal". An exploratory survey of the urbanisation of Africans in Pretoria, with particular emphasis on the townships that disappeared during this process, *Research by the National Cultural History Museum* 4, 1995, pp. 24-28.

146. J. Moolman, Die vestiging van die Bantoe in Pretoria. Referaat gelewer tydens die Kongres van die Vereniging vir Aardrykskunde-Onderwys, pp. 5-6, 34-35, 57; R.D. Coertze, *Atteridgeville. 'n Stedelike Bantoewoonbuurt*, p. 9; J.T. Nell, *Die huisbediende in die stedelike gebied van Pretoria*, M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1961, p. 11; M. Naidoo, 29 April 2008, *Stories*


© University of Pretoria

Die swart woonbuurt Bantule is in 1912, na ’n jarelange stryd van 1907 af om ’n geskikte terrein te vind, deur die plaaslike owerheid van Pretoria teen die hange van die Daspoortrant aangelê. Die woonbuurt is aanvanklik “Nuwe Lokasie” genoem met ’n naamsverandering en swart woonbuurtproklamasie in 1925. Die naam is na *ba Ntule* verander, waar *ba* mense beteken en *n’tule* na stoot verwys, met ander woorde “die mense wat gedwing/gestoot is om daar te woon”.[147] Gedurende 1912-1913 is vyftig baksteenhuise van ’n hoë standaard gebou; dus vóór 1923 toe dit wetlik van plaaslike owerhede verwag is. Ongelukkig het hierdie skema misluk, omdat die huur te hoog was; die huise nie groot genoeg was nie; en die erfies te klein was. Net langs Bantule en ongeveer vyf kilometer noordoos van Kerkplein het ’n plakkerskamp, Hovesground/Hove’s Ground, op privaatgrond ontwikkel en dit het ook daartoe bygedra dat bogenoemde skema misluk het. Swartes kon daar sonder streng munisipale beheer hulle eie huisvesting oprig. Die naam Hove’s Ground is waarskynlik afkomstig van ’n verdraaide vorm van die voormalige Nederlandse inwoner en meule-eienaar van die gebied, ene Van Hove, se van. Intussen het die plaaslike owerhede voortgegaan om onhigiëniese huise te sloop en swartes is weer in 1914 toegelaat om hulle eie huisvesting met munisipaal-goedgekeurde materiaal in Bantule op te rig. Die opskorting van behuisingskemas weens die oorlogsjare (Eerste Wêreldoorlog, 1914-1918), toenemende swart toestroming,[148] en die Griepepidemie van 1918 het die behuisingsnood en swak lewensomstandighede opnuut bevestig. Dit was ook duidelik dat die plaaslike owerheid finansiële hulp moes ontvang (in die vorm van lenings) en aan swartes moes verleen (in die vorm van bekostigbare huurgeld). Munisipale huise is uiteindelik eers weer in 1922 en 1923 in Bantule opgerig. Weens struktuurslopings en oorbevolking in Schoolplaats en Marabastad het baie swartes uit hierdie krotbuurtes ’n heenkome in Bantule (en

---

*from the Asiatic Bazaar. Laws Marabastad*, www.muthalnaidoo.co.za/stories-from-the-asiatic-bazaar-othermenu-96/113-laws-marabastad, access: 26 October 2011; G.M. van der Waal, Lady Selbourne roep heelwat herinneringe op, *Muniforum* 21(5), Mei/Junie 1994, p. 3; E.J. Carruthers, Urban land claims in South Africa: The case of Lady Selborne township, Pretoria, Gauteng, *Kleio* 32, 2000, pp. 24-27; Stadsraad van Pretoria, *Die stad Pretoria: amptelike gids*, p. 219; H.P. Junod, The Bantu population of Pretoria, *in* S.P. Engelbrecht *et al.* (samestellers), *Pretoria (1855-1955): geskiedenis van die stad Pretoria*, pp. 83-84; P. Engelbrecht *et al.* (samestellers), *Pretoria (1855-1955): geskiedenis van die stad Pretoria*, p. 281; H. Heydenrych, & A. Swiegers, *Discover Pretoria*, p. 21; P.S. Hattingh & A.C. Horn, Pretoria, *in* A. Lemon (ed.), *Homes apart: South Africa’s segregated cities*, p. 148; B.W.B. Ball, *Planning for separate racial groups in Pretoria*, M.Sc. Dissertation, University of Pretoria, 1968, p. 33; J. Walker, & G.M. van der Waal (compilers), *A working history of Mamelodi*, p. 2; M.C. Kgari-Masondo, *“A superstitious respect for the soil”?: Environmental history, social identity and land ownership — a case study of forced removals from Lady Selborne and their ramifications, c. 1905-1977*, D.Phil. Thesis, University of Stellenbosch, 2008, pp. 128-129; R.C. de Jong, “The need for a total removal”. An exploratory survey of the urbanisation of Africans in Pretoria, with particular emphasis on the townships that disappeared during this process, *Research by the National Cultural History Museum* 4, 1995, pp. 34, 60-61, 64-68.

147. R.C. de Jong, Bantule, *in* Tshwane Heritage Research Centre, *Working document* 2, June 1996; die sendeling Henri-Philippe Junod (1897–1987), wat sedert 1931 onder die swart inwoners van Marabastad en Bantule werksaam was, het egter in 1955 die volgende oor die naam verklaar: “Bantule is neither a European nor a Bantu name, ... reminds one of the kind official who suggested it”. Ongelukkig het hy nie op hierdie stelling uitgebrei om die betekenis van die naam verder toe te lig nie.
H.P. Junod, The Bantu population of Pretoria, *in* S.P. Engelbrecht *et al.* (samestellers), *Pretoria (1855-1955): geskiedenis van die stad Pretoria*, p. 78.

148. Bronne verskil (geweldig — van ’n toename van 58% tot 103% tot 125%) oor die getal swartes binne die Pretoria munisipale gebied (en waarskynlik binne die groter Pretoria-omgewing); dit beïnvloed dan ook die realistiese vasstelling van die groei/toename in die swart stedelike bevolking in die gebied. ’n Konserwatiewe aanduiding, afkomstig uit primêre bronne, dui op ’n toename van 58% binne die munisipale gebied.
M. Friedman, *A history of Africans in Pretoria with special reference to Marabastad, 1902-1923*, M.A. Dissertation, University of South Africa, 1994, pp. 73, 76; R.D. Coertze, *Atteridgeville. ’n Stedelike Bantoewoonbuurt*, p. 4; P.S. Hattingh & A.C. Horn, Pretoria, *in* A. Lemon (ed.), *Homes apart: South Africa’s segregated cities*, p. 147.



© University of Pretoria

Hove's Ground wat sedert 1925 deel van die Bantule-lokasiekompleks uitgemaak het) gevind. Armoede en onbeheerde swart instroming was grootliks verantwoordelik vir die voortdurende behuisingsnood, oorbewoning, gebrekkige en onvoldoende dienslewering, gepaardgaande swak lewensomstandighede en algemene gesondheidsrisiko's wat steeds in al hierdie woongebiede teenwoordig was.[149]

Die Marabastad-Bantule-kompleks is in die tydperk net voor die Tweede Wêreldoorlog, met ander woorde teen die einde van die 1930's, as 'n oorvol en uiters digte woongebied beskryf. In Marabastad het die persone per huis van 11,7 in 1930 en 12,6 in 1936 tot 18,1 in 1938 toegeneem — 'n toename van byna 55% tussen 1930 en 1938. Daar is voorts in 1939 verklaar dat Marabastad 300% oorbevolk is. Bantule het in hierdie tyd 'n toename van 68% in bevolkingsdigtheid ervaar het: van 6,0 persone per huis in 1930 en 7,4 in 1936 tot 10,1 in 1938.[150] Hierdie oorbevolking en gepaardgaande gesondheidsrisiko's was dan een van die vernaamste redes vir die oprigting van Atteridgeville en die verskuiwing van die swart inwoners van die Marabastad-Bantule-kompleks daarheen. Gedurende 1930-1936 was daar aanvanklik ernstige besware uit blanke geledere teen die oprigting en uitbreiding van swart stedelike behuising en woonbuurtes. Dit het tot vertragings in die totstandkoming van Atteridgeville aanleiding gegee. Terselfdertyd was daar ook toenames in die inwonersgetalle (en gepaardgaande digtheid en onhigiëniese toestande) van Hove's Ground, Lady Selborne, die Eersterus-Riverside-Kilnerton-kompleks, Newlands en Eastwood. Plakkersgebiede, buite die munisipale grense en beheer, het voorts aan die suidwestelike kant van Pretoria op Mooiplaas/Mooiplaats en aan die noordoostelike kant op die plaas Derdepoort ontstaan.[151]

---

149. J. Moolman, Die vestiging van die Bantoe in Pretoria. Referaat gelewer tydens die Kongres van die Vereniging vir Aardrykskunde-Onderwys, p. 8; F.J. Nöthling, Behuisingskemas vir gekleurdes in Pretoria, 1900-1924, *Contree* 8, Januarie 1980, pp. 24-31; M. Naidoo, 29 April 2008, *Stories from the Asiatic Bazaar. Laws Marabastad*, www.muthalnaidoo.co.za/stories-from-the-asiatic-bazaar-othermenu-96/113-laws-marabastad, access: 26 October 2011; M. Friedman, *A history of Africans in Pretoria with special reference to Marabastad, 1902-1923*, M.A. Dissertation, University of South Africa, 1994, pp. 73-75, 130-140, 142-143, 188; R.D. Coertze, *Atteridgeville. 'n Stedelike Bantoewoonbuurt*, pp. 2-9, 12, 414; Anon, From the slums of Bantule to Saulsville, *Pretoriana* 25, December 1957, p. 27; Stadsraad van Pretoria, *Die stad Pretoria: amptelike gids*, p. 217; H.P. Junod, The Bantu population of Pretoria, *in* S.P. Engelbrecht *et al.* (samestellers), *Pretoria (1855-1955): geskiedenis van die stad Pretoria*, p. 78; D. van Eeden, *Die invloed van slegte behuising op die gesondheid van die Bantoebevolking in sekere Transvaalse gebiede*, M.Sc.-verhandeling, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, 1955, pp. 14-15, 25, 28, 37, 41-42; P.S. Hattingh & A.C. Horn, Pretoria, *in* A. Lemon (ed.), *Homes apart: South Africa's segregated cities*, pp. 147-148; B.W.B. Ball, *Planning for separate racial groups in Pretoria*, M.Sc. Dissertation, University of Pretoria, 1968, p. 34; R.C. de Jong, Bantule, *in* Tshwane Heritage Research Centre, *Working document* 2, June 1996; H.O. Mönnig, *'n Analise van die sosiaal-kulturele lewe in Hovesground: 'n stedelike Bantoewoonbuurt*, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1959, pp. 9-15, 22, 26; T.J. Chiloane, *The establishment of black settlement areas in and around Pretoria with special reference to Mamelodi, 1900-1970*, M.A. Dissertation, Rand Afrikaans University, 1990, pp. 76-79, 84; M. Malan, *The black community of Pretoria, 1923-1939*, M.A. Dissertation, University of Pretoria, 1996, pp. 35-38, 52-59, 164-166; R.C. de Jong, "The need for a total removal". An exploratory survey of the urbanisation of Africans in Pretoria, with particular emphasis on the townships that disappeared during this process, *Research by the National Cultural History Museum* 4, 1995, pp. 28-32, 68-72.

150. Anon, Pretoria City Council criticised by Sir Edward Thornton: "Non-Europeans disgracefully housed", *Rand Daily Mail*, 28 October 1936; R.D. Coertze, *Atteridgeville. 'n Stedelike Bantoewoonbuurt*, pp. 9, 12; R.D. Coertze, Die gesinslewe in Atteridgeville, *in* J.F. Eloff & R.D. Coertze (reds.), *Etnologiese studies in Suidelike Afrika*, p. 292.

151. J. Moolman, Die vestiging van die Bantoe in Pretoria. Referaat gelewer tydens die Kongres van die Vereniging vir Aardrykskunde-Onderwys, pp. 9-10, 13; Van der Waal & Associates, *Atteridgeville soul city: A community that can lead the African Renaissance*, p. 1; M. Waldner, Pretoria, o Pretoria, *Rapport*, 25 Augustus 2002, p. 27; M. Naidoo, 29 April 2008, *Stories from the Asiatic Bazaar. Laws Marabastad*, www.muthalnaidoo.co.za/stories-from-the-asiatic-bazaar-othermenu-96/113-laws-marabastad, access: 26 October 2011; D. van Eeden, *Die invloed van slegte behuising op die gesondheid van die Bantoebevolking in sekere*



© University of Pretoria

Gedurende die oorlogsjare het veral die Pretoria-omgewing[152] ’n geweldige toestroming van swartes gehad. Gedurende die jare 1936-1946 het die Pretoria-omgewing se swart bevolking ’n toename van 125% getoon: van 45 312 in 1936 tot 102 155 in 1946, met ander woorde, ’n vermeerdering van 56 843. Dit was naas Kaapstad, wat ’n toename van 143% (van 14 160 in 1936 tot 34 408 in 1946, ’n vermeerdering van 20 248) getoon het, die grootste persentasietoename in ’n swart stedelike bevolking. Hierdie geweldige toename in swart stedelinge het groot druk op die stedelike plaaslike owerheid wat betref behuisingvoorsiening geplaas. Pretoria het gedurende die oorlogsjare een van die hoogste persentasietoename (546%) in bevolkingsdigtheid per vierkante myl (2,59 km$^2$) wat betref swart stedelike bevolking in Suid-Afrika beleef. Waar die gemiddelde bevolkingsdigtheidstoename per jaar gedurende die periode 1911-1939 in Pretoria 1,1 persone was, het dit vir die periode 1939-1946 op 7,1 persone te staan gekom. Dit blyk dus duidelik dat baie swartes wat op die suigkrag van die stad gereageer het, op Pretoria as die voorkeurgebied vir hulle verstedeliking besluit het.[153]

Verskeie redes kan aangevoer word vir die feit dat baie swartes juis gedurende die oorlogsjare besluit het om Pretoria, en nie byvoorbeeld Johannesburg nie, hulle stedelike tuiste te maak. Pretoria was onder meer nader as Johannesburg en Germiston aan die tuisgebiede van die Noord-Sotho’s, Vendas, Tswanas en Ndebeles. Pretoria was ook ’n nywerheidsgebied wat gedurende die oorlog geweldig ontwikkel het teenoor Johannesburg wat meer op mynbou toegespits was. Nywerhede in Pretoria wat veral op oorlogsproduksie toegespits was en waar swartes werksaam was, was onder meer Yskor, wat staal vir pantserkarre, patroondoppies, bomme, gewere en tenks vervaardig het, en die Munt, waar patroon- en slagdoppies vervaardig is. Anders as Johannesburg, het Pretoria nie veel van die trekarbeidstelsel gebruik gemaak nie — trekarbeid het beheerde arbeidsvloei behels en dit het in Pretoria ontbreek. Daarom kon swartes onbeheersd en ongerekruteerd na die nywerhede in die Pretoria-gebied gaan vir

---

*Transvaalse gebiede*, M.Sc.-verhandeling, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, 1955, pp. 14-15, 25, 28, 38; P.S. Hattingh & A.C. Horn, Pretoria, *in* A. Lemon (ed.), *Homes apart: South Africa's segregated cities*, p. 149; J.F. Eloff, *’n Volkekundige studie van aanpassing en ontwikkeling in die gesinslewe van die naturelle van Atteridgeville*, M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1952, pp. 78-79; B.W.B. Ball, *Planning for separate racial groups in Pretoria*, M.Sc. Dissertation, University of Pretoria, 1968, p. 35; J. Walker, & G.M. van der Waal (compilers), *A working history of Mamelodi*, p. 2; M. Malan, *The black community of Pretoria, 1923-1939*, M.A. Dissertation, University of Pretoria, 1996, pp. 39, 59-65, 87-89, 166-170; R.C. de Jong, “The need for a total removal”. An exploratory survey of the urbanisation of Africans in Pretoria, with particular emphasis on the townships that disappeared during this process, *Research by the National Cultural History Museum* 4, 1995, pp. 34-35, 61-68, 72.

152. Hier moet in aanmerking geneem word dat nie alle swart woon- en plakkersgebiede binne die grense van die Munisipaliteit van Pretoria geval het nie, maar deel van die plaaslike owerhede van Hercules (Lady Selborne), Silverton (Riverside, Eersterus) en Pretoria-Noord, en dus deel van die Pretoria-omgewing, uitgemaak het. Dit is die rede waarom bronne die getal swartes binne die Pretoria-omgewing verskillend weergee. In die Pretoria-omgewing het die getal swartes gedurende 1936 en 1946 van 45 000 tot 102 000, selfs 136 000 volgens sekere bronne, toegeneem, terwyl die getal binne die grense van die Munisipaliteit van Pretoria self gedurende 1936 en 1946 van 34 000 tot 53 000 (met 56% dus) toegeneem het.

153. J.P.C. Mostert, Die Tweede Wêreldoorlog: impetus vir versnelde swart verstedeliking in Suid-Afrika, *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 11(2), Augustus 1986, pp. 47-50, 54; I. Evans, *Bureaucracy and race. Native administration in South Africa*, p. 62; J.F. Eloff, *’n Volkekundige studie van aanpassing en ontwikkeling in die gesinslewe van die naturelle van Atteridgeville*, M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1952, pp. 78-79; P.S. Hattingh & A.C. Horn, Pretoria, *in* A. Lemon (ed.), *Homes apart: South Africa's segregated cities*, p. 148; M. Malan, *The black community of Pretoria, 1923-1939*, M.A. Dissertation, University of Pretoria, 1996, p. 152; E. Hellmann, & L. Abrahams (eds), *Handbook on race relations in South Africa*, p. 24; R.C. de Jong, “The need for a total removal”. An exploratory survey of the urbanisation of Africans in Pretoria, with particular emphasis on the townships that disappeared during this process, *Research by the National Cultural History Museum* 4, 1995, pp. 36-38.


© University of Pretoria

werk. ’n Verdere rede waarom swartes eerder na Pretoria as Johannesburg en Germiston verstedelik het, was geleë in die feit dat ’n meer leefbare bestaan in Pretoria gevoer kon word. Dit blyk uit ’n vergelyking van die voedselpryse in hierdie gebiede. Hiervolgens was voedselpryse gedurende 1939-1945 gemiddeld in ’n geringe mate laer in Pretoria as in die Johannesburg-gebied.[154]

Gedurende die Tweede Wêreldoorlog en in die jare daarna het Pretoria dus ’n swart stedelike bevolkingsontploffing ervaar met gepaardgaande tot-oorlopens-toe-oorvol swart stedelike munisipale woonbuurtes, eiendomsdorpe, plakkerskampe, sogenaamde “swart kolle” en “ongeordende pa[o]ndokke op enige beskikbare oop terrein”.[155] Die behuisingstoestande in hierdie gebiede word deur tydgenootlike bronne soos volg beskryf: “’n troostelose toneel van oorbevolking”, “’n krioelende menigte ... vasgedruk teen die hange van die Magaliesberg”, “intens bewoonde kerne”, “gruwelike agterbuurttoestande”[156] en “ghastly ... hovels”.[157] Watervoorsiening en sanitêre geriewe was skaars, verblyfstrukture is uit sinkplate, blikke en ou kartonhouers saamgeflans en kon net as krotte en die gebiede as ’n algehele gesondheidsgevaar en chaoties beskryf word.[158]

Kon die Pretoriase stedelike plaaslike owerheid daarin slaag om die slaggate van die verlede te vermy, en voor en tydens die komplekse en problematiese oorlogsjare daarin slaag om ’n gerieflike, geskikte, aangename en gesonde verblyf- en skuilingervaring vir ’n gedeelte van die toenemende getal swart stedelinge binne sy gebied in Atteridgeville te bewerkstellig? Die laaste twee hoofstukke van hierdie studie sal lig op hierdie vraag werp.

## 5. Struktuur van die studie

Hierdie navorsing oor “model native townships” in Suid-Afrika gedurende die eerste helfte van die 20ste eeu het ten doel om die “model”-aard van hierdie swart stedelike woonbuurtes ideologies-teoreties te konseptualiseer, te kontekstualiseer, te ondersoek en te evalueer. Dit behels met ander woorde die naspeur van hoe die universele behoefte aan en basiese mensereg op behuising van

154. J.P.C. Mostert, Die Tweede Wêreldoorlog: impetus vir versnelde swart verstedeliking in Suid-Afrika, *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 11(2), Augustus 1986, pp. 53-55; D. Oakes (ed.) *Reader’s Digest illustrated history of South Africa. The real story*, pp. 347, 348.
155. J. Moolman, Die vestiging van die Bantoe in Pretoria. Referaat gelewer tydens die Kongres van die Vereniging vir Aardrykskunde-Onderwys, p. 13.
156. J. Moolman, Die vestiging van die Bantoe in Pretoria. Referaat gelewer tydens die Kongres van die Vereniging vir Aardrykskunde-Onderwys, pp. 13, 14.
157. Anon, From the slums of Bantule to Saulsville, *Pretoriana* 25, December 1957, p. 27.
158. J. Moolman, Die vestiging van die Bantoe in Pretoria. Referaat gelewer tydens die Kongres van die Vereniging vir Aardrykskunde-Onderwys, pp. 13, 14, 17; Pretoria City Council, *Bantu residential areas in Pretoria*, p. 5; M.J. Louw, *’n Geografiese studie van funksionele differensiasie in die metropolitaanse gebied van Pretoria*, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Suid-Afrika, 1964, pp. 260-261.


© University of Pretoria

stedelike swartes, deur middel van hierdie woonbuurtes, op ’n “ideale” of “perfekte” manier aan voldoen is. Die situasie in die Pretoriase “model native township” van Atteridgeville word as gevallestudie gebruik om die praktiese neerslag van hierdie geïdealiseerde konsep te ontbloot en aan eietydse bestaande en histories-relevante nuutgeskepte modelkriteria te evalueer.

In opeenvolgende hoofstukke word ’n teoretiese en metodologiese begronding, en historiografiese oorsig (Hoofstuk II) en selektiewe literatuuroorsig van navorsing oor stedelike geskiedenis en hierdie spesifieke historiese stedelike verskynsel (Hoofstuk III) verskaf. Daarna word die internasionale en nasionale denkrigtings, ideologieë, kragte en tendense wat die Suid-Afrikaanse regeringsbeleid kon beïnvloed het en die konseptuele en kontekstuele grondslag onderlê het — onder meer moderniteit, die welsynstaat, en die sanitasie-sindroom, asook filantropie, paternalisme, segregasie en liberalisme — uiteengesit. Die rol wat spesifiek die denkrigting van paternalisme, soos vergestalt deur “liberale” blanke stadsraads- en regeringsamptenare, in die daarstelling van swart stedelike behuising en administrasie gespeel het, word ook in Hoofstuk IV aangedui. Hoofstuk V fokus op die beleids- en wetgewende grondslag wat swart stedelike behuising en die totstandkoming van swart stedelike woonbuurtes gedurende die eerste helfte van die 20ste eeu onderlê en bepaal het. Die invloed van internasionale behuisingsbeleidtendense en woonbuurtuitlegbeginsels gedurende die onderhawige tydperk en hoe dit in die Suid-Afrikaanse konteks neerslag gevind het, word dan in Hoofstuk VI uitgelig. Hier word spesifiek na die invloed wat die modernisme/moderniteit en die era van die sogenaamde “professional man” (mens) op stadsbeplanningstendense, woonbuurtuitleg en die hele gedagte rondom “model townships” gehad het, gekyk.[159] Atteridgeville as gevallestudie word in hierdie hoofstuk van nader beskou as die praktiese vergestalting van die teoretiese uitleg-, infrastruktuur- en behuisingskenmerke van die “model native township”. Hoofstuk VII besin aan die hand van tydgenootlike bestaande en histories-relevante nuutgeskepte evalueringskriteria ten slotte oor die model-aard van Suid-Afrikaanse “model native townships”[160] in die algemeen, en

159. Persoonlike inligting: Prof. M. Oranje, Departementshoof, Departement Stads- en Streeksbeplanning, Universiteit van Pretoria, 18 Maart 2004.

160. Hier sal baie oorsigtelik na ander “model native townships” in Suid-Afrika gedurende die eerste helfte van die 20ste eeu verwys word in

Bloemfontein: Die Batho swart woonbuurt in Bloemfontein wat deur Du Bruyn en Oelofse as ’n “model of South African township design” beskryf word. D. du Bruyn, The Batho heritage route, *Culna* 65, November 2010, p. 26; D. du Bruyn & M. Oelofse, “A hygienic native township shall be developed”: The founding and development of Batho as Bloemfontein’s “model location” (c.1918-1939) (*Historia* 64(2), November 2019); J.R. Cooper, The municipality of Bloemfontein: Native housing and accommodation (*South African Architectural Record* 28(6), 1943); D. du Bruyn, *Gardens, gardening culture and the development of a semi-vernacular garden style in Batho, Mangaung, 1918-1939* (DPhil. Thesis, University of the Free State, 2018).

Durban: Die verwysing na Lamontville in die publikasie van A.L. Torr, Lamontville, Durban’s “model village”. The realities of township life, 1934-1960 (*Journal of Natal and Zulu History* 10, 1987).

Johannesburg: Die verwysing na Alexandra in die publikasie van M. Sarakinsky, *From “freehold township” to “model township”. A political history of Alexandra, 1905-1983* (Johannesburg, 1984).

Port Elizabeth: Die behuising van stedelike swartes deur die Munisipaliteit van Port Elizabeth is gedurende die veertigerjare van die twintigste eeu allerweë as die “model” vir die res van Suid-Afrika voorgehou. Vergelyk hier die werke van Baines, Schauder, Holland, McNamee, en Begg. G.F. Baines, *A history of New Brighton, Port Elizabeth, South Africa, 1903-1953. The Detroit of the Union* (New York, 2002); G. Baines, The politics of welfare. The



© University of Pretoria

Atteridgeville[161] in die besonder. Die besinning oor Atteridgeville kan nie net op die fisiese strukture en woonbuurtuitleg fokus nie. Die persepsies, emosies en belewinge van die swart inwoners van Atteridgeville van hulle lewensruimte, met ander woorde die lewenskwaliteit van die swart inwoners van 'n "model native township", behoort in ag geneem, en waar moontlik nagevors, ondersoek en weergegee word. Indien dit nie in ag geneem word nie, mag eietydse bronne bloot die weergawes van die indoktrinerende en segregasionistiese beleidspropagandamasjien aantoon. Hierdie aspek sal egter slegs baie beperkte aandag geniet, onder meer weens die omvang en fokus van die navorsing; die tydsverloop sedert die oprigting van Atteridgeville; en onvolledige argiefdokumentasie van die *Native Advisory Board* van die Stadsraad van Pretoria vir die betrokke tydperk.

---

provision of housing and services in New Brighton, Port Elizabeth, c. 1920-1944 (*Kronos* 22, 1995); A. Schauder, A social and housing policy for the urban Bantu. Being an address delivered to the Annual Congress of Native Advisory Boards of the Union of South Africa, at Port Elizabeth, December 1949, with supplementary technical data furnished by City Engineer, Port Elizabeth (Port Elizabeth, 1949); A. Schauder, Generous housing for South Africa's natives (*Optima* 3(4), December 1953); A. Schauder, Generous housing for South Africa's natives (*Lantern*, April 1954); A. Schauder, Eliminating South Africa's native slums (*Optima* 6(4), 1956); E.M. Holland, An experiment in slum clearance (*Race Relations* 7(4), November 1940); J.P. McNamee, Slum elimination pays handsome dividends. Some experiences in Port Elizabeth (*Municipal Magazine* 23, January 1940); G. Begg, The municipality of the city of Port Elizabeth: The design of dwellings and layout of townships for sub-economic housing (*South African Architectural Record*, July1943).

Springs: Die bespreking van die "Kwa-Thema Native Model Township", opgerig deur die Springs Munisipaliteit, in die navorsing van A.C. Steenkamp, *Space, power and the body — the civil and uncivil as represented in the Voortrekker Monument and the Native Township Model*, PhD. Thesis, Technical University of Delft, 2008, pp. 146-155.

161. Die beskrywing van Atteridgeville in onder meer die volgende bronne het betrekking:
City Council of Pretoria, Atteridgeville — a model township near Pretoria *(South African Architectural Record*, July1943); M. Stals, *Fragmentation & unity. The search for the design of a 'model township'. The case of Atteridgeville, Pretoria* (M.Sc. Dissertation, Katholieke Universiteit Leuven, 1998).


© University of Pretoria

## II TEORETIESE, METODOLOGIESE EN BRONNEBEGRONDING

Die historikus is 'n persoon met "bepaalde metodologiese vaardighede en deur-ondersoek-verworwe kennis".[1] Die historikus stel die verledegebeure aan die orde deur die historiese navorsingsmetode en -proses te volg. Hierdie metode en proses behels die opspoor van bronnemateriaal; indringende vraagstelling aan die bronnemateriaal; en die dekonstruksie, konstruksie, rekonstruksie en ontleding van die verskillende weergawes van die verledegebeure. Dit geskied aan die hand van die historikus se eiesoortige epistemologie, oftewel teoretiese, metodologiese en kennisbegronding, -begrensing en -geldigheid.

Wanneer na die historiese navorsingsmetode en -proses verwys word, word dus daarmee bedoel die vaardighede, gereedskap of tegnieke wat die historikus gebruik, tesame met die metodologie of teoretiese beginsels en prosedures wat die vaardighede, gereedskap of tegnieke onderlê. Met ander woorde, *historiese* metodologie verwys na hoe *historici* hulle navorsingsonderwerp op 'n eiesoortige manier ondersoek en konstrueer, op grond waarvan geskiedenis dan van ander dissiplines onderskei kan word.[2] Vanweë die omvangryke aard en veelheid van nagevorsde historiese onderwerpe is dit egter onmoontlik om die historiese metode en metodologie presies te omskryf en te begrens. Baie historici het die daarstel van 'n bewuste en self-ondersoekende historiese metodologie ook as onnodig beskou. Christopher Saunders verklaar hierdie uitgangspunt soos volg: "because method has been associated with straight-forward common-sense and seen as something acquired through practising the craft of history, almost as if by osmosis".[3]

Voeg daarby die invloed van postmodernistiese bevraagtekening, beredenering, herberedenering en betwyfeling en die 21ste-eeuse historikus word omgewe met toenemende teoretiese en metodiese verwarring en 'n gebrek aan metodologiese dimensie, oriëntasie, duidelikheid en nougesetheid.[4] Hierdie stand van sake noodsaak juis klarigheid omtrent en 'n bewuste omgaan met die historiese metode en metodologie, want

> [m]ethods matter because the way we study a phenomenon shapes (or may [or may not] even determine) the knowledge we derive of it[5]; en
> what we [do or don't] find out about an aspect of the past is profoundly shaped by the methods we use [or do not use] to investigate it.[6]

1. J.W.N. Tempelhoff, *Verhuidiglikte verlede — aspekte van die hermeneutiese verstaanmetode in geskiedenis*, p. 11.
2. S. Gunn & L. Faire, Introduction: Why bother with method?, *in* S. Gunn. & L. Faire (eds), *Research methods for history*, p. 1.
3. C. Saunders, *Writing history. South Africa's urban past and other essays*, p. 6.
4. S. Gunn & L. Faire, Introduction: Why bother with method?, *in* S. Gunn. & L. Faire (eds), *Research methods for history*, pp. 2-4; P. Zagorin, History, the referent, and narrative: Reflections on postmodernism now, *History and Theory* 38(1), February 1999, p. 11.
5. S. Gunn & L. Faire, Introduction: Why bother with method?, *in* S. Gunn. & L. Faire (eds), *Research methods for history*, p. 4.
6. S. Gunn & L. Faire, Introduction: Why bother with method?, *in* S. Gunn. & L. Faire (eds), *Research methods for history*, p. 6.



© University of Pretoria

In hierdie sin omvat *metode* alles van die formulering van die navorsingshipotese tot die ordening van die studie, die bronneseleksie, en die manier waarop bronne ontleed word. Metode behels nie net tegniek of werkswyse nie, maar veral, volgens die Britse sosiale historikus Edward P. Thompson, '"the way the whole problem is seen"',[7] asook watter teorieë en konsepte aangewend gaan word en watter bronne op watter wyse benut gaan word. Dit volg dan ook vanselfsprekend dat daar nie net een moontlike benaderings- of metodologiese navorsingsproses kan wees nie. Die historikus moet voortdurend bewus wees van en op soek wees na verbeeldingryker, meer ondersoekende en nougesette maniere om die verlede na te vors. Die enigste vereiste is dat die historikus in staat moet wees om sy/haar gekose metode of navorsingsproses te verdedig, te regverdig en te verklaar waarom 'n bepaalde benadering gevolg is en waarom bepaalde vrae aan die bewysmateriaal gevra is. Die historiese metode behels voorts die proses — die oorbrugging — tussen teorie en bronne. Dit verbind dus die onderskeie dele van die historiese navorsingsproses en verleen regverdigbaarheid en verantwoordbaarheid daaraan.[8]

Die wyse waarop 'n historikus met die inligting oor die verlede omgaan, hoe die historikus daaroor dink en die gebeure interpreteer, word bewustelik en onbewustelik deur verskeie faktore beïnvloed. Die verskillende metodologiese en teoretiese interpretasie- en ontledingbenaderings in die geskiedskrywing; die invloed van 'n multidissiplinêre benadering en verryking; die historikus se eie verwysingsraamwerk, vooroordele, subjektiwiteit, standpunte, perspektiewe en ideologiese uitgangspunte; die wyse waarop die gebeure hulleself deur dokumentasie aan die historikus blootlê of swyg; én die huidige tydsgees sal noodwendig die opspoor en interpretasie van historiese feite rig en beïnvloed. 'n Bewussyn en kennis van en begrip vir die verskillende benaderingswyses en metodologieë in die bestudering van die verlede sal dus die historikus in staat stel om krities en bedag met die onderskeie benaderingswyses se interpretasies om te gaan.

In hierdie hoofstuk word daar 'n teoretiese en metodologiese begronding vir navorsing oor swart stedelike woonbuurtes en behuisingsverskaffing in Suid-Afrika verskaf. Allereers word duidelikheid verkry of hier van stedelike, behuisings- sosiale, plaaslike en/of streeksgeskiedenis sprake is, en of daar tussen hierdie, dikwels kunsmatige, geskiedskrywingskompartemente en hulle onderskeie invalshoeke heen beweeg behoort te word. Die waarde van 'n interdissiplinêre benadering[9] en die gebruik van bronne uit aanverwante wetenskappe word voorts regverdig. Die voordele van die gebruikmaking van 'n klasse-

---

7. S. Gunn & L. Faire, Introduction: Why bother with method?, *in* S. Gunn. & L. Faire (eds), *Research methods for history*, p. 4.
8. S. Gunn & L. Faire, Introduction: Why bother with method?, *in* S. Gunn. & L. Faire (eds), *Research methods for history*, pp. 4, 8; C. Saunders, *Writing history. South Africa's urban past and other essays*, p. 5.
9. 'n Interdissiplinêre benadering of navorsing verwys na navorsing waar elke dissiplinespesialis binne sy/haar eie dissipline bly en daarop fokus, en op grond van die eie spesialisdissipline se konseptuele en metodologiese raamwerk 'n kennis- en insigbydrae lewer tot 'n navorsingsonderwerp wat tradisionele dissiplinegrense deurbreek en oorskry.
R.J. Lawrence, Methodologies in contemporary housing research: A critical review, *in* D.U. Vestbro *et al.* (eds), *Methodologies in housing research*, p. 11.


© University of Pretoria

én rasse-ontledings- en verklaringsmodel word aangeraak, sowel as die noodsaaklikheid van postmodernistiese bevraagtekening van algemeen-aanvaarde verduidelikings. Die nut van historiese vergelykings- en evalueringsmetodes, en die waarde van 'n gebalanseerde en genuanseerde benadering word laastens aangetoon. Die wese van historiese navorsing — die "verstaan" van die verledegebeure met inagneming van die kompleksiteit, ineengeskakeld- en verwikkeldheid, oorsaaklikheid, waarskynlikhede en verandering oor tyd heen; die kritiese omgaan met bronnemateriaal; en die noodsaak van kontekstualisering en konseptualisering vir historiese insig en begrip — skemer deurgaans in die hieropvolgende bespreking deur.

## 1. Stedelike, behuisings-, sosiale, plaaslike en/of streeksgeskiedenis?

Binne die breë, omvattende en pluriforme studieveld van die geskiedenis, kan daar verskeie tradisionele kategorieë van of subdissiplines binne geskiedenis onderskei word. Die algemeenste tradisionele geskiedskrywingklassifikasies, hoewel nie waterdigte skeidings nie, was en is die onderskeid tussen politieke, sosiale, ekonomiese en kultuurgeskiedenis. *Stedelike geskiedenis* pas nie gemaklik in enige van die tradisionele klassifikasies nie.[10] Die "klassifikasie" stedelike geskiedenis of stedelike studies ("urban studies") is al breedweg, en ietwat onbevredigend, beskryf as sosiaal-wetenskaplike navorsing wie se navorsingsfokus stedelike gebiede is of instellings wat in stedelike gebiede geleë is.[11]

Stedelike geskiedenis omvat aspekte van die meeste van die tradisionele geskiedenisse. In bronne, metodiek en benaderingswyses steun stedelike geskiedenis swaar op die sosiaal-wetenskaplikes wat die stad dikwels voor die historikus bestudeer het. Dit is juis die omarming van die verskeidenheid van bronne en metodes wat aan stedelike geskiedenis sy eie plek en bestaansreg binne die geskiedskrywing verleen.[12]

Jim Dyos, bekend as die "vader" van moderne stedelike geskiedenis, het erken dat "the city was so vast a phenomenon that urban history could not afford to be an exclusive preserve, but must provide a forum, a 'central place', where scholars from many subjects and an unusually large variety of disciplines,

10. L.W.F. Grundlingh, *Stedelike geskiedenis: hoe maak 'n mens 'n nuwe kultivar vir 'n ou vat?* Professorale intreerede, Randse Afrikaanse Universiteit, 29 September 2004, p. 3; F.A. van Jaarsveld, *Moderne geskiedskrywing: opstelle oor 'n nuwe benadering tot geskiedenis*, p. 1; V. Bickford-Smith, Writing and teaching urban history in Africa in the twenty-first century. Reports on colloquium sessions, *South African Historical Journal* 50, 2004, p. 241; V. Bickford-Smith, Introduction: The case for studying cities and nationalisms, *Journal of Urban History: Special Issue on Cities and Nationalisms* 38(5), 2012, p. 856; C. Saunders, *Writing history. South Africa's urban past and other essays*, p. 11.
11. H. Sapire & J. Beall, Introduction: Urban change and urban studies in Southern Africa, *Journal of Southern African Studies* 21(1), March 1995, p. 5.
12. E.J. Carruthers, Some problems in the writing of contemporary urban history, *Kleio* 14(1&2), 1982, pp. 82, 87; R. Mohl, The new urban history and its alternatives, *Urban History Yearbook*, 1983, p. 19.


© University of Pretoria

interests and tendencies[13] could converge and converse".[14] Hy het stedelike geskiedenis voorts beskou as 'n "'big tent' — by which [is] meant that it was filled with methodological diversity and scholarly pluralism";[15] en ook as 'n "'broad church' to which representatives of a variety of disciplines could contribute in creating a rounded portrayal of the urban experience".[16] Daarom het hy en vele ander stedelike historici stedelike geskiedenis nie as 'n aparte (sub)dissipline gesien nie, "but rather as a strategy for illuminating historical understanding in a way especially apposite for modern complex societies";[17] en "to afford a *perspective* on [and understanding of] the predicaments of the urban present".[18]

Tog moet dit duidelik gestel word dat geskiedenis nie as "stedelike" geskiedenis beskou kan word bloot net omdat die stad die ruimte is waarbinne die verledegebeure afspeel nie. "Stedelike" geskiedenis moet dus meer as die ruimtelike en geografiese grense van die stad omvat en ook 'n bepaalde teoretiese konseptualisering ten grondslag hê om as "stedelike" geskiedenis beskou te word en om van ander geskiedenisse, soos ekonomiese en kultuurgeskiedenis, onderskei te kan word.[19] Stedelike geskiedenis moet "'n spesifieke stedelike dimensie en ervaring … weerspieël".[20]

Dit blyk egter dat daar heelwat konseptuele verwarring oor die begrip "stedelike" en wat onder die begrip self en die verskillende onderdele van die begrip verstaan word, bestaan. Volgens Dyos moet daar by die "stedelike" historikus 'n toewyding aan die stad as geheel en as 'n gefokusde studieveld wees. Die algemene deurlopende historiese "prosesse" wat die stedelike ruimtes/"plek" daargestel en ontwikkel het, moet ondersoek, verduidelik en oor tyd heen vergelyk word. Daar moet egter nie net op die prosesse gefokus word nie, maar ook op die "produkte"/"urban fabric"[21] van die stedelike prosesse, naamlik die konsentrasie van fisiese strukture en van mense binne die stedelike ruimte.[22] Beide die "urban

---

13. D. Fraser & A. Sutcliffe, Introduction, *in* D. Fraser & A. Sutcliffe (eds), *The pursuit of urban history*, p. ix.
Kyk ook A. Sutcliffe, Urban history in the eighties. Reflections on the H.J. Dyos memorial conference, *Journal of Urban History* 10, 1984, p. 124.
14. D. Cannadine, How does it work? The city in history, *Encounter* 61(4), 1983, p. 45.
15. R. Mohl, The new urban history and its alternatives, *Urban History Yearbook*, 1983, p. 26.
16. A. Sutcliffe, Urban history in the eighties. Reflections on the H.J. Dyos memorial conference, *Journal of Urban History* 10, 1984, p. 130.
17. D. Fraser & A. Sutcliffe, Introduction, *in* D. Fraser & A. Sutcliffe (eds), *The pursuit of urban history*, p. xi.
Kyk ook H. J. Dyos (ed.), *The study of urban history*, p. 344.
18. D. Reeder, Introduction. H.J. Dyos and the urban process, *in* D. Cannadine & D. Reeder (eds), *Exploring the urban past: Essays in urban history by H.J. Dyos*, p. xiv.
Beklemtoning deur Reeder.
Kyk ook D. Cannadine, Conclusion. Urban history in the United Kingdom: The 'Dyos phenomenon' and after, *in* D. Cannadine & D. Reeder (eds), *Exploring the urban past: Essays in urban history by H.J. Dyos*, p. 214.
19. T. Hershberg, The new urban history: Toward an interdisciplinary history of the city, *Journal of Urban History* 5(1), November 1978, p. 3; E.J. Carruthers, Some problems in the writing of contemporary urban history, *Kleio* 14(1&2), 1982, pp. 81-82; C. Saunders, *Writing history. South Africa's urban past and other essays*, p. 4; P. Lambert & P. Schofield, Introduction, *in* P. Lambert & P. Schofield (eds), *Making history. An introduction to the history and practices of a discipline*, p. 1.
20. L.W.F. Grundlingh, *Stedelike geskiedenis: hoe maak 'n mens 'n nuwe kultivar vir 'n ou vat?* Professorale intreerede, Randse Afrikaanse Universiteit, 29 September 2004, p. 2.
21. D. Cannadine, Conclusion. Urban history in the United Kingdom: The 'Dyos phenomenon' and after, *in* D. Cannadine & D. Reeder (eds), *Exploring the urban past: Essays in urban history by H.J. Dyos*, p. 216.
22. D. Reeder, Introduction. H.J. Dyos and the urban process, *in* D. Cannadine & D. Reeder (eds), *Exploring the urban past: Essays*


© University of Pretoria

containers"/"the generations of buildings" en hulle "urban contents"/"the generations of men[/women/humans]"[23] en die wisselwerking tussen hierdie "produkte" — tussen stedelike ruimtes en stedelike bewoners — moet sover moontlik op 'n verbeeldingryke en empatiese manier bestudeer word.[24]

Historici wat hulle met die Amerikaanse "New Urban History" vereenselwig het, het ook gepoog om die "stedelike" dimensie van stedelike geskiedenis te verwoord. Eric Lampard het die bestudering van die stad binne die konseptuele raamwerk van 'n "societal process" voorgestaan. Hiervolgens moet interafhanklike stedelike elemente soos bevolking, demografie, topografie, ekonomie, maatskaplike samestelling en ordening, politieke en administratiewe prosesse, gemeenskapsleierskap, die visuele, en die ervaringe en reaksie van die gemeenskap op hulle stedelike omgewing in samehang binne 'n spesifieke stad ondersoek word.[25] In aansluiting hierby het Roy Lubove die "city-building process" as konseptuele raamwerk voorgehou waarbinne besluitneming, maatskaplike samestelling, die ontstaan, ordening en verandering van 'n bepaalde stedelike omgewing, en die menslike reaksie op hierdie prosesse oor tyd heen bestudeer behoort te word. Die verhoudinge en verwantskappe tussen mense, owerhede en stedelike omgewing kan sodoende duideliker omskryf word.[26] Volgens hom moes die stad as 'n artefak of 'n "physical container" beskou word:

> This physical container of environment consists of a structure (the spatial organization of key functional areas and essential service facilities … in response to certain fundamental living needs and activities of human society) and a form (the visually perceptive features of the city which this structure produces, both the two-dimensional and three-dimensional forms created by surface, spaces, structures and circulatory systems in a defined natural setting).[27]

Onder "physical container" kan natuurlik die behuisingseenheid en die woonbuurt, die basiese boublokke van die fisiese en sosiale stedelike omgewing, verstaan word. Die verhouding tussen die "inhoud" (mense) van hierdie "houer" en die "houer" self moet ook bestudeer word, omdat hierdie twee aspekte mekaar ten diepste bepaal en beïnvloed.[28]

---

*in urban history by H.J. Dyos*, pp. xv, xix; D. Cannadine, Conclusion. Urban history in the United Kingdom: The 'Dyos phenomenon' and after, *in* D. Cannadine & D. Reeder (eds), *Exploring the urban past: Essays in urban history by H.J. Dyos*, pp. 208, 210-212, 214, 216-217, 221.

23. H.J. Dyos, Some historical reflections on the quality of urban life, *in* D. Cannadine & D. Reeder (eds), *Exploring the urban past: Essays in urban history by H.J. Dyos*, p. 58; D. Cannadine, Conclusion. Urban history in the United Kingdom: The 'Dyos phenomenon' and after, *in* D. Cannadine & D. Reeder (eds), *Exploring the urban past: Essays in urban history by H.J. Dyos*, p. 212.
24. D. Cannadine, Conclusion. Urban history in the United Kingdom: The 'Dyos phenomenon' and after, *in* D. Cannadine & D. Reeder (eds), *Exploring the urban past: Essays in urban history by H.J. Dyos*, p. 212.
25. R. Mohl, The new urban history and its alternatives, *Urban History Yearbook*, 1983, p. 20; T. Hershberg, The new urban history: Towards an interdisciplinary history of the city, *Journal of Urban History* 5, 1978, p. 7; M.W. Swanson, Reflections on the urban history of South Africa: Some problems and possibilities, *African Urban Notes*, 1969, p. 31.
26. R. Mohl, The new urban history and its alternatives, *Urban History Yearbook*, 1983, p. 20; T. Hershberg, The new urban history: Towards an interdisciplinary history of the city, *Journal of Urban History* 5, 1978, p. 7; M.W. Swanson, Reflections on the urban history of South Africa: Some problems and possibilities, *African Urban Notes*, 1969, p. 32.
27. R. Lubove, The urbanization process: An approach to historical research, *Journal of the American Institute of Planners* 33, January 1965, p. 33.
28. T. Hershberg, The new urban history: Towards an interdisciplinary history of the city, *Journal of Urban History* 5, 1978, pp.



© University of Pretoria

Sam B. Warner het op sy beurt gemaan dat die fokus van stedelike geskiedenis op die ruimtelike verspreiding van bevolkings, op instellings, aktiwiteite en artefakte (geboue?) moet wees, aangesien hierdie aspekte die basiese elemente vorm in alle menslike gemeenskappe wat oor tyd heen aanhoudend in verhouding tot mekaar ontwikkel en verander.[29]

Dit was veral die Amerikaner Theodore Hershberg wat op konseptuele vlak moontlik die waardevolste bydrae gelewer het. Hy tref 'n onderskeid tussen "urban as site"/"history in the city" of "stad as plek"/ "geskiedenis in die stad" en "urban as process"/"history of the city" of "stad as proses"/"geskiedenis van die stad".[30] Onder "site" verstaan hy die konseptuele behandeling van die stad as 'n afhanklike veranderlike. Die stad is bloot net die passiewe ruimte of agtergrond waarbinne die verledegebeure wat die hooffokus van die navorsing is, afspeel. Onder "process" verstaan hy die konseptuele raamwerk waar die stad die onafhanklike veranderlike is. Die stad maak 'n integrale en dinamiese deel van die historiese gebeure uit en tree aktief met ander politieke, sosiale, ekonomiese, rasse/etniese/geslags-, arbeids- en visuele strukture, meganismes, omgewings, prosesse en organisasies, en die bewoners van die stad en hulle optredes en ervaringe, in wisselwerking en in interaksie.[31] Laasgenoemde kan as die "organiese benadering" tot die stedelike ruimte binne die verledegebeure beskou word, waar die "siel", "gees", "karakter" en "persoonlikheid" van die stedelike ruimte (en hoe dit deur die inwoners, die mense, gevorm is) en van die inwoners daarvan self ook uitgebeeld word.[32]

Plaaslik beskou Saunders die "stad" as

> the proper subject of the urban historian … [i]t does not mean that the city as a whole must … be the central focus … [b]ut the topic under examination must be considered within the context of the city as a whole … whatever unit of analysis is chosen, urban historians should always have the city as a whole in mind and should see their particular unit … in relation to the city of which it is part.[33]

Die klem op die bestudering van die stad as geheel is deels sinvol, aangesien byvoorbeeld baie stedelike beplanningbeleidsrigtings vir die stad as geheel gegeld het en begrip vir die onderdele nie

---

12-13, 15, 17.

29. R. Mohl, The new urban history and its alternatives, *Urban History Yearbook*, 1983, pp. 19, 21.
30. T. Hershberg, The new urban history: Toward an interdisciplinary history of the city, *Journal of Urban History* 5(1), November 1978, pp. 4, 16; V. Bickford-Smith, Urban history in the new South Africa: Continuity and innovation since the end of apartheid, *Urban history* 35(2), 2008, p. 298.
31. D. Fraser & A. Sutcliffe, Introduction, *in* D. Fraser & A. Sutcliffe (eds), *The pursuit of urban history*, pp. xxi; T. Hershberg, The future of urban history, *in* D. Fraser & A. Sutcliffe (eds), *The pursuit of urban history*, pp 433-438; L.W.F. Grundlingh, *Stedelike geskiedenis: hoe maak 'n mens 'n nuwe kultivar vir 'n ou vat?* Professorale intreerede, Randse Afrikaanse Universiteit, 29 September 2004, p. 10; J.L. Arnold, Architectural history and urban history, *Journal of Urban History* 17(1), 1990, p. 72; R. Mohl, The new urban history and its alternatives, *Urban History Yearbook*, 1983, p. 21; T. Hershberg, The new urban history: Towards an interdisciplinary history of the city, *Journal of Urban History* 5, 1978, pp. 4-9, 25, 33.
32. H.J. Dyos (ed.), *The study of urban history*, p. 58; E.J. Carruthers, Some problems in the writing of contemporary urban history, *Kleio* 14(1&2), 1982, pp. 81-82; D. Fraser & A. Sutcliffe, Introduction, *in* D. Fraser & A. Sutcliffe (eds), *The pursuit of urban history*, p. xxi; L.W.F. Grundlingh, *Stedelike geskiedenis: hoe maak 'n mens 'n nuwe kultivar vir 'n ou vat?* Professorale intreerede, Randse Afrikaanse Universiteit, 29 September 2004, p. 1; P. Smit, Historiese grondslae van swart verstedeliking in Suid-Afrika, *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal* 19, November 1987, p. 28.
33. C. Saunders, *Writing history. South Africa's urban past and other essays*, p. 20.



© University of Pretoria

sonder die geheel en die onderlinge verwantskappe daartussen ten volle verkry kan word nie. Tog moet binne die segregasionistiese eerste helfte van die twintigste eeu andersins veral ook gefokus word op die dele van die geheel ("the parts of the whole"), omdat swart woonbuurtes fisies en ideologies as aparte ("the parts *apart* of the whole") dele/eenhede van die geheel beskou is.[34]

Paul Maylam onderskei tussen historiese studies wat fokus op "history-in-the-city" of op "history-of-the-city"/"the urban".[35] In laasgenoemde geval val die klem op die "plek" of in die woorde van Bill Freund op die "specificity of place",[36] die geografiese stedelike ruimte wat dan sentraal in die studie staan en wat die studie dan binne die kader van stedelike geskiedenis laat val.[37] Dit gaan dan onder meer oor die ontleding van 'n spesifieke stad se funksies en die bestudering van ekonomiese, sosiale, regerings-, ruimtelike en visuele temas relevant tot die betrokke stad en sy inwoners. Die stad self word ook binne die konteks van industrialiserings- en verstedelikingsprosesse geplaas en in verband gebring met ander stede en hulle inwoners wat ooreenstemming of verskille met die betrokke stad toon. So 'n benadering verruim die engheid van 'n plaaslik- en spesifiek-gefokusde stedelike studie en voorkom dat begrip vir groter nasionale en internasionale tendense en prosesse ontbreek. So word daar dan binne die groter stedelike prosesse en die meer spesifieke stedelike ervaring aandag aan sowel die onpersoonlike strukture as die menslike inwoners daarvan en die wisselwerking en verwantskappe tussen hulle gegee.[38]

Saunders, Mabin en die stedelike geograaf Susan Parnell bepleit 'n verdere konseptuele raamwerk by die bestudering van Suid-Afrikaanse stedelike geskiedenis, veral gedurende die eerste helfte van die twintigste eeu. Hiervolgens is dit van kardinale belang om na te gaan watter denkwyses en paradigmas onderliggend aan stedelike administrateurs en hulle optredes in die daarstelling en bestuur van stedelike ruimtes en die bou-omgewing, die struktuur van die stad, was. Met ander woorde, die rol van die staat in al sy fasette en onderafdelings moet ook ondersoek en ontleed word. Die fokus is dus dan op 'n benadering-van-bo — vanuit die perspektief van diegene aan die stuur van sake — wat aandag skenk aan stedelike groei, beplanning, ontwerp en stedelike bestuur en die kragte en ideologieë wat hierdie prosesse beïnvloed het. So 'n benadering behoort die rol wat ras in die

---

34. C. Saunders, *Writing history. South Africa's urban past and other essays*, p. 21. Beklemtoning deur myself.
35. V. Bickford-Smith, Writing and teaching urban history in Africa in the twenty-first century. Reports on colloquium sessions, *South African Historical Journal* 50, 2004, pp. 242, 242; H. Sapire & J. Beall, Introduction: Urban change and urban studies in Southern Africa, *Journal of Southern African Studies* 21(1), March 1995, p. 7.
36. B. Freund, Urban history in South Africa, *South African Historical Journal* 52, 2005, p. 19.
37. V. Bickford-Smith, South African urban history, racial segregation and the unique case of Cape Town?, *Journal of Southern African Studies* 21(1), March 1995, p. 63.
38. V. Bickford-Smith, South African urban history, racial segregation and the unique case of Cape Town?, *Journal of Southern African Studies* 21(1), March 1995, p. 64; H. Sapire & J. Beall, Introduction: Urban change and urban studies in Southern Africa, *Journal of Southern African Studies* 21(1), March 1995, pp. 7, 17; P. Maylam, Explaining the apartheid city: 20 years of South African urban historiography, *Journal of Southern African Studies* 21(1), March 1995, pp. 20-21; C. Saunders, *Writing history. South Africa's urban past and other essays*, pp. 27-28.


© University of Pretoria

daarstelling van stedelike ruimtes gespeel het binne 'n breër internasionale verklaringsparadigma te plaas en te relativeer, naamlik dié van algemene stedelike beleid, ontwikkeling en stadsbeplanning. Vanuit hierdie invalshoek kan die verskillende nuanses in die verhouding tussen nasionale, provinsiale en plaaslike of munisipale owerhede ook aan die lig kom en hoe dit die stedelike ruimte en alle stedelike inwoners oor tyd heen geraak en hulle leefervaring beïnvloed het. Dit is ook belangrik om die rol wat die gewone stedelinge — die bewoners van die stedelike strukture — in die daarstelling van die stedelike ruimte gespeel het, in ag te neem. In hulle samewerking met of in hulle verset teen owerheidsmaatreëls het stedelike inwoners ook die owerheidsprosesse en die voortspruitende stedelike strukture help vorm.[39]

Hierdie studie oor swart stedelike woonbuurtes en dan veral die daarstelling van swart stedelike behuising, val ook binne die kader van *navorsing oor behuising*, of meer korrek navorsing oor historiese swart stedelike behuising. Navorsing oor behuising maak deel uit van vele dissiplines (dus multidissiplinêre navorsing), elkeen met sy eiesoortige fokus en metodologie. Nogtans is daar raakpunte en fundamentele grondbeginsels wat by navorsing oor behuising in ag geneem moet word. Drie geografiese komponente behoort deel uit te maak van navorsing oor behuising: eerstens die residensiële gebou (met een of meer behuisingseenhede); tweedens die ligging of terrein; en derdens die residensiële buurt of omgewing.[40] Navorsing oor behuising behoort ook die twee komponente van behuising, naamlik behuising as "produk" en behuising as "proses" in ag te neem. Behuising as produk verwys na die verskeidenheid behuisingstrukture, van die individuele of enkele behuisingseenheid of gebou tot die behuisingsverskaffing in 'n woonbuurt of stad. Behuising as proses verwys na die verskaffing en instandhouding van alle soorte behuisingstrukture, hetsy deur openbare owerhede of privaatinisiatiewe. Deur beide hierdie behuisingskomponente tydens navorsing oor behuising in swart stedelike woonbuurtes in ag te neem, stel dit die historikus in staat om die veelheid van samehange, verwantskappe en verhoudinge tussen behuisingstoestande en -strukture (produk) en die menslike aktiwiteite (proses) in die daarstelling daarvan binne 'n bepaalde gebied (Atteridgeville/Pretoria/Suid-Afrika) in ag te neem.[41]

Alhoewel navorsing oor geboue merendeels deur argitekte, kunshistorici en kulturele geograwe onderneem word, kan hulle navorsingresultate vir historici, veral diegene wat hulle met stedelike ruimtes bemoei, relevant en onontbeerlik wees. Stedelike ruimtes bestaan uit geboue, hoe basies en

39. C. Saunders, *Writing history. South Africa's urban past and other essays*, pp. 25-27, 31, 34; S. Parnell & A. Mabin, Rethinking urban South Africa, *Journal of Southern African Studies* 21(1), March 1995, pp. 39, 42-43, 45-49, 51-53, 59-61.
40. R.J. Lawrence, Methodologies in contemporary housing research: A critical review, *in* D.U. Vestbro *et al.* (eds), *Methodologies in housing research*, pp. 1, 3-6.
41. R.J. Lawrence, Methodologies in contemporary housing research: A critical review, *in* D.U. Vestbro *et al.* (eds), *Methodologies in housing research*, p. 2.


© University of Pretoria

tydelik hierdie vorme van skuiling ook mag wees. Sonder geboue, "the urban physical plant"[42] of "the urban habitat"[43] kan stedelike ruimtes nie bestaan nie en sonder begrip vir geboue ontbreek begrip vir stedelike ruimtes en die menslike belewing daarvan.[44] Margaret Carter beklemtoon dit só:

> Is man, then, so divorced from these structures that historians — the students of recorded man — can afford to ignore them as irrelevant or treat them as minor, peripheral entities? When men[*sic*] establish and develop their cities, they build buildings. They live in buildings every day of their lives; they expand their cities, fulfil civic needs, and recogni[s]e personal aspirations by building buildings. Buildings should be central to the study of urban history.[45]

Veral in die toenemende visueel-gesofistikeerde een-en-twintigste-eeu is visuele gewaarwording en persepsies van die verlede toenemend van belang om groter begrip vir die wyse waarop die stedelike landskap gevorm is, te verkry. Dit sal die historikus onteenseglik baat om sy/haar fokus na die visuele te verskuif. Navorsing oor geboue en geboue-ontwerp kan 'n visuele deur open tot begrip vir die rol wat sosiale, ekonomiese, politieke en kulturele kragte in die daarstelling van geboue en van die stad, as 'n komplekse menslike instelling, gespeel het.[46] Die historikus moet bewus wees van veral die visuele aard en waarde van geboue as bewysmateriaal en bron in die bestudering van stedelike ruimtes en in die verryking en aanvulling van die bewysmateriaal. Hierdie bewysmateriaal verwys na elf verskillende aspekte van geboue se historiese rekords: die geboue se eienaars; die bewoners van die geboue; die funksie of gebruik van die geboue; die uitleg van die interieur; die verhouding tussen die geboue en die persele waarop dit gebou is; die verhouding tussen die geboue en die stedelike gebied waarbinne die geboue geleë is; die konstruksiedatums; wanneer en watter aanbouings of uitbreidings gedoen is; die boumateriaal wat in die konstruksie gebruik is (die oorsprong, kenmerke, vereistes en toepassings van die boumateriaal); die persone betrokke by die oprigting (argitekte, bouers en vakmanne); en die ontwerp (styl en versiering). Gekontekstualiseerde, geïntegreerde, geïnterpreteerde en visuele inligting oor geboue kan inderdaad waardevolle insigte en perspektiewe by die bestudering van geboue binne stedelike ruimtes en hoe dit die bewoners van sodanige geboue beïnvloed het, verskaf.[47]

In stedelike geskiedenis staan dus nie net die "mense" van die stedelike ruimte sentraal nie, of soos Marc Bloch verklaar het "the study of man is the central theme of history"[48] nie, en ook nie net die "plek of

42. J.L. Arnold, Architectural history and urban history, *Journal of Urban History* 17(1), 1990, p. 70.
43. A. Sutcliffe, Urban history in the eighties. Reflections on the H.J. Dyos memorial conference, *Journal of Urban History* 10, 1984, p. 137.
44. M. Carter, Cities and buildings: Perspectives on architecture and its place in urban history, *Urban History Review* 14, 1986, pp. 267-269.
45. M. Carter, Cities and buildings: Perspectives on architecture and its place in urban history, *Urban History Review* 14, 1986, p. 270.
46. J.L. Arnold, Architectural history and urban history, *Journal of Urban History* 17(1), 1990, pp. 71-72, 75, 77; A. Sutcliffe, Urban history in the eighties. Reflections on the H.J. Dyos memorial conference, *Journal of Urban History* 10, 1984, p. 138.
47. M. Carter, Cities and buildings: Perspectives on architecture and its place in urban history, *Urban History Review* 14, 1986, pp. 267-269; J.L. Arnold, Architectural history and urban history, *Journal of Urban History* 17(1), 1990, pp. 72, 77.
48. E.J. Carruthers, Some problems in the writing of contemporary urban history, *Kleio* 14(1&2), 1982, p. 79.


© University of Pretoria

ruimte, hetsy geboue of woonbuurtes" nie, soos Emmanuel le Roy Ladurie voorgehou het "that valid history can exclude man altogether"[49] nie. Stedelike geskiedenis moet ook en veral die verhouding, wisselwerking en interaksie tussen die stedelike plaaslike owerheid (wat vir die ontwikkeling en uitleg van woonbuurtes verantwoordelik was, die geskiedenis "from above"); die fisiese ruimte of strukture (hoe dit gemaak is, hoe dit lyk en watter internasionale ontwerpfilosofieë en -ideologieë dit bepaal het — die geskiedenis van die kant, oftewel vanuit die horisontale en konkrete dimensie); en die belewenis of ondervinding daarvan deur die bewoners "from below" uitlig,[50] want "[p]eople make places, but places also make people".[51] Stedelike geskiedenis moet dus aan beide 'n "sense of place" (die gestruktureerde stedelike ruimte en bou-omgewing) en aan hoe mense die stedelike ruimte oor tyd heen ervaar het, aandag gee.[52] In die woorde van Dolores Hayden moet die klem dus wees op "[h]ow places, … have been 'planned, designed, built, inhabited, appropriated, celebrated, despoiled and discarded'".[53]

Hierdie studie oor die "model native township" in die algemeen en oor Atteridgeville in besonder, waar die wisselwerking tussen die woonbuurt, veral die uitleg van die woonbuurt en geboue, as stedelike ruimte en die inwoners van hierdie ruimte chronologies oor tyd heen en met inagneming van die tydsgees, ontleed word, kan dus grootliks as navorsing binne die studieveld van stedelike geskiedenis beskou word. Dit is juis stedelike geskiedenis se omarming van die bronne en metodologieë van ander sosiale wetenskappe, soos onder meer die argitektuur en stadsbeplanning, wat dit moontlik maak om die wisselwerking (in Atteridgeville) tussen woonbuurt, woonbuurtuitleg, woningstruktuur en die bewoners en inwoners (van Atteridgeville) sinvol te kan ontleed.[54]

Vir die doel van hierdie studie dan word stedelike geskiedenis beskou as die bestudering van die stad (of eerder onderdele van die stad) as historiese verskynsel onderhewig aan sosiaal-ekonomiese prosesse van verstedeliking en industrialisasie. Dit behels voorts ook die ontleding oor tyd heen en met inagneming van die tydsgees van die wisselwerking tussen die stedelike ruimte (beide die proses en die produk) en die bewoners in en van daardie ruimte.[55]

---

49. E.J. Carruthers, Some problems in the writing of contemporary urban history, *Kleio* 14(1&2), 1982, p. 79.
50. L.W.F. Grundlingh, *Stedelike geskiedenis: hoe maak 'n mens 'n nuwe kultivar vir 'n ou vat?* Professorale intreerede, Randse Afrikaanse Universiteit, 29 September 2004, pp. 10-11, 13; J.L. Arnold, Architectural history and urban history, *Journal of Urban History* 17(1), 1990, p. 71; V. Bickford-Smith, Urban history in the new South Africa: Continuity and innovation since the end of apartheid, *Urban history* 35(2), 2008, p. 301; H. Sapire & J. Beall, Introduction: Urban change and urban studies in Southern Africa, *Journal of Southern African Studies* 21(1), March 1995, p. 16.
51. L.W.F. Grundlingh, *Stedelike geskiedenis: hoe maak 'n mens 'n nuwe kultivar vir 'n ou vat?* Professorale intreerede, Randse Afrikaanse Universiteit, 29 September 2004, p. 10.
52. V. Bickford-Smith, Urban history in the new South Africa: Continuity and innovation since the end of apartheid, *Urban history* 35(2), 2008, pp. 300, 303, 315.
53. D. Hayden, *The power of place: Urban landscapes as public history*, p. 15, soos aangehaal in V. Bickford-Smith, Urban history in the new South Africa: Continuity and innovation since the end of apartheid, *Urban history* 35(2), 2008, p. 300.
54. D. Fraser & A. Sutcliffe, Introduction, *in* D. Fraser & A. Sutcliffe (eds), *The pursuit of urban history*, p. xxvii.
55. D. Fraser & A. Sutcliffe, Introduction, *in* D. Fraser & A. Sutcliffe (eds), *The pursuit of urban history*, p. xi.


© University of Pretoria

Waar hierdie studie oor die "model" swart stedelike woonbuurt die woonbuurt én sy inwoners en dan ook die belewing van die inwoners van hierdie bepaalde stedelike ruimte bestudeer, betree hierdie studie ook die veld van *sosiale geskiedenis*. Stephan Thernstrom, 'n stedelike historikus wat homself later nie meer as "stedelike" historikus beskou het nie, het selfs verklaar dat "urban historians were really engaged in social history, that 'the modern city [was] so intimately linked to the society around it, and [was] so important a part of the entire social order that few of its aspects [could] safely be examined in isolation'".[56] In aansluiting hierby het Franse stedelike historici sosiale geskiedenis as die "big sister" van stedelike geskiedenis beskou, terwyl Amerikaanse en Britse stedelike historici stedelike geskiedenis grotendeels as 'n subkategorie of onderafdeling van sosiale geskiedenis beskou het. Historici wat die "New Urban History" aangehang het, het dan die omvang van stedelike studies uitgebrei deur ook op die sosiale belewenisse van gewone, "onbelangrike" mense te fokus. Die metodologie van sosiale geskiedenis is gebruik om stedelike geskiedenis te verruim.[57]

Sosiale geskiedenis is grootliks in die 1970's en 1980's deur die revisionistiese, Marxistiese en/of radikale benadering[58] beïnvloed, maar ook sedert die 1990's in sy "vernuwende vorm" deur benaderings ontleen aan en aangepas van kulturele antropologie, diskoersanalise en genderteorieë.[59] Sosiale geskiedenis is nie "history with the politics left out"[60] nie. In sy eenvoudigste vorm behels sosiale geskiedenis die bestudering van en begrip vir die funksionering en geleefde ervaringe van die totale menslike gemeenskap, veral diegene wat voorheen deur die geskiedenis "misgekyk" is, en van die algemene sosiale prosesse.[61] Sosiale geskiedenis omvat dan ook die beskrywing en ontleding van "die ervarings van die lewens van 'gewone mense';…[in Suid-Afrika het dit] veral gefokus op 'n … studie van die geskiedenis van townships en die ervarings van swart mense in die stad".[62]

---

56. R. Mohl, The new urban history and its alternatives, *Urban History Yearbook*, 1983, pp. 20-21.
Kyk ook T. Hershberg, The new urban history: Towards an interdisciplinary history of the city, *Journal of Urban History* 5, 1978, p. 16 vir 'n soortgelyke mening van Sam B. Warner.
57. A. Sutcliffe, Urban history in the eighties. Reflections on the H.J. Dyos memorial conference*, Journal of Urban History* 10, 1984, pp. 129, 133; T. Hershberg, The new urban history: Towards an interdisciplinary history of the city, *Journal of Urban History* 5, 1978, p. 15; R. Harrison, The 'new social history' in America, *in* P. Lambert & P. Schofield (eds), *Making history. An introduction to the history and practices of a discipline*, pp. 111, 113.
58. Historici wat met klas as ontledingsmodel na historiese gebeure kyk en veral dan ook die geskiedenis van die "gewone mense" aan die orde gestel het, is oor die jare heen as revisionisties, Marxisties/neo-Marxisties en/of radikaal gekategoriseer. Dit blyk dat die verwysing "radikaal" in die huidige tydsgees, en ook internasionaal, meer aanvaarbaar is.
K. Smith, *The changing past. Trends in South African historical writing*, pp. 162-163.
59. A. Grundlingh, Herhistorisering en herposisionering: perspektiewe op aspekte van geskiedenisbeoefening in hedendaagse Suid-Afrika, *Historia* 46(2), 2001, p. 323; P. Joyce, The end of social history?, *Social History* 20(1), January 1995, pp. 74-75; A. Grundlingh, Sosiale geskiedenis en die dilemma in Afrikanergeskiedskrywing, *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal* 19(1), 1987, p. 36; H. Sapire & J. Beall, Introduction: Urban change and urban studies in Southern Africa, *Journal of Southern African Studies* 21(1), March 1995, p. 13; C. Saunders, *Writing history. South Africa's urban past and other essays*, pp. 78-79.
60. C. Saunders, *Writing history. South Africa's urban past and other essays*, p. 75.
61. C. Saunders, *Writing history. South Africa's urban past and other essays*, pp. 75-76; P. Lambert, Social history in Germany, *in* P. Lambert & P. Schofield (eds), *Making history. An introduction to the history and practices of a discipline*, p. 94; R. Harrison, The 'new social history' in America, *in* P. Lambert & P. Schofield (eds), *Making history. An introduction to the history and practices of a discipline*, pp. 109, 113.
62. L.W.F. Grundlingh, *Stedelike geskiedenis: hoe maak 'n mens 'n nuwe kultivar vir 'n ou vat?* Professorale intreerede, Randse Afrikaanse Universiteit, 29 September 2004, p. 5.
Kyk ook A. Grundlingh, Herhistorisering en herposisionering: perspektiewe op aspekte van geskiedbeoefening in hedendaagse Suid-Afrika, *Historia* 46(2), November 2001, p. 316.


© University of Pretoria

In Suid-Afrika het sosiale geskiedenis, veral in die 1970's en 1980's, dus 'n oorheersende stedelike karakter openbaar, hoofsaaklik omdat ekonomiese ongelykhede en sosiale skeiding so sterk in die stedelike ruimtes na vore getree het. Daar word daarna verwys as "stedelike sosiale geskiedenis" of 'n sosiale geskiedenisbenadering tot stedelike geskiedenis, die poging om iets van die stedelike ervaring, die lewenstyl, kultuur en stryd van (sommige) stedelinge van weleer weer te gee. Dikwels het 'n materialistiese klasgebaseerde ontleding van die stedelike orde plaasgevind en die situasie van die swart stedelike werkersklas is veral ondersoek.[63]

Sosiale geskiedenis fokus nie soseer op 'n "history-<u>of</u>-below"[64] waar bloot beskryf word hoe "gewone" mense hulle lewens geleef het nie. Die klem is eerder op 'n "history-<u>from</u>-below"[65] wat daarop fokus om aan te toon hoe "gewone" mense die verledegebeure (ook dié in die stad) gevorm het. Gewone mense het dalk nie 'n keuse gehad oor hoe hulle stedelike omstandighede daar uitgesien het nie, maar het beslis 'n rol gespeel in die daarstelling of vorming daarvan binne die gegewe omstandighede. Sosiale geskiedenis maak van kwantitatiewe en statistiese bronne, maar ook en veral van mondelinge en visuele getuienis as bronne gebruik. Dit behels 'n geskiedenis waarin die gewone, veral vergete en gemarginaliseerde (maar nie uitsluitlik nie), mense se alledaagse doen en late op 'n (dikwels) empatiese manier op die voorgrond geplaas en aan die vergetelheid ontruk word. Sosiale geskiedenis omskryf ook die interaksie (konflik en samewerking) tussen verskillende klasse, rasse, etnisiteite, geslagte, ouderdomme en professies (of eerder meerdere "identiteite" binne die vernuwende vorm),[66] en tussen mense, strukture en prosesse. Dit kyk hoe strukture en prosesse (die "sosiale") gevorm is; wat die verwantskap tussen die onderdele (op plaaslike vlak) en die geheel (op nasionale en internasionale vlak) van die samelewing (die "sosiale") is; en hoe gewone mense bepaalde historiese gebeure en sosiale prosesse en kragte beleef en ervaar het. Die lewens en ervaringe van gewone mense word binne blootgelegde, vormgewende en verklarende sosiale, ekonomiese, politieke, mags- en ideologiese kontekste geplaas. Dit ontbloot dan wyer onderliggende historiese prosesse en kragte, verskaf kreatiewe insigte, en verdiep begrip vir die verledegebeure.[67]

---

63. B. Freund, Urban history in South Africa, *South African Historical Journal* 52, 2005, p. 26; G.H. Pirie, South African urban history, *Urban History Yearbook*, 1985, p. 20; H. Sapire & J. Beall, Introduction: Urban change and urban studies in Southern Africa, *Journal of Southern African Studies* 21(1), March 1995, pp. 5-6; P. Maylam, Explaining the apartheid city: 20 years of South African urban historiography, *Journal of Southern African Studies* 21(1), March 1995, p. 21; C. Saunders, *Writing history. South Africa's urban past and other essays*, pp. 13-14, 43.
64. V. Bickford-Smith, Urban history in the new South Africa: Continuity and innovation since the end of apartheid, *Urban history* 35(2), 2008, p. 291.
Beklemtoning deur myself.
65. S. Gunn & L. Faire, Introduction: Why bother with method?, *in* S. Gunn. & L. Faire (eds), *Research methods for history*, p. 2.
Beklemtoning deur myself.
66. P. Joyce, The end of social history?, *Social History* 20(1), January 1995, p. 82.
67. F.A. van Jaarsveld, *Moderne geskiedskrywing: opstelle oor 'n nuwe benadering tot geskiedenis*, p. 9; E.S. van Eeden, Debating some past and present research frameworks and methodologies in history on places and their peoples in South Africa, *African Historical Review* 45(2), December 2013, p. 118; A. Grundlingh, 1993, Social history and Afrikaner historiography in a changing South Africa: Problems and potential, pp. 1, 3, 6, 7, http://sas-space.sas.ac.uk, access: 15 September 2014; A. Grundlingh, Herhistorisering en herposisionering: perspektiewe op aspekte van geskiedenisbeoefening in hedendaagse Suid-Afrika, *Historia* 46(2), 2001, p. 323; P. Joyce, The end of social history?, *Social History* 20(1), January 1995, pp. 84-91; A.



© University of Pretoria

Sosiale geskiedenis het op "nuwe" maniere en met andersoortige bronne die verledegebeure ondersoek en aangebied deur beide die historiese agente en die bronne binne 'n sosiale en historiese bewyskonteks te plaas.[68] Hier kan veral verwys word na die "spatial turn" of "landscape turn". Dit behels die gebruik van 'n ruimtelike bewussyn in historiese interpretasie en in die verstaan en analise van historiese prosesse. Dit verwys na die rol wat die landskap of plek — die ruimte — in die geskiedenis en belewinge van die "gewone mense" gespeel het. Dit verduidelik ook hoe die landskap deur die heersende sosiale en politieke orde gebruik is om die lewens van die "gewone mense" te beheer, te bestuur en te orden. Radikale (sosiale) historici gebruik die landskap — die argitektoniese omgewing, die woonbuurt en sy gebouestrukture en hoe dit kartografies uitgebeeld is — as bronne. Daardeur word nuwe samehange, insigte en gevolgtrekkings oor die verhouding tussen mense, klasse, rasse, die sosiale en politieke orde, en die landskap tot die verstaan en interpretasie van die verledegebeure gebring.[69] Gebouestrukture word nie net bloot as historiese artefakte beskou en beskryf nie. Dit word veral gebruik om die historiese gemeenskap, die gewone mense, en sy funksionering te rekonstrueer.[70] Hierdie benadering is veral belangrik vir hierdie studie oor swart stedelike woonbuurtes binne 'n bepaalde ruimtelike en polities-sosiale orde.

Hierdie studie kan ook as *plaaslike en/of streeksgeskiedenis* beskou word, of, anders gestel, as die geskiedenis van plekke (of ruimtes) en mense, die bewoners van daardie plekke of ruimtes.[71] Die feit dat die lewens en ruimtes van gewone mense — in hierdie geval swartmense — en die veelheid en 'n geïntegreerde en omvattende weergawe van hulle lewens- en oorlewingservaringe binne *'n bepaalde geografiese gebied of eenheid* — in hierdie geval Suid-Afrika/Pretoria/Atteridgeville — en met inagneming van die kragte, prosesse, strukture en ontwikkelinge wat hulle ervaringe oor tyd heen onderlê het, bestudeer word, plaas hierdie studie inderdaad binne die kader van plaaslike geskiedenis.[72]

---

Grundlingh, Sosiale geskiedenis en die dilemma in Afrikanergeskiedskrywing, *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal* 19(1), 1987, pp. 33-36, 39, 42, 46; R. Mohl, The new urban history and its alternatives, *Urban History Yearbook*, 1983, p. 19; V. Bickford-Smith, Urban history in the new South Africa: Continuity and innovation since the end of apartheid, *Urban history* 35(2), 2008, pp. 291-292; S. Parnell & A. Mabin, Rethinking urban South Africa, *Journal of Southern African Studies* 21(1), March 1995, p. 39; C. Saunders, *Writing history. South Africa's urban past and other essays*, pp. 41, 77; R. Harrison, The 'new social history' in America, *in* P. Lambert & P. Schofield (eds), *Making history. An introduction to the history and practices of a discipline*, pp. 114-115.

68. S. Gunn & L. Faire, Introduction: Why bother with method?, *in* S. Gunn. & L. Faire (eds), *Research methods for history*, p. 2; E.S. van Eeden, Debating some past and present research frameworks and methodologies in history on places and their peoples in South Africa, *African Historical Review* 45(2), December 2013, p. 118.
69. J. Guldi, Landscape and place, *in* S. Gunn. & L. Faire (eds), *Research methods for history*, pp. 66-67, 69-70, 73-75; E.S. van Eeden, Regional, local, urban and rural history as nearby spaces and places: Historiographical and methodological reflections, *New Contree* 63, January 2012, pp. 7, 32.
70. E.S. van Eeden, Pioneering regional history studies in South Africa: Reflections within the former Section for Regional History at the Human Sciences Research Council (HSRC), *Historia* 59(1), May 2013, p. 133.
71. E.S. van Eeden, Debating some past and present research frameworks and methodologies in history on places and their peoples in South Africa, *African Historical Review* 45(2), 2013, p. 113; E.S. van Eeden, Regional, local, urban and rural history as nearby spaces and places: Historiographical and methodological reflections, *New Contree* 63, January 2012, p .8.
72. F.A. van Jaarsveld, *Moderne geskiedskrywing: opstelle oor 'n nuwe benadering tot geskiedenis*, pp. 5, 9, 14, 27; C.C. Eloff, Aspekte van plaaslike en streek-geskiedenis: teorie en praktyk, *Contree* 35, Junie 1994, pp. 1, 11-13; C. Kammen, *On doing local history: Reflections on what local historians do, why and what it means*, pp. 4-5; C. Saunders, What of regional history?



© University of Pretoria

Daar is vele raakpunte tussen sosiale en plaaslike geskiedenis. Sosiale geskiedenis kyk meestal na die lewens en ervaringe van "gewone mense" binne 'n bepaalde geografiese ruimte, met 'n groter fokus op die mense as die plek. Plaaslike geskiedenis fokus ook dikwels op die "gewone mense" en hoe hulle sekere historiese gebeure en prosesse beleef het, maar dikwels met 'n groter klem op die "plek", die geografiese ruimte. Plaaslike geskiedenis pas ook 'n "history-from-below"-benadering toe met soms ook die insluiting van 'n "top-down"-ontledingsperspektief en gebruik baie van die bronne van die sosiale geskiedenis.[73]

Plaaslike geskiedenis bestudeer 'n bepaalde plek wie se geografiese grense duidelik omskryf moet kan word. Omgewings- en geografiese faktore wat menslike vestiging kan beïnvloed, soos klimaat, topografie, bodemgesteldheid en demografie, moet in ag geneem word en kartografies uitgebeeld word. Politieke faktore, soos owerheidsbeleid en -maatreëls, en ekonomiese faktore, soos werksgeleenthede en -afstande, wat die ontwikkeling van 'n bepaalde gemeenskap kan beïnvloed, moet ook aandag geniet. Veral laasgenoemde aspek (die "top-down"-perspektief) is binne die politieke beleidskonteks van hierdie onderwerp van belang: hoe die mense wat die geografiese ruimte of plek bewoon het, die ruimte verkry het of in hierdie geval, hoe die ruimte op hulle afgedwing is, moet aangedui word. Terselfdertyd moet die wyse waarop die bewoners van die ruimte hulle ruimte met sy beperkinge en moontlikhede ervaar, dit gebruik en vir hulle oorleef- en werkbaar gemaak het, ook aandag geniet.[74] Alle fasette binne 'n gemeenskap, soos klas, ras, geslag en ander identiteitsverskille, moet in ag geneem word.[75]

Die lewenservaringe van die gewone/kleine[76] man, vrou en kind moet dus, waar moontlik en waar verkryg- en opspoorbaar, uiteengesit word: "the nameless, the oppressed, the victims of historical structures and processes, the neglected, the forgotten, the poor, the dispossessed, the marginalised, the unemployed and those who slipped through the net of history".[77] Die politieke, sosiale,

---

Towards a history of the Western Cape, *South African Historical Journal* 22(1), p. 132; B.M. Stave, In pursuit of urban history. Conversations with myself and other: A view from the United States, *South African Historical Journal* 15(1), 1983, p. 33; E.S. van Eeden, Regional, local, urban and rural history as nearby spaces and places: Historiographical and methodological reflections, *New Contree* 63, January 2012, p. 28; A. Grundlingh, 1993, Social history and Afrikaner historiography in a changing South Africa: Problems and potential, p. 3, http://sas-space.sas.ac.uk, access: 15 September 2014.

73. H. Sapire & J. Beall, Introduction: Urban change and urban studies in Southern Africa, *Journal of Southern African Studies* 21(1), March 1995, p. 6.

74. C.C. Eloff, Aspekte van plaaslike en streek-geskiedenis: teorie en praktyk, *Contree* 35, Junie 1994, p. 1; E.S. van Eeden, Debating some past and present research frameworks and methodologies in history on places and their peoples in South Africa, *African Historical Review* 45(2), 2013, p. 115; E.S. van Eeden, Pioneering regional history studies in South Africa: Reflections within the former Section for Regional History at the Human Sciences Research Council (HSRC), *Historia* 59(1), May 2013, p. 133; E.S. van Eeden, Regional, local, urban and rural history as nearby spaces and places: Historiographical and methodological reflections, *New Contree* 63, January 2012, pp. 8, 24.

75. E.S. van Eeden, Regional, local, urban and rural history as nearby spaces and places: Historiographical and methodological reflections, *New Contree* 63, January 2012, p. 6; E.S. van Eeden, Debating some past and present research frameworks and methodologies in history on places and their peoples in South Africa, *African Historical Review* 45(2), December 2013, p. 124.

76. R. de Schryver, *Historiografie. Vijfentwintig eeuwen geschiedschrijving van West-Europa*, pp. 361-362.

77. Soos aangehaal in E.S. van Eeden, Regional, local, urban and rural history as nearby spaces and places: Historiographical and methodological reflections, *New Contree* 63, January 2012, p. 26.



© University of Pretoria

ekonomiese, religieuse, intellektuele, sielkundige, ruimtelike en kulturele ervaringe, belewenisse en bewussyne — die totale menslike verhaal moet verwoord word: "[i]t involves their work and non-work …, housing and homeless, clothing and nakedness, eating and hunger, love and hate".[78] Die historikus moet met 'n "bottom-down"-perspektief "die gewone mens as't ware by sy adres, op sy voorstoep, of in sy huis [en by sy werkplek][79] ontmoet en hom[/haar] as 'n wese van vlees en bloed leer ken en nie bloot as 'n pion op die nasionale [of munisipale] skaakbord nie".[80] Oor dit alles heen moet daar 'n samebindende historiese, chronologiese tydsamehang (kontekstualisering) en paradigmabewussyn en -ontleding (konseptualisering) wees.[81]

Wat egter onthou moet word, is dat plaaslike geskiedenis nie in isolasie bestudeer kan word nie, maar deel uitmaak van die wyer streeks- en nasionale geskiedenis — in hierdie geval van Pretoria, veral dan die ander swart stedelike woonbuurtes in Pretoria, en in Suid-Afrika. Daar bestaan 'n besliste interafhanklikheid tussen plek en streek. Deur plaaslike geskiedenis binne 'n groter geografiese en historiese geheel te bestudeer, sal voorkom dat sekere perspektiewe verlore gaan en dat 'n bepaalde geskiedbeeld skeefgetrek word.[82] Veral Saunders in sy pleidooi vir 'n eiesoortige metode en benadering deur stedelike historici, beklemtoon die plasing en ontleding van die spesifieke en besondere navorsingsterrein en -fokus ("[the study of the city] from the inside"[83]), hetsy die besigheidsentra, die woonbuurt, die voorstad of selfs die enkele straat, binne die groter geheel van die stedelike en nasionale (en selfs internasionale) strukturele kontekste ten einde die besondere aspek of ruimte beter en vollediger te verstaan en te verklaar as wat dit in isolasie sou kon plaasvind.[84]

Hier verwys konteks nie net na 'n omvattende geografiese ruimte nie, maar ook na die tydskonteks of tydsgees. Slegs indien van die spesifieke, die klein onderdele en besonderhede van die groter geheel — die formele munisipale grense van die swart stedelike woonbuurt — af weggekyk kan word en dit binne die groter historiese konteks geplaas word, kan insiggewende en verklarende groter patrone en prosesse raakgesien en geïnterpreteer word. Dit sal dan weer breëre insig verleen en die "verstaan" en verklaring van die besondere studieveld verhelder en verruim.[85] In Suid-Afrika met sy oorwegend rasgedrewe

---

78. Alf Lüdtke, soos aangehaal in C.C. Eloff, "History from below": 'n Oorsig, *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal* 25(1), 1991, p. 40; E.S. van Eeden, Regional, local, urban and rural history as nearby spaces and places: Historiographical and methodological reflections, *New Contree* 63, January 2012, p. 27.
79. E.S. van Eeden, Regional, local, urban and rural history as nearby spaces and places: Historiographical and methodological reflections, *New Contree* 63, January 2012, p. 9.
80. C.C. Eloff, Aspekte van plaaslike en streek-geskiedenis: teorie en praktyk, *Contree* 35, Junie 1994, p. 12.
81. C.C. Eloff, Aspekte van plaaslike en streek-geskiedenis: teorie en praktyk, *Contree* 35, Junie 1994, p. 1.
82. C.C. Eloff, Aspekte van plaaslike en streek-geskiedenis: teorie en praktyk, *Contree* 35, Junie 1994, pp. 12-13; C. Kammen, *On doing local history: Reflections on what local historians do, why and what it means*, pp. 4-5; E.S. van Eeden, Regional, local, urban and rural history as nearby spaces and places: Historiographical and methodological reflections, *New Contree* 63, January 2012, p. 20.
83. C. Saunders, *Writing history. South Africa's urban past and other essays*, p. 23.
84. C. Saunders, *Writing history. South Africa's urban past and other essays*, pp. 5-7, 16-17, 19-28; V. Bickford-Smith, Urban history in the new South Africa: Continuity and innovation since the end of apartheid, *Urban history* 35(2), 2008, pp. 289-290.
85. D. Cannadine, Conclusion. Urban history in the United Kingdom: The 'Dyos phenomenon' and after, *in* D. Cannadine & D.



© University of Pretoria

verklarings en interpretasies van geskiedenisgebeure, kan die plasing van die plaaslike studie binne 'n groter, veral internasionale, konteks die "buitengewone" aard en omstandighede van die Suid-Afrikaanse stedelike ruimtes in perspektief plaas. Dan mag gevind word dat wat hier plaaslik gebeur het, heel moontlik nie so "buitengewoon" was nie, maar deel van groter internasionale tendense, paradigmas en denkwyses was.[86]

Die omgekeerde is natuurlik ook van waarde waar die gedetailleerde studie van 'n spesifieke stad of woonbuurt meerdere insig en begrip vir die breëre, universele stedelike verskynsels, heersende ideologiese raamwerke en beleidsrigtings kan verskaf en lig kan werp op algemene historiese prosesse en tendense. Die spesifieke stad of woonbuurt dien dan as prisma waardeur groter prosesse en tendense ondersoek en verstaan kan word, asook hoe dit die lewens van die stedelike inwoners geraak het.[87] In die woorde van Swanson:

> in the case of South Africa … the urban nexus … explains better how and why and to what effect the policies and programmes of segregation and separate development emerged as dominant and shaping concerns of local and national governments and what those policies were like.[88]

Daar moet dus voortdurend tussen die spesifieke, gedetailleerde plaaslike onderwerp en die breëre, groter nasionale en internasionale konteks (geheel) heen beweeg word om die volle voordeel van meerdere perspektiewe en insigte te verkry.

'n Besondere belangrike en noodsaaklike metodologiese en benaderingsaspek wat die historikus dus voor oë moet hou, is dat navorsing oor 'n spesifieke stedelike aspek of ruimte (behuising in Atteridgeville, 'n swart stedelike werkersklaswoonbuurt) van min waarde en selfs onvolledig sal wees indien dit nie binne die breër stedelike (behuising in swart en werkersklaswoonbuurtes van Pretoria), nasionale (swart en werkersklasbehuising in Suid-Afrikaanse stedelike sentra), kontinentale (stedelike swart en werkersklasbehuising binne koloniale Afrika) en selfs internasionale (stedelike werkersklasbehuising) konteks geplaas word nie.

Wanneer die metodologie van plaaslike en streeksgeskiedenis in Suid-Afrika ondersoek word,[89] blyk

---

Reeder (eds), *Exploring the urban past: Essays in urban history by H.J. Dyos*, p. 210; R. Mohl, The new urban history and its alternatives, *Urban History Yearbook*, 1983, p. 26.

86. H. Sapire & J. Beall, Introduction: Urban change and urban studies in Southern Africa, *Journal of Southern African Studies* 21(1), March 1995, pp. 7, 17; S. Parnell & A. Mabin, Rethinking urban South Africa, *Journal of Southern African Studies* 21(1), March 1995, pp. 60-61.
87. A. Sutcliffe, Urban history in the eighties. Reflections on the H.J. Dyos memorial conference, *Journal of Urban History* 10, 1984, pp. 136, 140; M.W. Swanson, Reflections on the urban history of South Africa: Some problems and possibilities, *African Urban Notes*, 1969, pp. 32-33; H. Sapire & J. Beall, Introduction: Urban change and urban studies in Southern Africa, *Journal of Southern African Studies* 21(1), March 1995, p. 17.
88. M.W. Swanson, Reflections on the urban history of South Africa: Some problems and possibilities, *African Urban Notes*, 1969, p. 32.
89. Kyk in hierdie verband na die volgende artikels: E.S. van Eeden, Regional, local, urban and rural history as nearby spaces and places: Historiographical and methodological reflections, *New Contree* 63, January 2012, pp. 1-34; E.S. van Eeden, Debating



© University of Pretoria

dit dat daar nie duidelikheid of konsensus daaroor bestaan nie, maar dat ’n ietwat vae of “grys” metodologiese benadering aan die orde was en is. Baie historici benader plaaslike en streeksgeskiedenistemas vanuit ’n stedelike en sosiale geskiedenisperspektief en -metodologie. Hierdie is ’n logiese ontwikkeling, omdat sekere plaaslike geskiedenistemas binne ’n stedelike geografiese ruimte afspeel en omdat die klem van die sosiale geskiedenis op die lewe van die “gewone mense” en hulle doen en late binne ’n bepaalde geografiese ruimte val — die “history-from-below” en die *Alltagsgeschicte*. ’n Geïntegreerde, inklusiewe en omvattende interdissiplinêre metodologiese benadering met die insluiting van kwalitatiewe én kwantitatiewe metodes, mondelinge getuienis en met die inagneming van sowel ’n “bottom-up”-/”history-from-below”- as ’n “top-down”-perspektief behoort in ’n mindere of meerdere mate in plaaslike en streeksgeskiedenis gevolg te word.[90] Plaaslike geskiedenis sal voorts ook by verhalende, beskrywende, analitiese en vergelykende navorsingsbenaderings baat vind.[91]

Hierdie studie oor “model native townships”, veral dan die daarstelling van ’n historiese swart stedelike woonbuurt, Atteridgeville, as ’n “model native township”, fokus op twee ineengevlegde aspekte. Eerstens word die fisiese strukture of “urban containers” en alle prosesse, ideologiese paradigmas, strukture en persone wat daarby betrokke was, ontleed. Tweedens word die ervaringe en belewinge van die inwoners van die fisiese strukture en hulle rol in die vormgewing aan sodanige strukture ook geanaliseer. In hierdie opsig beweeg dié studie tussen verskeie historiese subdissiplines en is dit dus intradissiplinêr[92] van aard: in wese word stedelike geskiedenis bestudeer met ’n groter klem op die “plek” of fisiese strukture (plaaslike geskiedenis) as die belewing van die mense, die inwoners van die strukture (sosiale geskiedenis), sonder om laasgenoemde heeltemal buite rekening te laat. In hierdie opsig omsluit stedelike geskiedenis dus aspekte van sosiale en plaaslike of streeksgeskiedenis, maar bowenal gaan hierdie studie oor die weergee en uitbeelding van ’n aspek van die menslike en behuisingsverledegebeure:

some past and present research frameworks and methodologies in history on places and their peoples in South Africa, *African Historical Review* 45(2), December 2013, pp. 113-141; E.S. van Eeden, Pioneering regional history studies in South Africa: Reflections within the former Section for Regional History at the Human Sciences Research Council (HSRC), *Historia* 59(1), May 2013, pp. 118-140; en E.S. van Eeden, Challenging traditional ways of thinking and doing local/regional history research in South Africa: Some global learning and sharing, *International Journal of Local and Regional History*, 2014.

90. C.C. Eloff, “History from below”: ’n Oorsig, *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal* 25(1), 1991, p. 40; E.S. van Eeden, Pioneering regional history studies in South Africa: Reflections within the former Section for Regional History at the Human Sciences Research Council (HSRC), *Historia* 59(1), May 2013, pp. 119-121, 127-130, 132-135, 137-138; E.S. van Eeden, Regional, local, urban and rural history as nearby spaces and places: Historiographical and methodological reflections, *New Contree* 63, January 2012, pp. 1-3, 8, 11-14, 19, 24-34; ; E.S. van Eeden, Debating some past and present research frameworks and methodologies in history on places and their peoples in South Africa, *African Historical Review* 45(2), December 2013, pp. 113-114, 116-119, 122-123, 125-128, 135-136.

91. E.S. van Eeden, Debating some past and present research frameworks and methodologies in history on places and their peoples in South Africa, *African Historical Review* 45(2), December 2013, pp. 129-130.

92. Intradissiplinêr verwys na navorsing binne ’n enkele dissipline.
A.R. Jensenius, 11 June 2018, Disciplinarities: Intra, cross, multi, inter, trans, https://www.arj.no disciplinarities-2, access: 4 November 2019.



© University of Pretoria

> There is nothing ultimately sacred about disciplinary [or sub-disciplinary] boundaries.[93] 'In the last resort, the boundaries of [local history — or] any [other] kind of history [for that matter] — are artificial. All history is one — like existence itself, a seamless garment…'[94]

## 2. 'n Interdissiplinêre en selfs transdissiplinêre benadering

Wanneer die historiografie en metodologie van stedelike geskiedenis bestudeer word, blyk dit dat die sogenaamde ou tipe Rankeaanse (verhalende en beskrywende) geskiedskrywing, wat die verlede as 'n reeks gebeurtenisse gekoppel deur oorsaaklike verbande beskryf het, moes plek maak vir die meer omvattende, breë, geïntegreerde, ontledende en interdissiplinêre siening van die verlede deur die *Annales*-skool.[95] Hiervolgens word geskiedenis, en dan ook stedelike geskiedenis, ontleed en verstaan[96] deur op die strukture (ook klassestrukture), historiese prosesse, kontinuïteite, maar ook diskontinuïteite, en konjunkture, wat die onderliggende en veranderende faktore in 'n (stedelike) samelewing blootlê, te konsentreer.[97] Die verhouding tussen die fisiese omgewing, sosiale organisasie en strukture en die denkpatrone en -gewoontes van historiese gemeenskappe word ondersoek.[98] Interpretasie, analise en vertolking vind dan uiting in 'n "'...broadly-based history that [is] economic and social, geographical and psychological, all in one'".[99] Die "New Urban History" van die 1960's en 1970's het die aanvanklike interdissiplinêre benadering verder verruim deur die insluiting van 'n kwantitatiewe metodologie en benadering. Daar was veral 'n sterk fokus op kwantitatiewe gerekenariseerde studies en ontledings van sensusdata, hoofsaaklik toegepas op 19de-eeuse en vroeg 20ste-eeuse stedelike navorsing.[100]

Met hierdie interdissiplinêre of kruisdissiplinêre benadering en metodologiese en teoretiese

---

93. G.M. Frederickson, *White supremacy. A comparative study in American and South African history*, p. xiii.
94. V.H.T. Skipp, Local history: A new definition and its implications, *Local Historian* 14, 1981, p. 328, soos aangehaal in E.S. van Eeden, Regional, local, urban and rural history as nearby spaces and places: Historiographical and methodological reflections, *New Contree* 63, January 2012, p. 5.
95. F.J. du T. Spies, Leemtes in die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing, *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal* 3, November 1971, p. 83.
96. J. de Bruyn, Geskiedenis en antropologie: onderweg na 'n mensliker geskiedenis?, *Historia* 27(2), September 1982, p. 42.
97. K. Smith, *The changing past. Trends in South African historical writing*, pp. 91, 142; L.W.F. Grundlingh, *Stedelike geskiedenis: hoe maak 'n mens 'n nuwe kultivar vir 'n ou vat?* Professorale intreerede, Randse Afrikaanse Universiteit, 29 September 2004, p. 5; M. Roberts, The Annales school and historical writing, *in* P. Lambert & P. Schofield (eds), *Making history. An introduction to the history and practices of a discipline*, p. 84.
98. M. Roberts, The Annales school and historical writing, *in* P. Lambert & P. Schofield (eds), *Making history. An introduction to the history and practices of a discipline*, p. 78.
99. H. S. Hughes, *The obstructed path. French social thought in the years of desperation 1930-1960*, p. 39, soos aangehaal in F.J. du T. Spies, Leemtes in die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing, *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal* 3, November 1971, p. 84.
100. D. Cannadine, Conclusion. Urban history in the United Kingdom: The 'Dyos phenomenon' and after, *in* D. Cannadine & D. Reeder (eds), *Exploring the urban past: Essays in urban history by H.J. Dyos*, pp. 203, 213, 219; R. Mohl, The new urban history and its alternatives, *Urban History Yearbook*, 1983, pp. 19-20, 26; A. Sutcliffe, Urban history in the eighties. Reflections on the H.J. Dyos memorial conference, *Journal of Urban History* 10, 1984, p. 129; T. Hershberg, The new urban history: Towards an interdisciplinary history of the city, *Journal of Urban History* 5, 1978, p. 15; C. Saunders, *Writing history. South Africa's urban past and other essays*, p. 39.


© University of Pretoria

pluralisme[101] voor oë deurbreek stedelike geskiedenis as navorsingsterrein dus verskeie dissiplines met hulle onderskeie konseptualisering, benaderingswyses, navorsingsmetodologieë en -tegnieke. Daar is ook groter klem op die analitiese en kwantitatiewe bestudering van gegewens as bloot net die kwalitatiewe en verhalende omgaan met die verledegebeure. Nie net die historikus nie, maar veral die stedelike geograaf, en ook die demograaf, die menslike geograaf, die stadsbeplanner, die sosioloog, die antropoloog, die argitek, die ekonoom en selfs die sielkundige en persepsiegeograaf kan vanuit hulle eiesoortige benaderings-, teoretiese en metodologiese hoek waardevolle insette, insigte en bydraes lewer tot groter begrip vir en interpretasie van die uitleg, aard en belewing van historiese stedelike strukture en ruimtes.[102] Saunders verklaar dus dat "[u]rban historians should accept that different methods produce different insights, and therefore should always be open to the use of a variety of approaches".[103]

Dat die historikus in die bestudering van stedelike geskiedenistemas interdissiplinêr te werk moet gaan, word lank reeds as 'n basiese en tradisionele vertrekpunt beskou. Reeds in 1955 het Richard R. Wohl, 'n historikus wat ook in die ekonomie en sosiologie opgelei is, beweer "'[t]he city is too complex a world to be understood from a single vantage point alone'"; en "'[t]he full discovery of what has passed in a city's history can only be called forth by cooperative, interdisciplinary inquiry'".[104] Dyos het hom in die 1960's sterk uitgespreek ten gunste van 'n interdissiplinêre, selfs 'n transdissiplinêre,[105] benadering tot die bestudering van die stedelike ruimte en sy inwoners. Hy het verklaar dat stedelike geskiedenis

> '…, is a field of knowledge, not a single discipline in the accepted sense but a field in which many disciplines [and their methods and methodology] converge, or at any rate are drawn upon. It is a focus for a variety of forms of knowledge, not a form of knowledge in itself.'[106]

---

101. V. Bickford-Smith, Writing and teaching urban history in Africa in the twenty-first century. Reports on colloquium sessions, *South African Historical Journal* 50, 2004, p. 244.
102. K. Smith, *The changing past. Trends in South African historical writing*, pp. 91, 93, 142; R.J. Lawrence, Methodologies in contemporary housing research: A critical review, *in* D.U. Vestbro *et al.* (eds), *Methodologies in housing research*, pp. 3-6; H. Sapire & J. Beall, Introduction: Urban change and urban studies in Southern Africa, *Journal of Southern African Studies* 21(1), March 1995, p. 6; P. Maylam, Explaining the apartheid city: 20 years of South African urban historiography, *Journal of Southern African Studies* 21(1), March 1995, p. 20; P. Smit, Historiese grondslae van swart verstedeliking in Suid-Afrika, *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal* 19, November 1987, p. 28; C. Saunders, *Writing history. South Africa's urban past and other essays*, pp. 11, 41; M. Roberts, The Annales school and historical writing, *in* P. Lambert & P. Schofield (eds), *Making history. An introduction to the history and practices of a discipline*, p. 85; P. Lambert, Social history in Germany, *in* P. Lambert & P. Schofield (eds), *Making history. An introduction to the history and practices of a discipline*, pp. 102-103; R. Harrison, The 'new social history' in America, *in* P. Lambert & P. Schofield (eds), *Making history. An introduction to the history and practices of a discipline*, p. 112; P. Lambert & P. Schofield, Interdisciplinarity, *in* P. Lambert & P. Schofield (eds), *Making history. An introduction to the history and practices of a discipline*, p. 121.
103. C. Saunders, *Writing history. South Africa's urban past and other essays*, p. 31.
104. R.R. Wohl, Urbanism, urbanity and the historian, *University of Kansas City Review* 22, Autumn 1955, p. 57, soos aangehaal in T. Hershberg, The new urban history: Towards an interdisciplinary history of the city, *Journal of Urban History* 5, 1978, p. 30.
105. Transdissiplinêre navorsing veronderstel groter integrasie as 'n interdissiplinêre benadering waar 'n eenheid of kennisveld uit verskeie relevante intellektuele raamwerke, ook die buite-akademiese — verby en los van (bevry van) dissiplinêre perspektiewe en grense — geskep word, dikwels wanneer 'n "werklikheidsonderwerp" ('n aspek van die werklike, komplekse menslike realiteit) ondersoek word.
    A.R. Jensenius, 11 June 2018, Disciplinarities: Intra, cross, multi, inter, trans, https://www.arj.no disciplinarities-2, access: 4 November 2019.
106. H. J. Dyos, *Urban History Yearbook*, 1976, p. 31, soos aangehaal in D. Cannadine, Conclusion. Urban history in the United Kingdom: The 'Dyos phenomenon' and after, *in* D. Cannadine & D. Reeder (eds), *Exploring the urban past: Essays in urban history by H.J. Dyos*, p. 207.


© University of Pretoria

’n Interdissiplinêre en transdissiplinêre benadering is nie net belangrik vir die samevoeging en integrering van bestaande kennis nie. Dit is absoluut noodsaaklik waar dissiplinêre grense dissiplinêre hindernisse in plaas van dissiplinêre wisselwerking kan veroorsaak en die moontlikheid van begrip en ontleding van ’n navorsingsonderwerp in die wiele kan ry.[107] In die woorde van Allen Davis: “‘to study the city,’ … ‘means to cut across the artificial lines of departments and disciplines.’”[108] Theodore A. Brown ondersteun dié siening en omskryf die noodsaaklikheid van ’n interdissiplinêre benadering soos volg: “there is no sense in which I can pursue studies in city history as a practitioner of a self-sustained ‘discipline’ called history … if the approach is worth anything at all it needs a great deal of reinforcing from other so-called disciplines”.[109] Die gebruikmaking van bestaande kennis en bydraes van ander sosiale wetenskappe om die historiese kennis aan te vul is eintlik vanselfsprekend, want in die woorde van Lawrence Stone “‘to ignore the contributions of the social sciences is clearly fatal; to master them all, or even any one, is clearly impossible’”.[110]

Plaaslik is hierdie gedagte deur Floors van Jaarsveld beklemtoon toe hy verklaar het dat “(d)ie stad [...] ’n gebied vir interdissiplinêre benadering”[111] is. Van Jaarsveld verduidelik hierdie uitspraak soos volg: die gebeure en ontwikkelinge in die stad is so kompleks en daar is soveel kragte tegelyk aan die werk dat slegs ’n veelkantige en allesomvattende benadering ’n mate van begrip tot gevolg kan hê. Inligting verkry uit die verskillende sosiale wetenskappe moet benut word ten einde ’n “totale” beeld van die stad te verkry. Hy beklemtoon dat die historikus veral die tradisionele of konvensionele metodologiese grense van sy/haar vak sal moet oorskry ten einde alle beskikbare inligting oor die stad te bestudeer. Hy verklaar ook dat die geskrifte van sosiaal-wetenskaplikes inligting verstrek wat van groot belang vir die historikus is.[112] Wat veral by die gebruik van navorsing vanuit hierdie dissiplines voor oë gehou moet word, is dat sosiaal-wetenskaplike studies met “onkonvensionele bronne”[113] dikwels nie die verandering en ontwikkeling in die stedelike opset oor tyd heen aandui nie. Hierdie noodsaaklike interpreterende beskrywing van verandering en ontwikkeling oor tyd heen kan dan deur ’n historiese benadering tot die

107. T. Hershberg, The new urban history: Towards an interdisciplinary history of the city, *Journal of Urban History* 5, 1978, p. 30; P. Lambert & P. Schofield, Introduction, *in* P. Lambert & P. Schofield (eds), *Making history. An introduction to the history and practices of a discipline*, p. 4; P. Lambert & P. Schofield, Interdisciplinarity, *in* P. Lambert & P. Schofield (eds), *Making history. An introduction to the history and practices of a discipline*, p. 121.
108. A.F. Davis, The American historian vs. the city, *Social Studies* 56, 1965, soos aangehaal in T. Hershberg, The new urban history: Towards an interdisciplinary history of the city, *Journal of Urban History* 5, 1978, p. 30.
109. R. R. Wohl & A.T. Brown, The usable past: A study of historical traditions in Kansas City, *Huntington Library Quarterly* 23, May 1960, pp. 237-259, soos aangehaal in T. Hershberg, The new urban history: Towards an interdisciplinary history of the city, *Journal of Urban History* 5, 1978, pp. 4-9.
110. L. Stone, History and the social sciences in the twentieth century, *in* C. E. Delzell (ed.), *The future of history: Essays in the Vanderbilt University Centennial Symposium*, p. 19, soos aangehaal in T. Hershberg, The new urban history: Towards an interdisciplinary history of the city, *Journal of Urban History* 5, 1978, p. 31.
111. F.A van Jaarsveld, *Verstedelikings- en stedelike geskiedenis as studiegebied vir eietydse geskiedenisbeoefening: ’n historiografiese benadering*, p. 9.
112. F.A. van Jaarsveld, Stad en historikus, *in* F.A. van Jaarsveld, *Geskiedkundige verkenninge*, p. 147; F.A. van Jaarsveld, *Verstedelikings- en stedelike geskiedenis as studiegebied vir eietydse geskiedenisbeoefening: ’n historiografiese benadering*, p. 17.
113. F.J. du T. Spies, Leemtes in die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing, *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal* 3, November 1971, p. 85.


© University of Pretoria

feitegegewe aan die orde kom.[114]

In Saunders se studie oor metodologie in stedelike geskiedenis sluit hy nou by Van Jaarsveld aan wanneer hy die gebruik van inligting, wat deur ander dissiplines versamel is, deur die stedelike historikus bepleit. Hy dui ook aan dat die historikus altyd die eiesoortige aard van geskiedskrywing voor oë moet hou. Inligting en bevindinge wat vanuit ander dissiplines verkry word, moet by die eie historiese aard aangepas word. Die klem op *tyd* — hetsy kontinuïteit, chronologie, periodisering, historiese ontwikkeling,[115] samehange, die inagneming van die tydsgees, sowel as verandering en ontwikkeling in die stedelike ruimte oor tyd (en ruimte)[116] heen — en op *konteks* — die plasing van die bevindinge oor ’n spesifieke stedelike ruimte binne die groter geheel van verledegebeure — onderskei die historikus van navorsers in ander dissiplines.[117]

Dus navorsing oor (stedelike) behuising en behuisingsgeskiedenis noodsaak ’n interdissiplinêre, transdissiplinêre en geïntegreerde benadering, omdat navorsingsonderwerpe oor behuising nie binne die grense van bestaande tradisionele akademiese dissiplines val nie, maar daartussen beweeg en vloei. Tradisioneel het behuisingshistorici die ekonomiese, politieke en sosiale aspekte van behuising nagevors, maar behuisings- en woonbuurtuitleg grootliks geïgnoreer. Eweneens het argitektuurhistorici slegs op behuisingsontwerp gefokus, terwyl alles rondom die ontwerp grootliks ter syde gestel is. Beide hierdie benaderings ignoreer die proses en wisselwerking wat deel van behuising uitmaak, naamlik die verhouding, interaksie en beïnvloeding tussen ontwerp of struktuur en vorm, en inwoner of gemeenskap. Die gevolg hiervan is ’n insig- en interpretasieverarming waar die verandering in behuisingsontwerp en -gebruike oor tyd heen nie met veranderende politieke, ekonomiese, sosiale, kulturele, lewenstyl-, waardestelsel-, sielkundige, regeringsbeleids- en gemeenskapstendense in verband gebring word nie. ’n Interdissiplinêre benadering stel die historikus ook in staat om komplekse behuisingskwessies aan die hand van sowel kwalitatiewe as kwantitatiewe navorsingsmetodes en -tegnieke van die eie en ander dissiplines te identifiseer, te verstaan en te interpreteer.[118]

---

114. F.J. du T. Spies, Leemtes in die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing, *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal* 3, November 1971, p. 86; E.J. Carruthers, Some problems in the writing of contemporary urban history, *Kleio* 14(1&2), 1982, p. 82; T. Gouws & J. Bottomley, “Al was ons ook daar, ons weet dis nie waar nie” — Metodologie en geskiedskrywing in postmodernistiese perspektief. Referaat gelewer tydens die Tweejaarlikse Konferensie van die Historiese Genootskap van Suid-Afrika, 1996, p. 3.
115. K. Smith, *The changing past. Trends in South African historical writing*, p. 140.
116. J.J. Fourie, Stedelike geskiedenis: ’n histories-metodologiese ondersoek, *in* Randse Afrikaanse Universiteit, *Geskiedenis navorsingsprojek. Die geskiedenis van die Afrikaner aan die Rand, 1886-1961: oorsig III*, p. 21.
117. C. Saunders, *Writing history. South Africa’s urban past and other essays*, pp.12, 42; J.J. Fourie, Stedelike geskiedenis: ’n histories-metodologiese ondersoek, *in* Randse Afrikaanse Universiteit, *Geskiedenis navorsingsprojek. Die geskiedenis van die Afrikaner aan die Rand, 1886-1961: oorsig III*, pp. 42-43; S. Gunn & L. Faire, Introduction: Why bother with method?, *in* S. Gunn. & L. Faire (eds), *Research methods for history*, p. 7; M.W. Swanson, Reflections on the urban history of South Africa: Some problems and possibilities, *African Urban Notes*, 1969, p. 30; G.H. Pirie, South African urban history, *Urban History Yearbook*, 1985, p. 24; J. Davidson, History and anthropology, *in* P. Lambert & P. Schofield (eds), *Making history. An introduction to the history and practices of a discipline*, p. 158.
118. R.J. Lawrence, Methodologies in contemporary housing research: A critical review, *in* D.U. Vestbro *et al.* (eds), *Methodologies*


© University of Pretoria

Die historikus kan dus geweldig baat vind by die navorsingsresultate,[119] metodologie en tegnieke van ander dissiplines, mits die historikus samewerking met ander dissiplines vanuit die eie historiese teoretiese en metodologiese invalshoek benader.[120] Thompson verwoord dit soos volg:

> [t]he point is that whatever questions [voortspruitend uit die navorsingsresultate, metodologie en tegnieke van ander dissiplines] are brought to historical material, *historical procedures must be followed* and the materials will bear only those questions which are *historically relevant*.[121]

Thurston Shaw, 'n argeoloog, sluit by Thompson aan en maan die historikus om versigtig te wees in sy omgaan met inligting verkry uit ander dissiplines:

> Perhaps we forget too readily that different disciplines — such as those of archaeology, history, linguistics, and ethnography — use different kinds of data, different methods of collecting them, follow different rules in interpreting them, ask different questions and get different kinds of answers. In other words, these different disciplines are handling different 'dimensions'.[122]

Albert Grundlingh onderstreep ook die balans en klem wat die historikus op interdissiplinêre studie en resultate moet plaas. Hy voel dit moet ook ten doel hê "om die konseptuele raamwerk wat beslag aan sy [of haar] werk gee deur toepaslike insigte uit verwante dissiplines te verruim."[123] Die klem is dus op die daarstelling van 'n eie teoretiese konseptuele raamwerk toegepas op die spesifieke historiese navorsing, want "'theoretical work in history is too important to be sub-contracted to others.'"[124]

So kan die sosiologiese metode om 'n "kunsmatige" statiese moment binne die voortdurende en veranderende stedelike proses te skep of 'n "dwarssnit" van historiese gebeure te maak, bydra om 'n bepaalde tema en tydperk in diepte te bestudeer en te analiseer.[125] Die waarde van sosiologiese navorsing oor die stedelike ruimte lê vir die historikus in die vernuwende insigte, analises, dikwels

---

*in housing research*, pp. 5-6, 10-13.

119. Hier moet gemeld word dat lank voor historici hulle tot die stedelike geskiedenis van veral Pretoria se swart inwoners as navorsingsterrein gewend het, het volkekundiges, geograwe en stadsbeplanners/argitekte reeds dié terrein betree.
Ook wat die stedelike geskiedenis van swartes en van veral swart stedelike behuising in Suid-Afrika betref, het navorsers uit ander dissiplines, veral die argitektuur, die baanbrekerswerk gedoen.
**Kyk Hoofstukke II en III vir besprekings van hierdie navorsingsresultate.**
120. A. Grundlingh, Sielkunde vir die historikus: praktiese moontlikheid of idealistiese wensdenkery? *Historia* 27(2), September 1982, p. 59.
121. E.P. Thompson, On history, sociology and historical relevance, *British Journal of Sociology* 27(3), September 1976, p. 390, soos aangehaal in A. Grundlingh, Sielkunde vir die historikus: praktiese moontlikheid of idealistiese wensdenkery? *Historia* 27(2), September 1982, p. 60.
Beklemtoning deur Thompson.
122. K. Smith, *The changing past. Trends in South African historical writing*, pp. 141-142.
123. A. Grundlingh, Sielkunde vir die historikus: praktiese moontlikheid of idealistiese wensdenkery? *Historia* 27(2), September 1982, p. 61.
124. G.S. Jones, From historical sociology to theoretical history, *British Journal of Sociology* 27, 1976, p. 300, soos aangehaal in R. Harrison, History and sociology, *in* P. Lambert & P. Schofield (eds), *Making history. An introduction to the history and practices of a discipline*, p. 138.
125. C.F. Swart & A.M. Lamont, *Die stad: sosiologie, beplanning en ontwikkeling*, p. 1; E.S. van Eeden, Pioneering regional history studies in South Africa: Reflections within the former Section for Regional History at the Human Sciences Research Council (HSRC), *Historia* 59(1), May 2013, p. 133.


© University of Pretoria

kwantitatief, van algemene samelewingsverskynsels en die sosiale lewe van gemeenskappe, en die gepaardgaande veralgemenende verklarings daarvan aan die hand van modelle en teorieë.[126] Aangesien die aard van historiese navorsing die aandui van ontwikkeling en verandering oor tyd heen vereis, sal die stedelike historikus die ontwikkeling in 'n bepaalde samelewingsverskynsel voor en na die "statiese moment" of "dwarssnit" beslis moet aantoon.[127] Ook sal die historiese klem op die individuele en spesifieke nie agterweë gelaat moet word nie.[128]

Die stedelike geograaf kan met sy eiesoortige teoretiese en metodologiese agtergrond, navorsingstegnieke en -modelle en ervaring van stedelike ontwikkeling, na alle waarskynlikheid, onskatbare hulp aan die historikus verleen. Stedelike geografie kan begrip, insig en oriëntasie vir die veranderende ruimtelike organisasie, verwantskappe, klassifikasie en die visuele uitbeelding (vorm, uitleg en plan) van die stedelike ruimte voorsien.[129] Die stedelike geograaf bestudeer die stedelike ruimte en ondersoek waar die verskillende groepe van 'n gemeenskap binne die stedelike grense gevestig is, hoekom juis daar, asook die omstandighede wat die verskillende dele van die stad kenmerk. Meer geografies gestel, ondersoek die stedelike geograaf die ruimtelike aspekte van stedelike ontwikkeling oor tyd heen onder meer op twee vlakke, naamlik interstedelik en intrastedelik. Eersgenoemde benaderingswyse plaas die klem op vergelyking tussen verskillende stedelike ruimtes waar veralgemenings oor die verspreiding van stedelike ruimtes, hulle grootte, funksie en groei gemaak word. Laasgenoemde benaderingswyse fokus op 'n bepaalde stedelike ruimte waar die interne vormstruktuur of morfologie,[130] grondgebruik, groei en voortspruitende probleme belig word. Die grootste waarde- en kennistoevoeging wat die stedelike geograaf aan die historikus kan bied, is dat stedelike ruimtelike inligting kartografies en visueel uitgebeeld kan word. Hierdie visuele uitbeelding behoort inligting en fyner visuele nuanses aan die historikus te ontbloot wat andersins hoogs waarskynlik nie waarneembaar sou gewees het nie.[131]

---

126. F.A. van Jaarsveld, Geskiedenis en sosiologie, *Historia* 28(1), Mei 1983, pp. 11, 12, 14, 17-19, 21; P. Lambert & P. Schofield, Introduction, *in* P. Lambert & P. Schofield (eds), *Making history. An introduction to the history and practices of a discipline*, p. 4; P. Lambert & P. Schofield, Interdisciplinarity, *in* P. Lambert & P. Schofield (eds), *Making history. An introduction to the history and practices of a discipline*, p. 122; R. Harrison, History and sociology, *in* P. Lambert & P. Schofield (eds), *Making history. An introduction to the history and practices of a discipline*, pp. 138, 142, 144.
127. F.A. van Jaarsveld, Geskiedenis en sosiologie, *Historia* 28(1), Mei 1983, p. 17.
128. P. Lambert, Social history in Germany, *in* P. Lambert & P. Schofield (eds), *Making history. An introduction to the history and practices of a discipline*, p. 98; R. Harrison, History and sociology, *in* P. Lambert & P. Schofield (eds), *Making history. An introduction to the history and practices of a discipline*, pp. 138, 144.
129. L. Heydenrych, Geskiedenis en geografie — terug aarde toe, *Historia* 27(2), September 1982, pp. 27 & 29; B. Freund, Urban history in South Africa, *South African Historical Journal* 52, 2005, p. 22; C. Saunders, *Writing history. South Africa's urban past and other essays*, p. 42.
130. Onder stedelike morfologie word die volgende verstaan: die visuele vorm, uitleg en plan van 'n stedelike ruimte wat dan ook die oorsprong, groei en funksie van hierdie fasette insluit.
131. B. Goodall, *The Penguin dictionary of human geography*, pp. 488-489, 490; I.J. van der Merwe, *Die stad en sy omgewing. Inleiding tot nedersettingsgeografie*, pp. 7-9, 111, 190; A. Nel & J.A. van Zyl, *Stad en dorp*, pp. 6-7; D. Cannadine, How does it work? The city in history, *Encounter* 61(4), 1983, p. 46; K.S.O. Beavon, Black townships in South Africa: *Terra incognito* for urban geographers, *South African Geographical Journal* 64(1), 1982, pp. 4-5.


© University of Pretoria

Waar die fokus van die historikus se navorsing op die geskiedenis, uitleg, infrastruktuur en aard van die behuisingstrukture of geboue van 'n historiese stedelike ruimte val, sal die spesialisasieterreine, aanslag en fokus van die stadsbeplanner en argitek verruimende insigte kan verskaf. So byvoorbeeld behoort spesialisstudies oor die ontwerp, uitleg en aard van 'n stedelike ruimte en die boustyl van die mensgemaakte strukture heelwat oor die visuele en fisiese uitbeelding van die tydsgees; kulturele en samelewingsidentiteit; heersende ideologieë; die indiwidue, gemeenskap en owerhede betrokke by die daarstel en beheer van die stedelike ruimte; en die kragte en ideologiese paradigmas wat op hulle ingewerk het, te ontbloot.[132] Die historikus moet egter daarop bedag wees dat argitekte en stadsbeplanners vanuit ander perspektiewe en met ander beklemtonings na behuisingstrukture, geboue en woonbuurtuitleg kyk. Argitekte is grootliks visueel ingestel, en nie tekstueel nie; hulle studies fokus op die hede en kliëntvoorskrifte; geboue word as geïsoleerde eenhede gesien, meestal sonder inagneming van sosiale, politieke, kulturele, intellektuele en ekonomiese faktore wat die breëre historiese tydskonteks vorm; en hulle bronne en bewysmateriaal en -prosesse verskil van dié van die historikus.[133] Stadsbeplanners fokus gewoonlik eerder op die huidige as die historiese konteks en meer op algemene patrone en modelle as die besondere, alles met 'n huidige en toekomsbeeld in gedagte.[134]

Die bestudering van die fisiese uitleg en strukture van 'n stedelike ruimte kan die gevaar loop om 'n baie kliniese en strakke ontleding sonder menslike elemente daar te stel. Navorsing onderneem deur die sielkundige, antropoloog en persepsiegeograaf behoort die nodige balans daar te stel waar daar op die bewoners van die stedelike ruimte, hulle belewinge, persepsies en die verhouding tussen bewoners en ruimte gefokus word.

Die mens se basiese fisiologiese behoeftes binne die stedelike konteks word deur die verskaffing en voorsiening van voedsel, skuiling en gesondheidsdienste bevredig. Die daarstelling van basiese dienste en veral van behuising word dus as die minimumvereiste vir die bevrediging van een van die mens se mees fundamentele en universele behoeftes gesien.[135] Aangesien die sielkundige die menslike aard, gedrag en behoeftes bestudeer, sal die historikus kan baat vind by sielkundige of psigoanalitiese historiese studies. Hierdie studies behoort gebalanseerde begrip, insigte en konseptuele verklarings rondom die behoefte aan skuiling, die belewing van stedelike gemeenskappe en hulle gedrag binne

---

132. J. Guldi, Landscape and place, *in* S. Gunn. & L. Faire (eds), *Research methods for history*, pp. 71-72; M. Carter, Cities and buildings: Perspectives on architecture and its place in urban history, *Urban History Review* 14, 1986, pp. 268-269; C. Saunders, *Writing history. South Africa's urban past and other essays*, p. 42.
133. M. Carter, Cities and buildings: Perspectives on architecture and its place in urban history, *Urban History Review* 14, 1986, pp. 267-269; D. Cannadine, How does it work? The city in history, *Encounter* 61(4), 1983, pp. 48-49.
134. D. Cannadine, How does it work? The city in history, *Encounter* 61(4), 1983, p. 46.
135. E.C. Liebenberg, Verstedeliking en die kultuurhistoriese belangrikheid van "plek" as 'n geografiese ervaring, *in* J.F.T. Bartmann (red.), *Verstedeliking as kultuurhistoriese verskynsel*, pp. 63, 65, 71.


© University of Pretoria

die stedelike ruimte waarbinne behuisingstrukture skuiling verskaf, te kan lewer.[136]

Dit is al in 1982 onomwonde deur Johannes de Bruyn gestel dat die historikus baat sal vind by die metodes en navorsing van die antropoloog en dat dit sal bydra om geskiedenis meer menslik te maak. Die antropoloog herskep die leef- en denkwêreld van ’n samelewing; werk met teorieë en hipoteses; tref vergelykings; lê verbande; en ontbloot die gedragspatrone, motiewe en denkwyses van ’n gemeenskap. Veldwerk en mondelinge getuienis word veral as bronne gebruik en inligting wat hieruit verkry kan word, is van onskatbare waarde vir die historikus.[137] Veral in Suid-Afrika van die 20ste eeu het die apartheidsgedagte geneig om die studievelde van die historikus (blankes) en dié van die antropoloog/etnograaf/volkekundige (swartes) te segregeer. Volkekundiges was van die eerstes wat studies oor swartes binne die stedelike ruimte van Pretoria, veral Atteridgeville, onderneem het.[138] Die historikus kan baie nut en insig uit hierdie navorsing put om die mens binne die stedelike ruimte raak te sien en in ag te neem.[139] Hierdie studies sal egter binne die betrokke tydsgees en ideologiese raamwerk benader moet word. Ten spyte van ’n bepaalde kultuur-biologiese, politieke en eng-ideologiese siening is waardevolle en nuttige inligting in hierdie studies te vinde.[140] ’n Belangrike aspek wat die historikus by die gebruik van antropologiese bronne, bevindinge en insigte in ag moet neem is die meestal a-historiese invalshoek van hierdie navorsing. Die historikus sal ’n definitiewe historiese en tydskonteks en -perspektief aan die navorsingsresultate moet toevoeg.[141]

Navorsing wat deur persepsiegeograwe onderneem word, fokus nie net op die werklike of reële ruimte nie, maar ook op die denkbeeldige ruimte “— die landskap soos die mens as subjektiewe wisselvallige wese dit ervaar en sien”.[142] Die verhouding en interaksie tussen die bewoners van die stedelike ruimte en die fisiese strukture is van groot belang indien die stedelike historikus uitsprake wil maak oor die lewenskwaliteit en -standaard binne ’n bepaalde stedelike ruimte, en die persepsies en belewinge

136. A. Grundlingh, Sielkunde vir die historikus: praktiese moontlikheid of idealistiese wensdenkery?, *Historia* 27(2), September 1982, p. 60; S. Nicholas, History and psychoanalysis, *in* P. Lambert & P. Schofield (eds), *Making history. An introduction to the history and practices of a discipline*, pp. 125-127, 133.

137. J. de Bruyn, Geskiedenis en antropologie: onderweg na ’n mensliker geskiedenis?, *Historia* 27(2), September 1982, pp. 35, 41, 42, 43, 45, 46, 52; A. Sutcliffe, Urban history in the eighties. Reflections on the H.J. Dyos memorial conference, *Journal of Urban History* 10, 1984, p. 134; P. Lambert & P. Schofield, Interdisciplinarity, *in* P. Lambert & P. Schofield (eds), *Making history. An introduction to the history and practices of a discipline*, pp. 122-123; J. Davidson, History and anthropology, *in* P. Lambert & P. Schofield (eds), *Making history. An introduction to the history and practices of a discipline*, pp. 153-154, 158.

138. R.D. Coertze, *Die adviserende komiteestelsel en politieke organisasie soos aangetref in die stedelike gebied van Pretoria met besondere verwysing na toestande in Atteridgeville* (M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1958); R.D. Coertze, *Atteridgeville. ’n Stedelike Bantoewoonbuurt* (Ongepubliseerde verslag, Pretoria, 1969); F. Eloff, *’n Volkekundige studie van aanpassing en ontwikkeling in die gesinslewe van die Naturelle van Atteridgeville* (M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1952); F. Eloff & R.D. Coertze (reds.), *Etnologiese studies in Suidelike Afrika* (Pretoria, 1972).

139. J. de Bruyn, Geskiedenis en antropologie: onderweg na ’n mensliker geskiedenis?, *Historia* 27(2), September 1982, pp. 35, 41, 42, 43, 45, 46, 52; P. Maylam, Explaining the apartheid city: 20 years of South African urban historiography, *Journal of Southern African Studies* 21(1), March 1995, p. 19.

140. J. Davidson, History and anthropology, *in* P. Lambert & P. Schofield (eds), *Making history. An introduction to the history and practices of a discipline*, p. 151.

141. J. Davidson, History and anthropology, *in* P. Lambert & P. Schofield (eds), *Making history. An introduction to the history and practices of a discipline*, pp. 150, 152.

142. L. Heydenrych, Geskiedenis en geografie — terug aarde toe, *Historia* 27(2), September 1982, pp. 28-29.



© University of Pretoria

daarvan.

Die belewing en ervaring van die historiese swart inwoners van hulle historiese stedelike swart ruimte kan op verskeie wyses deur die historikus aan die orde gestel word. Die neerslag van hierdie belewinge in die navorsingsresultate van buurwetenskappe, literêre werke en regeringsverslae behoort insig in die belewinge te verleen. Waar daar egter nie genoegsame inligting opgespoor kan word nie, kan daar ook van die *Annales*-skool se sogenaamde "regressiewe metode van ondersoek"[143] gebruik gemaak word. Met ander woorde, die huidige omstandighede in die stedelike swart ruimte kan deur middel van hedendaagse bronne ondersoek word en daarvolgens kan afleidings van hoe dit in die verlede gesteld was of kon gewees het, gemaak word.[144]

'n Interdissiplinêre en transdissiplinêre navorsingsbenadering tot stedelike geskiedenis is onteenseglik waardevol. Die belangrikheid van die bydraes en toepassingsmoontlikhede in die inhoude, konsepte, kontekste en metodologieë van ander sosiaal-wetenskaplike dissiplines kan nie geringgeskat word nie. Tog moet op die verskille (en moontlike probleme wat daaruit kan voortspruit) tussen die metodologieë en invalshoeke van ander dissiplines en dié van geskiedenis gelet word. Die historikus moet daarop bedag wees dat 'n interdissiplinêre navorsingsbenadering sowel aansporend, ooreenstemmend, komplimenterend, verdraagsaam en konvergerend as uitdagend, konflikterend, beperkend en teenstrydig mag wees.[145] Bowenal moet 'n interdissiplinêre benadering ook nader aan 'n transdissiplinêre benadering beweeg waar die werklike, of liewer die waarskynlike, realiteit van die historiese behuisingsituasie die fokus en kennisveld van navorsing is.

### 3. 'n Klasse-, rasse- én postmodernistiese ontledings- en verklaringsmodel

Verdere benaderingswyses wat met groot vrug in die navorsing van hierdie onderwerp gebruik kan word, is dié van die liberale en veral revisionistiese/Marxistiese/radikale historici, asook aspekte van die postmodernistiese verklaringsmodel. In Suid-Afrikaanse geskiedskrywing was dit historici van die eersgenoemde twee benaderingswyses wat die geskiedenis en belewinge van swart Suid-Afrikaners, alhoewel met twee verskillende konseptualiserings-, ontledings- en verklaringsmodelle,

143. F.J. du T. Spies, Leemtes in die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing, *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal* 3, November 1971, p. 86.
144. F.J. du T. Spies, Leemtes in die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing, *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal* 3, November 1971, p. 86; A. Marwick, *The nature of history*, p. 75.
145. P. Lambert, Social history in Germany, *in* P. Lambert & P. Schofield (eds), *Making history. An introduction to the history and practices of a discipline*, p. 102; P. Lambert & P. Schofield, Interdisciplinarity, *in* P. Lambert & P. Schofield (eds), *Making history. An introduction to the history and practices of a discipline*, pp. 121-122; R. Harrison, History and sociology, *in* P. Lambert & P. Schofield (eds), *Making history. An introduction to the history and practices of a discipline*, pp. 143, 145.


© University of Pretoria

aan die orde gestel en deel van die Suid-Afrikaanse geskiedenis gemaak het.[146] Diegene wat die postmodernistiese benadering toegepas het, het daarna uit ’n heeltemal ander hoek historiese bronnemateriaal benader.

Liberale historici van die 1950’s, 1960’s en 1970’s het met ras as verklaringsmeganisme en die insluiting van die rol van ekonomiese faktore en veranderinge ’n meer geïntegreerde, dog steeds beperkende en dikwels ook paternalistiese, beeld van Suid-Afrikaanse geskiedenis die lig laat sien. Ekonomiese aspekte wat veral ondersoek is, was grond, arbeid, industrialisasie en verstedeliking.[147]

Soms is die tema van rasse-interaksie en selfs -samewerking (veral ’n noue ekonomiese afhanklikheid) oorbeklemtoon en rasse-konflik onderspeel. Tog is ’n belangrike bydrae gemaak deur duidelik aan te toon dat swartes deel van en sentraal in Suid-Afrikaanse geskiedenis was, en nie net randfigure nie. Swart gemeenskappe is ondersoek en nagevors in eie reg en nie net as deel van die geskiedenis van blanke gemeenskappe nie. Die interdissiplinêre benadering wat deur liberale historici gevolg is, het die temas en metodologiese basis van geskiedenis ook grootliks verbreed.[148] Die grootste kritiek teen hierdie ontledingsbenadering was dat die rol en invloed van klas en materialistiese ekonomiese kragte, binne ’n rasgedrewe Suid-Afrika, as verklaringsmeganisme vir politieke en ekonomiese toestande en sosiale verskille misgekyk is en dat die rol en invloed van ras te veel aandag geniet het. Die Suid-Afrikaanse geskiedenis is ook grootliks vanuit ’n “top-down”-perspektief benader. Hierdie benadering het nie noodwendig ’n onakkurate weergawe van verledegebeure daargestel nie, maar eerder ’n onvolledige weergawe.[149]

Die waarde van ’n Marxistiese teoretiese benadering en klasse-ontledingsmodel is in die 1970’s en 1980’s deur radikale historici op die voorgrond geplaas. Hiervolgens kon die politieke en ekonomiese omstandighede in Suid-Afrika nie van mekaar geskei (“gesegregeer”!) word nie, aangesien daar ’n interafhanklikheid en sterk verband daartussen bestaan het. Nie net ras opsigself nie, maar bowenal die invloed en ontwikkeling van klassestrukture en kapitalistiese belange, en die verhouding tussen die politiek en die ekonomie (politieke ekonomie) kon die ontstaan, aard en instandhouding van en

146. C. Saunders, *The making of the South African past. Major historians on race and class*, p. 1.
147. F.A. van Jaarsveld, *Geskiedkundige verkenninge*, pp. 75-78; F.A. van Jaarsveld, *Omstrede Suid-Afrikaanse verlede*, pp. 38-39, 51-52; C. van Onselen, The reconstruction of a rural life from oral testimony: Critical notes on the methodology employed in the study of a black South African sharecropper, *The Journal of Peasant Studies* 20(3), April 1993. p. 502; C. Saunders, *The making of the South African past. Major historians on race and class*, pp. 47, 91, 101, 143; C. Saunders, *Writing history. South Africa's urban past and other essays*, p. 72.
148. K. Smith, *The changing past. Trends in South African historical writing*, pp. 138, 142, 144; C. Saunders, *The making of the South African past. Major historians on race and class*, pp. 87, 92, 96-97, 101, 143, 153, 155, 157-158; C. Saunders, *Writing history. South Africa's urban past and other essays*, pp. 72, 74-75.
149. C. Saunders, *The making of the South African past. Major historians on race and class*, pp. 161, 177; S. Parnell & A. Mabin, Rethinking urban South Africa, *Journal of Southern African Studies* 21(1), March 1995, p. 42; C. Saunders, *Writing history. South Africa's urban past and other essays*, p. 72.


© University of Pretoria

konflik in die segregasie- en apartheidstelsels verklaar. Binne ’n stedelike opset is die rol van die openbare owerhede veral beklemtoon waar die stedelike ruimtes as ’n uitbeelding van staatsgesag en dus van klasse-oorheersing beskou is.[150] Parnell en Mabin stel dit onomwonde dat die “implicit acceptance of ‘race’ as the primary category of inquiry has limited and impoverished understandings of towns and cities”.[151] Deur wyer as ras te kyk, stel die historikus in staat om stedelike uitleg en ontwikkeling in Suid-Afrika binne ’n internasionale vergelykende konteks van modernistiese (werkers*klas*woonbuurt) beplanning te plaas wat nuwe insigte en ander verklarings blootlê, en ’n wegbeweeg van ’n enge rasseverklaringsmodel bewerkstellig.[152]

Waardevolle insette oor swart belewinge van hulle stedelike ruimtes kan uit sosiale historiese studies wat deur radikale historici onderneem is, verkry word. Die waarde van hierdie studies is geleë in die feit dat ondersoeke geloods is na die voorheen “gemarginaliseerde”, “geïgnoreerde” en sogenaamde “stille” onderdrukte meerderheid van die Suid-Afrikaanse samelewing, die gewone en nie die buitengewone mense nie.[153] Daar is veral op hulle reaksie op historiese ekonomiese en sosiale prosesse en patrone van verandering, soos industrialisasie, verstedeliking en proletarisering, gefokus. Die belewinge en geskiedenis van die gewone (swart) man/vrou is deur middel van “onkonvensionele”, dikwels interdissiplinêre, metodes en mondelinge getuienis nagevors en opgeteken. Hierdie (nuwe) sosiale geskiedenis met sy “history-from-below”- of “history-from-the-bottom up”-benadering het ’n leemte in die tradisionele geskiedskrywing “van bo” gevul.[154] Hierdie ontleding stel die historikus ook in staat om sy/haar bevindinge te vergelyk met belewinge en ervaringe van ander werkersklasse binne nasionale en internasionale stedelike ruimtes.

Dit moet in gedagte gehou word dat sommige kritici nogtans van oordeel is dat radikale historici se strukturalistiese klassestrydbenadering en klasse-analise/-verdeling van “have’s and have not’s”, en die belangrike rol van kapitaal en arbeid nie altyd bevredigende antwoorde en ontledings van verledegebeure binne ’n rasgedrewe en -georiënteerde samelewing kan verskaf nie. Die belangrike rol wat ras in Suid-Afrika se geskiedenis gespeel het, kan nie onderspeel, geïgnoreer of ontken word nie. Dit is ook belangrik om daarop te let dat radikale studies soms neig om die rol van swartes in verledegebeure te oorbeklemtoon, hetsy as slagoffers van die kapitalistiese stelsel of as

150. C. Saunders, *The making of the South African past. Major historians on race and class*, pp. 165, 167, 169, 171, 174, 176; C. Saunders, *Writing history. South Africa’s urban past and other essays*, pp. 72, 111; A. Sutcliffe, Urban history in the eighties. Reflections on the H.J. Dyos memorial conference, *Journal of Urban History* 10, 1984, p. 139.
151. S. Parnell & A. Mabin, Rethinking urban South Africa, *Journal of Southern African Studies* 21(1), 1995, p. 39.
152. S. Parnell & A. Mabin, Rethinking urban South Africa, *Journal of Southern African Studies* 21(1), 1995, p. 39; B. Freund, Urban history in South Africa, *South African Historical Journal* 52, 2005, p. 28.
153. T. Hershberg, The future of urban history, *in* D. Fraser & A. Sutcliffe (eds), *The pursuit of urban history*, p. 433.
154. J. Bottomley & T, Gouws, Paradigmatic confusion in the history of the “New South Africa”. Paper presented at the Biennial Conference of the Historical Association of South Africa, 1996, pp. 2 & 6; K. Smith, *The changing past. Trends in South African historical writing*, pp. 155, 164-169; C. Saunders, *The making of the South African past. Major historians on race and class*, pp. 96, 182, 184-185; C. Saunders, *Writing history. South Africa’s urban past and other essays*, pp. 72-73, 111.


© University of Pretoria

gemeenskappe wat hulle eie geskiedenis en posisie in die Suid-Afrikaanse samelewing bepaal en beïnvloed het.[155]

Dit is belangrik om te besef dat nóg ras, nóg klas bevredigende verklaringsmodelle vir Suid-Afrikaanse verledegebeure verskaf en dat beide insiggewende analises en interpretasies van die verlede aan die orde gestel het. Hier is dus sprake van 'n pluralistiese, genuanseerde benadering en analise. Dit neem beide ras en klas as verklaringsmodelle in ag, en veral dan ook die interaksie en interverhouding tussen klas en ras oor tyd heen in die daarstelling van die Suid-Afrikaanse regeringsbeleid, gemeenskap en (stedelike) landskap, en in die geskiedenis van beide die totale gemeenskap en die omvattende landskap. Sodoende kan groter begrip vir beide rassebewussyn en ekonomiese kragte daargestel word en onkunde en onsekerheid oor beïnvloedende faktore uit die weg geruim word.[156] In die woorde van Robert Ross

> any attempt to elevate either pole of the [race-class] dichotomy to paramountcy and declare the other irrelevant must prove vain. If there were now, and always had been, economic equality between the various racial groups, with consequent parity in terms of power, then there would be nothing to argue about. Conversely, if racial criteria played no part in the identification of class patterns, then South African society and the arguments about it would have taken very different forms from those they currently do.[157]

Saunders stel 'n selfs nog meer omvattende, inklusiewe, buigsame en genuanseerde benadering voor:

> And all urban historians should be sensitive to race, ethnic, class and gender cleavages and relationships, even if the focus of their work lies elsewhere. … None of these relationships can be studied in isolation, to the exclusion of others. Race has seemed to loom so large in South African history that many historians have privileged it over the others. If it was indeed more important than class and gender, however, that must be proved in particular settings, including cities.[158]

Hy beklemtoon ook die waarde van 'n bewussyn onder historici van historiese en heersende teorieë en invalshoeke en dat dit die moeite werd is om daarvan kennis te dra en dit empiries te ondersoek en dit nie bloot net te ignoreer nie:

> The insights which come from theory are, however, ignored at a cost, for they often open fruitful avenues for exploration and raise vital new questions, quite apart from providing focus and coherence to work which otherwise might lack direction.[159]

---

155. F.A. van Jaarsveld, *Omstrede Suid-Afrikaanse verlede*, pp. 72-74, 94-96, 109; K. Smith, *The changing past. Trends in South African historical writing*, pp. 181, 186, 206; A. Grundlingh, 1993, Social history and Afrikaner historiography in a changing South Africa: Problems and potential, p. 3, http://sas-space.sas.ac.uk, access: 15 September 2014; A. Grundlingh, Sosiale geskiedenis en die dilemma in Afrikanergeskiedskrywing, *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal* 19(1), 1987, p. 48; C. Saunders, *The making of the South African past. Major historians on race and class*, pp. 178-179, 184.
156. K. Smith, *The changing past. Trends in South African historical writing*, pp. 212-214, 219; C. van Onselen, The reconstruction of a rural life from oral testimony: Critical notes on the methodology employed in the study of a black South African sharecropper, *The Journal of Peasant Studies* 20(3), April 1993, p. 496; G.M. Frederickson, *White supremacy. A comparative study in American and South African history*, pp. xx-xxi; C. Saunders, *The making of the South African past. Major historians on race and class*, pp. 186-191, 196; C. Saunders, *Writing history. South Africa's urban past and other essays*, pp. 77-79.
157. R. Ross, soos aangehaal in G.M. Frederickson, *White supremacy. A comparative study in American and South African history*, p. xxi.
158. C. Saunders, *Writing history. South Africa's urban past and other essays*, p. 32.
159. C. Saunders, *Writing history. South Africa's urban past and other essays*, p. 34.



© University of Pretoria

In die lig van Saunders se verwysing na teorie wat vrugbare gevolge vir historiese interpretasies mag voortbring, moet daar ook kortliks na die postmodernistiese bewussyns- en bevraagtekeningstendens gekyk word. Die voorafgaande modernistiese benadering het in hoofsaak ’n empiriese, omvattende, dikwels-kwantitatiewe, formulegeoriënteerde, sosiaal-beherende en -besturende fokus en onderbou gehad. Volgens die postmodernistiese siening het hierdie benadering gedurende die tweede helfte van die twintigste eeu sy geloofwaardigheid begin verloor binne ’n gefragmenteerde-dog-globale, buigsame, onsekere, verwarrende, teenstrydige en tog ook opwindende hedendaagse wêreld. ’n “Meer toepaslike” postmodernistiese uitgangspunt met die fokus op kompleksiteit, verskeidenheid en relatiwiteit het te voorskyn getree. Wat geskiedskrywing en historiese metodologie betref, was die fokus op onder meer die veronderstelling dat die verlede verby is en nie met volledigheid en begrip gerekonstrueer kan word nie; dat geskiedenis slegs deur middel van ’n verskeidenheid van tekste oorgedra kan word; dat daar ’n groter en meer kritiese bewussyn van ideologiese en metodologiese onderboue moet wees, met die gevolglike oortuiging dat die verledegebeure nie realisties en objektief uitgebeeld kan word nie; en dat ’n veelheid van “werklikhede” en geskiedenisse daargestel behoort te word met die klem op inklusiwiteit en meerdere interpretasies en verklarings. Dit het veral daartoe bygedra dat nuwe aspekte van die verledegebeure vir historiese ondersoek na vore gebring is, asook temas wat met voordeel opnuut aandag kan geniet, en dat veral interpretasies (en die denkwyses ten grondslag van interpretasies) van verledegebeure opnuut bevraagteken en ontleed is.[160]

Historici het op verskeie maniere op die postmodernistiese “aanslag” op en uitdaging van die historiese denkwyse, metodologie en grondbeginsels gereageer. Daar was diegene wat hulle (heel emosioneel, verdedigend en vyandig) nie daaraan gesteur het nie en dit vanuit die staanspoor verwerp het. Daar was ook diegene wat dit breedweg omarm en gedeeltelik ondersteun het vir die nuwe insigte wat dit kon bring en hoe dit die historiese metodologie moontlik ingrypend kon verander. Dan was daar laastens diegene wat gereserveerd en gekwalifiseerd op ’n rasionele, kritiese en konstruktiewe manier ag geslaan het op die uitdagings, waarde, nut en voordele van ’n postmodernistiese benadering tot die verledegebeure en die historiese navorsingsproses. Dit het die meer kritiese, bewuste en bevraagtekenende omgaan met die verledegebeure, of dan eerder die verskillende weergawes van die verledegebeure, en die intellektuele onderbou inherent aan die verskillende weergawes, behels. Laasgenoemde historici het egter sommige van die ekstreme teoretiese eise van postmodernisme, veral die oordrewe klem op die narratiewe en die verwerping van realisme, in ’n mindere of meerder mate

160. N. Kirk, History, language, ideas and postmodernism: A materialistic view, *in* K. Jenkins (ed.), *Postmodern history reader*, p. 316; P. Brickley, Teaching post-modern history: A rational option for the classroom?, *Teaching History* 74, January 1994, pp 17-18; C. Crais, South Africa and the pitfalls of postmodernism, *South African Historical Journal* 31, November 1994, p. 275; P. Maylam, “Dead horses, the baby and the bathwater”: “Post-theory” and the historian’s practice, *South African Historical Journal* 42, May 2000, pp. 121, 124, 133; P. Zagorin, History, the referent, and narrative: Reflections on postmodernism now, *History and Theory* 38(1), February 1999, pp. 1, 5-6, 11, 22; R. J. Evans, *In defence of history*, p. 248; P. Joyce, The end of social history?, *Social History* 20(1), January 1995, p. 78.


© University of Pretoria

verwerp. Historici het ook (opnuut) gaan ondersoek instel na hoe historici kennis of "feite" oor die verlede bekom het; hoe betroubaar hierdie bymekaarmaak van kennis is; wie betrokke was en is en met watter bedoeling en beïnvloeding die kennis weergegee is en nou opnuut weergee word; en hoekom dit enigsins die moeite werd is om dit te doen.[161]

Historici het (opnuut) aanvaar en erken dat nie net historici by magte was om debat oor die verlede te voer en dit te ondersoek nie. Skrywers en diegene onderlê in die literêre teorie, diskoers-, teks- of narratiefontleding kan moontlik 'n helderheid aan die historiese verhaal verleen wat historici, "vanweë hul versigtige (kritiese) en omvattende (navorsingsgerigte) soeke na die mees akkurate en primêre bronne, nie kan doen nie".[162] Daar is (opnuut) besef dat geskiedskrywing nie wat werklik in die verlede gebeur het, kan herproduseer of weerspieël nie. Die verlede word (meestal?) aan die hand van tekste (of feitegegewe?) uitgebeeld,[163] "all of which are imperfect, incomplete, tainted, value-charged, ideologically loaded, produced in particular contexts, and taking on specific forms".[164]

'n Postmodernistiese benadering het veral 'n analitiese toepaslikheid vir die historiese metodologie. Die wisselwerking tussen die historikus en sy bepaalde intellektuele en metodologiese onderbou en die verledegebeure, eweneens weergegee vanuit 'n bepaalde intellektuele en metodologiese onderbou, moet oor besin en noukeurig uitgespel word. Hierdie herbesinning is reeds verskeie kere vantevore in die gang en ontwikkeling van historiese metodologie op aangedring en is aan gehoor gegee.[165] Die historikus behoort (opnuut) met behulp van die postmodernistiese benadering van '"incredulity towards metanarratives"'[166] tradisionele en algemeen-aanvaarde verduidelikings, verklarings en metodologieë, en die "onverklaarbare" en "onverstaanbare" '"grand narratives"'[167] daaragter, te bevraagteken en te herberedeneer. Onder "grand narratives" word hier die teorieë, filosofieë, ideologieë, waardes, geloof, affiliasies, aannames, stereotipes, heersende (en oorheersende) diskoerse en kennisstelsels, en

---

161. R.J. Evans, *In defence of history*, pp. 1-14, 248; P. Brickley, Teaching post-modern history: A rational option for the classroom?, *Teaching History* 74, January 1994, p. 18; P. Maylam, "Dead horses, the baby and the bathwater": "Post-theory" and the historian's practice, *South African Historical Journal* 42, May 2000, pp. 122, 124; P. Zagorin, History, the referent, and narrative: Reflections on postmodernism now, *History and Theory* 38(1), February 1999, pp. 1, 3-4, 9; P. Lambert & P. Schofield, Social movements and theory into history, *in* P. Lambert & P. Schofield (eds), *Making history. An introduction to the history and practices of a discipline*, p. 179.
162. J.W.N. Tempelhoff, *Verhuidiglikte verlede — aspekte van die hermeneutiese verstaanmetode in geskiedenis*, p. 7.
163. P. Maylam, "Dead horses, the baby and the bathwater": "Post-theory" and the historian's practice, *South African Historical Journal* 42, May 2000, pp. 124, 132, 134; P. Zagorin, History, the referent, and narrative: Reflections on postmodernism now, *History and Theory* 38(1), February 1999, pp. 5, 7-10, 14-21, 23.
164. P. Maylam, "Dead horses, the baby and the bathwater": "Post-theory" and the historian's practice, *South African Historical Journal* 42, May 2000, p. 122.
165. C. Crais, South Africa and the pitfalls of postmodernism, *South African Historical Journal* 31, November 1994, pp. 276, 278; J.W.N. Tempelhoff, *Verhuidiglikte verlede — aspekte van die hermeneutiese verstaanmetode in geskiedenis*, p. 10; P. Brickley, Teaching post-modern history: A rational option for the classroom?, *Teaching History* 74, January 1994, p. 18; P. Maylam, "Dead horses, the baby and the bathwater": "Post-theory" and the historian's practice, *South African Historical Journal* 42, May 2000, pp. 122-123; P. Zagorin, History, the referent, and narrative: Reflections on postmodernism now, *History and Theory* 38(1), February 1999, pp. 5, 6-9.
166. J.F. Lyotard, *The post-modern condition*, introduction, soos aangehaal in P. Brickley, Teaching post-modern history: A rational option for the classroom?, *Teaching History* 74, January 1994, p. 18.
167. P. Brickley, Teaching post-modern history: A rational option for the classroom?, *Teaching History* 74, January 1994, p. 18.


© University of Pretoria

ingesteldhede wat die raamwerk of struktuur vir verduidelikings en verklarings (ook van die verledegebeure) vorm, en wat oor tyd heen verander, verstaan.[168] In wese gaan dit hier oor die bewuswording dat onderliggend aan enige kennisskepping daar sekere beïnvloeding of "grand narratives" of kontekste is. Dit struktureer en bepaal die historikus se empiriese ondervindinge en bevindinge. Dit dra by hoe sin gemaak word van die bewysmateriaal wat gebruik word, en wat eweneens deur "grand narratives" beïnvloed en gestruktureer is. Hierdie bewuswording ontken as't ware die bestaan van onafhanklike wetenskaplike "feite", "bewyse", "waarhede", en "werklikhede", en dan natuurlik ook historiese objektiwiteit.[169] Wat wel bestaan, is "feite", "bewyse", "waarhede" en "werklikhede" afhanklik en onderworpe aan die menslike beskrywing en interpretasie daarvan. Die historiese verlede is 'n gegewe en bestaan onafhanklik van die historikus. Tog staan historiese verklarings en interpretasies daarvan in direkte verband tot en is dit onlosmaaklik deel van die historikus en sy huidige "posisie" of konteks "— the time, the place, the approach, methods, views or values — of the historian".[170]

Hierdie is egter werklik geen "nuwe" benadering tot die historiese feitegegewe nie. Dit vorm immers deel van die historikus se intellektuele mondering en historiese metodologie van interne en eksterne kritiek van bronnemateriaal,[171] van kontekstualisering en konseptualisering, en van die historiese debat oor relativisme, "waarheid" en historiese objektiwiteit. Hierdie is eerder 'n hernude metodologiese bewusmaking en oproep tot bewuswording daarvan, tot die bewus-wees, selfondersoek, erkenning en identifisering van die "grand narratives" waarbinne elke historikus op 'n gegewe tydstip funksioneer.[172]

'n Verdere dimensie van postmodernistiese denke wat ook aandag vereis, is die pluralistiese metode waar meer as een moontlikheid, oortuiging, "waarheid", narratief en interpretasie erken word. Hiervolgens behoort historiese studie en verklarings bloot die neerstip van moontlike verklarings, verduidelikings, "waarhede" en interpretasies te wees. Daar moet ook 'n sensitiwiteit en bewustelikheid wees dat 'n sekere stem of stemme die oorheersende stem of diskoers of metanarratief is, en dit moet erken en aangedui word. Die historikus moet daarna strewe om veelstemmige, inklusiewe geskiedenis

168. P. Brickley, Teaching post-modern history: A rational option for the classroom?, *Teaching History* 74, January 1994, pp. 18, 20; P. Maylam, "Dead horses, the baby and the bathwater": "Post-theory" and the historian's practice, *South African Historical Journal* 42, May 2000, pp. 121-124, 134; P. Zagorin, History, the referent, and narrative: Reflections on postmodernism now, *History and Theory* 38(1), February 1999, p. 13; V. Bickford-Smith, Urban history in the new South Africa: Continuity and innovation since the end of apartheid, *Urban history* 35(2), 2008, p. 309.
169. P. Brickley, Teaching post-modern history: A rational option for the classroom?, *Teaching History* 74, January 1994, p. 18; P. Maylam, "Dead horses, the baby and the bathwater": "Post-theory" and the historian's practice, *South African Historical Journal* 42, May 2000, p. 122; P. Zagorin, History, the referent, and narrative: Reflections on postmodernism now, *History and Theory* 38(1), February 1999, p. 7; M. Roberts, Postmodernism and the linguistic turn, *in* P. Lambert & P. Schofield (eds), *Making history. An introduction to the history and practices of a discipline*, p. 233.
170. P. Brickley, Teaching post-modern history: A rational option for the classroom?, *Teaching History* 74, January 1994, p.19.
171. Kyk R.J. Shafer, *A guide to historical method*, pp. 149-170.
172. P. Brickley, Teaching post-modern history: A rational option for the classroom?, *Teaching History* 74, January 1994, p.19; P. Maylam, "Dead horses, the baby and the bathwater": "Post-theory" and the historian's practice, *South African Historical Journal* 42, May 2000, pp. 121, 124, 132.



© University of Pretoria

gevul met verskillende en teenstrydige verklarings — die sogenaamde *heteroglossia* — die lig te laat sien. Hierdeur sal die stemme en verhale van verskillende rasse, klasse, geslagte, gelowe, kulture, gemeenskappe, owerhede en bestuurs- of gesagsinstellinge die verledegebeure binne byvoorbeeld 'n historiese stedelike ruimte meer genuanseerd, gebalanseerd en aanvullend tot mekaar kan weergee.[173] Die idees van Clifford Geertz, 'n invloedryke Amerikaanse antropoloog, onderstreep hierdie uitgangspunt wanneer hy verklaar "[s]ince no city will ever speak with one voice the historian, like the citizen, has to understand the multiple images [stemme en verhale] which coexist together".[174]

Wat voorts ook belangrik vanuit 'n postmodernistiese benadering is, is dat andersoortige, vernuwende, kritiese, intense en verskillende vraagstellende vorme en tegnieke aan die verledegebeure of dan eerder aan die weergawes van verledegebeure gestel moet word. Dit het historici aangemoedig "to look more closely at documents, to take their surface patina more seriously, and to think about texts and narratives in new ways".[175]

Daar moet nie net indringende vrae aan weergawes (tekste/narratiewe) van verledegebeure gestel word nie. Daar moet ook tussen die lyne daarvan gelees word, en veral ook gefokus word op wat nie weergegee is nie. Met ander woorde, daar moet ook aan die "stiltes" binne die weergawes oor verledegebeure aandag gegee word en die stiltes moet dus bevraagteken, ontleed en geïnterpreteer word.[176] Soos Bloch tereg opgemerk het: "[a] document [or source] is a witness, and like most witnesses it rarely speaks until one begins to question [or rather interrogate[177]] it".[178]

Vrae wat onder meer gestel moet word, is binne watter politieke en sosiale orde die dokument geskep is; was dit 'n openbare of private dokument; wie was die outeur en hoe betroubaar was sy/haar inligting of data; watter tydsgees/denkwyse/ideologie lê ten grondslag van die oordele/uitsprake wat in die bronmateriaal gemaak is, en was hierdie uitsprake konsekwent; en wie was die "gehoor" op

---

173. T. Gouws & J. Bottomley, "Al was ons ook daar, ons weet dis nie waar nie" — Metodologie en geskiedskrywing in postmodernistiese perspektief. Referaat gelewer tydens die Tweejaarlikse Konferensie van die Historiese Genootskap van Suid-Afrika, 1996, pp. 9-11; P.H. Kapp, Die plek van opleiding in die teoretiese aspekte van geskiedenis in die universiteitsillabus. Referaat gelewer tydens die Geskiedenisberaad van die Geskiedeniskommissie van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, Januarie 1999, p. 8; P. Brickley, Teaching post-modern history: A rational option for the classroom?, *Teaching History* 74, January 1994, p. 21; P. Maylam, "Dead horses, the baby and the bathwater": "Post-theory" and the historian's practice, *South African Historical Journal* 42, May 2000, p. 122; A. Grundlingh, Herhistorisering en herposisionering: perspektiewe op aspekte van geskiedbeoefening in hedendaagse Suid-Afrika, *Historia* 46(2), November 2001, p. 320; P. Maylam, Explaining the apartheid city: 20 years of South African urban historiography, *Journal of Southern African Studies* 21(1), March 1995, p. 37; R. Harrison, The 'new social history' in America, *in* P. Lambert & P. Schofield (eds), *Making history. An introduction to the history and practices of a discipline*, p. 117.
174. D. Fraser & A. Sutcliffe, Introduction, *in* D. Fraser & A. Sutcliffe (eds), *The pursuit of urban history*, p. xix.
175. R.J. Evans, *In defence of history*, p. 248.
176. G. Himmelfarb, Telling it as you like it: Postmodernist history and the flight from fact, *in* K. Jenkins (ed.), *The postmodern history reader*, p. 159; J.W.N. Tempelhoff, *Verhuidiglikte verlede — aspekte van die hermeneutiese verstaanmetode in geskiedenis*, pp. 7, 10.
177. R. Harrison, A. Jones & P. Lambert, 'Scientific' history and the problem of objectivity, *in* P. Lambert & P. Schofield (eds), *Making history. An introduction to the history and practices of a discipline*, p. 30.
178. A. Marwick, *The nature of history*, p. 288.



© University of Pretoria

wie die bronmateriaal gemik was, en hoe is dit deur die "gehoor" ontvang?[179] Hierdie vrae behels die toepassing van interne kritiek wat historici al jare doen; die postmodernistiese pleitroep het dus net onder meer 'n hernude bewustelike toepassing van interne kritiek op bronnemateriaal bepleit.

Vir hierdie studie-onderwerp oor die daarstel van 'n "model native township", wat die modernistiese (en paternalistiese) skeppers daarmee bedoel en beoog het, wat hulle persepsies van die belewinge daarvan van die inwoners was, en hoe die bewoners daarvan dit inderdaad beleef en ervaar het, hou die volgende woorde van Michael Roberts 'n ernstige en bewustelike postmodernistiese oproep tot nadenke in: "The relationship of both texts and buildings to their creators' intentions, and their users' needs, is more complicated, messy and unpredictable than had seemed the case for the modernists."[180]

In die lig hiervan behoort die historikus dus te poog om hom-/haarself op verbeeldingryke wyse met die persone en gebeure in die verlede te identifiseer; hulle ervaringe te beleef en hom-/haarself daarin in te leef; en om hom-/haarself in verskillende kontekste, ook dié van herinneringe, te interpreteer.[181] Terselfdertyd moet die historikus ook kan onderskei tussen hoe dié persone hulle verlede beleef en ervaar het (hulle persepsies, standpunt, belewing, hulle "representation of reality"[182]), en hoe die verlede (die gebeure en omstandighede) na alle waarskynlikheid was (volgens die weergawes daarvan uit en gestaaf deur 'n verskeidenheid van bronne).[183] Dit behoort die historikus nader aan verantwoordbare, gebalanseerde, genuanseerde en geregverdigde gevolgtrekkings te bring.

Die waarde van 'n postmodernistiese bevraagtekening en bewusmaking van wat die historikus doen, hoe en hoekom dit gedoen word, en binne watter konteks(te) kan nie geringgeskat word nie, maar baie aspekte daarvan is inherent, hoewel dalk nie altyd bewustelik nie, deel van die historikus se intellektuele en metodologiese mondering. Daarom, soos Maylam dit verwoord, is alle historici — modernisties en postmodernisties — onderworpe aan die "constraints, shortcomings, limitations that go with the business of historical reconstruction and explanation".[184]

---

179. C. van Onselen, The reconstruction of a rural life from oral testimony: Critical notes on the methodology employed in the study of a black South African sharecropper, *The Journal of Peasant Studies* 20(3), April 1993, p. 510; C. Saunders, *Writing history. South Africa's urban past and other essays*, p. 106.
180. M. Roberts, Postmodernism and the linguistic turn, *in* P. Lambert & P. Schofield (eds), *Making history. An introduction to the history and practices of a discipline*, p. 228.
181. J.W.N. Tempelhoff, *Verhuidiglikte verlede — aspekte van die hermeneutiese verstaanmetode in geskiedenis*, p. 5; A. Grundlingh, Sosiale geskiedenis en die dilemma in Afrikanergeskiedskrywing, *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal* 19(1), 1987, p. 46.
182. G. Baines, A progressive South African city? Port Elizabeth and influx control, ca. 1923-1953, *Journal of Urban History,* November 2004, p. 77.
183. J. Rüsen, *Studies in metahistory*, p. iii.
184. P. Maylam, "Dead horses, the baby and the bathwater": "Post-theory" and the historian's practice, *South African Historical Journal* 42, May 2000, p. 134.


© University of Pretoria

## 4. ’n Vergelykende, evaluerende en visuele perspektief

Heelwat van die tradisionele navorsingsmetodes tot beskikking van die historikus kan met goeie gevolg in hierdie studie oor “model native townships”, met spesifieke verwysings na Atteridgeville, gebruik word. ’n Beskrywende, krities-analitiese en interpretatiewe aanslag met inagneming van ras- én klasgedrewe verklarings en postmodernistiese bevraagtekenings behoort ’n goeie uiteensetting op papier van die behuising en infrastruktuur in Atteridgeville, en die kragte en tendense wat daarop ingewerk het, te verskaf. Soos reeds bespreek, behoort die gebruikmaking van bestaande intra-, inter- en transdissiplinêre metodes en navorsingsresultate oor swart stedelike behuising in Suid-Afrika gedurende die onderhawige tydperk uiters belangrike en onontbeerlike insigte te verskaf ten einde die behuisings-, infrastruktuur- en lewenskwaliteitsituasie in die “model” swart woonbuurt van Atteridgeville na behore te begryp en te beoordeel.

Homer C. Hockett voer aan dat die moontlikheid van oorspronklike navorsing ’n belangrike kriteria is wat by die keuse van ’n onderwerp, navorsingsmetodologie en -tegnieke en by die besluit oor die relevansie en noodsaaklikheid van navorsing oor ’n bepaalde onderwerp in ag geneem moet word. Onder oorspronklike navorsing verstaan hy navorsingsresultate wat <u>op ’n unieke wyse</u> bereik is. Die navorser moet daarna streef om feite wat deur ander navorsers oor die hoof gesien is, op te spoor; om bestaande erkende feite in ’n nuwe perspektief en in nuwe verhoudinge en verwantskappe tot mekaar te sien; en om feite te vind waar ander navorsers nooit gedink het om na feite te soek nie of waar daar té oppervlakkig na feite gesoek is.[185] Saunders beaam hierdie standpunt wanneer hy verklaar dat “[h]istorians [should] constantly … use [or look at] old ones [documentary sources] in new ways.”[186]

Binne die raamwerk van die spesifieke onderwerp van hierdie proefskrif behoort drie metodologiese benaderings tot die historikus se beskikking die bereiking van navorsingsgevolgtrekkings op ’n unieke wyse te laat realiseer. Eerstens behoort ’n vergelykende perspektief nuwe verwantskappe te ontbloot en die historikus in staat te stel om tussen die algemene en die besondere (die “model”) te onderskei. Tweedens behoort ’n evaluerende perspektief die waarde en beoordeling van die “model native township”-konsep binne die relevante histories-ideologiese konteks verantwoordbaar, gebalanseerd en genuanseerd aan te toon. Laastens behoort ’n visuele perspektief tot groter empatiese begrip, kontekskorrekte genuanseerde verstaan, en verbeeldingryker insig van die verledegebeure aanleiding te gee.

185. H.C. Hockett, *The critical method in historical research and writing*, p. 88.
186. C. Saunders, *Writing history. South Africa’s urban past and other essays*, p. 37.


© University of Pretoria

Vergelyking behels die naasmekaarstelling van aspekte om die verwantskap of verhouding tussen aspekte te ondersoek en te ontleed, wat dan meestal op die identifisering van ooreenkomste en verskille tussen die aspekte fokus.[187] Vergelyking as sodanig is inherent deel van die historikus se navorsingsmondering. In die opsporing van historiese feite is die historikus voortdurend besig om te vergelyk, om verskillende bronne of getuienisse teenoor mekaar op te weeg, om ooreenkomste en verskille raak te sien. Vergelyking stel die historikus verder in staat om ’n samehang tussen feite vas te stel en om uit die brokstukke van gegewens ’n geheelbeeld op te bou. Vergelyking as inherente en implisiete "historiese vaardigheid" kan egter onderskei word van ’n meer bewuste omgaan met die verledegebeure volgens besondere metodes wat dan ’n vergelykende benadering/perspektief of geskiedenis tot gevolg het. In hierdie sin verwys "vergelykende perspektief" na die metode van die plasing van die bepaalde historiese ondersoek in ’n breër konteks as die spesifieke polities-sosiale, geografiese, ruimtelike en tydsraamwerk.[188]

Deur twee of meer historiese studie-objekte, hetsy gebeurtenisse, ontwikkelinge, prosesse, instellings, periodes of ruimtes, met mekaar te vergelyk, is lank reeds ’n gevestigde metode in historiese navorsing.[189] Bloch, wat ’n voorstander van vergelykende studie was, was in 1962 van mening dat die verledegebeure slegs verstaanbaar kan wees indien dit "‘succeed in establishing explanatory relationships between phenomena’".[190] Vir hom was die vergelykende metode in hoofsaak ’n tegniek om die verstaan en die verduideliking van verledegebeure te ontsluit.[191] So verklaar die sosioloë Theda Skocpol en Margaret Somers in 1980 ook "as long as people have investigated social life, there has been recurrent fascination with juxtaposing historical patterns from two or more times or places".[192] Die Amerikaanse historikus George M. Frederickson beklemtoon in 1981 die waarde van ’n vergelykende perspektief in historiese studie op die volgende wyse:

> How is one to know if a process or development [or "model native township"] is really the unique product of a special constellation of forces and influences within a given society unless one has actually compared it with analogous cases elsewhere? To the extent that historians persist in looking for causes or explanations for the phenomena they describe and are not simply content to be mere chronicles or storytellers, they must perforce develop comparative perspectives.[193]

---

187. F.J. Labuschagne & L.C. Eksteen, *Pharos verklarende Afrikaanse woordeboek*, p. 1414.
188. P. de Klerk, Vergelyking in die bestudering van geskiedenis, *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal* 6, 1974, p. 89; W.H. Sewell, Marc Bloch and the logic of comparative history, *History and Theory* 2, 1967, p. 218.
189. P. de Klerk, Die Suid-Afrikaanse geskiedenis in vergelykende perspektief — ’n metodologiese ondersoek, *Historia* 44(2), November 1999, pp. 289, 290.
Kyk P. de Klerk, Vergelyking in die bestudering van geskiedenis, *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal* 6, 1974, pp. 89-95 vir ’n historiese oorsig van die gebruik van vergelykende metodes.
190. M. Bloch, *The historian's* craft, p. 10, soos aangehaal in W.H. Sewell, Marc Bloch and the logic of comparative history, *History and Theory* 2, 1967, p. 208.
191. W.H. Sewell, Marc Bloch and the logic of comparative history, *History and Theory* 2, 1967, p. 208; J.S. Bergh, White supremacy twenty years on: Opportunities for comparative historical research, *Historia* 48(1), May 2003, p. 365.
192. T. Skocpol & M. Somers, The uses of comparative history in macrosocial inquiry, *Comparative Studies in Society and History* 22, 1980, p. 174.
193. G.M. Frederickson, *White supremacy. A comparative study in American and South African history*, p. xiv.


© University of Pretoria

Plaaslik het Saunders in 1992 ten opsigte van ’n vergelykende metode in die bestudering van stedelike geskiedenis verklaar dat sodanige metode

> may raise new questions or reveal what the study of a particular city [or “model native township”] does not, such as unsuspected variations. It may illuminate the way the same issue may take different forms in different cities, either within the same country, or in different countries.[194]

Daar bestaan verskeie benaderings tot vergelykende studie waarvan enkeles vervolgens uiteengesit gaan word. Bloch het die vergelykende metode vir drie onderskeie doelwitte gebruik, naamlik (i) om die geldigheid van verklarende of verduidelikende hipoteses te evalueer, te interpreteer en waar nodig te herformuleer aan die hand van historiese bewysmateriaal; (ii) om die uniekheid van verskillende gemeenskappe te ontdek en te bevestig, deur die unieke en die besondere binne ’n groter geheel te ondersoek en te evalueer; en (iii) om probleme of hipoteses vir historiese navorsing te formuleer, wat op kennis wat voortspruit uit vergelykende navorsing gegrond is.[195] In wese behels hierdie drie doelwitte die toetsing van die geldigheid van hipoteses, teorieë en modelle aan die hand van historiese gebeure, ontwikkelinge en samehange.

Volgens Skocpol en Somers kan werke in vergelykende geskiedenis in drie duidelik-onderskeibare benaderings verdeel word, naamlik (i) die “parallel demonstration of theory”, waar ’n stel teoretiese stellings oor ’n aspek van sosiale verandering gemaak word en dan word verskeie historiese studies gebruik om die teorie toe te lig en sy bruikbaarheid en geldigheid aan te toon; in hierdie benadering is die klem meer op die teoretiese as op die historiese; (ii) die “contrast of contexts”, wat die teenpool van die eerste benadering is en meer deur historici as ander sosiaal-wetenskaplikes gebruik word, waar die unieke en eiesoortige kenmerke van elke spesifieke historiese studie uitgelig word en dan (veral verhalend) aangedui word hoe hierdie unieke eienskappe die werking van die veronderstelde algemene sosiale prosesse in ’n meerdere of mindere mate beïnvloed; met hierdie benadering word oorveralgemenings vermy en word genoegsame aandag aan tyds- en plekaspekte, aan die historiese, gegee; en (iii) die “macro-causal analysis”, waar vergelykende geskiedenis gebruik word om toevallige gevolgtrekkings tussen makrovlakstrukture en -tendense te maak; hierdie benadering dien as ’n “brug” tussen die eerste twee, uiteenlopende, benaderings en word gebruik om die makro-oorsake van sosiale verandering aan die hand van teoretiese ontledingsbeginsels te ondersoek; die fokus is nie soseer op die geldigverklaring van teoretiese modelle nie, maar eerder op die begrip van die spesifieke kragte wat verandering binne ’n bepaalde historiese milieu teweegbring; daar is ook ’n sensitiwiteit vir die variasies en eiesoortigheid wat in die navorsingsonderwerpe aanwesig is; die finale produk van hierdie benadering

194 C. Saunders, *Writing history. South Africa’s urban past and other essays*, p. 29.

195. W.H. Sewell, Marc Bloch and the logic of comparative history, *History and Theory* 2, 1967, pp. 208-211; J.S. Bergh, White supremacy twenty years on: Opportunities for comparative historical research, *Historia* 48(1), May 2003, p. 365.



© University of Pretoria

fokus nie op teorie-uitbreiding nie, maar op die daarstelling van teoriegebaseerde verklarings en verduidelikings vir historiese gebeure. Hierdie drie benaderings is interafhanklik van en aanvullend tot mekaar, dit vorm eintlik 'n aanvullende stelsel, en het mekaar nodig om elke benadering se beperkinge en tekortkominge te oorkom.[196]

Volgens Pieter de Klerk, een van die eerste Suid-Afrikaanse historici wat die historiese vergelykingsmetode in diepte ondersoek het, kan die volgende drie metodes van vergelyking in die bestudering van geskiedenis onder meer onderskei word. Een hiervan fokus op verskille, terwyl twee ander ooreenkomste beklemtoon: (i) individualiserende vergelyking wat daarop fokus om verskille, die besondere, tussen bepaalde studie-objekte uit te wys; hierdie metode is veral van belang waar die individuele aspekte van die studie-objekte nie duidelik te voorskyn tree nie, waar daar op die oog af baie ooreenkomste is, en waar studie-objekte baie na aan mekaar is wat tyd en ruimte betref; (ii) sintetiserende of genetiese vergelyking wat ten doel het om ooreenkomste wat gemeenskaplike invloede, tendense en samehange uitwys, aan te toon; hierdie metode is veral van belang by studie-objekte wat in tyd en ruimte na aan mekaar is, want samehange word tyd-ruimtelik bepaal; en (iii) generaliserende of universaliserende vergelyking wat daarop gerig is om ooreenkomste wat aan algemene wette of reëls beantwoord of aandui dat die studie-objekte tot 'n bepaalde algemene kategorie behoort, te identifiseer; hierdie ooreenkomste dui nie op samehange nie, maar op die algemene aard van die studie-objek of verskynsel; hierdie metode is veral van belang vir studie-objekte wat verwyderd van mekaar in tyd en ruimte is.[197] De Klerk beklemtoon verder dat die aantal studie-objekte die verklaring of verduideliking van vergelykingsbevindinge (hoekom studie-objekte ooreenstem of van mekaar verskil) beïnvloed, veral wat ooreenkomste betref. Verskille tussen studie-objekte kan verklaar word aan die hand van die aan- of afwesigheid van sekere faktore by die onderskeie studie-objekte. Wanneer ooreenkomste tussen studie-objekte ontleed word, moet vasgestel word of dit die gevolg is van die invloed van die een op die ander, dalk selfs 'n gemeenskaplike invloed op die studie-objekte, en of daar 'n bepaalde algemene reël of wet of historiese norm is wat op albei gevalle van toepassing is. In laasgenoemde geval benodig die historikus meer as twee studie-objekte om die bestaan van reëls of norme sinvol te beoordeel. In die geval van vergelykende studie wat net na twee studie-objekte kyk, kan verwag word dat daar eerder op die vind van verskille as ooreenkomste gefokus sal word.[198]

---

196. J.S. Bergh, White supremacy twenty years on: Opportunities for comparative historical research, *Historia* 48(1), May 2003, pp. 364-365; T. Skocpol & M. Somers, The uses of comparative history in macrosocial inquiry, *Comparative Studies in Society and History* 22, 1980, pp. 175, 178, 181-183, 187-197; G.R. Andrews, Review essay: Comparing the comparers: White supremacy in the United States and South Africa, *Journal of Social History* 20, 1986/7, pp. 585-586, 590.
197. P. de Klerk, Vergelyking in die bestudering van geskiedenis, *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal* 6, 1974, pp. 88, 96-97; P. de Klerk, Die Suid-Afrikaanse geskiedenis in vergelykende perspektief — 'n metodologiese ondersoek, *Historia* 44(2), November 1999, pp. 290-291; J.S. Bergh, White supremacy twenty years on: Opportunities for comparative historical research, *Historia* 48(1), May 2003, pp. 366-367.
198. P. de Klerk, Die Suid-Afrikaanse geskiedenis in vergelykende perspektief — 'n metodologiese ondersoek, *Historia* 44(2), November 1999, pp. 291, 303-305.


© University of Pretoria

Uit die uiteensettings van Bloch, Skocpol en Somers, en dié van De Klerk blyk dit dus samevattend dat ’n vergelykende benadering tot die verledegebeure ten doel het om die geldigheid van algemeen-verklarende teorieë of modelle te evalueer aan die hand van spesifieke historiese studies; om aan die hand van verskille tussen studie-objekte die uniekheid, eiesoortige en verskillende aard van historiese studie-objekte te identifiseer; en om aan die hand van ooreenkomste tussen studie-objekte die groter geheel of samehang raak te sien en/of die ooreenstemmende, algemene en universele aard van historiese studie-objekte te identifiseer. Die oorkoepelende doel van vergelykende studie is dus om aan die hand van teoretiese modelle en deur die uitwys van eiesoortigheid, samehange of tendense, en algemene historiese reëls of norme die bepaalde historiese onderwerp beter en tot ’n groter mate te verstaan en historiese insigte te verruim.

’n Vergelykende navorsingsbenadering waar sowel ooreenkomste as verskille uitgelig word, hou verskeie voordele vir die historikus in. Dit dra by tot beter begrip, omdat die verhoudings en verwantskappe tussen sekere verskynsels, gebeure of ruimtes ontleed word en oorkoepelende verbande en onderliggende samehange dan aangedui kan word. Historiese samehange kom selde binne die presiese eenhede van historiese indelings en afbakenings voor. Die vergelykende metode help die historikus om verby die geykte grense van historiese indelings en afbakenings te kyk, en so kan samehange wat andersins verborge kon gebly het, aan die lig kom. ’n Vergelykende benadering kan ook aanleiding gee tot nuwe sinteses, nuwe vrae aan aanvaarde en gevestigde historiese verduidelikings en verklarings, en, soms, tot nuwe insiggewende antwoorde, uitgebreide verduidelikings en andersoortige interpretasies. Dit is daarom vir die historikus ’n hermeneutiese instrument om die verledegebeure meer indringend en met skerper insig te ontleed, te verstaan, te interpreteer en te herinterpreteer.[199]

Die gebruikmaking van vergelykende studie kan die historikus dus tot insiggewende gevolgtrekkings laat kom oor die eiesoortige en algemene aard van die studie-objek. Wanneer ’n vergelykende studie gedoen word, tree die spesifieke, die besondere, uitsonderlike en eiesoortige eienskappe van die studie-objek duideliker te voorskyn. Die waarde van ’n vergelykende studie is voorts ook daarin geleë dat dit die historikus in staat stel om weg te breek uit ’n eng, plaaslike en geïsoleerde studie wat slegs op een geografiese gebied fokus. Dit lei tot ’n groter verwysingsraamwerk en ’n breër perspektief waar meer as een historiese en geografiese ruimte ondersoek word. Vergelykende studie — nasionaal, sowel as internasionaal — waar die aanvanklike identifisering van die ooreenkomste tussen die historiese studie-objekte die verskille duideliker laat blyk, sal die historikus veral in staat stel om die spesifieke en unieke

199. W.H. Sewell, Marc Bloch and the logic of comparative history, *History and Theory* 2, 1967, pp. 208-210; A. Marwick, *The nature of history*, p. 75; G.M. Frederickson, *White supremacy. A comparative study in American and South African history*, pp. xii, xvi; P. de Klerk, Vergelyking in die bestudering van geskiedenis, *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal* 6, 1974, pp. 97-99, 102-103; T. Skocpol & M. Somers, The uses of comparative history in macrosocial inquiry, *Comparative Studies in Society and History* 22, 1980, pp. 181-182.


© University of Pretoria

kenmerke van die studie-objek beter te verstaan, te begryp en te ontleed.[200]

Toegepas op hierdie studie oor "model native townships" (toegespits op Atteridgeville) behoort die historiese vergelykingsmetode verskeie voordele en insigte tot gevolg te hê. Wanneer 'n vergelykende studie gedoen word, tree die verskille, die besondere, spesifieke, uitsonderlike en eiesoortige eienskappe, van die studie-objek ('n historiese stedelike ruimte, die swart werkersklaswoonbuurt Atteridgeville) duideliker te voorskyn. Slegs deur omstandighede in Atteridgeville met omstandighede in ander ooreenstemmende swart stedelike (en werkersklas) woonbuurtes te vergelyk, sal vasgestel kan word of omstandighede in Atteridgeville werklik so uniek, eiesoortig, besonders, ideaal en "perfek" was. Deur terselfdertyd op die ooreenkomste tussen Atteridgeville en ander woonbuurtes te fokus, sal die algemene aard en samehange van swart stedelike (en werkersklas) behuising en woonbuurtuitleg uitwys, asook tot watter mate Atteridgeville en ander swart stedelike (en werkersklas) woonbuurtes dieselfde eienskappe en algemene behuisings- en woonbuurtuitlegtendense openbaar het. Laastens sal die vergelyking en meting van Atteridgeville aan die eietydse teoreties-ideale kenmerke van en kwantitatiewe kriteria vir 'n "model native township" die navorser in staat stel om 'n gebalanseerde oordeel oor die model-aard van Atteridgeville te vel.

'n Evaluerende perspektief behoort die begrip en insigte wat uit 'n vergelykende ontleding van die verledegebeure verkry is, 'n stap verder te neem. Die gebruik van evaluering in historiese navorsing is bewustelik of onbewustelik deel van die historikus se navorsingsmondering en intellektuele vaardighede. Dit behels gedissiplineerde, toegewyde en sistematiese ondersoek van en vraagstelling aan die historiese bewysmateriaal ten einde 'n verantwoordbare waardebepaling te maak en -oordeel te vel.[201] Waar die vergelykende perspektief meer op die kwantifiseerbare aspekte tussen die teoretiese kriteria en die neerslag daarvan in die praktyk van "model native townships" fokus, behoort 'n evaluerende perspektief die kwalitatiewe aspekte meer op die voorgrond te plaas. Verantwoordbare uitsprake en gevolgtrekkings oor die waarde, geskiktheid, aard, kenmerke (hetsy positief of negatief), ingewikkeldheid, belewinge van, die bedoelinge (hetsy openlik of verskuild) met, en die persepsies oor "model native townships" kan slegs deur die toepassing van 'n konteksgepaste, multidimensionele en genuanseerde waarde-oordeel aan die lig gebring word.[202]

---

200. W.H. Sewell, Marc Bloch and the logic of comparative history, *History and Theory* 2, 1967, pp. 210, 216; G.M. Frederickson, *White supremacy. A comparative study in American and South African history*, pp. xiv-xv; P. de Klerk, Vergelyking in die bestudering van geskiedenis, *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal* 6, 1974, pp. 96, 99; C. Saunders, *Writing history. South Africa's urban past and other essays*, pp. 29-31.
201. T. Kellaghan, 2010, Evaluation research, https://www.sciencedirect.com/science/article/pii/B9780080448947013269, access: 9 July 2023.
202. RadioSonderGrense (RSG), 21 April 2023, Potgooi https://www.rsg.co.za/rsg/potgooi-resultaat/?_sf_s=oppenheimer, Program: Op en Wakker, Onderhoud met Michael Cardo, getiteld 'Harry Oppenheimer — Die koning van diamante', oor sy boek *Harry Oppenheimer: Diamonds, gold and dynasty* (Johannesburg, 2023), toegang: 8 Julie 2023; IXL Learning, 2023, https://www.vocabulary.com/dictionary/evaluation, access: 9 July 2023; Merriam-Webster, 2023, https://www.merriam-webster.com/dictionary/evaluation, access: 9 July 2023.



© University of Pretoria

Alhoewel vergelykende en evaluerende metodologiese ontledings vanselfsprekend uiters waardevol en insiggewend is, slaag dit nie altyd daarin om die leser se historiese verbeelding aan te wakker en nuuskierigheid te prikkel nie. Geskrewe weergawes van die verledegebeure mag soms onbenullige en vervelige inligting aan die orde stel (veral waar oor die daarstelling van ’n infrastruktuur en die voorsiening van sanitasie, water, elektrisiteit en vervoer berig word) en is nie altyd interessant nie.[203] Dit is waarom ’n visuele perspektief uiters noodsaaklik is om die historiese kontekstuele, konseptuele en genuanseerde ontledings, gevolgtrekkings en waarde-oordele konkreter en verbeeldingryker voor te stel en aan te bied.

Die gebruik van die visuele perspektief of visualisering in historiese navorsing verwys na die fisiologiese en verbeeldingsproses om ’n gedagtebeeld van ’n bepaalde idee of konsep te skep.[204] Hierdie proses ondersteun die verstaanproses van navorsingsresultate deurdat abstrakte en ingewikkelde konsepte op ’n meer konkrete, verstaanbare en ontblotende manier visueel uitgebeeld word, onder meer deur in hierdie studie van foto’s, kaarte, huis- en woonbuurtplanne, sketse, diagramme, tabelle, organogramme en skematiese kennisvoorstellings (*dynamic knowledge maps*)[205] gebruik te maak. Visuele uitbeeldings maak dit voorts vir die leser moontlik om die essensie van verskillende betekenisonderskeidings, interpretasies en evaluerings, asook vergelykings en dekonstruksies van konsepte met een oogopslag waar te neem, in te neem en te begryp. Die gebruik van kleur en kreatiewe uitbeeldings verhoog die trefkrag én begrip van wat die historikus wil oordra. Vanselfsprekend moet hierdie visualiseringsmetode en -tegnieke met oorleg en uiters selektief gebruik word anders sal die trefkrag verlore gaan en die leser sensories oorlaai word. Tog kan dit ’n belangrike rol in groter empatiese begrip, in beter genuanseerde verstaan, speel deur komplekse en ingewikkelde konsepte visueel uiteen te sit. Hierdie visuele uitbeeldings vervul dus ’n uiters relevante rol, veral in die visueel-gedrewe en -oorheersende 21ste eeu. Dit moet egter steeds net ondersteunend tot die geskrewe woord aangewend word.[206]

---

203. C. Saunders, *Writing history. South Africa’s urban past and other essays*, p. 11.
204. Oxford Dictionary Trust, *Oxford South African concise dictionary*, p. 1332.
205. G. Krlev, 14 May 2019, The death of the literature review and the rise of the dynamic knowledge map, https://blogs.lse.ac.uk, access: 15 July 2019.
Kyk Hoofstuk III waar hierdie visuele element vir die ontleding en vergelyking van bronne gebruik word om die verhouding en verwantskap tussen nuwe navorsingresultate en die bestaande navorsingsliteratuur visueel uit te beeld. Die visuele uiteensetting van bronne-ontledings behoort as beginpunt te dien vir ’n meer volledige en intensiewe bronnebespreking met die diagrammatiese uiteensetting wat ’n raamwerk en struktuur aan so ’n bespreking verleen.
206. M. Nediger, 5 June 2020, What is data visualization?, https://www.venngage.com/blog/data-visualization/#1, access: 9 July 2023; K. Sevenhuysen, “Sien is ... verstaan!” Skematiese en visuele voorstellings van die konsepte “model swart woonbuurt” en “paternalisme”, Referaat gelewer by die Studentesimposium vir Sosiale en Geesteswetenskappe, Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns (SAAWK) Oktober 2020, Pretoria; K. Sevenhuysen, “Model native townships” in South Africa during the first half of the 20th century: Conceptualisation, contextualisation, and visualisation, Pre-recorded paper at the Cities in a Changing World: Questions of Culture, Climate and Design Conference (A conference on architecture, urbanism, planning, sociology, health, environments, infrastructure and economies) that took place virtually (and in New York) from 16-18 June 2021, organised by Amps (Architecture_Media_Politics_Society), an international research organisation based in the United Kingdom; K. Sevenhuysen, “’n Naelstring, ’n ketting, ’n prisma, en ’n hoefyster”: Nuanse en balans in historiese navorsing, kommentaar en interpretasie, Referaat gelewer by die Nasionale kongres van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Kultuurgeskiedenis, 12 Mei 2023, Pretoria.


© University of Pretoria

## 5. Atteridgeville as gevallestudie: primêre en tydgenootlike bronne

Sekerlik een van die heel belangrikste histories-metodologiese rigtingwysers, indien nie dié belangrikste nie, is dat die historiese navorser die beskikbare en bruikbare bronne-inhoude moet volg en daardeur gelei moet word wanneer historiese beskrywings, verduidelikings, ontledings en evaluerings aangebied word. Aangesien die daarstelling van die model swart woonbuurt van Atteridgeville as gevallestudie vir hierdie navorsing dien, is dit sinvol om die beskikbare en bruikbare bronne toe te lig. Die voorafgaande teoretiese en metodologiese uiteensetting en die praktiese toepassing en realisering daarvan op hierdie navorsing word deur die aard van die bronnemateriaal bepaal en beperk, maar terselfdertyd ook bevestig en uitgelig.

Twee[207] bronnekategorieë (met onderafdelings) kan onderskei word in die navorsing wat oor Atteridgeville as 'n gevallestudie van 'n "model native township" van die 1930's en 1940's in Suid-Afrika onderneem is, naamlik *primêre bronne* uit die argiefversamelings van die Stadsklerk van Pretoria, en die Van der Waal-Pretoria-fotoversameling; en *tydgenootlike bronne* wat verder verdeel kan word in publisiteitsbronne, bronne met inligting oor die ekonomiese posisie van stedelike swartes (spesifiek in Atteridgeville), bronne gegrond op intensiewe veldwerk wat in Atteridgeville deur volkekundiges/antropoloë onderneem is, bronne wat evalueringskriteria vir die evaluering van Atteridgeville as 'n model swart stedelike woonbuurt bevat, en enkele bronne wat die swart standpunt en belewinge weergee.

Die historikus gebruik interne en eksterne kritiek in die ontleding van veral *primêre bronne* om die betroubaarheid, akkuraatheid, juistheid, geldigheid, en geloofwaardigheid van onderskeidelik die inhoud, die bronmateriaal en die outeur daarvan vas te stel. Historiese bronmateriaal was nog altyd kwesbaar, en selfs onder verdenking, weens die inherente beperkings wat daarin vervat is.[208] Die historikus moet dus in sy hantering van die primêre bronnemateriaal oor die vermoë beskik "to feel one's way into the mind of the writer and read between the lines";[209] of anders gestel "'[t]he historian's [or writer's] personality accounts not only for the historical material and themes selected but also for the conscious and unconscious conceptual schemata imposed upon it.'"[210] In die woorde van Edward H.

---

207. 'n Derde bronnekategorie, naamlik meer moderne bronne, word in die Hoofstuk III as deel van die literatuuroorsig bespreek.
208. R.J. Shafer, *A guide to historical method*, pp. 128, 150-155; E.A. Clark, *History, theory, text: Historians and the linguistic turn*, pp. 23, 28; M.T. King, Working with/in the archives, *in* S. Gunn. & L. Faire (eds), *Research methods for history*, p. 21; C. Saunders, *The making of the South African past. Major historians on race and class*, p. 2; R. Harrison *et al*., 'Scientific' history and the problem of objectivity, *in* P. Lambert & P. Schofield (eds), *Making history. An introduction to the history and practices of a discipline*, p. 27.
209. K. Smith, *The changing past. Trends in South African historical writing*, p. 1.
210. P. Loewenberg, *Decoding the past: The psychohistorical approach*, p. 12, soos aangehaal in S. Nicholas, History and psychoanalysis, *in* P. Lambert & P. Schofield (eds), *Making history. An introduction to the history and practices of a discipline*, p. 133.


© University of Pretoria

Carr dus "'[b]efore you study the history study the historian', … '[b]efore you study the historian, study his historical and social environment.'"[211]

Vir die argivale navorsing oor die ontstaan van Atteridgeville is hoofsaaklik van plaaslike regeringsdokumente — stadsraad- en stadsraadkomiteenotules,[212] en enkele korrespondensielêers en verslae — gebruik gemaak. Ten spyte van die magdom inligting wat daarin te vinde is, is daar leemtes in die dokumentasie: so byvoorbeeld word die baie waardevolle Verslag van die Mediese Beampte van Pretoria vir die tydperk 1921-1952 vermis en geen notules van die Swart Adviesraad, wat veral die swart standpunt weergee, is vir die tydperk ná 1942 opgespoor nie. In hierdie verband verwys Peter Limb na die problematiek rondom vermiste argiefdokumentasie: "Writing history from an amputated archive is risky".[213]

Die historikus moet argivale bronne dus ook binne die konteks van die argief of argiefgroep self beoordeel en evalueer. Die aard van die argief impliseer dat 'n bepaalde gesagstruktuur die dokumente versamel het en besluit het oor wat vir die versamelings behoue moes bly en wat vernietig moes word.[214] Die argief is 'n plek van "memory and preservation, but always also a place of forgetting and destruction."[215] Die historikus moet hiervan bewus wees en tussen die pole van onvolledigheid en verborgenheid heen beweeg op soek na (gedeeltelike) sin en begrip vir die bepaalde verledegebeure wat ondersoek word.[216] Pogings moet ook aangewend word om alternatiewe bronne op te spoor "to point out its [the archive's] erasures, gaps and silences."[217] Die belangrikheid van die toepassing van interne kritiek blyk duidelik wanneer Robert J. Shafer die historikus soos volg tot kritiese bewustheid maan wanneer die inhoud van regeringsdokumente (ook dié van plaaslike owerhede) nagevors word:

> The documents are composed by men, not by disembodied entities. Government documents can and often do contain distortion and error due to selection and bias and mistaken facts and mechanical errors. They can contain lies, ...[218] do not assume that government documents are especially entitled to uncritical acceptance.[219]

Die feit dat die dokumentasie van die Pretoriase stedelike plaaslike owerheid grootliks deur blanke amptenare opgestel is, noodsaak ook die hantering van die inhoud, uitsprake en gevolgtrekkings met metodiese waaksaamheid, kritiek en twyfel. Die blanke se belewinge en ondervindinge was ver

---

211. E.H. Carr, *What is history?*, p. 44, soos aangehaal in C. Saunders, *The making of the South African past. Major historians on race and class*, p. 2.
212. Die notules van die volgende stadsraadskomitees is gebruik: die Openbare Gesondheidskomitee, die Naturelle en Asiatiese Administrasiekomitee en die Behuisingskomitee.
213. P. Limb, soos aangehaal in A. Mabin, A century of South African Housing Acts 1920-2020, *Urban Forum* 31, 2020, p. 459.
214. M.T. King, Working with/in the archives, *in* S. Gunn. & L. Faire (eds), *Research methods for history*, pp. 14, 15.
215. M.T. King, Working with/in the archives, *in* S. Gunn. & L. Faire (eds), *Research methods for history*, p. 18.
216. M.T. King, Working with/in the archives, *in* S. Gunn. & L. Faire (eds), *Research methods for history*, pp. 18, 20.
217. M.T. King, Working with/in the archives, *in* S. Gunn. & L. Faire (eds), *Research methods for history*, p. 18.
218. R.J. Shafer, *A guide to historical method*, p. 85.
219. R.J. Shafer, *A guide to historical method*, p. 86.


© University of Pretoria

verwyderd en gesegregeerd van dié van die swarte, al sou hulle dieselfde stadsomgewing gedeel het. Die betrokkenheid (of gebrek daaraan) van die amptenaar wat gebeure geboekstaaf het, tesame met kultuurverskille, beïnvloed die geloofwaardigheid en betroubaarheid van die bronne-inhoud.[220]

Ten spyte van al bogenoemde slaggate waarop die navorser in die bestudering van argivale bronne bedag moet wees, kan met redelike sekerheid beweer word dat die inligting vervat in die stadsraad- en stadsraadkomiteenotules bo verdenking staan. Die grootste probleem was dat hierdie dokumentasie die proses waarvolgens Atteridgeville beplan, uitgelê en gebou is, uiteensit. Die uitkoms van hierdie proses — of wat beplan en in die vooruitsig gestel is, in die praktyk gerealiseer het — was baie problematies om vas te stel. Hierdie stand van sake is veral deur die boubeperkings as gevolg van die Tweede Wêreldoorlog vererger. Ten einde vas te stel of infrastruktuur inderdaad gebou is en of die dienste in ’n ander tipe gebou verskaf is, moes ander eietydse bronne voortdurend saam met die argivale bronne gebruik word om die werklike stand van sake na te speur. Die Van Waal-Pretoria-fotoversameling was in hierdie verband baie nuttig: verskeie name van hooggeplaastes is voorgehou wat die opening van Atteridgeville sou waarneem; die ware toedrag van sake van wie in werklikheid die opening waargeneem het, is deur middel van ’n foto en fotobeskrywing opgespoor.[221]

Waar Atteridgeville in owerheidsdokumente en *tydgenootlike bronne* as ’n “model native township” voorgehou is, moet die navorser bedag wees op die munisipale beeldbou- en propaganda-aard van hierdie bronne en slaggate in hierdie verband vermy. Propaganda inherent in sodanige dokumentasie wentel meestal rondom weglatings van probleme en struikelblokke, en oordrywings van die uitsonderlike prestasies van Pretoria se swart stedelike behuisingsverskaffing. Die opmerkings van waarnemers van spesifieke historiese gebeure en omstandighede en hulle belewinge daarvan kan nie voor die voet as ’n getroue, feitelik-verantwoordbare, geregverdigde en historiese weergawe daarvan aanvaar word nie. Dit moet as ’n beskrywing van hulle standpunt en belewing beskou word. Dit maak dit nie waardeloos as historiese bronne nie, maar gee bloot ’n betrokke standpunt weer[222] en kan dus nie as die “werklikheid”/“waarheid” self of die enigste “werklikheid”/“waarheid” beskou word nie. Ten spyte van die tekortkominge en problematiek van publisiteitsbronne, was dié wat deur die Stadsraad van Pretoria en behuisingsowerhede gepubliseer is,[223] uiters waardevol om vas te stel watter strukture en dienste wel

---

220. R.J. Shafer, *A guide to historical method*, pp. 155-157.
221. Archives of the Department of Architecture, University of Pretoria, Van der Waal Pretoria Collection 207, Photograph: Official opening of Atteridgeville, 1940.
222. G. Baines, Community resistance and collective violence: The Port Elizabeth Defiance Campaign and the 1952 New Brighton riots, *South African Historical Journal* 34, May 1996, p. 39.
223. Anon, Pretoria will train native servants (*Rand Daily Mail*, 29 July 1947); D.F. Cambell, Pretoria to build 5 000 native houses (*Rand Daily Mail*, 21 July 1947); Anon, Atteridgeville native township, Pretoria (*Municipal Affairs* 10(155), July 1948); Anon, The Central Housing Board (*South African Architectural Record*, June 1943); Central Housing Board, Housing in urban native areas (*Race Relations Journal* 7(4), November 1940); City Council Of Pretoria, Atteridgeville — a model township near Pretoria (*South African Architectural Record*, July 1943); Pretoria City Council, Atteridgeville native township, Pretoria (*Public Works of South Africa*, April 1948); C.W. Sinclair, Success of Pretoria municipal housing scheme (*Outspan* 40(1026), 25 October 1946); H.P. Junod,


© University of Pretoria

teen die einde van die 1940's in Atteridgeville opgerig is. Woonbuurtuitleg- en huisplanne, asook foto's in hierdie publikasies is 'n visuele bronnevonds wat veral in die evaluering van Atteridgeville as 'n modelwoonbuurt 'n noodsaaklike visuele perspektief bied.

Die grootste struikelblok in die daarstelling van model swart woonbuurtes was die finansiële (vir die plaaslike owerhede) en ekonomiese (vir die swart inwoners) las wat gedra moes word om beter lewens- en woonomstandighede te verseker. Die finansiële uitgawes wat die Stadsraad van Pretoria moes aangaan, word volledig, en betroubaar in die beskikbare primêre en eietydse bronne weergegee. Om die omvang van die ekonomiese las op die swart inwoners van Atteridgeville met redelike betroubaarheid vas te stel, is egter problematies en gekoppel aan 'n veelvoud van veranderlikes. Tog is 'n bron opgespoor wat 'n redelik-akkurate, en so-betroubaar-as-moontlike inligting oor die ekonomiese posisie van die inwoners van Atteridgeville verskaf, naamlik die 1944-verslag[224] van die Beardmore-kommissie van ondersoek na die funksionering van swart stedelike busdienste op die Witwatersrand en in die Pretoria- en Vereeniging-distrikte. Begrotingsinligting is veral belangrik as 'n evalueringskriteria in die bepaling en vasstelling van die model-aard van Atteridgeville. Wat die inligting in hierdie verslag so uiters relevant en bruikbaar maak, is die feit dat die begrotingsbesonderhede in die oorspronklike geldeenheid (ponde, sjielings, en pennies)[225] weergegee word. Ander bronne[226] verskaf wel uiters nuttige begrotingsinligting, maar dit is in randwaardes omgesit wat die inligting totaal waardeloos maak.[227]

Verskeie volkekundiges/antropoloë was die eerste navorsers wat op grond van intensiewe en gedetailleerde veldwerk die omstandighede in Atteridgeville op skrif gestel het. Veral Roelof Coertze[228] en Johannes F. Eloff[229] het verskeie aspekte van die swartes se lewenswyse en lewensomstandighede vanuit 'n volkekundige oogpunt bespreek. Alhoewel hierdie studies vanuit 'n ander (anders as die

---

The Bantu population of Pretoria, *in* S.P. Engelbrecht *et al*. (samestellers), *Pretoria (1855-1955): geskiedenis van die stad Pretoria* (Pretoria, 1955); P.H. Connell, *Sub-economic housing practice in South Africa* (South African Council for Scientific and Industrial Research: National Building Research Institute, series DR 1. Pretoria, 1947).

224. U.G. 31-1944: Union of South Africa, *Report of the commission appointed to enquire into the operation of bus services for non-Europeans on the Witwatersrand and the districts of Pretoria and Vereeniging* (Pretoria, 1944).
225. In hierdie navorsing is die pond-sterlingwaardes nie na randwaardes omgeskakel nie. Dit het historiese akkuraatheid en betroubaarheid verseker en vergelykbaarheid moontlik gemaak.
226. R.D. Coertze, *Atteridgeville. 'n Stedelike Bantoewoonbuurt* (Pretoria, 1969); R.D. Coertze, Die gesinslewe in Atteridgeville, *in* Eloff, J.F. & R.D. Coertze (reds.), *Etnologiese studies in Suidelike Afrika* (Pretoria, 1972); J.F. Eloff, *'n Volkekundige studie van aanpassing en ontwikkeling in die gesinslewe van die naturelle van Atteridgeville* (M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1952)
227. Bronne wat waardevolle begrotingsinligting na randwaardes omgeskakel het, se bruikbaarheid was net vir 'n kort tydperk met die publikasies van die werke geldig en bruikbaar.
228. R.D. Coertze, *Die adviserende komiteestelsel en politieke organisasie soos aangetref in die stedelike gebied van Pretoria met besondere verwysing na toestande in Atteridgeville* (M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1958); R.D. Coertze, *Atteridgeville. 'n Stedelike Bantoewoonbuurt* (Ongepubliseerde verslag, Pretoria, 1969); R.D. Coertze, Die gesinslewe in Atteridgeville, *in* J.F. Eloff, & R.D. Coertze (reds.), *Etnologiese studies in Suidelike Afrika* (Pretoria, 1972); R.D. Coertze, Godsdiens in Atteridgeville, *in* J.F. Eloff & R.D. Coertze (reds.), *Etnologiese studies in Suidelike Afrika* (Pretoria, 1972).
229. J.F. Eloff, *'n Volkekundige studie van aanpassing en ontwikkeling in die gesinslewe van die Naturelle van Atteridgeville* (M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1952).



© University of Pretoria

historiese) invalshoek onderneem is en ideologies gelaai is, verskaf dit uiters betekenisvolle en veral tydgenootlike inligting en insigte. Die gebrek aan duidelik-begrensde tydsaanduidings van wanneer presies die navorsing onderneem is, het uitsonderlik-waardevolle statistiese inligting grootliks onbruikbaar gemaak, saam met die omskakeling van begrotingsinligting na randwaardes, waarna reeds verwys is. Hierdie kritiek ten spyt, kan Coertze en Eloff geloof word vir die ongelooflike deeglike en gedetailleerde veldwerk wat wel gehelp het om ander leemtes in die navorsing te vul. Die opspoor van die natekeninge van die huisplanne van Atteridgeville in die werk van Coertze[230] was ’n goue bronjuweel om te vind.

’n Groot verskeidenheid van bronne uit ’n wye veld is gebruik om die evalueringskriteria op te stel aan die hand waarvan Atteridgeville aan tydgenootlike kriteria as ’n model swart woonbuurt geëvalueer kan word. Die Slumregulasies van die Munisipaliteit van Pretoria ingevolge die *Slumswet* van 1934 *(Wet 53 van 1934)*[231] is gebruik om vas te stel hoe ’n model swart woonbuurt nie moet lyk nie. Catherine Bauer (1905-1964), ’n prominente aktivis vir die daarstelling van beplande, menswaardige, staatsondersteunde, en dus modernistiese, werkersklasbehuising in Amerika (gebaseer op ontwikkelinge in Europese modernistiese werkersklasbehuising), verskaf in haar boek[232] vyf kriteria wat vandag steeds as internasionale minimumbehuisingstandaarde voorgehou word. Frank Walton Jameson (1873-1956) het voorstelle[233] aan plaalike owerhede voorgelê vir “geskikte” behuising in sy hoedanigheid as ingenieur en as voorsitter van die Sentrale Woningsraad. Die Raad (1920-1944) het self aan die hand van ’n memorandum[234] advies aan plaaslike owerhede verleen. Paul Connell (1915-1997) het as argitek, nadat hy subekonomiese behuisingspraktyke ondersoek het, bestaande tydgenootlike kriteria[235] neergestip. Nog ’n internasionale dimensie en perspektief is verkry uit die Universele Verklaring van Menseregte van die Verenigde Nasies (“die reg op behuising”, 1948).[236] Laastens is kriteria uit die navorsingsverslae van die Nasionale Bounavorsingsinstituut (NBNI)[237] geïdentifiseer wat meer op gesondheid en menswaardigheid as op ras en ekonomiese klas gefokus het.

230. R.D. Coertze, *Atteridgeville. ’n Stedelike Bantoewoonbuurt* (Ongepubliseerde verslag, Pretoria, 1969).
231. Unie van Suid-Afrika, *Slumswet van 1934 (Wet 53 van 1934)* (Kaapstad, 1934) en munisipale Slumregulasies ingevolge Artikel 32 van genoemde wetgewing.
Transvaal Archive Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/3/2/1/18, Minutes of the Public Health Committee, 21 July 1941, Municipality of Pretoria: Slums regulations.
232. C. Bauer, *Modern Housing* (New York, 1934), *in* University of Minnesota Press, 2023 (https://www.upress.umn.edu/book-division/books/modern-housing, access: 10 August 2023).
233. F.W. Jameson, The housing of natives by public bodies. Address before the annual conference of the Transvaal Municipal Association, at Pretoria, on October 7th, 1936 (*Race Relations* 4(1), February 1937).
234. Central Housing Board, Housing in urban native areas (*Race Relations* 7(4), 1940).
235. P.H. Connell, *Sub-economic housing practice in South Africa* (South African Council for Scientific and Industrial Research: National Building Research Institute, series DR 1. Pretoria, 1947).
236. Human Rights Education Associates, n.d. The right to housing: Introduction (www.hrea.org/index, access: 3 August 2014).
237. J.E. Jennings, The role of native housing research in the provision of housing for the urban Bantu I (*Municipal Affairs* 18 (205), September 1952); Nasionale Behuisings- En Plannekommissie, *Minimum standaarde van wonings vir nie-blankes* (Pretoria, 1951); National Building Research Institute, *Interim reports of the research committee on minimum standards of accommodation* (Series DS 1-9. Pretoria, 1949).


© University of Pretoria

Aangesien hierdie navorsing die daarstelling van Atteridgeville en die oprigting van 'n infrastruktuur en behuising aldaar, grootliks deur die oë van die blanke — die meeste van die dokumentasie is deur blanke amptenare opgestel — beskou, het dit besliste tekortkominge. Die uitsprake in die werke van die skrywers Es'kia Mphahlele (1919-2008)[238] en Naboth Mokgatle (1911-1985)[239] wat in Marabastad gewoon het, werp lig op die swart perspektief en belewinge rondom die verskuiwing na Atteridgeville en die woonomstandighede in die modelwoonbuurt. Enkele koerantartikels,[240] gepubliseer in 2003, het die tydgenootlike herinneringe van Atteridgeville-inwoners aan die hand van onderhoude weergegee. 'n Kosbare kleinood in hierdie bronnekategorie is in 'n opname van 'n radio-inbelprogram gevind, waar 'n Atteridgeville-inwoner haar herinneringe en belewinge van verblyf in beide Marabastad en Atteridgeville weergee, asook beskryf hoe Patricia Atteridge sop aan swart kinders verskaf het.[241] Die beskrywing van Patricia Atteridge se optrede en die verskaffing van sop is aan die hand van 'n foto uit die Van der Waal-Pretoria-fotoversameling bevestig.[242]

Verskeie aspekte wat in die teoretiese en metodologiese begronding in die vooruitsig gestel is, en deur die beskikbaarheid en bruikbaarheid van die primêre en tydgenootlike bronne in die praktiese navorsing tot uiting kon kom, kan hier bevestig word, onder meer die onteenseglike waardetoevoeging en noodsaaklike gebruik van interdissiplinêre navorsing (veral uit die antropologie, die argitektuur en die letterkunde) wanneer 'n stedelike verskynsel bestudeer, ontleed en evalueer word; die kritiese en waaksame omgaan met inligting én leemtes in bronnemateriaal; die verkryging en behoedsame ontleding van sowel die verledestemme van die plaaslike owerheidsamptenare as die inwoners van Atteridgeville; en die waarde en nuttigheid geleë in die gebruik van 'n verskeidenheid van bronnemateriaal — van die geskrewe tot die visuele en ouditiewe.

## 6. Slot

Alvorens die historikus met historiese navorsing kan begin, moet die historikus hom-/haarself deeglik vergewis van wat van hom/haar verwag word ten einde aan al die vereistes vir historiese wetenskaplikheid en historiese verantwoordbaarheid te voldoen. Die historikus moet beslis vertroud wees met die vernaamste boustene van die historiese metodiek en teoretiese begronding. Dit verskaf aan

238. E. Mphahlele, *Down Second Avenue* (London, 1980).
239. M.M.N. Mokgatle, *The autobiography of an unknown South African* (London, 1971).
240. P. Hlahla, Atteridgeville: The turmoil and triumphs. The first black township in Pretoria to have street names (*Pretoria News*, 10 September 2003); M. Sibanda, Pheli legend in the making (*City Press*, 06 April 2003).
241. L. Ramphele, 18 March 2015. The community of Atteridgeville wants to honour Mrs. Patricia Atteridge (https://www.702.co.za/articles/2155/the-community-of-atteridgeville-wants-to-honour-mrs-patricia-atteridge, access: 12 August 2023).
242. Archives of the Department of Architecture, University of Pretoria, Van der Waal Pretoria Collection 206, Photograph: Mrs. Atteridge feeding the community: Atteridgeville, 1940.


© University of Pretoria

hom/haar ’n breë en algemene raamwerk waarbinne die spesifieke onderwerp noukeurig bestudeer kan word. Kennis en begrip van die verskillende benaderingswyses in die bestudering van die verledegebeure oor die spesifieke onderwerp sal die historikus in staat stel om weldeurdagte keuses te maak oor wat sy/haar benadering tot die onderwerp sal wees. In hierdie geval van navorsing oor ’n swart stedelike woonbuurt is die keuse gemaak om die vernaamste benaderingswyses te integreer, om dus hoofsaaklik empiries en meestal a-teoreties te werk te gaan. Die resultaat behoort ’n verhalende, ontledende, kritiese, multiperspektiwiese, inklusiewe en veelstemmige geskiedenis van die swart stedelike woonbuurt van Atteridgeville, binne die breër konteks van Pretoria en Suid-Afrika te wees. Kennis van die verskillende benaderingswyses maak dit vir die historikus moontlik om aan die hand van interdissiplinêre, selfs transdissiplinêre, navorsing, en ’n bevraagtekenende en kritiese ingesteldheid bestaande standpunte en bevindinge te herberedeneer, te vergelyk, te evalueer en soms visueel uit te beeld wat nuwe insigte, veelvuldige verklarings en oorspronklike navorsing oor ’n swart stedelike woonbuurt tot gevolg behoort hê.

Die interpretasie van historiese feite deur die historikus moet die eie aard van geskiedenis weerspieël, naamlik die “verstaan” van gebeure en optredes en die vertolking daarvan teen die historiese agtergrond, tyd, tydsgees, denkwyses en plek. Die kontinuïteit van die geskiedenis tesame met verandering oor tyd en ruimte heen moet ’n deurlopende motief in die interpretasie wees. Die plasing van die spesifieke onderwerp binne die groter historiese geheel kan die historikus by groter begrip en nader aan verantwoordbare, gebalanseerde en geregverdigde gevolgrekkings bring. Deur bedag te wees op leemtes in die bronnemateriaal, wat deur weglatings en die menslike faktor teweeggebring kan word, stel die historikus hom-/haarself in staat om krities, bevraagtekenend en bewustelik met die bronnemateriaal om te gaan wat tot groter wetenskaplikheid en geloofwaardigheid aanleiding behoort te gee.

Al hierdie metodes en tegnieke in die arsenaal van die historikus, staan steeds in diens van die historikus se insig, intuïsie, simpatie (éérder empatie), intellektuele vaardighede om verbande en samehange raak te sien wat historiese gebeure en ruimtes onderlê, en historiese verbeelding. Die historiese metodologie “…is never a substitute for historical imagination; [they are] … servant[s] which must be put at its command”.[243] Die historikus moet sy/haar verbeelding gebruik om die verledegebeure te rekonstrueer, maar die verbeelding het nie vrye teuels nie. Dit word deur die bronne-aard, -beskikbaarheid, metodologiese en teoretiese raamwerk en begronding aan bande gelê:[244]

> ‘[H]istory is an imaginative construction … but [it] must be … closely bounded by the documentation — limited by the evidence that has survived, and … by the obligation to

243. W.H. Sewell, Marc Bloch and the logic of comparative history, *History and Theory* 2, 1967, p. 217.
244. C. Saunders, *Writing history. South Africa’s urban past and other essays*, p. 106.


© University of Pretoria

be consistent with what has previously been established. It must somehow fit together with what is already known;'[245]

en

'the accuracy and adequacy of representations of past actualities, the verisimilitude or closeness to fact of what is written about them, remain the measure, in the end, of good history …'[246]

245. B. Baylin, *On the teaching and writing of history*, p. 72, soos aangehaal in P. Zagorin, History, the referent, and narrative: Reflections on postmodernism now, *History and Theory* 38(1), February 1999, p. 19.

246. B. Bailyn, *On the teaching and writing of history*, p. 8, soos aangehaal in P. Zagorin, History, the referent, and narrative: Reflections on postmodernism now, *History and Theory* 38(1), February 1999, p. 10.



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## III LITERATUUROORSIG

Hierdie literatuuroorsig het ten doel om bestaande navorsing oor swart stedelike behuising en woonbuurtuitleg in Suid-Afrika, met Atteridgeville in Pretoria as gevallestudie, gedurende die eerste helfte van die twintigste eeu uiteen te sit. Dié literatuuroorsig word nie as 'n tradisionele beoordeling en evaluering van literatuur oor die onderwerp aangebied nie. Die rede hiervoor is geleë in die aard en bestek van die literatuur wat uit 'n magdom bronnemateriaal uit 'n wye verskeidenheid van dissiplines en velde (elk met 'n eiesoortige teoretiese en metodologiese uitgangspunt) bestaan.

Ten einde sin te maak van die oorweldigende beskikbare literatuur is 'n vierledige benaderingswyse gevolg. Eerstens is die klem meer op "hoe" die navorsing gedoen en aangebied is, met ander woorde die metode waarop feitegegewens benader, geïnterpreteer en aangebied word, as die "wat", met ander woorde die inhoudelike van die navorsing. Tog is voorstelle en suggesties wat in die navorsing gemaak is, oordink en leidrade wat tot nuwe gevolgtrekkings kon lei, opgevolg.

Tweedens is in die uiteensetting van vorige navorsingsuitsette sowel die positiewe — verhelderende insigte en verruimende interpretasies — as die negatiewe — leemtes en tekortkominge weens gebrekkige kontekstualisering, konseptualisering en interpretasie — uitgewys. Dit is veral belangrik om te besef dat behuising as sodanig nie 'n afgebakende dissipline is nie, maar as 'n studieveld vanuit verskillende dissiplines, dus inter- en selfs transdissiplinêr, bekyk en bestudeer word.[1] Die dissiplinêre "lens" waardeur gekyk en gevolgtrekkings gemaak word, moet deurgaans in hierdie historiese studie voor oë gehou word.

Derdens volg hierdie literatuuroorsig 'n tematiese benadering en struktuur. Hiervolgens word bronne of navorsing volgens tipe of tematies-inhoudelike kategorieë saamgegroepeer en beoordeel. Hierdie kategorieë of temas stem grootliks met die hoofstukindelings en -subindelings van hierdie studie ooreen. 'n Meer kreatiewe benadering in ooreenstemming met die grootliks visueelgedrewe derde dekade van die 21ste eeu word ook wat die hooftemas van die navorsing betref, gevolg — die sogenaamde veranderende skematiese kennisvoorstellings of -diagramme ("dynamic knowledge maps"). Hierdie visuele uitbeelding van navorsingsresultate is die breinkind van Gorgi Krlev, 'n sosioloog, Richard Phelps, 'n opvoedkundige, Arnaud Vaganay, 'n metodoloog en metanavorser, en Jon Brassey, stigter van die TRIP ("Turning Research Into Practice")-gesondheidsorgdatabasis. Hulle is van mening dat die sistematisering en standaardisering van akademiese navorsing in databasisse en kennisnetwerke voordele inhou. Hiervolgens behoort hierdie benadering die subjektiwiteit, tekortkominge (onder meer

1. J. Tribe, The indiscipline of tourism, *Annals of Tourism Research* 24(3), 1997, p. 647.



© University of Pretoria

dissiplinêre isolasie, tydrowendheid en onvolledigheid), wanvoorstellinge en selfverheerliking wat in literatuurstudies weens die menslike aard van die navorser mag voorkom, uit te skakel. Die hoofdoel van die skepping van veranderende skematiese kennisvoorstellings of -netwerke is om die verhouding en verwantskap tussen nuwe navorsingresultate en die bestaande navorsingsliteratuur visueel uit te beeld. Die dinamiese, veranderende of aanpasbare aard van die kennisvoorstellings of -netwerke is veral noodsaaklik vir geesteswetenskaplike navorsing. Die rede hiervoor is die verskeidenheid van analitiese invalshoeke, metodes en navorsingstradisies wat by die bestudering van navorsingsverskynsels ter sprake is.[2] Eenvoudige kennisvoorstellings word in hierdie studie gebruik om navorsingsinvalshoeke, -resultate en -interpretasies van die hooftemas visueel en met een oogopslag uit te beeld, aanvullend tot ’n in-diepte tematiese bespreking.

Laastens is ’n kriteriagedrewe benadering gevolg aan die hand waarvan bestaande navorsing beskou word, naamlik die *geldigheid* en *relevansie* van bevindinge en argumente wat definisies, teorieë, konsepte en hipoteses onderlê; die histories-aanvaarbare *betroubaarheid* van kriteria of meetinstrumente om die “model”-aard van woonbuurtes te bepaal; die *dissiplinêre bydrae* met die samehangende kontekstualisering en konseptualisering van die navorsing; en die uitkoms van *interne kritiektoepassing* op benutte bronne.[3]

Die enkele grootste en byna onoorkomelike struikelblok in die benadering van hierdie navorsingstudie was die bronneseleksie. Daar bestaan ’n magdom bronne oor swart stedelike behuising en woonbuurtuitleg in Suid-Afrika gedurende die eerste helfte van die twintigste eeu. Wanneer die navorser met so ’n oorvloed en oormag getuienis gekonfronteer word, besef hy/sy die waarheid van die volgende spreekwoord onder die Akansprekende inwoners van Ghana: “*Ti Koro nko agyina* — ‘one [wo]man alone is insufficient for the full deliberation of an undertaking’”.[4] ’n Definitiewe, maar verantwoordbare, realistiese en werkbare seleksie van die mees gesaghebbende en invloedryke bronne is gemaak. Bronne is op grond van die volgende aspekte oordeelkundig uitgesoek en gekies: seminale bronne wat latere navorsing geïnisieer en ten diepste beïnvloed het; bronne gepubliseer tydens die tydperk onder bespreking ten einde die tydsgees en konteks te identifiseer en vas te vang; bronne wat die fokusarea van die navorsing (“model native township”) ondersoek, ongeag die dissiplinêre en konseptuele invalshoek; en bronne wat die geïdentifiseerde tydsgees en ideologiese uitgangspunte omskryf, verduidelik, konseptualiseer en kontekstualiseer. Vanselfsprekend is daar leemtes en tekortkominge in hierdie seleksie en om hierdie rede kan hierdie studie geensins die finale woord oor hierdie onderwerp spreek

2. G. Krlev, 14 May 2019, The death of the literature review and the rise of the dynamic knowledge map, https://blogs.lse.ac.uk, access: 15 July 2019.
3. J. Mouton, *How to succeed in your Master’s and Doctoral studies: A South African guide and resource book*, p. 87.
4. D. Austin, *Politics in Ghana, 1946-1960*, p. vii.



© University of Pretoria

nie — dit moet dus beskou word as ’n geskiedenis en interpretasie en nie as dié geskiedenis en interpretasie van die onderwerp nie.

Die aard van hierdie literatuuroorsig is deur bogenoemde bronne-oorvloed beïnvloed; selfs die geselekteerde bronne wat deurgewerk en bestudeer is, is té omvangryk om binne ’n enkele hoofstuk na behore te bespreek en te ontleed. Daarom word hierdie literatuuroorsig begrens deur ’n baie bepaalde fokus (*seleksie*) op die heel belangrikste temas en -subtemas; tog is gepoog om ’n *verteenwoordigende* oorsig van bestaande navorsingsuitsette te verskaf wat ’n *verantwoordbare* ontleding van ’n uiters-komplekse en wye navorsingstema tot gevolg behoort te hê.

Wat sekondêre bronne betref, is verskeie bibliografieë[5] ten aanvang deurgewerk wat die geweldige omvang van navorsing oor swart stedelike behuising en woonbuurtuitleg duidelik gemaak het. Benewens enkele algemene werke[6] geskryf uit verskillende perspektiewe, met uiteenlopende interpretasiemodelle, en meestal met ’n eie verwysingstelsel na primêre bronne, is op die vernaamste bronne oor swart verstedeliking, swart stedelike behuising en woonbuurtuitleg in Suid-Afrika gedurende die eerste helfte van die twintigste eeu gefokus ten einde ’n algemene oorsig en die nodige begrip en gebalanseerde insig vir die studie te bekom.

## 1. Definisies en begrippe

By die definiëring en omskrywing van belangrike en relevante begrippe is verskeie verklarende woordeboeke[7] gebruik om die basiese verklarende woordeboekdefinisies van hierdie begrippe te verskaf.

---

5. C.F.J. Muller *et al.* (eds), *South African history and historians. A bibliography* (Pretoria, 1979); B.J. Liebenberg *et al.* (eds), *A bibliography of South African history, 1978-1989* (Pretoria, 1992); M.L. Suttie, A select bibliography of South African history: Articles, theses and papers, 1990-1992, *South African Historical Journal* 28, May 1993, pp. 398-445; M.L. Suttie, A select bibliography of South African history: Books, 1990-1992, *South African Historical Journal* 29, November 1993, pp. 349-408; M.L. Suttie, A select bibliography of South African history: Articles, theses and papers, 1990-1993, *South African Historical Journal* 30, May 1994, pp. 222-297; M.L. Suttie, A select bibliography of South African history: Books, 1990-1993, *South African Historical Journal* 31, November 1994, pp. 359-398; M.L. Suttie, A select bibliography of South African history: Articles, theses and papers, 1994, *South African Historical Journal* 32, pp. 337-378; M.L. Suttie, A select bibliography of South African history: Books, 1994, *South African Historical Journal* 33, pp. 301-347; G.H. Pirie, South African urban history, *Urban History Yearbook 1985*, pp. 18-29.
6. W. Beinart, *Twentieth-century South Africa* (New York, 1994); W. Beinart & S. Dubow (eds), *Segregation and apartheid in 20th century South Africa* (London, 1994); L. Callinicos, *A people's history of South Africa I: Gold and workers, 1886-1924* (Johannesburg, 1980); L. Callinicos, *A people's history of South Africa II: Working life, 1886-1940. Factories, townships and popular culture on the Rand* (Johannesburg, 1987); L. Callinicos, *A people's history of South Africa III: A place in the city. The Rand on the eve of apartheid* (Braamfontein, 1993); T.R.H. Davenport, *South Africa: A modern history*. Third edition (Johannesburg, 1987); C.W. de Kiewiet, *A history of South Africa: Social and economic* (London, 1966); B.J. Liebenberg & S.B. Spies (eds) *South Africa in the 20th century* (Pretoria, 1993); D. Oakes (ed.), *Reader's Digest illustrated history of South Africa: The real story* (Cape Town, 1992); D. O'Meara, *Volkskapitalisme: Class, capital and ideology in the development of Afrikaner nationalism, 1934-1948* (Johannesburg, 1983); J. Pampallis, *Foundations of the New South Africa* (Cape Town, 1991) L. Thompson, *A history of South Africa* (New Haven, 1990); M. Wilson & L.M. Thompson (eds) *The Oxford history of South Africa II* (London, 1971); N. Worden, *The making of modern South Africa: Conquest, segregation and apartheid* (Oxford, 1994).
7. W.F. Botha (hoofred.), *Woordeboek van die Afrikaanse taal XII P - Q* (Paarl, 2005); H.W. Fowler, & F.G. Fowler, *The concise Oxford dictionary of current English* (Oxford, 1990); F.J. Labuschagne & L.C. Eksteen (reds.), *Pharos verklarende Afrikaanse*


© University of Pretoria

Daarna is meer spesifieke definisies uit wetgewing,[8] vakwoordeboeke,[9] en metodologiebronne[10] aangehaal en geformuleer wat 'n betekenisverfyning en -verruiming ingesluit het. Die konteksrelevansie van definisies is as maatstaf gebruik. Waar nodig, is betekenisvariasies en -veranderinge oor tyd heen relevant tot die begrippe geïdentifiseer en uiteengesit — hierdie proses was veral noodsaaklik by die definiëring van die begrippe lokasie en woonbuurt; behuising; infrastruktuur; kwaliteitsbehuising; modernisme en model swart woonbuurt; patriargalisme en paternalisme; en liberalisme en segregasie.

Die kontroversiële begrip *lokasie*, later vervang deur *woonbuurt*, word deur Mabin,[11] Jennifer Robinson,[12] en Peter Wilkinson[13] ontrafel. Hierdie navorsers werp lig op die betekenis en histories-chronologiese ontwikkeling van hierdie begrip. Hulle dui ook aan wanneer *woonbuurt* as meer aanvaarbaar beskou en gebruik is.

Die enger woordeboekdefinisies van *behuising* as die verskillende fisiese strukture wat as woonplek kan dien, is verruim aan die hand van die insluiting van die begrip *infrastruktuur*. Hier is dit die definisie van Lamont[14] wat die mees omvattende beskrywing gee wat sowel noodsaaklike dienste as openbare fasiliteite as deel van infrastruktuur en dus ook van behuising insluit.

Die onbevredigende woordeboekdefinisies van *kwaliteitsbehuising* is op 'n kwantitatiewe en kwalitatiewe wyse binne die tydskonteks uitgebrei en verfyn. Beide die Universele Verklaring van Menseregte[15] en die werke van Marisa Stals[16] en Aletta Catharina Steenkamp[17] beskryf meetbare kwantitatiewe standaarde waaraan behuising moes voldoen om as kwaliteitsbehuising gekategoriseer te word. Dyos[18] besin kwalitatief-filosofies oor die konsep van 'n stedelike lewe van kwaliteit wat binne

---

*woordeboek* (Kaapstad, 2010); J. Luther *et al., Handwoordeboek van die Afrikaanse taal* (Kaapstad, 2015); W. Morris (ed.), *The Grolier international dictionary I* (Danbury, 1988); F.F. Odendal & R.H. Gouws (reds.), *Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal* (Kaapstad, 2005); T. van Niekerk & J. Wolvaardt (eds), *Oxford South African concise dictionary* (Cape Town, 2010); A.J. Wiggers *et al.* (hoofreds.), *Grote Winkler Prins X* (Amsterdam, 1970).

8. Unie van Suid-Afrika, *Naturellen (Stadsgebieden) Wet* (Wet 21 van 1923), Artikel 1(1)(a) (Kaapstad, 1923).
9. J.P. Brits, *The Penguin concise dictionary of historical and political terms* London, 1995); B. Goodall, *The Penguin dictionary of human geography* (London, 1987).
10. D. Cannadine, & D. Reeder (eds), *Exploring the urban past: Essays in urban history by H.J. Dyos* (Cambridge, 1982); P. Lambert & P. Schofield (eds), *Making history. An introduction to the history and practices of a discipline* (New York, 2004); D.U. Vestbro *et al.* (eds), *Methodologies in housing research* (Gateshead, 2005).
11. A. Mabin, Suburbs on the veld, modern and postmodern (Draft article, 2005); A Mabin., Conflict, continuity and change: Locating "properly planned native townships" in the forties and fifties, *in* Planning History Study Group, *Proceedings of the symposium on South African planning history* (Pietermaritzburg, 1993).
12. J. Robinson, "A perfect system of control?" State power and "native locations" in South Africa (*Environment and Planning D: Society and Space* 8(2), 1990); J. Robinson, *The power of apartheid: State, power and space in South African cities* (Oxford, 1996).
13. P. Wilkinson, Housing policy in South Africa (*Habitat International* 22(3), 1998).
14. A.M. Lamont, Provision of housing and infrastructure, *in* W.P. Mostert & J.M. Lötter (eds), *South Africa's demographic future* (Pretoria, 1990).
15. Human Rights Education Associates, n.d., The right to housing: Introduction (www.hrea.org/index, access: 3 August 2014).
16. A.C. Steenkamp, *Space, power and the body — the civil and uncivil as represented in the Voortrekker Monument and the Native Township Model* (PhD. Thesis, Technical University of Delft, 2008).
17. M. Stals, *Fragmentation & unity. The search for the design of a 'model township'. The case of Atteridgeville, Pretoria* (M.Sc. Dissertation, Katholieke Universiteit Leuven, 1998).
18. D. Cannadine, & D. Reeder (eds), *Exploring the urban past: Essays in urban history by H.J. Dyos* (Cambridge, 1982).



© University of Pretoria

enige stedelike en tydskonteks met sukses gekwantifiseer kan word.

Anthony Giddens[19] werp sinvol lig op die komplekse aard van die *modernisme-/moderniteits*-begrip en wys op die maatskaplike gevolge daarvan. Die begrip *model* as deel van "model stedelike swart woonbuurt" word in die begripsomskrywing in 'n enger sin deur Steenkamp[20] as 'n ideale bouprojek gedefinieer.

Ross,[21] Robert Carl-Heinz Shell,[22] en Charles van Onselen[23] identifiseer die komplekse en tweeledige aard van die begrip *paternalisme* en analiseer die teenstrydige, uiteenlopende en onlosmaaklike aard daarvan. Japie Brits[24] beskryf die betekenisverandering wat die begrip *liberalisme* tydens die twintigste eeu ondergaan het, duidelik en presies. Saul Dubow[25] en Herman Giliomee[26] definieer en omskryf die tweeslagtigheid van die begrip *segregasie* op gepaste en verstaanbare wyse sodat die komplekse, genuanseerde en verweefde aard daarvan bo alle twyfel duidelik blyk.

Die verskeie vorme van *dissiplinariteit* word op kreatiewe en visuele wyse en aan die hand van duidelik-omskrewe definisies deur Jensinius[27] ontsluit. Sy onderskeid tussen multi- en interdissiplinêr, en tussen inter- en transdissiplinêr is veral vir die aard van hierdie studie insiggewend en uiters toepaslik.

## 2. Swart behuising en verstedeliking

Wat die universele behoefte aan behuising betref, omskryf die werke van Douglas Calderwood,[28] Pauline Morris,[29] Maslow[30] en Faulkner[31] die aard van die behoefte aan behuising vanuit 'n argitektoniese, historiese en sielkundige oogpunt, en fokus die aandag op die omvattendheid en kompleksiteit van hierdie behoefte. Die universele rol en verpligting van regerings deur die eeue, ook dié van Suid-Afrika,

19. A. Giddens, *Conversations with Anthony Giddens: Making sense of modernity* (Stanford, 1998).
20. A.C. Steenkamp, *Space, power and the body — the civil and uncivil as represented in the Voortrekker Monument and the Native Township Model* (PhD. Thesis, Technical University of Delft, 2008).
21. R. Ross, Paternalism, patriarchy and Afrikaans (*South African Historical Journal* 32, May 1995).
22. R. C.-H. Shell, *Children of bondage. A social history of the slave society at the Cape of Good Hope, 1652-1838* (Johannesburg, 1994).
23. C. van Onselen, The social and economic underpinnings of paternalism and violence on the maize farms of South-Western Transvaal, 1900-1950 (*The Journal of Historical Sociology* 5(2), June 1992).
24. J.P. Brits, *The Penguin concise dictionary of historical and political terms* (London, 1995).
25. S. Dubow, *Racial segregation and the origins of apartheid in South Africa, 1919-1936* (London, 1989).
26. H. Giliomee, The making of the apartheid plan, 1929-1948 (*Journal of Southern African Studies* 29(2), 2003).
27. A.R. Jensenius, 11 June 2018, Disciplinarities: Intra, cross, multi, inter, trans (https://www.arj.no disciplinarities-2, access: 4 November 2019).
28. D.M. Calderwood, *Native housing in South Africa* (D.Arch. Thesis, University of the Witwatersrand, 1953).
29. P. Morris, *A history of black housing in South Africa* (Johannesburg, 1981).
30. A.H. Maslow, *Motivation and personality* (New York, 1954).
31. H.W. Faulkner, *Locational stress on Sydney's metropolitan fringe*, Ph.D. Thesis, Australian National University (Canberra, 1978).



© University of Pretoria

om in hierdie behuisingsbehoefte te voorsien, word deur Wouter Hendrik van Schalkwyk[32] in sy magisterverhandeling aan die orde gestel.

Die reg op behuising as 'n basiese mensereg word ten beste beskryf en uiteengesit in die Universele Verklaring van Menseregte, soos deur die Verenigde Nasies in 1948 verwoord.[33] Hoe hierdie universele mensereg in die eerste helfte van die twintigste eeu in Suid-Afrika geïnterpreteer en toegepas is, word wetlik en regstegnies deur die getuienis van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Rasseverhoudinge[34] voor die Naturellewettekommissie (Fagan-kommissie) van 1947 en in die werk van Karina Sevenhuysen[35] uiteengesit en geanaliseer.

Jacobus Petrus Christiaan Mostert[36] in sy gesaghebbende werk oor die behuisingsprobleme van verstedelikte swartes in Suid-Afrika en Christiaan Frederik Swart, saam met Lamont,[37] lê die ernstige en veelvuldige universele probleme van swak en onvoldoende behuising vir die mensdom sonder omhaal van woorde bloot.

Die verstedelikings-, demografiese en geografiese faktore wat swart stedelike behuisingsverskaffing in Suid-Afrika gedurende die eerste helfte van die twintigste eeu beïnvloed het, word deur verskeie bronne gebaseer op grondige en in-diepte navorsing bespreek en ontleed. Wat die redes vir swart verstedeliking betref, word twee skynbaar teenstrydige, dog aansluitende oorsaakanalises deur onderskeidelik Smit[38] en Hilary Sapire, saam met Jo Beall,[39] voorgehou. Smit gebruik die tradisionele stoot- en trekkragteverklaring, terwyl Sapire en Beall die oorsake binne die groter raamwerk van ekonomiese en sosiaal-maatskaplike strukturele veranderingsprosesse verklaar. Beide verklaringsmodelle is relevant aangesien mikro- en makrovlakprosesse so ondervang en verduidelik word. Die omvattende primêre navorsing deur Mostert[40] oor die swart verstedelikingsproses gedurende die jare 1939-1948 bevat 'n

32. W.H. van Schalkwyk, *Die beleid van die Suid-Afrikaanse regering ten opsigte van die stedelike swartes, 1945-1953* (M.A.-verhandeling, Randse Afrikaanse Universiteit, 1983).
33. Human Rights Education Associates, n.d., The right to housing. International and regional instruments for protection and promotion: United Nations, Universal Declaration of Human Rights (www.hrea.org/index, access: 3 August 2014); Human Rights Education Associates, n.d., The right to housing: Introduction (www.hrea.org/index, access: 3 August 2014).
34. South African Institute of Race Relations, Evidence submitted to the Native Laws Commission of Enquiry I. Urban areas (*Race Relations* 14(2), 1947).
35. K. Sevenhuysen, *Swart stedelike behuisingsverskaffing in Suid-Afrika, ca. 1900-1948: ekonomiese en ideologiese werklikhede* (M.A.-miniverhandeling, Universiteit van Pretoria, 2001).
36. J.P.C. Mostert, Behuisingsprobleme van die verstedelikte swarte in Suid-Afrika, 1939-1948 (*Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 12(3), Desember 1987).
37. C.F. Swart & A.M. Lamont, *Die stad. Sosiologie, beplanning en ontwikkeling* (Johannesburg, 1984).
38. P. Smit, Historiese grondslae van swart verstedeliking in Suid-Afrika (*Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal* 19, November 1987).
39. H. Sapire, & J. Beall, Introduction: Urban change and urban studies in Southern Africa (*Journal of Southern African Studies* 21(1), March 1995).
40. J.P.C. Mostert, *Die politieke, maatskaplike en ekonomiese implikasies van die swart verstedeliking in Suid-Afrika, 1939-1948* (D.Phil.-proefskrif, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1985); J.P.C. Mostert, Black urbanisation: Historical perspective (*Journal for Contemporary History* 11(1), April 1986); J.P.C. Mostert, Die rol van swart verstedeliking in die algemene verkiesing van 1948 (*Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 10(3), Desember 1985); J.P.C. Mostert, Die Tweede Wêreldoorlog: impetus vir versnelde swart verstedeliking in Suid-Afrika (*Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 11(2), Augustus 1986); J.P.C. Mostert, Behuisingsprobleme van die verstedelikte swartes in Suid-Afrika, 1939-1948 (*Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 12(3), Desember


© University of Pretoria

rykdom van inligting, statistiese bewyse vir ekonomiese prosesse, en insiggewende verduidelikings van politieke gebeure. Saam met die navorsing deur Smit en Booysen,[41] wat die verstedelikingsproses gebaseer op sensusdata kartografies voorstel, en die baanbrekerswerk deur Afrikaanse akademici onder leiding van Van Jaarsveld[42] en Tertius Bartmann[43] kry die navorser 'n volronde en omvattende beeld van hoekom, hoe, hoeveel, wanneer en waarheen swartes gedurende die eerste helfte van die twintigste eeu verstedelik het.

Die essensie van die politieke en wetgewende faktore wat swart stedelike behuisingsverskaffing in Suid-Afrika gedurende die eerste helfte van die twintigste eeu beïnvloed het, wentel om die skeidings- en tydelikheidsbeleid wat in wetgewing vasgelê is en in die praktyk neerslag gevind het. Hierdie beleid het egter lynreg met ekonomiese werklikhede en behoeftes gebots. Hierdie dubbelslagtigheid in die regeringshantering van swart verstedeliking en swart stedelike behuisingsbeleid en -verskaffing word in die werke van Sevenhuysen[44] deeglik ontleed en binne die tydsgees en konteks verduidelik. Dubow,[45] Brits,[46] Mostert,[47] en André Wessels, saam met Marie Wentzel,[48] verskaf betroubare en gedetailleerde toeligting oor die blanke beleidmakers; die verskeie kommissies en komitees van ondersoek na aspekte van swart verstedeliking; die wetgewing wat aangeneem is; en die ontkenning van die permanente aard van swart verstedeliking sedert die 1930's. Die werke van Rodney Davenport[49] oor die agtergrond van die deurslaggewende *Naturellen (Stadsgebieden) Wet van 1923* en daaropvolgende wysigings kan as brondokumente vir begrip oor die ontstaan en neerslag van die stedelike segregasiebeleid beskou word. Tydgenootlike bronne wat onontbeerlike kontekstualisering van die tydsgees verskaf en denkpatrone van die tyd ontbloot, sluit die werke van Frederick Saunders (1931),[50] John David Rheinallt Jones (1933

---

1987); J.P.C. Mostert, Owerheidshantering van die swart verstedelikingsproses gedurende die tweede Smutsbewind (*Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 13(3), Desember 1988).

41. P. Smit & J.J. Booysen, *Swart verstedeliking: proses, patroon en strategie* (Kaapstad, 1982).
42. F.A. van Jaarsveld (red.), *Verstedeliking in Suid-Afrika* (Pretoria, 1985); F.A. van Jaarsveld, *Stedelike geskiedenis as navorsingsveld van die Suid-Afrikaanse historikus* (Johannesburg, 1973).
43. J.F.T. Bartmann (red.), *Verstedeliking as kultuurhistoriese verskynsel* (Pretoria, 1991).
44. K. Sevenhuysen, Owerheidsbeheer en -wetgewing rakende stedelike swart behuising voor en gedurende die Tweede Wêreldoorlog (*Historia* 40(1), Mei 1995); K. Sevenhuysen, *Swart stedelike behuisingsverskaffing in Suid-Afrika, ca. 1900-1948: ekonomiese en ideologiese werklikhede* (M.A.-miniverhandeling, Universiteit van Pretoria, 2001).
45. S. Dubow, *Racial segregation and the origins of apartheid in South Africa, 1919-1936* (London, 1989).
46. J.P. Brits, *Op die vooraand van apartheid. Die rassevraagstuk en die blanke politiek in Suid-Afrika, 1939-1948* (Pretoria, 1994).
47. J.P.C. Mostert, Die rol van swart verstedeliking in die algemene verkiesing van 1948 (*Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 10(3), Desember 1985); J.P.C. Mostert, Owerheidshantering van die swart verstedelikingsproses gedurende die tweede Smutsbewind (*Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 13(3), Desember 1988).
48. A. Wessels & M.E. Wentzel, *Die invloed van relevante kommissieverslae sedert Uniewording op regeringsbeleid ten opsigte van swart verstedeliking en streekontwikkeling* (Pretoria, 1989).
49. T.R.H. Davenport, African townsmen? South African *Natives (Urban Areas)* legislation through the years (*African Affairs* 68(271), April 1969); T.R.H. Davenport, The triumph of colonel Stallard: The transformation of the *Natives (Urban Areas) Act* between 1923 and 1937 (*South African Historical Journal* 2, November 1970); T.R.H. Davenport, *The Smuts Government and the Africans, 1939-1948* (Institute of Commonwealth Studies Collected Seminar Papers V, University of London, London, 1974).
50. F.A. Saunders, *Native Economic Commission, 1931. Urban native areas. Notes upon section 7, paragraphs (2), (5) and (8)* (Grahamstown, 1931).


© University of Pretoria

en 1937),[51] Douglas Smit (1942)[52] en Ellen Hellmann (1949)[53] in.

Die ekonomiese faktore wat swart stedelike behuisingsverskaffing in Suid-Afrika gedurende die eerste helfte van die twintigste eeu beïnvloed het, word in die bronne van Mostert,[54] Johannes Schabort Rousseau[55] en Willem Jacobus Snyman Coetzee[56]gedetailleerd en gegrond op intensiewe primêre navorsing bespreek en ontleed. Voorts word finansiële formules rondom behuisingsfinansiering tegnies, dog verstaanbaar, verduidelik. Cobus Breedt[57] skets in twee artikels die finansiële implikasies van die Tweede Wêreldoorlog op die landsekonomie en die behuisingsituasie. Hierdie artikels is uiters waardevol ten einde te begryp tot watter mate die fokus van die landsekonomie op die oorlogspoging was ten koste van onrusbarende en haglike binnelandse swart stedelike behuisingstoestande. Tydgenootlike bronne — nagevors en weergegee aan die hand van kommissiegetuienis (Jones en Ambrose Lynn Saffery);[58] ontledings van relevante stadsgebiede- en behuisingswetgewing (Paul Herbert Gúenault en Richard James Randall);[59] 'n memorandum voorgelê aan die Smit-komitee;[60] en omvattende en gesaghebbende begrotingsondersoeke (Hellmann[61] en Miriam Janisch[62]) — bied 'n blik op toestande in swart stedelike woongebiede wat die navorser hom-/haarself nouliks kan voorstel. Hierdie bronne ontbloot die omstandighede sonder omhaal van woorde, maar tog met sensitiwiteit en empatie vir die situasie waarin Suid-Afrika vasgevang was: die stryd tussen polities-ideologiese en ekonomies-realistiese kragte.

Die sosiaal-maatskaplike faktore wat swart stedelike behuisingsverskaffing in Suid-Afrika gedurende die eerste helfte van die twintigste eeu beïnvloed het, word deur Wessels en Wentzel[63] aan die hand van

51. J.D.R. Jones & A.L. Saffery, Social and economic conditions of native life in the Union of South Africa. Findings of the Native Economic Commission, 1930-1932, collated and summarised (*Bantu Studies* 7(4), December 1933); J.D.R. Jones & H.S. Bloom, Natives in urban areas: The *Natives (Urban Areas) Act, 1923* as amended by *Acts 25 of 1930 and 46 of 1937*, paraphrased and analysed with comments (*Race Relations* 4(4), November 1937).
52. D.L. Smit, *Verslag van die interdepartementele komitee in sake die maatskaplike, ekonomiese en gesondheidstoestande van naturelle in stedelikegebiede* (Pretoria, 1942).
53. E. Hellmann & L. Abrahams (eds), *Handbook on race relations in South Africa* (London, 1949).
54. J.P.C. Mostert, Behuisingsprobleme van die verstedelikte swarte in Suid-Afrika, 1939-1948 (*Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 12(3), Desember 1987).
55. J.S. Rousseau, *Die politieke implikasies van swart verstedeliking in Suid-Afrika, 1939-1946* (M.A.-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1978).
56. W.J.S. Coetzee, *Die ekonomiese aspekte van naturellebehuising in Suid-Afrika* (M.A.-verhandeling, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, 1954).
57. J. vd B. Breedt, Die Suid-Afrikaanse oorlogsekonomie gedurende die Tweede Wêreldoorlog (*Militaria* 13(1) & 13(2), 1983).
58. J.D.R. Jones, & A.L. Saffery, Social and economic conditions of native life in the Union of South Africa. Findings of the Native Economic Commission, 1930-1932, collated and summarised (*Bantu Studies* 7(3), September 1933); J.D.R Jones & A.L. Saffery, Social and economic conditions of native life in the Union of South Africa. Findings of the Native Economic Commission, 1930-1932, collated and summarised (*Bantu Studies* 8(1), March 1934).
59. P.H. Gúenault & R.J. Randall, Some financial aspects of urban native segregation (*Race Relations Journal* 7(4), November 1940); P.H. Gúenault & R.J. Randall, Urban native housing in South Africa (*Race Relations Journal*, November 1940).
60. South African Institute of Race Relations, Evidence submitted to the Native Laws Commission of Enquiry I: Urban areas (*Race Relations* 14(2), 1947)
61. E. Hellmann, Social services for urban Africans. Shall the poor carry their own poverty? (*Race Relations*, November 1941).
62. M. Janisch, Health and social welfare services for natives in urban areas (*Race Relations* 7(4), November 1940); M. Janisch, *A study of African income and expenditure in 987 families in Johannesburg* (Johannesburg, 1941).
63. A. Wessels & M.E. Wentzel, *Die invloed van relevante kommissieverslae sedert Uniewording op regeringsbeleid ten opsigte van swart verstedeliking en streekontwikkeling* (Pretoria, 1989).


© University of Pretoria

kommissiegetuienis en -bevindinge noukeuring en presies verwoord. William Beinart en Dubow[64] wys op die gesondheidsgevaar wat onhigiëniese toestande onteenseglik vir alle Suid-Afrikaners en vir die landsekonomie ingehou het. Hulle ondersteun die kontroversiële,[65] dog sinvolle en insiggewende bevindinge van Swanson[66] wat sover gaan om die vrees onder blankes vir die gesondheidsgevaar binne die konteks van 'n sanitasie-sindroom, met sy oorsprong in die Britse klassestelsel, te verklaar. Dat hierdie vrees wel tot kommissies van ondersoeke en uiteindelik tot wetgewing wat die situasie vir almal kon verbeter het (mits dit nougeset toegepas is), gelei het, word deur Wessels en Wentzel[67] bo alle twyfel bewys.

## 3. Die geskiedenis van swart woonbuurtes in Pretoria

Wanneer daar spesifiek na die geskiedenis van swart stedelike behuising en swart stedelike woonbuurtes in Pretoria gekyk word, is daar ter inleiding 'n voëlvlugoorsig oor swart teenwoordigheid en die oprigting van behuisingstrukture (aanvanklik deur die swart inwoners self, en later deur die Stadsraad van Pretoria) gedurende die eerste helfte van die 20ste eeu gegee. Vir hierdie oorsig is gebruik gemaak van enkele algemene ondersoeke[68] na swart behuising in Pretoria.

Voorts is navorsing oor die ontstaan van spesifieke swart stedelike woonbuurtes in Pretoria in die vorm van 'n elektroniese bron,[69] 'n pamflet,[70] stadsraadpublikasies,[71] artikels,[72] verslae,[73] verhandelings[74] en

64. W. Beinart & S. Dubow (eds), *Segregation and apartheid in twentieth-century South Africa* (London, 1994).
65. Kyk M. Epprecht, The native village debate in Pietermaritzburg, 1848-1925: Revisiting the 'sanitation syndrome' (*Journal of African History* 58(2), 2017).
66. M.W. Swanson, The sanitation syndrome: Bubonic plague and urban native policy in the Cape Colony, 1900-1909 (*Journal of African History* 18(3), 1977).
67. A. Wessels & M.E. Wentzel, *Die invloed van relevante kommissieverslae sedert Uniewording op regeringsbeleid ten opsigte van swart verstedeliking en streekontwikkeling* (Pretoria, 1989).
68. D. van Eeden, *Die invloed van slegte behuising op die gesondheid van die Bantoebevolking in sekere Transvaalse gebiede* (M.Sc.-verhandeling, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys., 1955); M. Malan, *The black community of Pretoria, 1923-1939* (M.A. Dissertation, University of Pretoria, 1996); G. Cuthbertson *et al*., *Renaming of Pretoria: Report of the city of Tshwane* (Pretoria, 2004); B.W.B. Ball, *Planning for separate racial groups in Pretoria* (M.Sc. Dissertation, University of Pretoria, 1968); P.S. Hattingh & A.C. Horn, Pretoria, *in* A. Lemon (ed.), *Homes apart: South Africa's segregated cities* (Bloomington, 1991); H. Heydenrych & A. Swiegers, *Discover Pretoria* (Pretoria, 1999); M.J. Louw, *'n Geografiese studie van funksionele differensiasie in die metropolitaanse gebied van Pretoria* (D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Suid-Afrika, 1964).
69. M. Naidoo, 29 April 2008, *Stories from the Asiatic Bazaar. Laws Marabastad* (www.muthalnaidoo.co.za/stories-from-the-asiatic-bazaar-othermenu-96/113-laws-marabastad, access: 26 October 2011).
70. Van der Waal & Associates, *Atteridgeville soul city: A community that can lead the African Renaissance* (Pretoria, 1999).
71. Stadsraad Van Pretoria, *Die stad Pretoria: amptelike gids* (Kaapstad, 1952); S.P. Engelbrecht *et al*. (samestellers), *Pretoria (1855-1955): geskiedenis van die stad Pretoria* (Pretoria, 1955); G.M. Van der Waal, Marabastad was eerste swart gebied (*Muniforum* 21(10), Oktober/November 1993); G.M. Van der Waal, Lady Selbourne roep heelwat herinneringe op (*Muniforum* 21(5), Mei/Junie 1994).
72. J.S. Bergh, Die onstaan van Pretoria se eerste Bantoewoonbuurt (*Historia* 19(1), Mei 1974); F.J. Nöthling, Behuisingskemas vir gekleurdes in Pretoria, 1900-1924 (*Contree* 8, Januarie 1980); R.C de Jong, "The need for a total removal". An exploratory survey of the urbanisation of Africans in Pretoria, with particular emphasis on the townships that disappeared during this process (*Research by the National Cultural History Museum* 4, 1995); E.J. Carruthers, Urban land claims in South Africa: The case of Lady Selborne township, Pretoria, Gauteng (*Kleio* 32, 2000).
73. R.D. Coertze, *Atteridgeville. 'n Stedelike Bantoewoonbuurt* (Pretoria, 1969); J. Walker & G.M. van der Waal (compilers), *A working history of Mamelodi* (Human Sciences Research Council. Pretoria, 1991).
74. T.J. Chiloane, *The establishment of black settlement areas in and around Pretoria with special reference to Mamelodi, 1900-1970*


© University of Pretoria

proefskrifte[75] deurgewerk.

Drie bronne verdien 'n gedetailleerde bespreking. Die sendeling Henri-Philippe Junod (1897-1987) was sedert die 1930's onder die swart inwoners van Marabastad en Bantule werksaam. Sy tydgenootlike waarnemings en uitsprake[76] het verhelderende insae in die tydsgees verleen; tog moet die historiese navorser sy standpunte met kritiese behoedsaamheid ontleed om sy bepaalde invalshoek en tydgenootlike vooroordele te bepaal. Sy bydrae is in 1955 gelewer tydens die eeufeesvieringe van Pretoria wat waarskynlik 'n rooskleuriger uitkyk op die geskiedenis van swart woonbuurtes in Pretoria tot gevolg gehad het. Ten spyte hiervan bly dit 'n waardevolle bron. Die geograaf J.H. Moolman[77] het die vestiging van swartes in die Pretoria-omgewing gedurende die tydperk onder bespreking in breë trekke geskets wat 'n bruikbare oorsigtelike raamwerk vir hierdie gedeelte van die proefskrif verskaf het. Daarteenoor het die kultuurhistorikus Robert de Jong in sy navorsingspublikasie[78] 'n baie meer gedetailleerde uiteensetting gegee van nie net die ontstaan en ontwikkeling van swart woonbuurtes nie, maar ook van swart plakkersgebiede in die Pretoria-omgewing. Sy publikasie het die meeste bestaande navorsing (tot 1995) oor swart woongebiede in Pretoria saamgevat en as 'n geheel aangebied, wat daarvan 'n onontbeerlike naslaanbron en beginpunt vir enige navorsing oor swart woongebiede in Pretoria maak. Die genoemde bronne het mekaar grootliks nageskryf.

Die problematiek rondom en teenstrydigheid rakende die getal stedelike swartes binne die Pretoria-omgewing (wat tot 1949 geografies onder drie verskillende munisipaliteite ingedeel was) teenoor die getal onder jurisdiksie van die Stadsraad van Pretoria het statistiese berekeninge oor veral die toename in swart getalle weens verstedeliking (en dus die omvang van die Stadsraad van Pretoria se behuisingsverskaffingverpligting) erg bemoeilik. Daar moes fyn gelees word om die korrekte getalle en toename te bepaal. Die gerekende bron van Hellmann[79] en die aanhaal van stadsraadverslae met

(M.A. Dissertation, Rand Afrikaans University, 1990); M. Friedman, *A history of Marabastad and its environs, 1902-1923* (M.A. Dissertation, University of South Africa, 1993); J.F. Eloff, *'n Volkekundige studie van aanpassing en ontwikkeling in die gesinslewe van die naturelle van Atteridgeville* (M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1952); M. Mulaudzi, *Service delivery and public participation: An exploratory case study of Atteridgeville-Saulsville between 1995 and 2005* (M.A. Dissertation, University of Pretoria, 2006); M. Stals, *Fragmentation & unity. The search for the design of a 'model township'. The case of Atteridgeville, Pretoria* (M.Sc. Dissertation, Katholieke Universiteit Leuven, 1998).

75. M.C. Kgari-Masondo, *"A superstitious respect for the soil"?: Environmental history, social identity and land ownership — a case study of forced removals from Lady Selborne and their ramifications, c. 1905-1977* (D.Phil. Thesis, University of Stellenbosch, 2008); H.O. Mönnig, *'n Analise van die sosiaal-kulturele lewe in Hovesground: 'n stedelike Bantoewoonbuurt* (D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1959).

76 H.P. Junod, The Bantu population of Pretoria, *in* S.P. Engelbrecht *et al*. (samestellers), *Pretoria (1855-1955): geskiedenis van die stad Pretoria* (Pretoria, 1955).

77. J.H. Moolman, Die vestiging van die Bantoe in Pretoria. (Referaat gelewer tydens die Kongres van die Vereniging vir Aardrykskunde-Onderwys, Potchefstroom, 1969).

78. R.C. de Jong, "The need for a total removal". An exploratory survey of the urbanisation of Africans in Pretoria, with particular emphasis on the townships that disappeared during this process (*Research by the National Cultural History Museum* 4, 1995).

79. E. Hellmann & L. Abrahams (eds), *Handbook on race relations in South Africa* (London, 1949).



© University of Pretoria

betroubare statistiek deur Coertze[80] het die juistheid van statistiek verseker.

## 4. Navorsingsmetodiek en die stedelike verskynsel

Die teoretiese en metodologiese begronding van hierdie proefskrif fokus op vier aspekte, naamlik die aard, omvang en begrensing van stedelike geskiedenis en waar die geskiedenis en totstandkoming van swart stedelike woonbuurtes inpas; die redes vir en voordele van ’n interdissiplinêre en selfs transdissiplinêre benadering tot die navorsingsonderwerp; die noodsaak en meriete van die toepassing van ’n inklusiewe klasse-, rasse- én postmodernistiese ontledings- en verklaringsmodel wanneer na die stedelike verlede gekyk word; en die bydrae wat ’n vergelykende benadering tot die historiese ontleding van en begrip vir die stedelike milieu, strukture en belewing kan lewer.

Die navorsingsonderwerp van hierdie proefskrif — wat ’n geografiese stedelike ruimte, met owerheidsinstellings, boustrukture en die mense aanwesig en betrokke daarby insluit — dwing die navorser om oor die aard, fokus, invalshoek en metodologie van sodanige navorsing te besin. So ’n besinning is nodig ten einde ’n balans tussen noue fokus en wyer perspektief te verseker met die gepaardgaande verantwoordbare gevolgtrekkings. Verskeie gerekende historici het reeds deur hierdie besinningsproses gegaan en bied onontbeerlike en meesterlike insig en raad, maar ook praktiese vermanings oor die moontlike probleme, slaggate en gevolglike interpretasieverarming waarmee die navorser gekonfronteer kan word. Die navorser mag aanvanklik totaal oorweldig voel deur die verskillende riglyne in hierdie navorsingsliteratuur, maar indien op die essensie gefokus word, lei dit tot ’n gefokusde, inklusiewe en verrykende navorsingservaring en verhelderende insigte.

Tien riglyne kan uit genoemde raad en vermanings oor wat in die navorsing oor ’n stedelike verskynsel voor oë gehou moet word, geïdentifiseer word **(Kyk Diagram 1)**: i) Dyos, by monde van Reeder, Cannadine en Sutcliffe bepleit ’n omarmende perspektief (interdissiplinariteit) ten einde lig op die probleme van die stad te werp;[81] ii) Hershberg, Grundlingh, Lubove, Mohl, en Swanson waarsku ernstig dat die navorsings- en interpretasiefokus nie net op die geografiese ruimte (plek) en tyd (konteks) moet wees nie, maar veral ook op die ervaring en belewing van die stedelike ruimtes — ’n wisselwerking dus tussen prosesse en produkte, en tussen strukture en bewoners;[82] iii)

---

80. R.D. Coertze, *Atteridgeville. ’n Stedelike Bantoewoonbuurt* (Pretoria, 1969).
81. A. Sutcliffe, Urban history in the eighties. Reflections on the H.J. Dyos memorial conference (*Journal of Urban History* 10, 1984); D. Cannadine, Conclusion. Urban history in the United Kingdom: The ‘Dyos phenomenon’ and after, *in* D. Cannadine & D. Reeder (eds), *Exploring the urban past: Essays in urban history by H.J. Dyos* (Cambridge, 1982); D. Reeder, Introduction. H.J. Dyos and the urban process, *in* D. Cannadine & D. Reeder (eds), *Exploring the urban past: Essays in urban history by H.J. Dyos* (Cambridge, 1982).
82. T. Hershberg, The new urban history: Towards an interdisciplinary history of the city (*Journal of Urban History* 5, 1978); R.


© University of Pretoria

Hershberg beklemtoon verder dat aandag aan sowel die stad-as-plek as aan die stad-as-proses geskenk moet word;[83] iv) plaaslik het Saunders die inagneming van die stad-as-geheel as oorkoepelende raamwerk voorgehou;[84] v) Maylam en Freund verskaf oortuigende bewyse waarom hulle 'n navorsingsfokus op die meer verruimende "history-of-the-city" bo 'n enger fokus op die "history-in-the-city" verkies;[85] vi) 'n beklemtoning van sowel die stedelike denkwyses, paradigmas en voortspruitende optrede "from above" as die stedelike belewing, reaksie en inisiatief "from below" word beslis en ononderhandelbaar deur Saunders, Parnell en Mabin, en Hayden uiteengesit;[86] vii) waar die navorsingsoeklig op behuisingstrukture val, waarsku Lawrence, Carter en Arnold dat die navorsing nie in die strukture verstrengel moet raak nie, maar ook die visuele, die emosie en belewing wat die strukture by die bewoners daarvan ontlok, in ag moet neem;[87] viii) 'n oorbluffende hoeveelheid internasionale[88] en plaaslike[89] historici het die aksent op die sosiale geskiedenis-aspek van navorsing oor 'n stedelike onderwerp laat val, met die belewing van die inwoners van die stedelike ruimte wat dan sentraal geplaas word; ix) die plaaslike historici Saunders, Callie Eloff en Elize van Eeden het aangedui dat navorsing oor 'n stedelike ruimte dikwels as plaaslike of streeksgeskiedenis geklassifiseer word en dat die tekortkominge en waarde van hierdie komponent beslis in ag geneem moet word;[90] en x) navorsing oor 'n stedelike ruimte (strukture en bewoners

---

Lubove, The urbanization process: An approach to historical research (*Journal of the American Institute of Planners* 33, January 1965); R. Mohl, The new urban history and its alternatives (*Urban History Yearbook*, 1983); M.W. Swanson, Reflections on the urban history of South Africa: Some problems and possibilities (*African Urban Notes*, 1969); L.W.F. Grundlingh, *Stedelike geskiedenis: hoe maak 'n mens 'n nuwe kultivar vir 'n ou vat?* (Professorale intreerede, Randse Afrikaanse Universiteit, 29 September 2004).

83. T. Hershberg, The new urban history: Towards an interdisciplinary history of the city (*Journal of Urban History* 5, 1978).
84. C. Saunders, *Writing history. South Africa's urban past and other essays* (Pretoria, 1992).
85. B. Freund, Urban history in South Africa (*South African Historical Journal* 52, 2005); P. Maylam, Explaining the apartheid city: 20 years of South African urban historiography (*Journal of Southern African Studies* 21(1), Special issue: Urban studies and urban change in Southern Africa, March 1995).
86. S. Parnell & A. Mabin, Rethinking urban South Africa (*Journal of Southern African Studies* 21(1), March 1995); C. Saunders, *Writing history. South Africa's urban past and other essays* (Pretoria, 1992). D. Hayden, *The power of place: Urban landscapes as public history*, p. 15, soos aangehaal in V. Bickford-Smith, Urban history in the new South Africa: Continuity and innovation since the end of apartheid (*Urban history* 35(2), 2008).
87. J.L. Arnold, Architectural history and urban history (*Journal of Urban History* 17(1), 1990); M. Carter, Cities and buildings: Perspectives on architecture and its place in urban history (*Urban History Review* 14, 1986); R.J. Lawrence, Methodologies in contemporary housing research: A critical review, *in* D.U. Vestbro *et al*. (eds), *Methodologies in housing research* (Gateshead, 2005).
88. P. Joyce, The end of social history (*Social History* 20(1), January 1995); R. Mohl, The new urban history and its alternatives (*Urban History Yearbook*, 1983); J. Guldi, Landscape and place, *in* S. Gunn & L. Faire (eds), *Research methods for history* (Edinburgh, 2012); R. Harrison, The 'new social history' in America, *in* P Lambert. & P. Schofield (eds), *Making history. An introduction to the history and practices of a discipline* (New York, 2004); P. Lambert, Social history in Germany, *in* P. Lambert & P. Schofield (eds), *Making history. An introduction to the history and practices of a discipline* (New York, 2004).
89. A. Grundlingh, Herhistorisering en herposisionering: perspektiewe op aspekte van geskiedbeoefening in hedendaagse Suid-Afrika (*Historia* 46(2), November 2001); A. Grundlingh, Sosiale geskiedenis en die dilemma in Afrikanergeskiedskrywing (*Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal* 19(1), 1987), E.S. van Eeden, Debating some past and present research frameworks and methodologies in history on places and their peoples in South Africa (*African Historical Review* 45(2), 2013); L.W.F. Grundlingh, *Stedelike geskiedenis: hoe maak 'n mens 'n nuwe kultivar vir 'n ou vat?* (Professorale intreerede, Randse Afrikaanse Universiteit, 29 September 2004); A. Grundlingh, 1993, Social history and Afrikaner historiography in a changing South Africa: Problems and potential (http://sas-space.sas.ac.uk, access: 15 September 2014).
90. C.C. Eloff, Aspekte van plaaslike en streek-geskiedenis: teorie en praktyk (*Contree* 35, Junie 1994); C.C. Eloff, "History from below": 'n Oorsig (*Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal* 25(1), 1991); C. Saunders, What of regional history? Towards a history of the Western Cape (*South African Historical Journal* 22(1), 1990); E.S. van Eeden, Challenging traditional ways of thinking and doing local/regional history research in South Africa: Some global learning and sharing (*International Journal of Local and Regional History*, 2014); E.S. van Eeden, Pioneering regional history studies in South Africa: Reflections within the former Section for Regional History at the Human Sciences Research Council (HSRC) (*Historia* 59(1), May 2013); E.S. van Eeden, Regional, local, urban and rural history as nearby spaces and places: Historiographical and methodological



© University of Pretoria

ingesluit) behoort, ten spyte van alle noodsaaklike metodologiese inagnemings en nodige gefokusde afdraaipaaie, altyd die oproep van gesoute navorsers[91] voor oë te hou, naamlik noue fokus én groter perspektief is ononderhandelbaar — interpreteer en plaas die stedelike navorsing altyd binne die groter geografiese en intellektuele geheel.

Diagram 1: Skematiese kennisvoorstelling van invalshoeke relevant tot swart stedelike woonbuurtes




Ontwerp en saamgestel deur K. Sevenhuysen (Pretoria, 2020).

reflections (*New Contree* 63, January 2012).

91. S. Parnell & A. Mabin, Rethinking urban South Africa (*Journal of Southern African Studies* 21(1), March 1995); H. Sapire & J. Beall, Introduction: Urban change and urban studies in Southern Africa (*Journal of Southern African Studies* 21(1), March 1995); M.W. Swanson, Reflections on the urban history of South Africa: Some problems and possibilities (*African Urban Notes*, 1969); C. Saunders, *Writing history. South Africa's urban past and other essays* (Pretoria, 1992).



© University of Pretoria

Die komplekse en veelvlakkige aard van navorsing oor die stad en die strukture van die stad (woonbuurtes en woningstrukture) kan die historikus oorweldig en metodologies- en teoreties-ontoereikend vir sodanige navorsing laat. Internasionale[92] en Suid-Afrikaanse historici[93] erken hierdie problematiek en stel dit onomwonde dat wanneer die stad, sy strukture en sy inwoners ondersoek word 'n interdissiplinêre en selfs transdissiplinêre benadering tot die navorsingsonderwerp ononderhandelbaar is. Dit is voorts die enigste manier om die stad in al sy verweefdheid na behore te verstaan, na te vors en insigverruimende gevolgtrekkings te kan maak. Dit is veral Saunders[94] en Van Jaarsveld[95] wat plaaslik 'n interdissiplinêre navorsingsbenadering in die algemeen tot die stad bepleit met ander plaaslike historici[96] wat die voordele van spesifieke dissiplines vir stedelike navorsing grondig nagevors het en daaroor verslag doen. Die navorsingsuitsette van stadsbeplanners, argitekte, stedelike geograwe en volkekundiges/antropoloë oor swart stedelike woonbuurtes en behuisingstrukture in Suid-Afrika, en in Atteridgeville, is vir hierdie proefskrif die sleutel wat die stad en sy strukture, in al hulle dimensies, beide kwantitatief en kwalitatief, kan oopsluit. In die metodiese regverdiging vir die noodsaaklikheid om met 'n stedelike navorsingsonderwerp interdissiplinêr te werk te gaan, ontbloot beide Thompson[97] en Saunders[98] die essensie wat die historiese navorser voor oë moet hou, naamlik 'n historiese fokus op tyd en konteks.

---

92. D. Cannadine, How does it work? The city in history (*Encounter* 61(4), 1983); M. Carter, Cities and buildings: Perspectives on architecture and its place in urban history (*Urban History Review* 14, 1986); T. Hershberg, The new urban history: Towards an interdisciplinary history of the city (*Journal of Urban History* 5, 1978); D. Cannadine, Conclusion. Urban history in the United Kingdom: The 'Dyos phenomenon' and after, *in* D. Cannadine & D. Reeder (eds), *Exploring the urban past: Essays in urban history by H.J. Dyos* (Cambridge, 1982); J. Davidson, History and anthropology, *in* P. Lambert & P. Schofield (eds), *Making history. An introduction to the history and practices of a discipline* (New York, 2004); R. Harrison, History and sociology, *in* P. Lambert & P. Schofield (eds), *Making history. An introduction to the history and practices of a discipline* (New York, 2004); P. Lambert & P. Schofield, Interdisciplinarity, *in* P. Lambert & P. Schofield (eds), *Making history. An introduction to the history and practices of a discipline* (New York, 2004); R.J. Lawrence, Methodologies in contemporary housing research: A critical review, *in* D.U. Vestbro *et al.* (eds), *Methodologies in housing research* (Gateshead, 2005); H. Sapire & J. Beall, Introduction: Urban change and urban studies in Southern Africa (*Journal of Southern African Studies* 21(1), March 1995); M.W. Swanson, Reflections on the urban history of South Africa: Some problems and possibilities (*African Urban Notes*, 1969).
93. P. Maylam, Explaining the apartheid city: 20 years of South African urban historiography (*Journal of Southern African Studies* 21(1), Special issue: Urban studies and urban change in Southern Africa, March 1995); G.H. Pirie, South African urban history (*Urban History Yearbook*, 1985); F.J. du T. Spies, Leemtes in die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing (*Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal* 3, November 1971); J.J. Fourie, Stedelike geskiedenis: 'n histories-metodologiese ondersoek, *in* Randse Afrikaanse Universiteit, *Geskiedenis navorsingsprojek. Die geskiedenis van die Afrikaner aan die Rand, 1886-1961: oorsig III* (Johannesburg, 1974); C. Saunders, *Writing history. South Africa's urban past and other essays* (Pretoria, 1992), F.A. van Jaarsveld, Stad en historikus, *in*, F.A. van Jaarsveld, *Geskiedkundige verkenninge* (Pretoria, 1974); F.A. van Jaarsveld, *Verstedelikings- en stedelike geskiedenis as studiegebied vir eietydse geskiedenisbeoefening: 'n historiografiese benadering*. Instituut vir Eietydse Geskiedenis, lesingreeks 1 (Bloemfontein, 1972).
94. C. Saunders, *Writing history. South Africa's urban past and other essays* (Pretoria, 1992).
95. F.A. van Jaarsveld, Stad en historikus, *in* F.A. van Jaarsveld, *Geskiedkundige verkenninge* (Pretoria, 1974); F.A. van Jaarsveld, *Verstedelikings- en stedelike geskiedenis as studiegebied vir eietydse geskiedenisbeoefening: 'n historiografiese benadering*. Instituut vir Eietydse Geskiedenis, lesingreeks 1 (Bloemfontein, 1972).
96. K.S.O. Beavon, Black townships in South Africa: *Terra incognito* for urban geographers (*South African Geographical Journal* 64(1), 1982); J. de Bruyn, Geskiedenis en antropologie: onderweg na 'n mensliker geskiedenis? (*Historia* 27(2), September 1982); A. Grundlingh, Sielkunde vir die historikus: praktiese moontlikheid of idealistiese wensdenkery? (*Historia* 27(2), September 1982); L. Heydenrych, Geskiedenis en geografie – terug aarde toe (*Historia* 27(2), September 1982); F.A. van Jaarsveld, Geskiedenis en sosiologie (*Historia* 28(1), Mei 1983).
97. E.P. Thompson, On history, sociology and historical relevance, *British Journal of Sociology* 27(3), September 1976, p. 390, soos aangehaal in A. Grundlingh, Sielkunde vir die historikus: praktiese moontlikheid of idealistiese wensdenkery? (*Historia* 27(2), September 1982).
98. C. Saunders, *Writing history. South Africa's urban past and other essays* (Pretoria, 1992).


© University of Pretoria

In die ondersoek na die noodsaak en meriete van die toepassing van 'n inklusiewe klasse-, rasse- én postmodernistiese ontledings- en verklaringsmodel wanneer na die stedelike verlede gekyk word, het die Suid-Afrikaanse historici Ken Smith,[99] Saunders[100] en Ross[101] die mees verruimende en verantwoordbare regverdigings en verklarings vir 'n klasse- én rasse-ontledingsmodel aangebied. Die stadbeplanner Mabin en die stedelike geograaf Parnell het dit vanuit hulle onderskeie perspektiewe nog sterker onderskryf en aanbeveel.[102] Die kennis, waarde en noodsaaklikheid van 'n postmodernisties-gefokusde bewussyn onder historici is deur verskeie gerekende historici, met mindere of meerdere entoesiasme, onderskryf.[103] Die waardevolste, sinvolste en nuttigste uitsprake hieroor is deur Maylam[104] gelewer. Hy herinner die historikus nugter en ewewigtig daaraan dat baie van die "uitdagende" en "bewustelike" oproepe van die postmodernisme deel van die historikus se denk- en navorsingsvaardighede is, dalk meer onbewustelik as bewustelik, maar steeds deel van die historikus se ontledingsmondering.

Vir die vergelykende deel van hierdie studie is sterk op die werke van Johan Bergh,[105] De Klerk,[106] Frederickson,[107] William H. Sewell,[108] Skocpol en Somers,[109] en George Reid Andrews[110] gesteun vir inligting oor en insae in vergelykingsmodelle, en die aard, voordele en moontlike slaggate van vergelykende navorsing. Veral die artikel van Andrews, waar hy drie vergelykende historiese werke ondersoek en evalueer, bring 'n mens onder die indruk van die komplekse aard van historiese vergelyking. Hy beklemtoon dan ook dat die bes-moontlike, sinvolste en relevantste gevolgtrekkings net gemaak kan word indien 'n kombinasie van verskillende vergelykende metodes of benaderings gevolg word. Hierdie verskillende benaderings word gedetailleerd in die werke van veral De Klerk, en Skocpol en Somers teoreties verduidelik en uiteengesit.

---

99. K. Smith, *The changing past. Trends in South African historical writing* (Johannesburg, 1988).
100. C. Saunders, *The making of the South African past: Major historians on race and class* (Cape Town, 1988); C. Saunders, *Writing history. South Africa's urban past and other essays* (Pretoria, 1992).
101. R. Ross, soos aangehaal in G.M. Fredrickson, *White supremacy. A comparative study in American and South African history* (New York, 1981).
102. S. Parnell & A. Mabin, Rethinking urban South Africa (*Journal of Southern African Studies* 21(1), March 1995).
103. P. Brickley, Teaching post-modern history: A rational option for the classroom? (*Teaching History* 74, January 1994); C. Crais, South Africa and the pitfalls of postmodernism (*South African Historical Journal* 31, November 1994); K. Jenkins (ed.), *The postmodern history reader* (London, 1997); P. Zagorin, History, the referent, and narrative: Reflections on postmodernism now (*History and Theory* 38(1), February 1999); R.J. Evans, *In defence of history* (London, 2000).
104. P. Maylam, "Dead horses, the baby and the bathwater": "Post-theory" and the historian's practice (*South African Historical Journal* 42, May 2000).
105. J.S. Bergh, *White supremacy* twenty years on: Opportunities for comparative historical research (*Historia* 48(1), May 2003).
106. P. de Klerk, Vergelyking in die bestudering van geskiedenis (*Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal* 6, 1974); P. de Klerk, Die Suid-Afrikaanse geskiedenis in vergelykende perspektief — 'n metodologiese ondersoek (*Historia* 44(2), November 1999).
107. G.M. Frederickson, *White supremacy. A comparative study in American and South African history* (New York, 1981).
108. W.H. Sewell, Marc Bloch and the logic of comparative history (*History and Theory* 2, 1967).
109. T. Skocpol & M. Somers, The uses of comparative history in macrosocial inquiry (*Comparative Studies in Society and History* 22, 1980).
110. G.R. Andrews, Review essay: Comparing the comparers: White supremacy in the United States and South Africa (*Journal of Social History* 20, 1986/7).



© University of Pretoria

## 5. Die konseptuele oorsprong van "modelbehuising"

Drie komponente is as deel van die konseptuele oorsprong van "modelbehuising" geïdentifiseer, naamlik die modernisme, die welsynstaat, en die sanitasie-sindroom. Wat die rol van die modernisme betref, het vyf outeurs by uitstek tot ontsluiting, begrip en relevante kontekstualisering bygedra. Die stadsbeplanner Mark Oranje[111] het die twee teenstrydige fases binne die modernisme, die kreatiwiteits- en verstarringsfases, op verstaanbare manier ontleed en uiteengesit. Sy uiters-gedetailleerde ontleding is op 'n meesterlike postmodernistiese skryfstyl aangebied wat die leser terselfdertyd oorbluf, geïrriteerd en beïndruk gelaat het. Die neerslag van modernistiese argitektuur binne 'n Afrika-omgewing is deur die argitek Nnamdi Elleh[112] aan die orde gestel, terwyl die stedelike geograaf Robinson,[113] die argitekte Errol Haarhoff[114] en Fassil Demissie[115] die (staats)-beherende aspekte van modernisme in Suid-Afrikaanse swart stedelike woongebiede krities ontbloot het. Dit het wel soms voorgekom of die beherende aspekte oorbeklemtoon is om 'n bepaalde standpunt en argument te onderskryf. Tog het dit die navorser met (modernistiese) stof tot nadenke gelaat.

Die wyse waarop die welsynstaatgedagte binne die breëre modernistiese beweging ingepas en gefigureer het, word deur die sosioloë Irma du Plessis[116] en Debrah Posel[117] ontleed. Du Plessis se fokus is armblanke-werkersklasbehuising in Suid-Afrika, terwyl Posel die rol van die welsynstaat-gedagte met betrekking tot die swart werkersklas in Suid-Afrika ondersoek.

Die sanitasie-sindroom as die derde bydraende komponent tot die oorsprong van die "modelbehuising"-gedagte word in die werke van Swanson,[118] Marc Epprecht[119] en Parnell[120] ontbloot, krities ondersoek en met plaaslike voorbeelde belig. Alhoewel Epprecht krities staan teenoor Swanson se skepping van die sanitasie-sindroom-verklaring vir die regverdiging van

---

111. M.C. Oranje, *The language game of South African urban and regional planning: A cognitive mapping from the past into the future* (PhD. Thesis, University of Pretoria, 1997).
112. N. Elleh, Perspectives on the architecture of Africa's underprivileged urban dwellers (*Social Dynamics* 37(1), March 2011).
113. J. Robinson., The politics of urban form: Differential citizenship and township formation in Port Elizabeth 1925-1945 (*Kronos: Journal of Cape History* 20, November 1993); J. Robinson, *The power of apartheid: State, power and space in South African cities* (Oxford, 1996).
114. E. Haarhoff, Appropriating modernism: Apartheid and the South African township (Paper presented at the 14th IPHS Conference, Urban transformation: Controversies, contrasts and challenges, 12-15 July 2010, Istanbul, Turkey).
115. F. Demissie, Controlling and 'civilising natives' through architecture and town planning in South Africa (*Social Identities: Journal for the Study of Race, Nation and Culture* 10(4), 2004).
116. I. du Plessis, Johannesburg's "model white housing scheme" in the civic social imaginary: The genesis of a white Afrikaner welfarist node, 1933-1937 (*Historia* 61(2), November 2016).
117 D. Posel, The case for a welfare state: Poverty and the politics of the urban African family in the 1920s and 1940s, *in* S. Dubow & A. Jeeves (eds), *South Africa's 1940s: Worlds of possibilities* (Cape Town, 2005).
118. M.W. Swanson, The sanitation syndrome: Bubonic plague and urban native policy in the Cape Colony, 1900-1909 (*Journal of African History* 18(3), 1977).
119. M. Epprecht, The native village debate in Pietermaritzburg, 1848-1925: Revisiting the 'sanitation syndrome' (*Journal of African History* 58(2), 2017).
120. S. Parnell, Creating racial privilege: The origins of South African public health and town planning legislation (*Journal of Southern African Studies* 19(3), September 1993).


© University of Pretoria

rasseskeiding, was dit geensins Swanson se veronderstelling dat die komplekse aard van rasseskeiding deur een sindroom verklaar kon word nie. Vanselfsprekend is dit een van vele verklaringsmodelle, wat veral binne die konteks van die modernisme en die welsynstaatgedagte uiters sinvol is en die veronderstelde gedagtewêreld van besluitnemers en hulle ondersteuners ontbloot. Parnell se uiteensetting van die impak van die sanitasie-sindroom op besluitneming oor openbare gesondheid in Johannesburg aan die begin van die 20ste eeu bevestig die invloed en trefkrag van hierdie sindroom.

Die Suid-Afrikaanse konteks waarbinne "model native townships" neerslag gevind het, is veral deur die konsepte van patriargalisme en paternalisme, en segregasie oorheers. Die politieke wetenskaplike Doreen Atkinson[121] ontrafel die verband en onderskeid tussen patriargalisme of patriargie (ingesteldheid) en paternalisme (optrede), en verskaf weldeurdagte en grondige teoretiese ontledings van hierdie konsepte en die toepassing daarvan binne die Suid-Afrikaanse staat gedurende die eerste helfte van die 20ste eeu.

'n In-diepte ondersoek na die aard van paternalisme ontbloot twee uiteenlopende dog onlosmaaklike komponente, naamlik beheer of dissipline én verantwoordelikheid vir sorg en welsyn wat beide deur die "vader" of "vaderlike regeerder" toegepas is. Die sosiale historikus Van Onselen[122] beskryf hierdie dubbelslagtigheid kreatief-gepas as "part chain, part umbilical cord".[123] Die historici Ross,[124] Shell[125] en Maylam,[126] asook die sosioloë Ivan Evans[127] en Belinda Bozzoli[128] identifiseer, kontekstualiseer en analiseer ook die komplekse en tweeledige aard van hierdie begrip. Al hierdie navorsers is instemmend oor die tweeledige aard, alhoewel elkeen van hulle ander beskrywings daarvoor verskaf **(Kyk Diagram 2)**. Shell erken die dubbelslagtige vaderlike optrede, maar herlei dit na 'n onderskeid tussen patriargale en paternalistiese optredes.

121. D. Atkinson, Patriarchalism and paternalism in South African "native administration" in the 1950s (*Historia* 54(1), May 2009).
122. C. van Onselen, The social and economic underpinnings of paternalism and violence on the maize farms of South-Western Transvaal, 1900-1950 (*The Journal of Historical Sociology* 5(2), June 1992).
123. C. van Onselen, *The seed is mine: The life of Kas Maine, a South Africans sharecropper 1894-1985*, p. 289.
Kyk ook J. Mason, Book Reviews. *The seed is mine: The life of Kas Maine, a South African sharecropper, 1894-1985, Journal of American History* 84(2), September 1997, pp. 689-690.
124. R. Ross, Paternalism, patriarchy and Afrikaans (*South African Historical Journal* 32, May 1995).
125. R. C.-H. Shell, *Children of bondage. A social history of the slave society at the Cape of Good Hope, 1652-1838* (Johannesburg, 1994).
126. P. Maylam, *South Africa's racial past: The history and historiography of racism, segregation and apartheid* (Hampshire, 2001); P. Maylam se bydrae oor segregasie, *in* C. Saunders (advisory editor), *An illustrated dictionary of South African history* (Johannesburg, 1994).
127. I. Evans, *Bureaucracy and race. Native administration in South Africa* (Berkeley, 1997).
128. B. Bozzoli, From governability to ungovernability: Race, class and authority in South Africa's black cities (Paper presented at the Institute for Advanced Social Research, University of the Witwatersrand, March 1996.)


© University of Pretoria

Diagram 2: Skematiese kennisvoorstelling van navorsing oor die konsep "paternalisme"




Ontwerp en saamgestel deur K. Sevenhuysen (Pretoria, 2020).



© University of Pretoria

Verskeie gerekende historici[129] en 'n historiese geograaf[130] het intensiewe en grondige navorsing oor segregasie en die ontwikkeling van die konsep gedurende die eerste helfte van die 20ste eeu gedoen. Hierdie historici het die konsep verklarend en breedvoerig gedefinieer; gewys op die veronderstelde en verskuilde bedoeling met segregasie; omvattende internasionale en nasionale invloede wat die oorsprong van die konsep en die beleid in die hand gewerk het, geïdentifiseer en krities ontleed; die verskillende rolspelers in die ontwikkeling van die konsep uitgewys en ondersoek; en die verskillende intensiteitsvorme van segregasie benoem en verduidelik. Dit was veral Dubow en Giliomee wat die waardevolste en insiggewenste bydrae tot laasgenoemde aspek gelewer het. Dit het die weg tot groter begrip vir die komplekse aard van segregasie gebaan, en dit beklemtoon dat verskeie rolspelers om verskillende redes en in verskillende mate die beleid aangehang en daarby betrokke was.

Wat presies onder 'n "model native township" — tydgenootlik gedurende die eerste helfte van die 20ste eeu en later, met 'n agternaperspektief en beïnvloed deur filosofies-teoretiese lense van hedendaagse navorsers — beskryf en verstaan is, het verskillende interpretasies, afkomstig van uiteenlopende dissiplines, ontbloot. Die stadsbeplanner Oranje[131] en die sosioloog Du Plessis[132] verskaf in hulle navorsing 'n noodsaaklike teoretiese begronding vanuit onderskeidelik 'n postmodernistiese en 'n klasgedrewe invalshoek. Die stedelike geograaf Robinson[133] en die argitek Stals[134] se interpretasie fokus op die rol van model swart woonbuurtes binne die regeringsbeleid van skeiding en beheer. Die historici Louise Torr,[135] en Du Bruyn en Oelofse[136] se vertolking is onderskeidelik op Lamontville in

---

129. Japie Brits in: *The Penguin concise dictionary of historical and political terms* (London, 1995).
Saul Dubow in: *Racial segregation and the origins of apartheid in South Africa, 1919-1936* (London, 1989).
Christopher Saunders in: *An illustrated dictionary of South African history* (Johannesburg, 1994)
Herman Giliomee in: The making of the apartheid plan, 1929-1948 (*Journal of Southern African Studies* 29(2), 2003) en *Die Afrikaners. 'n Biografie* (Kaapstad, 2004).
Paul Maylam in: Explaining the apartheid city: 20 years of South African urban historiography (*Journal of Southern African Studies* 21(1), Special issue: Urban studies and urban change in Southern Africa, March 1995) en *South Africa's racial past: The history and historiography of racism, segregation and apartheid* (Hampshire, 2001).
Paul Rich in: Administrative ideology, urban social control and the origins of apartheid theory, 1930-1939 (*Journal of African Studies* 7(2), Summer 1980) en *White power and the liberal conscience: Racial segregation and South African liberalism, 1921-1960* (Johannesburg, 1984).
John Cell in: *The highest stage of white supremacy. The origins of segregation in South Africa and the American South* (Cambridge, 1982).
130. A.J. Christopher, From Flint to Soweto: Reflections on the colonial origins of the apartheid city (*Area* 15, 1983).
131. M.C. Oranje, *The language game of South African urban and regional planning: A cognitive mapping from the past into the future* (PhD. Thesis, University of Pretoria, 1997).
132. I. du Plessis, Johannesburg's "model white housing scheme" in the civic social imaginary: The genesis of a white Afrikaner welfarist node, 1933-1937 (*Historia* 61(2), November 2016).
133. J. Robinson, The politics of urban form: Differential citizenship and township formation in Port Elizabeth 1925-1945 (*Kronos: Journal of Cape History* 20, November 1993); J. Robinson, "Progressive Port Elizabeth": Liberal politics, local economic development and the territorial basis of racial domination, 1923-1935 (*GeoJournal* 22(3), 1990); J. Robinson, *The power of apartheid: State, power and space in South African cities* (Oxford, 1996).
134. M. Stals, *Fragmentation & unity. The search for the design of a 'model township'. The case of Atteridgeville, Pretoria* (M.Sc. Dissertation, Katholieke Universiteit Leuven, 1998).
135. A.L. Torr, Lamontville — Durban's "model village": The realities of township life, 1934-1960 (*Journal of Natal and Zulu History* 10, 1987); L. Torr, Providing for the "better-class native". The creation of Lamontville, 1923-1933 (*South African Geographical Journal* 69(1), 1987); L. Torr, Lamontville: A history, 1930-1960, *in* P. Maylam & I. Edwards (eds), *The people's city: African life in twentieth-century* (Durban, 1999).
136. D. du Bruyn & M. Oelofse, "A hygienic native township shall be developed": The founding and development of Batho as Bloemfontein's "model location" (c.1918-1939) (*Historia* 64(2), November 2019); D. du Bruyn & M. Oelofse, "The idea of beautifying the surroundings": Bloemfontein's (Mangaung) Batho location a "garden location"? (ca. 1918-1939) (*New Contree*


© University of Pretoria

Durban en Batho in Bloemfontein toegespits. Beide navorsingswerke onderskryf 'n rasgedrewe plaaslike invalshoek en ontleed tydgenootlike minimumstandaarde waaraan inwonersgedrag, en die uitleg, infrastruktuur, dienste en wonings van swart modelwoonbuurtes moes voldoen ten einde as voorbeelde vir die oprigting van ander woonbuurtes te kon dien. Die sosioloog Natasha Vally[137] en die argitek Steenkamp[138] se verklaring wentel om die gebruik van model swart woonbuurtes in blanke magstoepassing: Steenkamp se fokus is meer postmodernisties van aard, terwyl Vally se vertolking 'n filosofiese uiteensetting van koloniale biomag en biopolitiek weerspieël. Laasgenoemde interpretasie kom gedwonge voor, en die klem is grootliks op die gebruik van model swart woonbuurtes vir politieke beheer deur die staat tydens segregasie. Vanselfsprekend is hierdie woonbuurtes *ook* vir beheer gebruik, maar nie uitsluitlik nie. Vir 'n skematiese kennisvoorstelling van navorsing oor die "model swart woonbuurt"-konsep, waarin bogenoemde interpretasies aangedui word, **kyk Diagram 3**.

## 6. Administratiewe en wetgewende onderbou van swart stedelike behuising

Bronne oor die administratiewe strukture, beheer en werkswyses van toepassing op stedelike swartes en stedelike swart woonbuurtes is talryk. Sowel tydgenootlike as meer moderne bronne het die werkinge van die Departement van Naturellesake en die munisipale administratiewe regeringstrukture verduidelik, uiteengesit, krities geanaliseer en gebalanseerd geëvalueer. Die belangrikste en onontbeerlikste tydgenootlike bronne is dié van Howard Rogers[139] wat in 1933 gepubliseer is, die hersiene uitgawe daarvan deur P.A. Linington[140] wat in 1949 uitgegee is, en dan die gesaghebbende werk van Hellmann,[141] wat ook in 1949 die lig gesien het. Ander tydgenootlike bronne wat die tydsgees en omstandighede waaronder swart stedelike administrasie uitgevoer moes word, aangedui het, het in artikelvorm[142] verskyn. Hierdie is waardevolle bronne, maar die inhoud is grootliks deur aanbevelings en voorstelle oorheers.

8, July 2020); D. du Bruyn, *Gardens, gardening culture and the development of a semi-vernacular garden style in Batho, Mangaung, 1918-1939* (DPhil. Thesis, University of the Free State, 2018).

137. N.T. Vally, *The "model township" of Sharpeville: The absence of political action and organisation, 1960-1984* (M.A. Dissertation, University of the Witwatersrand, 2010).

138. A.C. Steenkamp, *Space, power and the body — the civil and uncivil as represented in the Voortrekker Monument and the Native Township Model* (PhD. Thesis, Technical University of Delft, 2008).

139. H. Rogers, *Native administration in the Union of South Africa* (Johannesburg, 1933).

140. P.A. Linington, *Native administration in the Union of South Africa*. Second edition (Pretoria, 1949).

141. E. Hellmann & L. Abrahams (eds), *Handbook on race relations in South Africa* (London, 1949).

142. J.S. Allison, Urban native legislation (*Race Relations* 7(4), November 1940); J.S. Allison, Some aspects of urban native administration (*Race Relations* 7(4), November 1940); E.A. Havemann, Principles underlying urban native administration in the Union (*Race Relations* 18(1), 1951); H.J. Simons, The claims of the African in municipal government (*Race Relations* 13(2), 1946); H.J. Simons, Some aspects of urban native administration (*Race Relations* 7(4), Fourth Quarter, 1940); L.I. Venables, The relations of a municipality with its African people (*Race Relations* 13(2), 1946).



© University of Pretoria

Diagram 3: Skematiese kennisvoorstelling van navorsing oor die konsep "model swart woonbuurt".

**DU PLESSIS**, I., Johannesburg's "model white housing scheme" in the civic social imaginary: The genesis of a white Afrikaner welfarist node, 1933-1937. *Historia* 61(2), November 2016.
Teoretiese begronding van "model"-woonbuurtgedagte as deel van die Britse welsynstaatkonsep.
Klasgedrewe invalshoek.
Verskaf konseptuele onderbou.
Dissipline: Sosiologie

**STALS**, M., *Fragmentation & unity. The search for the design of a 'model township'. The case of Atteridgeville, Pretoria.* M.Sc. Dissertation, Katholieke Universiteit Leuven, 1998.
Teoretiese begronding van "model"-woonbuurtgedagte as deel van stedelike ruimtelike patrone gebaseer op beleid van skeiding.
Rasgedrewe invalshoek.
Verskaf ontwerp- en uitlegbeginsels.
Dissipline: Argitektuur

**DU BRUYN**, D. & M. **OELOFSE**, "A hygienic native township shall be developed": The founding and development of Batho as Bloemfontein's "model location" (c. 1918-1939). *Historia* 64(2), November 2019.
**Teoretiese en wetlike begronding van "model"-woonbuurtgedagte in Suid-Afrika, gebaseer op die "Bloemfontein-behuisingstelsel".**
Rasgedrewe invalshoek.
Verskaf betekenisverruiming om "model"-woonbuurt binne konteks van "model" Republiek van die Oranje-Vrystaat van laat 19de eeu te verduidelik.
Dissipline: Geskiedenis

**VALLY**, N.T., *The "model township" of Sharpeville: The absence of political action and organisation, 1960-1984.* M.A. Dissertation, University of the Witwatersrand, 2010.
Teoreties ontleding van "model"-woonbuurtgedagte gebaseer op die filosofiese uitgangspunte van Foucault, Fanon en Lefebvre.
Koloniale biomags- en biopolitiese invalshoek.
Verskaf insiggewende, dog betekenisverengende, fokus op "model"-woonbuurtgedagte as staatsbeheermeganisme en -magstegniek.
Dissipline: Sosiologie

**ORANJE**, M.C., *The language game of South African urban and regional planning: A cognitive mapping from the past into the future.* PhD. Thesis, University of Pretoria, 1997.
Teoretiese begronding van "model"-woonbuurtgedagte in modernisme.
Post-modernistiese invalshoek.
Verskaf konseptuele onderbou.
Dissipline: Stads- en streeksbeplanning

**ROBINSON**, J., The power of apartheid: State, power and space in South African cities. Oxford, 1996.
Teoretiese begronding van "model"-woonbuurtgedagte as deel van stedelike ruimtelike patrone gebaseer op beleid van skeiding en beheer.
Geografiese en beherende invalshoek.
Verskaf liggings- en lokaliteitsperspektief met "location strategy".
Dissipline: Stedelike geografie

**TORR**, A.L., Lamontville — Durban's "model village". The realities of township life, 1934-1960. *Journal of Natal and Zulu History* 10, 1987.
Teoretiese en wetlike begronding van "model"-woonbuurtgedagte in Suid-Afrika, gebaseer op die "Durban-behuisingstelsel".
Rasgedrewe invalshoek.
Verskaf betekenisverruiming om "model"-gedrag binne "model"-woonbuurt in te sluit.
Dissipline: Geskiedenis

**STEENKAMP**, A.C., *Space, power and the body — the civil and uncivil as represented in the Voortrekker Monument and the Native Township Model.* PhD. Dissertation, Technical University of Delft, 2008.
Teoretiese begronding van "model"-woonbuurtgedagte as deel van post-apartheid diskoers oor ruimte en argitektuur as pionne in blanke magstoepassing.
Postmodernistiese invalshoek.
Verskaf insiggewende, dog betekenisverengende, fokus op die "model"-woonbuurtgedagte as staatsbeheermeganisme.
Dissipline: Argitektuur

Ontwerp en saamgestel deur K. Sevenhuysen (Pretoria, 2020).


© University of Pretoria

Meer moderne bronne[143] het swart stedelike administrasie binne die konteks van die segregasiebeleid geëvalueer en met die situasie onder die latere apartheidsregering vergelyk. Veral die paternalistiese optrede en die toepassing van die beleid met 'n "sagte" hand deur leidende administrateurs[144] en plaaslike Superintendente van Lokasies[145] is uitgewys en ontleed. Inligting oor die werkinge van die Swart Adviesrade, as deel van die administratiewe struktuur, is eweneens verkry uit tydgenootlike artikels.[146] Die navorsing oor die werkinge, probleme en frustrasies van Swart Adviesrade in Port Elizabeth,[147] Bloemfontein[148] en Atteridgeville[149] verdien spesiale vermelding. Gevolgtrekkings is gebaseer op grondige primêre navorsing en veldwerk wat gebalanseerde gevolgtrekkings oor beide die blanke administrateurs en die Swart Adviesraadslede se belewinge van hierdie strukture verskaf.

Die beleids- en wetgewende onderbou van hierdie proefskrif het op twee fundamentele aspekte gefokus, naamlik die aard van die segregasiebeleid en die wetsbepalings wat swart stedelike behuisingsbeleid en -verskaffing bepaal en gerig het. Die tipering van die segregasiebeleid as dualisties, buigsaam en aanpasbaar by regerings- en blanke behoeftes word op grond van intensiewe navorsing en wetenskaplik-verantwoordbare kritiese ontledings deur die baanbrekerswerk van Dubow[150] en die meesterlike en insiggewende oorsigte van Maylam[151] onderskryf. Ten spyte van 'n ietwat gedwonge en oormatige fokus op die gebruik van model swart stedelike woonbuurtes deur die

---

143. I. Evans, *Bureaucracy and race. Native administration in South Africa* (Berkeley, 1997); J. Robinson, *The power of apartheid: State, power and space in South African cities* (Oxford, 1996); J. Robinson, Administrative strategies and political power in South Africa's black townships 1930-1960 (*Urban Forum* 2(2), 1991); J. Robinson, "A perfect system of control?" State power and "native locations" in South Africa (*Environment and Planning D: Society and Space* 8(2), 1990); P.B. Rich, Administrative ideology, urban social control and the origins of apartheid theory, 1930-1939 (*Journal of African Studies* 7(2), Summer 1980); P.B. Rich, Ministering to the white man's needs: The development of urban segregation in South Africa, 1913-1923 (*African Studies* 37(2), 1978).
144. D. Atkinson, Patriarchalism and paternalism in South African "native administration" in the 1950s (*Historia* 54(1), May 2009); M.M.S. Bell, *The politics of administration: A study of the career of Dr. D.L. Smit with special reference to his work in the Department of Native Affairs, 1934-1945* (M.A. Dissertation, Rhodes University, 1978); D. Duncan, Liberals and local administration in South Africa: Alfred Hoernlé and the Alexandra Health Committee, 1933-1943 (*The International Journal of African Historical Studies* 23(3), 1990); P. Lewsen, Liberals in politics and administration, 1936-1948, *in* J. Butler *et al.* (eds), *Democratic liberalism in South Africa: Its history and prospect* (Cape Town, 1987); P.B. Rich, *White power and the liberal conscience: Racial segregation and South African liberalism, 1921-1960* (Johannesburg, 1984).
145. E. Judson, A life history of J.F. Eloff (*Research by the National Cultural History Museum* 6, 1997); C. le Roux, J.R. Cooper as township manager of Mangaung at Bloemfontein 1923-1945 (*Navorsinge van die Nasionale Museum Bloemfontein* 26(1), December 2010).
146. P.H. Gúenault, The African in local government (*Race Relations* 13(2), 1946); C.J.P. le Roux, Rol van die Naturelle-adviesraad op plaaslike bestuursvlak in Bloemfontein, 1923-1948 (*Contree* 25, April 1989); C.J.P. le Roux, The role of T.M. Mapikela in the municipal administration of black affairs in Bloemfontein 1902-1945 (*Historia* 42(2), November 1997); S.C. Sidzumo, Location advisory boards (*South African Outlook* 70, April 1940); J.D R. Jones, Native urban administration. The function of Native Advisory Boards (*Race Relations* 13(2), 1947).
147. G. Baines, The contradictions of community politics: The African petty bourgeoisie and the New Brighton Advisory Board c. 1937-1952 (*Journal of African history* 35(1), 1994); G. Baines, The New Brighton advisory board, c. 1923-1952: Its legitimacy and legacy (Paper presented at the fifth triennial History Workshop: Structure and experience in the making of apartheid, University of the Witwatersrand, February 1990).
148. C.J.P. Le Roux, Rol van die Naturelle-adviesraad op plaaslike bestuursvlak in Bloemfontein, 1923-1948 (*Contree* 25, April 1989).
149. R.D. Coertze, *Die adviserende komiteestelsel en politieke organisasie soos aangetref in die stedelike gebied van Pretoria met besondere verwysing na toestande in Atteridgeville* (M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1958).
150. S. Dubow, *Racial segregation and the origins of apartheid in South Africa, 1919-1936* (London, 1989).
151. P. Maylam, Explaining the apartheid city: 20 years of South African urban historiography (*Journal of Southern African Studies* 21(1), Special issue: Urban studies and urban change in Southern Africa, March 1995); P. Maylam, The rise and decline of urban apartheid in South Africa (*African Affairs* 89, 1990), P. Maylam, *South Africa's racial past: The history and historiography of racism, segregation and apartheid* (Hampshire, 2001).


© University of Pretoria

regering as 'n beheer- en manipulasiestrategie, ontbloot die stedelike geograaf Robinson[152] nuwe dimensies van begrip en ontledings met die formulering van haar "location strategy" wat die navorser met ander oë na die ligging en lokaliteit van historiese swart stedelike woonbuurtes laat kyk. Vir die ontledings van die wetsbepalings is die betrokke wetgewing[153] as wegspringplek gebruik. Dit het egter nie altyd die konteks, praktiese toepassing en belangrike gevolge vir beide die owerhede en die swart stedelinge uiteengesit en aan die orde gestel nie. Vir hierdie noodsaaklike kontekstualisering, begripsontsluitings en histories-relevante ontledings van wetsbepalings in verstaanbare taal is 'n veelheid van kommissieverslae,[154] eietydse,[155] en meer moderne[156] bronne gebruik. Ten spyte van

---

152. J. Robinson, "A perfect system of control?" State power and "native locations" in South Africa (*Environment and Planning D: Society and Space* 8(2), 1990); J. Robinson, "Progressive Port Elizabeth": Liberal politics, local economic development and the territorial basis of racial domination, 1923-1935 (*GeoJournal* 22(3), 1990); J. Robinson, The politics of urban form: Differential citizenship and township formation in Port Elizabeth 1925-1945 (*Kronos: Journal of Cape History* 20, November 1993); J. Robinson, *The power of apartheid: State, power and space in South African cities* (Oxford, 1996).
153. Unie van Suid-Afrika, *Suid-Afrika Wet van 1909* (Kaapstad, 1909); Unie van Suid-Afrika, *Volksgezondheidswet van 1919 (Wet 36 van 1919)* (Kaapstad, 1919); Unie Van Suid-Afrika, *Wet op Huurgelden (No. 13 van 1920)* (Kaapstad, 1920); Unie van Suid-Afrika, *Woningswet van 1920 (Wet 35 van 1920)* (Kaapstad, 1920); Unie van Suid-Afrika, *Naturellen (Stadsgebieden) Wet van 1923 (Wet 21 van 1923)* (Kaapstad, 1923); Unie Van Suid-Afrika, *Naturelle (Stadsgebiede) Wet, 1923, Wysigingswet* van *1930 (Wet 25 van 1930)* (Kaapstad, 1930); Unie van Suid-Afrika, *Slumswet van 1934 (Wet 53 van 1934)* (Kaapstad, 1934); Unie van Suid-Afrika, *Behuising (Wysigings) Wet (Wet 68 van 1934)* (Kaapstad, 1934); Unie van Suid-Afrika, *Naturelletrust en -Grond Wet (Wet 18 van 1936)* (Kaapstad, 1936); Unie van Suid-Afrika, *Behuising Wysigingswet (Wet 31 van 1936)* (Kaapstad, 1936); Unie van Suid-Afrika, *Wet tot Wysiging van die Wette op Naturelle van 1937 (Wet 46 van 1937)* (Kaapstad, 1937); Unie van Suid-Afrika, *Voorkoming van Onwettige Plakkery Wet* (*Wet 41 van 1944)* (Kaapstad, 1944); Unie van Suid-Afrika, *Behuising Wysigingswet (Wet 49 van 1944)* (Kaapstad, 1944); Unie van Suid-Afrika, *Naturelle (Stadsgebiede)-Konsolidasiewet (Wet 25 van 1945)* (Kaapstad, 1945); Unie van Suid-Afrika, *Behuising (Noodmagte) Wet (Wet 45 van 1945)* (Kaapstad, 1945); Union of South Africa, *Native (Urban Areas) Act of 1923 (Act 21 of 1923)* (Cape Town, 1923); Union of South Africa, *Natives (Urban Areas)Act, 1923 Amendment Act, 1930 (Act 25 of 1930)* (Cape Town, 1930); Union of South Africa, *Representation of Natives Act (Act 12 of 1936)* (Cape Town, 1936); Union of South Africa, *Native Laws Amendment Act of 1937 (Act 46 of 1937)* (Cape Town, 1937); Union of South Africa, *Native Laws Amendment Act (Act 36 of 1944)* (Cape Town, 1944); Union of South Africa, *Native (Urban Areas) Consolidation Act (Act 25 of 1945)* (Cape Town, 1945).
154. F.A. Saunders, *Native Economic Commission, 1931. Urban native areas. Notes upon section 7, paragraphs (2), (5) and (8)* (Grahamstown, 1931); D.L. Smit, *Verslag van die interdepartementele komitee in sake die maatskaplike, ekonomiese en gesondheidstoestande van naturelle in stedelikegebiede* (Pretoria, 1942); H.J. van Eck, *Report of housing committee on the state and the housing situation* (Pretoria, 1944).
155. J.S. Allison, Urban native legislation (*Race Relations* 7(4), November 1940); P.H. Gúenault & R.J. Randall, Some financial aspects of urban native segregation (*Race Relations Journal* 7(4), November 1940); P.H. Gúenault & R.J. Randall, Urban native housing in South Africa (*Race Relations Journal* 7(4), November 1940); J.D.R. Jones & A.L. Saffery, Social and economic conditions of native life in the Union of South Africa. Findings of the Native Economic Commission, 1930-1932, collated and summarised (*Bantu Studies* 7(3), September 1933 & 8(1), March 1934); J.D.R. Jones & H.S. Bloom, Natives in urban areas: The *Natives (Urban Areas) Act, 1923* as amended by *Acts 25 of 1930 and 46 of 1937*, paraphrased and analysed with comments (*Race Relations* 4(4), November 1937); L. Silberman, Housing legislation and finance in South Africa (*South African Architectural Record*, June 1943); South African Institute of Race Relations, Evidence submitted to the Native Laws Commission of Enquiry I: Urban areas (*Race Relations* 14(2), 1947); W.J.S. Coetzee, *Die ekonomiese aspekte van naturellebehuising in Suid-Afrika* (M.A.-verhandeling, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, 1954); E. Hellmann & L. Abrahams (eds), *Handbook on race relations in South Africa* (London, 1949); P.A. Linington, *Native administration in the Union of South Africa* (Pretoria, 1949); H Rogers, *Native administration in the Union of South Africa* (Johannesburg, 1933); A.S. Welsh, *The law relating to natives in urban areas* (Johannesburg, 1942).
156. T.R.H. Davenport, African townsmen? South African *Natives (Urban Areas)* legislation through the years (*African Affairs* 68(271), April 1969); T.R.H. Davenport, The triumph of colonel Stallard: The transformation of the *Natives (Urban Areas) Act* between 1923 and 1937 (*South African Historical Journal* 2, November 1970); A. Mabin, A century of South African housing acts 1920-2020 (*Urban Form* 31, 2020); A. Mabin, Origins of segregatory urban planning in South Africa, c. 1900-1940 (*Planning History* 13(3), 1991); P. Maylam, Explaining the apartheid city: 20 years of South African urban historiography (*Journal of Southern African Studies* 21(1), Special issue: Urban studies and urban change in Southern Africa, March 1995); P. Maylam, The rise and decline of urban apartheid in South Africa (*African Affairs* 89, 1990); J.P.C. Mostert, Behuisingsprobleme van die verstedelikte swarte in Suid-Afrika, 1939-1948 (*Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 12(3), Desember 1987); J.P.C. Mostert, Owerheidshantering van die swart verstedelikingsproses gedurende die tweede Smutsbewind (*Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 13(3), Desember 1988); N.J.J. Olivier, The presence and employment of blacks in the urban areas of South Africa: A historical survey of legislation (*Acta Juridica* 1, 1984); S. Parnell, Racial segregation in Johannesburg: The *Slums Act*, 1934-1939 (*South African Geographical Journal* 70(2), September 1988); S. Parnell, Sanitation, segregation and the *Natives (Urban Areas) Act*: African exclusion from Johannesburg's Malay location, 1897-1925 (*Journal of Historical Geography* 17(3), 1991); S. Parnell, Creating racial privilege: The origins of South African public health and town planning legislation (*Journal of Southern African Studies* 19(3), September 1993); S.M. Parnell, Shaping a racially divided society: State housing policy in South Africa, 1920-1950 (*Environment and Planning C:*



© University of Pretoria

die beperking dat die gevolge van wetgewing nie na behore ontleed kon word nie, het eietydse bronne unieke begrip en insig verleen. Die meer moderne werke het weer genoegsaam op die gevolge en rasionaal vir wetgewing gefokus, maar nie altyd die tydsgees en die geleefde ervaring onder die wetsbepalings in ag geneem nie. Die inligting en insigte verkry uit die kombinasie van bogenoemde bronne in hierdie navorsing behoort meer verantwoordbare, gebalanseerde en genuanseerde verstaan en uitsprake in die hand te werk.

## 7. Die rol van stadsbeplanning en argitektuur in swart stedelike woonbuurtes

Daar is baie sterk op die navorsing van argitekte[157] en stadsbeplanners (veral diegene betrokke by beplanningsgeskiedenis/"planning history")[158] gesteun vir inligting oor, begrip van en insig in die

*Government and Policy* 7, 1989); P.B. Rich, Administrative ideology, urban social control and the origins of apartheid theory, 1930-1939 (*Journal of African Studies* 7(2), Summer 1980); P.B. Rich, Ministering to the white man's needs: The development of urban segregation in South Africa, 1913-1923 (*African Studies* 37(2), 1978); K. Sevenhuysen, Owerheidsbeheer en -wetgewing rakende stedelike swart behuising voor en gedurende die Tweede Wêreldoorlog (*Historia* 40(1), Mei 1995); P. Wilkinson, Housing policy in South Africa (*Habitat International* 22(3), 1998); W.J.S. Coetzee, *Die ekonomiese aspekte van naturellebehuising in Suid-Afrika* (M.A.-verhandeling, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, 1954); W.H. van Schalkwyk, *Die beleid van die Suid-Afrikaanse regering ten opsigte van die stedelike swartes, 1945-1953* (M.A.-verhandeling, Randse Afrikaanse Universiteit, 1983); A. Wessels & M.E. Wentzel, *Die invloed van relevante kommissieverslae sedert Uniewording op regeringsbeleid ten opsigte van swart verstedeliking en streekontwikkeling* (Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing: Instituut vir Geskiedenisnavorsing, IGN-T1, Pretoria, 1989).

157. Hier kan die werke van die tydgenootlike argitekte Douglas Calderwood en Paul Connell as die mees omvattende en waardevolste navorsingsbydraes genoem word.
D.M. Calderwood, An approach to low cost urban native housing in South Africa (*The Town Planning Review* 24(4), January 1954); D.M. Calderwood, Native housing (*The South African Annual Review: A social and economic survey of the Union year 1953* 1(1), January 1953); D.M. Calderwood, The planning of non-European residential areas in South Africa (*National Building Research Institute Bulletin* 7, December 1951); D.M. Calderwood, Site selection in non-European housing estate layouts (*National Building Research Institute Bulletin* 7, December 1951); D.M. Calderwood & P.H. Connell, Minimum standards of accommodation for the housing of non-Europeans in South Africa (*National Building Research Institute Bulletin* 8, June 1952); D.M. Calderwood, *Native housing in South Africa* (D.Arch. Thesis, University of the Witwatersrand, 1953); D.M. Calderwood, Native housing policies and problems, *in* The South African Institute of Town Planners/Die Suid-Afrikaanse Instituut vir Dorpsbeplanners, *Summer School/Somerskool* (Johannesburg, 1959); D.M. Calderwood, *Town planning — with particular reference to housing layouts* (Pretoria, 1956).
P.H. Connell, Native housing and its architectural aspects (*South African Architectural Record* 32(6), June 1947); P.H. Connell *et al.*, *Native housing: A collective thesis* (Johannesburg, 1939); P.H. Connell, *Sub-economic housing practice in South Africa* (South African Council for Scientific and Industrial Research: National Building Research Institute, series DR 1, Pretoria, 1947).

158. M.F. Drake, Centralised control: Historical overview of a planning pre-occupation (*Planning History* 15(2), 1993); A. Mabin, Comprehensive segregation: The origins of the *Group Areas Act* and its planning apparatuses (*Journal of Southern African Studies* 18(2), 1992); A. Mabin, Origins of segregatory urban planning in South Africa, c. 1900-1940 (*Planning History* 13(3), 1991); A. Mabin, Suburbs on the veld, modern and postmodern (Draft article, 2005); A. Mabin & D.P. Smit, Reconstructing South Africa's cities? The making of urban planning 1900-2000 (*Planning Perspectives* 12(2), 1997); J. Muller, Parallel paths: The origins of planning education and the planning profession in South Africa (*Planning History* 15(2), 1993), M. Oranje & A. Merrifield, National spatial development planning in South Africa 1930-2010: An introductory comparative analysis (*Town and Regional Planning* 56, 2010); L. van Biljon, Pretoria: Genesis and the successive evolutionary layers (*Planning History. Bulletin of the International Planning History Society* 15(2), 1993); A. Mabin, Conflict, continuity and change: Locating "properly planned native townships" in the forties and fifties, *in* Planning History Study Group, *Proceedings of the symposium on South African planning history* (Pietermaritzburg, 1993); A. Mabin, *The map of Gauteng: Evolution of a city-region in concept and plan* (Occasional paper 5. Gauteng City-Region Observatory, Johannesburg, 2013); L.J. Oakenfull, Fifty years of planning practice: Missing the link, *in* Planning History Study Group, *Proceedings of the Symposium on South African Planning History* (Pietermaritzburg, 1993); L.J. Oakenfull, *Urban planning. A chronicle and reflections on urban land use planning practice in South Africa* (Johannesburg, 2021); M. Oranje, Learning from language: South African planners, planning and plans from the 1920s to the present, *in* Planning History Study Group, *Proceedings of the symposium on places, people and planning I* (Pretoria, 1994); F.J. Potgieter, Major shifts in planning practice in South Africa since World War II, *in* Planning History Study Group, *Proceedings of the symposium on South African planning history* (Pietermaritzburg, 1993); P. Ramarumo, Social marginalisation through zoning — a historical review, *in* Planning History Study Group, *Proceedings of the symposium on South African planning history* (Pietermaritzburg, 1993); P. Wilkinson, A discourse of modernity: The social and economic planning council's fifth report on



© University of Pretoria

oorsprong en aard van stadsbeplanning in Suid-Afrika; relevante wetgewing, ordinansies, organisasies, beraadslagings en wetenskaplike ondersoeke van toepassing op stadsbeplanning; en die vergestalting van stadsbeplannings- en argitektoniese beginsels en -praktyke in die beplanning en ontwerp van model swart stedelike woonbuurtes. Ook vir hierdie gedeelte van die proefskrif het ’n balans tussen tydgenootlike[159] en moderne[160] navorsing tot groter begrip aanleiding gegee en nodige toeligting verskaf, veral omdat die dissiplines en vakkundige taalgebruik van argitektuur en stadsbeplanning buite die kennis- en verwysingsraamwerk van die historikus val. Veral die bronne wat in die 1930’s en 1940’s het onontbeerlike insae verleen in die tydsgees met die byna obsessiewe modernistiese entoesiasme oor model swart woonbuurtes en die strewe na verbeterde en gesonder lewens- en woonomstandighede vir stedelike swartes. Daar kan selfs beweer word dat daar ’n

regional and town planning, 1944, *in* Planning History Study Group, *Proceedings of the symposium on South African planning history* (Pietermaritzburg, 1993).

159. Anon, The Central Housing Board (*South African Architectural Record*, June 1943); Anon, Houses for African workers: A general review of the position (*South African Outlook* 77, March 1947); M.D. Baldocchi, Sport grounds and town planning. Sound town-planning takes ample care of outdoor recreational needs (*Munisipale Aangeleenthede*, September 1944); Central Housing Board, Housing in urban native areas (*Race Relations Journal* 7(4), November 1940); A.J. Cutten, Native housing (*Race Relations Journal* 19(1), 1952); A.J. Cutten, The planning of a native township (*Race Relations Journal* 18(2), 1951); D.H. Darvill, Construction of native housing by native labour (*South African Municipal Magazine* 30(352), December 1946); C.R. Duff, The burden of native housing (*Trek* 13(4), April 1949); R.M. Frean, Aesthetics in the planning and lay-out of low-cost native housing (*South African Architectural Record*, January 1957); P.H. Gúenault & R.J. Randall, An introduction to the housing problem (*South African Journal of Economics*, June 1940); P.H. Gúenault & R.J. Randall, Urban native housing in South Africa (*Race Relations Journal* 7(4), November 1940); N.L. Hanson & W.G. Tomkyns, City of Johannesburg: Competition for non-European houses: Assessors’ report (*South African Architectural Record* 29, September 1944); E.M. Holland, An experiment in slum clearance (*Race Relations* 7(4), November 1940); F.W. Jameson, The housing of natives by public bodies. Address before the annual conference of the Transvaal Municipal Association, at Pretoria, on October 7th, 1936 (*Race Relations* 4(1), February 1937); W.S. Lunn, “One shilling a week”. Some suggested improvements in sub-economic housing (*South African Municipal Magazine* 25, September 1941); L. Silberman, Housing legislation and finance in South Africa (*South African Architectural Record*, June 1943); B. Spence, The problem of the location. A report on housing conditions in ten Transvaal locations (*South African Architectural Record* 28, February 1943); D.G. Tees, Witwatersrand Regional Advisory Council for Non-European Housing (*South African Treasurer* 19, October 1947); E. Thorrington-Smith, An approach to native housing in South Africa. An example of an African new town at Umlazi, Durban (*Journal of the Town Planning Institute* 37(9), July-August 1951); S.T. van der Horst, The African worker in urban areas (*Race Relations* 13(2), 1946); M.D.A. Baldocchi, *Survey of housing practice in the Union of South Africa* (Prepared as part of the Regional Conference on Housing Research in Africa south of the Sahara, Pretoria, 1952); T.B. Floyd, Die geskiedenis van stadsbeplanning in Suid-Afrika, *in* The South African Institute of Town Planners/Die Suid-Afrikaanse Instituut vir Dorpsbeplanners, *Summer School/Somerskool* (Johannesburg, 1959); T.B. Floyd, *Town planning in South Africa* (Pietermaritzburg, 1960); T.B. Floyd, *Township layout* (Pietermaritzburg, 1951); R. Kantorowich, A model native township for 20 000 inhabitants, *in* The South African Architectural Record, *Townplanning. Proceedings of a congress devoted to townplanning* (Johannesburg, 1938), J.E. Mathewson, *The establishment of an urban Bantu township with special reference to Daveyton* (M.A. Dissertation, Potchefstroom University, 1957); Nasionale Behuisings- En Plannekommissie, *Minimum standaarde van wonings vir nie-blankes* (Pretoria, 1951); National Building Research Institute, *Interim reports of the research committee on minimum standards of accommodation* (Series DS 1-9, Pretoria, 1949); National Housing Office, *Guide to the planning of non-European townships* (Pretoria, 1951); The South African Architectural Record, *Townplanning. Proceedings of a congress devoted to townplanning* (Johannesburg, 1938); D. van Eeden, *Die invloed van slegte behuising op die gesondheid van die Bantoebevolking in sekere Transvaalse gebiede* (M.Sc.-verhandeling, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, 1955).

160. F. Demissie, Controlling and ‘civilising natives’ through architecture and town planning in South Africa (*Social Identities: Journal for the Study of Race, Nation and Culture* 10(4), 2004); D. du Bruyn & M. Oelofse, “A hygienic native township shall be developed”: The founding and development of Batho as Bloemfontein’s “model location” (c.1918-1939) (*Historia* 64(2), November 2019); C. le Roux, J.R. Cooper as township manager of Mangaung at Bloemfontein 1923-1945 (*Navorsinge van die Nasionale Museum Bloemfontein* 26(1), December 2010); C.J.P. le Roux, The question of housing for Africans in Mangaung at Bloemfontein, 1945-1964 (*Historia* 45(2), November 2000); J.P.C. Mostert, Behuisingsprobleme van die verstedelikte swarte in Suid-Afrika, 1939-1948 (*Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 12(3), Desember 1987); P.B. Rich, Administrative ideology, urban social control and the origins of apartheid theory, 1930-1939 (*Journal of African Studies* 7(2), Summer 1980); D. du Bruyn *Gardens, gardening culture and the development of a semi-vernacular garden style in Batho, Mangaung, 1918-1939* (DPhil. Thesis, University of the Free State, 2018); E. Haarhoff, Appropriating modernism: Apartheid and the South African township (Paper presented at the 14th IPHS Conference, Urban transformation: Controversies, contrasts and challenges, 12-15 July 2010, Istanbul, Turkey); P. Morris, *A history of black housing in South Africa* (Johannesburg, 1981); L. Pernegger & S. Godehart, *Townships in the South African geographic landscape — physical and social legacies and challenges* (Pretoria, 2007); P. Wilkinson, Providing adequate shelter: The South African state and the resolution of the African housing crisis, 1948-1954, *in* D.C. Hindson (ed.), *Working papers in southern African studies III* (Johannesburg, 1983).


© University of Pretoria

ontblotende naïwiteit in hierdie navorsing na vore tree wat dan later, met die nugtere agternaperspektief en met kennis van die gevolge van die najaag van hierdie model-droom, deur die moderner bronne uitgewys, gekritiseer, beoordeel en selfs veroordeel word.

## 8. Navorsing oor Atteridgeville

Wat moderne bronne oor Atteridgeville betref, is suiwer historiese studies oor Atteridgeville deur Margaret Malan en Gerhard-Mark van der Waal onderneem. Malan het in 1989 op honneursvlak *The establishment of Atteridgeville and the creation of an infrastructure, 1935-1943*[161] ingedien. Hierdie werk kan slegs as ’n oorsigtelike inleidende studie tot Atteridgeville beskou word, vanweë die beperkte omvang daarvan en veral as gevolg van die feit dat die Argief van die Stadsklerk van Pretoria in daardie stadium nie georden was nie. Die ordening van dié argiefgroep teen 1991 het dit moontlik gemaak om leemtes in die studie van Malan aan te vul en die navorsing oor Atteridgeville uit te brei. Malan verwys ook kortliks na Atteridgeville in haar verhandeling[162] oor die swart gemeenskap van Pretoria. Van der Waal het waardevolle bydraes, gegrond op argivale navorsing, in pamfletvorm[163] oor Atteridgeville saamgestel.

Stals[164] het in 1998 Atteridgeville as ’n “model native township” vanuit ’n argitektuuroogpunt ondersoek. Sy verskaf ’n interessante en insiggewende vergelyking van die huisplanne van Atteridgeville met die latere huisplanne vir swart woonbuurtes tydens die apartheidstydperk. Hierdie studie steun swaar op die werke van Coertze, Eloff en Malan en maak van geen argivale bronne gebruik nie. ’n Sterk historiese basis en ’n ontleding van ideologieë en denkrigtings wat die gedagte van ’n “model native township” onderlê, ontbreek. Die waarde van hierdie studie lê in die bespreking en analise van die woonbuurtontwerp, -uitleg en huisplanontwerpe wat ’n historiese benadering tot Atteridgeville as “model native township” aanvul.

161. M. Malan, *The establishment of Atteridgeville and the creation of an infrastructure, 1935-1943* (Honours Research Essay, University of Pretoria, 1989).
162. M. Malan, *The black community of Pretoria, 1923-1939* (M.A. Dissertation, University of Pretoria, 1996).
163. G.M. van der Waal, Do you know Atteridgeville? (*Muniforum* 25(9), September/October 1995); Van der Waal & Associates, *Atteridgeville. Heritage route* (Pretoria, *c.* 1999); Van der Waal & Associates, *Atteridgeville soul city: A community that can lead the African Renaissance* (Pretoria, 1999).
164. M. Stals, *Fragmentation & unity. The search for the design of a ‘model township’. The case of Atteridgeville, Pretoria* (M.Sc. Dissertation, Katholieke Universiteit Leuven, 1998).


© University of Pretoria

## 9. Slot

Drie aspekte is aan die einde van hierdie literatuuroorsig opmerklik: die ongelooflike omvang van sekondêre bronne oor swart stedelike behuising gedurende die eerste helfte van die 20ste eeu wat die navorser tot ingrypende bronneseleksie dwing; soos reeds genoem, die betekenisvolle bydrae van interdissiplinêre navorsing wat feitelike gegewens, teoretiese onderbou, en visuele blootlegging van die praktiese aspekte van swart stedelike behuising betref; en die reuse verantwoordelikheid en verpligting wat op die historiese navorser se skouers rus om ten alle tye en vir alle soorte bronne die geldigheid en relevansie van bevindinge en gevolgtrekkinge krities te verifieer en aan ander bronne te toets, en om voortdurend die historiese rigtingswysers van konteks en tydsgees, van balans en nuanse, en van die insluiting van meerdere stemme voor oë te hou.

.



© University of Pretoria

# IV KONTEKSTUELE, KONSEPTUELE EN ADMINISTRATIEWE GRONDSLAG: SWART STEDELIKE BEHUISINGSVERSKAFFING IN SUID-AFRIKA, *CA*. 1900'S-1940'S

> History, argued E.P. Thompson, is a 'discipline of context'. It involves placing events and texts in their proper historical context.[1]

In aansluiting by die historikus Thompson se verklaring dat geskiedenis 'n dissipline van konteks is, gee hierdie hoofstuk aandag aan beide kontekste en konsepte wat met die verskaffing van swart stedelike behuising in Suid-Afrika verband hou. Dit is in drie dele uiteengesit, naamlik die oorsprong van modelbehuising; die Suid-Afrikaanse weergawe en toepassing daarvan; en die administratiewe strukture van toepassing op en die amptenary betrokke by stedelike swartes en hulle woonbuurtes.

Kontekstualisering verwys na die verstaanproses van "the circumstances that [create or] form the setting for an event, statement, or idea, in terms of which it can be fully [and better] understood".[2] Die omstandighede en gebeure wat die betrokke tydperk voorafgaan én daarop volg, is eweneens van groot belang.[3] Kontekstualisering vereis ook dat denkwyses, beleidsrigtings, wetgewing en die praktiese implementering daarvan, en uitsprake deur belanghebbendes "… teen 'n breë doek … [ge]projekteer [word]".[4] Dit sal konteks daarstel, samehange ontbloot, en die balans tussen die algemene en eiesoortige aard van die onderwerp meebring wat groter insig en begrip tot gevolg behoort te hê.[5] Kontekstualisering verskaf voorts die tyd- en plekparameters waarvolgens besluite, uitsprake en optredes beoordeel en geëvalueer behoort te word. Konteks begrens en baken af; dit verskaf 'n aanduiding van wat die gebruik binne 'n bepaalde tydperk was, waarvan die historiese besluitnemers en rolspelers bewus was, en waaraan hulle blootgestel was. Veral in historiese navorsing is kontekstualisering die goue draad wat begrip, empatie (*nie* verontskuldiging *nie*), ontleding en relevante tyds- en plekspesifieke gevolgtrekkings aan mekaar bind.

Nouverwant aan kontekstualisering is die proses van konseptualisering. Dit behels die proses waar begrip of 'n idee gevorm word van onder meer abstrakte gedagterigtings en ideologieë op grond van navorsing. Hierdie proses maak deel uit van die omskrywing, begrensing, verduideliking en ontleding van abstrakte idees in algemeen-aanvaarde betekenisse ten einde lig te werp op ingewikkelde paradigmas

1. E.P. Thompson, Anthropology and the discipline of historical context, *Midland History* 1(3), Spring 1972, p. 45, soos aangehaal in R. Harrison, History and sociology, *in* P. Lambert & P. Schofield (eds), *Making history. An introduction to the history and practices of a discipline*, p. 138.
2. Oxford Dictionary Trust, *Oxford South African concise dictionary*, p. 252.
3. Oxford Dictionary Trust, *Oxford South African concise dictionary*, p. 252.
4. A. Grundlingh, Herhistorisering en herposisionering: perspektiewe op aspekte van geskiedbeoefening in hedendaagse Suid-Afrika, *Historia* 46(2), November 2001, p. 319.
5. H.J. Dyos (ed.), *The study of urban history*, p. 352.


© University of Pretoria

en verskynsels, soos die "model native township". 'n Verdere belangrike onderdeel van konseptualisering staan as retroduksie bekend. Retroduksie kan omskryf word as 'n konseptualiseringsmetode wat van die navorser vereis om die omstandighede waarsonder die onderhawige konsepte nie sou kon bestaan nie te identifiseer, met ander woorde, verduidelikings vir die omstandighede wat die ideale teelaarde vir die ontstaan, ontwikkeling en instandhouding van relevante konsepte geskep en ondersteun het, word geïdentifiseer, verduidelik, geanaliseer en geëvalueer.[6]

Ten einde 'n verantwoordbare en gepaste historiese kontekstualisering en konseptualisering vir die oorsprong van swart stedelike woonbuurtuitleg en behuisingsverskaffing in Suid-Afrika gedurende die eerste helfte van die 20ste eeu daar te stel, is 'n ondersoek na die betrokke tydsgees noodsaaklik. Die tydsgees of *Zeitgeist* van 'n betrokke tydperk omvat die geestesingesteldheid — die algemene en heersende intellektuele, morele en kulturele klimaat — van 'n era; dit neem ook die sosio-politieke kragte en prosesse in ag wat tot die ontstaan en ontwikkeling van stedelike landskappe aanleiding gegee het.[7] Hierdie geestesingesteldheid, kragte en prosesse vind neerslag in filosofieë, paradigmas, konsepte en idees wat dan ideologieë word en in beleid, wetgewing en regulasies prakties vergestalt word.

Van groot belang is die feit dat Suid-Afrika gedurende die eerste helfte van die 20ste eeu baie sterk binne die Britse invloedsfeer gefunksioneer en daardeur in beleidsrigtings en administrasie beïnvloed is. Waar die fokus binne die Britse samelewing sterk klasgebaseerd was, het dit 'n oorheersende rassebasis binne die Suid-Afrikaanse samelewing geopenbaar. Konsepte en gedagterigtings soos die "sanitasie-sindroom", "modernisme"/"moderniteit", "sosiogeniëring"[8] en die "welsynstaat" met sy "modelwoonbuurt"-gedagte en "tuinstad-/"groengordelstyl" ("garden city") het in Brittanje (en in ander lande) die idee van die "ideale, model of beste voorbeeld" van behuising vir die <u>werkersklas</u> onderlê. In Suid-Afrika het die konsepte en gedagterigtings van filantropie, Sosiale Darwinisme, patriargalisme, paternalisme, segregasie en liberalisme (in vele fasette en toepassings) die rasionaal en "regverdiging" vir die daarstelling van "ideale" behuising op 'n <u>rassebasis</u> — die "model <u>native</u> township" — gebied.

Die kontekstualisering van Suid-Afrika gedurende die eerste helfte van die 20ste eeu is van kritiese

---

6. Oxford Dictionary Trust, *Oxford South African concise dictionary*, p. 241; F.J. Labuschagne & L.C. Eksteen (reds.), *Pharos verklarende Afrikaanse woordeboek*, p. 540; J. Mouton, *How to succeed in your Master's and Doctoral studies: A South African guide and resource book*, pp. 118-119; S.B. Meyer & B. Lunnay, 2013, The application of abductive and retroductive inference for the design and analysis of theory-driven sociological research, *Sociological Research Online* 18(1), https://doi.org/10.5153/sro.2819, access: 9 July 2023.
7. Merriam-Webster Dictionary, 2021, https://www.merriam-webster.com/dictionary/zeitgeist, access: 26 September 2021; R. Home, British colonialism and the South African urban landscape, *in* Planning History Study Group, *Proceedings of the Symposium on places, people and planning I*, p. 47.
8. Die konsep van "sosiale ingenieurswese/manipulering" word in hierdie studie met die woord "sosiogeniëring" aangedui. Sentrum vir Politieke en Verwante Terminologie in Suider-Afrikaanse Tale (CEPTSA), *Nuwerwetse politieke woordeboek. Terme, begrippe en gebruike in die politiek en politieke wetenskappe*, p. 202.


© University of Pretoria

belang om die optrede van politici en administrateurs en die rasionalisering en/of "regverdiging" daaragter gebalanseerd en tydsgeeskorrek te verstaan, te interpreteer en te evalueer. Dit is veral die segregasie-ideologie — in al sy nuanses, verskillende grade van intensiteit, en interne konflik tussen liberale en konserwatiewe segregasioniste — en die breër *Zeitgeist* van modernisme — met die gevolglike sosiale manipulering en beheer of dwang om te verseker dat die "moderne man/mens" volgens bepaalde riglyne lewe en optree — wat die kernkonteks verskaf.

## 1. Die konseptuele oorsprong van "modelbehuising"

Die konseptuele oorsprong van "modelbehuising" kan na drie hoofgedagterigtings, wat deel van die Britse staat (asook Europese en Amerikaanse state) gedurende die laaste gedeelte van die 19de en die eerste helfte van die 20ste eeu was, nagespeur word. Hierdie gedagterigtings was die "modernisme"/"moderniteit", die "welsynstaat" met sy "tuinstede" en die "sanitasie-sindroom". Soos reeds aangedui, was Suid-Afrika op daardie stadium steeds deel van die Britse invloedsfeer en die heersende idees betreffende dorps- en stadsbeplanningsbeleid- en praktyke, en behuisingsverskaffing is dan ook in Suid-Afrika toegepas, al was dit op 'n ander basis.

Modernisme/Moderniteit

"Modernisme" as 'n gedagterigting het vernuwing, innovasie, kreatiwiteit en 'n groter mate van vryheid voorgestaan. Dit het ontstaan te midde van die veranderende omstandighede as gevolg van die opkoms van veral kapitalisme, industrialisasie, rasionalisasie en die nasiestaat. Verandering deur menslike ingryping, wetenskaplike kennis, tegnologie en nuwe metodes is beklemtoon. Ongelukkig is hierdie verandering soms te ver gevoer en het dit ontmensliking veroorsaak omdat vooruitgang ter wille van vooruitgang, struktuur en reëls oorheersend geraak het. "Moderniteit" beklemtoon die sosiale verhoudinge binne gemeenskappe as gevolg van strukturele veranderinge wat deur industrialisasie, kapitalisme en kolonialisme teweeggebring is. Dit kan verder gedefinieer word as die herorganisasie van die ruimtelike landskap van gemeenskappe ten einde nuwe vorme van produksie, verspreiding en verbruik van goedere en dienste teweeg te bring. Binne hierdie konteks is sosiale (klasse)verhoudinge en maatskaplike organisasie toenemend formeel bestuur en georganiseer, en is die bevolking sosiaal beheer, gemanipuleer, verdeel en gesegmenteer (sosiogeniëring).[9] In Suid-Afrika is die praktiese implementering van hierdie sosiale organisasie en

9. T. van Niekerk & J. Wolvaardt (eds), *Oxford South African concise dictionary*, p. 754; S.E. Toulmin, *Cosmopolis: The hidden agenda of modernity*, pp. 3-5; A. Giddens, *Conversations with Anthony Giddens: Making sense of modernity*, pp. 1, 94; R. Leppert, The social discipline of listening, *in* J. Drobnick (ed.), *Aural cultures*, p. 19; P. Lambert & P. Schofield (eds), *Making*



© University of Pretoria

manipulasie deur die beleid van rasse-, eerder as klasse-oorheersing, segregasie en rasgebaseerde residensiële segregasie of woonbuurtskeiding bepaal.[10]

In argitektuur, stadsbeplanning, woonbuurtuitleg en behuisingsverskaffing verwys die invloed van modernisme/moderniteit na die idee van die kundige professionele man (mens) wat namens die onkundige publiek, dikwels die werkersklas, in beheer van beplanning en die uitvoering daarvan moes wees. Die modernistiese benadering tot stedelike beplanningsingryping omvat beleid en optredes gebaseer op die bewustheid en kennis van die omvangrykheid van stedelike probleme. Terselfdertyd verwys dit ook na ’n bewustheid van die noodsaaklikheid van grootskaalse optrede om die sosiale vraagstukke, veral behuisingsprobleme, op te los, en die selfversekerde oortuiging dat die moderne kundige man (mens) in staat sou wees om met deursettingsvermoë hierdie vraagstukke nie net op te los nie, maar selfs te voorkom. Hier moet tussen die twee teenstrydige komponente van moderniteit onderskei word: die vernuwende aspek of “modernisation as adventure”[11] en die rigiede en beherende aspek of “modernisation as routine”.[12] Die vernuwende aspek het te doen met ’n voortdurende skeppings-, ontwikkelings- en vooruitgangsproses. Daarteenoor het die roetine-aspek te make met die gebruik van die professionele persoon om iets nuuts (modern) te skep, maar sodra die doel bereik is, word die kreatiwiteit “gevries” en word dit wat geskep is as “model”, ideaal of voorgeskrewe vorm voorgehou en deur die rede, reëls en burokrasie in stand gehou. Hierdie “routinised version of modernity”[13] het aanleiding gegee tot rasionele, omvattende en ordelike dorps- en stadsuitlegte en die formulering van “resepte” om die beplanning deur beginsels en tegnies-eksakte prosedures te beheer en te reguleer. Dit het ook netjies (ordelik) ingepas by die beleid van segregasie, staatsingryping en -beheer, en rasgebaseerde woonbuurtskeiding.[14]

Die fase van moderniteit waarop spesifiek gefokus word, is die sogenaamde laat-moderniteit (wat van 1900 tot die1950’s en selfs so laat as die 1990’s in sekere wêrelddele geduur het) voor die

---

*history. An introduction to the history and practices of a discipline*, p. 104; N. Elleh, Perspectives on the architecture of Africa’s underprivileged urban dwellers, *Social Dynamics* 37(1), March 2011, pp. 43, 44, 45, 66.

10. N. Elleh, Perspectives on the architecture of Africa’s underprivileged urban dwellers, *Social Dynamics* 37(1), March 2011, p. 56; J. Robinson, *The power of apartheid: State, power and space in South African cities*, pp. 2-3, 42-43.
11. M.C. Oranje, *The language game of South African urban and regional planning: A cognitive mapping from the past into the future*, PhD. Thesis, University of Pretoria, 1997, p. 49.
12. M.C. Oranje, *The language game of South African urban and regional planning: A cognitive mapping from the past into the future*, PhD. Thesis, University of Pretoria, 1997, p. 49.
13. M.C. Oranje, *The language game of South African urban and regional planning: A cognitive mapping from the past into the future*, PhD. Thesis, University of Pretoria, 1997, p. 49.
14. M.C. Oranje, *The language game of South African urban and regional planning: A cognitive mapping from the past into the future*, PhD. Thesis, University of Pretoria, 1997, pp. 48-50, 58-59, 62; P. Lambert & P. Schofield (eds), *Making history. An introduction to the history and practices of a discipline*, p. 104; S. Parnell & A. Mabin, Rethinking urban South Africa, *Journal of Southern African Studies* 21(1), March 1995, p. 49 (Footnote 55), 51, 54, 55, 59-60; Digital Humanities Initiative, 2014, *Soweto Historical GIS project*, http://www.dhinitiative.org/projects/shgis, access: 2014-09-14; N. Elleh, Perspectives on the architecture of Africa’s underprivileged urban dwellers, *Social Dynamics* 37(1), March 2011, pp. 51, 69; J. Robinson, The politics of urban form: Differential citizenship and township formation in Port Elizabeth 1925-1945, *Kronos: Journal of Cape History* 20, November 1993, p. 44; F. Demissie, Controlling and ‘civilising natives’ through architecture and town planning in South Africa, *Social Identities: Journal for the Study of Race, Nation and Culture* 10(4), 2004, pp. 483-484.



© University of Pretoria

volgende fase van postmoderniteit. Dit was veral in die tydperk tussen die twee wêreldoorloë (1919-1938) toe vooruitgang tot nuwe boutegnieke en -boumateriale aanleiding gegee het. Die behoefte aan massabehuising het masjienvervaardigde argitektuur tot ’n esteties-aanvaarde beginsel verhef.[15]

In Suid-Afrika het die Moderne Beweging van argitektuur, as deel van modernisme, in die 1930’s en 1940’s groot aanhang onder plaaslike argitekte, in navolging van tendense in Europa, geniet. Idees oor en verbeterde en doeltreffende ontwerpbeginsels en -praktyke vir lae koste “model”- of gestandaardiseerde werkersklasbehuising wat aan minimumstandaarde moes voldoen, meer spesifiek vir die swart stedelike bevolking, het veral aandag geniet. Hiervolgens sou dit bydra tot sosio-ekonomiese en morele opheffing van die werkersklas én as ’n strategie vir staatsingryping en -beheer oor die werkersklas dien. Laasgenoemde strategie het as “reaksionêre modernisme” en ook as “rassemodernisme” bekend gestaan. Utopiese, dog tegniese, oplossings vir die swart stedelike behuisingsprobleme en -tekorte was stewig binne die segregasiekonteks gegrondves. Gevolglik is wetenskaplike rasseteorieë gebruik as regverdiging vir die oprigting van rasgebaseerde behuising en woonbuurtes. Argitektuur is internasionaal en plaaslik gebruik om regeringsideologieë, -doelwitte, en -agendas te beliggaam en dit as “rasionele” oplossings vir “moderne” probleme op politieke, sosio-ekonomiese en tegnies-wetenskaplike wyses te regverdig.[16]

Die welsynstaat met tuinstede

Binne die konteks van moderniteit verwys die “welsynstaat”-konsep na die situasie waar die staat ’n velerlei van maatskaplike of welsynsdienste, waaronder behuising, aan die armstes in die samelewing verskaf en finansier of gedeeltelik subsidieer.[17] Waar die welsynstaat binne ’n kapitalistiese ekonomie funksioneer, kan dit as welsynskapitalisme beskryf word. Binne hierdie konteks kan “nywerheidspaternalisme” te voorskyn tree waar werkgewers welsynsdienste aan hulle werkers verskaf. Hierdie omskrywing ontbreek aan polities-ideologiese en rasgebaseerde en -beperkende nuanses binne die Suid-Afrikaanse segregasionistiese konteks. Blanke kiesers (burgers) is in die

---

15. P. Osborne, Modernity is a qualitative, not a chronological, category: Notes on the dialectics of differential historical time, *in* F. Barker *et al.*(eds), *Postmodernism and the re-reading of modernity*, p. 25; P. Lambert & P. Schofield (eds), *Making history. An introduction to the history and practices of a discipline*, p. 227.
16. M.C. Oranje, *The language game of South African urban and regional planning: A cognitive mapping from the past into the future*, PhD. Thesis, University of Pretoria, 1997, pp. 65, 78. F. Demissie, Controlling and ‘civilising natives’ through architecture and town planning in South Africa, *Social Identities: Journal for the Study of Race, Nation and Culture* 10(4), 2004, pp. 483-485, 487-488, 490, 501; E. Haarhoff, Appropriating modernism: Apartheid and the South African township, Paper presented at the 14th IPHS Conference, Urban transformation: Controversies, contrasts and challenges, 12-15 July 2010, Istanbul, Turkey, pp. 1-3, 5-7; S. Sparks, Modernist planning in South Africa, WiSER seminar, University of the Witwatersrand, May 2021, pp. 1, 5-6, 8-9; B. Bozzoli, From governability to ungovernability: Race, class and authority in South Africa’s black cities, Paper presented at the Institute for Advanced Social Research, University of the Witwatersrand, March 1996, p. 5.
17. F.J. Labuschagne & L.C. Eksteen (reds.), *Pharos verklarende Afrikaanse woordeboek*, p. 1538; J. Luther *et al.*, *Handwoordeboek van die Afrikaanse taal*, p. 1580; B. Goodall, *The Penguin dictionary of human geography*, p. 502; D. Posel, The case for a welfare state: Poverty and the politics of the urban African family in the 1920s and 1940s, *in* S. Dubow & A. Jeeves (eds), *South Africa’s 1940s: Worlds of possibilities*, p. 66.


© University of Pretoria

lewering van welsynsdienste (soos behuising) deur die blanke regering bevoordeel, veral die armer blanke kiesers, deur die daarstelling van gesubsidieerde (subekonomiese) behuisingskemas. Alhoewel baie swart stedelike woonbuurtes ook op ’n subekonomiese basis opgerig en gefinansier is, het blanke projekte altyd voorrang geniet en oor meer infrastruktuurontwikkeling beskik. Nywerheidspaternalisme is voorts ook in die wiele gery deur die algemeen-aanvaarde beginsel van “goedkoop swart arbeid”.[18]

Die welsynstaatkonsep gedurende die eerste helfte van die 20ste eeu moet voorts binne die konteks van die utopiese modernisties-ordelike stadsbeplanning en maatskaplike opheffings- en rehabilitasieraamwerk in veral Brittanje, Europa en die Verenigde State van Amerika beskou word. Dit was veral die werk en invloed van Octavia Hill (1838-1912) en William Beveridge (1879-1963) in Brittanje wat die opheffingstaak en -verantwoordelikheid van die welsynstaat daargestel en uiteengesit het. Hill was ’n Engelse maatskaplike hervormer wat haar veral oor die welsyn van die arm werkersklas in Londen ontferm het. Haar behuisingstelsel het besoeke aan huishuurders behels, nie net om huur in te vorder nie, maar om die inwoners aan te moedig om hulleself ekonomies en moreel op te hef en te verbeter.[19] Beveridge was ’n Britse ekonoom en die voorsitter van ’n regeringsverslag (“Social insurance and allied services”, 1942) wie se hervormingsvoorstelle die grondslag van die na-oorlogse welsynstaat in Brittanje gevorm het. Beveridge het vyf reuse euwels in die gemeenskap — vuilheid, onkunde, gebrek, ledigheid en siekte — geïdentifiseer wat deur maatskaplike welsyn uit die weg geruim moes word.[20]

Die welsynstaatgedagterigting het gedurende die 1930’s in Suid-Afrika posgevat. Die Octavia Hill-behuisingstelsel is onder meer met die voorsiening van blanke werkersklasbehuising in Jan Hofmeyr, Johannesburg, nagevolg. Ten spyte van die oorheersende rassegrondslag in Suid-Afrika het die administrateurs Douglas Smit (1885-1961) en Henry Gluckman (1893-1987) die implementering van welsynsdienste vir alle behoeftiges in Suid-Afrika voorgestaan, ongeag van ras of klas. Smit was die Sekretaris van Naturellesake in die Departement van Naturellesake van 1937 tot 1945. Hy was voorts ook die voorsitter van die Smit-komitee van 1942, die “Interdepartementele komitee in sake die

---

18. I. du Plessis, Johannesburg’s “model white housing scheme” in the civic social imaginary: The genesis of a white Afrikaner welfarist node, 1933-1937, *Historia* 61(2), November 2016, pp. 13-14; B. Freund, *The African city: A history*, p. 115.
19. G. Darley, Hill, Octavia (1838-1912), 2004, *Oxford dictionary of national biography*, http://www.oxforddnb.com, access: 2018-12-20; I. du Plessis, Johannesburg’s “model white housing scheme” in the civic social imaginary: The genesis of a white Afrikaner welfarist node, 1933-1937, *Historia* 61(2), November 2016, p. 1; I. du Plessis, Johannesburg’s model white housing scheme, then and now (1937-2010): Statecraft, street life and the sources of the social imaginary, Seminar delivered at the Department of Sociology, University of Pretoria, 15 April 2010, p. 23; I. du Plessis, Living in ‘Jan Bom’: Making and imagining lives after apartheid in a council housing scheme in Johannesburg, Seminar delivered at the University of Pretoria, 8 March 2004, pp. 5-7; D. Posel, The case for a welfare state: Poverty and the politics of the urban African family in the 1920s and 1940s, *in* S. Dubow & A. Jeeves (eds), *South Africa’s 1940s: Worlds of possibilities*, pp. 67-68, 71.
20. B. Abel-Smith, The Beveridge report: Its origins and outcomes, *International Social Security Review* 45(1-2), 1992, p. 5; M. Nasiali, Citizens, squatters and asocials: The right to housing and the politics of difference in post-liberation France, *American Historical Review* 119(2), April 2014, p. 435.


© University of Pretoria

maatskaplike, ekonomiese en gesondheidstoestande van naturelle in stedelike gebiede".[21] Sy aanbevelings het ingrypende hervormings op verskeie vlakke, buiten die politieke, behels om die lewenskwaliteit van stedelike swartes te verbeter. Gluckman was voorsitter van die Nasionale Gesondheidsdienskommissie van 1942 tot 1944.[22] Sy verslag was merkwaardig binne die rasgedrewe tydsgees deurdat dit Suid-Afrika se gesondheidsprobleme nie op grond van ras bespreek het nie, maar eerder as probleme wat die hele land en al sy mense geraak het.[23]

Die Suid-Afrikaanse stadsbeplanningsbeleid- en uitgangspunt gedurende die eerste helfte van die 20ste eeu het baie sterk gesteun en was nou verwant aan die Britse (en koloniaal-modernistiese) stadsbeplanningsbeleid. Die "modelwoonbuurt"-gedagte of -ideaal was deel van die Britse stadsbeplanningsdoelwit en -visie van rasionele, verbeterde en opheffende stadsuitleg en -beplanning, soos vergestalt in die Octavia Hill-stelsel of -model en as uitvloeisel van die welsynstaatkonsep. Dit het tot uiting gekom in die werkersklasbehuising van metropolitaanse stede in die sogenaamde "garden city"-/tuinstede-/groengordel-styl. Die Britse "Garden City"-beweging was die geesteskind van Ebenezer Howard (1850-1928), 'n stenograaf en sosiale hervormer; nie 'n dorps- of stadsbeplanner nie, al word hy as die "vader van dorpsbeplanning" vereer. Sy filosofie het 'n ordelike stedelike uitlegplan, ontwerp en geboue volgens 'n meesterplan behels, waar inwoners deur groengordels omring word met genoegsame ruimte vir huise, nywerhede en landbou, en met moderne dienste en fasiliteite. Die oorsprong is in verskeie 19de-eeuse filantropiese denkrigtings geleë. Die middelklas het gepoog om utopiese, dog praktiese, huislike en gesonde woongebiede vir fabriekswerkers te ontwikkel as teenvoeter vir onhigiëniese woonomstandighede wat deur snelle verstedeliking en industrialisasie teweeggebring is.[24]

---

21. An47-1943, Unie van Suid-Afrika, *Departement van Naturellesake, Verslag van die interdepartementele komitee in sake die maatskaplike, ekonomiese en gesondheidstoestande van naturelle in stedelikegebiede*, Pretoria, 1942.
22. U.G. 30-1944: Unie van Suid-Afrika, *Verslag van die Nasionale Gesondheidskommissie, 1942-1944*, Pretoria, 1944.
23. M.M.S. Bell, *The politics of administration: A study of the career of Dr. D.L. Smit with special reference to his work in the Department of Native Affairs, 1934-1945*, M.A. Dissertation, Rhodes University, 1978, pp. 29-30, 37; I. du Plessis, Johannesburg's "model white housing scheme" in the civic social imaginary: The genesis of a white Afrikaner welfarist node, 1933-1937, *Historia* 61(2), November 2016, pp. 1-3, 13-14, 18, 22, 24-26; S. Dubow & A. Jeeves (eds), *South Africa's 1940s: Worlds of possibilities*, pp. 6-7; D. Posel, The case for a welfare state: Poverty and the politics of the urban African family in the 1920s and 1940s in S. Dubow & A. Jeeves (eds), *South Africa's 1940s: Worlds of possibilities*, pp. 65-66, 68; J. Butler, *Cradock. How segregation and apartheid came to a South African town*, pp. 115, 143, 187.
24. B. Goodall, *The Penguin dictionary of human geography*, pp. 185-186; I. du Plessis, Johannesburg's "model white housing scheme" in the civic social imaginary: The genesis of a white Afrikaner welfarist node, 1933-1937, *Historia* 61(2), November 2016, pp. 1-3, 5-6, 8,17-18, 20, 25; N.T. Vally, *The "model township" of Sharpeville: The absence of political action and organisation, 1960-1984*, M.A. Dissertation, University of the Witwatersrand, 2010, pp. 22, 27, 45, 47-48, 55, 59, 89; M. Stals, *Fragmentation & unity. The search for the design of a 'model township'. The case of Atteridgeville, Pretoria*, M.Sc. Dissertation, Katholieke Universiteit Leuven, 1998, p. 19; D. du Bruyn & M. Oelofse, "A hygienic native township shall be developed": The founding and development of Batho as Bloemfontein's "model location" (c.1918-1939), *Historia* 64(2), November 2019, p. 53; R.A.B. Wilson, Garden cities: Do theory and practice meet?, *in* Planning History Study Group, *Proceedings of the symposium on places, people and planning I*, pp. 228-231; S.B. Myers, The contribution made by garden cities in the development of residential planning in South Africa, *in* Planning History Study Group, *Proceedings of the symposium on South African planning history*, pp. 130-131; D. Page, *Die teorie en toepassing van streeksbeplanning. 'n Handleiding vir die studie van navorsingsmetodes en die opstel en implementering van streekplanne*, p. 18; J. Robinson, The politics of urban form: Differential citizenship and township formation in Port Elizabeth 1925-1945, *Kronos: Journal of Cape History* 20, November 1993, pp. 45, 55; E.A. Gutkind, *International history of city development VI. Urban development in Western Europe: The Netherlands and Great Britain*, pp. 284, 286.


© University of Pretoria

Sanitasie-sindroom

’n Konsep in noue verband met die idee om bogenoemde sosiale euwels deur die werkinge van die welsynstaat uit te roei, is die “sanitasie-sindroom”. In hierdie konteks verwys “sanitasie” na aspekte te make met gesondheidstoestande en hoe om dit te verbeter.[25] “Sindroom” verwys na ’n kenmerkende kombinasie van menings, persepsies, emosies, aannames en gedrag wat nie ’n konkrete, rasionele of bewysbare gevolgtrekking gebaseer op feite behels nie, maar te make het met die emosie, die irrasionele en die onbewysbare.[26]

Die historikus Swanson[27] het die “sanitasie-sindroom”-konsep in 1977 geskep met verwysing na die hantering van aansteeklike siektes in verskeie Britse en Franse koloniale gebiede, onder meer in Kaapstad en Port Elizabeth, gedurende die einde van die 19de en begin van die 20ste eeu. Volgens hom het die (werklike en beweerde) gesondheidsbedreiging van besmetting deur die arm swart werkersklas tot hulle verwydering en territoriale skeiding in swart woonbuurtes aanleiding gegee. Gevolglik kan die persepsies, aannames, voorskrifte en beweegredes (níe die redelikheid daarvan níe) vir hierdie optredes aan die hand van gesondheidswetgewing as ’n koloniale beginpunt vir die latere segregasiebeleid en -wetgewing beskou word.[28] Veertig jaar later, in 2017, verklaar die historikus Epprecht dat Swanson se bewese argumente ’n oorvereenvoudiging van komplekse omstandighede is; die blaam vir segregasie voor die deur van Engelssprekende blanke amptenare en kiesers (nie konserwatiewe Afrikaanssprekende blankes nie) lê; en dat die houding en selfs deelname van swart werkers aan hierdie proses misken word.[29] Epprecht se kritiek het natuurlik waarde en bogenoemde aspekte (en nog vele meer) moet vanselfsprekend ook in ag geneem word. Tog bly Swanson se ontbloting van koloniale aannames, persepsies en standpunte, veral by monde van Kaapse liberaliste,[30] uiters nuttig, relevant en ’n akkurate weergawe van ’n definitiewe koloniale aandeel in die oorsprong en toepassing van die segregasiegedagte as sosiale, politieke en ekonomiese beheermaatreël.

Volgens Swanson se ontleding was die regerende klasse (veral in Brittanje en ook in Suid-Afrika)

25. Oxford Dictionary Trust, *Oxford South African concise dictionary*, p. 1047.
26. Oxford Dictionary Trust, *Oxford South African concise dictionary*, p. 1203; A.J. Christopher, From Flint to Soweto: Reflections on the colonial origins of the apartheid city, *Area* 15, 1983, p. 146.
27. M.W. Swanson, The sanitation syndrome: Bubonic plague and urban native policy in the Cape Colony, 1900-1909, *Journal of African History* 18(3), 1977, pp. 387-410.
Kyk ook W. Beinart & S. Dubow (eds), *Segregation and apartheid in twentieth-century South Africa*, pp. 25-42.
28. M.W. Swanson, The sanitation syndrome: Bubonic plague and urban native policy in the Cape Colony, 1900-1909, *Journal of African History* 18(3), 1977, pp. 387-391, 408.
29. M. Epprecht, The native village debate in Pietermaritzburg, 1848-1925: Revisiting the ‘sanitation syndrome’, *Journal of African History* 58(2), 2017, pp. 259-263.
30. M.W. Swanson, The sanitation syndrome: Bubonic plague and urban native policy in the Cape Colony, 1900-1909, *Journal of African History* 18(3), 1977, p. 395.


© University of Pretoria

sedert die tweede helfte van die 19de eeu baie besorg oor epidemies en siektes. Daar is geglo dat sekere klasse (en in Suid-Afrika se geval, ook sekere rasse of etniese groepe) meer onhigiënies as ander klasse (of rasse) was en dat hulle verantwoordelik was vir die onstaan en verspreiding van siektes en epidemies. In Brittanje was dit die arm werkersklas wat as onhigiënies beskou is. Die bedreiging wat hierdie klas (dit was inderwaarheid die onhigiëniese krotbuurtwoonomstandighede waarnatoe hulle armoede hulle gedwing het) ingehou het, is in Brittanje en in die Verenigde State van Amerika aan die hand van stedelike beplanning, krotbuurtopruimings en ordentlike (léés "beskaafde") werkersklasbehuising die hoof gebied. In Suid-Afrika het arm blanke én arm swart werkers, in die afwesigheid van gesondheids-, behuisings- en stadsbeplanningswetgewing, die regeringsklas en kapitalistiese belangegroepe bedreig. Die feit dat hierdie werkers dikwels saam in krotbuurte na aan hulle werkplekke woonagtig was, het kommer oor 'n verenigde werkersklas aangewakker. Hierdie vrees is vir politieke en ekonomiese gewin en vir toenemende sosiale beheer oor die werkersklas gebruik. Territoriale rasseskeiding is gebruik om die blanke en swart werkersklas van mekaar te skei.[31] Daar is verder ook geglo dat swart werkers "were not only poor, but that their tribal ways left them ill-equipped to deal with the health and social hazards of the city".[32] Dit was dus noodsaaklik om die "swart gevaar" te verwyder "from the sanitised white city":[33] "... [the] 'civil' should be kept away from [the] 'uncivil' ..."[34] en "... 'respectable and dangerous environments [should] be clearly separated'...".[35]

Die aanname dat sekere klasse (en rasse) vir siektes verantwoordelik was, is gebruik as regverdiging en voorwendsel om hierdie groepe van die res van die sogenaamde meer higiëniese samelewing te skei (as't ware in afsondering of "kwarantyn" te plaas). Dikwels is hierdie groepe na meer onhigiëniese, afgeleë en aparte gebiede verskuif, maar dit was buite die gesigsveld van die regerende

31. M.W. Swanson, The sanitation syndrome: Bubonic plague and urban native policy in the Cape Colony, 1900-1909, *Journal of African History* 18(3), 1977, pp. 387-410; M.W. Swanson, Urban origins of separate development, *Race* 10(1), July 1968, pp. 33-34; S. Parnell, Creating racial privilege: The origins of South African public health and town planning legislation, *Journal of Southern African Studies* 19(3), September 1993, pp. 472-473, 475, 477, 479-480, 483, 487-488; N. Worden, *The making of modern South Africa. Conquest, segregation and apartheid*, p. 42; L. Callinicos, *A people's history of South Africa II. Working life. Factories, townships and popular culture on the Rand, 1886-1940*, pp. 72, 78-80; W. Beinart, *Twentieth-century South Africa*, p. 74; D. Oakes (ed.), *Reader's Digest illustrated history of South Africa. The real story*, p. 314; T.R.H. Davenport, *South Africa. A modern history*, Fourth edition, p. 524; W. Beinart & S. Dubow (eds), *Segregation and apartheid in twentieth-century South Africa*, pp. 6-7; A.J. Christopher, From Flint to Soweto: Reflections on the colonial origins of the apartheid city, *Area* 15, 1983, p. 146; B. Bozzoli, From governability to ungovernability: Race, class and authority in South Africa's black cities, Paper presented at the Institute for Advanced Social Research, University of the Witwatersrand, March 1996, p. 4; P. Maylam, *South Africa's racial past: The history and historiography of racism, segregation and apartheid*, pp. 163-164, 172, 242; D.L. Smit, *Verslag van die interdepartementele komitee in sake die maatskaplike, ekonomiese en gesondheidstoestande van naturelle in stedelikegebiede*, par. 102, p. 9.
32. S. Parnell, Creating racial privilege: The origins of South African public health and town planning legislation, *Journal of Southern African Studies* 19(3), September 1993, p. 479.
33. S. Parnell, Creating racial privilege: The origins of South African public health and town planning legislation, *Journal of Southern African Studies* 19(3), September 1993, p. 487.
34. N. Elleh, Perspectives on the architecture of Africa's underprivileged urban dwellers, *Social Dynamics* 37(1), March 2011, p. 68.
35. S.M. Jackson, Cape colonial architecture, town planning, and the crafting of modern space in South Africa, *Africa Today* 51, 2005, p. 36.


© University of Pretoria

klasse en hulle ondersteuners.[36] Die feit dat hierdie groepe saam met en vir die res van die samelewing gewerk het (en hulle dus steeds kon "besmet"), ontbloot die irrasionele emosies en voorwendsels vir optredes wat uit die sanitasie-sindroom en higiëniese redes vir skeiding voortgevloei het. Die idee van kwarantyn ('n mediese en gesondheidsmaatreël van skeiding/afsondering) het in Suid-Afrika met segregasie ('n politieke maatreël van beheer deur fisiese skeiding) ineengevloei en oorgegaan.[37] Die historikus Howard Phillips verwys hierna as "the power of ... epidemic[s] to shape segregationist policy."[38]

Waar hierdie idees en die filosofieë daaragter in Brittanje sterk klasgedrewe was, was dit in Suid-Afrika beide klas- (arm werkers) en ras- (arm swart werkers) gedrewe. Die daarstelling van sanitasie; higiëne; kwaliteitbehuising; maatskaplike dienste; opvoedkundige fasiliteite en infrastruktuur; besighede en handelsinfrastruktuur; parke en oop ruimtes; ontspanningsfasiliteite; ordelikheid; en rassesegregasie — onderlê deur wetgewing, moderne beplanningstandaarde, die modelplan, -kaart en munisipale regulasies — is nougeset deur munisipale burokrate en politici voorgestaan en, waar moontlik, deurgevoer.[39]

## 2. Modelbehuising + Suid-Afrikaanse konteks = "model native townships"

Die Suid-Afrikaanse politieke, ekonomiese en sosiaal-maatskaplike konteks gedurende die eerste helfte van die 20ste eeu waarbinne die idee van die "model native township" moes realiseer, was veelvlakkig, kompleks en ineenstrengel. Die reeds-genoemde beginsels van filantropie, Sosiale Darwinisme, patriargalisme, paternalisme, segregasie en liberalisme het telkens in beleidsuitsprake, wetgewing en regulasies, en praktiese beleidstoepassings tot uiting gekom.

Filantropie

Die filantropiese beginsel om die armoede, swaarkry en lyding van die minderbevoorregtes (in hierdie konteks die arm swart stedelike inwoners) te verlig,[40] het veral onder administrateurs en amptenare

36. M.W. Swanson, The sanitation syndrome: Bubonic plague and urban native policy in the Cape Colony, 1900-1909, *Journal of African History* 18(3), 1977, pp. 393, 399; M. Epprecht, The native village debate in Pietermaritzburg, 1848-1925: Revisiting the 'sanitation syndrome', *Journal of African History* 58(2), 2017, pp. 259, 272.
Kyk ook S. Parnell, Sanitation, segregation and the *Natives (Urban Areas) Act*: African exclusion from Johannesburg's Malay location, 1897-1925, *Journal of Historical Geography* 17(3), 1991, pp. 271-288.
37. M.W. Swanson, The sanitation syndrome: Bubonic plague and urban native policy in the Cape Colony, 1900-1909, *Journal of African History* 18(3), 1977, pp. 389, 409.
38. H. Phillips, (Un)precedented times? An interview by Julie Parle with Howard Phillips, *Historia* 65(1), May 2020, p. 6.
39. N.T. Vally, *The "model township" of Sharpeville: The absence of political action and organisation, 1960-1984*, M.A. Dissertation, University of the Witwatersrand, 2010, p. 22.
40. F.F. Odendal & R.H. Gouws (reds.), *Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal*, p. 234; F.J. Labuschagne & L.C.



© University of Pretoria

wat die dikwels ongenaakbare regeringsbeleid moes toepas, te voorskyn getree. Hierdie amptenare het wel binne die segregasionistiese beleidsraamwerk opgetree en het selde die filantropiese ingesteldheid om alle mense gelyk te behandel, voorgestaan. Dit is voorts besonder moeilik en feitlik onmoontlik om tussen die praktiese uitvloeisels van (konserwatiewe) filantropie, liberalisme en liberale segregasie te onderskei omdat hierdie ideologiese uitgangspunte gedurende die eerste helfte van die 20ste eeu ineengevloei het, en mekaar in 'n mindere of meerdere mate afgewissel en beïnvloed het. Die oorheersende aspek was wel die "omgee" vir die welsyn van arm swart stedelike inwoners, en die pogings om die situasie van hierdie stedelike inwoners, binne 'n bepaalde beperkende en beherende ideologiese raamwerk en omstandighede, te verbeter en te beheer[41] — hierdie omgee en pogings is as "paternalisties-gekondisioneerde humanitarisme"[42] en "prakties-toegepaste filantropie"[43] beskryf.

Sosiale Darwinisme

Die feit dat die regering deurgaans voorkeur aan die belange en behuisingsbehoeftes van sy kiesers (blankes) binne die stedelike konteks gegee het en mindergegoede (arm) blankes as 'n kernprobleem beskou is, wys op die onderliggende impak van Sosiale Darwinisme. Hierdie denkrigting behels die neerslag in die politiek en in die gemeenskap van die biologiese teorieë van die naturalis Charles Darwin (1809-1882) oor "natuurlike seleksie" en die "oorlewing van die geskikste/sterkste" in die stryd om voortbestaan. Persone wat hierdie teorieë aangehang het, het aannames oor inherente biologiese verskille tussen rasse, 'n biologiese hiërargie van rasse, en 'n verband tussen rasse-identiteit en intellektuele en morele kapasiteit gemaak. Hierdie idees was sedert die begin van die 1880's en steeds aan die begin van die 20ste eeu aan die orde van die dag, veral onder beleidmakers en amptenare binne die Britse imperiale invloedsfeer.[44] Dit was op daardie tydstip "part of a 'commonsense' view of the world".[45] Dit is gebruik om die klassestelsel, die politieke *status quo* van die gegewe tydperk, en die kompeterende kapitalistiese stelsel te regverdig. Die politieke situasie wat in stand gehou moes word, het Europese koloniale heerskappy; blanke meerderwaardigheid,

Eksteen (reds.), *Pharos verklarende Afrikaanse woordeboek*, p. 264.

41. F.J. Labuschagne & L.C. Eksteen (reds.), *Pharos verklarende Afrikaanse woordeboek*, p. 264; R. Haines, *The politics of philanthropy and race relations: The South African Joint Councils, c. 1920-1955*, PhD. Thesis, University of London, 1991, pp. 1, 6, 16, 341, 344-345.
42. R. Haines, *The politics of philanthropy and race relations: The South African Joint Councils, c. 1920-1955*, PhD. Thesis, University of London, 1991, p. 7.
43. R. Haines, *The politics of philanthropy and race relations: The South African Joint Councils, c. 1920-1955*, PhD. Thesis, University of London, 1991, p. 338.
44. J.P. Brits, *The Penguin concise dictionary of historical and political terms*, p. 227; C. Saunders (advisory editor), *An illustrated dictionary of South African history*, p. 213; P.B. Rich, *White power and the liberal conscience: Racial segregation and South African liberalism, 1921-1960*, p. 5; S. Parnell, Creating racial privilege: The origins of South African public health and town planning legislation, *Journal of Southern African Studies* 19(3), September 1993, p. 474; P. Maylam, *South Africa's racial past: The history and historiography of racism, segregation and apartheid*, pp. 167-169.
45. C. Saunders (advisory editor), *An illustrated dictionary of South African history*, p. 213.


© University of Pretoria

chauvinisme, oppergesag, en heerskappy; en die verskillende (diskriminerende) behandeling van "anderskleuriges" behels. Voorts is onbelemmerde kompetisie in ooreenstemming met natuurlike seleksie beskou, waarvolgens rykdom as 'n teken van sukses beskou is, en armoede as 'n aanduiding van die ongeskiktheid/swakheid om te oorleef. Die staat moes nie die armes deur maatskaplike hervormings ondersteun nie, aangesien dit met die natuurlike seleksieproses sou inmeng. Sosiale Darwinisme is in die verhoudinge tussen state, groepe en individue toegepas: die lewe was 'n voortdurende stryd waar slegs die geskikste/sterkste uiteindelik sou oorleef.[46]

Binne die Suid-Afrikaanse politieke konteks was blankes die "geskikste" om te oorleef en daarom moes "abnormale" blanke armoede ten alle koste beheer en voorkom word.[47] Die teenoorgestelde standpunt is ten opsigte van die swart gemeenskappe gehandhaaf.

Patriargalisme en Paternalisme

Twee nouverwante konsepte wat die geestesingesteldheid en voortspruitende beleid, wetgewing en optrede van blanke beleidmakers en amptenare gedurende die onderhawige tyd behoort toe te lig, is die konsepte "patriargalisme/patriargie/patriargaal" en "paternalisme". Patriargaal verwys na die ingesteldheid van blanke leiers om soos 'n vader oor ondergeskiktes (hetsy die eie familie of swart werkers/gemeenskappe) te "regeer" of beheer uit te oefen. Hierdie ingesteldheid omvat voorts sekere norme, waardes en moraliteit in ooreenstemming met die beheer en mag, regte en verantwoordelikhede van die patriarg. Drie variasies of modusse in die toepassing van patriargalisme/patriargie het gedurende die eerste helfte van die 20ste eeu in die administratiewe verhoudinge tussen blankes en swartes binne stedelike gebiede te voorskyn getree of is voorgestaan. Eerstens aparte en gelyke patriargie, waar elke groep sy eie, dog gelyke beheer en jurisdiksie gehad het; tweedens, aparte en ongelyke patriargie, waar daar 'n groot mate van gedeelde respek was, maar die swartes in 'n permanente verhouding van ongelykheid tot die blankes verkeer het; en laastens, aparte en tydelike patriargie, waar daar aanvanklik 'n ongelyke verhouding bestaan het totdat die swartes Westerse norme en standaarde aangeleer het en dan gereed was vir integrasie binne 'n veelrassige stedelike gemeenskap. Laasgenoemde fase het ook as proto-/voor-liberalisme bekend gestaan en is deur liberale blankes in hierdie tydperk voorgestaan op die basis van gelyke regte vir

46. J.P. Brits, *The Penguin concise dictionary of historical and political terms*, p. 227; C. Saunders (advisory editor), *An illustrated dictionary of South African history*, p. 213; P.B. Rich, *White power and the liberal conscience: Racial segregation and South African liberalism, 1921-1960*, p. 5; P. Maylam, *South Africa's racial past: The history and historiography of racism, segregation and apartheid*, pp. 167-169.

47. P. Maylam, *South Africa's racial past: The history and historiography of racism, segregation and apartheid*, p. 168; I. du Plessis, Johannesburg's model white housing scheme, then and now (1937-2010): Statecraft, street life and the sources of the social imaginary, Seminar delivered at the Department of Sociology, University of Pretoria, 15 April 2010, p. 2.


© University of Pretoria

alle "beskaafde" mense.[48]

Paternalisme as praktiese uitvloeisel van patriargalisme behels 'n vaderlike manier van optrede teenoor die gesin en/of die breë gemeenskap. Daar is dus sprake van twee partye en optredes of reaksies betrokke by 'n paternalistiese verhouding: die vader en sy optrede "van bo", en die gesin/gemeenskap en hulle optredes of reaksies "van onder". Hierdie vaderlike manier omvat voorts twee teenstrydige dog ineengestrengelde optredes, naamlik die uitoefening van "beheer" oor en die "sorg" vir ondergeskiktes sonder dat ondergeskiktes enigsins 'n sê in die saak het.[49]

"Beheer" of "sterk paternalisme"[50] verwys ook na politieke beheer en die manier van regeer, en meer persoonlik, na dissipline en selfs geweld teenoor "ondergeskiktes" en die beklemtoning van absolute gehoorsaamheid teenoor die patriarg of "vader". "Sorg" of "swak paternalisme, ook na verwys as verligte of goedhartige paternalisme",[51] impliseer dat daar verantwoordelikheid (selfs beskou as 'n verpligting) vir die beskerming, welsyn en opvoeding van die "ondergeskiktes" geneem is. Hier is die optrede van die "vader" meer vrygewig, simpatiek en besorg, dog steeds streng, teenoor "ondergeskiktes". Dit veronderstel selfs die daarstelling van 'n gevoel van intimiteit en 'n persoonlike band tussen die "vader" en die "ondergeskiktes". Daar is van "ondergeskiktes" verwag om dankbaarheid en selfs lojaliteit, in die vorm van lojale diens, teenoor die paternalis of "vader" te betoon; dit veronderstel dan ook 'n mate van instemming tot die ondergeskikte posisie. Onder "ondergeskiktes" is verstaan groepe wat as kinders in "beskawings- en ontwikkelingsvlak" beskou is en wat as kinders nie in staat was tot seggenskap oor hulle eie sake nie. Twee aspekte is dus binne hierdie bepaalde konteks van belang en interafhanklik van mekaar: beheer of dissipline én verantwoordelikheid vir sorg en welsyn, soos deur die bepaalde groep of gemeenskap waarbinne

48. F.F. Odendal & R.H. Gouws (reds.), *Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal*, p. 854; D. Atkinson, Patriarchalism and paternalism in South African "native administration" in the 1950s, *Historia* 54(1), May 2009, pp. 262-263, 273-277.

49. F.F. Odendal & R.H. Gouws (reds.), *Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal*, p. 853; D. Atkinson, Patriarchalism and paternalism in South African "native administration" in the 1950s, *Historia* 54(1), May 2009, pp. 262-263; I. Evans, *Bureaucracy and race. Native administration in South Africa*, pp. 290-291; J. Robinson, *The power of apartheid: State, power and space in South African cities*, pp. 76-77.

50. Die historikus Robert Ross, in sy artikel "Paternalism, patriarchy and Afrikaans" (*South African Historical Journal* 32, May 1995) verwys hierna as '"strong paternalism"', terwyl die historikus Robert C.-H. Shell in sy werk *Children of bondage* (Johannesburg, 1994) hier eerder 'n onderskeid tussen patriargaal en paternalisties maak. Volgens hom verwys patriargaal na 'n erge vorm van paternalisme, wat meer gemik was op geweld teenoor ondergeskiktes en die beklemtoning van absolute gehoorsaamheid teenoor die patriarg. Shell wys op ten minste vier verskille tussen "patriargaal" en "paternalisties": patriargale optrede was strenger, minder sentimenteel, meer gefokus op manlike gesag, en naas geslag het ouderdom meer respek afgedwing as wat die geval met paternalistiese optrede was.
Die sosioloog Ivan Evans beskryf hierdie as die "negatiewe" eienskap van paternalisme.

51. Ross verwys hierna as '"weak paternalism"', terwyl Shell dit bloot as paternalisties (in teenstelling met patriargaal) beskryf waar meer vrygewig en besorgd, dog steeds streng, teenoor ondergeskiktes opgetree is. Daar is dan ook binne sy definisie van paternalisme van ondergeskiktes verwag om dankbaarheid teenoor die paternalis te betoon.
Die historikus Paul Maylam, in sy bydrae oor segregasie in die werk onder redakteurskap van Christopher Saunders, *An illustrated dictionary of South African history* (Johannesburg, 1994), p. 213, omskryf dit as "benevolent paternalism" of verligte paternalisme.
Die politieke wetenskaplike Doreen Atkinson, in haar artikel "Patriarchalism and paternalism in South African 'native administration' in the 1950s" (*Historia* 54(1), May 2009), verduidelik dit as "benign paternalism" of goedhartige paternalisme.
Evans tipeer hierdie aspek as die "positiewe" eienskap van paternalisme.


© University of Pretoria

paternalisme beoefen word, gedefinieer word.[52] Hierdie twee, skynbaar teenstrydige dog ineengestrengelde, aspekte met verbintenis as "samebindende" faktor word baie akkuraat en gepas deur die sosiale historikus Charles van Onselen as "part chain, part umbilical cord"[53] beskryf **(Kyk Skets 2)**.

Paternalisme behels voorts ook die regeringsbeginsel waarvolgens die vryheid en verantwoordelikheid van "ondergeskiktes" deur goed-bedoelde (vanuit die perspektief van die regeerder) regulasies aan bande gelê word. "Ondergeskiktes" word soos kinders behandel en die paternalistiese regeerder neem al die besluite en het alle seggenskap en mag. "Ondergeskiktes", soos gehoorsame kinders, is nie veronderstel om te protesteer en in verset te kom teen die besluite van die regering (vader) nie en moet ten alle tye nederig en dankbaar teenoor die regering (vader), wat so baie vir hulle doen en hulle welsyn op die hart dra, optree. Hierdie verklaringsmodel ondersteun voorts die beskouing dat "ondergeskiktes" deur die oorheersers as deel van die oorheersers se gesin/familie beskou is; en dat "ondergeskiktes" in hulle "onderdanigheid" hulleself ook as deel van die oorheerser se gesin/familie beskou het, sonder enige gevoelens van verset en wrewel.[54]

Dit blyk dat die gebruik van die paternalisme-konsep as verklaringsmodel vir die aard van blanke en swart verhoudinge in Suid-Afrika problematies mag wees. Die historikus Robert Ross bevraagteken die "tradisionele" betekenis, gebruik en verklaringsmodel van die term (soos dit ook hier gedefinieer is). Sy bevraagtekening geskied aan die hand van vier "aanvaarbare" of stereotipiese verklarings van die begrip: oorheersing deur die manlike gesag; oorheersing het sowel pligte as regte veronderstel; oorheersing het die gesin/familie én werkers ingesluit; en onderdanige, dankbare "ondergeskiktes" het hulle as deel van die oorheerser se gesin/familie beskou het. Hy trek ook (soos hier) 'n noue verband tussen die konsepte "patriargaal" en "paternalisties". Van sy sterkste bevraagtekeninge of ongemak met die stereotipiese verklaringsmodel wentel om die beskouing dat "ondergeskiktes" deur die oorheersers as deel van die oorheersers se gesin/familie beskou is; en dat "ondergeskiktes" in

52. W.F. Botha (hoofred.), *Woordeboek van die Afrikaanse taal XII P - Q*, p. 129; F.J. Labuschagne & L.C. Eksteen (reds.), *Pharos verklarende Afrikaanse woordeboek*, p. 897; F.F. Odendal & R.H. Gouws (reds.), *Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal*, pp. 853-854; G. Cronje & J.D. Venter, *Die patriargale familie. 'n Kultuurhistoriese en kultuursosiologiese studie*, pp. 35-38; C. van Onselen, The social and economic underpinnings of paternalism and violence on the maize farms of South-Western Transvaal, 1900-1950, *The Journal of Historical Sociology* 5(2), June 1992, pp. 133-137; R. Ross, Paternalism, patriarchy and Afrikaans, *South African Historical Journal* 32, May 1995, pp. 34-47; R. C.-H. Shell, *Children of bondage*, pp. xxvi, xxvii, xxix; P. Maylam, *South Africa's racial past: The history and historiography of racism, segregation and apartheid*, p. 157; D. Atkinson, Patriarchalism and paternalism in South African "native administration" in the 1950s, *Historia* 54(1), May 2009, pp. 263-265, 271-272, 277-278.
53. C. van Onselen, *The seed is mine: The life of Kas Maine, a South Africans sharecropper 1894-1985*, p. 289.
Beklemtoning deur myself.
Kyk ook J. Mason, Book Reviews. *The seed is mine: The life of Kas Maine, a South African sharecropper, 1894-1985*, *Journal of American History* 84(2), September 1997, pp. 689-690.
54. R. Ross, Paternalism, patriarchy and Afrikaans, *South African Historical Journal* 32, May 1995, pp. 34-47; R. C.-H. Shell, *Children of bondage*, pp. xxvi, xxvii, xxix; P. Maylam, *South Africa's racial past: The history and historiography of racism, segregation and apartheid*, p. 157; D. Atkinson, Patriarchalism and paternalism in South African "native administration" in the 1950s, *Historia* 54(1), May 2009, pp. 263-265, 271-272, 277-278.


© University of Pretoria

hulle "onderdanigheid" hulleself ook as deel van die oorheerser se gesin/familie beskou het, met skynbare instemming en sonder enige gevoelens van verset en wrewel. Ross se argumente fokus hoofsaaklik op die Kaapse slawegeskiedenis en die situasie op die plase.[55] Die "tradisionele"/stereotipiese definisie van paternalisme word vir die doel van hierdie studie as gepas beskou binne die historiese konteks van Suid-Afrika van die 1930's en 1940's met sy beleid van segregasie en voogdyskap teenoor swartes. Hierdie paternalisme word vanweë die rassebasis daarvan deur die sosioloog Belinda Bozzoli as "racial paternalism" beskryf.[56] Die historikus Robert Shell benadruk ook hierdie uitgangspunt in sy uiteensetting van en onderskeid tussen patriargaal en paternalisties, ook binne die konteks van Kaapse slawerny.[57]

Skets 2: Die teenstrydige eienskappe van paternalisme




Ontwerp en saamgestel deur S. Sevenhuysen en K. Sevenhuysen (Pretoria, 2020).

55. R. Ross, Paternalism, patriarchy and Afrikaans, *South African Historical Journal* 32, May 1995, pp. 34-47; I. Evans, *Bureaucracy and race. Native administration in South Africa*, pp. 282-284.
56. B. Bozzoli, From governability to ungovernability: Race, class and authority in South Africa's black cities, Paper presented at the Institute for Advanced Social Research, University of the Witwatersrand, March 1996, p. 4.
57. R. C.-H. Shell, *Children of bondage*, pp. xxvi, xxvii, xxix.


© University of Pretoria

Segregasie

Onteenseglik die belangrikste konsep wat die geestesingesteldheid gedurende die eerste helfte van die 20ste eeu in Suid-Afrika oorheers en bepaal het, is "segregasie". Binne 'n Suid-Afrikaanse konteks was segregasie 'n omvattende bestel of beleid wat rasse op politieke, ekonomiese en sosiaal-maatskaplike terreine geskei en anders (diskriminerend) behandel het. Die rede vir die anderse/diskriminerende behandeling was grootliks die gevolg van sogenaamde "verskille" tussen rasse/groepe. Die bedoeling was, onder meer, om die waardes van die dominante (in 'n koloniale of Westerse beskawingspeil, nie in getalle nie) bevolkingskategorie te beskerm teen die waardes van die sogenaamde minderwaardige bevolkingskategorie. Die aanvanklike abstrakte sosiale teorie en latere ideologie van segregasie het baie meer as net diskriminerende wette en blanke oorheersing behels. Dit was 'n goed-gedefinieerde gedagterigting met regte, verpligtinge en verantwoordelikhede, asook 'n mate van morele en intellektuele regverdiging en aansien. Die ideologie van segregasie is grootliks deur 'n groot getal blankes as nie net aanvaarbaar nie, maar as normaal en natuurlik beskou.[58]

Die oorsprong van die segregasie- of skeidingsgedagte kan na drie moontlike verklarings teruggevoer word en in alle waarskynlikheid kan die oorsprong in 'n kombinasie van hierdie drie verklarings gevind word. Die eerste verklaring verwys na die navolging in Suid-Afrika van die Britse koloniale en imperialistiese voorbeelde van skeiding wat sover as die Middeleeue (13de eeu) in Wallis en Ierland terugstrek, en dan ook in die verskeie koloniale gebiede in Indië en elders in Afrika (ook in Franse en Belgiese kolonies) toegepas is. Die tweede verklaring beskou segregasie as die uitvloeisel van Suid-Afrika se unieke (dit is selfs al beskryf as eienaardige en bisarre) vorm van rassisme gebaseer op die Afrikanerboere se grensmentaliteit met konflik, botsing, verdediging, verbasterde Calvinisme[59] en rassisme as basis.[60] Die derde verklaring beskou segregasie as 'n produk van die

---

58. J.P. Brits, *The Penguin concise dictionary of historical and political terms*, p. 204; H.W. Fowler, & F.G. Fowler, *The concise Oxford dictionary of current English*, p. 1095; C. Saunders (advisory editor), *An illustrated dictionary of South African history*, p. 211; S. Musterd & W. Ostendorf (eds), *Urban segregation and the welfare state. Inequality and exclusion in western cities*, p. 8; S. Dubow, *Racial segregation and the origins of apartheid in South Africa, 1919-1936*, pp. 5-6.
59. Die fundamentele leerstellinge van Calvinisme behels die bedorwenheid van die sondige mens, uitverkiesing deur God, verlossing, genade, en volharding in geloof. 'n Calvinis is bewus van hom-/haarself as uitverkorene, van sy/haar plek in die wêreld, sy/haar doel, en sy/haar roeping. Calvinisme bring die mens as individu regstreeks voor God; daar is gelykheid voor God, geen onderskeid voor God nie, en direkte verantwoordelikheid voor God vir die eie sondes. Vervorming (verbastering) van die wesenlike betekenis ontstaan wanneer iemand op grond van sy kerk-, familie- of volksverband (en nie sy geloof nie) bewus is van die klem wat op hom/haar as begunstigde deur en uitverkorene van God val. Sommige Afrikaners het die Afrikanervolk (nie die Afrikanerindividu nie) as uitverkose deur God beskou, en daardeur die klem geplaas op die spesifieke volk, die spesifieke etniese en rassegroep. Die implikasie was dan dat ander rassegroepe van minder belang en minder bevoorreg was.
60. A.J. Christopher, From Flint to Soweto: Reflections on the colonial origins of the apartheid city, *Area* 15, 1983, pp. 145-149; A. Lemon (ed.), *Homes apart: South Africa's segregated cities*, p. 1; A. Mabin, The urban world through a South African prism, *in* R.A. Beauregard & S. Body-Gendrot (eds), *The urban moment: Cosmopolitan essays of the late twentieth century city*, p. 143; R.J. Ross, & G.J. Telkamp (eds), *Colonial cities*, pp. 5, 9-10, 19, 21-22, 25-26; P. Maylam, Explaining the apartheid city: 20 years of South African urban historiography, *Journal of Southern African Studies* 21(1), Special issue: Urban studies and urban change in Southern Africa, March 1995, pp. 22-23; P. Maylam, *South Africa's racial past: The history and historiography of racism, segregation and apartheid*, pp. 5-6, 144, 154, 210-212, 215-216, 229-230, 235-236, 240; R. Home, British colonialism and the South African urban landscape, *in* Planning History Study Group, *Proceedings of the symposium on places, people and planning I*, pp. 47, 50-54; C.C. Nepgen, *Die sosiale gewete van die Afrikaanssprekendes*, pp. 69-73; H. Giliomee, *Die Afrikaners. 'n Biografie*, p.


© University of Pretoria

industriële era, hetsy as agent in die hande van kompeterende kapitaliste in hulle behoefte aan ’n goedkoop swart werkersklas, of as maatreël om die bestaande sosiaal-maatskaplike struktuur te behou en te beskerm in die aangesig van ingrypende strukturele ekonomiese veranderinge as gevolg van industriële groei.[61] Die ineenvloeiing van hierdie drie oorsprongsverklarings vir segregasie blyk uit die standpunt van die Amerikaanse historikus John W. Cell. Hiervolgens kan die oorsprong van segregasie in Suid-Afrika in die koloniale Natal-stelsel van Theophilus Shepstone; die koloniale Oos-Kaapse administrasie van swart gebiede; die moderne kapitalistiese industriële samelewing; en die daarstelling van ’n sentrale staat, onder meer om ’n eenvormige beleid teenoor die swart bevolking daar te stel waardeur blanke oppergesag gehandhaaf en versterk kon word, teruggevoer word.[62] ’n Konseptuele begrip van segregasie omvat dus historiese, ideologiese, godsdienstige/geloofs-, politieke, rasse-, wetgewende, ekonomiese, klasse-, sosiale en sielkundige dimensies en kontekste.

’n Groep Engelssprekende liberale intellektuele (later bekend as liberale segregasioniste), onder andere Howard Pim, Maurice Evans, Edgar Brookes en Charles Loram, was hoofsaaklik vir die ontwikkeling van segregasionistiese denke in Suid-Afrika verantwoordelik. Hulle denke is deur ’n veelvoud van tydgenootlike aannames en gedagtes beïnvloed, onder meer deur Sosiale Darwinisme; die eugenetiek van Francis Galton (1822-1911); “verligte”/swak paternalisme, soos vergestalt in die idee van trusteeskap; die Jim Crow-wetgewing van die Amerikaanse Suide; die idees van Booker T. Washington (1856-1915) oor sosiale skeiding; en sosiale antropologie. Hiervolgens is die segregasiebeleid nie as uitvloeisel van onbeheersde en wrede blanke heerskappy gesien nie, maar as ’n manier om die onoorkomelike “inherente verskille” tussen rasse te akkommodeer. Sonder skeiding, so is geglo, sou hierdie “rasseverskille” (onder meer in getalle, beskawingsvlak, kulture en klas) ’n bedreiging vir die bestaande (blanke) politieke, ekonomiese, veiligheids-, gesondheids- en welsynsomstandighede en beheer inhou. Segregasie was eerder ’n kompromie tussen algehele blanke oorheersing of onderdrukking aan die een kant en assimilasie of identiteit, met die gepaardgaande gedagte van onvermydelike degenerasie as gevolg van bloedvermenging, aan die ander kant. Anders gestel, is dit beskou as die “goue middeweg” tussen onderdrukking en gelykstelling. Die koloniale paternalistiese idioom van trusteeskap of voogdyskap waar die blankes as voogde en selfs “versorgers” vir “onbeskaafde” rasse optree, was ’n nodige en praktiese, selfs “etiese” en “godsdienstige”, plig om hierdie rasse versigtig en geleidelik op die pad na beskawing, sonder politieke inspraak, te begelei. Die taak van die segregasionis was dus om hierdie rasse te “beskaaf”, te beheer, te ontwikkel en te beskerm. Die handhawing van blanke politieke beheer, sosiale orde en

28; S. Dubow, *Racial segregation and the origins of apartheid in South Africa, 1919-1936*, pp. 1, 21-22.
61. S. Dubow, *Racial segregation and the origins of apartheid in South Africa, 1919-1936*, pp. 2-3.
62 J.W. Cell, *The highest stage of white supremacy. The origins of segregation in South Africa and the American South*, p. 81; J. Robinson, “A perfect system of control?” State power and “native locations” in South Africa, *Environment and Planning D: Society and Space* 8(2), 1990, p. 149; S. Dubow, *Racial segregation and the origins of apartheid in South Africa, 1919-1936*, p. 1.


© University of Pretoria

stabiliteit was voorvereistes vir trusteeskap en het in talle beheer- of dwangmaatreëls tot uiting gekom. Hiervolgens sou (permanente) swart verstedeliking as gevolg van ekonomiese behoeftes en industrialisasie die plattelandse en eiesoortige swart sosiale stamstrukture vernietig en sosiale degenerasie en morele agteruitgang in die hand werk. Sosiale antropologie[63] het die handhawing van die eiesoortige swart sosiale orde en kultuur/kulture as rede voorgehou vir die noodsaak om die swart gemeenskappe verskillend/diskriminerend te behandel. Gevolglik het sosiale antropologiese navorsing op bogenoemde basis 'n sekere mate van gesag en geloofwaardigheid aan hierdie segregasionistiese denke verleen. Beleidmakers en amptenare het hierdie "akademiese bewysmateriaal en kundigheid" aangegryp as regverdiging vir die bevordering van segregasie. Hierdie denke en regverdiging vir 'n segregasiebeleid kan as "liberale segregasie" beskou word.[64]

Daar is reeds genoem dat tussen liberale en konserwatiewe segregasioniste onderskei kan word **(Kyk Diagram 4)**. Beide groepe het die verskille tussen blankes en swartes as rede vir 'n skeidingsbeleid voorgehou. Konserwatiewe of "single-minded"/eng-denkende segregasioniste was van mening dat hierdie verskille permanent van aard was, is en altyd sal wees. Volgens hulle was segregasie die uitvloeisel van jarelange rassekonflik en hulle oorlewings- en grensmentaliteit wat skeiding as verdedigingsmeganisme teen en oplossing vir die "swart probleem/gevaar" beskou het. Die beginsel

63. Sosiale antropologie en/of Bantoestudies/Bantoekunde/Volkekunde as akademiese dissiplines in Suid-Afrika het sy oorsprong aan die begin van die twintigerjare van die 20ste eeu gehad. Akademici (en ook politici) het hierdie dissipline as 'n bron van toegepaste kennis beskou wat die oplos van die "naturellevraagstuk" beklemtoon het en 'n deurslaggewende rol in die ontwikkeling van die ideologie van segregasie gespeel het. Voorts is ook gepoog om die dissipline te gebruik om amptenare in die Departement van Naturellesake met diplomakursusse op te lei. Navorsing is ook deur studiebeurse aangemoedig. Prominente liberale blankes, soos byvoorbeeld Rheinallt Jones, Alfred Hoernlé en Edgar Brookes was van die akademici wat hierdie dissiplines onderskeidelik aan die Universiteit van die Witwatersrand en die Transvaalse Universiteitskollege (TUC; die latere Universiteit van Pretoria) gedoseer het. Die studie van sosiale antropologie het, volgens bogenoemde liberale blankes, insig in die gevolge van industrialisasie en verstedeliking op swartes gebied en het die aanname ondersoek dat gedifferensieerde ontwikkeling (en by implikasie dus 'n beleid van skeiding/segregasie) naas blankes tot voordeel van stedelike swartes kon wees. Die fokus van sosiale antropologie op "kultuur", in teenstelling met "ras", het vir liberale segregasioniste 'n middeweg geskep: tussen klassieke liberalisme (met gelyke en onbeperkte ontwikkeling van alle mense en gevolglike assimilasie) en die rassistiese rasse-ideologie van onderdrukking en totale skeiding tussen blankes en swartes (weens die klaarblyklike beperkte ontwikkeling waartoe swartes op die evolusieleer in staat sou wees). Kulturele aanpassing was die middeweg tussen integrasie (assimilasie) en skeiding (onderdrukking). Hierdie middeweg het die mening aangehang dat swartes nie minderwaardig teenoor blankes was nie, maar net nog nie dieselfde ontwikkelingspeil as blankes bereik het nie. Hierdie verskil, so is geredeneer, sou deur kulturele aanpassing beredder kon word en sou mettertyd verdwyn.

64. J.P. Brits, *The Penguin concise dictionary of historical and political terms*, pp. 52-54, 204; H.W. Fowler, & F.G. Fowler, *The concise Oxford dictionary of current English*, p. 1095; C. Saunders (advisory editor), *An illustrated dictionary of South African history*, pp. 212-214; S. Dubow, *Racial segregation and the origins of apartheid in South Africa, 1919-1936*, pp. 1, 4-8, 24-39; A.J. Christopher, From Flint to Soweto: Reflections on the colonial origins of the apartheid city, *Area* 15, 1983, pp. 145-149; P. Maylam, Explaining the apartheid city: 20 years of South African urban historiography, *Journal of Southern African Studies* 21(1), Special issue: Urban studies and urban change in Southern Africa, March 1995, pp. 22-27, 29; P. Maylam, *South Africa's racial past: The history and historiography of racism, segregation and apartheid*, pp. 144, 172-173, 177; C.T. Welch, The influence of socio-political factors on the historical development of urban settlements in South Africa, *in* Planning History Study Group, *Proceedings of the symposium on South African planning history*, p. 30; P.B. Rich, *White power and the liberal conscience: Racial segregation and South African liberalism, 1921-1960*, pp. 2-4, 6-7; R. Home, British colonialism and the South African urban landscape, *in* Planning History Study Group, *Proceedings of the symposium on places, people and planning I*, pp. 47, 50-52; B. Freund, *The African city: A history*, p. 109; M.W. Swanson, The sanitation syndrome: Bubonic plague and urban native policy in the Cape Colony, 1900-1909, *Journal of African History* 18(3), 1977, p. 409; S. Parnell & A. Mabin, Rethinking urban South Africa, *Journal of Southern African Studies* 21(1), March 1995, p. 48; D. Atkinson, Patriarchalism and paternalism in South African "native administration" in the 1950s, *Historia* 54(1), May 2009, pp. 268-270; P. Lewsen, Liberals in politics and administration, 1936-1948, *in* J. Butler *et al.* (eds), *Democratic liberalism in South Africa: Its history and prospect*, pp. 105, 273; S.C. Sidzumo, Location advisory boards, *South African Outlook* 70, April 1940, p. 73; P.H., Gúenault, The African in local government, *Race Relations* 13(2), 1946, p. 38; J.S. Allison, Urban native legislation, *Race Relations* 7(4), November 1940, p. 54.


© University of Pretoria

van geen gelykheid tussen swart en wit in kerk of staat nie, is voorgehou. Hulle skeidingsbeleid het dikwels ongenaakbare en rassistiese onderdrukking en onderwerping behels,[65] soos vergestalt in aspekte van die beleid en wetgewing van generaal Hertzog (1866-1942). Liberale of "double-minded"/ruim-denkende segregasioniste was van mening dat die verskille tussen blankes en swartes nie van so 'n permanente aard was nie. Vir hulle was 'n balans tussen identiteitshandhawing en assimilasie die ideaal. Opheffing, sowel as gesprekvoering en samewerking, is as oplossing voorgehou om die verskille mettertyd te laat verdwyn,[66] soos vergestalt in aspekte van die beleid en wetgewing van generaal Smuts (1870-1950), 'n oortuigde segregasionis. Al het liberale segregasioniste 'n "mensliker" beleid teenoor swartes probeer beoefen, is hulle dikwels daarvan beskuldig dat hulle rassisme verdoesel deurdat hulle aan hulle rassistiese aannames 'n respektabele aansien probeer gee het. Teen die 1930's het liberale segregasioniste hulle rug op segregasie gekeer, maar steeds gekwalifiseerde stemreg (die Kaapse stemreg gebaseer op die beginsel van "gelyke regte vir alle beskaafde mans") vir almal voorgestaan. Strenger en meer onderdrukkende wetgewing en die onbetwisbare realiteit van onvermydelike ekonomiese integrasie tussen swartes en blankes vanweë toenemende industrialisasie en verstedeliking is as redes hiervoor aangevoer. Ten spyte van verskille oor die wyse waarvolgens segregasie toegepas moes word, het beide groepe onbeskaamde paternalisme teenoor swartes en 'n besliste toewyding aan die handhawing van blanke oppergesag voorgestaan.[67]

Die oorsprong van die segregasiegedagte en die onderskeie genuanseerde en buigsame toepassingswyses wat op 'n intensiteitsglyskaal tussen eng (konserwatief) en verruimend (liberaal) geplaas kan word, het tot verskillende beweegredes vir die toepassing van die beleid aanleiding gegee. Verskeie redes of regverdigings is deur blanke politici vir die segregasiebeleid aangebied en/of voorgehou. Drie kategorieë van redes kan onderskei word, naamlik blanke politieke oorheersing en beheer oor die swart meerderheid; die bevordering van blanke ekonomiese belange deur die daarstelling van genoeg goedkoop tydelike swart arbeid, arbeidsbeheer volgens beperkende paswette en instromingsbeheermaatreëls, en blanke werkreservering as voorvereiste; en die beswering van sosiale, gesondheids- en sielkundige vrese, histerie en katastrofiese voorspellings oor die

65. Volgens Shell se onderskeid tussen "patriargaal" en "paternalisties" kan hierdie optrede en beleidsrigting dus as patriargaal beskou word.
66. Volgens Shell se onderskeid tussen "patriargaal" en "paternalisties" kan hierdie optrede en beleidsrigting dus as paternalisties beskou word.
67. J.P. Brits, *The Penguin concise dictionary of historical and political terms*, p. 204; P. Maylam, *South Africa's racial past: The history and historiography of racism, segregation and apartheid*, pp. 149-150, 153, 173, 232; S. Dubow, *Racial segregation and the origins of apartheid in South Africa, 1919-1936*, pp. 1, 6-9, 15, 43-50; H. Giliomee, The making of the apartheid plan, 1929-1948, *Journal of Southern African Studies* 29(2), 2003, pp. 386-388, 391; R. C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. xxvii; C. Saunders (advisory editor), *An illustrated dictionary of South African history*, pp. 213-214; D. Atkinson, Patriarchalism and paternalism in South African "native administration" in the 1950s, *Historia* 54(1), May 2009, pp. 269-270, 275-277; R. Haines, *The politics of philanthropy and race relations: The South African Joint Councils, c. 1920-1955*, PhD. Thesis, University of London, 1991, pp. 4, 340.


© University of Pretoria

veronderstelde "swart gevaar".[68] Die volgende beskrywing van segregasie bevat die onderskeie, dikwels teenstrydige, regverdigings vir die segregasiebeleid, waar hierdie beleid voorsiening moes maak vir die

> 'development of the Natives on their own lines in their own areas' under white (Christian) trusteeship, and for the maintenance of white civili[s]ation (based on genetic, or on divinely determined, white superiority).[69]

Diagram 4: Segregasie-onderskeid




Ontwerp en saamgestel deur K. Sevenhuysen (Pretoria, 2020).

---

68. P. Maylam, Explaining the apartheid city: 20 years of South African urban historiography, *Journal of Southern African Studies* 21(1), Special issue: Urban studies and urban change in Southern Africa, March 1995, pp. 24-27; P. Maylam, *South Africa's racial past: The history and historiography of racism, segregation and apartheid*, pp. 177-178, 240, 243. S. Dubow, *Racial segregation and the origins of apartheid in South Africa, 1919-1936*, pp. 9, 14, 17, 30; J. Robinson, "A perfect system of control?" State power and "native locations" in South Africa, *Environment and Planning D: Society and Space* 8(2), 1990, pp. 149-158; P.B. Rich, Administrative ideology, urban social control and the origins of apartheid theory, 1930-1939, *Journal of African Studies* 7(2), Summer 1980, pp. 70-72; P. Lewsen, Liberals in politics and administration, 1936-1948 *in* J. Butler *et al.* (eds), *Democratic liberalism in South Africa: Its history and prospect*, pp. 98-99.
69. P. Lewsen, Liberals in politics and administration, 1936-1948 *in* J. Butler *et al.* (eds), *Democratic liberalism in South Africa: Its history and prospect*, p. 98.


© University of Pretoria

Liberalisme

Sommige blanke politieke leiers en administrateurs gemoeid met stedelike swartes gedurende die betrokke tydperk is as "liberaal" en selfs "progressief" in hulle optrede beskryf. In hierdie verband kan na persone soos John David Rheinallt Jones (1884-1953), Alfred Hoernlé (1880-1943) en selfs Douglas Smit, en na instellings soos die Gesamentlike Rade-Beweging (1921) en die Suid-Afrikaanse Instituut vir Rasseverhoudinge (1929) verwys word. Gedurende die eerste helfte van die 20ste eeu het liberalisme 'n enger betekenis vergeleke met die tweede helfte van die 20ste eeu gehad. Aanvanklik het liberalisme na "gekwalifiseerde" gelykheid en vryheid vir alle mense verwys met beskawingsvlak en geletterdheid as kwalifiserende kriteria. Die fokus was op die daarstelling van begrip, kommunikasie en goeie verhoudinge tussen rasse; sosiale hervorming; en die verbetering en opheffing van swartes en hulle lewensomstandighede. Liberaliste se opheffingswerk is as simpatieke en paternalistiese omgee vir of kommer oor swartes se swaarkry beskryf wat liberaliste dan deur hulle welsynswerk en hervormings wou verlig. Daar is na liberaliste gedurende hierdie tydperk as "Christelike liberaliste", "konserwatiewe liberaliste", "paternalistiese liberaliste", "liberale paternaliste", en "paternalistiese trustees[70]/voogde" verwys wat by "welsynspaternalisme" betrokke was. Baie van hierdie liberaliste het binne die segregasieraamwerk van rasse-oorheersing, territoriale skeiding, en behoorlike beheer oor stedelike swartes gefunksioneer en was selfs in die Departement van Naturellesake werksaam. Hulle het gepoog om die stelsel van binne af deur samewerking te beïnvloed om op so 'n wyse geleenthede vir swartes te skep en struikelblokke en swaarkry op hulle alledaagse pad deur barmhartigheid en menslikheid te verwyder. Die fokus was pragmaties op praktiese verligting en persoonlike toewyding aan swart welsyn, nie op ideologiese verandering nie. Gedurende die tweede helfte van die 20ste eeu het liberaliste gelyke regte, ook politieke regte, en vryhede vir almal voorgestaan met as voorbehoud die handhawing van maatskaplike stabiliteit en politieke en ekonomiese sekerheid. Enige vorm van politieke, sosiale en ekonomiese oorheersing en onderdrukking is teengestaan.[71]

---

70. 'n Tydgenootlike standpunt was dat die blanke stemgeregtigdes en die blanke regering volgens die trusteeskapbeginsel hulleself moreel verantwoordelik moes beskou vir die "versorging" en welsyn van die swart bevolking wat van betekenisvolle politieke inspraak uitgesluit is. Die handhawing van blanke politieke mag het dus in hierdie opsig bepaalde verantwoordelikhede en verpligtinge geïmpliseer.
Kyk P.H., Gúenault, The African in local government, *Race Relations* 13(2), 1946, p. 38, asook S.C. Sidzumo, Location advisory boards, *South African Outlook* 70, April 1940, p. 73.

71. J.P. Brits, *The Penguin concise dictionary of historical and political terms*, p. 141; C.C. Saunders (advisory editor), *An illustrated dictionary of South African history*, pp. 150, 159; P.B. Rich, *White power and the liberal conscience: Racial segregation and South African liberalism, 1921-1960*, pp. 1, 3; P. Lewsen, Liberals in politics and administration, 1936-1948 *in* J. Butler *et al*. (eds), *Democratic liberalism in South Africa: Its history and prospect*, p. 114; D. Duncan, Liberals and local administration in South Africa: Alfred Hoernlé and the Alexandra Health Committee, 1933-1943, *The International Journal of African Historical Studies* 23(3), 1990, p. 476; M.M.S. Bell, *The politics of administration: A study of the career of Dr. D.L. Smit with special reference to his work in the Department of Native Affairs, 1934-1945*, M.A. Dissertation, Rhodes University, 1978, pp. 7, 25-26, 29-30, 37, 82, 130, 132, 149, 158; J. Robinson, "Progressive Port Elizabeth": Liberal politics, local economic development and the territorial basis of racial domination, 1923-1935, *GeoJournal* 22(3), 1990, pp. 293, 297, 301; B. Bozzoli, From governability to ungovernability: Race, class and authority in South Africa's black cities, Paper presented at the Institute for Advanced Social Research, University of the Witwatersrand, March 1996, pp. 4-11; R. Haines, *The politics of philanthropy and race relations: The*



© University of Pretoria

Die optrede van die "liberale" blanke amptenare wat gepoog het om ordentlike en ordelike kwaliteitsbehuising vir stedelike swartes daar te stel, kan waarskynlik as deels filantropies en humanitêr gesien word, waar stedelike swartes van hulle armoede en lyding "bevry" (éérder in geringe mate verlig) is. Tog kan dit waarskynlik merendeels as paternalisties beskou word waar hulle na die "swart kinders" onder hulle beheer wou omsien en hulleself as verantwoordelik vir hulle sorg beskou het. Hulle liberalisme het meer met menslikheid en sosiale welsyn as met regte te make gehad.[72] Volgens die historikus Gary Baines was hulle liberalisme "seems to have been synon[o]ymous with such qualities as a sense of fair play and justice"[73] en het hulle heel paternalisties geglo dat "local authorities had an obligation and social responsibility to provide adequate accommodation for African laborers".[74] Daar is dan ook eerder namens die stedelike swartes as met hulle gepraat.[75]

"Model native township"

Binne die paternalistiese en beherende Suid-Afrikaanse konteks van segregasie het die "model native township" egter soms nie oor die "model township" met kwaliteitsuitleg en -fasiliteite gegaan nie, maar oor die "model native" wat toegelaat is om in sodanige woonbuurt te woon. 'n Swart persoon wat in 'n modelwoonbuurt wou woon "would be 'carefully scrutiniz[s]ed' to ensure that the 'right type of native' was selected, and occupancy was 'subject to proper [model] behaviour'".[76] In die meeste gevalle moes so 'n persoon "'politically neutral'"[77] gedrag openbaar het, 'n persoon "'with independent means'"[78] gewees het, en selfs "fully employed married Christians"[79] is as kriteria

*South African Joint Councils, c. 1920-1955*, PhD. Thesis, University of London, 1991, pp. 4, 6, 8-9, 16, 339-341, 343.

72. D. Posel, The case for a welfare state: Poverty and the politics of the urban African family in the 1920s and 1940s, *in* S. Dubow & A. Jeeves (eds), *South Africa's 1940s: Worlds of possibilities*, p. 66; D. Duncan, Liberals and local administration in South Africa: Alfred Hoernlé and the Alexandra Health Committee, 1933-1943, *The International Journal of African Historical Studies* 23(3), 1990, pp. 475-477, 483, 485, 488-489, 493; J. Robinson, "Progressive Port Elizabeth": Liberal politics, local economic development and the territorial basis of racial domination, 1923-1935, *GeoJournal* 22(3), 1990, p. 300; M.W. Swanson, The sanitation syndrome: Bubonic plague and urban native policy in the Cape Colony, 1900-1909, *Journal of African History* 18(3), 1977, pp. 395, 400, 409; G. Baines, The politics of welfare. The provision of housing and services in New Brighton, Port Elizabeth, c. 1920-1944, *Kronos* 22, 1995, pp. 90, 92, 111; R. Haines, *The politics of philanthropy and race relations: The South African Joint Councils, c. 1920-1955*, PhD. Thesis, University of London, 1991, p. 343.

73. G. Baines, The politics of welfare. The provision of housing and services in New Brighton, Port Elizabeth, c. 1920-1944, *Kronos* 22, 1995, p. 92.

74. G. Baines, A progressive South African city? Port Elizabeth and influx control, ca. 1923-1953, *Journal of Urban History*, November 2004, p. 78.
Beklemtoning deur myself.

75. R. Haines, *The politics of philanthropy and race relations: The South African Joint Councils, c. 1920-1955*, PhD. Thesis, University of London, 1991, p. 343.

76. A.L. Torr, Lamontville — Durban's "model village": The realities of township life, 1934-1960, *Journal of Natal and Zulu History* 10, 1987, p. 107.

77. A.L. Torr, Lamontville — Durban's "model village": The realities of township life, 1934-1960, *Journal of Natal and Zulu History* 10, 1987, p. 109.
Kyk ook L. Torr, Lamontville: A history, 1930-1960 *in* P. Maylam, & I. Edwards (eds), *The people's city: African life in twentieth-century*, p. 253.

78. A.L. Torr, Lamontville — Durban's "model village": The realities of township life, 1934-1960, *Journal of Natal and Zulu History* 10, 1987, p. 114.

79. S. Parnell, South African cities: Perspectives from the ivory tower or urban studies, *Urban Studies* 34, 1997, p. 896.


© University of Pretoria

voorgehou. Daar is ook na hierdie "modelinwoner" as die "'better-class native'",[80] die "'better-quality resident,'"[81] die "'better-type native'",[82] en die "'deserving native'"[83] verwys. Die verband tussen 'n model swart woonbuurt en model swart inwoner is soos volg bewoord:

> In non-European housing schemes, the first object is to supply shelter at minimum cost to the tenant, and the second to create an environment conducive to living a happy and full life, resulting in the development of good [model] citizens for the community of tomorrow.[84]

'n Ander moontlike klasgebaseerde verklaring onderlê die onderskeid tussen "model"-swartes en "ander" swartes binne stedelike gebiede. "Model"-swartes is as deel van die opkomende swart middelklas beskou en moes in "superieure", "respektabele", "model"-woonbuurtes en "garden villages"[85] gehuisves word. Gedurende die 1930's en 1940's het die idee van swart stedelike behuising gebaseer op 'n klasse-differensiasie onder blanke liberale amptenare inslag begin vind. Jameson (1873-1956), die voorsitter van die Sentrale Woningsraad, was 'n voorstander van hierdie gedagte. Hierdie idees het ook in die verslae van die Young-Barrettkomitee (1935) en die Fagankommissie (1946-1948) tot uiting gekom.[86]

Die "model township"-konsep kan ook binne die teoreties-filosofiese konteks van koloniale biomag en biopolitiek, soos beskryf en ontleed deur die filosowe Michel Foucault (1926-1984), Frantz Fanon (1925-1961) en Henri Lefebvre (1901-1991), verduidelik word. Hiervolgens verwys biomag na die lewensaspekte wat deur mag beheer word onder die voorwendsel dat dit die welsyn van die individu en die betrokke gemeenskap sal verbeter. Biopolitiek op sy beurt omvat die beheer deur die staat en staatspraktyke oor die individu en/of die gemeenskap en dié se lewensaktiwiteite, veral binne die moderne nasiestaat onder kapitalisme. Hierdie beheer vind aan die hand van verskeie en uiteenlopende tegnieke plaas ten einde die groep/gemeenskap/bevolking te onderwerp en te beheer. Die "model township"-konsep kan dan as een van hierdie tegnieke om die swart stedelike bevolking te onderwerp en te beheer, beskou word. Foucault onderskeie twee magstegnieke, naamlik dissiplinêre en beherende (of regulerende) tegnieke. Binne die ruimte van die modelwoonbuurt met

80. L. Torr, Providing for the "better-class native". The creation of Lamontville, 1923-1933, *South African Geographical Journal* 69(1), 1987, pp. 31, 38, 43.
81. D. du Bruyn & M. Oelofse, "A hygienic native township shall be developed": The founding and development of Batho as Bloemfontein's "model location" (c.1918-1939), *Historia* 64(2), November 2019, p. 68.
82. D. du Bruyn & M. Oelofse, "A hygienic native township shall be developed": The founding and development of Batho as Bloemfontein's "model location" (c.1918-1939), *Historia* 64(2), November 2019, p. 69.
83. J. Robinson, "Progressive Port Elizabeth": Liberal politics, local economic development and the territorial basis of racial domination, 1923-1935, *GeoJournal* 22(3), 1990, p. 296.
84. D.M. Calderwood, *The planning of non European areas in South Africa*, p. 37.
85. J. Robinson, *The power of apartheid: State, power and space in South African cities*, p. 219.
86. P. Maylam, Explaining the apartheid city: 20 years of South African urban historiography, *Journal of Southern African Studies* 21(1), Special issue: Urban studies and urban change in Southern Africa, March 1995, p. 30; D. du Bruyn & M. Oelofse, "A hygienic native township shall be developed": The founding and development of Batho as Bloemfontein's "model location" (c.1918-1939), *Historia* 64(2), November 2019, p. 69; J. Robinson, The politics of urban form: Differential citizenship and township formation in Port Elizabeth 1925-1945, *Kronos: Journal of Cape History* 20, November 1993, p. 54.


© University of Pretoria

sy ordelike uitleg, groter sigbaarheid, en sy verbeterde kwaliteitsinfrastruktuur (veral skole en hospitale) verwys eersgenoemde tegniek na hoe stedelike swartes aangelok, dopgehou, opgelei en gekoloniseer is om ’n “selfdissiplinerende modelonderdaan”, wat die self en ander “in toom hou”, daar te stel. Laasgenoemde tegniek omvat maatreëls wat met sentrale beheer oor die biologiese prosesse (geboorte- en sterftesyfers) van ’n bevolking te make het en wat binne die konteks van die modelwoonbuurt na die invloed van akkommodasie (genoegsame privaatheid) en vervoer (groot afstande tussen woon- en werkplek wat baie tyd in beslag neem) op seksualiteit en dus voortplanting verwys. Binne die ruimte en belewing van die “model native township” kan geargumenteer word dat Fanon en Foucault se koloniale dissiplinêre en regulerende tegnieke ineengevloei het vir volmaakte en effektiewe (model)-orde, -beheer en -toesig oor stedelike swartes en hulle totale lewensbestaan as (model) onderdanige mense, voortplanters en ’n betroubare arbeidsmag.[87] Lefebvre sluit by Foucault se dissiplinêre ruimtelike tegniek aan en verwys daarna as die daarstelling van ’n oorheersende/dominante ruimte. Oorheersende ruimte word deur tegnologie en gebruik daargestel en het ten doel om ’n meesterprojek — die model swart woonbuurt — te verwesenlik. ’n Bepaalde maatskaplike orde (segregasie) moet ruimtelik en kwantitatief (in terme van standaarde, afmetings), nie noodwendig kwalitatief nie, realiseer.[88]

Bogenoemde beherende en regulerende stadsbeplanningstegnieke sluit nou aan by die sosiogeniëring van die modernistiese staat. Binne hierdie konteks verwys “sosiogeniëring” na “die gebruik van gesentraliseerde beplanning in ’n poging om gedwonge sosiale [én politieke, én ekonomiese] verandering te forseer en die toekomstige ontwikkeling en gedrag van ’n samelewing [in hierdie geval ’n bepaalde rassegedeelte van ’n samelewing] te beheer”.[89]

’n Merendeels plaaslik-geïnspireerde oorsprong vir die “model native township” word deur die historikus Derek du Bruyn in sy proefskrif[90] en in verskeie artikels saam met die historikus Marietjie Oelofse[91] oor Bloemfontein se “model location” Batho verskaf. Hulle verwys wel na die invloed van die Britse stadsbeplanningstendense van ordelike uitleg en “garden cities” met “garden suburbs”,[92]

87. N.T. Vally, *The “model township” of Sharpeville: The absence of political action and organisation, 1960-1984*, M.A. Dissertation, University of the Witwatersrand, 2010, pp. 37-42, 53-54, 59-62, 64-65; J. Robinson, *The power of apartheid: State, power and space in South African cities*, p. 12; D. Posel, Curbing African urbanization in the 1950s and 1960s, *in* M. Swilling *et al.*, *The apartheid city in transition*, p. 26.
88. A.C. Steenkamp, *Space, power and the body — the civil and uncivil as represented in the Voortrekker Monument and the Native Township Model*, PhD. Thesis, Technical University of Delft, 2008, pp. 11, 139-140, 143.
89. B. Pieters, 23 Januarie 2020, https://afriforum.co.za/sosiale-ingenieurswese-op-die-puk-as-n-mens-dit-nog-puk-mag-noem/, toegang: 28 November 2021.
90. D. du Bruyn, *Gardens, gardening culture and the development of a semi-vernacular garden style in Batho, Mangaung, 1918-1939: A historical perspective* (PhD. Thesis, University of the Free State, 2018).
91. D. du Bruyn & M. Oelofse, “A hygienic native township shall be developed”: The founding and development of Batho as Bloemfontein’s “model location” (c.1918-1939) (*Historia* 64(2), November 2019); D. du Bruyn & M. Oelofse, “The idea of beautifying the surroundings”: Bloemfontein’s (Mangaung) Batho location a “garden location”? (ca. 1918-1939) (*New Contree* 8, July 2020).
92. D. du Bruyn & M. Oelofse, “A hygienic native township shall be developed”: The founding and development of Batho as



© University of Pretoria

asook na die tydgenootlike impak van die sanitasie-sindroom. Met sy ontstaan in 1918 was Batho die eerste swart "lokasie" wat in amptelike rekords met die woord "model" beskryf is en as 'n navolgenswaardige voorbeeld (wat betref uitleg, behuising, higiëne, tuine wat estetiese waarde toevoeg, administrasie, finansies en inwonersinsette) vir ander plekke in die Unie van Suid-Afrika voorgehou is. Hiervolgens kan die "model lokasie-ideologie" teruggevoer word na die beeld van die Oranje-Vrystaat as 'n goed-bestuurde en welvarende Boererepubliek — 'n "modelrepubliek" — onder president Johannes (J.H.) Brand (1823-1888) en Bloemfontein as "modelstad" teen die einde van die 1800's. Daar was ook sterk filantropiese ondertone teenwoordig in die doel met die "modellokasie", naamlik om die lewenstandaard van die inwoners te verhoog deur die voorsiening van beter en ordentliker lewensomstandighede.[93]

Uit bogenoemde konseptuele ontleding van *model* binne die konteks van 'n "model native township" gedurende die Suid-Afrikaanse segregasietydperk kan vier betekeniskategorieë onderskei word **(Kyk Skets 3)**: i) 'n modeluitleg en -ontwerp gemeet aan gespesifiseerde afmetings, kriteria en dienstevoorsiening; ii) 'n modelervaring deur die swart stedelike inwoners van ordelike en kwaliteitsontwerpte behuising, infrastruktuur en lewensruimte; iii) modelgedrag deur die inwoners, grootliks gemeet aan gedrag wat as aanvaarbaar binne 'n Westerse, Christelike (Protestante/Calvinistiese) beskawing beskou is; en iv) laastens 'n modelbeheermeganisme vir 'n oorheersende en paternalistiese regering.

Skets 3: "Model swart woonbuurt": betekeniskategorieë




Ontwerp en saamgestel deur K. Sevenhuysen (Pretoria, 2020).

Bloemfontein's "model location" (c.1918-1939), *Historia* 64(2), November 2019, p. 53.

93. D. du Bruyn & M. Oelofse, "A hygienic native township shall be developed": The founding and development of Batho as Bloemfontein's "model location" (c.1918-1939), *Historia* 64(2), November 2019, pp. 47, 49, 52-53, 56, 59, 69, 70-73, 75.



© University of Pretoria

## 3. Administratiewe strukture, beheer en werkswyses van toepassing op stedelike swartes en hulle woonbuurtes

Wanneer in hierdie gedeelte van die hoofstuk na *administrasie* verwys word, word die bestuur en organisasie van swart stedelike aangeleenthede verstaan; dan ook die implementering en toepassing van wetsbepalings wat vir swart stedelike gebiede en hulle inwoners gegeld het; en laastens verwys dit ook na die persone of personeel, hoofsaaklik blankes, wat met bogenoemde take belas was.[94] Die administrasie van swart stedelike aangeleenthede was nie een oorkoepelende gesagstruktuur nie, maar het uit verskillende bestuursagente bestaan wat nie altyd in samehang, gekoördineerd, met dieselfde fokus, en in die beste belang van stedelike swartes opgetree het nie. ’n Belangrike onderskeid is hier van toepassing tussen teoretiese en strategiese beleidmakers (die sentrale regering) en die prakties-taktiese beleidtoepassers of beleiduitvoerders (die Departement van Naturellesake en sy amptenary, én die plaaslike owerhede en hulle amptenare).[95]

Die voorafgaande ontledings het baie spesifieke tydsgeesgebonde normatiewe denke, uitsprake en optredes gedurende die eerste helfte van die 20ste eeu onder blanke beleidmakers en administrateurs of beleiduitvoerders gemoeid met die swart stedelike gemeenskap in Suid-Afrika uitgewys. Verskeie grondgedagtes en konseptuele karaktertrekke (opreg en/of as voorwendsel) is geïdentifiseer, onder meer die omgee vir en die beskerming van swart stedelike inwoners (filantropie, swak paternalisme); die toewyding aan die opheffing, ontwikkeling en beskawing van swart stedelike inwoners, afgeskei van die blanke stedelike inwoners (die sanitasie-sindroom, die welsynstaat, Sosiale Darwinisme, liberale segregasie); die handhawing van orde, gesag en beheer oor swart stedelinge ten einde hulle te “beskerm” teen die “verderwende” invloede van die stad (modernisme, sosiogeniëring, sterk paternalisme, konserwatiewe segregasie); en die toepassing van ’n diskriminerende beleid op ’n regverdiger, billiker en mensliker manier (swak paternalisme, liberale segregasie, liberalisme).

Blanke beleidstoepassers, veral diegene gemoeid met swart stedelike administrasie, moes binne die diskriminerende beperkinge van die amptelike segregasiebeleid funksioneer. Daar was terselfdertyd ’n teenstrydige spanning én interafhanklikheid tussen die administrasie en uitvoering van die beleid aan die een kant, en die beleid en die wetgewing wat dit beliggaam het aan die ander kant. Die bymekaarbring van die teoreties-wetlike aspekte en die praktiese uitvoerbaarheid van die beleid is

94. In hierdie deel van die hoofstuk is die praktiese toepassing van wetsbepalings die hooffokus, en meer spesifiek die wyse waarop hierdie wetsbepalings toegepas is.
**’n Uitvoerige bespreking van die wetsbepalings kan in Hoofstuk V gevind word.**

95. Collins Dictionary, 2022, https://www.collinsdictionary.com/dictionary/english-thesaurus/administration, access: 16 April 2022; J.T. Nell, *Die huisbediende in die stedelike gebied van Pretoria*, M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1961, p. 20; L. Manicom, Ruling relations: Rethinking state and gender in South African history, *Journal of African History* 33, 1992, p. 457; I. Evans, *Bureaucracy and race. Native administration in South Africa*, p. 83.


© University of Pretoria

gekenmerk deur ’n dubbelslagtigheid, ’n teenstrydige dualisme, wat — vergeleke met die latere eksakte en totalitêre apartheidsbeleid — dikwels minder konsekwent, minder onverbiddelik, en minder meedoënloos voorgekom het en toegepas is.[96] Hierdie dualisme kan na die onderskeid tussen konserwatiewe en liberale segregasioniste teruggevoer word waar ondersteuners van die ideologie in die beleidstoepassing daarvan op ’n kontinuum tussen onderdrukking (konserwatief) en opheffing (liberaal) beweeg het. Hierdie dualisme was veral binne die Departement van Naturellesake en onder die amptenary wat die beleid met ’n “sagter” hand toegepas het, sigbaar.

Gedurende die eerste helfte van die 20ste eeu, en teen die agtergrond van bogenoemde dualisme, kan drie algemene fases in die ontwikkeling van swart stedelike administrasie onderskei word: i) 1910-1923 toe die standpunt gehuldig is dat swart werkers ’n noodsaaklike “ergernis” was wie se lewensomstandighede van so ’n aard moes wees dat dit nie die gesondheid van die blanke bevolking bedreig het nie. Swart stedelike administrasie is aan junior amptenare van munisipale gesondheidsdepartemente oorgelaat met ’n gesondheidsertifikaat as enigste aanstellingsvereiste;
ii) 1923-1930’s toe aan die hand van die bepalings van die *Naturellen (Stadsgebieden) Wet van 1923 (Wet 21 van 1923)* klem op beheer geplaas is; beheer oor toenemende swart verstedeliking én beheer oor swartes binne swart stedelike woonbuurtes as ’n gekontroleerde ruimte. Stedelike plaaslike owerhede het dus amptenare met “kennis van die wet” aangestel, en dit het die fase ingelui toe ondervinding in die polisiediens as die belangrikste kwalifikasie beskou is vir amptenare in beheer van swart stedelike administrasie; en iii) die 1930’s tot 1940’s toe die belangrikheid van swart stedelike administrasie as ’n selfstandige institusionele kennisveld besef en erken is, en terselfdertyd ook die noodsaaklikheid dat stedelike swart werkers se lewensomstandighede hulle fisies en geestelik moes ondersteun vir hulle rol in die land se ekonomie. Amptenare met bewese ervaring van die administrasie van swartes, en wat oor takt, geduld en die vermoë om enige delikate situasie met diskresie te beredder, is aangestel. ’n Volgende en vierde fase (van die 1950’s af) het klem op akademiese opleiding geplaas om die professionele en tegniese kennis van amptenare gemoeid met swart stedelike administrasie te verbeter.[97]

Vervolgens word die relevante wetsbepalings met betrekking tot die administrasie van swart stedelike gebiede aangedui; gevolg deur ’n ontleding van die optredes en uitsprake van die Departement van

96. N.J.J. Olivier, The presence and employment of blacks in the urban areas of South Africa: A historical survey of legislation, *Acta Juridica* 1, 1984, p. 1; J. Robinson, “Progressive Port Elizabeth”: Liberal politics, local economic development and the territorial basis of racial domination, 1923-1935, *GeoJournal* 22(3), 1990, pp. 293-294; M.M.S. Bell, *The politics of administration: A study of the career of Dr. D.L. Smit with special reference to his work in the Department of Native Affairs, 1934-1945*, M.A. Dissertation, Rhodes University, 1978, pp. 1, 159; D. Atkinson, Patriarchalism and paternalism in South African “native administration” in the 1950s, *Historia* 54(1), May 2009, p. 279.

97. I. Evans, *Bureaucracy and race. Native administration in South Africa*, pp. 82-83; J. Robinson, *The power of apartheid: State, power and space in South African cities*, pp. 59-61; S. Parnell & A. Mabin, Rethinking urban South Africa, *Journal of Southern African Studies* 21(1), March 1995, pp. 44-45.


© University of Pretoria

Naturellesake en sy amptenare; daarna sal die munisipale regeringstrukture en blanke amptenary betrokke by die administrasie van swart stedelike gebiede uiteengesit word; en laastens sal die enkele administratiewe strukture waarby stedelike swartes self betrokke kon raak — die *Native Advisory Boards*/Naturelle of Swart Adviesrade — en hulle funksies (dikwels eerder wanfunksies) verduidelik word. Deurgaans sal die invloed en praktiese vergestalting van die reeds bespreekte konseptuele grondgedagtes uitgewys word as die grondslag waarop hierdie strukture berus het en die ideologiese parameters waarbinne blankes en swartes binne die swart stedelike ruimte gefunksioneer en gelewe het. Ten slotte sal die redes vir en motiewe agter die diskrepansie tussen teorie (beleid en wetgewing) en praktyk (dag-tot-dag werkswyse en beleidsimplementering) uitgewys word.

Wetsbepalings waarvoor stedelike administrateurs verantwoordelik was

In die tydperk voor Uniewording in 1910 was plaaslike of munisipale regeringstrukture, soos dorpsrade, vir die bestuur en beheer van hulle plaaslike swart gemeenskappe verantwoordelik. Dit het onder meer die oprigting, beheer en bestuur van swart "lokasies"/woonbuurtes behels, en soms ook die verpligte skeiding van swartes in hulle eie woongebiede. Verder was hierdie rade en hulle amptenare ook verantwoordelik vir die handhawing van goeie orde, higiëne en sanitasie; die voorkoming van oorbewoning en die oprigting van ongesonde en ongewenste behuisingstrukture; die uitreiking van dienskontrakregistrasies; die toepassing van die passtelsel; die instelling van aandklokregulasies; en die regulering van bierbrouery.[98]

Met Uniewording het verskeie wetsbepalings administratiewe verantwoordelikhede en oorsigfunksies teenoor stedelike swartes op nasionale, provinsiale en plaaslike/munisipale vlak daargestel. 'n Ingewikkelde en ineengestrengelde wetlike situasie het egter ontstaan. Alhoewel provinsiale owerhede volgens Artikels 81 en 85 van die Unie Grondwet van 1910[99] wetgewende en administratiewe beheer oor plaaslike regeringstrukture uitgeoefen het, het provinsiale owerhede ingevolge Artikel 147 van die 1910-wet[100] nie wetgewende en administratiewe mag en beheer oor swartes (in stedelike gebiede) gehad nie. Die rede hiervoor was om 'n eenvormige beleid en wetgewing teenoor swartes binne die Unie daar te stel. Verder het die sentrale regering en sy Departement van Naturellesake, as voog en trustee van swartes en hulle belange, geglo dat hulle beter as die provinsiale owerhede in staat was om toestande in sommige swart stedelike gebiede te verbeter. Die beheer oor en administrasie van swartes in stedelike gebiede het onder die Goewerneur-Generaal-

98. N.J.J. Olivier, The presence and employment of blacks in the urban areas of South Africa: A historical survey of legislation, *Acta Juridica* 1, 1984, pp. 2-3; J.S. Allison, Urban native legislation, *Race Relations* 7(4), November 1940, pp. 54-55.
99. Unie van Suid-Afrika, *Suid-Afrika Wet van 1909*, Artikels 81 & 85.
100. Unie van Suid-Afrika, *Suid-Afrika Wet van 1909*, Artikel 147.


© University of Pretoria

in-Rade,[101] die sentrale regering en die nuutgestigte Departement van Naturellesake geressorteer. Die uitvoerende gesag was in die Minister van Naturellesake, in beheer van die genoemde staatsdepartement onder 'n permanente Sekretaris van Naturellesake, gevestig. Die stedelike plaaslike owerhede, in besonder dan die bestuurders van die munisipale departemente van Naturellesake en die superintendente van swart woonbuurtes, het dus as agente vir die sentrale regering en onder laasgenoemde se streng toesig opgetree, en was wetlik verantwoordelik vir die behuising en verbeterde administrasie van stedelike swartes binne hulle gebiede. Die Departement van Naturellesake het egter, veral in die beginjare van die Unie, nie oor die mag beskik om die stedelike plaaslike owerhede te dwing om noodsaaklike dienste aan stedelike swartes wat binne hulle gebiede gewoon en gewerk het, te verskaf nie. Voorts moes die toestemming vir die uitvoering van bogenoemde wetlike verpligtinge telkens van die sentrale regeringstrukture (Departemente van Naturellesake en Openbare Gesondheid) verkry word wat in die meeste gevalle 'n tydsame administratiewe rompslomp tot gevolg gehad het. Dit het die administrasie van stedelike swartes eerder gekortwiek as verbeter[102] — die gevoel was "one cannot do anything fast in Native affairs".[103]

Stedelike plaaslike owerhede was wetlik verplig om 'n aparte administratiewe stelsel vir die bestuur van swart stedelike aangeleenthede en vir die bevordering van hulle belange en welsyn daar te stel.[104] Die onderskeie stadsgebiedewetgewing (1923-1945)[105] het voorts van stedelike administrateurs verwag om onder meer die volgende wetsbepalings toe te pas: die daarstel van aparte woongebiede (residensiële segregasie) vir stedelike swartes deur die stedelike plaaslike owerhede en werkgewers (hostelle op hulle persele); die toesien dat alle stedelike swartes in genoemde huisvesting woonagtig was; die skepping en korrekte gebruik van die Swart Inkomsterekeninge (finansiële segregasie); die monitering van huurgeld en dienstefooie; die verkiesing en korrekte funksionering van die Swart Adviesrade; die aanstel van die nodige personeel vir die bestuur van swart stedelike woongebiede en die uitvoering van ander wetlike funksies in hierdie gebiede; die toepassing van dienskontrakregistrasies, lisensiëring, aandklokreëls, paswette, instromings- en

101. Die "Goewerneur-Generaal-in-Rade" verwys na die Goewerneur-Generaal in 'n lidland van die Britse Statebond, handelende op advies en met toestemming van die uitvoerende raad van die land se kabinet ten einde kabinetsbesluite formeel te wettig.
102. N.J.J. Olivier, The presence and employment of blacks in the urban areas of South Africa: A historical survey of legislation, *Acta Juridica* 1, 1984, p. 3; I.O.H.M. Mapena, *Policy for urban blacks in the Republic of South Africa*, p. 4; L.I. Venables, The relations of a municipality with its African people, *Race Relations* 13(2), 1946, p. 50; E.A. Havemann, Principles underlying urban native administration in the Union, *Race Relations* 18(1), 1951, pp. 12-14; T.R.H. Davenport, The triumph of Colonel Stallard: The transformation of the *Natives (Urban Areas) Act* between 1923 and 1937, *South African Historical Journal* 2, November 1970, p. 79; J.T. Nell, *Die huisbediende in die stedelike gebied van Pretoria*, M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1961, pp. 12-14; J.S. Allison, Urban native legislation, *Race Relations* 7(4), November 1940, pp. 55, 56, 58, 62; J.S. Allison, Some aspects of urban native administration, *Race Relations* 7(4), November 1940, p. 112; H.J. Simons, Some aspects of urban native administration, *Race Relations* 7(4), Fourth Quarter, 1940, pp. 101-103.
103. E.A. Havemann, Principles underlying urban native administration in the Union, *Race Relations* 18(1), 1951, p. 14; P.A. Linington, *Native administration in the Union of South Africa*, p. 168.
104. I.O.H.M. Mapena, *Policy for urban blacks in the Republic of South Africa*, pp. 4-5.
105. Unie van Suid-Afrika, *Naturellen (Stadsgebieden) Wet van 1923 (Wet 21 van 1923)*; Unie van Suid-Afrika, *Naturelle (Stadsgebiede) Wet, 1923, Wysigingswet* van *1930 (Wet 25 van 1930)*; Unie van Suid-Afrika, *Wet tot Wysiging van die Wette op Naturelle van 1937 (Wet 46 van 1937)*; Unie van Suid-Afrika, *Naturelle (Stadsgebiede)-Konsolidasiewet (Wet 25 van 1945)*.


© University of Pretoria

uitstromingsbeheermaatreëls (soos ’n arbeidsensus) in ooreenstemming met die arbeidsbehoeftes binne ’n bepaalde stedelike gebied; die verwydering van sekere groepe swartes (“idle, dissolute, disorderly or redundant”)[106] uit stedelike gebiede; die beheer oor drankvervaardiging en -gebruik binne swart stedelike woongebiede; en die beheer oor en verhuring van handels- en besigheidspersele binne swart stedelike woongebiede.[107]

Die ingewikkelde en verwikkelde wetgewende en gesagstrukture waarbinne die nasionale en plaaslike owerhede die administrasie van stedelike swartes moes toepas, het in die praktyk (*de facto*) in ’n groot mate van die letter van die wet (*de jure*) afgewyk. Stedelike plaaslike owerhede met hulle wetlike verantwoordelikhede teenoor stedelike swartes was in die praktyk (en tradisioneel) grotendeels outonoom in hulle beleidstoepassing en administrasie; hulle was nie bloot klakkelose en ondeurdagte napraters van die beleid nie. Goedkeuring vir besluitneming moes van die nasionale departement verkry word, maar stedelike plaaslike owerhede het binne die beleids-, wetgewende en goedkeuringsraamwerk merendeels onafhanklik en met diskresie opgetree. Daar was dus geensins sprake van ’n verenigde en samehangende administratiewe struktuur nie.[108]

Bogenoemde wetsbepalings en die swart stedelike woonbuurtes waarbinne dit toegepas is, kan as ’n modernisties-teoretiese (paternalistiese) <u>model</u> van ordelike, kontrolerende en gereguleerde swart stedelike administrasie en apparatuur met eiesoortige strategieë en taktieke beskou word wat op twee — uiteenlopende — beginsels berus het. Aan die een kant was daar die streng en uitgebreide <u>beheer</u> oor die lewens en beweging van stedelike swartes, en aan die ander kant die groter dog steeds beperkte noodsaaklike besef en <u>verantwoordelikheid</u> vir die opgradering en verbetering van die lewensomstandighede in swart stedelike woonbuurtes. Hierdie laaste aspek hou, soos reeds genoem, verband met die modernistiese benadering tot die bereddering van grootskaalse stedelike probleme en die noodsaaklikheid en moontlikheid om hierdie probleme deur aktiewe beheer en ingryping op te los.[109] Hoe die praktyk en werklikheid van swart stedelike administrasie daaruit gesien het, sal

106. Union of South Africa, *Natives (Urban Areas)Act, 1923 Amendment Act, 1930 (Act 25 of 1930)*, p. 186.
107. N.J.J. Olivier, The presence and employment of blacks in the urban areas of South Africa: A historical survey of legislation, *Acta Juridica* 1, 1984, pp. 4-7; P. Morris, *A history of black housing in South Africa*, p. 23; D. du Bruyn, *Gardens, gardening culture and the development of a semi-vernacular garden style in Batho, Mangaung, 1918-1939: A historical perspective*, PhD. Thesis, University of the Free State, pp. 302-303; L.I. Venables, The relations of a municipality with its African people, *Race Relations* 13(2), 1946, p. 51; E.A. Havemann, Principles underlying urban native administration in the Union, *Race Relations* 18(1), 1951, pp. 7-9; J.S. Allison, Urban native legislation, *Race Relations* 7(4), November 1940, pp. 57-62.
108. I. Evans, *Bureaucracy and race. Native administration in South Africa*, pp. 83, 279; J. Robinson, Administrative strategies and political power in South Africa’s black townships 1930-1960, *Urban Forum* 2(2), 1991, p. 63; S. Parnell & A. Mabin, Rethinking urban South Africa, *Journal of Southern African Studies* 21(1), March 1995, p. 47.
109. D. Posel, The case for a welfare state: Poverty and the politics of the urban African family in the 1920s and 1940s, *in* S. Dubow & A. Jeeves (eds), *South Africa’s 1940s: Worlds of possibilities*, pp. 69-72; D. du Bruyn & M. Oelofse, “A hygienic native township shall be developed”: The founding and development of Batho as Bloemfontein’s “model location” (c.1918-1939), *Historia* 64(2), November 2019, pp. 55, 72; J. Robinson, “A perfect system of control?” State power and “native locations” in South Africa, *Environment and Planning D: Society and Space* 8(2), 1990, p. 157; S. Parnell & A. Mabin, Rethinking urban South Africa, *Journal of Southern African Studies* 21(1), March 1995, pp. 48-49.


© University of Pretoria

vervolgens bespreek word.

Departement van Naturellesake en sy amptenare

Die beleidstoepassing en optrede van die nasionale Departement van Naturellesake en sy amptenare het, soos baie ander aspekte gedurende die eerste helfte van die 20ste eeu in Suid-Afrika, tussen die meer konserwatiewe (onderdrukkende) en meer liberale (simpatieke) aanslag van die paternalistiese segregasiebeleid gefigureer. Selfs tydens die tweede regeringstydperk van Generaal Smuts (1939-1948) was daar aanvanklik 'n meer liberale aanslag wat tot verskeie kommissies en komitees van ondersoek aanleiding gegee het, gevolg deur 'n meer konserwatiewe fase wat die afwatering van kommissie- en komitee-aanbevelings tot gevolg gehad het. Hierdie onduidelike, onbesliste, soms rigtinglose, teenstrydige, gefragmenteerde en inkonsekwente nasionale beleid het in 'n oneffektiewe en wanfunksionerende administrasie en onvoorspelbare beleidstoepassing onder amptenare betrokke by swart stedelike administrasie tot uiting gekom. 'n Gebrek aan administratiewe diepte, ervaring en konsekwentheid het amptenare onseker en onvoorspelbaar laat optree: soms is relatief té veel toegewings gemaak en soms is relatief té hardhandig opgetree. Die Departement van Naturellesake was voorts hoofsaaklik gemoeid met die plattelandse administrasie van die swart reservate en gevolglik het die Departement sy stedelike administratiewe verantwoordelikhede in die hande van stedelike plaaslike owerhede laat oorgaan en hulle in die praktyk met plaaslike outonomiteit gelaat. Hierdie stedelike administrateurs was van mening dat hulle en hulle werk "stiefmoederlik" behandel is en het hulleself dan ook as die "Aspoestertjies" van die administratiewe burokrasie beskou wat eers in 1935 'n eie afdeling binne die Departement verkry het. Die rede hiervoor was dat die administrasie van die swart reservate, die "amptelike tuistes" van die swart bevolking, die hooffokus van die Departement was. Tog moes stedelike administrateurs die nasionale Departement in alle beplanning en besluite geken het, en vir toestemming gewag het alvorens enige iets in die praktyk teweeggebring kon word.[110]

Die Departement van Naturellesake en sy amptenare het 'n tweeledige funksie vervul. Aan die een kant was dit hulle taak om die geformuleerde beleid tot op die letter toe te pas, deur te voer en die praktiese

110. S. Dubow & A. Jeeves (eds), *South Africa's 1940s: Worlds of possibilities*, pp. 9-10, 15; P. Maylam, Explaining the apartheid city: 20 years of South African urban historiography, *Journal of Southern African Studies* 21(1), Special issue: Urban studies and urban change in Southern Africa, March 1995, p. 34; P. Maylam, *South Africa's racial past: The history and historiography of racism, segregation and apartheid*, pp. 150, 152; D. Duncan, Liberals and local administration in South Africa: Alfred Hoernlé and the Alexandra Health Committee, 1933-1943, *The International Journal of African Historical Studies* 23(3), 1990, p. 477; P. Lewsen, Liberals in politics and administration, 1936-1948, *in* J. Butler *et al.* (eds), *Democratic liberalism in South Africa: Its history and prospect*, pp. 98-99; S. Dubow, *Racial segregation and the origins of apartheid in South Africa, 1919-1936*, pp. 11-12; P.B. Rich, Administrative ideology, urban social control and the origins of apartheid theory, 1930-1939, *Journal of African Studies* 7(2), Summer 1980, p. 79; I. Evans, *Bureaucracy and race. Native administration in South Africa*, pp. 14-17, 21, 26; J. Robinson, Administrative strategies and political power in South Africa's black townships 1930-1960, *Urban Forum* 2(2), 1991, p. 67.


© University of Pretoria

beleidsuitvoering in munisipale stedelike gebiede te inspekteer.[111] Hierdie funksie kan as die beherende, kontrolerende en selfs onderdrukkende funksie beskryf en getipeer word. Aan die ander kant het hulle ook as "beskermer" van swart belange en as tussenganger tussen swartes en die blanke regering opgetree. Hierdie funksie kan as die welsyns- of selfs akkommoderende en opheffende funksie en as "verligte" of simpatieke paternalisme getipeer word. Laasgenoemde funksie het veral onder die Hertzog-regering al hoe moeiliker geword om te vervul, aangesien die inhoud van segregasionistiese wetgewing meer onderdrukkend geword het. Hierdie tweeledige, en dikwels teenstrydige, rolle wat amptenare moes vervul, het daartoe gelei dat sommige amptenare in hulle toepassing en propagering van beleid en wetgewing gepoog het om billiker en regverdiger as die letter van die wet op te tree. Soms het die meer liberale en beskermende inslag van die amptenare kommissie- en komiteeverslae oorheers, maar die wetgewers se politieke beleid van segregasie en blanke beskerming bo alles het die benadering en insig van hierdie amptenare dikwels oorskadu en aan bande gelê.[112]

Die vernaamste komitees waarby die Departement van Naturellesake en sy meer senior en verligte amptenare gedurende die tydperk onder bespreking betrokke was, was die Godley-komitee (1919), die Young-Barrett-komitee (1935), en die Smit-komitee (1942). Die Godley-komitee (1919), ook bekend as die Paswettekomitee, het swart verstedeliking as onvermydelik beskou en voorgestel dat die lewensomstandighede van permanente stedelike swartes verbeter moes word, onder meer deur aanpassings van die paswette. Van hierdie bevindinge het in die *Naturellen (Stadsgebieden) Wet van 1923 (Wet 21 van 1923)* neerslag gevind. Die meer liberale aanbevelings oor wysigings in die paswette het egter slegs die wetsontwerp en nie die wet gehaal nie. Die Young-Barrett-komitee (1935) was 'n departementele komitee wat die verblyf van swartes in stedelike gebiede en sekere voorgestelde wysigings aan die *Naturellen Stadsgebieden Wet (Wet 21 van 1923)* moes ondersoek. Die aanbevelings van hierdie komitee het neerslag gevind in die *Wet tot Wysiging van die Wette op Naturelle (Wet 46 van 1937)*. Hiervolgens kon die woonomstandighede in swart stedelike

111. In hierdie verband is aanvanklik eers een, maar teen 1940 drie staatsamptenare as Inspekteurs van Stedelike Gebiede deur die Minister van Naturellesake aangestel. Hulle taak was om alle huisvesting wat aan stedelike swartes verskaf is, te inspekteer; om griewe wat van Swart Adviesrade ontvang is, te ondersoek; om die finansies van die stedelike plaaslike owerheid na te gaan; en om advies en kundigheid te verskaf omtrent relevante wetgewing en swart stedelike probleme.
J.S. Allison, Urban native legislation, *Race Relations* 7(4), November 1940, p. 60; J.S. Allison, Some aspects of urban native administration, *Race Relations* 7(4), November 1940, p. 112; R.D. Coertze, *Atteridgeville. 'n Stedelike Bantoewoonbuurt*, p. 289; H.J. Simons, Some aspects of urban native administration, *Race Relations* 7(4), Fourth Quarter, 1940, pp. 102-103; M.M.S. Bell, *The politics of administration: A study of the career of Dr. D.L. Smit with special reference to his work in the Department of Native Affairs, 1934-1945*, M.A. Dissertation, Rhodes University, 1978, p. 6.

112. B.J. Liebenberg & S.B. Spies (eds), *South Africa in the twentieth century*, p. 207; S. Dubow, *Racial segregation and the origins of apartheid in South Africa, 1919-1936*, pp. 12-13, 26-28, 45, 107, 119, 123-127; J.P. Brits, *Op die vooraand van apartheid. Die rassevraagstuk en die blanke politiek in Suid-Afrika, 1939-1948*, pp. 34-35, 44; K. Sevenhuysen, *Swart stedelike behuisingsverskaffing in Suid-Afrika, ca. 1900-1948: ekonomiese en ideologiese werklikhede,* M.A.-miniverhandeling, Universiteit van Pretoria, 2001, p. 8; P.B. Rich, Ministering to the white man's needs: The development of urban segregation in South Africa, 1913-1923, *African Studies* 37(2), 1978, pp. 186-187; R. Haines, *The politics of philanthropy and race relations: The South African Joint Councils, c. 1920-1955*, PhD. Thesis, University of London, 1991, pp. 4-5; H.J. Simons, The claims of the African in municipal government, *Race Relations* 13(2), 1946, p. 49; H. Rogers, *Native administration in the Union of South Africa*, p. 191; I. Evans, *Bureaucracy and race. Native administration in South Africa*, p. 279; J. Robinson, *The power of apartheid: State, power and space in South African cities*, p. 58.



© University of Pretoria

woonbuurtes verbeter word deur die getal stedelike swartes aan die hand van instromingsbeheermaatreëls en arbeidsensusse aan bande te lê. Die Smit-komitee (1942) was ’n interdepartementele komitee wat die maatskaplike, ekonomiese en gesondheidstoestande van swartes in stedelike gebiede ondersoek het. Hierdie komitee se ingrypende voorstelle wat die lewensomstandighede van stedelike swartes inderdaad kon verbeter het, is deur die oorlogsjare en die klemverskuiwing van die apartheidsbeleid weg van die stede na die tuislande, teengewerk.[113]

Dit was veral Douglas Smit en Gordon Mears, wat die amp van Sekretaris van Naturellesake gedurende onderskeidelik 1934-1945 en 1945-1949 beklee het, wat as die leidende progressiewe, hervormings- en meer liberale figure in die Departement beskou kan word. Albei het wel binne die regeringsraamwerk van segregasie opgetree, maar het deur hulle meer liberale aanslag gepoog om die posisie van swartes en die verhoudinge tussen blankes en swartes te verbeter. Hierdie amptenare het as’t ware as “buffers” en skokbrekers opgetree deur hulle tempering van drakoniese wetgewing met diskresie, en simpatieke en menslike begrip. Smit was egter nie ’n beleids<u>formuleerder</u> nie, maar ’n beleids<u>toepasser</u>. As staatsamptenaar moes Smit onderdrukkende, beperkende en diskriminerende beleid toepas. Hy kon ook nie keer dat amptenare binne die lompe en burokratiese Departement van Naturellesake hulle reputasie van boeliegedrag en onbekwaamheid gestand doen nie. Die druk van mede-liberale paternaliste in sy departement kon nie veel doen om die realiteit van stedelike swartes te verander nie. Daar was, byvoorbeeld, baie klagtes oor die diskriminerende en kleinlike optrede van spoorweg- en poskantooramptenare teenoor swartes. Ook die brutale optrede van polisiebeamptes in die toepassing van onderdrukkende wetgewing, dikwels weens die oortreding van kleinlike en tegniese bepalings wat swartes gekriminaliseer het, het daartoe gelei dat swartes die polisie as vyande eerder as beskermers beskou het.[114]

Smit en van sy mede-amptenare in die Departement van Naturellesake was toenemend bekommerd oor die strenger beheer, veral instromingsbeheermaatreëls, wat onder die Hertzog-bewind op stedelike swartes toegepas is. Smit het in 1937 en 1938 die toepassing van instromingsbeheermaatreëls as bekwame, lojale en getroue staatsamptenaar en beleids<u>toepasser</u>,

---

113. P. Kallaway, F.S. Malan, the Cape liberal tradition, and South African politics, 1908-1924, *The Journal of African History* 15(1), pp. 113-129; P.B. Rich, Administrative ideology, urban social control and the origins of apartheid theory, 1930-1939, *Journal of African Studies* 7(2), Summer 1980, p. 79; M.M.S. Bell, *The politics of administration: A study of the career of Dr. D.L. Smit with special reference to his work in the Department of Native Affairs, 1934-1945*, M.A. Dissertation, Rhodes University, 1978, pp. 29-38, 41-42; I. Evans, *Bureaucracy and race. Native administration in South Africa*, pp. 48-49.

114. T.R.H. Davenport, African Townsmen? South African *Natives (Urban Areas)* legislation through the years, *African Affairs* 68(271), April 1969, p. 109; K. Sevenhuysen, *Swart stedelike behuisingsverskaffing in Suid-Afrika, ca. 1900-1948: ekonomiese en ideologiese werklikhede,* M.A.-miniverhandeling, Universiteit van Pretoria, 2001, p. 8; P. Lewsen, Liberals in politics and administration, 1936-1948, *in* J. Butler *et al.* (eds), *Democratic liberalism in South Africa: Its history and prospect*, pp. 113-114; P.B. Rich, Administrative ideology, urban social control and the origins of apartheid theory, 1930-1939, *Journal of African Studies* 7(2), Summer 1980, p. 75; M.M.S. Bell, *The politics of administration: A study of the career of Dr. D.L. Smit with special reference to his work in the Department of Native Affairs, 1934-1945*, M.A. Dissertation, Rhodes University, 1978, pp. 12, 14, 20-21.



© University of Pretoria

sonder ’n sweempie van ideologiese twyfel, verdedig en ondersteun, en verklaar dat die regering die mag in sy hande geneem het om hierdie noodsaaklike beheermaatreëls toe te pas, aangesien stedelike plaaslike owerhede nie self die inisiatief daarvoor wou neem nie. Hy het klaarblyklik teen 1942 ’n ideologiese besinning en gevolglike paradigmaskuif (“sea-change”) ondergaan. Dit blyk duidelik uit die bevindinge van die Smit-komitee: daar was geen verwysing na instromingsbeheer nie, slegs bekommernis oor die welsyn van stedelike swartes, en selfs die voorstel dat die gehate paswette afgeskaf moes word. Sy benadering was dat stedelike beheer op ander, mensliker, maniere aan die hand van aandklokreëls en die verbetering van dienskontrakregistrasies daargestel kon word. Sy bevindinge is as politieke en ideologiese “kettery” beskou, maar dit het die realiteite van die sosio-ekonomiese toestande, griewe en belewenisse van stedelike swartes eerlik ontbloot, en ’n nuwe beleidsrigting teenoor stedelike swartes gepropageer.[115]

Dit is insiggewend om te let op die nuanseverskille in die wyse waarop Smit en sy standpunte (wat klaarblyklik vir ander amptenare ook gegeld het) deur twee Suid-Afrikaanse historici met spesifieke kundigheid oor hierdie tydperk en tema, Davenport en Brits, getipeer is. Volgens Davenport het Smit, indien sy optrede en uitsprake in die dertigerjare met dié in die veertigerjare vergelyk word, ’n ideologiese gedaanteverwisseling of besinning (“sea-change”) ondergaan. Hy het van stoere verdediger van instromingsmaatreëls, sonder enige ideologiese twyfel, tot kampvegter vir die afskaffing van die passtelsel en ander beheermaatreëls “verander”, aangespoor deur sy ideologiese vertwyfeling. Daarteenoor tipeer Brits Smit reeds in die dertigerjare en toenemend in die veertigerjare as ’n liberale staatsdiensamptenaar. Wat hier voor oë gehou moet word, is die beleidskonteks en departementele karakter waarbinne Smit gefigureer het. Smit is deur die regering van die dag, met hulle amptelike beleid van segregasie, aangestel en die logiese afleiding kan gemaak word dat hy binne hierdie beleidsraamwerk sou optree. Binne die Departement van Naturellesake het Smit die meer liberale funksie van die beskerming van swartes en die bevordering van hulle welsyn voorgestaan. Smit se daadwerklike verdediging en propagering van instromingsbeheermaatreëls moet in die lig hiervan beoordeel word. Die toepassing van hierdie maatreëls sou op die lang duur tot voordeel van stedelike swartes wees, aangesien beheerde instroming tot beter verblyftoestande aanleiding kon gee. Sy “ommekeer” gedurende die veertigerjare was steeds in ooreenstemming met hoe hy sy taak binne die Departement gesien het — as beskermer van swartes en kampvegter vir hulle welsyn. Hy was realisties genoeg om te besef dat beheermaatreëls meer lyding as beskerming teweeggebring het:[116] “it became

115. T.R.H. Davenport, *The Smuts government and the Africans, 1939-1948*, Institute of Commonwealth Studies Collected Seminar Papers V, pp. 82-83; M.M.S. Bell, *The politics of administration: A study of the career of Dr. D.L. Smit with special reference to his work in the Department of Native Affairs, 1934-1945*, M.A. Dissertation, Rhodes University, 1978, pp. 2, 29-38, 41-42, 140; I. Evans, *Bureaucracy and race. Native administration in South Africa*, p. 6.

116. T.R.H. Davenport, *The Smuts government and the Africans, 1939-1948*, Institute of Commonwealth Studies Collected Seminar Papers V, University of London, p. 82; S. Dubow, *Racial segregation and the origins of apartheid in South Africa, 1919-1936*, pp. 17, 209; J.P. Brits, *Op die vooraand van apartheid. Die rassevraagstuk en die blanke politiek in Suid-Afrika, 1939-1948*, pp. 34-



© University of Pretoria

clear that those in authority were now concerned to measure, not the success of the policy or lack of it, but its human cost."[117]

Dit blyk dat Smit liberalisme as filosofie tot voordeel van swartes se welsyn, eerder as beleid, aangehang het. Hoernlé, 'n liberale segregasionis, het dit dalk die beste opgesom toe hy Smit as 'n "paternalistiese liberalis", wat deur sy amptelike posisie aan bande gelê is, getipeer het.[118] Ook Davenport onderskryf Brits se standpunt in breë trekke met sy uitspraak dat Smit "an honest, humane administrator with the mind of a faithful civil servant"[119] was.

Daar was dus klaarblyklik onder sommige amptenare in die Departement van Naturellesake die strewe én verantwoordelikheid om binne die grootliks beherende en onderdrukkende beleidsraamwerk van segregasie die beleid op 'n billike en regverdige manier as "voogde" en "versorgers" van die swart gemeenskap toe te pas.[120] Hulle is egter voortdurend en in die dag-tot-dag praktiese toepassing daarvan met die teenstrydighede tussen die letter van die wet (en die beleid) en die uitvoerbaarheid daarvan op 'n menslike en regverdige manier gekonfronteer.

Die volgende woorde is gebruik om Smit te beskryf, maar kan op baie van die amptenare, op nasionale en plaaslik-munisipale vlak, van toepassing gemaak word:

> Sometimes he did not agree with the legislation it was his duty to enforce, but by his humanity he eased the burden on those on whom it would fall. No man did more than he did to cause it to be said that South Africa's administration was better than its law making.[121]

Hierdie waarneming is reeds in 1937 deur Smuts gemaak toe hy verklaar het dat die "'Native Affairs Department is on the whole wiser than the legislators of this country.'"[122]

---

35, 44, 60, 67; T.R.H. Davenport, African Townsmen? South African *Natives (Urban Areas)* legislation through the years, *African Affairs* 68(271), April 1969, pp. 102-103; M.M.S. Bell, *The politics of administration: A study of the career of Dr. D.L. Smit with special reference to his work in the Department of Native Affairs, 1934-1945*, M.A. Dissertation, Rhodes University, 1978, pp. 22, 25, 158.

117. T.R.H. Davenport, The triumph of colonel Stallard: The transformation of the *Natives (Urban Areas) Act* between 1923 and 1937, *South African Historical Journal* 2, November 1970, p. 96.
118. J.P. Brits, *Op die vooraand van apartheid. Die rassevraagstuk en die blanke politiek in Suid-Afrika, 1939-1948*, p. 35; M.M.S. Bell, *The politics of administration: A study of the career of Dr. D.L. Smit with special reference to his work in the Department of Native Affairs, 1934-1945*, M.A. Dissertation, Rhodes University, 1978, p. 7.
119. R. Davenport, Historical background of the apartheid city, *in* M. Swilling *et al.*, *The apartheid city in transition*, p. 12. Beklemtoning deur myself.
120. M.M.S. Bell, *The politics of administration: A study of the career of Dr. D.L. Smit with special reference to his work in the Department of Native Affairs, 1934-1945*, M.A. Dissertation, Rhodes University, 1978, pp. 12, 158; I. Evans, *Bureaucracy and race. Native administration in South Africa*, p. 53.
121. M.M.S. Bell, *The politics of administration: A study of the career of Dr. D.L. Smit with special reference to his work in the Department of Native Affairs, 1934-1945*, M.A. Dissertation, Rhodes University, 1978, p. 149. Beklemtoning deur myself.
122. Soos aangehaal in S. Dubow, *Racial segregation and the origins of apartheid in South Africa, 1919-1936*, p. 125. Kyk ook I. Evans, *Bureaucracy and race. Native administration in South Africa*, p. 53. Beklemtoning deur myself.



© University of Pretoria

Munisipale regeringstrukture: "The municipality is a sort of Master; it controls or administers law in this place"[123]

Voortspruitend uit die stadsgebiedewetgewing was die ontstaan van 'n drievlakkige munisipale regeringstruktuur bestaande uit die Stadsraad met sy Stadsraadskomitee vir Naturellesake op een vlak; die munisipale Departement van Naturellesake en die Superintendent van Lokasies op 'n tweede vlak; en die Swart Adviesraad op 'n derde, die mees ondergeskikte, vlak **(Kyk Diagram 5)**. Die munisipale departemente van Naturellesake met sy versameling van munisipale amptenare is deur munisipale bestuurders (munisipale amptenare slegs gemoeid met swart aangeleenthede) en superintendente (amptenare wat die dag-tot-dag sake in swart woonbuurtes bestuur het) bygestaan. Hierdie amptenare was verantwoordelik vir 'n stelsel van direkte administrasie van en beheer oor alle sake wat die inwoners van swart stedelike woonbuurtes geraak het. Die munisipale departemente het ten doel gehad om kundigheid in stedelike swart administrasie te bevorder; om kontak tussen stedelike swartes en die stedelike plaaslike owerhede te vestig; en om as 'n skakel tussen plaaslike owerhede en die nasionale Departement van Naturellesake te dien. Die name van hierdie departemente en komitees het van owerheid tot owerheid verskil, afhangende of ander groepe (benewens stedelike swartes) ook onder die werksaamhede en verpligtinge van die departemente en komitees geval het. Teen die einde van die 1920's het die gebruik in sekere van die groter plaaslike owerhede ontstaan om Superintendente van Lokasies tot Bestuurders van die munisipale Departemente van Naturelle-Administrasie te bevorder met die reg om *ex officio* deel van die Stadsraadkomitee van Naturellesake/Naturelle-Administrasie te wees. Benewens hierdie tweeledige ampsfunksies was die Superintendent van Lokasies ook die *ex officio* voorsitter van die Swart Adviesraad. In die geval van groter munisipaliteite is die Superintendent/Bestuurder deur 'n Assistent-Superintendent/Bestuurder bygestaan.[124]

Bogenoemde drievlakkige munisipale strukture het elkeen 'n rol gespeel in die praktiese vergestalting van vooruitgang en verbeterde omstandighede in swart stedelike woonbuurtes. Dikwels het hierdie

---

123. E.H. Chake, sekretaris van die Marabastad Adviesraad, soos aangehaal in M. Friedman, *A history of Africans in Pretoria with special reference to Marabastad, 1902-1923*, M.A. Dissertation, University of South Africa, 1994, p. 107; kyk ook p. 130.

124. P. Morris, *Soweto*, p. 9; R.M. Ralinala, *Urban apartheid and African responses: Aspects of life in Mamelodi township, 1953-1990*, Ph.D. Thesis, University of Cape Town, 2002, pp. 37-38; P. Maylam, Explaining the apartheid city: 20 years of South African urban historiography, *Journal of Southern African Studies* 21(1), Special issue: Urban studies and urban change in Southern Africa, March 1995, pp. 29-30; I.O. Marinus, Recreation for the Bantu in Pretoria, *Vigor* 2(3), June 1949, p. 52; L.I. Venables, The relations of a municipality with its African people, *Race Relations* 13(2), 1946, p. 51; T.R.H. Davenport, The triumph of Colonel Stallard: The transformation of the *Natives (Urban Areas) Act* between 1923 and 1937, *South African Historical Journal* 2, November 1970, p. 80; J.E.H. Grobler, The Marabastad riot, 1942, *Contree* 32, 1992, p. 25; T.R.H. Davenport, African Townsmen? South African *Natives (Urban Areas)* legislation through the years, *African Affairs* 68(271), April 1969, p. 96; C.J.P. le Roux, Rol van die Naturelle-adviesraad op plaaslike bestuursvlak in Bloemfontein, 1923-1948, *Contree* 25, April 1989, p. 8; R.D. Coertze, *Die adviserende komiteestelsel en politieke organisasie soos aangetref in die stedelike gebied van Pretoria met besondere verwysing na toestande in Atteridgeville*, M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1958, pp. 93-94, 97, 103-106; C. le Roux, J.R. Cooper as township manager of Mangaung at Bloemfontein 1923-1945, *Navorsinge van die Nasionale Museum Bloemfontein* 26(1), December 2010, p. 7; I. Evans, *Bureaucracy and race. Native administration in South Africa*, p. 33.


© University of Pretoria

strukture nie saamgewerk nie, maar mekaar eerder teengewerk binne die politieke en finansiële realiteite van stedelike plaaslike regering. Die Stadsraad was simpatiek teenoor en het gehoor gegee aan die finansiële versoeke en eise vir swart woonbuurtopheffing, mits die uitgawes nie te veel was nie en tot ongewildheid by die belastingbetalende blanke stedelike inwoners in 'n volgende munisipale verkiesing aanleiding kon gee nie. Die Bestuurder van die munisipale Departement van Naturelle-Administrasie (wat soms ook die posisie van Superintendent van Lokasies beklee het) kon op die steun van die Stadsraad staatmaak indien die finansiële versoeke/eise vir swart woonbuurtopheffing so laag as moontlik gehou kon word. Natuurlik was dit merendeels nie moontlik nie, omdat die Superintendent op hoogte was van die finansiële omvang en implikasies van die nimmereindigende behoeftes, griewe en eise wat die swart woonbuurtinwoners by monde van die Swart Adviesraad aan hom oorgedra het. Die Superintendent moes dus 'n baie delikate balanseertoertjies uitoefen deur die swart behoeftes (en swartes se aanvaarding van sy gesags- en "omgee"-posisie) te probeer versoen met die politieke en finansiële eise van die Stadsraad, sy werkgewer. Binne hierdie beperkende omstandighede kon die Superintendent op een van twee maniere optree: óf konfronterend, ontoegeeflik, onredelik, selfs despoties teenoor die Swart Adviesraad en swart behoeftes, griewe en eise, óf redelik, verdraagsaam, tegemoetkomend en samewerkend om binne die finansiële en politieke beperkinge van die Stadsraad, munisipale regulasies en relevante wetgewing die bes-moontlike oplossing vir probleme te bereik.[125]

Dit blyk dat superintendente aanvanklik oorwegend min of beperkte opvoeding gehad het en ook nie oor 'n hoë sosiale status beskik het nie. Hierdie situasie, tesame met die bykans "oppergesag" oor swart individuele regte waaroor hulle binne die woonbuurtomgewing beskik het, het hulle meestal nie bekwaam en geskik gemaak vir die verantwoordelikhede en die bevordering van goeie rasseverhoudinge nie. Onkunde en 'n gebrek aan simpatie (éérder empatie?) en respek is as van die grootste oorsake van wrywing tussen superintendente (maar ook enige munisipale amptenare betrokke by swart administrasie) en inwoners van swart stedelike woonbuurtes geïdentifiseer. Die superintendente was dikwels munisipale klerke of afgetrede polisiemanne (weens ervaring in wetstoepassing). Veral laasgenoemde aanstellings het problematiese kommunikasie- en vertrouensverhoudinge met stedelike swartes tot gevolg gehad.[126]

---

125. C.J.P. le Roux, Rol van die Naturelle-adviesraad op plaaslike bestuursvlak in Bloemfontein, 1923-1948, *Contree* 25, April 1989, pp. 8-9, 11; C.J.P. le Roux, The role of T.M. Mapikela in the municipal administration of black affairs in Bloemfontein 1902-1945, *Historia* 42(2), November 1997, p. 67; R.D. Coertze, *Die adviserende komiteestelsel en politieke organisasie soos aangetref in die stedelike gebied van Pretoria met besondere verwysing na toestande in Atteridgeville*, M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1958, pp. 103-106.

126. L. Torr, Lamontville: A history, 1930-1960, *in* P. Maylam, & I. Edwards (eds), *The people's city: African life in twentieth-century*, pp. 253-254; H.J. Simons, The claims of the African in municipal government, *Race Relations* 13(2), 1946, p. 49; T.R.H. Davenport, The triumph of Colonel Stallard: The transformation of the *Natives (Urban Areas) Act* between 1923 and 1937, *South African Historical Journal* 2, November 1970, p. 80; M. Friedman, *A history of Africans in Pretoria with special reference to Marabastad, 1902-1923*, M.A. Dissertation, University of South Africa, 1994, pp. 109-112; H.J. Simons, Some aspects of urban native administration, *Race Relations* 7(4), Fourth Quarter, 1940, p. 103.


© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Diagram 5: Organogram van swart stedelike administrasie




Ontwerp en saamgestel deur K. Sevenhuysen (Pretoria, 2020).



© University of Pretoria

Van die 1920's af het "stedelike swart administrasie" in 'n spesifieke en wetenskaplike studieveld ontwikkel wat "kundige", bekwame en effektiewe blanke administrateurs met gespesialiseerde kennis, onder meer in sosiale antropologie, opgelei het. Daar is geglo dat "objektiewe oplossings" vir die groot maatskaplike probleme van die tyd deur hierdie studieveld gevind kon word. Van hierdie "kundiges" het, soos reeds genoem, professionele bestuurders van genoemde munisipale departemente geword en was dikwels kundiger, meer ingelig en ervare as amptenare in die nasionale Departement van Naturellesake. Ten spyte van al die wetsbepalings en burokratiese strukture en prosedures waaraan gehoor gegee moes word, kan die stelsel van swart stedelike woonbuurtadministrasie en die optrede van amptenare as merendeels paternalisties eerder as burokraties beskou word. Die amptenare het hulle weg deur komplekse wetgewing, regulasies en maatreëls gebaan en dit in 'n mindere of meerdere mate reggekry om krotbuurtes op te ruim, openbare gesondheid te verbeter, die stelsel van Swart Adviesrade redelik suksesvol te laat funksioneer, en by die Sekretaris van Naturellesake aan te dring op wetswysigings wat die situasie in swart stedelike woonbuurtes kon verbeter.[127]

Daar is van administratiewe amptenare verwag om hulle aan die swart stedelike woonbuurtes (en hulle inwoners) onder hulle beheer toe te wy, buigsaam op te tree, "and to govern by 'exception' rather than by strict reference to the rules";[128] met ander woorde die gees eerder as die letter van die wet moes toegepas word. Verdere "model"-eienskappe wat aan hierdie amptenare binne die segregasionistiese konteks voorgehou is, was die vermoë om die swart inwoners te "verstaan"; om die swart inwoners by te staan om hulle omstandighede te verbeter en hulleself "op te hef" binne die konteks van die segregasionistiese samelewing; en om administratiewe bekwaamheid, goedhartigheid en simpatie te openbaar.[129] Op hierdie wyse het 'n meer persoonlike omgeebenadering die totale beheer oor die inwoners verdoesel. Hierdie paternalistiese "fase" sou in die laat veertigerjare en tydens die apartheidsbewind 'n stylverandering ondergaan van "paternalisme na professionalisme" onder blanke administrateurs. Ten spyte van hierdie stylverandering was daar, soos Maylam aandui, steeds kontinuïteit wat die totale beheer, toesig en polisiëring oor en van swart inwoners betref.[130]

---

127. B. Freund, *The African city: A history*, p. 121; P. Maylam, Explaining the apartheid city: 20 years of South African urban historiography, *Journal of Southern African Studies* 21(1), Special issue: Urban studies and urban change in Southern Africa, March 1995, pp. 30-31, 36; J. Robinson, "Progressive Port Elizabeth": Liberal politics, local economic development and the territorial basis of racial domination, 1923-1935, *GeoJournal* 22(3), 1990, p. 295; T.R.H. Davenport, The triumph of Colonel Stallard: The transformation of the *Natives (Urban Areas) Act* between 1923 and 1937, *South African Historical Journal* 2, November 1970, p. 80; P.B. Rich, Administrative ideology, urban social control and the origins of apartheid theory, 1930-1939, *Journal of African Studies* 7(2), Summer 1980, p. 73; J. Robinson, Administrative strategies and political power in South Africa's black townships 1930-1960, *Urban Forum* 2(2), 1991, pp. 66-67; J. Robinson, *The power of apartheid: State, power and space in South African cities*, pp. 63-64.
128. B. Bozzoli, From governability to ungovernability: Race, class and authority in South Africa's black cities, Paper presented at the Institute for Advanced Social Research, University of the Witwatersrand, March 1996, p. 7.
Kyk ook I. Evans, *Bureaucracy and race. Native administration in South Africa*, p. 101.
129. D. du Bruyn, *Gardens, gardening culture and the development of a semi-vernacular garden style in Batho, Mangaung, 1918-1939: A historical perspective*, PhD. Thesis, University of the Free State, pp. 293-294.
130. P. Maylam, Explaining the apartheid city: 20 years of South African urban historiography, *Journal of Southern African Studies*



© University of Pretoria

Dit was dan veral die Superintendent van Lokasies, die hoofamptenaar binne die munisipale administrasie van swart stedelike woonbuurtes, wat letterlik en figuurlik ten nouste met die inwoners saamgewerk het. Die inwoners kon by monde van die Swart Adviesraad die Superintendent oor woonbuurtaangeleenthede adviseer; op sy beurt moes die Superintendent as tussenganger en kommunikasiekanaal tussen die Swart Adviesraad en die Naturellesakekomitee van die plaaslike owerheid optree. Die huis van die Superintendent is gewoonlik in die swart stedelike woonbuurt opgerig. Op hierdie wyse, so is dit voorgehou, kon goeie verhoudinge met die inwoners opgebou word, veral met die leiers en elite onder die inwoners. Tog moet in gedagte gehou word dat die Superintendent alle mag en (byna despotiese) gesag as verteenwoordiger van die stedelike owerheid gehad het en dit ook merendeels so toegepas het. Sy posisie het respek (vrees?), meerderwaardigheid, administratiewe diskresie, mag en prestige beliggaam. Hy (en sy personeel) was immers wetlik[131] verplig en verantwoordelik aan die stedelike owerheid vir die toepassing van wetgewing, regulasies en dissipline deur middel van polisie-optrede, en vir die optrede en gedrag van die swart inwoners. In hierdie verband moes die Superintendent gereeld (elke drie maande/maandeliks) ’n verslag oor die bestuur van en die gesondheidsituasie in die swart woonbuurt aan die plaaslike owerheid voorlê. Benewens sy verantwoordelikheid vir die beheer en bestuur van die woonbuurt, en die handhawing van orde, was die Superintendent ook gemoeid met die toepassing van instromingsbeheer na swart woonbuurtes; die bereddering van werkloosheid en armoede en voortspruitende maatskaplike probleme; die bevordering van onderwys en opleiding; die toesig oor boubedrywighede en die goedkeuring van boumateriaal; die hou van ’n inwonerregister; die keuse van swart huurders; die toekenning van huise en handelsregte, en die uitreiking van permitte in hierdie verband; die invordering van huurgeld; die toesig oor die fasiliteite en bedrywighede (ontspanning en vermaak) van die swart huurders; en die polisiëring van die woonbuurt, veral wat drank, en ongewenste en ongemagtigde persone betref. Stedelike swartes was veral deur die inmenging van die Superintendent in hulle huishoudelike aangeleenthede gegrief. Die feit dat die Superintendent by magte was om huise enige tyd te betree en vir drank en ongemagtigde kuiergaste te deursoek, het veral vyandigheid ontlok.[132]

---

21(1), Special issue: Urban studies and urban change in Southern Africa, March 1995, pp. 30-31.

131. Die pligte van die Superintendent van Lokasies, ingevolge Artikel 2(6) van die *Wet op Naturelle Administrasie (Wet 38 van 1927)*, het bestaan uit veertien (14) bepalings.
Kyk H. Rogers, *Native administration in the Union of South Africa*, Appendix C: Government Notice No.2251 dated 21st December 1928, pp. 264-265; H.J. Simons, Some aspects of urban native administration, *Race Relations* 7(4), Fourth Quarter, 1940, p. 104.

132. B. Spence, The problem of the location. A report on housing conditions in ten Transvaal locations, *South African Architectural Record* 28, February 1943, p. 27; B. Bozzoli, From governability to ungovernability: Race, class and authority in South Africa’s black cities, Paper presented at the Institute for Advanced Social Research, University of the Witwatersrand, March 1996, p. 7; R. Haines & G. Buijs (eds), *The struggle for social and economic space: Urbanization in twentieth century South Africa*. Institute for Social and Economic Research. Special publication number 3, p. 19; B. Freund, *The African city: A history*, pp. 121-122; L. Torr, Lamontville: A history, 1930-1960, *in* P. Maylam, & I. Edwards (eds), *The people’s city: African life in twentieth-century*, p. 253; R.M. Ralinala, *Urban apartheid and African responses: Aspects of life in Mamelodi township, 1953-1990*, Ph.D. Thesis, University of Cape Town, 2002, p. 40; J. Robinson, “Progressive Port Elizabeth”: Liberal politics, local economic development and the territorial basis of racial domination, 1923-1935, *GeoJournal* 22(3), 1990, p. 301; D. du Bruyn, *Gardens, gardening culture and the development of a semi-vernacular garden style in Batho, Mangaung, 1918-1939: A historical perspective*, PhD. Thesis, University


© University of Pretoria

Die Superintendent van Lokasies, as wetlik gelisensieerde verteenwoordiger van nie net die plaaslike owerheid nie, maar ook van die Departement van Naturellesake en die sentrale regering in die swart stedelike woonbuurt, het ’n amp beklee wat groot wetlike en diskresionêre verantwoordelikheid vir én absolute gesag oor die dag-tot-dag lewens van stedelike swartes behels het. Vir die kweek van goeie verhoudinge en effektiewe kommunikasie moes die persoon wat hierdie amp beklee het oor geskikte “liberale” opleiding, vaardighede, ervaring in wetgewing en administrasie, temperament (geduldig, bedagsaam, toegewyd, wys, onbevooroordeeld, simpatiek en empaties) en karaktereienskappe beskik; die respek, vertroue en ondersteuning van beide die blanke en swart gemeenskappe geniet; en dus met groot sorg gekies word. Die ideale (model)-kandidaat moes goed betaal word sodat iemand met ’n standvastige karakter en integriteit; takt, nederigheid, buigsaamheid, onpartydigheid, vindingrykheid, bekwaamheid en organisasievermoë; met ’n kennis van ’n swart taal (wat in die betrokke gebied gepraat is) en begrip vir swart gewoontes, gebruike, aspirasies, en die tradisionele swart en burgerlike regstelsel; en met die vermoë om te snap wat soms nie gesê word nie, aangestel kon word. Benewens hierdie eienskappe moes die geskikte kandidaat ook oor praktiese kennis van woonbuurtbeplanning en -uitleg, argitektuur en die oprigting van infrastruktuur beskik. Bewese ervaring en nie bloot akademiese kennis nie, was ononderhandelbaar, so ook kontinuïteit in die amp en in die swart stedelike woonbuurt. Die persoon se opleiding, sosiale status, interpersoonlike verhoudinge en kommunikasie moes met die magte wat die amp beliggaam, ooreenstem. Hierdie “model”-eienskappe of *desiderata* was merendeels die ideaal waarna gestrewe is in die aanstelling van ’n geskikte kandidaat, en in alle waarskynlikheid was dit nie altyd die seleksiekriteria waarvolgens die superintendente aangestel is nie.[133]

---

of the Free State, pp. 294, 302-303; H.J. Simons, The claims of the African in municipal government, *Race Relations* 13(2), 1946, p. 48; A.L. Torr, Lamontville — Durban’s “model village”: The realities of township life, 1934-1960, *Journal of Natal and Zulu History* 10, 1987, pp. 105, 107; M. Friedman, *A history of Africans in Pretoria with special reference to Marabastad, 1902-1923*, M.A. Dissertation, University of South Africa, 1994, pp. 110-112; H.J. Simons, Some aspects of urban native administration, *Race Relations* 7(4), Fourth Quarter, 1940, pp. 103-105; R.D. Coertze, *Die adviserende komiteestelsel en politieke organisasie soos aangetref in die stedelike gebied van Pretoria met besondere verwysing na toestande in Atteridgeville*, M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1958, pp. 93-94, 98, 99-105, 131-133; C. le Roux, J.R. Cooper as township manager of Mangaung at Bloemfontein 1923-1945, *Navorsinge van die Nasionale Museum Bloemfontein* 26(1), December 2010, pp. 8-15, 19-42; J. Robinson, Administrative strategies and political power in South Africa’s black townships 1930-1960, *Urban Forum* 2(2), 1991, pp. 64-65; J. Robinson, *The power of apartheid: State, power and space in South African cities*, pp. 90-93.

133. A.L. Torr, Lamontville — Durban’s “model village”: The realities of township life, 1934-1960, *Journal of Natal and Zulu History* 10, 1987, pp. 105-107; B. Spence, The problem of the location. A report on housing conditions in ten Transvaal locations, *South African Architectural Record* 28, February 1943, p. 27; T.R.H. Davenport, The triumph of Colonel Stallard: The transformation of the *Natives (Urban Areas) Act* between 1923 and 1937, *South African Historical Journal* 2, November 1970, p. 80; P.A. Linington, *Native administration in the Union of South Africa*, p. 174; H. Rogers, *Native administration in the Union of South Africa*, p. 190; J.S. Allison, Urban native legislation, *Race Relations* 7(4), November 1940, p. 60; C.J.P. le Roux, The role of T.M. Mapikela in the municipal administration of black affairs in Bloemfontein 1902-1945, *Historia* 42(2), November 1997, p. 71; R.D. Coertze, *Atteridgeville. ’n Stedelike Bantoewoonbuurt*, p. 302; H.J. Simons, Some aspects of urban native administration, *Race Relations* 7(4), Fourth Quarter, 1940, pp. 103-105; R.D. Coertze, *Die adviserende komiteestelsel en politieke organisasie soos aangetref in die stedelike gebied van Pretoria met besondere verwysing na toestande in Atteridgeville*, M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1958, pp. 98, 129-142; C. le Roux, J.R. Cooper as township manager of Mangaung at Bloemfontein 1923-1945, *Navorsinge van die Nasionale Museum Bloemfontein* 26(1), December 2010, pp. 1-2, 4-8, 19, 41; I. Evans, *Bureaucracy and race. Native administration in South Africa*, p. 83; J. Robinson, Administrative strategies and political power in South Africa’s black townships 1930-1960, *Urban Forum* 2(2), 1991, pp. 66, 71-72.


© University of Pretoria

Die sukses van 'n uitnemende Superintendent van Lokasies is gemeet aan sy vermoë om namens die Swart Adviesraad met die Stadsraad te kommunikeer; om sy teenstrydige posisie as beide 'n werknemer van die Stadsraad én die "voog" van die swart gemeenskap onder sy beheer, te versoen; om delikate en gevaarlike situasies te beheer, swart ontevredenheid te ontlont, en swart gewelddadige optrede te voorkom; om negatiewe publisiteit te vermy, 'n gebalanseerde begroting daar te stel, en die beleid en besluite van die Stadsraad deur te voer. Om hom in hierdie bykans onmoontlike taak te help, sou hy goed met ander kundiges moes kon saamwerk, soos die plaaslike Mediese Beampte van Gesondheid, die plaaslike Departement van die Stadsingenieur, polisie-owerhede, amptenare van die nasionale Departement van Naturellesake, en die raadslede van die Stadsraad se Naturellesakekomitee.[134]

Die Superintendent is aan die een kant deur die swart inwoners kwalik geneem en deur liberale blankes verwyt vir die gebrekkige bestuur en dienste in swart stedelike woonbuurtes. Aan die ander kant is sy aanspreeklikheid en pogings om die lewensomstandighede en bestuur te verbeter deur die onwilligheid van sekere van die blanke kiesers (om finansieel by te dra) en die traagheid van sekere van die munisipale amptenary (om verantwoordelikheid te aanvaar) in die wiele gery.[135]

Die twee uiteenlopende dog ineengeskakelde kenmerke inherent aan paternalisme het die Superintendent terselfdertyd streng (dissipline) én bedagsaam (omgee) laat optree, en natuurlik het dit tot verwarring aanleiding gegee. In die hoedanigheid van gesprekvoering kon die Superintendent bedagsaam, simpatiek en empaties voorkom met begrip vir swart inwoners se probleme. In die hoedanigheid van wetstoepasser kon die Superintendent dan as diktatoriaal, streng, ongenaakbaar en onsimpatiek voorgekom. Die Superintendent het (soms) binne hierdie konteks gepoog om sy gesag met opregte omgee vir die inwoners en hulle welsyn te temper; in hierdie omstandighede het die "oomblik van simpatie" plaasgevind wanneer die Superintendent sy amptelike diskresie gebruik het om genadelose wetsbepalings met menslike emosie te temper; daar was 'n familiariteit, 'n vertroudheid met die inwoners, hulle omstandighede en die impak van wetgewing.[136] Dit was nie net

134. C. le Roux, J.R. Cooper as township manager of Mangaung at Bloemfontein 1923-1945, *Navorsinge van die Nasionale Museum Bloemfontein* 26(1), December 2010, pp. 5, 8, 27, 36.

135. T.R.H. Davenport, The triumph of Colonel Stallard: The transformation of the *Natives (Urban Areas) Act* between 1923 and 1937, *South African Historical Journal* 2, November 1970, p. 80; C.J.P. le Roux, Rol van die Naturelle-adviesraad op plaaslike bestuursvlak in Bloemfontein, 1923-1948, *Contree* 25, April 1989, p. 11; E. Hellmann & L. Abrahams (eds), *Handbook on race relations in South Africa*, p. 268; C. le Roux, J.R. Cooper as township manager of Mangaung at Bloemfontein 1923-1945, *Navorsinge van die Nasionale Museum Bloemfontein* 26(1), December 2010, pp. 14-15, 22; I. Evans, *Bureaucracy and race. Native administration in South Africa*, p. 45.

136. R. Geyer, Die Marabastadonluste van 28 Desember 1942, *Militaria* 26(1), 1996, pp. 54-56; G. Baines, The contradictions of community politics: The African petty bourgeoisie and the New Brighton Advisory Board c. 1937-1952, *Journal of African history* 35(1), 1994, p. 83; D. Atkinson, Patriarchalism and paternalism in South African "native administration" in the 1950s, *Historia* 54(1), May 2009, p. 265; C. le Roux, J.R. Cooper as township manager of Mangaung at Bloemfontein 1923-1945, *Navorsinge van die Nasionale Museum Bloemfontein* 26(1), December 2010, p. 20; J. Robinson, Administrative strategies and political power in South Africa's black townships 1930-1960, *Urban Forum* 2(2), 1991, pp. 64, 72, 74; J. Robinson, *The power of apartheid: State, power and space in South African cities*, pp. 104-105.


© University of Pretoria

die blanke Superintendent wat hierdie inherente verwarring, gewetensteenstrydigheid en dubbelslagtigheid beleef het nie. Die inwoners van die swart stedelike woonbuurt het die Superintendent as hulle "vader" beskou,[137] en die teenstrydigheid eenvoudig soos volg verwoord: "he is the 'father' of the location, and should not act the policeman".[138]

Ten spyte van moontlike verwarring kan die rol van die Superintendent van Lokasies en sy ondersteunende amptenare nie gering geskat word nie. In wese was hierdie amptenare die gesig en die hart van die beleid en het hulle optrede die omstandighede van swart stedelinge grootliks gerig, bepaal en beïnvloed. Vir baie van hierdie (model)-amptenare was hulle werk hulle trots, selfs 'n roeping wat baie geverg het:

> He must have the patience of a Job, he must have the wisdom of a Solomon, he must have the tact and the love of a supernatural creature, he must have the persistence to plead like an advocate, and the experience of a judge, and he must have ongoing personal contact with the inhabitants of the location he administers ...[139]

*Native Advisory Boards*/Swart Adviesrade

In navolging van Kaapse wetgewing aan die begin van die 20ste eeu was stedelike munisipaliteite ingevolge wetgewing (van 1923, soos gewysig in 1944 en 1945)[140] verplig om Swart Adviesrade in swart stedelike woonbuurtes onder hulle beheer tot stand te bring. Hierdie stedelike plaaslike owerhede was voorts gemagtig om regulasies oor die verkiesings- en nominasiewyse en -prosedures; die magte, funksies, werksaamhede, vergaderings en die verpligtinge van hierdie rade; en die vergoeding van raadslede uit te vaardig. Hierdie rade moes uit ten minste drie inwoners van die swart woonbuurt bestaan wat óf verkies (met aanspreeklikheid teenoor die swart kiesers) óf aangewys (in die meeste gevalle deur die Superintendent met aanspreeklikheid teenoor die plaaslike owerheid, en 'n punt van groot kritiek en ontevredenheid) moes word. Die Instituut vir Rasseverhoudinge het in 1940 bevind dat die meeste van die Swart Adviesrade uit ses swart lede bestaan het: drie verkose en drie genomineerde lede. Net geregistreerde bewoners van munisipale huise of erwe wie se huurgeld nie agterstallig was nie, kon verkies of aangewys word, en was stemgeregtig. Van die groter swart stedelike woonbuurtes het adviesraadslede vir elke blok huise (of wyk) aangestel of laat verkies, en

137. R.D. Coertze, *Atteridgeville. 'n Stedelike Bantoewoonbuurt*, p. 302; R.D. Coertze, *Die adviserende komiteestelsel en politieke organisasie soos aangetref in die stedelike gebied van Pretoria met besondere verwysing na toestande in Atteridgeville*, M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1958, p. 130; I. Evans, *Bureaucracy and race. Native administration in South Africa*, p. 45.
138. H.J. Simons, Some aspects of urban native administration, *Race Relations* 7(4), Fourth Quarter, 1940, p. 109. Beklemtoning deur myself.
139. Soos aangehaal in J. Robinson, Administrative strategies and political power in South Africa's black townships 1930-1960, *Urban Forum* 2(2), 1991, p. 71. Beklemtoning deur myself.
140. Union of South Africa, *Native (Urban Areas) Act of 1923 (Act 21 of 1923)*, Article 10, pp. 156, 158; Union of South Africa, *Native Laws Amendment Act (Act 36 of 1944)*; Union of South Africa, *Native (Urban Areas) Consolidation Act (Act 25 of 1945)*, Article 21, pp. 150, 152.


© University of Pretoria

selfs subkomitees vir die adviesraad daargestel wat vir beter verteenwoordiging en kommunikasie voorsiening gemaak het en die funksionering van hierdie stelsel oorwegend verbeter het.[141]

Stedelike munisipaliteite was van 1923 af verplig om hierdie rade te raadpleeg en met hulle in gesprek te tree voordat enige munisipale regulasies van toepassing op swart stedelike woonbuurtes (en veral die finansiering daarvan) en die welsyn van die inwoners aanvaar, gewysig of teruggetrek kon word. Die Departement van Naturellesake het in 1924 "modelregulasies"[142] vir swart stedelike "lokasies"/woonbuurtes saamgestel wat as riglyn vir stedelike plaaslike owerhede moes dien en wat in ooreenstemming met plaaslike omstandighede aangepas en verfyn kon word, en dan aan die Swart Adviesrade vir goedkeuring voorgelê moes word. Munisipale owerhede kon ook nie by die Minister van Naturellesake aansoek doen vir byvoorbeeld die eksklusiewe reg om sorghumbier te vervaardig en te verkoop alvorens hierdie saak na die Adviesraad verwys is nie. Die teoretiese bedoeling van hierdie proses was dat die menings en standpunte van swart stedelike inwoners oor die sake wat hulle intens geraak het, eers deur die Departement van Naturellesake in oorweging geneem moes word alvorens die Minister van Naturellesake tot regulasieswysigings en eksklusiewe munisipale bierbrouery sou toestem.[143]

---

141. Union of South Africa, *Native (Urban Areas) Consolidation Act (Act 25 of 1945)*, Article 21, pp. 150, 152; G. Baines, The New Brighton advisory board, c. 1923-1952: Its legitimacy and legacy, Paper presented at the fifth triennial History Workshop: Structure and experience in the making of apartheid, University of the Witwatersrand, February 1990, pp. 1-2, 5, 8; P. Morris, *Soweto*, p. 9; P. Morris, *A history of black housing in South Africa*, pp. 35, 149; P. Maylam, The rise and decline of urban apartheid in South Africa, *African Affairs* 89, 1990, p. 82; I.O.H.M. Mapena, *Policy for urban blacks in the Republic of South Africa*, p. 7; R.M. Ralinala, *Urban apartheid and African responses: Aspects of life in Mamelodi township, 1953-1990*, Ph.D. Thesis, University of Cape Town, 2002, p. 37; D. du Bruyn & M. Oelofse, "A hygienic native township shall be developed": The founding and development of Batho as Bloemfontein's "model location" (c.1918-1939), *Historia* 64(2), November 2019, p. 73; S.C. Sidzumo, Location advisory boards, *South African Outlook* 70, April 1940, p. 74; P.H. Gúenault, The African in local government, *Race Relations* 13(2), 1946, p. 38; L.I. Venables, The relations of a municipality with its African people, *Race Relations* 13(2), 1946, p. 51; J.D.R. Jones, Native urban administration. The functions of native advisory boards, *Race Relations Journal* 13(2), May 1946, pp. 53, 58; B. Spence, The problem of the location. A report on housing conditions in ten Transvaal locations, *South African Architectural Record* 28, February 1943, p. 27; T.R.H. Davenport, African Townsmen? South African *Natives (Urban Areas)* legislation through the years, *African Affairs* 68(271), April 1969, p. 99; C.J.P. le Roux, Rol van die Naturelle-adviesraad op plaaslike bestuursvlak in Bloemfontein, 1923-1948, *Contree* 25, April 1989, p. 5; G. Baines, The contradictions of community politics: The African petty bourgeoisie and the New Brighton Advisory Board c. 1937-1952, *Journal of African history* 35(1), 1994, p. 80; E. Hellmann & L. Abrahams (eds), *Handbook on race relations in South Africa*, p. 265; J.S. Allison, Urban native legislation, *Race Relations* 7(4), November 1940, p. 60; H.J. Simons, Some aspects of urban native administration, *Race Relations* 7(4), Fourth Quarter, 1940, pp. 106-108; L. Reyburn (compiler), *The urban African in local government: A study of the advisory board system and its operation*, pp. 1, 4, 30-32, 40-41; R.D. Coertze, *Die adviserende komiteestelsel en politieke organisasie soos aangetref in die stedelike gebied van Pretoria met besondere verwysing na toestande in Atteridgeville*, M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1958, pp. 106-108, 113-115, 119-128; C. le Roux, J.R. Cooper as township manager of Mangaung at Bloemfontein 1923-1945, *Navorsinge van die Nasionale Museum Bloemfontein* 26(1), December 2010, p. 16.
142. H. Rogers, *Native administration in the Union of South Africa*, p. 194; Appendix J: Government Notice No. 672 of 1924, pp. 305-312.
143. J.D.R. Jones, Native urban administration. The functions of native advisory boards, *Race Relations Journal* 13(2), May 1946, pp. 54, 56-58; D. du Bruyn & M. Oelofse, "A hygienic native township shall be developed": The founding and development of Batho as Bloemfontein's "model location" (c.1918-1939), *Historia* 64(2), November 2019, p. 73; G. Baines, The New Brighton advisory board, c. 1923-1952: Its legitimacy and legacy, Paper presented at the fifth triennial History Workshop: Structure and experience in the making of apartheid, University of the Witwatersrand, February 1990, p. 8; C.J.P. le Roux, Rol van die Naturelle-adviesraad op plaaslike bestuursvlak in Bloemfontein, 1923-1948, *Contree* 25, April 1989, pp. 10-11; E. Hellmann & L. Abrahams (eds), *Handbook on race relations in South Africa*, p. 265; P.A. Linington, *Native administration in the Union of South Africa*, pp. 173, 178; R.D. Coertze, *Atteridgeville. 'n Stedelike Bantoewoonbuurt*, p. 291; L. Reyburn (compiler), *The urban African in local government: A study of the advisory board system and its operation*, pp. 2, 5-7; R.D. Coertze, *Die adviserende komiteestelsel en politieke organisasie soos aangetref in die stedelike gebied van Pretoria met besondere verwysing na toestande in Atteridgeville*, M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1958, pp. 94-95, 111-112; J. Robinson, Administrative strategies and political power in South Africa's black townships 1930-1960, *Urban Forum* 2(2), 1991, p. 69.


© University of Pretoria

Die Wet op Naturelleverteenwoordiging van 1936[144] het 'n verhoogde status, maar steeds nie werklike politieke mag en invloed nie, aan Swart Adviesrade verleen. Hiervolgens is Adviesrade in stemeenhede gegroepeer wat swart verteenwoordigers vir die Naturelle Verteenwoordigende Raad en blanke senatore kon verkies om swart belange in die Senaat te behartig.[145]

Wetgewingwysigings in 1944 en 1945[146] het die omstandighede waaronder en die sake waarin die Adviesrade geken moes word verder uitgebrei en het die raadplegende en finansiële bevoegdhede van die Rade aansienlik laat toeneem. Hiervolgens was die Rade gemagtig om nie net regulasies wat die swart stedelike inwoners geraak het nie, maar ook enige saak wat hulle binne die swart stedelike gebied en woonbuurt geraak en beïnvloed aan die stedelike plaaslike owerheid (nié die Superintendent van Lokasies nié) en die Minister van Naturellesake te rapporteer, natuurlik deur die korrekte administratiewe strukture en kanale te volg. Die Rade is ook gemagtig om die inisiatief te neem in die aanbevelings vir nuwe regulasies. Stedelike plaaslike owerhede is voorts verplig om die geskatte inkomstes en uitgawes van die Swart Inkomsterekening aan die Adviesrade vir oorweging en verslagdoening voor te lê voordat dit deur die stedelike plaaslike owerhede goedgekeur is. Stedelike plaaslike owerhede is ook wetlik verplig om oorweging aan die standpunt en verslae van die Adviesrade te gee. Hierdie bepaling het die algemene gebruik om nie eers die begroting van die Swart Inkomsterekening aan die Adviesrade beskikbaar te stel nie, onwettig verklaar. Ook die gebruik om nie Adviesrade daar te stel nie om samesprekings en raadpleging te vermy, was voortaan teen die wet. Die inkomste uit sorghumbier moes ook apart van die Swart Inkomsterekening bestuur word en kon slegs vir uitgawes relevant tot die vervaardiging, verkoop en lewering van bier betaal, asook vir die oprigting van maatskaplike en ontspanningsgeriewe vir stedelike swartes. Dit het Swart Adviesrade gemagtig om versoeke vir bogenoemde geriewe in te dien selfs al was daar nie fondse daarvoor in die Swart Inkomsterekening nie.[147]

Swart Adviesrade is onder meer daargestel om ten nouste met die Departemente van Naturellesake

---

144. Union of South Africa, *Representation of Natives Act (Act 12 of 1936)*.
145. C.J.P. le Roux, Rol van die Naturelle-adviesraad op plaaslike bestuursvlak in Bloemfontein, 1923-1948, *Contree* 25, April 1989, p. 11; G. Baines, The contradictions of community politics: The African petty bourgeoisie and the New Brighton Advisory Board c. 1937-1952, *Journal of African history* 35(1), 1994, p. 80; H.J. Simons, Some aspects of urban native administration, *Race Relations* 7(4), Fourth Quarter, 1940, p. 107; L. Reyburn (compiler), *The urban African in local government: A study of the advisory board system and its operation*, p. 4; R.D. Coertze, *Die adviserende komiteestelsel en politieke organisasie soos aangetref in die stedelike gebied van Pretoria met besondere verwysing na toestande in Atteridgeville*, M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1958, pp. 112-113.
146. Union of South Africa, *Native Laws Amendment Act (Act 36 of 1944)*; Union of South Africa, *Native (Urban Areas) Consolidation Act (Act 25 of 1945)*, Article 21, pp. 150, 152.
147. J.D.R. Jones, Native urban administration. The functions of native advisory boards, *Race Relations Journal* 13(2), May 1946, pp. 54-58; T.R.H. Davenport, The triumph of Colonel Stallard: The transformation of the *Natives (Urban Areas) Act* between 1923 and 1937, *South African Historical Journal* 2, November 1970, p. 79; G. Baines, The contradictions of community politics: The African petty bourgeoisie and the New Brighton Advisory Board c. 1937-1952, *Journal of African history* 35(1), 1994, p. 81; E. Hellmann & L. Abrahams (eds), *Handbook on race relations in South Africa*, p. 34; P.A. Linington, *Native administration in the Union of South Africa*, p. 173; R.D. Coertze, *Atteridgeville. 'n Stedelike Bantoewoonbuurt*, pp. 290-291; L. Reyburn (compiler), *The urban African in local government: A study of the advisory board system and its operation*, pp. 2-4.


© University of Pretoria

van die stedelike plaaslike owerhede saam te werk en kan as 'n baie eenvoudige en beperkte vorm van deelnemende en raadplegende regering beskou word. Hierdie rade het in hulle adviserende hoedanigheid 'n beperkte sê oor die bestuur en beheer van hulle "eie sake" gehad, maar het oor geen wetgewende en uitvoerende magte beskik nie. Die bedoeling van die wetsbepalings oor die raadplegingsfunksie was drieledig van aard, naamlik (i) sodat die stedelike swartes 'n groter aandeel in die bestuur van hulle woonbuurtes gehad het, en 'n sekere mate van keuse en sê gehad het oor die wetgewing en regulasies wat hulle en hulle algemene welsyn geraak het; (ii) die bevordering van opbouende en harmonieuse samewerking en gesprekvoering tussen stedelike swartes en plaaslike owerhede; en (iii) die bevestiging dat die menings van stedelike swartes van belang was en in ag geneem moes word. 'n Verdere belangrike funksie van hierdie rade was as spreekbuis en tussenganger tussen die swart inwoners en die stedelike plaaslike owerheid by monde van die blanke Superintendent van Lokasies. Die Swart Adviesrade het 'n verdere aanvullende en tussengangerfunksie vervul: in baie swart stedelike woonbuurtes het inwonerskomitees (*Vigilance Committees*) tot stand gekom uit verset teen die Swart Adviesrade (veral teen die nominering van lede) en hulle samewerking met die owerhede. Die Swart Adviesrade was soms in konflik met hierdie komitees, maar het ook kennis geneem van die sake wat inwoners aan hierdie komitees geopper het, en kon dit dan ook so aan die owerhede oordra. Dit het in 'n mate die twyfel wat by inwoners bestaan het of hulle ware griewe aan die owerhede oorgedra is, besweer. Die persepsie het bestaan dat die Swart Adviesraadslede nie altyd die ware toedrag van sake en griewe aan die blanke owerhede oorgedra het nie, maar eerder dit wat hulle, binne 'n paternalistiese konteks in onderdanigheid, veronderstel het die blanke owerhede wat hulle aangestel het, wou hoor.[148]

Die Suid-Afrikaanse Kongres van Lokasie-Adviesrade (*South African Location Advisory Boards Congress*) het in 1928 tot stand gekom. Hierdie liggaam het jaarliks vergader en is deur swart verteenwoordigers, munisipale amptenare en verteenwoordigers van die Departement van Naturellesake bygewoon. Tydens die kongres is brood-en-botter-kwessies bespreek, nie abstrakte politieke en ideologiese vraagstukke nie. Die ideologiese konteks was 'n gegewe en daar is gepoog om deur gesprekvoering, raadpleging, samewerking, ondersoeke en afvaardigings ten beste binne die

148. D. du Bruyn & M. Oelofse, "A hygienic native township shall be developed": The founding and development of Batho as Bloemfontein's "model location" (c.1918-1939), *Historia* 64(2), November 2019, p. 73; S.C. Sidzumo, Location advisory boards, *South African Outlook* 70, April 1940, p. 73; P.H. Gúenault, The African in local government, *Race Relations* 13(2), 1946, p. 38; J.D.R. Jones, Native urban administration. The functions of native advisory boards, *Race Relations Journal* 13(2), May 1946, p. 55; L. Manicom, Ruling relations: Rethinking state and gender in South African history, *Journal of African History* 33, 1992, p. 457; C.J.P. le Roux, Rol van die Naturelle-adviesraad op plaaslike bestuursvlak in Bloemfontein, 1923-1948, *Contree* 25, April 1989, pp. 5, 9; G. Baines, The contradictions of community politics: The African petty bourgeoisie and the New Brighton Advisory Board c. 1937-1952, *Journal of African history* 35(1), 1994, p. 88; E. Hellmann & L. Abrahams (eds), *Handbook on race relations in South Africa*, p. 265; H.J. Simons, Some aspects of urban native administration, *Race Relations* 7(4), Fourth Quarter, 1940, pp. 108-109; C. le Roux, J.R. Cooper as township manager of Mangaung at Bloemfontein 1923-1945, *Navorsinge van die Nasionale Museum Bloemfontein* 26(1), December 2010, pp. 16, 18.


© University of Pretoria

segregasieraamwerk te funksioneer.[149]

’n Groot nadeel, dog heel verstaanbare paternalistiese aspek van die Swart Adviesrade, was dat die *ex officio* voorsitter van hierdie rade ’n blanke[150] persoon kon wees en meestal inderdaad was. Blankes wat as voorsitters opgetree het, was lede van die munisipale Naturellesake Departement, munisipale raadslede, ander blankes wat deur die plaaslike owerhede genomineer is, en dan in die oorgrote meerderheid van gevalle, die Superintendent van Lokasies. Die rede hiervoor was waarskynlik geleë in die feit dat die Superintendent vanweë sy gesagsposisie, kennis, ondervinding en kundigheid deur die Stadsraad as ’n geskikte amptenaar geag is om as voorsitter op te tree. Voorts het hierdie stand van sake aan die Stadsraad direkte invloed en beheer verleen om op hoogte van sake te bly en (paternalistiese) beheer uit te oefen. Die oorwegende mening onder blanke plaaslike regerings was ook dat die gemiddelde Swart Adviesraadslid nie oor genoeg burgerlike verantwoordelikheid, ervaring, leierskap en kennis van administratiewe prosedures en openbare sake beskik het om as voorsitter op te tree nie. Die moontlikheid het ook bestaan dat ’n “verkeerde” (polities-gesproke) kandidaat as voorsitter verkies kon word wat samewerking in die wiele kon ry. As voorsitter was die Superintendent by magte om die vergaderings (en die besluite) grootliks te beheer, selfs te manipuleer, en kritiek teenoor hom as persoon in die kiem te smoor. Die meerderheid van die inwoners van swart stedelike woonbuurtes was egter van mening dat die feit dat die Superintendent van Lokasies as voorsitter opgetree het juis een van die grootste struikelblokke in die effektiewe funksionering van hierdie rade was. ’n Algemene gevoel was dat ’n blanke raadslid ’n beter, en meer objektiewe en onafhanklike, voorsitter sou wees.[151]

Die Swart Adviesraadslede het meestal uit die (manlike) leiers en elite onder die inwoners van swart

149 T.R.H. Davenport, African Townsmen? South African *Natives (Urban Areas)* legislation through the years, *African Affairs* 68(271), April 1969, pp. 108-109; C.J.P. le Roux, Rol van die Naturelle-adviesraad op plaaslike bestuursvlak in Bloemfontein, 1923-1948, *Contree* 25, April 1989, p. 7; C.J.P. le Roux, The role of T.M. Mapikela in the municipal administration of black affairs in Bloemfontein 1902-1945, *Historia* 42(2), November 1997, p. 72; H.J. Simons, Some aspects of urban native administration, *Race Relations* 7(4), Fourth Quarter, 1940, p. 111; L. Reyburn (compiler), *The urban African in local government: A study of the advisory board system and its operation*, pp. 25-26; I. Evans, *Bureaucracy and race. Native administration in South Africa*, p. 42.

150. Volgens Artikel 10 van die Naturelle-Stadsgebiedewet van 1923 kon die voorsitter blank of swart wees. Union of South Africa, *Native (Urban Areas) Act of 1923 (Act 21 of 1923)*, Article 10(1), p. 156.

151. P. Maylam, The rise and decline of urban apartheid in South Africa, *African Affairs* 89, 1990, p. 82; P. Maylam, *South Africa’s racial past: The history and historiography of racism, segregation and apartheid*, p. 161; P. Morris, *A history of black housing in South Africa*, p. 35; R. Davenport, Historical background of the apartheid city, *in* M. Swilling *et al.*, *The apartheid city in transition*, p. 7; A.L. Torr, Lamontville — Durban’s “model village”: The realities of township life, 1934-1960, *Journal of Natal and Zulu History* 10, 1987, pp. 104-105; C.J.P. le Roux, Rol van die Naturelle-adviesraad op plaaslike bestuursvlak in Bloemfontein, 1923-1948, *Contree* 25, April 1989, pp. 8, 11; E. Hellmann & L. Abrahams (eds), *Handbook on race relations in South Africa*, pp. 265-267; C.J.P. le Roux, The role of T.M. Mapikela in the municipal administration of black affairs in Bloemfontein 1902-1945, *Historia* 42(2), November 1997, pp. 73-74; P.B. Rich, Administrative ideology, urban social control and the origins of apartheid theory, 1930-1939, *Journal of African Studies* 7(2), Summer 1980, p. 76; H.J. Simons, Some aspects of urban native administration, *Race Relations* 7(4), Fourth Quarter, 1940, p. 107; L. Reyburn (compiler), *The urban African in local government: A study of the advisory board system and its operation*, pp. 29-30; R.D. Coertze, *Die adviserende komiteestelsel en politieke organisasie soos aangetref in die stedelike gebied van Pretoria met besondere verwysing na toestande in Atteridgeville*, M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1958, pp. 142-144; C. le Roux, J.R. Cooper as township manager of Mangaung at Bloemfontein 1923-1945, *Navorsinge van die Nasionale Museum Bloemfontein* 26(1), December 2010, p. 19.



© University of Pretoria

stedelike woonbuurtes bestaan wat die belange van die swart middelklas verteenwoordig het. Swart onderwysers is egter ingevolge staatsdiensregulasies verbied om hulle verkiesbaar te stel; ook swart persone wat in diens van die munisipale owerheid was, kon nie in die Swart Adviesrade dien nie. Die redes vir laasgenoemde besluit was dat munisipale owerhede nie geneë daarmee was dat werknemers hulle besluite bevraagteken nie; en werknemers sou binne die heersende paternalistiese en patriargale gesagstruktuur ook nie geneig wees om hulle "base" of werkgewers te kritiseer nie.[152]

In die afwesigheid van wesenlike politieke, wetgewende, administratiewe en finansiële regte en verteenwoordiging op enige regeringsvlak, en ten spyte van die inherente probleem van lidmaatskap, het hierdie rade 'n mate van seggenskap en uiting van swart frustrasies en ontevredenheid met hulle situasie verskaf. Die Raadslede het inderdaad net advies verskaf, het daarom weinig gesag of seggenskap én verantwoordelikheid gehad, en is dikwels as regeringsmeelopers, -marionette en segregasie-ondersteuners uitgekryt, met die gepaardgaande gebrek aan inwonersrespek, veral ook omdat deel van hulle funksies en pligte was om te help om (segregasionistiese) wet, orde en beheer in swart stedelike woonbuurtes te handhaaf. In die grootste meerderheid van die swart stedelike woonbuurtes het die Swart Adviesrade as 'n effektiewe administratiewe en verteenwoordigingstelsel grootliks misluk en was die rade as't ware wanfunksionerend. Swart Adviesraadslede is met 'n groot mate van agterdog, wantroue en vyandigheid deur die meerderheid van die inwoners bejeën en dit het in boikotoptrede tydens Swart Adviesraadsverkiesings en baie lae stempersentasies tot uiting gekom. Daar was ook geen verpligting dat daar aan die advies — meermale kritiek, veral teenoor die optrede van blanke amptenare — van hierdie rade gehoor gegee moes word nie. In die oorgrote meerderheid van gevalle is die advies, versoeke en aanbevelings van hierdie rade konsekwent en op reëlmatige wyse deur die owerhede geweier en geïgnoreer, sonder behoorlike redes vir die rede vir sodanige besluite. Indien hulle advies en voorstelle wel deur die plaaslike regering aanvaar is, het dit meestal, as gevolg van die administratiewe rompslomp om toestemming by die sentrale regering vir voorstelle te verkry, baie lank geneem om in die praktyk te realiseer. Dit het frustrasievlakke en gevoelens van magteloosheid, moedeloosheid, futiliteit en apatie verhoog. Dikwels was hierdie rade eerder 'n amptelike forum waar Raadslede aan die griewe en wense van die inwoners uiting kon gee, en is dit bloot as "talking shops" beskou. Tog het hulle as verteenwoordigers van inwonersbelange opgetree en gepoog om verantwoordelike en regverdige advies, kritiek en voorstelle oor behuising, noodsaaklike dienste, fasiliteite en lone deur te gee; hulle het 'n rol gespeel in konflikhantering en -oplossing, die handhawing van vrede, orde en goeie gedrag in die woonbuurtes; hulle het samewerkende verhoudinge met blanke administrateurs en liberale filantrope aangeknoop; en op

152. E. Hellmann & L. Abrahams (eds), *Handbook on race relations in South Africa*, p. 266; R. Geyer, Die Marabastadonluste van 28 Desember 1942, *Militaria* 26(1), 1996, p. 55; L. Reyburn (compiler), *The urban African in local government: A study of the advisory board system and its operation*, p. 3.



© University of Pretoria

hierdie wyses 'n sekere mate van toegewings bewerkstellig.[153]

## 4. Slot

Die administrasie van swart stedelike woonbuurtes moes teoreties met absolute en outoritêre patriargaal-gegrondvesde en paternalisties-geïnterpreteerde plaaslike regeringsgesag en -mag gepaardgegaan het. Hierdie "model"-gesagsituasie kan as deel van die modernistiese strewe na 'n rasionele, effektiewe en gestruktureerde maatskaplike orde beskou word. Binne die Suid-Afrikaanse konteks het dit dan ook 'n gestruktureerde dog diskriminerende, onderdrukkende en paternalistiese maatskaplik-sosiale en politieke *rasse*-orde en beheer behels, dikwels onder die liberale voorwendsel van openbare gesondheid en veiligheid; swart kulturele beskerming, opheffing en welsyn; en administratiewe rasionalisasie.[154]

Desnieteenstaande het die praktiese neerslag van die administratiewe beleid en die toepassing daarvan deur die betrokke amptenare nie altyd in 'n rigiede en vaste patroon (en in totale ooreenstemming met die letter van die wet) tot uiting gekom nie. Die teoretiese "model" van sistematiese en totale beheer en dissipline het dus <u>nie</u> gerealiseer <u>nie</u>; die realiteit was 'n oneffektiewe en ongekoördineerde swart

---

153. B. Bozzoli, From governability to ungovernability: Race, class and authority in South Africa's black cities, Paper presented at the Institute for Advanced Social Research, University of the Witwatersrand, March 1996, p. 7; R. Haines & G. Buijs (eds), *The struggle for social and economic space: Urbanization in twentieth century South Africa.* Institute for Social and Economic Research. Special publication number 3, p. 57; P. Maylam, The rise and decline of urban apartheid in South Africa, *African Affairs* 89, 1990, p. 67; I.O.H.M. Mapena, *Policy for urban blacks in the Republic of South Africa*, p. 7; P. Morris, *A history of black housing in South Africa*, p. 35; R.M. Ralinala, *Urban apartheid and African responses: Aspects of life in Mamelodi township, 1953-1990*, Ph.D. Thesis, University of Cape Town, 2002, p. 39; P. Maylam, Explaining the apartheid city: 20 years of South African urban historiography, *Journal of Southern African Studies* 21(1), Special issue: Urban studies and urban change in Southern Africa, March 1995, p. 32; P. Maylam, *South Africa's racial past: The history and historiography of racism, segregation and apartheid*, pp. 161-162; L.I. Venables, The relations of a municipality with its African people, *Race Relations* 13(2), 1946, pp. 51-52; E.A. Havemann, Principles underlying urban native administration in the Union, *Race Relations* 18(1), 1951, p. 14; H.J. Simons, The claims of the African in municipal government, *Race Relations* 13(2), 1946, pp. 42-47; J.D.R. Jones, Native urban administration. The functions of native advisory boards, *Race Relations Journal* 13(2), May 1946, pp. 56, 58; R. Davenport, Historical background of the apartheid city, *in* M. Swilling *et al.*, *The apartheid city in transition*, p. 7; B. Spence, The problem of the location. A report on housing conditions in ten Transvaal locations, *South African Architectural Record* 28, February 1943, p. 27; T.R.H. Davenport, African Townsmen? South African *Natives (Urban Areas)* legislation through the years, *African Affairs* 68(271), April 1969, p. 99; C.J.P. le Roux, Rol van die Naturelle-adviesraad op plaaslike bestuursvlak in Bloemfontein, 1923-1948, *Contree* 25, April 1989, pp. 5-7, 9-11; G. Baines, The contradictions of community politics: The African petty bourgeoisie and the New Brighton Advisory Board c. 1937-1952, *Journal of African history* 35(1), 1994, pp. 79, 81, 97; E. Hellmann & L. Abrahams (eds), *Handbook on race relations in South Africa*, p. 266; C.J.P. le Roux, The role of T.M. Mapikela in the municipal administration of black affairs in Bloemfontein 1902-1945, *Historia* 42(2), November 1997, p. 73; H.J. Simons, Some aspects of urban native administration, *Race Relations* 7(4), Fourth Quarter, 1940, pp. 109-110; L. Reyburn (compiler), *The urban African in local government: A study of the advisory board system and its operation*, pp. 29, 34, 41; R.D. Coertze, *Die adviserende komiteestelsel en politieke organisasie soos aangetref in die stedelike gebied van Pretoria met besondere verwysing na toestande in Atteridgeville*, M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1958, pp. 142-144; C. le Roux, J.R. Cooper as township manager of Mangaung at Bloemfontein 1923-1945, *Navorsinge van die Nasionale Museum Bloemfontein* 26(1), December 2010, pp. 16-18; J. Robinson, *The power of apartheid: State, power and space in South African cities*, p. 107.

154. M.W. Swanson The joy of proximity. The rise of Claremont, *in* P. Maylam, & I. Edwards (eds), *The people's city: African life in twentieth-century*, pp. 296-297; J. Robinson, "Progressive Port Elizabeth": Liberal politics, local economic development and the territorial basis of racial domination, 1923-1935, *GeoJournal* 22(3), 1990, pp. 297, 300; L. Manicom, Ruling relations: Rethinking state and gender in South African history, *Journal of African History* 33, 1992, p. 457; I. Evans, *Bureaucracy and race. Native administration in South Africa*, pp. 284-285.



© University of Pretoria

stedelike administrasie. Die politieke wetenskaplike Atkinson en die sosioloog Ian Evans verskaf logiese en tydsgebaseerde kontekstuele en konseptuele verduidelikings vir hierdie diskrepansie. Atkinson voer dit terug na hoe die amptenare wat die beleid moes toepas daaroor gedink het en die praktiese gevolge van die beleid met hulle normatiewe patriargale etiek en etos van wat as aanvaarbaar en eerbaar beskou kon word, probeer versoen het. Die grootste rede vir die inkonsekwente toepassing van die beleid, volgens Atkinson en Evans, was geleë in die inherente teenstrydighede van en ideologiese spanning in die segregasiebeleid wat gebaseer was op die idee van "tydelike swart stedelinge", dog is amptenare met die realiteit van 'n toenemende permanente swart verstedeliking op 'n daaglikse basis gekonfronteer. Plaaslike amptenare is gemagtig (en dus verplig) om beheerregulasies met nasionale implikasies toe te pas. Die Superintendente van Lokasies, as verteenwoordigers van die stads-"vaders", was daagliks in noue kontak met die inwoners van swart stedelike woonbuurtes. Hulle moes 'n baie moeilike weg baan tussen hulle plig om die realiteitsontkennende (en soms gewetenlose) letter van die wet af te dwing en die gewetensgetroue humanitêre toepassing daarvan op 'n persoon van vlees en bloed, wat hulle op grond van hulle amp binne die politieke bestel moes beskaaf, beheer, ontwikkel en beskerm. Vir baie amptenare was dit moreel-eties eerbaarder om sekere wetsbepaling nie toe te pas nie. 'n Sprekende voorbeeld hiervan is Smit se ingesteldheid teenoor die "ontoepasbare" paswette en arbeidsensusse wat die beeld van amptenare as goedhartige, simpatieke paternaliste en "beskermers" van swart stedelinge ernstig geskaad het.[155]

Evans verskaf drie verdere verklarings vir die oneffektiewe (selfs chaotiese) beleidstoepassing deur administrateurs, naamlik die gesags- en outonomiteitsonsekerheid en -spanning tussen die nasionale Departement (ingevolge die Unie Grondwet van 1910) en stedelike plaaslike owerhede (ingevolge die Naturelle Stadsgebiedewet van 1923); die afwesigheid van ervaring in en erns met stedelike administrasie vanweë die fokus op die administrasie van plattelandse swart gebiede en reservate; en die feitlik totale afwesigheid van enige empiriese en statistiese data en inligting (stedelike bevolkingsgetalle; werkloosheidsyfers; instromings- en uitstromingskoerse) wat uiters noodsaaklik vir effektiewe gesentraliseerde en gekoördineerde administrasie en beleidstoepassing was.[156]

Die praktiese toepassing van die beleid op die beginsels van paternalistiese welsyn en beheer is nooit as "amptelike" swart stedelike administrasiebeleid en doktrine verwoord nie. Munisipale amptenare

155. D. Atkinson, Patriarchalism and paternalism in South African "native administration" in the 1950s, *Historia* 54(1), May 2009, pp. 262-263, 265, 267-272, 275, 279-280; C. le Roux, J.R. Cooper as township manager of Mangaung at Bloemfontein 1923-1945, *Navorsinge van die Nasionale Museum Bloemfontein* 26(1), December 2010, pp. 15, 31; I. Evans, *Bureaucracy and race. Native administration in South Africa*, pp. 2, 25-29, 31, 34-35, 48-50, 55; J. Robinson, Administrative strategies and political power in South Africa's black townships 1930-1960, *Urban Forum* 2(2), 1991, p. 70; J. Robinson, *The power of apartheid: State, power and space in South African cities*, pp. 28, 32-34, 42, 62.
156. I. Evans, *Bureaucracy and race. Native administration in South Africa*, pp. 48-50.


© University of Pretoria

was gewoonlik besige, praktiese mans, nie politici en filosowe nie. Hulle tyd is verswelg deur administrasie, die daarstelling van behuising, en die ewige bekommernis oor en balanseertoertjies om genoegsame finansies te verkry. Vir hulle was hulle toepassing van paternalisme

> a rather muddled guiding ethos, partly coercive, partly humane, often contradictory, which at least allowed it proponents some sense of moral decency, while fighting a hopeless battle to improve the increasingly squalid township conditions.[157]

Evans bespreek drie verwante ontwikkelinge wat daartoe gelei het dat paternalisme reeds voor die 1950's binne die konteks van swart stedelike administrasie begin verdwyn het, naamlik die (onpersoonlike) burokratiese modernisering en rasionalisering van die staat; veranderinge in die swart arbeidsmark; en die toenemende swart verset teen segregasie (en dus ook die paternalistiese toepassing daarvan).[158] Sy argumente blyk teoreties logies en korrek te wees; of dit so in die praktyk gerealiseer het en op watter tydstip dit gebeur het, is debatteerbaar en te bevraagteken.

Dit sou eers onder die leierskap van Hendrik Verwoerd teen die einde van die 1950's en in die 1960's wees dat die politiek-administratiewe "model"- en gesentraliseerde bloudruk in alle erns in sy totaliteit sou realiseer met konseptuele helderheid en eensgesindheid; ideologiese beslistheid, presisie, meedoënloosheid en konsekwentheid; en (wet en) orde bowenal. Die etos van inagnemende paternalisme en geleidelike inskakeling ("gradualism") van stedelike swartes by blanke instellinge moes uitgeroei word[159] en die "burokratiese Aspoestertjies" moes plek maak vir professionele stedelike administrateurs (blote rubberstempels van die beleid, sonder diskresie en afwyking) wat in hulle optrede en wetstoepassing nie as "liberale" paternalistiese "vaders", "vriende" of "beskermers" gesien moes word nie.

157. D. Atkinson, Patriarchalism and paternalism in South African "native administration" in the 1950s, *Historia* 54(1), May 2009, p. 277.
158. I. Evans, *Bureaucracy and race. Native administration in South Africa*, pp. 284-291.
159. D. Atkinson, Patriarchalism and paternalism in South African "native administration" in the 1950s, *Historia* 54(1), May 2009, p. 271; I. Evans, *Bureaucracy and race. Native administration in South Africa*, pp. 3, 9-11, 15, 56-58, 63-69, 78, 84-86, 103, 108, 284-291, 293-296; J. Robinson, Administrative strategies and political power in South Africa's black townships 1930-1960, *Urban Forum* 2(2), 1991, p. 73.


© University of Pretoria

# V BELEIDS- EN WETGEWENDE GRONDSLAG: SWART STEDELIKE BEHUISINGSVERSKAFFING IN SUID-AFRIKA, *CA*. 1900's-1940's

Gedurende die eerste helfte van die 20ste eeu het verskeie faktore die verskaffing van behuising aan stedelike swartes beïnvloed en bepaal, onder meer die beleid van segregasie met sy klem op blanke bevoorregting en die blanke ekonomiese behoefte aan goedkoop swart arbeid; die ontkenning van die toenemend permanente aard van swart verstedeliking (die tydelikheidsbeginsel); en die koste en bekostigbaarheid van swart stedelike behuising, tesame met die ekonomiese eise wat met die land se deelname aan die Tweede Wêreldoorlog (1939-1945) gepaardgegaan het. Hierdie faktore is reeds in 'n voorafgaande hoofstuk aangeraak.[1]

In hierdie hoofstuk is die klem op die neerslag, uitkristallisering, en toepassing van die reeds bespreekte kontekste en konsepte in beleid en wetgewing wat met stedelike swartes en hulle woonbuurtuitlegte en behuisingsverskaffing verband hou. Die dualistiese segregasiebeleid en wetgewing wat die toelating van swartes tot stedelike gebiede, swart stedelike woonbuurtbeplanning en -uitleg, behuisingstoestande en -verskaffing bepaal en beïnvloed het, sal vervolgens ontleed word.

## 1. Die dualistiese, buigsame en aanpasbare segregasiebeleid

Die segregasie<u>konsep</u> of -<u>ideologie</u> met sy ideale, idees en beginsels het gedurende die eerste helfte van die 20ste eeu stelselmatig in die segregasie<u>beleid</u> neerslag gevind. Die segregasiebeleid het 'n nasionale politieke en wetlike program of raamwerk van optrede vir die praktyk en dag-tot-dag funksionering van die nuut-verenigde Uniestaat (1910) verskaf ten einde blanke mag en oorheersing in die heterogene samelewing deur beheermaatreëls te bewerkstellig.[2] Soos reeds in die vorige hoofstuk aangedui is, is die segregasiebeleid deur 'n dubbelslagtigheid, 'n teenstrydige dualisme, gekenmerk waar die praktiese toepassing van die beleid tussen onderdrukking en opheffing beweeg het.

Die segregasiebeleid was nie net dualisties in sy praktiese neerslag en toepassing nie, maar ook buigsaam (sélfs fundamenteel teenstrydig en wanfunksionerend) en aanpasbaar by die behoeftes van blankes en die Suid-Afrikaanse ekonomie. In hierdie verband tref die filosoof, prominente liberale denker, en eens voorsitter van die Instituut vir Rasseverhoudinge, Alfred Hoernlé (1880-1943) 'n

1. **Kyk Hoofstuk I vir 'n bespreking en ontleding van hierdie faktore.**
2. S. Dubow, *Racial segregation and the origins of apartheid in South Africa, 1919-1936*, pp. 1, 39; M.W. Swanson, The sanitation syndrome: Bubonic plague and urban native policy in the Cape Colony, 1900-1909, *Journal of African History* 18(3), 1977, p. 394.



© University of Pretoria

onderskeid tussen ’n beleid van “segregasie” en ’n beleid van “skeiding”. Hiervolgens kan “segregasie” ten beste toegepas word in ’n veelrassige kastegemeenskap of geïntegreerde situasie soos die Suid-Afrikaanse stedelike gebiede. In hierdie gebiede word die regte van die bevoorregte (blanke) groep (dikwels ’n minderheid) deur wetgewing beskerm en hulle bevoordeel ten koste van die regte van en diskriminerend teenoor ander (swart) groepe (dikwels ’n meerderheid). Daarteenoor kan “skeiding”, wat deel van die segregasiebeleid was, ten beste toegepas word wanneer verskillende (rasse)-groepe in hulle eie (geografies-geskeide) territoriale gebiede geplaas word. Binne die eie gebiede (reservate en later tuislande) sou elke groep gelyke regte geniet. Segregasie het later in “klein” apartheid neerslag gevind en skeiding in “groot” apartheid. Uit hierdie definisies blyk die grootste teenstrydigheid duidelik: indien dit noodsaaklik was vir die blankes en die land se ekonomie mag die teenpool van segregasie — integrasie — binne sekere sfere, soos die ekonomie en stedelike gebiede, toegelaat word met die voorbehoud dat die blanke minderheid binne sodanige situasies wetlik teen swart indringing en mededinging beskerm sou word. Die paswette, instromingsbeheermaatreëls, en kleurslagboomwetgewing tesame met die aanhang van die realiteitsontkennende “tydelikheidsbeginsel” van swart verstedeliking en swart stedelinge, het deel van hierdie “beskerming” (éérder diskriminasie) uitgemaak.[3] Maylam verwys na hierdie situasie as sowel die “essential objective” as die “fundamental contradiction” van stedelike segregasie met as doel “attaining the unattainable: the securing of labour-power without [the permanent and continued physical presence and threat of black] labourers”.[4]

Die tweeslagtige, dikwels teenstrydige, praktiese uitvloeisels van die segregasiebeleid het nie net die intensiteitsverskille tussen die ondersteuners en uitvoerders daarvan en die aanhang van ekonomiese integrasie tot voordeel van blankes behels nie. Die fisiese beliggaming van die segregasiebeleid aan die hand van territoriale en woonbuurtskeiding het ook kenmerke van dualisme, teenstrydigheid, buigsaamheid en aanpasbaarheid by praktiese realiteite openbaar. Die sanitasie-sindroom met sy verwydering van “a group of people from the urban fabric to a location beyond the urban area”[5] wat dan “racial ‘infections’ from the social body”[6] uit die weg geruim het, het in beleid neerslag gevind. Swart stedelike woonbuurtes moes ver genoeg van blanke stedelike gebiede opgerig word om nie ’n “gesondheidsgevaar” in te hou nie. Die *Naturellen (Stadsgebieden) Wet van 1923*[7] en die *Slumswet van*

3. T.R.H. Davenport, *South Africa: A modern history*. Third Edition, pp. 541-543; S. Dubow, *Racial segregation and the origins of apartheid in South Africa, 1919-1936*, pp. 9, 27-29; P. Maylam, The rise and decline of urban apartheid in South Africa, *African Affairs* 89, 1990, p. 57; P. Maylam, Explaining the apartheid city: 20 years of South African urban historiography, *Journal of Southern African Studies* 21(1), Special issue: Urban studies and urban change in Southern Africa, March 1995, p. 34.
4. P. Maylam, The rise and decline of urban apartheid in South Africa, *African Affairs* 89, 1990, p. 57.
5. K.S.O. Beavon, Black townships in South Africa: *Terra incognita* for urban geographers, *South African Geographical Journal* 64(1), 1982, p. 7.
6. M.W. Swanson, Reflections on the urban history of South Africa: Some problems and possibilities, with special reference to Durban, *in* H.L. Watts (ed.), *Focus on cities*, p. 147.
7. Unie van Suid-Afrika, *Naturellen (Stadsgebieden) Wet van 1923 (Wet 21 van 1923)* (Kaapstad, 1923).



© University of Pretoria

*1934*[8] het dit moontlik gemaak om swartes uit stedelike krotbuurtes te verwyder; woonbuurtskeiding toe te pas; en blanke "openbare gesondheid" te verseker, mits dit finansieel moontlik was.[9] Hierdie "skeidings"-komponent van die beleid het egter die "segregasie"-komponent binne die geïntegreerde stedelike ekonomie gedwarsboom: swart werkers moes steeds naby genoeg aan die werkplek gehuisves word sodat die behoefte aan goedkoop arbeid vervul kon word. Voorts het geïntegreerde werksplekke blanke kiesers en beleidmakers ook spoedig laat besef dat die "gesondheidsgevaar" steeds in hulle midde was. Dit was inderdaad so dat die voortdurende aanwesigheid van swart werkers in blanke huise en werkplekke die veronderstelde gesondheidsvoordele van skeiding weerspreek het. Die bogenoemde 1923-wet het dan ook bepalings bevat vir die verbetering van sanitasie en higiëne, en die regulering van verblyf in swart stedelike woonbuurtes.[10]

Die ligging (plek) van swart stedelike woonbuurtes en die relatiewe lokaliteit (die ligging in tyd en plek en in verhouding relatief tot ander plekke, hetsy positief of negatief)[11] van hierdie woonbuurtes het 'n verdere dualisme openbaar. Die plasing van swart stedelike woonbuurtes het veral die beheer- en magskomponent van die segregasiebeleid beliggaam. Binne die moderniteitsparadigma is die beheer (sélfs manipulasie) van en oor gedeeltes van die bevolking (beide in 'n ras- en klasonderskeid) vooropgestel wanneer "model"-woonbuurtes opgerig is. Robinson verwys hierna as die blanke regering se "location strategy" — "a form of territoriality and segregation ("a particular territorial strategy")[12] with an associated administrative apparatus and an internally ordered, regimented environment"[13] — waar "location" 'n dubbele betekenis inhou van beide "ligging/lokaliteit" en "lokasie"/swart woonbuurt. Hiervolgens het die plasing/ligging (plek) van die swart stedelike woonbuurt alles met mag, beheer en toesig oor en bestuur, monitering, en polisiëring van die swart stedelike bevolking (werkersklas) te make gehad en hulle posisie (lokaliteit) relatief tot ander plekke, veral dan die werksplek. Ligging is dus as 'n regeringsbeheermeganisme, -strategie en -metode gebruik. Hierdie regeringsbeheer oor die swart stedelike bevolking was nodig én noodsaaklik as

8. Unie van Suid-Afrika, *Slumswet van 1934 (Wet 53 van 1934)* (Kaapstad, 1934).
9. A. Mabin, Origins of segregatory urban planning in South Africa, c. 1900-1940, *Planning History* 13(3), 1991, p. 9; S. Parnell, Racial segregation in Johannesburg: The *Slums Act*, 1934-1939, *The South African Geographical Journal* 70(2), September 1988, p. 114.
10. W. Beinart, *Twentieth-century South Africa*, p. 74; A. Wessels & M.E. Wentzel, *Die invloed van relevante kommissieverslae sedert Uniewording op regeringsbeleid ten opsigte van swart verstedeliking en streekontwikkeling*, pp. xi, 24, 60; J.P.C. Mostert, *Die politieke, maatskaplike en ekonomiese implikasies van die swart verstedeliking in Suid-Afrika, 1939-1948*, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1985, pp. 194-195; P. Smit & J.J. Booysen, *Swart verstedeliking. Proses, patroon en strategie*, p. 74; N. Worden, *The making of modern South Africa: Conquest, segregation and apartheid*, p. 43; D. Oakes (ed.), *Reader's Digest illustrated history of South Africa. The real story*, p. 317; B.S. van As, *Stedelike naturellebehuising in Wes-Kaapland I*, M.A.-verhandeling, Universiteit van Stellenbosch, 1955, pp. 3-4; J.S. Allison, Urban native legislation, *Race Relations* 7(4), November 1940, p. 56; E. Hellmann & L. Abrahams (eds), *Handbook on race relations in South Africa*, p. 233; P. Morris, *A history of black housing in South Africa*, p. 18; A.L. Mabogunje, Urban planning and the post-colonial state in Africa: A research overview, *African Studies Review* 33(2), September 1990, pp. 128, 138-139, 153.
11. B. Goodall, *The Penguin dictionary of human geography*, pp. 275-276.
12. J. Robinson, "A perfect system of control?" State power and "native locations" in South Africa, *Environment and Planning D: Society and Space* 8(2), 1990, p. 136.
13. J. Robinson, "A perfect system of control?" State power and "native locations" in South Africa, *Environment and Planning D: Society and Space* 8(2), 1990, p. 167.



© University of Pretoria

gevolg van die samevloeiing van gesondheids-/higiëniese, rasse-, morele, politieke en ekonomiese vrese, histerie, paniek, probleme, kragte, prosesse en tendense.[14] Die ligging het skeiding beliggaam, maar die lokaliteit, die afstand tussen woon- en werkplek met die gepaardgaande vervoerkoste uit die sak van die swart werker, het die beginsel van beskikbare goedkoop swart arbeid teengewerk. Gordon Pirie laat hom soos volg hieroor uit:

> The harsh reality of transport costs in segregated cities brought a piercing light to bear on ... [the] ideological conundrum of how far apart should be. The answer was only as far as could be afforded by those who wished for apartness, or those on whom it was imposed.[15]

Dit was werklik ’n balanseertoertjie tussen beheer oor en skeiding van die werkersklas aan die een kant en die beskikbaarheid van ’n bekostigbare werkersklas aan die ander kant.

Volgens Dubow kan die “sukses” wat die Suid-Afrikaanse regering vir meer as dertig jaar met die segregasiebeleid by die stembus onder blanke kiesers — van meer konserwatiewe tot meer liberale ondersteuners van die beleid — behaal het, juis aan die dualistiese, buigsame, aanpasbare én blank-inklusiewe aard van die beleid toegeskryf word. Die weersprekende, selfs verwarrende, inherente kwaliteite van die ideologie en die beleid wat tot voordeel van blankes in die praktyk tot uiting gekom het, kan as die beleid se grootste sterkpunt en “prestasie” beskou word. Die beleid is juis ondersteun omdat dit so buigsaam en aanpasbaar was by die behoeftes en vrese van die beleid se soms uiteenlopende ondersteuners — die blanke boere op die platteland; die blanke myn- en nywerheidskapitaliste; en die ongeskoolde armblankes.[16] Die politieke ideologiese retoriek van blanke politieke en ekonomiese bevoorregting en beskerming het aanvanklik met die realiteit en noodsaaklikheid van swart arbeid binne die geïntegreerde ekonomiese situasie ineengevloei. Gaandeweg het die getalle-oorwig en impak van swart verstedeliking die ideologiese retoriek en die realiteitsontkenning van die segregasiebeleid al hoe meer onversoenbaar met mekaar gemaak.[17] Terwyl die teenstrydige en aanpasbare kwaliteite van die beleid die ondersteuners daarvan gepas het, het dit egter in die praktyk tot verwarring, onsekerheid, onregverdigheid en lakse toepassing van

---

14. J. Robinson, “A perfect system of control?” State power and “native locations” in South Africa, *Environment and Planning D: Society and Space* 8(2), 1990, pp. 135-136, 140,149-152, 155, 157-158; J. Robinson, The politics of urban form: Differential citizenship and township formation in Port Elizabeth 1925-1945, *Kronos: Journal of Cape History* 20, November 1993, pp. 44-45, 56-57, 65; J. Robinson, *The power of apartheid: State, power and space in South African cities*, pp. 1-9, 30-57; J. Robinson, “Progressive Port Elizabeth”: Liberal politics, local economic development and the territorial basis of racial domination, 1923-1935, *GeoJournal* 22(3), 1990, pp. 293, 300-302; S.M. Malinga, *The establishments of black townships in South Africa with particular reference to the establishment of Daveyton township on the East Rand*, M.A. Mini-Dissertation, Rand Afrikaans University, 1997, p. 15; P. Maylam, Explaining the apartheid city: 20 years of South African urban historiography, *Journal of Southern African Studies* 21(1), Special issue: Urban studies and urban change in Southern Africa, March 1995, p. 24.
15. G.H. Pirie, African township railways and the South African state, 1902-1963, *Journal of Historical Geography* 13(3), July 1987, p. 293.
Beklemtoning deur myself.
Kyk ook P. Maylam, The rise and decline of urban apartheid in South Africa, *African Affairs* 89, 1990, pp. 78-79.
16. S. Dubow, *Racial segregation and the origins of apartheid in South Africa, 1919-1936*, pp. 1, 3, 6, 9, 14, 24, 26, 36, 43; P. Maylam, *South Africa’s racial past: The history and historiography of racism, segregation and apartheid*, p. 152.
17. A.J. Christopher, Roots of urban segregation: South Africa at Union, 1910, *Journal of Historical Geography* 14(2), 1988, p. 168; B. Freund, *The African city: A history*, p. 109.



© University of Pretoria

wetlike bepalings aanleiding gegee. Hierdie aspekte word vervolgens ondersoek.

## 2. Wetsbepalings wat swart stedelike behuisingsbeleid en -verskaffing bepaal en gerig het[18]

Die reeds bespreekte kontekstuele en konseptuele gedagterigtings en die aard van die segregasiebeleid het die ontwerp, inhoud en aanvaarding van wetgewing, regulasies, en ander verordeninge en meganismes[19] en die praktiese toepassing daarvan in 'n mindere of meerdere mate beïnvloed. Voor die aanvaarding van die *Naturellen (Stadsgebieden) Wet van 1923* (die voortspruitende wysigings in 1930, 1934, 1937, 1941, 1942, 1944 en die konsolidasie van wysigings in 1945 met die *Naturelle (Stadsgebiede)-Konsolidasiewet* met verdere wysigings in 1945, 1946 en 1947)[20] was dit die *Volksgezondheidswet van 1919*[21] en die *Woningswet van 1920* (soos gewysig in 1925, 1930, 1934, 1936, 1937, 1943, 1944, 1945 en 1948)[22] wat gebruik is om behuisingstoestande binne stedelike gebiede rasgebaseerd en gesegregeerd te beheer en te bepaal. Selfs die *Slumswet van 1934*,[23] wat in wese en inhoud nie-rassig was, het die behuisingstoestande van stedelike swartes oorwegend negatief beïnvloed.[24] Bogenoemde wetgewing het teoreties die moontlikheid van die daarstelling van aanvaarbare behuising vir alle stedelinge beliggaam. Die wetgewing is egter binne die segregasieraamwerk met die klem op blanke bevoorregting en die handhawing van 'n bepaalde maatskaplike rassebestel tot nadeel van swart stedelinge toegepas. Finansiële en behuisingsverskaffingsrealiteite het dikwels nie met die letter van die wet ooreengestem nie. Tekorte as gevolg van finansiële segregasie en behuisingsverskaffingsprobleme was in die meerderheid van

---

18. Hierdie onderwerp word breedvoerig in die volgende artikel en miniverhandeling bespreek:
K. Sevenhuysen, Owerheidsbeheer en -wetgewing rakende stedelike swart behuising voor en gedurende die Tweede Wêreldoorlog, *Historia* 40(1), Mei 1995, pp. 98-105; K. Sevenhuysen, *Swart stedelike behuisingsverskaffing in Suid-Afrika, ca. 1900-1948: ekonomiese en ideologiese werklikhede*, M.A.-miniverhandeling, Universiteit van Pretoria, 2001, pp. 17-46, 64-73, 79-94.
19. P. Maylam, Explaining the apartheid city: 20 years of South African urban historiography, *Journal of Southern African Studies* 21(1), Special issue: Urban studies and urban change in Southern Africa, March 1995, p. 27.
20. Unie van Suid-Afrika, *Naturellen (Stadsgebieden) Wet van 1923 (Wet 21 van 1923)*. Die volgende wetswysigings en konsolidasie word bespreek: Unie van Suid-Afrika, *Naturelle (Stadsgebiede) Wet, 1923, Wysigingswet* van *1930 (Wet 25 van 1930)* (Kaapstad, 1930); Unie van Suid-Afrika, *Wet tot Wysiging van die Wette op Naturelle van 1937 (Wet 46 van 1937)* (Kaapstad, 1937); Unie van Suid-Afrika, *Naturelle (Stadsgebiede)-Konsolidasiewet (Wet 25 van 1945)*.
21. Unie van Suid-Afrika, *Volksgezondheidswet van 1919 (Wet 36 van 1919)* (Kaapstad, 1919).
22. Unie van Suid-Afrika, *Woningswet van 1920 (Wet 35 van 1920)* (Kaapstad, 1920). Die volgende wetswysigings word na verwys of bespreek: Unie van Suid-Afrika, *Behuising (Wysigings) Wet (Wet 68 van 1934)* (Kaapstad, 1934); Unie van Suid-Afrika, *Behuising Wysigingswet (Wet 31 van 1936)*, Kaapstad, 1936; Unie van Suid-Afrika, *Behuising Wysigingswet (Wet 49 van 1944)* (Kaapstad, 1944); Unie van Suid-Afrika, *Behuising (Noodmagte) Wet (Wet 45 van 1945)* (Kaapstad, 1945).
23. Unie van Suid-Afrika, *Slumswet van 1934 (Wet 53 van 1934)* (Kaapstad, 1934).
24. P. Maylam, Explaining the apartheid city: 20 years of South African urban historiography, *Journal of Southern African Studies* 21(1), Special issue: Urban studies and urban change in Southern Africa, March 1995, pp. 27-28; I. du Plessis, Johannesburg's "model white housing scheme" in the civic social imaginary: The genesis of a white Afrikaner welfarist node, 1933-1937, *Historia* 61(2), November 2016, p. 5; S.B. Myers, The contribution made by garden cities in the development of residential planning in South Africa, *in* Planning History Study Group, *Proceedings of the symposium on South African planning history*, p. 136; J. Muller, Parallel paths: The origins of planning education and the planning profession in South Africa, *Planning History* 15(2), 1993, pp. 6-7; P. Morris, *A history of black housing in South Africa*, p. 4; A. Mabin, A century of South African housing acts 1920-2020, *Urban Form* 31, 2020, p. 463 (footnote 3).



© University of Pretoria

swart stedelike woonbuurtes merendeels die reël en nie die uitsondering nie.

Verskeie fases in gesegregeerde swart stedelike behuisingsbeleid en -verskaffing kan gedurende die eerste helfte van die 20ste eeu in Suid-Afrika onderskei word. Hierdie fases hang nou saam met die aanvaarding en toepassing van uiteenlopende tipes wetgewing — van algemene gesondheids-, behuisings-, en dorps- of stadsbeplanningswetgewing tot meer spesifieke wetgewing afgestem op stedelike plaaslike owerhede, swart stedelike gebiede onder hulle beheer, en die swart stedelike inwoners in hierdie gebiede. Hierdie uiteenlopende tipes wetgewing het stedelike segregasie en die swart stedelike behuisingsbeleid op beide indirekte en direkte maniere daargestel. Openbare gesondheids-, behuisings- en beplanningswetgewing het segregasie indirek en onder ander voorwendsels bewerkstellig, terwyl die 1923-stadsgebiedewet en sy wysigings op ’n meer direkte wyse vir stedelike segregasie voorsiening gemaak het. Daar moet ook in gedagte gehou word dat voordat die stedelike en behuisingsegregasiebeleid wetlik neerslag gevind het, dit reeds vooraf in die praktyk toegepas is — ’n situasie waar die beleid *de facto* toegepas was voordat dit wetlik (*de jure*) beliggaam is.[25]

Die volgende vyf fases kan onderskei word:

Tabel 1: Fases in swart stedelike behuisingsbeleid en -verskaffing

| Fase | Tydperk | Aard | Kenmerke |
|---|---|---|---|
| 1 | 1900-1918 | Laat-maar-loop | Ongemaklike bewussyn van haglike behuisingstoestande tesame met ’n besluitlose en beleidlose ingesteldheid van owerhede. |
| 2 | 1919-1922 | Stedelike gesondheid | Algemene gesondheids- en behuisingswetgewing is aangewend om swart stedelike behuisingstoestande en die “bedreiging” daarvan vir stedelike gesondheid te beredder. |
| 3 | 1923-1929 | Effektiewe wetlike verpligtinge | Swart stedelike behuisingsverskaffingsverpligtinge is wetlik en effektief uiteengesit, maar nie nagekom is nie |
| 4 | 1930-1938 | Probleme onopgelos | Wetswysigings en beleidsaanpassings het nie probleme opgelos nie. |
| 5 | 1939-1945 | Onmag ontbloot | Die oorlogsjare (Tweede Wêreldoorlog, 1939-1945) en die nagevolge daarvan het die onmag van owerhede, wetsbepalings en beheermaatreëls ontbloot. |

Ontwerp en saamgestel deur K. Sevenhuysen (Pretoria, 2020).

Alvorens bogenoemde fases en die relevante wetgewing in elke fase bespreek en ontleed kan word, is dit belangrik om sekere deurlopende kwessies, wat in al hierdie fases in ’n mindere of meerdere

25. P. Maylam, Explaining the apartheid city: 20 years of South African urban historiography, *Journal of Southern African Studies* 21(1), Special issue: Urban studies and urban change in Southern Africa, March 1995, pp. 25, 27, 28; P.B. Rich, Administrative ideology, urban social control and the origins of apartheid theory, 1930-1939, *Journal of African Studies* 7(2), Summer 1980, p. 71.



© University of Pretoria

mate teenwoordig was, te identifiseer en te verduidelik. Hier kan verwys word na belangrike ekonomiese, demografiese, verstedelikings-, en beleidsontwikkelinge- en tendense; en die twispunt tussen die sentrale en plaaslike owerhede oor die wetlike (en morele) verantwoordelikheid vir, die finansiering, en die finansiële las van swart stedelike behuisingsverskaffing, met ander woorde die koste én bekostigbaarheid van swart stedelike behuisingsverskaffing.[26] ’n Verdere kwessie was die vind van ’n balans tussen die toepassing van instromingsbeheermaatreëls (wat die behuisingsverskaffingslas kon verlig) en die voorsiening van voldoende goedkoop swart arbeid vir die ekonomiese sektore. Die stremmende invloed van die segregasiebeleid, soos vergestalt in die wetlike basis van die tydelikheidsindroom en -beginsel, finansiële segregasie, en woonbuurtskeiding, op swart stedelike behuisingsverskaffing was ook deurlopend aanwesig. Laastens het die stedelike behuisingsbeleid nie net tussen blanke en swart behuising onderskei nie; hierdie beleid het ook binne die swart stedelike gemeenskap ’n behuisingsonderskeid getref wat verblyfstydperk, ekonomiese klas, tipes werk en selfs later etniese groeperinge betref.

Belangrike en grensverskuiwende ekonomiese, demografiese, verstedelikings-, en beleidsontwikkelinge- en tendense het oorhoofs gedurende die geïdentifiseerde vyf fases in Suid-Afrika plaasgevind. Hier kan die verandering in die aard van die Suid-Afrikaanse ekonomie genoem word met die ontstaan en groei van die vervaardigingsektor wat arbeids- en behuisingsbehoeftes gewysig het. Daar was voorts ook, weens ’n verskeidenheid van faktore, ’n toenemende agteruitgang in die ekonomiese situasie in die swart reservate. In aansluiting hierby en voortspruitend daaruit was daar ’n dramatiese toename in swart verstedeliking en dan ook in die grootte van die swart stedelike bevolking, veral wat swart vrouens, en by implikasie swart gesinne, betref. Laastens het die sentrale regering gedurende hierdie fases toenemend in stedelike beleid en die praktiese uitvoering daarvan ingemeng, onder meer omdat stedelike plaaslike owerhede wel gemagtig was, maar nie finansieel altyd bemagtig en ondersteun is deur die sentrale regering en werkgewers in hulle behuisingsverskaffings- en instromingsbeheerverpligtinge nie.[27]

Die stedelike plaaslike owerhede was tradisioneel volgens wetgewing alleen daarvoor verantwoordelik om behuising aan die armlastige stedelike inwoners binne hulle gebiede te verskaf en te finansier. Hierdie uitgangspunt was ’n oorblyfsel van Middeleeuse wetgewing waarvolgens elke plaaslike gemeenskap vir sy eie armes moes sorg. Finansiering vir die oprigting van swart stedelike behuising is wel van die sentrale owerheid in die vorm van lenings en subsidies ontvang, maar dit was steeds die verantwoordelikheid van die stedelike plaaslike owerhede om die behuising te verskaf en grotendeels te

26. Die koste (vir stedelike plaaslike owerhede) en die bekostigbaarheid (vir stedelike swartes) van swart stedelike behuising word in Hoofstukke VI en VII bespreek.
27. P. Maylam, The rise and decline of urban apartheid in South Africa, *African Affairs* 89, 1990, pp. 63-65, 74-76.



© University of Pretoria

finansier. Daar was dus aanvanklik nie sprake van 'n nasionale verantwoordelikheid en plig om swart behuising te finansier nie en die finansieringslas het hoofsaaklik op die skouers van die stedelike plaaslike owerhede geval. Binne 'n demokratiese stelsel is plaaslike owerhede, onderhewig aan die oorsig van hulle onderskeie provinsiale owerhede, verantwoordelik vir die goeie orde, gesondheid en welsyn van en dienslewering aan die persone wat onder hulle jurisdiksie woon, werk, stem en belasting betaal. Volgens artikels 81 en 85 van die Unie Grondwet[28] was dit dan ook die geval in Suid-Afrika. Aan die ander kant het swartes geen betekenisvolle verteenwoordiging in plaaslike owerhede gehad nie. Dit het veroorsaak dat hulle weinig tot geen invloed kon uitoefen op die aanwending van fondse om hulle behuisingsomstandighede te verbeter nie. Volgens artikel 147 van die Unie Grondwet[29] was die sentrale owerheid (en die Departement van Naturellesake) verantwoordelik vir die beheer en administrasie van die swart bevolkingsgroep. Dit was dus inderdaad die sentrale owerheid, nie die provinsiale owerhede nie, se plig om toe te sien dat swart belange beskerm en gedien is en dat hulle nie uitgebuit is nie. Die feit dat die sentrale owerheid desondanks die verantwoordelikheid vir behuisingsverskaffing aan stedelike swartes grotendeels voor die deur van die stedelike plaaslike owerhede gelê het, het tot spanning tussen hierdie owerhede aanleiding gegee en behuisingsverskaffing benadeel.[30]

'n Aspek in noue samehang met bogenoemde was die kwessie van ekonomiese versus subekonomiese behuisingskemas. Aanvanklik het stedelike plaaslike owerhede gepoog om swart behuisingskemas op 'n ekonomiese basis te bedryf. Hiervolgens moes die uitgawes wat bestee is deur die inkomste uit huurgeld gedelg word. Dit was spoedig duidelik dat stedelike swartes, wat goedkoop arbeid verrig het, nie 'n ekonomiese huur kon bekostig nie. Stedelike plaaslike owerhede het groot verliese gely; gevolglik is swart behuising agterweë gelaat en is plakkery en krotbuurttoestande in baie gevalle oogluikend toegelaat. Die sentrale owerheid was genoodsaak om deur wysigings in behuisings- en verstedelikingswetgewing groter staatshulp te verleen en te poog om die finansiële las op die stedelike plaaslike owerhede te verlig en verliese wat gely is, te verminder. Subekonomiese behuisingskemas

---

28. Unie van Suid-Afrika, *Suid-Afrika Wet van 1909*, Artikels 81 & 85.
29. Unie van Suid-Afrika, *Suid-Afrika Wet van 1909*, Artikel 147.
30. W.J.S. Coetzee, *Die ekonomiese aspekte van naturellebehuising in Suid-Afrika*, M.A.-verhandeling, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, 1954, p. 66; F.A. Saunders, *Native Economic Commission, 1931. Urban areas. Notes upon section (7), paragraphs (2), (5) and (6)*, p. 4; J.S. Allison, Urban native legislation, *Race Relations* 7(4), November 1940, p. 62; L. Callinicos, *A people's history of South Africa II. Working life: Factories, townships and popular culture on the Rand, 1886-1940*, pp. 64, 66; H.J. van Eck, *Report of housing committee on the state and the housing situation*, p. 17; E. Hellmann & L. Abrahams (eds), *Handbook on race relations in South Africa*, p. 232; R.E. Phillips, *The Bantu in the city*, p. xxvii; A. Wessels & M.E. Wentzel, *Die invloed van relevante kommissieverslae sedert Uniewording op regeringsbeleid ten opsigte van swart verstedeliking en streekontwikkeling*, pp. 9-10; M.W. Swanson, The sanitation syndrome: Bubonic plague and urban native policy in the Cape Colony, 1900-1909, *Journal of African History* 18(3), 1977, pp. 397, 407; I.O.H.M. Mapena, *Policy for urban blacks in the Republic of South Africa*, p. 3; N.J.J. Olivier, The presence and employment of blacks in the urban areas of South Africa: A historical survey of legislation, *Acta Juridica* 1, 1984, p. 3; B. Taylor, *Controlling the burgeoning masses: Removals and residential developments in Port Elizabeth's black areas, 1900s-1990*, pp. 172-174; P. Maylam, Explaining the apartheid city: 20 years of South African urban historiography, *Journal of Southern African Studies* 21(1), Special issue: Urban studies and urban change in Southern Africa, March 1995, p. 36; G. Baines, The politics of welfare: The provision of housing and services in New Brighton, Port Elizabeth, c. 1920-1944, *Kronos* 22, 1995, pp. 93-94.


© University of Pretoria

impliseer dat daar ten opsigte van behuising 'n verlies gely moet word. Hierdie verlies is op verskillende tye in verskillende verhoudings tussen die sentrale en die stedelike plaaslike owerhede verdeel. As 'n universele behuisingstendens word subekonomiese behuising ingestel ten einde skuiling aan armer gesinne, veral diegene wat uit onhigiëniese en oorvol huisvesting verwyder is, te verskaf op so 'n wyse dat hulle gesinslewe in omstandighede van gesondheid en menswaardigheid kon gedy. Voorts was die rasionaal ook dat, met inagneming van die laagste moontlike koste, die kwaliteit van die huisvesting iewers tussen die teoretiese kwaliteitsideaal en die ekonomiese verlieslimiet geleë moes wees.[31]

Wetsbepalings het hoofsaaklik twee verpligtinge voor die deur van die stedelike plaaslike owerhede gelê, naamlik (i) die verskaffing en finansiering van swart stedelike behuising; en (ii) die toepassing van instromingsbeheer om die aantal stedelike swartes aan wie huisvesting verskaf moes word, in samehang met arbeidsbehoeftes, te beperk. Daar het 'n direkte verband tussen die finansiële vermoë van die stedelike plaaslike owerhede om hulle behuisingsverpligtinge na te kom en hulle nougesette toepassing van instromingsbeheermaatreëls bestaan. Die uitgangspunt was dat indien onbeheerde instroming en verstedeliking sou plaasvind, daar geen manier sou wees waarop stedelike plaaslike owerhede ooit hulle finansiële verpligtinge en verantwoordelikhede betreffende behuisingsverskaffing en munisipale dienslewering aan stedelike swartes binne hulle gebiede sou kon nakom nie. Indien instromingsbeheer nougeset en konsekwent toegepas sou word, sou dit die finansiële druk op die stedelike plaaslike owerhede om genoegsame behuising van 'n redelike standaard te verskaf, verlig. Hierdie uitgangspunt is in ooreenstemming met die toepassing van instromingsbeheer as 'n universele tendens in stadsontwikkeling en -beplanning. Die regulering van die instroming van mense van die platteland na die stadsgebiede word toegepas om onder meer grootskaalse menslike leed, armoede en ellende te voorkom wat uit onvoldoende behuising en wantoestande, as gevolg van swak beplanning en krotbuurtes, voortspruit. Wat egter in gedagte gehou moet word, was dat instromingsbeheer binne die Suid-Afrikaanse konteks gedurende die tydperk onder bespreking hoofsaaklik as 'n politieke instrument gesien is. Die politieke mikpunt met instromingsbeheer was om die instroming van swartes van die platteland na die stadsgebiede te beheer ten einde blankes in die stedelike gebiede teen permanente swart toestroming te "beskerm", maar nogtans genoeg swartes tydelik die stadsgebiede te laat betree om in blanke arbeidsbehoeftes te voorsien. Dit sou ook (teoreties) genoeg swart arbeid vir blanke boere waarborg. Die toepassing van instromingsbeheer as 'n noodsaaklike beplannings- en

31. W.J.S. Coetzee, *Die ekonomiese aspekte van naturellebehuising in Suid-Afrika*, M.A.-verhandeling, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, 1954, pp. 60-61, 67-68; L. Callinicos, *A people's history of South Africa II. Working life: Factories, townships and popular culture on the Rand, 1886-1940*, p. 72; E. Hellmann & L. Abrahams (eds), *Handbook on race relations in South Africa*, pp. 242-243; Central Housing Board, Housing in urban native areas, *Race Relations Journal*, November 1940, p. 63; P.H. Gúenault & R.J. Randall, Urban native housing in South Africa, *Race Relations Journal*, November 1940, p. 75; P.H. Connell, *Sub-economic housing practice in South Africa*, pp. 3, 26-27; P. Morris, *A history of black housing in South Africa*, p. 24; M.D.A. Baldocchi, *Survey of housing practice in the Union of South Africa*, pp. 31-33, 66, 86; G. Baines, The politics of welfare: The provision of housing and services in New Brighton, Port Elizabeth, c. 1920-1944, *Kronos* 22, 1995, pp. 94-95.


© University of Pretoria

beskermingsmaatreël binne die stadsontwikkelings- en behuisingsverskaffingskonteks is dikwels deur die politieke aanwending daarvan oorskadu.[32]

Weens die politieke beleid van skeiding en tydelikheid teenoor stedelike swartes het die sentrale en stedelike plaaslike owerhede nie vir ’n toenemend permanente swart stedelike bevolking en die verskaffing en uitbreiding van hulle huisvesting beplan nie. Blanke owerhede het sedert die helfte van die 19de eeu die standpunt gehandhaaf dat swart arbeiders slegs tydelik in die blanke gebiede is om hulle arbeid daar te verkoop en dat hulle die stedelike gebied weer sou en moes verlaat sodra hulle arbeid nie meer nodig was nie. As gevolg van hierdie tydelikheidsbeskouing is huisvesting en dienstevoorsiening dienooreenkomstig slegs op ’n tydelike basis verskaf, wat die ekonomiese en behuisingsverskaffingsbeleid in ’n bepaalde rigting laat ontwikkel het. Om huisvesting en dienstevoorsiening op ’n permanente basis vir tydelike bewoners daar te stel, sou “onlogies” en nie koste-effektief wees nie. Die krotbuurttoestande in baie van die swart woongebiede kan ook aan die tydelikheidskonsep en die daarmee ooreenstemmende ekonomiese en behuisingsverskaffingsbeleid toegeskryf word. Onsekerheid oor die toekoms van swart woongebiede het daartoe gelei dat onhigiëniese toestande oogluikend deur blanke besluitnemers toegelaat is en dat daar weinig konstruktief gedoen is om die wantoestande die hoof te bied. Die feit dat die *Slumswet van 1934* nie direk op swart stedelike huisvesting toegepas is nie, het die “tydelikheidsindroom” waaraan die sentrale en plaaslike owerhede gely het, bevestig. Swart woonbuurtes, kampongs en hostelle is van die slopings- en opgraderingsbepalings van hierdie wet uitgesluit; slegs swart huisvesting in blanke stedelike gebiede was aan hierdie wet onderworpe. Ekonomies en ideologies het dit nie sin gemaak om huisvesting wat slegs “tydelik” bewoon sou word, op te gradeer of te sloop en te herbou nie. Die gevolg was dat baie van die huisvesting wat vir “tydelike” stedelike swartes opgerig is van die begin af, weens die tekort aan huisvesting en die tydelike aard daarvan, oorvol en onhigiënies was en in terme van die *Slumswet* as krotbuurtes beskou kon word.[33]

---

32. N.J.J. Olivier, *Ons stedelike naturellebevolking*, pp. 5-6; J.P.C. Mostert, Owerheidshantering van die swart verstedelikingsproses gedurende die tweede Smutsbewind, *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 13(3), Desember 1988, p. 79; B.S. van As, Bantoebehuising — belangrike aspekte, *Bantoe* 1, Januarie 1957, p. 28; C. Thornhill, Regerings- en administratiewe reëlings vir ’n stedelike gemeenskap, *in* Human Sciences Research Council, *RSA 2000: Dialogue with the future. Black urbanization*, p. 35; S.T. van der Horst, The African worker in urban areas, *Race Relations* 13(2), 1946, p. 23; B.S. van As, *Stedelike naturellebehuising in Wes-Kaapland I*, M.A.-verhandeling, Universiteit van Stellenbosch, 1955, p. 48; B.S. van As, Die posisie van die swartman in blanke stadsgebiede, *Tydskrif vir Rasse-Aangeleenthede* 29(1), Januarie 1978, p. 10; A. Wessels & M.E. Wentzel, *Die invloed van relevante kommissieverslae sedert Uniewording op regeringsbeleid ten opsigte van swart verstedeliking en streekontwikkeling*, pp. 20-21; P. Wilkinson, Housing policy in South Africa, *Habitat International* 22(3), 1998, p. 217; P. Maylam, Explaining the apartheid city: 20 years of South African urban historiography, *Journal of Southern African Studies* 21(1), Special issue: Urban studies and urban change in Southern Africa, March 1995, p. 33.
33. B.S. van As, *Stedelike naturellebehuising in Wes-Kaapland I*, M.A.-verhandeling, Universiteit van Stellenbosch, 1955, p. 5; D.L. Smit, *Verslag van die interdepartementele komitee in sake die maatskaplike, ekonomiese en gesondheidstoestande van naturelle in stedelikegebiede*, para. 93-94, p. 8; P. Smit & J.J. Booysen, *Swart verstedeliking. Proses, patroon en strategie*, pp. 21, 78; D. Oakes (ed.), *Reader's Digest illustrated history of South Africa: The real story*, p. 317; B.J. Liebenberg & S.B. Spies (eds), *South Africa in the twentieth century*, p. 160; D. Welsh, The growth of towns, *in* M. Wilson & L.M. Thompson (eds), *The Oxford history of South Africa II: South Africa, 1870-1966*, pp. 186, 195, 234-235; S. Parnell, Sanitation, segregation and the *Natives (Urban Areas) Act*: African exclusion from Johannesburg's Malay Location, 1897-1925, *Journal of Historical Geography* 17(3), 1991, pp. 275, 276; E. Hellmann & L. Abrahams (eds), *Handbook on race relations in South Africa*, p. 242; P. Morris, *A history of black*



© University of Pretoria

In ooreenstemming met die segregasiebeleid is stedelike plaaslike owerhede verplig om 'n aparte rekening, die Swart Inkomsterekening, in te stel en op so 'n wyse finansiële segregasie te bedryf. Dit was ook die (koloniale) gebruik in ander Oos- en suidelike Afrikastate om swart woonbuurtes uit aparte inkomsterekeninge te finansier. Die doel met finansiële segregasie ten opsigte van swart stedelike behuising was die beskerming van stedelike swartes en nie die benadeling en uitbuiting nie. Die mikpunt van 'n afsonderlike rekening vir swart stedelike behuisingsuitgawes was om te verseker dat inkomste verkry uit swart woonbuurtes weer op swart behuising en dienste bestee is en nie op ander projekte van stedelike plaaslike owerhede nie, wat uit die Algemene Inkomsterekening befonds moes word. Desnieteenstaande het talle ongerymdhede ten koste van stedelike swartes plaasgevind.[34]

Die beleid van territoriale rasseskeiding, wat vir verskillende en geografies-van-mekaar-verwyderde woonbuurtes vir blankes en swartes voorsiening gemaak het, het groot uitgawes meegebring. Hierdie wetsverpligte uitgawes het met die verskuiwing van swartes uit krotbuurtes, die hervestiging en die verskaffing van aanvaarbare alternatiewe huisvesting, en die oprigting van nuwe woonbuurtes verband gehou. Dit het ook nodig geword om vervoerkoste tussen swart woon- en werkplekke te subsidieer. Die reeds beperkte fondse vir swart stedelike behuising is hierdeur verder uitgeput en die swart stedelike behuisingsituasie het gevolglik toenemend versleg. Swartes het meestal verkies om nader aan hulle werkplek te woon, al was dit dan in 'n onhigiëniese krotbuurt of plakkerskamp. Die finansiële uitgawe om alternatiewe en meer higiëniese behuising, wat verder van die werkplek en blanke gebiede geleë was, op te rig, het meermaal futiel blyk te wees. Dikwels het konflik ontstaan tussen stedelike plaaslike owerhede se politieke verantwoordelikheid teenoor stemgeregtigde en belastingbetalende blankes om segregasie prakties deur te voer en hulle finansiële verantwoordelikheid teenoor swartes om geskikte alternatiewe huisvesting te verskaf.[35]

---

*housing in South Africa*, pp. 29-30, 143; M.D.A. Baldocchi, *Survey of housing practice in the Union of South Africa*, p. 65; J.P.C. Mostert, Behuisingsprobleme van die verstedelikte swarte in Suid-Afrika, 1939-1948, *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 12(3), Desember 1987, p. 29.

34. L. Callinicos, *A people's history of South Africa II. Working life: Factories, townships and popular culture on the Rand, 1886-1940*, pp. 171, 176; P. Morris, *A history of black housing in South Africa*, pp. 14-15, 25, 34-35; M.E. van Zyl, *Swart verstedeliking in Vereeniging, 1923-1960*, D.Phil.-proefskrif, Vista Universiteit, 1993, pp. 149-151, 153-157; P.H. Gúenalt & R.J. Randall, Some financial aspects of urban native segregation in South Africa, *Race Relations*, November 1940, pp. 95, 100; T.R.H. Davenport, African townsmen? South African *Natives (Urban Areas)* legislation through the years, *African Affairs* 68(271), April 1969, p. 96; G.A. Brand, *Administratiewe vraagstukke in verband met die stadsnaturel*, M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1957, pp. 142-145, 158; D.L. Smit, *Verslag van die interdepartementele komitee in sake die maatskaplike, ekonomiese en gesondheidstoestande van naturelle in stedelikegebiede*, par. 11, p. 1; par. 139, p. 12; para. 170-171, p. 15; par. 200, p. 17 & par. 203, pp. 17-18; W.H. van Schalkwyk, *Die beleid van die Suid-Afrikaanse regering ten opsigte van die stedelike swartes, 1945-1953*, M.A.-verhandeling, Randse Afrikaanse Universiteit, 1983, pp. 173-174; E. Hellmann & L. Abrahams (eds), *Handbook on race relations in South Africa*, p. 232; P.H. Connell *et al.*, *Native housing: A collective thesis*, pp. 189-190; R.E. Phillips, *The Bantu in the city*, p. 79; B. Taylor, *Controlling the burgeoning masses: Removals and residential developments in Port Elizabeth's black areas, 1900s-1990*, p. 54; G. Baines, The politics of welfare: The provision of housing and services in New Brighton, Port Elizabeth, c. 1920-1944, *Kronos* 22, 1995, p. 95.

35. G.H. Pirie, African township railways and the South African state, 1902-1963, *Journal of Historical Geography* 13(3), July 1987, pp. 293-294; M.M. Khosa, Changing patterns of "black" bus subsidies in the apartheid city, 1944-1986, *GeoJournal* 22(3), 1990, pp. 251-252; A.J. Cutten, The planning of a native township, *Race Relations Journal* 18(2), 1951, p. 74; K.S.O. Beavon, Black townships in South Africa: *Terra incognita* for urban geographers, *South African Geographical Journal* 64(1), 1982, pp. 12, 17; Union of South Africa, *Natives (Urban Areas)Act, 1923 Amendment Act 1930 (Act 25 of 1930)*, pp. 196, 198; S. Parnell, Racial segregation in Johannesburg: The *Slums Act*, 1934-1939, *The South African Geographical Journal* 70(2), September 1988, pp.


© University of Pretoria

Die stedelike behuisingsbeleid het verskeie skeidingsmeganismes beliggaam. Vanselfsprekend is behuisingskemas verskillend op grond van ras deurgevoer. Binne die swart stedelike gemeenskap is die behuisingsbeleid en die toepassing daarvan verder gedifferensieerd toegepas: 'n onderskeid is gemaak tussen die behuising vir die meer gevestigde stedelike arbeidsmag en trekarbeiders (verblyfstydperk); tussen die ontwikkelende middelklas en die werkersklas (ekonomiese klas); tussen die huiswerkers en ander stedelike werkers (tipes werk); en dan van die begin van die apartheidsbeleid tussen kultuur- of etniese groeperinge.[36]

'n "Laat-maar-loop"-/*laissez-faire*-ingesteldheid, *ca.* 1900-1918

Gedurende die jare voor Uniewording (1910) en in die eerste twee dekades daarna is 'n laat-maar-loop- en ontwykende beleid ten opsigte van swart stedelike behuising gevolg. Die probleem was dat niemand werklik geweet het wie vir die behuising van stedelike swartes verantwoordelik was en wie dit dus moes finansier nie. Vroeër is swartes in kampongs gehuisves en huiswerkers is deur hulle werkgewers van huisvesting voorsien. Die nuwe aanvraag deur sekondêre nywerhede en handel na swart arbeid het nuwe en groot huisvestingsprobleme veroorsaak. Die werkgewers was óf finansieel nie in staat om daarna om te sien nie óf nie in die posisie om hulle werknemers op hulle persele te huisves nie. Die ontstaan van haglike krotbuurtes en onbevredigende behuisingsomstandighede in woonbuurtes waar swart werkers gewoon het, is amptelik deur die regering geïgnoreer, al was daar 'n ongemaklike bewussyn daarvan. Hierdie besluitlose en beleidlose ingesteldheid van die sentrale owerheid het daartoe aanleiding gegee dat stedelike plaaslike owerhede weinig, indien enige, moeite gedoen het om die situasie te verbeter. Enkele van die groter stedelike plaaslike owerhede het sporadies en halfhartig die situasie probeer beredder deur krotbuurtes op te ruim en enkele munisipale swart woonbuurtes tot stand te bring. Desnieteenstaande het talle kommissies, waaronder die Suid-Afrikaanse Naturellesakekommissie (1903-1905) en die Tuberkulose-kommissie (1914), hulle skok oor die onmenslike en onhigiëniese toestande in swart stedelike woongebiede uitgespreek. Die griepepidemie van 1918 het die ellendige toestande in swart woongebiede en die bedreiging wat dit vir sowel blanke as swart gesondheid ingehou het, nogeens ontbloot en beklemtoon. Hierdie stand van sake het blanke vrese en persepsies oor die swart "gesondheidsgevaar", in navolging van die sanitasie-sindroom, in die hand gewerk en verhoog.[37]

---

112-115, 118-119; E.H. Brookes, Some municipal problems and how the Institute can help, *Race Relations* 2, January-February 1934, p. 15; S. Parnell, Sanitation, segregation and the *Natives (Urban Areas) Act*: African exclusion from Johannesburg's Malay Location, 1897-1925, *Journal of Historical Geography* 17(3), July 1991, pp. 271, 273, 277-285; P.H. Connell *et al.*, *Native housing: A collective thesis*, p. 168; A. Mabin, Origins of segregatory urban planning in South Africa, c. 1900-1940, *Planning History* 13(3), 1991, p. 11; Central Housing Board, Housing in urban native areas, *Race Relations Journal*, November 1940, p. 63.

36. P. Maylam, Explaining the apartheid city: 20 years of South African urban historiography, *Journal of Southern African Studies* 21(1), Special issue: Urban studies and urban change in Southern Africa, March 1995, pp. 29-30; S. Parnell, South African cities: Perspectives from the ivory tower or urban studies, *Urban Studies* 34, 1997, p. 896.

37. E. Hellmann & L. Abrahams (eds), *Handbook on race relations in South Africa*, pp. 229, 232, 242; J.P.C. Mostert, Behuisingsprobleme van die verstedelikte swarte in Suid-Afrika, 1939-1948, *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 12(3), Desember 1987, pp. 23, 25-26; D.M. Calderwood, *Native housing in South Africa*, D.Arch. Thesis, University of the Witwatersrand, 1953, p.



© University of Pretoria

Algemene gesondheids- en behuisingswetgewing aangewend om swart stedelike behuisingstoestande en die "bedreiging" daarvan te beredder, 1919-1922

Ten einde bogenoemde haglike stand van sake te beredder en in navolging van die gebruik in die voormalige Britse kolonies en die Boererepublieke,[38] is die *Volksgezondheidswet* in 1919 deurgevoer. Die Wet het onder meer die funksie van toesig en beheer oor die gesondheidstoestande in die woonbuurtes aan die stedelike plaaslike owerhede oorgedra en hulle gemagtig tot optrede teen toestande in woonbuurtes wat die gesondheid van die "gemeenskap" kon bedreig. Gesondheids- en behuisingstandaarde was volgens hierdie wet 'n nasionale verantwoordelikheid, maar die finansiële verantwoordelikheid wat daarmee saamgehang het, was steeds in hoofsaak 'n plaaslike aangeleentheid. Segregasie, in die vorm van woonbuurtskeiding, is toenemend as 'n oplossing vir stedelike gesondheidsprobleme gesien. Die stedelike plaaslike owerhede kon egter net hulle verantwoordelikhede (léés opruiming van krotbuurtes en toepassing van woonbuurtsegregasie) nakom <u>indien</u> hulle <u>finansieel</u> daartoe <u>in staat</u> was. 'n Spesiale behuisingskomitee is onder die *Volksgezondheidswet van 1919* aangestel om die bestaande onbevredigende behuisingstoestande in nege stedelike sentra, insluitend Pretoria, te ondersoek. Na aanleiding van dié komitee se aanbevelings, en in navolging van soortgelyke wetgewing wat in 1919 in Brittanje aanvaar is, is die *Woningswet* in 1920 deurgevoer.[39]

Die *Woningswet* het voorsiening gemaak vir die nasionale beskikbaarstelling van staatslenings vir die oprigting van huisvesting. Dit was voorts die eerste daadwerklike poging van regeringskant om die swart stedelike behuisingsvraagstuk te probeer beredder. Dit was ook 'n reaksie op die maatskaplike en gesondheidsprobleme wat met versnelde swart verstedeliking gepaard gegaan het. Hierdie wet het die

---

3; M.E. van Zyl, *Swart verstedeliking in Vereeniging, 1923-1960*, D.Phil.-proefskrif, Vista Universiteit, 1993, p. 149; P. Morris, *A history of black housing in South Africa*, pp. 15-16, 22; P. Morris, *Soweto*, p. 8; P. Wilkinson, Housing policy in South Africa, *Habitat International* 22(3), 1998, p. 217; N.J.J. Olivier, The presence and employment of blacks in the urban areas of South Africa: A historical survey of legislation, *Acta Juridica* 1, 1984, pp. 3-4; P. Maylam, The rise and decline of urban apartheid in South Africa, *African Affairs* 89, 1990, pp. 58-60; S.M. Parnell, Shaping a racially divided society: State housing policy in South Africa, 1920-1950, *Environment and Planning C: Government and Policy* 7, 1989, pp. 262-263.

38. M.W. Swanson, Urban origins of separate development, *Race* 10(1), July 1968, pp. 32-33; S. Musterd & W. Ostendorf (eds), *Urban segregation and the welfare state. Inequality and exclusion in western cities*, p. 224; A.J. Christopher, Roots of urban segregation: South Africa at Union, 1910, *Journal of Historical Geography* 14(2), 1988, pp. 151-157; P. Maylam, *South Africa's racial past: The history and historiography of racism, segregation and apartheid*, pp. 158-159; N.J.J. Olivier, The presence and employment of blacks in the urban areas of South Africa: A historical survey of legislation, *Acta Juridica* 1, 1984, pp. 1-3; B. Taylor, *Controlling the burgeoning masses: Removals and residential developments in Port Elizabeth's black areas, 1900s-1990*, pp. 44-50; A. Lemon (ed.), *Homes apart: South Africa's segregated cities*, p. 4; P. Maylam, The rise and decline of urban apartheid in South Africa, *African Affairs* 89, 1990, pp. 60-63; P. Morris, *A history of black housing in South Africa*, pp. 6-12.

39. E. Hellmann & L. Abrahams (eds), *Handbook on race relations in South Africa*, p. 242; D. Page, *Die verstedeliking van die Bantoegebiede van Transvaal*, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Suid-Afrika, 1964, p.71; D.M. Calderwood, *Native housing in South Africa*, D.Arch. Thesis, University of the Witwatersrand, 1953, pp. 3, 5; P. Morris, *A history of black housing in South Africa*, pp. 15-16; H.J. van Eck, *Report of housing committee on the state and the housing situation*, p. 10; J.P.C. Mostert, Behuisingsprobleme van die verstedelikte swarte in Suid-Afrika, 1939-1948, *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 12(3), Desember 1987, pp. 23, 27-28; M. Nasiali, Citizens, squatters and asocials: the right to housing and the politics of difference in post-liberation France, *American Historical Review* 119(2), April 2014, p. 439; P. Maylam, *South Africa's racial past: The history and historiography of racism, segregation and apartheid*, p. 159; S. Parnell, Creating racial privilege: The origins of South African public health and town planning legislation. *Journal of Southern African Studies* 19(3), September 1993, pp. 482-485; A. Mabin, A century of South African housing acts 1920-2020, *Urban Form* 31, 2020, pp. 454-460.


© University of Pretoria

mislukking van privaatmaatskappye en die afwesigheid van munisipale bereidwilligheid en vermoë om goedkoop en genoegsame huisvesting aan die swart werkersklas beskikbaar te stel, aan die orde gestel. Die volgende finansiële verpligtinge is uiteengesit: (i) enige stedelike plaaslike owerheid kon 'n lening uit die staatskas bekom vir die oprigting van goedgekeurde behuising vir stedelike swartes (voor 1920 was daar geen finansiële hulp van owerheidsweë nie); en (ii) stedelike plaaslike besture was verantwoordelik vir die deurvoering van goedgekeurde behuisingskemas en vir die finansiering van die oprigting van swartes se huise. Die bepalings van hierdie wet het stedelike plaaslike owerhede egter nie verplig om verantwoordelikheid vir swart behuising te aanvaar nie en weinig stedelike plaaslike owerhede het hierdie verantwoordelikheid dus aanvaar.[40]

Die gevolg van die wye en vae omskrywing van die 1920-wet was dat die onderskeie stedelike plaaslike owerhede elkeen sy eie beleid, wat betref huisvestingvoorsiening aan stedelike swartes, gevolg het. Daar was dus geen eenvormige beleid vir die hele Suid-Afrika nie. Twee behuisingskemas, bekend as die Bloemfontein- en die Johannesburgskema, het ontstaan. Volgens die Bloemfonteinskema is 'n erf verskaf en kon 'n stedelike swarte self sy huis, volgens munisipale voorskrifte, bou. Volgens die Johannesburgskema, wat onder meer deur plaaslike owerhede in Johannesburg, Pretoria, Durban, Kaapstad en Port Elizabeth gevolg is, is huise vir die swartes gebou en teen 'n vasgestelde tarief aan hulle verhuur. Elkeen van hierdie skemas het voor- en nadele gehad ten opsigte van koste, duursaamheid en die spoed waarteen krotbuurtes opgeruim en verblyfstrukture opgerig is. Finansiële ondersteuning is slegs van regeringskant beskikbaar gestel en sou deur die Sentrale Woningsraad van die Departement van Gesondheid geadministreer word. Die Sentrale Woningsraad het slegs lenings vir behuisingsprojekte wat rasseskeiding beliggaam het, goedgekeur. In daardie stadium het die regering nie aan subsidies vir behuisingskemas oorweging geskenk nie, aangesien geglo is dat die werkgewers daardeur indirek gesubsidieer sou word en nie die bewoners van sodanige skemas nie. Lenings is dus teen 'n ekonomiese koers beskikbaar gestel wat vir goedkoper skemas, maar nie gesubsidieerde skemas nie, voorsiening gemaak het. Die rasionaal vir hierdie argument was dat werkgewers lone moes betaal wat voldoende sou wees vir hulle werkers om 'n ekonomiese huur te kon betaal. Binne die konteks van "goedkoop swart arbeid" was hierdie redenasie totaal onrealisties en onlogies.[41]

---

40. L. Silberman, Housing legislation and finance in South Africa, *South African Architectural Record*, June 1943, pp. 113-114; J.P.C. Mostert, Behuisingsprobleme van die verstedelikte swarte in Suid-Afrika, 1939-1948, *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 12(3), Desember 1987, pp. 27-28; P.H. Gúenault & R.J. Randall, Urban native housing in South Africa, *Race Relations* 7(4), November 1940, p. 79; P. Wilkinson, Housing policy in South Africa, *Habitat International* 22(3), 1998, p. 215; B. Taylor, *Controlling the burgeoning masses: Removals and residential developments in Port Elizabeth's black areas, 1900s-1990*, pp. 50-51; P. Morris, *A history of black housing in South Africa*, p. 16; A. Mabin, A century of South African housing acts 1920-2020, *Urban Form* 31, 2020, pp. 453-454.

41. J.P.C. Mostert, Behuisingsprobleme van die verstedelikte swarte in Suid-Afrika, 1939-1948, *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 12(3), Desember 1987, pp. 27-28; P.H. Gúenault & R.J. Randall, Urban native housing in South Africa, *Race Relations* 7(4), November 1940, p. 79; D.M. Calderwood, *Native housing in South Africa*, D.Arch. Thesis, University of the Witwatersrand, 1953, pp. 5-6; South African Institute of Race Relations, Evidence submitted to the Native Laws Commission of Enquiry I: Urban areas, *Race Relations* 14(2), 1947, p. 30; B.S. van As, *Stedelike naturellebehuising in Wes-Kaapland I*, M.A.-verhandeling, Universiteit van Stellenbosch, 1955, pp. 6-7; P.H. Connell, *Sub-economic housing practice in South Africa*, p. 14; P. Morris, *A history of black*



© University of Pretoria

Swart stedelike behuisingsverskaffingsverpligtinge wetlik en effektief uiteengesit, maar nie nagekom nie, 1923-1929

Die *Naturellen (Stadsgebieden) Wet van 1923* was die eerste beheerde poging deur die regering om deur middel van 'n eenvormige beleid na die lewenstoestande en -omstandighede van stedelike swartes om te sien; voldoende owerheidsbefondsde huisvesting te verskaf; en te verseker dat die stadwaartse beweging van swartes beheer word. Hierdie wet het voorts 'n raamwerk vir stedelike segregasie verskaf deur beginsels daar te stel vir residensiële segregasie, instromingsbeheer, fiskale segregasie, en gesegregeerde plaaslike regering en administrasie. Elke stedelike plaaslike owerheid was volgens hierdie wet finansieel verantwoordelik vir die swartes in sy gebied en deur dié wet verplig om aan swartes in sy gebied huisvesting te verskaf en 'n mate van instromingsbeheer toe te pas. 'n Belangrike voorwaarde was dat bogenoemde verantwoordelikheid en verpligting op stedelike plaaslike owerhede net van toepassing was indien stedelike plaaslike owerhede die toepassing van hierdie wetgewing aanvaar het. Aanvaarding van die Wet was opsioneel en stedelike plaaslike owerhede kon self besluit of hulle die Wet deur middel van proklamasie op hulle stadsgebiede van toepassing gemaak wou hê, al dan nie. Hulle moes aansoek doen om ingevolge die Wet as 'n "blanke stadsgebied" verklaar te word. In die aansoek moes die munisipale grense van die stadsgebied, wat sowel die "blanke stadsgebied" as die aangrensende swart woongebiede onder die jurisdiksie van die betrokke stedelike plaaslike owerheid ingesluit het, duidelik aangetoon word. Die regering se standpunt was dat stedelike plaaslike owerhede nie "geboelie" sou word om die Wet (en die gepaardgaande verantwoordelikheid en verpligting) te aanvaar nie. Sommige stedelike plaaslike owerhede, waaronder Johannesburg en Kimberley in 1924, het die Wet dadelik aanvaar, terwyl Port Elizabeth tot so lank as 1935 gewag het om die Wet op die betrokke stadsgebied van toepassing te maak. Dit sal dus meer korrek wees om te beweer dat hierdie wetgewing as 'n riglyn vir stedelike plaaslike owerhede gestel is, sou hulle verkies het om dit te volg. Hierdie wet het stedelike plaaslike owerhede dus bemagtig en gemagtig, maar nie verplig om die bepalings van die Wet toe te pas nie. Eers met die 1937-wysiging van hierdie wet was alle stedelike gebiede buite die reservate outomaties aan hierdie wetgewing onderworpe.[42]

---

*housing in South Africa*, p. 16; H.J. van Eck, *Report of housing committee on the state and the housing situation*, pp. 20-21; E. Hellmann & L. Abrahams (eds), *Handbook on race relations in South Africa*, pp. 242, 253; P. Wilkinson, Housing policy in South Africa, *Habitat International* 22(3), 1998, p. 217; D. du Bruyn & M. Oelofse, "A hygienic native township shall be developed": The founding and development of Batho as Bloemfontein's "model location" (c. 1918-1939), *Historia* 64(2), November 2019, p. 65; D. du Bruyn, *Gardens, gardening culture and the development of a semi-vernacular garden style in Batho, Mangaung, 1918-1939: A historical perspective*, DPhil. Thesis, University of the Free State, 2018, pp. 295-301; P. Maylam, Explaining the apartheid city: 20 years of South African urban historiography, *Journal of Southern African Studies* 21(1), Special issue: Urban studies and urban change in Southern Africa, March 1995, p. 27; A. Mabin, A century of South African housing acts 1920-2020, *Urban Form* 31, 2020, pp. 460-462; S.M. Parnell, Shaping a racially divided society: State housing policy in South Africa, 1920-1950, *Environment and Planning C: Government and Policy* 7, 1989, pp. 263-264.

42. E. Hellmann & L. Abrahams (eds), *Handbook on race relations in South Africa*, pp. 229 & 233; A. Wessels & M.E. Wentzel, *Die invloed van relevante kommissieverslae sedert Uniewording op regeringsbeleid ten opsigte van swart verstedeliking en streekontwikkeling*, p. 26; P. Smit & J.J. Booysen, *Swart verstedeliking. Proses, patroon en strategie*, p. 23; P.H. Gúenault & R.J. Randall, Urban native housing in South Africa, *Race Relations* 7(4), November 1940, p. 79; P. Morris, *A history of black housing in South Africa*, p. 23; L. Callinicos, *A people's history of South Africa II. Working life: Factories, townships and popular culture*



© University of Pretoria

Die 1923-wet het bepalings bevat wat dit vir die stedelike plaaslike owerhede moontlik gemaak het om hulle verpligtinge rakende die verskaffing en finansiering van swart stedelike behuising na te kom. Die Wet het onder meer die volgende omskryf en gemagtig: die aankoop van grond vir die oprigting van huisvesting (Artikel 7); die leen van geld vir die oprigting van behuising en lewering van noodsaaklike dienste (Artikel 7); die daarstelling van Swart Inkomsterekeninge waarin alle geld afkomstig uit die swart woongebiede (ook die winste gemaak uit die munisipale brou van sorghumbier, die "Durban-stelsel") betaal moes word om weer op swart woongebiede bestee te word deur die verskaffing van huisvesting en ander maatskaplike dienste (Artikel 8); die uitvaardiging van regulasies waarvolgens die pligte en verantwoordelikhede van die stedelike plaaslike owerheid, sy amptenare en die inwoners uiteengesit word (Artikel 23); en die vasstelling van bekostigbare huurgeld en dienstariewe (Artikel 9). Volgens Artikel 9 kon die Minister van Naturellesake die huurgeld vir swart stedelike munisipale huisvesting verminder het indien dit buitensporig hoog was en huurgeldverhogings kon slegs met die toestemming van die Minister geïmplementeer word. Die onus het volgens Artikel 9 by die Minister gelê om te bepaal of huurgeld "regverdig en billik" was. Die Departement van Naturellesake het stedelike plaaslike owerhede nie leiding gegee oor hoe om hierdie, ietwat dubbelslagtige, bepaling te interpreteer nie. Die dilemma was <u>vir wie</u> die huurgeld billik en regverdig moes wees. Moes dit vir die stedelike plaaslike owerhede in terme van hulle reusagtige kapitale uitleg billik en regverdig wees of vir die stedelike swartes in terme van hulle karige inkomste? Dit is belangrik om hier in gedagte te hou dat die *Wet op Huurgelden van 1920*,[43] wat daarop gemik was om huurders teen uitbuiting en buitensporige huurgeld te beskerm, nie op swart stedelike woonbuurtes onder beheer van stedelike plaaslike owerhede (en die wakende oog van die Minister van Naturellesake) van toepassing was nie.[44]

Die Wet het ook die reeds gevestigde tydelikheidsbeginsel van stedelike swartes — en die duidelik-uitgespelde aanbeveling daarvan deur die Stallard-kommissie (1919-1922)[45] — by implikasie onderskryf. Volgens die Stallard-doktrine was die stedelike swarte net welkom in die stad, en geregtig

---

*on the Rand, 1886-1940*, pp. 170-172; W.H. van Schalkwyk, *Die beleid van die Suid-Afrikaanse regering ten opsigte van die stedelike swartes, 1945-1953*, M.A.-verhandeling, Randse Afrikaanse Universiteit, 1983, p. 28; R. Haines & G. Buijs (eds), *The struggle for social and economic space: Urbanization in twentieth century South Africa*. Institute for Social and Economic Research. Special publication number 3, p. 49; A. Mabin, Suburbs on the veld, modern and postmodern, Draft article, 2005, p. 20; P. Maylam, *South Africa's racial past: The history and historiography of racism, segregation and apartheid*, pp. 149, 159.

43. Unie van Suid-Afrika, *Wet op Huurgelden (No. 13 van 1920)* (Kaapstad, 1920).

44. Union of South Africa, *Native (Urban Areas) Act of 1923 (Act 21 of 1923)*, p. 156; J.S. Allison, Urban native legislation, *Race Relations* 7(4), November 1940, pp. 58-60; L. Silberman, Housing legislation and finance in South Africa, *South African Architectural Record*, June 1943, p. 115; M.E. van Zyl, *Swart verstedeliking in Vereeniging, 1923-1960*, D.Phil.-proefskrif, Vista Universiteit, 1993, pp. 149-150; P.H. Gúenault & R.J. Randall, Some financial aspects of urban native segregation in South Africa, *Race Relations*, November 1940, p. 100; E.H. Brookes, Some municipal problems and how the Institute can help, *Race Relations* 2, January-February 1934, p. 14; D. Welsh, The growth of towns, *in* M. Wilson & L.M. Thompson (eds), *The Oxford history of South Africa II: South Africa, 1870-1966*, p. 233; A.S. Welsh, *The law relating to natives in urban areas*, pp. 29-30; D.L. Smit, *Verslag van die interdepartementele komitee in sake die maatskaplike, ekonomiese en gesondheidstoestande van naturelle in stedelikegebiede*, par. 232, p. 19; D. du Bruyn & M. Oelofse, "A hygienic native township shall be developed": The founding and development of Batho as Bloemfontein's "model location" (c. 1918-1939), *Historia* 64(2), November 2019, pp. 72. 73; P. Maylam, & I. Edwards (eds), *The people's city: African life in twentieth-century*, pp. 3, 5-6, 245, 249; P. Maylam, The rise and decline of urban apartheid in South Africa, *African Affairs* 89, 1990, p. 77.

45. Ook bekend as die Transvaalse Plaaslike Regeringskommissie.


© University of Pretoria

op huisvesting, solank hy/sy vir die blanke "diensbaar" kon wees of indien die stedelike swarte in die wettige behoeftes van sy/haar medeswartes, wat in diens van blankes was, binne die stedelike gebied kon voorsien. Indien hy/sy nie meer 'n diens kon lewer nie, en dus "onnodig en oorbodig" in die stad was, moes hy/sy na sy/haar oorspronklike tuiste terugkeer. Hierdie beginsel, in wese onsensitief, onprakties en selfs immoreel, hou verband met blanke vrese vir die ekonomiese bedreiging van goedkoop swart arbeid; die persepsie dat die stede die uitsluitlike permanente domein van die blanke was; en dat swartes net as arbeidskommoditeite in die stede gesien is tot voordeel van blanke en die ekonomie se belange.[46] Hierdie wetlike "ontmensliking" van swartes deur hulle bloot as arbeidsinstrumente te sien, blyk uit die volgende kras en snydende, dog absoluut waar woorde van 'n onbekende swart persoon:

> only [our] hands were needed at work, and that if some mysterious arrangement could be devised whereby only [our] hands could be daily brought to town for purposes of labour and [our] persons and faces not seen at all, that would perhaps suit [our] white masters better.[47]

Die doel van die 1923-wet (Artikel 1) was om voorsiening te maak vir drie tipes behuisingsmoontlikhede in swart stedelike gebiede, naamlik hostelle, en huise in óf swart woonbuurtes (*locations*), waar stedelike plaaslike owerhede huise voorsien het, óf in swart dorpe (*villages*), waar die meer permanente en welgestelde gedeelte van die stedelike swartes hulle eie huise, buite swart woonbuurtes, kon oprig. Laasgenoemde moontlikheid het egter selde gerealiseer. Dit was duidelik dat die meerderheid stedelike plaaslike owerhede huiwerig was om binne die tydelikheidsraamwerk van die tyd permanente swart gemeenskappe aan te moedig wat in 'n groot mate buite die streng beheer en regulasies van stedelike plaaslike owerhede sou funksioneer. Stedelike plaaslike owerhede het verkies om swart woonbuurtes uit te lê en om self huisvesting daar te verskaf (Johannesburgskema), eerder as om erwe aan stedelike swartes beskikbaar te stel waar hulle op 'n maandelikse huurbasis hulle eie huisvesting kon oprig (Bloemfonteinskema).[48]

Artikel 6 van die 1923-wet het bepaal dat geen swartes binne drie myl (vyf kilometer, afgerond), wat na

46. A. Wessels & M.E. Wentzel, *Die invloed van relevante kommissieverslae sedert Uniewording op regeringsbeleid ten opsigte van swart verstedeliking en streekontwikkeling*, pp. 18-22; P. Smit & J.J. Booysen, *Swart verstedeliking. Proses, patroon en strategie*, p. 23; M.W. Swanson, The sanitation syndrome: Bubonic plague and urban native policy in the Cape Colony, 1900-1909, *Journal of African History* 18(3), 1977, p. 395; P.B. Rich, Ministering to the white man's needs: The development of urban segregation in South Africa, 1913-1923, *African Studies* 37(2), 1978, pp. 190-191; I.O.H.M. Mapena, *Policy for urban blacks in the Republic of South Africa*, pp. 3-4; R. Haines & G. Buijs (eds), *The struggle for social and economic space: Urbanization in twentieth century South Africa*. Institute for Social and Economic Research. Special publication number 3, p. 15; P. Wilkinson, Housing policy in South Africa, *Habitat International* 22(3), 1998, p. 217; A. Lemon (ed.), *Homes apart: South Africa's segregated cities*, p. 4; P. Maylam, The rise and decline of urban apartheid in South Africa, *African Affairs* 89, 1990, p. 65; E.A. Havemann, Principles underlying urban native administration in the Union, *Race Relations* 18(1), 1951, p. 5.
47. Soos aangehaal in P. Maylam, The rise and decline of urban apartheid in South Africa, *African Affairs* 89, 1990, p. 57.
48. Union of South Africa, *Native (Urban Areas) Act of 1923 (Act 21 of 1923)*, p. 142; P. Morris, *A history of black housing in South Africa*, p. 26; P. Morris, *Soweto*, p. 8; E. Hellmann & L. Abrahams (eds), *Handbook on race relations in South Africa*, pp. 252-253; I.O.H.M. Mapena, *Policy for urban blacks in the Republic of South Africa*, p. 9; S.M. Parnell, The ideology of African home-ownership: The establishment of Dube, Soweto, 1946-1955, *South African Geographical Journal* 73, 1991, pp. 69-70, 72-73.


© University of Pretoria

vyf myl (agt kilometer, afgerond) uitgebrei kon word, van die grense van 'n stedelike gebied gehuisves kon word nie. Hierdie beginsel dat swartes verwyderd van die "blanke" stede woonagtig moes wees onderskryf die koloniale beleid van *sanitary corridor/"cordon sanitaire"* en vind aansluiting by die sanitasie-sindroom. Dit behels die skeiding deur 'n buffersone of bufferstrook tussen blanke en swart woongebiede om die verspreiding van siektes, maar in breër terme die verspreiding van enige invloede wat as ongewens beskou is, na blanke woongebiede te verhoed. Hierdie gebruik en wetlike bepaling was deel van segregasionistiese dorps- en stadsbeplanningspraktyke in Suid-Afrika wat vir die afbakening en segregasie van woonbuurtes voorsiening gemaak het.[49]

Ingevolge Artikels 12 tot 18 en 23 van die 1923-wet kon 'n mate van instromingsbeheer toegepas word en wel op die volgende wyses: die vraag na en die aanbod van swart arbeiders kon deur 'n stelsel van werkspermitte en dienskontrakregistrasies gereguleer word; stedelike plaaslike owerhede kon van tyd tot tyd 'n sensusopname doen van swartes woonagtig in hulle gebiede en oortollige swartes kon dan uit stedelike gebiede na óf arbeidskolonies óf na hulle oorspronklike tuistes verwyder word; en 'n beperking is gehef ten opsigte van die indiensneming van swartes wat nie in 'n kampong of in huisvesting verskaf deur stedelike plaaslike owerhede woonagtig was nie. Uit hierdie maatreëls het dit reeds duidelik geblyk dat daar besef is dat onbeheerde swart instroming na stedelike gebiede die stedelike plaaslike owerhede met 'n onmoontlike finansiële taak sou laat wat vroegtydig deur die nougesette toepassing van hierdie maatreëls verhoed kon word.[50]

Benewens bogenoemde bepalings, wat die <u>verantwoordelikhede</u> van die stedelike plaaslike owerhede betreffende die verskaffing en finansiering van swart behuising en die toepassing van instromingsbeheer duidelik omskryf het, het Artikels 2 en 3 van die Wet ook die Minister van Naturellesake gemagtig om <u>toe te sien</u> dat stedelike plaaslike owerhede wel hierdie statutêre verpligtinge nakom. Indien hulle hierdie pligte versuim het, kon hy hulle daartoe verplig het.[51]

---

49. Union of South Africa, *Native (Urban Areas) Act of 1923 (Act 21 of 1923)*, p. 150; Oxford Dictionary Trust, *Oxford South African concise dictionary*, p. 259; M.W. Swanson, The sanitation syndrome: Bubonic plague and urban native policy in the Cape Colony, 1900-1909, *Journal of African History* 18(3), 1977, p. 388; D. du Bruyn & M. Oelofse, "A hygienic native township shall be developed": The founding and development of Batho as Bloemfontein's "model location" (c. 1918-1939), *Historia* 64(2), November 2019, p. 61; N.J.J. Olivier, The presence and employment of blacks in the urban areas of South Africa: A historical survey of legislation, *Acta Juridica* 1, 1984, p. 4; P. Morris, *A history of black housing in South Africa*, p. 136.
50. Union of South Africa, *Native (Urban Areas) Act of 1923 (Act 21 of 1923)*, pp. 164, 166, 168; A. Wessels & M.E. Wentzel, *Die invloed van relevante kommissieverslae sedert Uniewording op regeringsbeleid ten opsigte van swart verstedeliking en streekontwikkeling*, p. 27; H. Rogers, *Native administration in the Union of South Africa*, p. 191-192; J.D.R. Jones & A.L. Saffery, Social and economic conditions of native life in the Union of South Africa. Findings of the Native Economic Commission, 1930-1932, collated and summarised II, *Bantu Studies* 7(4), December 1933, p. 329; W.H. van Schalkwyk, *Die beleid van die Suid-Afrikaanse regering ten opsigte van die stedelike swartes, 1945-1953*, M.A.-verhandeling, Randse Afrikaanse Universiteit, 1983, p. 27.
51. Union of South Africa, *Native (Urban Areas) Act of 1923 (Act 21 of 1923)*, pp. 144, 146; J.S. Allison, Urban native legislation, *Race Relations* 7(4), November 1940, p. 58; W.H. van Schalkwyk, *Die beleid van die Suid-Afrikaanse regering ten opsigte van die stedelike swartes, 1945-1953*, M.A.-verhandeling, Randse Afrikaanse Universiteit, 1983, p. 28.



© University of Pretoria

Die 1923-wet het die nodige masjinerie in werking gestel wat vir "goeie en voldoende" swart stedelike behuising voorsiening sou gemaak het, mits dit outomaties oor die hele Unie van krag sou gewees het. Omdat die betrokke partye nie positief op die wetgewing gereageer het nie, het dit nie die nodige en gewenste uitwerking gehad nie. Die stedelike plaaslike owerhede was baie traag om die verantwoordelikhede aan hulle opgedra, te aanvaar deur die Wet op hulle gebiede van toepassing te maak. Vir 'n hele aantal jare is die magte verleen aan stedelike plaaslike owerhede vir die daarstelling van swart stedelike behuising weinig gebruik. Die steeds toenemende getal stedelike swartes sou ook nie die druk op stedelike plaaslike owerhede aangaande die verskaffing van behuising verlig nie. Die Minister van Naturellesake het nie die magte tot sy beskikking toegepas om stedelike plaaslike owerhede te dwing om die Wet deur te voer nie, maar gehoop om deur 'n beleid van oorreding stedelike plaaslike owerhede oor te haal om hulle verpligtinge na te kom. Redes vir die traagheid van die stedelike plaaslike owerhede was onder meer onvoldoende finansiële bronne; die vrees dat hulle hulleself met talle verpligtinge sou oorlaai; die feit dat swartes as tydelike stedelinge beskou is; en die opvatting dat instromingsbeheer nie werklik haalbaar is nie. Waar stedelike plaaslike owerhede wel positief op die wetgewing gereageer het, was verbeterings in die swart behuisingstoestand sigbaar, maar dan het stedelike swartes dit weer moeilik gevind om vir die verbeterde huisvesting wat op 'n ekonomiese basis bedryf is, te betaal. Om die huur te kon bybring, is subhuurders ingeneem en spoedig was oorvol huise en krotbuurtes weer eens die reël en nie die uitsondering nie. Stedelike plaaslike owerhede het ook groot verliese gely. Gevolglik is swart behuising agterweë gelaat en is plakkery en krotbuurttoestande in baie gevalle oogluikend toegelaat.[52]

Wetswysigings en beleidsaanpassings los nie probleme op nie, 1930-1938

Die toestroming van swartes, veral swart vroue, na die stede; die swak finansiële posisie van stedelike swartes; en die gebrek aan fondse aan die kant van die stedelike plaaslike owerhede om die wetsbepalings ten opsigte van behuisingsverskaffing, -finansiering en instromingsbeheer deur te voer, het die inherente swakhede van die 1923-wet ontbloot. Voorts het die optrede van die sentrale owerheid en blanke vakbonde stedelike plaaslike owerhede finansieel en administratief gekniehalter. Die sentrale regering het geweier om die inkomste verkry uit swart belastings aan die stedelike plaaslike owerhede oor te betaal wat vir krotbuurtopruimings en behuisingskemas gebruik kon word. Blanke vakbonde het

---

52. W.J.S. Coetzee, *Die ekonomiese aspekte van naturellebehuising in Suid-Afrika*, M.A.-verhandeling, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, 1954, p. 67; L. Callinicos, *A people's history of South Africa II. Working life: Factories, townships and popular culture on the Rand, 1886-1940*, p. 72; J.D.R. Jones & A.L. Saffery, Social and economic conditions of native life in the Union of South Africa, *Bantu Studies* 8(1), March 1934, p. 93; E. Hellmann & L. Abrahams (eds), *Handbook on race relations in South Africa*, pp. 233, 242; P. Smit & J.J. Booysen, *Swart verstedeliking. Proses, patroon en strategie*, p. 39; P. Morris, *A history of black housing in South Africa*, p. 16; H.J. van Eck, *Report of housing committee on the state and the housing situation*, p. 12; D.L. Smit, *Verslag van die interdepartementele komitee in sake die maatskaplike, ekonomiese en gesondheidstoestande van naturelle in stedelikegebiede*, par. 104, p. 9; W.H. van Schalkwyk, *Die beleid van die Suid-Afrikaanse regering ten opsigte van die stedelike swartes, 1945-1953*, M.A.-verhandeling, Randse Afrikaanse Universiteit, 1983, p. 28.


© University of Pretoria

geweier dat swart bouers vir die oprigting van huise in swart woonbuurtes gebruik word wat boukostes opgestoot het. Die sentrale regering was ook onwillig om pasregistrasies aan stedelike plaaslike owerhede te oorhandig. Al hierdie tekortkominge en versuim het die regering oorgehaal om wysigings deur te voer met die *Naturelle (Stadsgebiede) Wet, 1923, Wysigingswet van 1930*.[53]

Artikel 18 van die 1930-wysigingswet was daarop gemik om die swak verblyftoestande in swart stedelike gebiede, onder meer weens die inneem van subhuurders, te verbeter. Stedelike plaaslike owerhede is gemagtig om finansiële uitgawes aan te gaan om wonings weens swak gesondheidstoestande af te keur, te ontruim en af te breek, mits die stedelike plaaslike owerhede aan die ontruimde swartes alternatiewe huisvesting of kompensasie kon verskaf.[54] Laasgenoemde voorwaarde het die finansiële verpligtinge van stedelike plaaslike owerhede verhoog en hulle dikwels van optrede weerhou.

Die 1930-wet het vir strenger instromingsbeheer voorsiening gemaak deur die wysigings van Artikels 8, 12 en 17. Die doel was om die swart stedelike teenwoordigheid te beperk tot die arbeidsbehoeftes van die betrokke stedelike gebied. Hiervolgens kon swartes wat in die stedelike gebiede gewoon, maar nie gewerk het nie, gedwing word om rekenskap van hulle teenwoordigheid te gee en hulle kon dan uit dié gebiede verwyder word indien daar gevind is dat hierdie swartes ’n “idle, dissolute or disorderly”[55] bestaan gevoer het. Strenger beheer is oor die instroming van swart vrouens deur die uitreiking van goedkeuringsertifikate uitgeoefen.[56]

Ten spyte daarvan dat strenger instromingsbeheer toegepas kon word, is dit nie gedoen nie en is die instroming van swartes na stedelike gebiede dus nie beheer en gereguleer nie. Daarom het die stroom swartes na die stede gedurende die dertigerjare steeds toegeneem. Die swart stedelike bevolking is ook

---

53. A. Wessels & M.E. Wentzel, *Die invloed van relevante kommissieverslae sedert Uniewording op regeringsbeleid ten opsigte van swart verstedeliking en streekontwikkeling*, p. 27; P. Smit & J.J. Booysen, *Swart verstedeliking. Proses, patroon en strategie*, p. 23; J.P.C. Mostert, *Die politieke, maatskaplike en ekonomiese implikasies van die swart verstedeliking in Suid-Afrika, 1939-1948*, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1986, p. 47; W.H. van Schalkwyk, *Die beleid van die Suid-Afrikaanse regering ten opsigte van die stedelike swartes, 1945-1953*, M.A.-verhandeling, Randse Afrikaanse Universiteit, 1983, p. 29; E. Koch, “Without visible means of subsistence”: Slumyard culture in Johannesburg 1918-1940, *in* B. Bozzoli (ed.), *Town and countryside in the Transvaal: Capitalist penetration and popular response*, p. 153; P. Wilkinson, Housing policy in South Africa, *Habitat International* 22(3), 1998, p. 218; L. Torr, Lamontville: A history, 1930-1960, *in* P. Maylam, & I. Edwards (eds), *The people's city: African life in twentieth-century*, p. 251; P. Maylam, The rise and decline of urban apartheid in South Africa, *African Affairs* 89, 1990, pp. 75-76.
54. Union of South Africa, *Natives (Urban Areas)Act, 1923 Amendment Act, 1930 (Act 25 of 1930)*, pp. 196, 198.
55. Union of South Africa, *Natives (Urban Areas)Act, 1923 Amendment Act, 1930 (Act 25 of 1930)*, p. 186.
56. Union of South Africa, *Natives (Urban Areas)Act, 1923 Amendment Act, 1930 (Act 25 of 1930)*, pp. 186, 188, 190, 192, 196; J.S. Allison, Urban native legislation, *Race Relations* 7(4), November 1940, p. 58; J.P.C. Mostert, *Die politieke, maatskaplike en ekonomiese implikasies van die swart verstedeliking in Suid-Afrika, 1939-1948*, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1986, pp. 52-53; W.H. van Schalkwyk, *Die beleid van die Suid-Afrikaanse regering ten opsigte van die stedelike swartes, 1945-1953*, M.A.-verhandeling, Randse Afrikaanse Universiteit, 1983, p. 29; R. Haines & G. Buijs (eds), *The struggle for social and economic space: Urbanization in twentieth century South Africa.* Institute for Social and Economic Research. Special publication number 3, p. 52; P. Maylam, *South Africa's racial past: The history and historiography of racism, segregation and apartheid*, p. 152.


© University of Pretoria

verder deur natuurlike aanwas vergroot. Behuisingskrisisse was in swart stedelike woonbuurtes aan die orde van die dag en plakkerskampe het soos paddastoele verrys. Die finansiële druk op stedelike plaaslike owerhede is hierdeur verhoog. Blankes het toenemend begin aandring op die beperking van swart toegang tot die "blanke" stede. Om hierdie rede is die Young-Barrett-komitee in 1935 aangestel om die verblyf van swartes in stedelike gebiede te ondersoek en aanbevelings te maak betreffende doeltreffender instromingsbeheer, wat met die arbeidsbehoeftes sou rekening hou, en die behuisingsverskaffing- en finansieringslas van die stedelike plaaslike owerhede sou verlig.[57]

Die hoofoorsaak vir die haglike woontoestande was volgens die Komitee die ekonomiese en finansiële las van behuising op sowel stedelike swartes as die stedelike plaaslike owerhede. Weens die lae lone wat swartes ontvang het, kon hulle nie higiëniese huisvesting, wat teen 'n ekonomiese huur beskikbaar was, bekostig nie. Hierdie onvermoë van stedelike swartes om 'n ekonomiese huur te betaal en die gevolglike verliese wat deur stedelike plaaslike owerhede met swart stedelike behuisingskemas gely is, het stedelike plaaslike owerhede huiwerig gemaak om swart stedelike huisvesting aan te pak wat behuisingstekorte verder in die hand gewerk het. Die Komitee was voorts van mening dat daar besef moes word dat die verskynsel van swart verstedeliking nie buitengewoon was nie. Dit was slegs die resultaat van ekonomiese kragte en van die vraag na arbeid. Die realiteit van permanente swart stedelinge moes erken word en daar moes wat behuising betref 'n onderskeid getref word op grond van die verblyfsduur van swart stedelike werkers (trekarbeiders teenoor meer gevestigde, permanente, swart stedelike werkers). Hierdie uitspraak van die Komitee was totaal strydig met die regeringsbeleid, maar gegrond op getuienis ingewin van die meerderheid stedelike plaaslike owerhede wat regeringsbeleid ideologies en teoreties ondersteun het, maar met die praktiese en realistiese uitvoering daarvan — die verwydering van oortollige stedelike swartes — probleme ondervind het. Verstedeliking kon dus nie gekeer of omgekeer word nie, maar die arbeidsvloei na die stede sou beheer en gerig móés word. Dit sou armoede verminder en die druk op stedelike plaaslike owerhede vir die verskaffing en finansiering van behuising aan die steeds toenemende getal stedelike swartes verlig.[58]

Die sentrale owerheid het reeds voor die bevindinge van die Komitee (en daarna) wysigings in behuisingswetgewing aangeneem en beleidsaanpassings gedoen wat die finansiële las van behuising en

57. A. Wessels & M.E. Wentzel, *Die invloed van relevante kommissieverslae sedert Uniewording op regeringsbeleid ten opsigte van swart verstedeliking en streekontwikkeling*, p. 36; J.P.C. Mostert, *Die politieke, maatskaplike en ekonomiese implikasies van die swart verstedeliking in Suid-Afrika, 1939-1948*, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1986, pp. 56-57; W.H. van Schalkwyk, *Die beleid van die Suid-Afrikaanse regering ten opsigte van die stedelike swartes, 1945-1953*, M.A.-verhandeling, Randse Afrikaanse Universiteit, 1983, p. 30.
58. A. Wessels & M.E. Wentzel, *Die invloed van relevante kommissieverslae sedert Uniewording op regeringsbeleid ten opsigte van swart verstedeliking en streekontwikkeling*, pp. 36-39; P. Morris, *A history of black housing in South Africa*, p. 29; J.P.C. Mostert, *Die politieke, maatskaplike en ekonomiese implikasies van die swart verstedeliking in Suid-Afrika, 1939-1948*, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1986, p. 58; P. Maylam, Explaining the apartheid city: 20 years of South African urban historiography, *Journal of Southern African Studies* 21(1), Special issue: Urban studies and urban change in Southern Africa, March 1995, p. 30.


© University of Pretoria

die verliese wat gely is, sou kon verlig. Die vernaamste beleidsaanpassing was om fondse vir subekonomiese huisvesting, wat van 1930 net vir verarmde blankes en kleurlinge beskikbaar was, onder spesiale omstandighede van 1 Januarie 1935 af op stedelike swartes van toepassing te maak. Hierdie spesiale omstandighede hou met die aanvaarding van die *Slumswet van 1934* verband. Dié wet het nie die opruiming van krotbuurttoestande in swart woonbuurtes ingesluit nie, maar slegs opruiming van krotbuurtes in die "blanke" gedeelte van stede, gewoonlik die middestad waar swartes, kleurlinge, Indiërs en blankes deurmekaar in swak higiëniese toestande gewoon het. Residensiële segregasie kon dus onder die voorwendsel van openbare gesondheidsorg toegepas word. 'n Voorwaarde vir die opruiming van krotbuurtes was dat alternatiewe huisvesting verskaf moes word. Stedelike plaaslike owerhede het gewoonlik nie oor voldoende finansiële bronne beskik om alle rassegroepe van alternatiewe huisvesting te voorsien nie en het voorkeur aan blanke kiesers en belastingpligtiges gegee. Dikwels was die enigste uitweg vir die ontruimde swartes om hulle in ander krotbuurtes te gaan huisves. Om hierdie situasie te beredder, is in 1934 besluit dat waar huisvesting vir swartes binne die stedelike gebied opgerig moes word vanweë die opruiming van 'n krotbuurt sodanige behuisingskemas uit subekonomiese lenings gefinansier kon word. Dit is egter baie duidelik gestel dat behuisingskemas vir stedelike swartes wat vanweë die gewone en normale vraag na behuising onderneem is steeds uit ekonomiese lenings gefinansier moes word. Fondse vir subekonomiese huisvesting is eers in 1936 ten volle na swart stedelike huisvesting uitgebrei.[59]

Subekonomiese behuisingskemas impliseer dus dat daar ten opsigte van behuising 'n verlies gely moet word. Hierdie verlies is deur sowel die sentrale owerheid as die stedelike plaaslike owerhede gedra, maar in verskillende verhoudings. Die sentrale owerheid het die grootste gedeelte van die verlies gedra deurdat die regering op elke swart huis wat gebou is, 'n jaarlikse subsidie betaal het. Stedelike plaaslike owerhede het self 'n verlies deur die vasstelling van lae huurgelde gedra. Gedurende 1930-1936 was hierdie verlies gelykstaande aan die verlies van die staat. Ten einde stedelike plaaslike owerhede met hulle subekonomiese behuisingskemas aan te moedig, is in November 1936 besluit dat die stedelike plaaslike owerhede 'n verlies gelykstaande aan die helfte van die verlies van die sentrale regering sou

59. W.J.S. Coetzee, *Die ekonomiese aspekte van naturellebehuising in Suid-Afrika*, M.A.-verhandeling, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, 1954, pp. 60-61, 67-68; E. Hellmann & L. Abrahams (eds), *Handbook on race relations in South Africa*, pp. 242-243; Central Housing Board, Housing in urban native areas, *Race Relations Journal*, November 1940, p. 63; P.H. Gúenault & R.J. Randall, Urban native housing in South Africa, *Race Relations Journal*, November 1940, pp. 75, 79; P.H. Connell, *Sub-economic housing practice in South Africa*, pp. 3, 26-27; P. Morris, *A history of black housing in South Africa*, p. 24; M.D.A. Baldocchi, *Survey of housing practice in the Union of South Africa*, pp. 31-33, 66, 86; South African Institute of Race Relations, Evidence submitted to the Native Laws Commission of Enquiry I: Urban areas, *Race Relations* 14(2), 1947, p. 30; H.J. van Eck, *Report of housing committee on the state and the housing situation*, p. 23; I. du Plessis, Johannesburg's model white housing scheme, then and now (1937-2010): Statecraft, street life and the sources of the social imaginary, Seminar delivered at the Department of Sociology, University of Pretoria, 15 April 2010, pp. 10, 15; B. Freund, *The African city: A history*, p. 114; P. Maylam, *South Africa's racial past: The history and historiography of racism, segregation and apartheid*, p. 159; B. Taylor, *Controlling the burgeoning masses: Removals and residential developments in Port Elizabeth's black areas, 1900s-1990*, p. 53; P. Maylam, The rise and decline of urban apartheid in South Africa, *African Affairs* 89, 1990, p. 66; S.M. Parnell, Shaping a racially divided society: State housing policy in South Africa, 1920-1950, *Environment and Planning C: Government and Policy* 7, 1989, pp. 261, 265-267.


© University of Pretoria

dra. Hierdie formule is tot 1944 gevolg. Die gedwonge verlies deur die stedelike plaaslike owerhede moes gemaak word sodat die huurgeld op 'n subekonomiese vlak vasgestel kon word wat swartes uit hulle geringe inkomste kon betaal. Die verlies wat gely is, het gevolglik neergekom op die verskil tussen die minimum ekonomiese huur en die maksimumbedrag wat deur die huurder betaal kon word.[60]

Ten spyte van die voorsiening wat van regeringskant vir die leen van subekonomiese fondse vir die bou van swart stedelike woonbuurtes gemaak is, het relatief min stedelike plaaslike owerhede van hierdie finasieringsfasiliteit gebruik gemaak. In 1937 het 36 stedelike plaaslike owerhede huislenings by die regering onder die subekonomiese leningskema aangegaan. Dit was weliswaar 'n verhoging teenoor 1927 toe slegs agttien stedelike plaaslike owerhede ekonomiese lenings aangegaan het, maar beoordeel teen die omvang van die behuisingsnood was dit steeds net 'n druppel aan die emmer. Dit moet in gedagte gehou word dat die meerderheid van hierdie stedelike plaaslike owerhede dié geld vir die opruiming van veelrassige krotbuurtes, waar hulle tot die hervestiging van ontruimde swartes verplig was, aangewend het, en dus nie hierdie finansiële rugsteuning na behore gebruik het nie.[61] Die Smit-komitee[62] het in 1942 hierdie tendens bevestig deur in sy verslag te meld dat slegs 41 (15%) stedelike plaaslike owerhede, insluitende sestien van die groter sentra, om subekonomiese befondsing aansoek gedoen het, terwyl die behuisingsnood teen 'n geweldige spoed en omvang toegeneem het. Daar was inderwaarheid 267 erkende swart woonbuurtes waarvoor aansoek gedoen kon word.[63]

Daar was onteenseglik 'n beperking op die hoeveelheid geld wat die regering vir subekonomiese lenings beskikbaar kon stel, maar dit was nie die hoofoorsaak vir die neiging dat so baie stedelike plaaslike owerhede nie hierdie finansiële hulpverlening na behore benut het nie. Apatie was onbetwisbaar 'n belangrike rede, heel waarskynlik weens die onsekerheid en teenstrydigheid betreffende die status van en beleid teenoor stedelike swartes — aan die een kant was stedelike swartes veronderstel om 'n tydelike

---

60. W.J.S. Coetzee, *Die ekonomiese aspekte van naturellebehuising in Suid-Afrika*, M.A.-verhandeling, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, 1954, pp. 51, 60-61, 68; E. Hellmann & L. Abrahams (eds), *Handbook on race relations in South Africa*, p. 243; Central Housing Board, Housing in urban native areas, *Race Relations Journal*, November 1940, pp. 63-64; P.H. Connell, *Sub-economic housing practice in South Africa*, pp. 3, 45; M.D.A. Baldocchi, *Survey of housing practice in the Union of South Africa*, p. 86; W. Bührmann, Behuising van die stedelike naturel, *Tydskrif vir Rasse-Aangeleenthede* 8(4), Julie 1957, p. 197; South African Institute of Race Relations, Evidence submitted to the Native Laws Commission of Enquiry I: Urban areas, *Race Relations* 14(2), 1947, p. 30; G.A. Brand, *Administratiewe vraagstukke in verband met die stadsnaturel*, M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1957, p. 37; H.J. van Eck, *Report of housing committee on the state and the housing situation*, p. 23; D.L. Smit, *Verslag van die interdepartementele komitee in sake die maatskaplike, ekonomiese en gesondheidstoestande van naturelle in stedelikegebiede*, par. 168, p. 14 & par. 170, p. 15; W.H. van Schalkwyk, *Die beleid van die Suid-Afrikaanse regering ten opsigte van die stedelike swartes, 1945-1953*, M.A.-verhandeling, Randse Afrikaanse Universiteit, 1983, p. 170.
61. D. Welsh, The growth of towns, *in* M. Wilson & L.M. Thompson (eds), *The Oxford history of South Africa II: South Africa, 1870-1966*, p. 235; T.R.H. Davenport, African townsmen? South African *Natives (Urban Areas)* legislation through the years, *African Affairs* 68(271), April 1969, p. 100; South African Institute of Race Relations, Evidence submitted to the Native Laws Commission of Enquiry I: Urban areas, *Race Relations* 14(2), 1947, pp. 30-31; P. Morris, *A history of black housing in South Africa*, p. 29; D.L. Smit, *Verslag van die interdepartementele komitee in sake die maatskaplike, ekonomiese en gesondheidstoestande van naturelle in stedelikegebiede*, par. 173, p. 15; E. Hellmann & L. Abrahams (eds), *Handbook on race relations in South Africa*, p. 244.
62. Interdepartementele komitee, onder voorsitterskap van die Sekretaris van Naturellesake — mnr. D.L. Smit, wat gedurende 1941-1942 die maatskaplike, ekonomiese en gesondheidstoestande van swartes in stedelike gebiede ondersoek het.
63. D.L. Smit, *Verslag van die interdepartementele komitee in sake die maatskaplike, ekonomiese en gesondheidstoestande van naturelle in stedelikegebiede*, par. 173, p. 15.


© University of Pretoria

verskynsel in "blanke" stedelike gebiede te wees en aan die ander kant was daar die oproep tot verantwoordelikheid en die aanvaarding van die finansiële verpligtinge vir die verskaffing van permanente swart stedelike huisvesting. 'n Aanverwante rede was die gebrek aan wilskrag om die probleem te takel wat teweeggebring is deur dekades van beplannings- en optredeversuim en die toenemende vraag na behuising van die steeds groeiende swart stedelike bevolking. Die swak finansiële posisie van baie stedelike plaaslike owerhede en die voorskrif dat die stedelike plaaslike owerhede die inisiatief met aansoeke by die Sentrale Woningsraad moes neem, het ook tot die nie-benutting van regeringshulp bygedra.[64]

Die sentrale owerheid het op die bevindinge van die Young-Barrett-komitee gereageer deur wysigings in verstedelikingswetgewing aan te neem. Die *Wet tot Wysiging van die Wette op Naturelle van 1937* het ten doel gehad om die finansiële las van swart stedelike behuising verder te verlig en ook om beheermaatreëls daar te stel om die toegang van swartes tot stedelike gebiede verder te beperk.[65]

Volgens die 1937-wet kon die brou en verkoop van sorghumbier onder sekere omstandighede slegs deur die munisipaliteit self onderneem word.[66] Hierdie stelsel het as die munisipale monopoliestelsel bekend gestaan en het tot 'n toename in munisipale biersale gelei. Die geld hieruit afkomstig kon gebruik word om die Swart Inkomsterekeninge aan te vul en om koste ten opsigte van subekonomiese behuisingskemas te delg, wat die finansiële las op die stedelike plaaslike owerhede in 'n geringe mate kon verlig het. Swart stedelinge het sodoende op indirekte wyse, benewens die huur wat hulle betaal het, deur die koop van bier 'n verdere finansiële bydrae tot hulle huisvesting gelewer. Ernstige wanpraktyke het as gevolg van hierdie bepaling kop uitgesteek. Van die stedelike plaaslike owerhede het die prys van bier geweldig verhoog ten einde fondse vir die Swart Inkomsterekeninge te bekom om op hierdie wyse hulle finansiële las ten opsigte van swart behuising te probeer beredder. Sommige stedelike plaaslike owerhede het ook die winste uit sorghumbierverkope gebruik om die Algemene Inkomsterekeninge aan te vul. Hierdie optrede het eintlik beteken dat swartes uit hulle karige inkomste tot die uitgawes van blankes moes bydra. Die regering het in 1944 die bepaling dat biersaalwinste vir subekonomiese behuisingskemas gebruik kon word, gewysig. Hiervolgens moes die geld afkomstig van bierverkope apart van die Swart Inkomsterekeninge, in afsonderlike subrekeninge — die Biersubrekeninge — geplaas word. Bierverkopegeld kon slegs vir die maak en verkoop van bier, die verbetering van sosiale en ontspanningsgeriewe vir swartes, en die bevordering van hulle algemene

64. South African Institute of Race Relations, Evidence submitted to the Native Laws Commission of Enquiry I: Urban areas, *Race Relations* 14(2), 1947, p. 30; P. Morris, *A history of black housing in South Africa*, p. 30; D.L. Smit, *Verslag van die interdepartementele komitee in sake die maatskaplike, ekonomiese en gesondheidstoestande van naturelle in stedelikegebiede*, para. 172 & 174, p. 15; E. Hellmann & L. Abrahams (eds), *Handbook on race relations in South Africa*, pp. 233, 242, 244.
65. Union of South Africa, *Native Laws Amendment Act of 1937 (Act 46 of 1937)*, pp. 674, 676, 678, 690, 692, 694, 696, 698, 700, 702, 710, 712, 718.
66. Union of South Africa, *Native Laws Amendment Act of 1937 (Act 46 of 1937)*, Article 25, pp. 710, 712.


© University of Pretoria

sosiale welsyn gebruik word. Uitgawes ten opsigte van sub-ekonomiese behuisingskemas kon nie meer van biersaalverkope verhaal word nie. Wysigings in 1945 en 1946 het stedelike plaaslike owerhede wel toegelaat om lenings- en rentebetalings vir subekonomiese behuisingskemas uit biergeldverkopegeld te befonds, mits die behuisingskemas voor die 1944-wysiging goedgekeur is.[67]

Ander bepalings van die 1937-wet was ook daarop gemik om die finansiële las op die stedelike plaaslike owerhede te verlig. Werkgewers kon byvoorbeeld hulle werknemers se huur van hulle lone aftrek, mits die huurbedrag nie meer as 25% van die loon beloop het nie. Swartes wat in gebreke gebly het om huur of ander gelde te betaal, se eiendom kon van die persele verwyder en verkoop word om onkoste en skuld te delg.[68]

Slegs elf stedelike plaaslike owerhede het teen 1937 beperkingsmaatreëls op die binnekoms van swartes met bevredigende resultate toegepas. Die argument wat hierdie stedelike plaaslike owerhede ten gunste van die toepassing van instromingsbeheer aangevoer het, was die verpligting op hulle om instromende swartes teen subekonomiese huurgelde te huisves. Ten einde die versuim en traagheid van stedelike plaaslike owerhede om onbeheerde swart verstedeliking teen te werk, uit te skakel, het die 1937-wet die regering gemagtig om in te gryp en om "oorbodige" en "oortollige" swartes uit die stede te verwyder. Stedelike plaaslike owerhede moes deur verpligte tweejaarlikse sensusopnames aan die regering naamlyste van swartes, wat na swart gebiede volgens die *Naturelletrust en -Grond Wet van 1936*[69] verwyder moes word, verskaf. Verder kon die toegang van swartes om in die betrokke gebied werk te soek of te woon, verbied word indien daar 'n arbeidsurplus was en indien die stedelike plaaslike owerhede daarom aansoek gedoen het. Die inbring van "vreemde swartes"[70] in stedelike gebiede is ook, met enkele uitsonderings, verbied. Swartes wat werk gesoek het, het slegs veertien dae tot hulle beskikking gehad, voordat hulle die gebied moes verlaat het, en 'n stelsel van arbeidsburo's is in die vooruitsig gestel ten einde die korrekte verhouding tussen arbeidsaanvraag en -aanbod te verseker.[71]

67. Union of South Africa, *Native Laws Amendment Act of 1937 (Act 46 of 1937)*, Article 25, pp. 710, 712; T.R.H. Davenport, The triumph of colonel Stallard: The transformation of the *Natives (Urban Areas) Act* between 1923 and 1937, *South African Historical Journal* 2, November 1970, pp. 89 & 90; E. Hellmann & L. Abrahams (eds), *Handbook on race relations in South Africa*, pp. 235, 260-261; W.J.S. Coetzee, *Die ekonomiese aspekte van naturellebehuising in Suid-Afrika*, M.A.-verhandeling, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, 1954, pp. 81-82; P.H. Gúenault & R.J. Randall, Urban native housing in South Africa, *Race Relations Journal*, November 1940, p. 82; P. Morris, *A history of black housing in South Africa*, pp. 25-26, 33, 34; B.S. van As, Bantoebehuising — belangrike aspekte, *Bantoe* 1, Januarie 1957, p. 24; D. Welsh, The growth of towns, *in* M. Wilson & L.M. Thompson (eds), *The Oxford history of South Africa II: South Africa, 1870-1966*, p. 233; South African Institute of Race Relations, Evidence submitted to the Native Laws Commission of Enquiry I: Urban areas, *Race Relations* 14(2), 1947, p. 31; W.H. van Schalkwyk, *Die beleid van die Suid-Afrikaanse regering ten opsigte van die stedelike swartes, 1945-1953*, M.A.-verhandeling, Randse Afrikaanse Universiteit, 1983, p. 174; R.E. Phillips, *The Bantu in the city*, p. 87.
68. Union of South Africa, *Native Laws Amendment Act of 1937 (Act 46 of 1937)*, Article 15, pp. 686, 688.
69. Unie van Suid-Afrika, *Naturelletrust en -Grond Wet (Wet 18 van 1936)* (Kaapstad, 1936).
70. In hierdie verband verwys "vreemde swartes" na swartes van buite die Unie van Suid-Afrika, Suidwes-Afrika, Basoetoeland, Bechuanaland of Swaziland.
71. Union of South Africa, *Native Laws Amendment Act of 1937 (Act 46 of 1937)*, pp. 674, 676, 678, 690, 692, 694, 696, 698, 700, 702, 718; A. Wessels & M.E. Wentzel, *Die invloed van relevante kommissieverslae sedert Uniewording op regeringsbeleid ten opsigte van swart verstedeliking en streekontwikkeling*, pp. 28, 40; T.R.H. Davenport, The triumph of colonel Stallard: The transformation of the *Natives (Urban Areas) Act* between 1923 and 1937, *South African Historical Journal* 2, November 1970, pp.



© University of Pretoria

Volgens Artikel 29 kon die Minister enige stedelike plaaslike owerheid wat nalaat om bepalings van die 1937-wet deur te voer, verplig om dit te doen.[72] Hierdie mag is nogtans selde, indien ooit, deur die betrokke minister toegepas.

Teen die einde van die 1930's het die stadsgebiedewetgewing (1923, 1930, 1937) dus vier administratiewe meganismes tot die beskikking van stedelike plaaslike owerhede gestel om die binnekoms van swartes na stedelike gebiede te beheer en die beweging van swartes binne stedelike gebiede te reguleer. Dit het die volgende ingesluit: i) die registrasie van arbeids-/dienskontrakte tussen werkgewers en werkers; ii) die uitreik van permitte aan swartes om stedelike gebiede te betree en werk te soek; iii) instromingsbeheermaatreëls en -magte om swartes uit stedelike gebiede te verwyder; en iv) die vrystelling van sekere swartes van die passtelsel, uitgereik volgens die diskresie van die Departement van Naturellesake.[73]

Alhoewel hierdie wetgewing die begin was van daadwerklike instromingsbeheer en die regulering van arbeidsaanvraag en -aanbod, was dit weer eens 'n geval van effektiewe beleidmaking, maar passiewe en trae uitvoering van die Wet. Dit was duidelik dat weerstand en huiwering deur stedelike plaaslike owerhede parlementêre beleid kon kortwiek. In 1938 is wel arbeidsensusse gehou, maar stedelike plaaslike owerhede was huiwerig om aan te dui dat daar wel oortollige swartes was. Die ingesteldheid van die stedelike plaaslike owerhede jeens hierdie arbeidsensusse het dikwels 'n apatiese en soms ook kleinlike houding teenoor die swart verstedelikings- en behuisingskrisis weerspieël. Die koste van die sensus het byvoorbeeld 'n strydpunt geword en selfs nadat die regering ingestem het om van die koste van die sensus te dra, is 'n mosie tydens 'n nasionale munisipale konferensie in September 1937 aanvaar waarin die regering gevra is om alle koste te dra of om stedelike plaaslike owerhede toe te laat om die totale koste van die sensus teen die Swart Inkomsterekeninge af te skryf. Die stedelike plaaslike owerhede was ook baie traag en versigtig om streng instromingsbeheer toe te pas. Teen 1939 het slegs 205 (45%) van die 455 stedelike plaaslike owerhede instromingsbeheermaatreëls toegepas. Deur nie die getal stedelike swartes binne hulle gebiede te beperk nie, het stedelike plaaslike owerhede bloot die finansiële druk weens die aandrang op meer en meer swart huisvesting op hulleself verder verhoog. Die rede vir hulle optrede was daarin geleë dat hulle nie die ontwikkeling van industrieë, afhanklik van voldoende goedkoop swart arbeid in hulle gebiede, wou ontmoedig nie. In hierdie tydperk was daar

---

89-90; J.D.R. Jones & H.S. Bloom, Natives in urban areas, The *Natives (Urban Areas) Act, 1923* as amended by *Acts 25 of 1930 and 46 of 1937* paraphrased and analysed with comments, *Race Relations* 4(4), November 1937, p. 80; T.R.H. Davenport, *South Africa. A modern history*, Third edition, p. 338; G.A. Brand, *Administratiewe vraagstukke in verband met die stadsnaturel*, M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1957, p. 63; E. Hellmann & L. Abrahams (eds), *Handbook on race relations in South Africa*, p. 234; W.H. van Schalkwyk, *Die beleid van die Suid-Afrikaanse regering ten opsigte van die stedelike swartes, 1945-1953*, M.A.-verhandeling, Randse Afrikaanse Universiteit, 1983, pp. 30-32.

72. Union of South Africa, *Native Laws Amendment Act of 1937 (Act 46 of 1937)*, pp. 720, 722.

73. I. Evans, *Bureaucracy and race. Native administration in South Africa*, pp. 34-35, 59.



© University of Pretoria

toenemende industriële ontwikkelinge. Die Tweede Wêreldoorlogtydperk sou hierdie stand van sake net nog verder vererger.[74]

Die oorlogsjare en die nagevolge daarvan ontbloot die onmag van owerhede, wetsbepalings en beheermaatreëls, 1939-1948

Die behoefte aan oorlogs- en verbruikersgoedere gedurende die Tweede Wêreldoorlogsjare het tot geweldige industriële en ekonomiese ontwikkeling en tot 'n toename in produksie op veral die sekondêre nywerheidsgebied gelei. Dit het op sy beurt weer die vraag na al hoe meer ongeskoolde swart arbeiders in die stygende getal oorlogsverwante industrieë en in die verdedigingsektore die hoogte laat inskiet en swart toestroming na die stede, soos nog nooit tevore nie, aangemoedig en in die hand gewerk. Die regering het vanweë die oorlogspoging en verskerpte industrialisasie bykans geen geld te spaar gehad vir binnelandse en behuisingsbehoeftes nie en was dus genoodsaak om minder aan swart stedelike behuisingskemas te bestee. Alle moontlike kapitaal is gebruik om nuwe industrieë, wat wapentuig, uniforms en ander oorlogsvoorrade moes produseer, te subsidieer. Die toestroming van swartes; die finansiële eise van die oorlogspoging; asook die tekort aan bykans alle tipes boumateriaal vanweë die oorskakeling na oorlogsproduksie het die stedelike plaaslike owerhede totaal onverhoeds betrap, oorweldig, en magteloos en moedeloos gelaat. Beheer oor die verskaffing van boumateriaal is ingestel en gevolglik is munisipale behuisingsprogramme vir die duur van die oorlog opgeskort. Terselfdertyd het die lewenskoste vanweë die oorlog die hoogte ingeskiet sodat lone nie met die toename in voedselpryse kon tred hou nie. Ten spyte van 'n styging in hulle lone en die ontvang van 'n staatslewenskostetoelaag, het dit stedelike swartes met weinig fondse vir die betaal van huurgeld gelaat. Daar was in elk geval bitter min huisvesting beskikbaar wat gehuur kon word. Ten einde 'n betaalbare huur vir swart huisvesting vas te stel, is die regering met steeds groter subsidie- en leningsverpligtinge en stygende verliese gelaat. Stedelike plaaslike owerhede se finansiële vermoë is uiters nadelig deur hierdie stand van sake beïnvloed. Hulle was genoodsaak om blanke stedelinge 'n deel van die verliese te laat dra wat tot hoër munisipale belastings op blanke stedelinge en toenemende ontevredenheid oor die bedenklike swart stedelike behuisingsituasie aanleiding gegee het.[75]

---

74. T.R.H. Davenport, *South Africa. A modern history*, Third edition, p. 338; A. Wessels & M.E. Wentzel, *Die invloed van relevante kommissieverslae sedert Uniewording op regeringsbeleid ten opsigte van swart verstedeliking en streekontwikkeling*, pp. 41-42; J.S. Rousseau, *Die politieke implikasies van swart verstedeliking in Suid-Afrika, 1939-1946*, M.A.-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1978, p. 15; T.R.H. Davenport, The triumph of colonel Stallard: The transformation of the *Natives (Urban Areas) Act* between 1923 and 1937, *South African Historical Journal* 2, November 1970, p. 94; E. Hellmann & L. Abrahams (eds), *Handbook on race relations in South Africa*, p. 241; W.H. van Schalkwyk, *Die beleid van die Suid-Afrikaanse regering ten opsigte van die stedelike swartes, 1945-1953*, M.A.-verhandeling, Randse Afrikaanse Universiteit, 1983, pp. 30-31.

75. J.P.C. Mostert, Behuisingsprobleme van die verstedelikte swarte in Suid-Afrika, 1939-1948, *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 12(3), Desember 1987, pp. 30, 38-39, 41-44, 50; J.S. Rousseau, *Die politieke implikasies van swart verstedeliking in Suid-Afrika, 1939-1946*, M.A.-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1978, p. 16; E. Hellmann & L. Abrahams (eds), *Handbook on race relations in South Africa*, pp. 239, 344; L. Thompson, *A history of South Africa*, p. 179; B.S. van As, *Stedelike naturellebehuising in Wes-Kaapland I*, M.A.-verhandeling, Universiteit van Stellenbosch, 1955, p. v; P. Morris, *A history of black housing in South Africa*, pp. 24, 31; T.R.H. Davenport, *South Africa. A modern history*, Third edition, pp. 308, 512; P.H. Connell



© University of Pretoria

Die toenemende industrialisasie vir die oorlogspoging het stedelike plaaslike owerhede onnadenkend laat optree en die swart stedelike behuisingsnood vererger. Baie stedelike plaaslike besture het alles in hulle vermoë gedoen om nyweraars na hulle gebiede te lok: goedkoop en voldoende water, persele, en baie belangrik, volop goedkoop swart arbeiders is as lokaas gebruik. Die stedelike plaaslike owerhede, baie gretig om in die voordele van toenemende nywerheidsontwikkeling te deel, het hulle nie veel bekommer oor waar en hoe die volop swart arbeiders aangebied vir die nyweraars gehuisves moes word nie.[76]

Die enigste wyse waarop behuisingstekorte hanteer kon word, naamlik deur die getal swartes binne die stede te beperk en te reguleer, is, ten spyte daarvan dat effektiewe instromingsbeheermaatreëls reeds in plek was, nie toegepas nie. Stedelike plaaslike owerhede kon nie die kans waag om nywerheidsontwikkelaars te verloor deur nie 'n oorvloed goedkoop swart arbeid onmiddellik beskikbaar te hê nie. Instromingsbeheermaatreëls is daarom meestal doelbewus verslap. Baie individue het ook in die versnelde swart verstedeliking en die behoefte aan huisvesting 'n manier gesien om geld te maak deur privaatgrond naby stedelike gebiede aan swartes te verhuur of te verkoop. Spoedig het plakkerstoestande in dié gebiede geheers. Die sentrale en plaaslike owerhede was aanvanklik nie baie geneë om verantwoordelikheid vir dié krotbuurtes te aanvaar en hulle finansiële las verder te vergroot nie.[77]

Verskeie oorlogsnoodmaatreëls is wel aangeneem om die snelle en geweldige instroming te probeer temper. Swart mans moes 'n belastingheffing in die vorm van bykomende huurgeld op hulle vroue en heffings op hulle vee betaal. Treinvervoerbeperkinge is ook op instromende swartes gehef deurdat die vervoer van oorlogsmateriaal voorkeur bo passasiers of goedere gekry het en deurdat slegs 'n werkspermit spoorvervoer vir swartes gemagtig het. Die regulering van instromende swartes deur 'n stelsel van ontvangsdepots en arbeidsburo's is ingestel. Hierdie stelsel het die sentrale en stedelike plaaslike owerhede finansieel baie gekos, aangesien die swartes by die ontvangsdepots, in die onderskeie stede waar die stelsel in werking was, van slaap-, kook-, was- en sanitêre geriewe voorsien moes word.

---

*et al.*, *Native housing: A collective thesis*, pp. 167-168; L. Callinicos, *A people's history of South Africa III. A place in the city: The Rand on the eve of apartheid*, p. 33; J.P.C. Mostert, *Die politieke, maatskaplike en ekonomiese implikasies van die swart verstedeliking in Suid-Afrika, 1939-1948*, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1986, p. 85; P. Wilkinson, Housing policy in South Africa, *Habitat International* 22(3), 1998, p. 218.

76. N.J.J. Olivier, *Ons stedelike naturellebevolking*, pp. 5-6; J.P.C. Mostert, Owerheidshantering van die swart verstedelikingsproses gedurende die tweede Smutsbewind, *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 13(3), Desember 1988, p. 79; J.S. Rousseau, *Die politieke implikasies van swart verstedeliking in Suid-Afrika, 1939-1946*, M.A.-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1978, pp. 20-21; J.P.C. Mostert, Behuisingsprobleme van die verstedelikte swarte in Suid-Afrika, 1939-1948, *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 12(3), Desember 1987, p. 29; S.T. van der Horst, The African worker in urban areas, *Race Relations* 13(2), 1946, p. 23; W.H. van Schalkwyk, *Die beleid van die Suid-Afrikaanse regering ten opsigte van die stedelike swartes, 1945-1953*, M.A.-verhandeling, Randse Afrikaanse Universiteit, 1983, pp. 6, 156, 189.

77. T.R.H. Davenport, *South Africa. A modern history*, Third edition, pp. 308, 526; P. Smit & J.J. Booysen, *Swart verstedeliking. Proses, patroon en strategie*, p. 18; J.P.C. Mostert, Behuisingsprobleme van die verstedelikte swarte in Suid-Afrika, 1939-1948, *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 12(3), Desember 1987, p. 30; W.H. van Schalkwyk, *Die beleid van die Suid-Afrikaanse regering ten opsigte van die stedelike swartes, 1945-1953*, M.A.-verhandeling, Randse Afrikaanse Universiteit, 1983, p. 61.


© University of Pretoria

Tydelike hutte sou ook vir hulle opgerig word totdat permanente woonhuise vir hulle gebou kon word. Die meeste instromende swartes het hulle nie veel aan hierdie stelsel gesteur nie, wat dit in ’n groot mate laat misluk het. Geeneen van hierdie oorlogmaatreëls het werklik die situasie beredder nie. Indien die stroom swartes na die stede reeds by die reservate deur middel van ’n permitstelsel gereguleer (en selfs omgekeer) kon word, sou dit dalk vrugte kon afwerp. Die regering het gevoel dat dit die vryheid van swartes se beweging (léés die vryheid van beweging van swart arbeid) aan bande sou lê en dat dit onwenslik was.[78]

Die passtelsel is ook gedurende die oorlogsjare as ’n instromingsbeheermaatreël gebruik deurdat swartes nie sonder ’n pas die stadsgebiede mag betree het nie. As gevolg van die koste-implikasies van die toepassing van die passtelsel en swart ontevredenheid is in 1940 ’n begin gemaak met die vrystelling van sekere stedelike swartes van die paswetverpligtinge. Spesifieke verslappingsmaatreëls is in Mei 1942 aangekondig, maar die verslapping in pasmaatreëls het ’n grootskaalse nie-registrasie by arbeidskantore van swartes tot gevolg gehad. Hierdie beheermaatreël kon dus ook nie konsekwent en sonder komplikasies toegepas word nie en was buitendien nie in die Kaapprovinsie van toepassing nie.[79]

In 1944 is ’n oorlogsmaatreël[80] uitgevaardig in ’n poging om verdere plakkery rondom stedelike gebiede te voorkom deurdat dit plakkery rondom stedelike gebiede verbied het. Desnieteenstaande het toenemende swart verstedeliking gedurende die oorlogsjare vanweë behuisingstekorte steeds tot grootskaalse plakkery rondom stede aanleiding gegee, soortgelyk aan die stede in Asië en Suid-Amerika gedurende hierdie jare. Stedelike plaaslike owerhede wou die plakkers verwyder, maar die sentrale owerheid was, weer eens, van mening dat stedelike plaaslike owerhede plakkers nie uit hulle plakkershutte mag verwyder sonder om aan hulle alternatiewe huisvesting te verskaf nie. Die stedelike plaaslike owerhede was vasgevang tussen die aandrang op huisvesting van plakkers en die verwagting van die sentrale owerheid dat stedelike plaaslike owerhede die benodigde alternatiewe huisvesting sou finansier en oprig. Daar was nie finansiële bronne vir meer huisvesting nie en werkgewers was ook nie bereid om ’n bydrae tot swart huisvesting te lewer nie. Die weiering van werkgewers om ’n bydrae te lewer, was heel ironies aangesien die meerderheid plakkers wettig binne die stedelike gebiede in diens

---

78. J.P.C. Mostert, *Die politieke, maatskaplike en ekonomiese implikasies van die swart verstedeliking in Suid-Afrika, 1939-1948*, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1986, pp. 235-243; J.P.C. Mostert, Owerheidshantering van die swart verstedelikingsproses gedurende die tweede Smutsbewind, *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 13(3), Desember 1988, pp. 81, 89-95; W.H. van Schalkwyk, *Die beleid van die Suid-Afrikaanse regering ten opsigte van die stedelike swartes, 1945-1953*, M.A.-verhandeling, Randse Afrikaanse Universiteit, 1983, pp. 72-74.
79. A. Wessels & M.E. Wentzel, *Die invloed van relevante kommissieverslae sedert Uniewording op regeringsbeleid ten opsigte van swart verstedeliking en streekontwikkeling*, p. 61; T.R.H. Davenport, *South Africa. A modern history*, Third edition, pp. 554-555; M. Savage, The imposition of pass laws on the African population in South Africa, 1916-1984, *African Affairs* 85(339), April 1986, p. 194; J.P.C. Mostert, Owerheidshantering van die swart verstedelikingsproses gedurende die tweede Smutsbewind, *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 13(3), Desember 1988, pp. 113-118; W.H. van Schalkwyk, *Die beleid van die Suid-Afrikaanse regering ten opsigte van die stedelike swartes, 1945-1953*, M.A.-verhandeling, Randse Afrikaanse Universiteit, 1983, p. 70.
80. Unie van Suid-Afrika, *Voorkoming van Onwettige Plakkery Wet* (*Wet 41 van 1944).*


© University of Pretoria

was. Dit het die sentrale owerheid verplig om as 'n tydelike en *ad hoc*-noodmaatreël stedelike plaaslike owerhede nog verder finansieel te ondersteun. Hierdie finansiële ondersteuning in die vorm van staatsubsidies is bewillig om stedelike plaaslike owerhede in staat te stel om standplase in plakkerskampe op te meet en van die nodige dienste, soos water, sanitasie en administrasie, te voorsien.[81]

As gevolg van die haglike behuisingsituasie en die skynbare onmag van bestaande wetgewing om die situasie te beredder, het die regering in 1945 die *Naturelle (Stadsgebiede)-Konsolidasiewet* aangeneem.[82] Artikel 19 was daarop gemik om die finansiële las van die stedelike plaaslike owerhede verder te verlig deurdat stedelike plaaslike owerhede weer, nadat dit in 1944 verbied is, die winste gemaak uit die verkoop van sorghumbier in die Swart Inkomsterekeninge kon stort en vir die behuisingsuitgawes van swartes onder hulle beheer kon gebruik. Stedelike plaaslike owerhede kon tot twee-derdes van die winste uit sorghumbier gebruik om verliese te dek wat die gevolg was van behuisingskemas; verlagings in huurgeld; kapitaaluitgawes op behuisingskemas; en uitgawes aan rente, leningsdelging en die instandhouding van swart stedelike woonbuurtes. Die oorblywende winste kon aan sosiale, ontspannings- en welsynsgeriewe van stedelike swartes bestee word.[83]

Die bestaande wetgewing betreffende die verskaffing en finansiering van swart behuising sou stedelike plaaslike owerhede sekerlik tot 'n mate in staat gestel het om in die behuisingsbehoeftes te voorsien. Selfs al was daar ook voldoende finansiële ondersteuning deur die sentrale owerheid, sou die stedelike plaaslike owerhede slegs die mas kon opkom indien die stroom verstedelikte swartes streng en konsekwent beheer en gerig kon word. In die aangesig van steeds toenemende swart verstedeliking gedurende die oorlogsjare en die vooruitsig dat swartes teen 'n nog sneller tempo in die daaropvolgende jare sou verstedelik, was die daarstelling en konsekwente toepassing van voorsorgmaatreëls, regulasies en beheermaatreëls om swart stedelike toe- en oorstroming die hoof te bied 'n uiters dringende noodsaaklikheid. Slegs dan sou dit vir stedelike plaaslike owerhede moontlik wees om voldoende

81. W.J.S. Coetzee, *Die ekonomiese aspekte van naturellebehuising in Suid-Afrika*, M.A.-verhandeling, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, 1954, p. 62; L. Callinicos, *A people's history of South Africa III. A place in the city: The Rand on the eve of apartheid*, pp. 33, 38, 40; P. Smit & J.J. Booysen, *Swart verstedeliking. Proses, patroon en strategie*, p. 21; T.R.H. Davenport, African townsmen? South African *Natives (Urban Areas)* legislation through the years, *African Affairs* 68(271), April 1969, p. 103; E. Hellmann & L. Abrahams (eds), *Handbook on race relations in South Africa*, p. 246; W.H. van Schalkwyk, *Die beleid van die Suid-Afrikaanse regering ten opsigte van die stedelike swartes, 1945-1953*, M.A.-verhandeling, Randse Afrikaanse Universiteit, 1983, pp. 177-178; P. Maylam, Explaining the apartheid city: 20 years of South African urban historiography, *Journal of Southern African Studies* 21(1), Special issue: Urban studies and urban change in Southern Africa, March 1995, p. 35.

82. Union of South Africa, *Native (Urban Areas) Consolidation Act (Act 25 of 1945)*.

83. Union of South Africa, *Native (Urban Areas) Consolidation Act (Act 25 of 1945)*, pp. 142, 144, 146, 148; A. Wessels & M.E. Wentzel, *Die invloed van relevante kommissieverslae sedert Uniewording op regeringsbeleid ten opsigte van swart verstedeliking en streekontwikkeling*, p. 64; J.P.C. Mostert, *Die politieke, maatskaplike en ekonomiese implikasies van die swart verstedeliking in Suid-Afrika, 1939-1948*, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1986, p. 275; E. Hellmann & L. Abrahams (eds), *Handbook on race relations in South Africa*, p. 261; D. Welsh, The growth of towns, *in* M. Wilson & L.M. Thompson (eds), *The Oxford history of South Africa II: South Africa, 1870-1966*, p. 233; W.J.S. Coetzee, *Die ekonomiese aspekte van naturellebehuising in Suid-Afrika*, M.A.-verhandeling, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, 1954, p. 85; W.H. van Schalkwyk, *Die beleid van die Suid-Afrikaanse regering ten opsigte van die stedelike swartes, 1945-1953*, M.A.-verhandeling, Randse Afrikaanse Universiteit, 1983, pp. 175-176.



© University of Pretoria

kwantiteit- en kwaliteitshuisvesting vir die benodigde stedelike swartes binne hulle gebied te verskaf en te finansier.[84]

Hierdie wet het dus onder meer op die toestromingsproblematiek gekonsentreer en vir strenger instromingsbeheer voorsiening gemaak — mits die stedelike plaaslike owerhede hierdie maatreëls deur proklamasie op hulle gebiede van toepassing gemaak het.[85] Optrede teen persone wat sonder die nodige toestemming huisvesting aan 'n swart persoon binne die stadsgebied verskaf het, is gemagtig (Artikel 9).[86] 'n Verbod kon uitgevaardig word waarvolgens geen swarte 'n stedelike gebied onder gesag van 'n stedelike plaaslike owerheid mag binnegekom het met die doel om daarin werk te soek of te aanvaar, of om sy verblyf daarin te hou nie (Artikel 10). Sekere swartes is van die voorwaardes van Artikel 10 uitgesluit. Hierdie swartes moes deur die stedelike plaaslike owerhede van 'n permit voorsien word. Hierdie permit het aangetoon hoe lank die betrokke swarte in die stedelike gebied mag vertoef het en moes van tyd tot tyd hernu word.[87] Die doel van hierdie artikel was dus om instromingsbeheermaatreëls nougeset toe te pas, maar die feit dat sekere swartes van die voorwaardes van Artikel 10 uitgesluit is en dus by implikasie permanente verblyf in die stedelike gebiede kon bekom, het die toepassing van instromingsbeheer en segregasie in stedelike gebiede in 'n mate gekortwiek.

Toestemming is aan 'n persoon verleen om 'n swarte die stadsgebied te laat betree, mits die persoon wat die swarte die stadsgebied binnegebring het, onderneem het om die swarte na sy/haar vorige woonplek terug te neem indien die swarte in gebreke bly om in die stadsgebied werk te vind (Artikel 11). Die uitoefening van beheer oor die koms van vreemde, buitelandse swartes is gemagtig (Artikel 12). 'n Verbod op plakkery binne agt kilometer van die stadsgrens kon ingestel word (Artikel 15). Laastens kon beheer oor stedelike swartes en hulle werkgewers deur 'n stelsel van dienskontrakregistrasies uitgeoefen word (Artikel 23).[88]

Ten spyte van die deurvoering van die 1945-wet het die onmag van die sentrale en stedelike plaaslike owerhede om die instromende swart massas te beheer en van redelike huisvesting te voorsien, duideliker as ooit geblyk. Sommige stedelike plaaslike owerhede, byvoorbeeld Kaapstad en Johannesburg, het ter

---

84. J.P.C. Mostert, Owerheidshantering van die swart verstedelikingsproses gedurende die tweede Smutsbewind, *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 13(3), Desember 1988, pp. 124-125.
85. J.P.C. Mostert, *Die politieke, maatskaplike en ekonomiese implikasies van die swart verstedeliking in Suid-Afrika*, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1986, pp. 278, 282; J.P.C. Mostert, Owerheidshantering van die swart verstedelikingsproses gedurende die tweede Smutsbewind, *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 13(3), Desember 1988, pp. 127-129; E. Hellmann & L. Abrahams (eds), *Handbook on race relations in South Africa*, pp. 236-238; P.A. Linington, *Native administration in the Union of South Africa*, pp. 171, 174-176; A. Wessels & M.E. Wentzel, *Die invloed van relevante kommissieverslae sedert Uniewording op regeringsbeleid ten opsigte van swart verstedeliking en streekontwikkeling*, p. 64; W.H. van Schalkwyk, *Die beleid van die Suid-Afrikaanse regering ten opsigte van die stedelike swartes, 1945-1953*, M.A.-verhandeling, Randse Afrikaanse Universiteit, 1983, pp. 64-68; I. Evans, *Bureaucracy and race. Native administration in South Africa*, p. 39.
86. Union of South Africa, *Native (Urban Areas) Consolidation Act (Act 25 of 1945)*, pp. 122, 124, 126, 128.
87. Union of South Africa, *Native (Urban Areas) Consolidation Act (Act 25 of 1945)*, pp. 130, 132.
88. Union of South Africa, *Native (Urban Areas) Consolidation Act (Act 25 of 1945)*, pp. 132, 134, 136, 138.


© University of Pretoria

wille van nywerheidsontwikkeling geweier om instromingsbeheer toe te pas en oortollige swartes te laat verwyder ten spyte van die tekort aan behuising en finansies vir die oprigting van meer verblyfstrukture. Die sentrale owerheid het magteloos gestaan voor die onwilligheid van sommige stedelike plaaslike owerhede om bestaande beheermaatreëls op hulle van toepassing te maak en toe te pas. Dit was die stedelike plaaslike owerhede se keuse en die regering was nie by magte, of gewillig, om hulle daartoe te dwing nie.[89]

Subekonomiese behuisingskemas vir stedelike swartes het, ten spyte van die subekonomiese aard daarvan en die dra van die grootste gedeelte van die verliese deur die sentrale owerheid, gedurende die oorlogsjare steeds en in 'n toenemende mate tot groter verliese by die stedelike plaaslike owerhede aanleiding gegee. Die rede hiervoor was die ekonomiese onvermoë van stedelike swartes om selfs subekonomiese huisvesting te bekostig. Stedelike plaaslike owerhede was veronderstel om verliese gelykstaande aan die helfte van die verlies van die staat te dra. Stedelike plaaslike owerhede het egter groter verliese as die regering gely.[90] Hierdie verliese en die steeds toenemende vraag na en tekort aan swart stedelike huisvesting, wat gedurende die oorlogsjare as 'n nasionale krisis beskou is, het die regering in 1944[91] en 1945[92] oorgehaal om die *Woningswet* te wysig.

Hiervolgens is die "behuisingsformule" in 1945 in werking gestel ten einde die verliese, gely deur stedelike plaaslike owerhede, te verminder. Die inwerkingstelling van hierdie behuisingsformule was die resultaat van 'n reeks samesprekings wat in 1944 tussen die verteenwoordigers van die Verenigde Munisipale Uitvoerende Bestuur en die nuutaangestelde Nasionale Behuisings- en Plannekommissie[93] plaasgevind het. Die renteformule vir die bou van subekonomiese huise, wat voortaan as nasionale huise bekend sou staan, is sodanig gewysig dat die verliese wat deur die sentrale owerheid en die stedelike plaaslike owerhede gedra is, is tot voordeel van die stedelike plaaslike owerhede gewysig is. Die doel hiermee was om laasgenoemde te help vergoed vir die verliese wat gely is weens die vasstelling van huurgelde op so 'n lae peil dat dit nie behuisingsuitgawes kon dek nie.[94]

---

89. J.S. Rousseau, *Die politieke implikasies van swart verstedeliking in Suid-Afrika, 1939-1946*, M.A.-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1978, p. 14; W.H. van Schalkwyk, *Die beleid van die Suid-Afrikaanse regering ten opsigte van die stedelike swartes, 1945-1953*, M.A.-verhandeling, Randse Afrikaanse Universiteit, 1983, p. 69; I. Evans, *Bureaucracy and race. Native administration in South Africa*, pp. 45-47.
90. W.H. van Schalkwyk, *Die beleid van die Suid-Afrikaanse regering ten opsigte van die stedelike swartes, 1945-1953*, M.A.-verhandeling, Randse Afrikaanse Universiteit, 1983, p. 171.
91. Unie van Suid-Afrika, *Behuising Wysigingswet (Wet 49 van 1944)* (Kaapstad, 1944).
92. Unie van Suid-Afrika, *Behuising (Noodmagte) Wet (Wet 45 van 1945)* (Kaapstad, 1945).
93. Die Nasionale Behuisings- en Plannekommissie is deur die regering in die plek van die Sentrale Woningsraad aangestel. Dié kommissie het uit 'n voorsitter en tien lede — verteenwoordigend van verskeie openbare belangegroepe — bestaan en was gemoeid met die totale behuisingsprobleem. Tegniese, wetenskaplike en navorsingsaangeleenthede in verband met behuising en beleidsformulering in hierdie verband is deur die Kommissie hanteer. Die administrasie van subekonomiese lenings vir swart stedelike behuisingskemas is ook deur die Kommissie geadministreer. Die Kommissie was ook gemagtig om in die behuisingsbeleid van stedelike plaaslike owerhede in te meng. 'n Nasionale Behuisingsraad, verteenwoordigend van die provinsiale owerhede en munisipale organisasies, is as adviserende liggaam vir die Minister op die been gebring.
94. W.J.S. Coetzee, *Die ekonomiese aspekte van naturellebehuising in Suid-Afrika*, M.A.-verhandeling, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, 1954, pp. 2, 60, 63-64, 69-70; E. Hellmann & L. Abrahams (eds), *Handbook on race relations in*


© University of Pretoria

Die regering is ook deur verdere wysigings, soos beliggaam in die *Wet op Behuising (Noodmagte) van 1945*, bemagtig en gemagtig om makliker grond vir swart stedelike behuisingskemas te bekom en die prys waarteen grond aangekoop is binne redelike perke te hou. Boumateriaal sou ook voortaan billiker aangekoop kon word en die wins op swart stedelike behuisingskemas is beperk. Indien stedelike plaaslike owerhede nie in staat of gewillig was om behuisingskemas te onderneem nie, kon die regering self huise, die sogenaamde "nasionale huise", onder toesig van die Nasionale Behuisings- en Plannekommissie bou en dan die koste van die betrokke stedelike plaaslike owerhede verhaal. Die hoofdoel was om boubedrywighede te bespoedig.[95]

Uit hierdie wysigings was dit duidelik dat die staat 'n groter verantwoordelikheid vir swart stedelike behuising aanvaar het en 'n baie groot mate van subsidiëring verleen het. Daar is uiteindelik besef dat swart stedelike behuising 'n nasionale verantwoordelikheid was en dat slegs deur toegewyde samewerking tussen die sentrale en stedelike plaaslike owerhede die krisissituasie in swart stedelike gebiede beredder sou kon word. Die regering was dus bereid om die stedelike plaaslike owerhede in die veeleisende taak van behuisingsverskaffing, wat steeds primêr die verantwoordelikheid van die stedelike plaaslike owerhede was, te ondersteun en saam aan die verantwoordelikheid te dra. Dit is baie duidelik gestel dat die regering slegs sou ingryp en die verantwoordelikheid van die stedelike plaaslike owerhede sou oorneem indien laasgenoemde nie hulle verpligtinge kon of wou nakom nie.[96]

Reeds in 1931 het die Naturelle Ekonomiese Kommissie by die regering gepleit om swart stedelike behuisingsverskaffing as 'n nasionale plig en nie 'n plaaslike verantwoordelikheid te beskou nie.[97] In daardie stadium was die regering nog in die "tydelikheidsindroom" vasgevang. Die swart stedelike behuisingsituasie moes eers gedurende die oorlogsjare die omvang van 'n oorweldigende nasionale krisis

---

*South Africa*, pp. 244-245; P. Morris, *A history of black housing in South Africa*, p. 31; H.J. van Eck, *Report of housing committee on the state and the housing situation*, p. ix; W. Bührmann, Behuising van die stedelike naturel, *Tydskrif vir Rasse-Aangeleenthede* 8(4), Julie 1957, p. 197; D.M. Calderwood, *Native housing in South Africa*, D.Arch. Thesis, University of the Witwatersrand, 1953, p. 6; South African Institute of Race Relations, Evidence submitted to the Native Laws Commission of Enquiry I: Urban areas, *Race Relations* 14(2), 1947, p. 31; P.H. Connell, *Sub-economic housing practice in South Africa*, pp. 16-17, 45-46; W.H. van Schalkwyk, *Die beleid van die Suid-Afrikaanse regering ten opsigte van die stedelike swartes, 1945-1953*, M.A.-verhandeling, Randse Afrikaanse Universiteit, 1983, pp. 164, 167, 171-172; P. Wilkinson, Providing adequate shelter: The South African state and the resolution of the African housing crisis, 1948-1954, *in* D.C. Hindson (ed.), *Working papers in southern African studies III*, pp. 66, 85; S.M. Parnell, Shaping a racially divided society: State housing policy in South Africa, 1920-1950, *Environment and Planning C: Government and Policy* 7, 1989, p. 268.

95. E. Hellmann & L. Abrahams (eds), *Handbook on race relations in South Africa*, p. 245; P. Morris, *A history of black housing in South Africa*, p. 31; M.D.A. Baldocchi, *Survey of housing practice in the Union of South Africa*, p. 89; W. Bührmann, Behuising van die stedelike naturel, *Tydskrif vir Rasse-Aangeleenthede* 8(4), Julie 1957, p. 199; B.S. van As, Bantoebehuising — belangrike aspekte, *Bantoe* 1, Januarie 1957, p. 15; B.S. van As, *Stedelike naturellebehuising in Wes-Kaapland I*, M.A.-verhandeling, Universiteit van Stellenbosch, 1955, p. 7; W.H. van Schalkwyk, *Die beleid van die Suid-Afrikaanse regering ten opsigte van die stedelike swartes, 1945-1953*, M.A.-verhandeling, Randse Afrikaanse Universiteit, 1983, p. 163; P. Wilkinson, Providing adequate shelter: The South African state and the resolution of the African housing crisis, 1948-1954, *in* D.C. Hindson (ed.), *Working papers in southern African studies III*, pp. 66, 85.
96. H.J. van Eck, *Report of housing committee on the state and the housing situation*, p. 73; P.H. Connell, *Sub-economic housing practice in South Africa*, p. 46; W.H. van Schalkwyk, *Die beleid van die Suid-Afrikaanse regering ten opsigte van die stedelike swartes, 1945-1953*, M.A.-verhandeling, Randse Afrikaanse Universiteit, 1983, pp. 163, 165.
97. F.A. Saunders, *Native Economic Commission, 1931. Urban native areas. Notes upon section 7, paragraphs (2), (5) and (8)*, pp. 4, 12-13.


© University of Pretoria

aanneem voordat die regering sy nasionale plig en verantwoordelikheid begin besef en gepoog het om dit na te kom.

Ook die Suid-Afrikaanse Instituut vir Rasseverhoudinge het in sy getuienis voor die Fagan-kommissie[98] in 1947 dit onomwonde gestel dat die verskaffing van swart stedelike behuising 'n nasionale en nie net 'n plaaslike verantwoordelikheid is nie. Die behuisingsnood binne die domein van die stedelike plaaslike owerhede moes die verskaffing van huisvesting bepaal en nie die finansiële status van die stedelike plaaslike owerhede nie. Daar is gevoel dat, in ooreenstemming met die nasionale verantwoordelikheid van die staat betreffende behuisingsverskaffing, die staat ondersoeke moes loods en geld beskikbaar moes stel na gelang van behuisingsbehoeftes en nie na gelang van aansoeke om finansiële hulp deur stedelike plaaslike owerhede nie.[99]

Die einde van die Tweede Wêreldoorlog het nie onmiddellik tot 'n toename en versnelling in die oprigting van swart stedelike verblyfstrukture aanleiding gegee nie, omdat die verslapping van beheer oor die boubedryf ten einde voorrang aan oorlogsbehoeftes en verdedigingsbouwerk te gee nie onmiddellik na afloop van die oorlog plaasgevind het nie. Boubeheer is nog tot lank na die oorlog toegepas waarna dit geleidelik verslap is namate die voorrade- en arbeidsposisie verbeter het. Grondstofvoorrade en vervaardigde goedere om in die behoeftes (ook die behuisingsbehoeftes) van die burgerlike bevolking te voldoen, het na afloop van die oorlog skaarser geword, aangesien voorrade allereers vir die verligting van die nood in verwoeste gebiede aangewend is. Na die staking van vyandelikhede het die land 'n fase van ongekende ekonomiese bloei beleef. Hewige mededinging tussen die verskeie sektore van die ekonomie om die beskikbare kapitaal, boumateriaal en arbeid het die behuisingsverskaffingsmoontlikhede en -vermoë verder aan bande gelê. Voorts was die toedeling van beskikbare boumateriaal nie altyd in verhouding tot die behuisingsnood nie. Die onmiddellike behoefte aan swart behuising was in 1943 vyf keer meer as aan blanke behuising, maar slegs 1,49% van die totale beskikbare hoeveelheid boumateriaal is gedurende 1945-1946 vir swart behuising beskikbaar gestel. Stedelike plaaslike owerhede wat met plakkerskampe binne hulle stedelike gebied gekonfronteer is, was verplig, om met staatsteun en -subsidie, tydelike huisvesting en dienstestrukture op te rig wat die boumateriaalvoorraad vir permanente verblyfstrukture verder verminder het.[100]

---

98. Ook bekend as die Naturellewettekommissie.
99. South African Institute of Race Relations, Evidence submitted to the Native Laws Commission of Enquiry I: Urban areas, *Race Relations* 14(2), 1947, p. 32.
100. J. vd B. Breedt, Die Suid-Afrikaanse oorlogsekonomie gedurende die Tweede Wêreldoorlog I, *Militaria* 13(1), 1983, pp. 62, 65; P.H. Connell, *Sub-economic housing practice in South Africa*, p. 1; P. Morris, *A history of black housing in South Africa*, p. 36; W.J.S. Coetzee, *Die ekonomiese aspekte van naturellebehuising in Suid-Afrika*, M.A.-verhandeling, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, 1954, p. 34; E. Hellmann & L. Abrahams (eds), *Handbook on race relations in South Africa*, p. 251; W.H. van Schalkwyk, *Die beleid van die Suid-Afrikaanse regering ten opsigte van die stedelike swartes, 1945-1953*, M.A.-verhandeling, Randse Afrikaanse Universiteit, 1983, p. 155.


© University of Pretoria

Deur te beweer dat swart stedelike behuising na afloop van die Tweede Wêreldoorlog ongetwyfeld krisisafmetings aangeneem het, kan as ’n eufemisme beskou word. Die situasie was so benard dat enige verbetering of oplossing van die behuisingskrisis onmoontlik gelyk het. Onbeheerde swart verstedeliking het ’n geweldige behuisingsnood en ’n steeds groter wordende agterstand in behuisingsverskaffing laat ontstaan. Hierdie situasie is deur die bogenoemde tekorte aan boumateriaal en arbeidskragte vererger. Stedelike plaaslike owerhede was nie in staat om hulle finansiële verpligtinge en verantwoordelikhede rakende swart stedelike behuising na te kom nie. Daar was te veel swartes wat gehuisves moes word en te min hulpbronne om hierdie huisvesting daar te stel. Stedelike plaaslike owerhede het meestal verbysterd voor die omvang van die probleem gestaan en nie, soos wat deur die sentrale regering gehoop is, met groot ywer binne die raamwerk van die nuwe behuisingsformule van 1945, groter staatshulp en -verantwoordelikheid behuisingskemas aangepak nie. Die stedelike plaaslike owerhede was nie bereid om hulle deel van die verliese te dra nie en alhoewel lenings toegeneem het en meer huise vir stedelike swartes gebou is, was die vordering baie stadig en die swart stedelike behuisingsprobleem nog steeds ontsaglik en finansieel-uitmergelend. In die lig van die nasionale krisis in swart stedelike behuising, wat deur die hoë boukoste en tekorte aan geskoolde ambagsmanne en boumateriaal — veral staal en sement — vererger is, het die regering in 1947 ’n noodbehuisingskema aangekondig. Hiervolgens sou tydelike huisvesting met ’n bruikbaarheidsduur van tien jaar teen lae koste opgerig word. Die hulpdienste sou daarenteen van permanente aard wees. Daar is gehoop om deur hierdie skema die omvangryke behuisingstekort uit die weg te ruim. Desnieteenstaande hierdie verwikkeling het die behuisingstoestande verder versleg en het tekorte toegeneem.[101]

Die Nasionale Behuisings- en Plannekommissie het teen 1946 ook nog geen nasionale huise vir swartes opgerig nie — die Kommissie kon hierdie funksie slegs verrig indien die regering hulle daartoe gemagtig het. Eers in Februarie 1948 het die regering aangekondig dat die Nasionale Behuisings- en Plannekommissie gemagtig is om nasionale subekonomiese huise vir swartes te bou en dat die regering alle verliese sou dra. Die regering het spoedig met onstelling kennis geneem van die geweldige finansiële impak van swart subekonomiese behuisingskemas op die ekonomie van die land. Die gevolg was dat die Nasionale Party-regering in 1949 van hierdie formule afgesien het.[102]

---

101. W.H. van Schalkwyk, *Die beleid van die Suid-Afrikaanse regering ten opsigte van die stedelike swartes, 1945-1953*, M.A.-verhandeling, Randse Afrikaanse Universiteit, 1983, pp. 172-173, 179-180, 182; G.A. Brand, *Administratiewe vraagstukke in verband met die stadsnaturel*, M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1957, pp. 37-38; P. Morris, *A history of black housing in South Africa*, pp. 31, 34; E. Hellmann & L. Abrahams (eds), *Handbook on race relations in South Africa*, p. 245; P. Wilkinson, Providing adequate shelter: The South African state and the resolution of the African housing crisis, 1948-1954, *in* D.C. Hindson (ed.), *Working papers in southern African studies III*, p. 67; P. Wilkinson, Housing policy in South Africa, *Habitat International* 22(3), 1998, p. 218.
102. P.H. Connell, *Sub-economic housing practice in South Africa*, p. ii; G.A. Brand, *Administratiewe vraagstukke in verband met die stadsnaturel*, M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1957, p. 38; D.M. Calderwood, *Native housing in South Africa*, D.Arch. Thesis, University of the Witwatersrand, 1953, pp. 6-7; W.J.S. Coetzee, *Die ekonomiese aspekte van naturellebehuising in Suid-Afrika*, M.A.-verhandeling, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, 1954, pp. 61, 63; J.P.C. Mostert, Behuisingsprobleme van die verstedelikte swarte in Suid-Afrika, 1939-1948, *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 12(3), Desember 1987, p. 40; E. Hellmann & L. Abrahams (eds), *Handbook on race relations in South Africa*, pp. 245-246; W.H. van Schalkwyk,


© University of Pretoria

Die oorheersende gevoel betreffende die swart stedelike behuisingsituasie was een van magteloosheid, frustrasie, en in 'n mate een van verwyt tussen die sentrale en stedelike plaaslike owerhede wat beide wetlike verantwoordelikhede gehad het wat nie na behore aanvaar en nagekom is nie. Die sentrale regering het inderdaad wye magte volgens wetgewing gehad om die behuisingsituasie onverskrokke aan te pak en stedelike plaaslike owerhede, wat hulle verpligtinge en verantwoordelikhede versuim het, daartoe te verplig, maar die toepassing van hierdie magte was nie so maklik nie. Stedelike plaaslike owerhede het sekere regte gehad en die sentrale owerheid was versigtig en omsigtig om dit nie aan te tas nie.[103]

Uit radeloosheid het die regering in 1946 die Fagan-kommissie aangestel om die wette aangaande stedelike swartes te ondersoek en 'n toekomsbeleid te formuleer.[104] Hierdie kommissie het in 1948 sy verslag uitgebring waarin die realiteite onomwonde gestel is. Swart verstedeliking kon nie gekeer word nie. Dit was 'n permanente, onomkeerbare verskynsel en daarom het instromingsbeheer, in sy doel om swart verstedeliking te keer, misluk. Swart verstedeliking moes erken word en daar moes daarvoor beplan en begroot word ten einde stedelike plaaslike owerhede in staat te stel om hulle verpligtinge in hierdie verband na te kom. Die regering en stedelike plaaslike owerhede was nie alleen vir die huisvesting van stedelike swartes verantwoordelik nie — werkgewers moes ook 'n bydrae lewer. Laasgenoemde aanbeveling het die idee van "industriële paternalisme" as deel van welsynskapitalisme onderskryf waar besighede welsynsdienste aan werkers moes verskaf. Die realistiese erkenning en identifisering van die verstedelikingsituasie en die voortspruitende aanbevelings deur dié kommissie is weens die regeringsverandering na die algemene verkiesing van 1948 nooit geïmplementeer nie.[105]

## 3. Slot

Stedelike plaaslike owerhede het finansiële (en morele) verpligtinge en verantwoordelikhede gehad om genoegsame huisvesting vir die stedelike swartes binne hulle gebiede te verskaf en in stand te hou. Benewens wetgewende verpligtinge tot finansiering is stedelike plaaslike owerhede ook deur wetgewing

---

*Die beleid van die Suid-Afrikaanse regering ten opsigte van die stedelike swartes, 1945-1953*, M.A.-verhandeling, Randse Afrikaanse Universiteit, 1983, pp. 166, 183-184, 190-191; P. Wilkinson, Providing adequate shelter: The South African state and the resolution of the African housing crisis, 1948-1954, *in* D.C. Hindson (ed.), *Working papers in southern African studies III*, p. 67.

103. J.P.C. Mostert, Behuisingsprobleme van die verstedelikte swarte in Suid-Afrika, 1939-1948, *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis*, Desember 1987, pp. 51-52; W.H. van Schalkwyk, *Die beleid van die Suid-Afrikaanse regering ten opsigte van die stedelike swartes, 1945-1953*, M.A.-verhandeling, Randse Afrikaanse Universiteit, 1983, pp. 167-169; E. Hellmann & L. Abrahams (eds), *Handbook on race relations in South Africa*, p. 245.

104. U.G. 28-1948: Unie van Suid-Afrika, Departement van Naturellesake. *Verslag van die Naturellewette-kommissie, 1946-48* (Pretoria, 1948).

105. P. Smit & J.J. Booysen, *Swart verstedeliking. Proses, patroon en strategie*, p. 24; B. Freund, *The African city: A history*, p. 115; P. Wilkinson, Providing adequate shelter: The South African state and the resolution of the African housing crisis, 1948-1954, *in* D.C. Hindson (ed.), *Working papers in southern African studies III*, pp. 67-69.



© University of Pretoria

verplig en gemagtig om die finansiële las op hulleself te verlig deur die toepassing van instromingsbeheermaatreëls wat dan die aantal swartes binne hulle gebiede sou beperk het. ’n Kombinasie van faktore het stedelike plaaslike owerhede in die uitvoering van hulle wetlike verpligtinge gekniehalter en die land teen 1948 met ’n geweldige swart stedelike behuisingskrisis gelaat. Die aard van die wetgewing was só omslagtig, realiteitsignorerend, personeelintensief en ’n ontkenning van basiese menseregte dat dit nie toegepas kon word nie. Daar is geen sistematiese poging deur stedelike plaaslike owerhede en die betrokke minister aangewend om die wetgewing toe te pas nie. Die wetgewing het nie met die ekonomiese realiteite van stoot- en trekkragte van sowel die reservate as die stede rekening gehou nie. Beheermaatreëls is traag toegepas, omdat dit industriële ontwikkeling moontlik aan bande kon lê en omdat dit bykans onmoontlik was om swart toestroming, veral gedurende die oorlogsjare, te beheer. Laastens het die wetlike verpligtinge, verantwoordelikheid vir, en oprigting van onekonomiese “permanente” strukture nie met die beleid van “tydelike” swart inwoners gerym nie.

Die ekonomiese las van swart stedelike behuisingsverskaffing was oorweldigend as gevolg van onvoldoende finansiële hulpbronne weens ontoereikende staatshulp; die onvermoë en onbereidwilligheid van stedelike plaaslike owerhede om hulle deel van die verliese te dra sonder om blanke belastingbetalers té swaar te belas; die swak ekonomiese posisie van stedelike swartes; en die oorlogtydse styging in lewens-, arbeids- en boumateriaalkoste. Die oorheersende faktor was onomwonde die onlogiese en kortsigtige ideologiese denkfout inherent aan die segregasiebeleid wat in konflik was met die ekonomiese werklikhede van ’n permanente geïntegreerde ekonomie en die permanente behoefte aan en teenwoordigheid van goedkoop swart werkers. Die gevolg was gebrekkige voortydige beplanning vir die groterwordende permanente swart stedelike bevolking en hulle huisvesting en dienstevoorsiening.

Die neerslag van verskeie konseptuele beginsels in wetgewing (teorie) en veral in regerings- en stedelike plaaslike owerheidsoptrede (praktyk) kan onteenseglik geïdentifiseer word. Die sanitasie-sindroom het tot die bereddering van onhigiëniese toestande deur gesondheidswetgewing en deur die daarstelling van afstand en afskeiding (*cordon sanitaire*) tussen blanke en swart stedelike woonbuurtes aanleiding gegee. Die segregasiedoktrine het skeiding en differensiasie op verskeie vlakke bewerkstellig en die realiteitsontkenning van swart verstedeliking, en dus die “tydelikheidsindroom”, in die hand gewerk. Die biomags-, beheer- en moniteringsaspekte inherent aan die moderniteitsparadigma is deur afgeskeide swart stedelike woonbuurtes beliggaam. Die opheffings- en omgee-aspekte van filantropie en paternalisme het vanweë verantwoordelikheidsversuim selde gerealiseer en is grootliks versaak deurdat daar nie na die swart stedelike werkers omgesien nie. In hierdie verband het die ongenaakbare kant van paternalisme aan die hand van die drakoniese Stallard-doktrine in wetgewing die oorhand gekry.


© University of Pretoria

## VI UITLEG-, INFRASTRUKTUUR- EN BEHUISINGSKENMERKE VAN "MODEL NATIVE TOWNSHIPS": ATTERIDGEVILLE IN PRETORIA, 1930'S-1940'S

Stadsbeplanning behels die tegniese, politieke én maatskaplike opheffingsproses betrokke by die ontwerp en uitleg, ontwikkeling en regulering van die stedelike ruimte, grondgebruik, en die bou-omgewing. Dit omvat verskeie aspekte van die fisiese stedelike omgewing, onder meer die fisiese en estetiese vorm, ekonomiese funksies, die maatskaplike impak van die stedelike omgewing, en die ligging van verskillende aktiwiteitstrukture binne die stedelike ruimte. Tradisioneel het stadsbeplanning 'n bo-na-benede-benadering gevolg met 'n meester-/modelplan vir die fisiese uitleg van dorpe, stede en dan ook swart stedelike woonbuurtes. Die hoofdoel was openbare maatskaplike en ekonomiese welsyn en gesondheid binne die stedelike ruimte, met inagneming van die maatskaplike en ekonomiese bestaansbehoeftes van die inwoners. Daarom is daar vir aspekte soos sanitasie, die voorsiening van water-, elektrisiteits-, en vervoerinfrastruktuur, vullisverwydering, gesonde en veilige behuising, gesondheidsdienste, en ekonomiese en ontspanningsfasiliteite binne die stedelike ruimte beplan. Benewens die tegniese en grootliks kwantitatiewe maatstawwe van stadbeplanning was daar die bewussyn dat beplanning ook te make het met die kwalitatiewe, en dikwels onmeetbare, aspekte, naamlik die daarstelling van 'n beplande, dog steeds groeiende, omgewing waarbinne die inwoners daarvan 'n gemaklike, geordende, behoorlike, bekostigbare, veilige en gelukkige lewe kon beplan en lei.[1]

Die ontstaan van die klem op die ordelike beplanning en uitleg van stedelike ruimtes was in reaksie op die wanorde van die nywerheidstede in Brittanje, Europa en die Verenigde State van Amerika (VSA) gedurende die 19de eeu. Die oorvol, wanordelike, haglike en besmetlike krotbuurtes van hierdie stede het 'n verbetering in sanitasie genoodsaak. Daarna het verbeterings in watervoorsiening, elektrisiteit en wetgewing (1848 in Brittanje en 1879 in die VSA) vir die vasstelling van minimumstandaarde in die oprigting van behuising openbare gesondheid geweldig bevoordeel. 'n Universele tendens én probleem was dat regerings nie voldoende fondse vir die opgradering van bestaande strukture beskikbaar gehad en gestel het nie. Desnieteenstaande het behuising- en woonbuurtstandaarde verbeter met die oprigting van nuwe strukture. Die behoefte aan en noodsaaklikheid van parke en speelgronde vir ontspanningsdoeleindes het aan die begin van die 20ste

1. S.S. Fainstein, 5 August 2021, Urban planning, https://www.britannica.com/topic/urban-planning, access: 17 March 2022; L.J. Oakenfull, *Urban planning. A chronicle and reflections on urban land use planning practice in South Africa*, pp. ix, 2, 118; F.J. Potgieter, Major shifts in planning practice in South Africa since World War II, *in* Planning History Study Group, *Proceedings of the symposium on South African planning history*, p. 143; M. Oranje, Learning from language: South African planners, planning and plans from the 1920s to the present, *in* Planning History Study Group, *Proceedings of the symposium on places, people and planning I*, p. 71; L.J. Oakenfull, Fifty years of planning practice: Missing the link, *in* Planning History Study Group, *Proceedings of the symposium on South African planning history*, pp. 62, 64; T.B. Floyd, *Town planning in South Africa*, pp. 7-8; M.D. Baldocchi, Sport grounds and town planning. Sound town-planning takes ample care of outdoor recreational needs, *Munisipale Aangeleenthede*, September 1944, p. 18.


© University of Pretoria

eeu die uitleg van stede gekenmerk in ooreenstemming met die utopiese gedagte van "tuinstede", soos geïnisieer deur Ebenezer Howard (en reeds voorheen bespreek).[2]

Stedelike beplanning in die 20ste eeu het sy oorsprong gehad in die daarstelling van stadsbeplanning as 'n moderne regeringsfunksie met die eerste stadsbeplanningswetgewing in Brittanje (1909) en 'n nasionale konferensie oor stadsbeplanning in die VSA (1909). Hierdie oorsprong was gesetel in die modernisme met die fokus op paternalistiese en doeltreffende beheer, eenvormigheid, 'n alles-omvattendheid, en breedvoerigheid in ooreenstemming met 'n meesterplan en -voorbeeld vir goeie, gesonde — "model" — stedelike ruimtes. Regerings het direk betrokke geraak by die beplanning en behuisingsverskaffing van die werkersklas. Die koloniale moondhede het die Europese beginsels van stadsbeplanning na die stede en woonbuurtes van die kolonies oorgedra. Die gevolg was dat hierdie stede en woonbuurtes volgens Westerse beginsels van stadsuitlegte, estetika, sonering en die gepaardgaande skeiding van ruimtelike funksies ontwerp, uitgelê en opgerig is. Kenmerkend in hierdie tyd, ook in Suid-Afrika en Pretoria, was die grootskaalse sloping van krotbuurtes en die verskuiwing van die inwoners na "model"-woonbuurtes. Die kritiek op hierdie sosiogeniëring of maatskaplike manipulering was dat dit die komplekse maatskaplike en kulturele hart en lewensaar van hierdie gebiede (en hulle inwoners) op 'n hartelose manier vernietig het; in die plek daarvan is 'n onmenslike ordelikheid en "model" afgedwing. Die aanvanklike doel van stadsbeplanning om gesonder en gunstiger lewensomstandighede te skep met goed-ontwerpte en beplande stede en woonbuurtes is in die proses versaak.[3]

Vervolgens word die spesifieke koloniale en Amerikaanse oorsprong en aard van stadsbeplanning in Suid-Afrika in hierdie hoofstuk aangedui; gevolg deur 'n samevatting van wetsbepalings, organisasies, beraadslagings en wetenskaplike ondersoeke van toepassing op stadsbeplanning. Daarna volg 'n aanduiding van die neerslag van stadsbeplanningsbeginsels en -praktyke in die beplanning en ontwerp van model swart stedelike woonbuurtes. Die tweede gedeelte van hierdie hoofstuk fokus op die situasie in die model swart woonbuurt Atteridgeville in Pretoria, toegespits op die beplanning, daarstelling, uitleg, infrastruktuur en behuising van Atteridgeville in die dertiger- en

2. S.S. Fainstein, 5 August 2021, Urban planning, https://www.britannica.com/topic/urban-planning, access: 17 March 2022; L.J. Oakenfull, *Urban planning. A chronicle and reflections on urban land use planning practice in South Africa*, p. 1; A.J. Cutten, The planning of a native township, *Race Relations Journal* 18(2), 1951, pp. 77-78; P.H. Gúenault & R.J. Randall, An introduction to the housing problem, *South African Journal of Economics*, June 1940, pp. 145-146; B. Spence, The problem of the location. A report on housing conditions in ten Transvaal locations, *South African Architectural Record* 28, February 1943, p. 25; D. du Bruyn & M. Oelofse, "A hygienic native township shall be developed": The founding and development of Batho as Bloemfontein's "model location" (c.1918-1939), *Historia* 64(2), November 2019, pp. 52-53.
3. S.S. Fainstein, 5 August 2021, Urban planning, https://www.britannica.com/topic/urban-planning, access: 17 March 2022; L.J. Oakenfull, *Urban planning. A chronicle and reflections on urban land use planning practice in South Africa*, pp. 1-2; J. Muller, Parallel paths: The origins of planning education and the planning profession in South Africa, *Planning History* 15(2), 1993, p. 5; A. Mabin & D.P. Smit, Reconstructing South Africa's cities? The making of urban planning 1900-2000, *Planning Perspectives* 12(2), 1997, p. 196; A. Mabin, Comprehensive segregation: The origins of the *Group Areas Act* and its planning apparatuses, *Journal of Southern African Studies* 18(2), 1992, p. 406; P. Morris, *A history of black housing in South Africa*, p. 137.


© University of Pretoria

veertigerjare van die 20ste eeu.

## 1. Die oorsprong en aard van stadsbeplanning in Suid-Afrika

Moderne stadsbeplanning, in ooreenstemming met internasionale beplanningsidees, het gedurende die eerste helfte van die 20ste eeu in Suid-Afrika posgevat. Soos in ander voormalige Britse kolonies is Britse stadsbeplanningstendense nagevolg. Ook Amerikaanse stadsbeplanningstendense, veral wat sonering betref, is toegepas. Verskeie oorkoepelende kenmerke van hierdie tendense kan onderskei word. 'n Bo-na-benede-, uitsluitende en inperkende benadering, en gesentraliseerde beheer oor die fisiese, maatskaplik-sosiale en ekonomiese komponente van beplanning is gevolg. Dit was in ooreenstemming met die beherende aspekte van modernisme wat veral op sentrale of nasionale staatsbeplanning van werkersklasbehuising toegespits was. In Suid-Afrika was stadsbeplanning egter nie werklik met die vestiging van die swart werkersklas gemoeid nie; desnieteenstaande was die beplanningsregulasies wat na 1910 ingestel is deel van die opkomende rasseraamwerk van stedelike owerheidsbeheer. Stadsbeplanningsmaatreëls was op die stedelike bevoorregting van die armblanke werkersklas gemik wat die (arm) swart werkersklas uitgesluit en gemarginaliseer het.[4]

In die tydperk voor Uniewording (1910) en gedurende die eerste helfte van die 20ste eeu kan vier fases in die ontwikkeling van stadsbeplanning in Suid-Afrika onderskei word. Tot en met die 1920's (Fase I) het stadsbeplanning indirek volgens bestaande grond-, gesondheids- en behuisingswetsbepalings plaasgevind. Gedurende die 1920's en 1930's (Fase II) was daar 'n toenemende belangstelling in en kommer oor dorps-, stads- en streeksbeplanning wat in die aanvaarding van wetsbepalings en die stigting van organisasies tot uiting gekom het. Die veertigerjare (Fase III) is deur verdere nasionale ontwikkelinge en voorgestelde staatsingryping in stadsbeplanning gekenmerk met die aanstel van die Thornton-komitee[5] in 1939 en die aanwys van die Sosiale en Ekonomiese Beplanningsraad[6] in 1942. Die verstedelikingsimpak van die Tweede Wêreldoorlogsjare (1939-1945) het in die na-oorlogse jare (Fase IV) tot hernude fokus op beplanning

4. M.F. Drake, Centralised control: Historical overview of a planning pre-occupation, *Planning History* 15(2), 1993, pp. 44, 47; L.J. Oakenfull, *Urban planning. A chronicle and reflections on urban land use planning practice in South Africa*, p. 2; S. Parnell, Creating racial privilege: The origins of South African public health and town planning legislation, *Journal of Southern African Studies* 19(3), September 1993, pp. 471-472; A. Mabin & D.P. Smit, Reconstructing South Africa's cities? The making of urban planning 1900-2000, *Planning Perspectives* 12(2), 1997, p. 194; L. Pernegger & S. Godehart, *Townships in the South African geographic landscape — physical and social legacies and challenges*, p. 6; L.J. Oakenfull, Fifty years of planning practice: Missing the link, *in* Planning History Study Group, *Proceedings of the symposium on South African planning history*, p. 61; T.B. Floyd, *Town planning in South Africa*, pp. 8-9.
5. U.G. 8-1940: Union of South Africa, *Report of the committee to investigate the administration of areas which are becoming urbanised but which are not under local government control* (Cape Town, 1940).
6. U.G. 34-1944: Union of South Africa, *Social and Economic Planning Council: Report No. 5: Regional and Town Planning* (Pretoria, 1944).


© University of Pretoria

en heropbou as moontlike oplossing vir die kritieke toestande in stedelike en omstedelike gebiede aanleiding gegee.[7]

Fase I (tot 1920's)

Voor Uniewording (1910) is dorpstigting in die twee Britse kolonies en die twee Afrikanerrepublieke deur wetsbepalings onderlê om die ordelike ligging en uitleg van dorpe te verseker en aanvaarbare sanitasie en higiëne te handhaaf. Die klem was nie soseer op die maatskaplike hervormingsaspekte — die verbetering van openbare gesondheid en maatskaplike welsyn — van stadsbeplanning nie, maar eerder op die tegniese aspekte daarvan, soos die uitleg van strate en erwe. Die rede hiervoor was dat verstedeliking en industrialisasie en die gepaardgaande ontstaan van werkersklaskrotbuurtes nog skaars begin het. Aanvanklik is daar in die uitleg van dorpe en stede nie vir die huisvesting van elke etniese/rassegroep in afsonderlike gebiede voorsiening gemaak nie. Soos wat vroeër aangedui is, is die dorpe en stede as die uitsluitlike domein van blankes beskou. Swart werkers, wat nie in kampongs of deur werkgewers gehuisves is nie, is gedwing om buite die formele dorpsuitleg 'n heenkome te vind. Hierdie tendense het na Uniewording voortgeduur, maar gaandeweg in die twee dekades daarna het die sosio-ekonomiese omstandighede in stedelike gebiede begin verander. Die krottoestande waarin die arm werkersklas (beide blankes en swartes) hulleself in 'n toenemende mate binne stedelike gebiede begin bevind het, het die gevolge van die gebrek aan stedelike beplanning aan die lig gebring. Alhoewel stedelike krotbuurtes as 'n behuisingsprobleem beskou is, was die werklike kommer geleë in die bedreiging wat dit vir openbare gesondheid en welsyn ingehou het. Dit het die fokus na die Britse idee van stadsbeplanning in diens van maatskaplike opheffing laat verskuif.[8]

Die nasionale Departement van Gesondheid en munisipale gesondheidsamptenare het stedelike vestigingspatrone as 'n gesondheidsaak begin beskou wat inderdaad die essensie van stadsbeplanning beliggaam het. Aangesien daar teoreties tot 1925, en in die praktyk tot 1931, geen wetgewing en administratiewe strukture in plek was wat stadsbeplanning beliggaam en ondersteun het nie, is bestaande grond-, gesondheids- en behuisingswetsbepalings gebruik om stadsbeplanningbeginsels deur te voer. Op hierdie wyse is veelrassige krotbuurtes opgeruim, grondgebruikbestuur toegepas,

---

7. M.F. Drake, Centralised control: Historical overview of a planning pre-occupation, *Planning History* 15(2), 1993, pp. 44-45; M. Oranje & A. Merrifield, National spatial development planning in South Africa 1930-2010: An introductory comparative analysis, *Town and Regional Planning* 56, 2010, p. 32; J. Muller, Parallel paths: The origins of planning education and the planning profession in South Africa, *Planning History* 15(2), 1993, p. 6.
8. M.F. Drake, Centralised control: Historical overview of a planning pre-occupation, *Planning History* 15(2), 1993, pp. 44-45; L.J. Oakenfull, *Urban planning. A chronicle and reflections on urban land use planning practice in South Africa*, pp. 2-4; A. Mabin, Origins of segregatory urban planning in South Africa, c. 1900-1940, *Planning History* 13(3), 1991, pp. 8-10; A. Mabin & D.P. Smit, Reconstructing South Africa's cities? The making of urban planning 1900-2000, *Planning Perspectives* 12(2), 1997, pp. 196-199.


© University of Pretoria

en van-die-stadskern-verwyderde swart woonbuurtes opgerig. Dit was die begin van beplanningsbeginsels op die basis van "etniese sosiogeniëring" en ruimtelike manipulasie. Dit was veral Charles Porter (1864-1934), die eerste Johannesburgse Mediese Beampte van Gesondheid van 1902 tot 1925, wat hierdie beplanningsbeginsels entoesiasties aangehang het. Dit was nadat hy in 1914 'n Stadsbeplanning Somerskool by die Universiteitskollege in Londen, Brittanje bygewoon het. Sy beplanningsvisie was die daarstelling van gesonde en ordelike werkersklasbehuising aan die hand van internasionale beplanningsidees. Hy is sterk deur die sanitasie-sindroom beïnvloed en het armoede (die werkersklas as geheel) en gebrekkige beskaafde "Westerse" higiëniese gesondheidstandaarde (die swart werkers) as struikelblokke in stedelike beplanning beskou. Daarom moes "ongunstige" grondgebruik, insluitende swart woongebiede, so ver as moontlik uit die (blanke) stadsgebiede verwyder word.[9]

Fase II (1920's en 1930's)

Die Suid-Afrikaanse ekonomie het in die 1920's en 1930's geleidelik begin industrialiseer met die gepaardgaande toename in arbeidsaanvraag en verstedeliking, veral swart verstedeliking. Die impak hiervan op stedelike gebiede, veral die agteruitgang van stedelike woonbuurtes en die ontstaan van veelrassige krotbuurtes, het tot 'n toenemende belangstelling in en kommer oor dorps-, stads- en streeksbeplanning aanleiding gegee. Die uitvloeisel hiervan was die aanvaarding van ordinansies wat vir stadsbeplanningskemas voorsiening gemaak het; die ontstaan van organisasies gemoeid met beplanning; die opruiming van krotbuurtes; en die verskuiwing van inwoners na alternatiewe "model"-woonbuurtes. In hierdie fase was al hoe meer akademiese en praktiserende stadsbeplanners aktief besorg oor en betrokke by beplanning. Die beginsels en plek van stadsbeplanning is gedebatteer. Beginsels het gewissel van tegniese aspekte gemoeid met gemak, koste en klimaat tot die artistieke waarmee versigtig omgegaan moes word ten einde nie bekostigbaarheid en effektiwiteit in te boet nie. Die plek van stadsbeplanning binne die stedelike fisiese ruimte is uitgestippel as een van samewerking met reeds-gevestigde professionele landmeters, argitekte en ingenieurs, elkeen met sy eie funksie en bydrae. Teen die einde van die 1930's het die eerste drie plaaslike kandidate die eksamen van die Britse Stadsbeplanningsinstituut by die Universiteit van die Witwatersrand afgelê

9. M.F. Drake, Centralised control: Historical overview of a planning pre-occupation, *Planning History* 15(2), 1993, pp. 44-45; L.J. Oakenfull, *Urban planning. A chronicle and reflections on urban land use planning practice in South Africa*, pp. 2-4; A. Mabin, Origins of segregatory urban planning in South Africa, c. 1900-1940, *Planning History* 13(3), 1991, pp. 8-10; S. Parnell, Creating racial privilege: The origins of South African public health and town planning legislation, *Journal of Southern African Studies* 19(3), September 1993, pp. 471-472, 476-479, 480-481; A. Mabin & D.P. Smit, Reconstructing South Africa's cities? The making of urban planning 1900-2000, *Planning Perspectives* 12(2), 1997, pp. 196-199; M. Oranje, Learning from language: South African planners, planning and plans from the 1920s to the present, *in* Planning History Study Group, *Proceedings of the symposium on places, people and planning I*, p. 72; T.B. Floyd, *Town planning in South Africa*, pp. 40-41; J. Robinson, *The power of apartheid: State, power and space in South African cities*, p. 65.


© University of Pretoria

en as stadsbeplanners gekwalifiseer.[10]

Fase III (1930's tot 1940's)

Hierdie fase in die laat dertiger- en veertigerjare is deur verdere nasionale ontwikkelinge, wetenskaplike ondersoeke en moontlike staatsingryping in stadsbeplanning gekenmerk. In hierdie tyd was daar die ongemaklike bewussyn onder blanke stedelike administrateurs en stadsbeplanners, in die volgende fase bevestig deur die sensussyfers van 1946, dat die swart stedelike inwoners in getal die blanke stedelike inwoners begin verbysteek het. Hierdie besef moes deur stadsbeplanners in ag geneem en binne die segregasionistiese denke van die dag beredder word. In ooreenstemming hiermee is die Thornton-komitee in 1939 deur die Departement van Gesondheid aangestel om ongekontroleerde buite-stedelike vestiging te ondersoek. Na die regeringaanstelling in 1942 het die Sosiale en Ekonomiese Beplanningsraad in 1944 sy vyfde verslag bekendgestel wat aan stads- en streeksbeplanningsaspekte, binne die konteks van verstedeliking en segregasie, aandag verleen het. Dit was in navolging van 'n soortgelyke verslag wat in hierdie tydperk in Brittanje vrygestel is. In hierdie fase is die modernistiese klem op die wetenskap, die rede en die voortspruitende optrede van die "redelike man" aangehang. Daar is geglo dat wetenskaplike ondersoeke kennis sou voortbring wat tot beter ("die beste") planne, sekerheid, oortuiging en vasberadenheid sou lei om die gewenste (en finale) uitkomste te laat realiseer, en die foute van die verlede as gevolg van onkunde reg te stel.[11]

Fase IV (van 1945 af)

Die impak van die Tweede Wêreldoorlog het regerings wêreldwyd in die na-oorlogse jare opnuut op beplanning en heropbou laat fokus en Suid-Afrika, in navolging van Brittanje, was deel van hierdie tendens. Daar is gepoog om die aanbevelings van beide die Thornton-komitee as die Sosiale en Ekonomiese Beplanningsraad prakties te laat realiseer. Ongelukkig was die realiteite van die na-oorlogse tydperk met sy swart verstedelikingsoormag, behuisingstekortkrisis en blanke politieke wending in 1948 ver verwyderd van die realiteitserkennende, dog dikwels idealistiese en onpraktiese

10. M.F. Drake, Centralised control: Historical overview of a planning pre-occupation, *Planning History* 15(2), 1993, pp. 44-45; L.J. Oakenfull, *Urban planning. A chronicle and reflections on urban land use planning practice in South Africa*, p. 4; A. Mabin, Origins of segregatory urban planning in South Africa, c. 1900-1940, *Planning History* 13(3), 1991, pp. 10-11; J. Muller, Parallel paths: The origins of planning education and the planning profession in South Africa, *Planning History* 15(2), 1993, pp. 5-6.
11. M.F. Drake, Centralised control: Historical overview of a planning pre-occupation, *Planning History* 15(2), 1993, pp. 44-45; P. Maylam, Explaining the apartheid city: 20 years of South African urban historiography, *Journal of Southern African Studies* 21(1), Special issue: Urban studies and urban change in Southern Africa, March 1995, p. 25; M. Oranje & A. Merrifield, National spatial development planning in South Africa 1930-2010: An introductory comparative analysis, *Town and Regional Planning* 56, 2010, pp. 31-32; A. Mabin, Origins of segregatory urban planning in South Africa, c. 1900-1940, *Planning History* 13(3), 1991, pp. 12, 14; J. Muller, Parallel paths: The origins of planning education and the planning profession in South Africa, *Planning History* 15(2), 1993, p. 5; A. Mabin & D.P. Smit, Reconstructing South Africa's cities? The making of urban planning 1900-2000, *Planning Perspectives* 12(2), 1997, pp. 203-205; F. Demissie, Controlling and 'civilising natives' through architecture and town planning in South Africa, *Social Identities: Journal for the Study of Race, Nation and Culture* 10(4), 2004, p. 487.



© University of Pretoria

aard van hierdie wetenskaplike ondersoeke en hulle aanbevelings.[12]

## 2. Relevante wetgewing, ordinansies, organisasies, beraadslagings en wetenskaplike ondersoeke van toepassing op stadsbeplanning

Soos reeds genoem kan die geskiedenis van stadsbeplanning in Suid-Afrika en van die sentrale beheer daaroor na Suid-Afrika se Nederlandse en Britse koloniale agtergrond nagespeur word. In die tydperk voor Uniewording in 1910 het die sentrale beheer oor grondgebruikbeplanning en dorpsbeplanningskemas aan die hand van beperkende kontrakte en titelaktes, grondverdelings en bouregulasies plaasgevind waar op grond van ras, ekonomiese gebruik en digtheid gedifferensieer (éérder gediskrimineer) is. In hierdie verband kan na die bepalings van die *Goudwet van 1885*[13] in die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) en die *Erkenning van Woonbuurtes Wet van 1894*[14] in die Republiek van die Oranje-Vrystaat verwys word. Laasgenoemde wetgewing het vir ’n woonbuurtraad voorsiening gemaak wat aansoeke vir die onderverdeling van grond vir stedelike gebruik oorweeg het. Tydens die Britse Rekonstruksieprogram in die voormalige ZAR het die ontruiming en herontwikkeling van “onhigiëniese gebiede” plaasgevind. Dit was dan ook onder hierdie program dat swart stedelike werkers uit Johannesburg verwyder is na Klipspruit, sestien kilometer van die stadskern af. Enige nuwe stedelike ontwikkelinge moes ook vir die daarstelling van swart stedelike woonbuurtes (op daardie stadium bekend as “lokasies”) voorsiening maak.[15]

Na Uniewording in 1910 het hierdie sentrale beheer voortgeduur en is dit in drie bestuursvlakke, elk met sy eie wetsbepalings en omskryfde toepassingsgebiede, beliggaam, naamlik die Unieparlement (nasionale wetgewing), Provinsiale Rade (ordinansies) en plaaslike owerhede (munisipale verordeninge of regulasies en woonbuurtrade). Hierdie bestuursvlakke het die beplanningstelsel wetlik en teoreties beliggaam, konteks en struktuur daaraan verleen, en soms ook ’n onbuigsaamheid en voorskriftelikheid openbaar. Hoe dit in die praktyk tot uitvoer en uiting gekom het, het van die

---

12. M.F. Drake, Centralised control: Historical overview of a planning pre-occupation, *Planning History* 15(2), 1993, p. 45; M. Oranje & A. Merrifield, National spatial development planning in South Africa 1930-2010: An introductory comparative analysis, *Town and Regional Planning* 56, 2010, p. 33; A. Mabin & D.P. Smit, Reconstructing South Africa’s cities? The making of urban planning 1900-2000, *Planning Perspectives* 12(2), 1997, pp. 203-204.
13. Zuid-Afrikaansche Republiek, *Goudwet (Wet 8 van 1885)* (Pretoria, 1885).
14. Republiek van die Oranje-Vrystaat, *Erkenning van Woonbuurtes Wet (Wet van 1894)* (Bloemfontein, 1894).
15. M.F. Drake, Centralised control: Historical overview of a planning pre-occupation, *Planning History* 15(2), 1993, p. 45; P. Maylam, Explaining the apartheid city: 20 years of South African urban historiography, *Journal of Southern African Studies* 21(1), Special issue: Urban studies and urban change in Southern Africa, March 1995, p. 27; A. Mabin, Suburbs on the veld, modern and postmodern, Draft article, 2005, p. 18; L.J. Oakenfull, *Urban planning. A chronicle and reflections on urban land use planning practice in South Africa*, pp. 2-3; A. Mabin & D.P. Smit, Reconstructing South Africa’s cities? The making of urban planning 1900-2000, *Planning Perspectives* 12(2), 1997, pp. 194-195; T.B. Floyd, *Town planning in South Africa*, pp. 40-42; T.B. Floyd, Die geskiedenis van stadsbeplanning in Suid-Afrika, *in* The South African Institute of Town Planners/Die Suid-Afrikaanse Instituut vir Dorpsbeplanners, *Summer School/Somerskool*, pp. 13-14.



© University of Pretoria

vaardighede, interpretasie en innovering van die beplanners afgehang. Die *Volksgezondheidswet van 1919*[16] en die *Woningswet van 1920*[17] het aan plaaslike owerhede die mag gegee om stadsbeplanning en grondgebruikbeheer (ook sonering) toe te pas wanneer dit in openbare gesondheidsbelang was. Stedelike plaaslike owerhede het, soos in die vorige hoofstuk bespreek is, "openbare gesondheidsbelang" en beplanning dikwels op 'n rassebasis en in oorleg met die sanitasie-sindroom bepaal en toegepas, alhoewel genoemde wetgewing as "rasneutraal" beskou is. Dit is belangrik om daarop te wys dat stadsbeplanningsregulasies op daardie tydstip net op stedelike swartes van toepassing was wanneer dit nodig was om hulle uit krotbuurtes binne die "blanke" stedelike gebiede te verwyder. Stedelike swartes was uitgesluit van daardie gedeeltes van stede waar effektiewe beplanning toegepas is; soortgelyke beplannings- en beheermaatreëls was nog nie op swart stedelike woonbuurtes van toepassing nie.[18]

'n Belangrike wetlike en organisatoriese Britse koloniale erfenis moet hier uitgelig word ten einde die tydgenootlike maatskaplike, ekonomiese en wetlike konteks waarbinne stadsbeplanning gefunksioneer en verstaan is, te verduidelik. Dit sal ook weer eens, soos in 'n vorige hoofstuk aangedui is,[19] die wetlike teenstrydighede oor wie vir die stedelike swartes verantwoordelik was, uitwys. Met die daarstelling van die vier provinsies in 1910 is elkeen deur 'n administrateur beheer met soortgelyke funksies as 'n koloniale goewerneur-generaal. Die Administrateur het groot invloed oor blanke dorpsbeplanningsake uitgeoefen omdat blanke munisipale administrasie deur provinsiale ordinansies gereguleer is. Ander rassegroepe binne stedelike gebiede, waarvan die swart stedelike groep die grootste was, het nie onder provinsiale administrasie (en stadsbeplanningskemas) gesorteer nie. Die stedelike vestiging van hierdie gemeenskappe was 'n verantwoordelikheid van die sentrale regering (en die Departement van Naturellesake), gegrondves in die (wan)-opvatting van die tyd dat swart stedelinge nie 'n plek in dorpe en stede gehad het nie, behalwe indien dit noodsaaklik vir blanke ekonomiese belange was.[20]

---

16. Unie van Suid-Afrika, *Volksgezondheidswet van 1919 (Wet 36 van 1919)* (Kaapstad, 1919).
17. Unie van Suid-Afrika, *Woningswet van 1920 (Wet 35 van 1920)* (Kaapstad, 1920).
18. M.F. Drake, Centralised control: Historical overview of a planning pre-occupation, *Planning History* 15(2), 1993, p. 45; L.J. Oakenfull, *Urban planning. A chronicle and reflections on urban land use planning practice in South Africa*, pp. ix-x; S. Parnell, Creating racial privilege: The origins of South African public health and town planning legislation, *Journal of Southern African Studies* 19(3), September 1993, pp. 471, 483-488; A. Mabin & D.P. Smit, Reconstructing South Africa's cities? The making of urban planning 1900-2000, *Planning Perspectives* 12(2), 1997, p. 198; M. Oranje, Learning from language: South African planners, planning and plans from the 1920s to the present, *in* Planning History Study Group, *Proceedings of the symposium on places, people and planning I*, p. 72; L.J. Oakenfull, Fifty years of planning practice: Missing the link, *in* Planning History Study Group, *Proceedings of the symposium on South African planning history*, p. 60; T.B. Floyd, *Town planning in South Africa*, pp. 40-41; T.B. Floyd, Die geskiedenis van stadsbeplanning in Suid-Afrika, *in* The South African Institute of Town Planners/Die Suid-Afrikaanse Instituut vir Dorpsbeplanners, *Summer School/Somerskool*, pp. 14-16.
19. **Kyk Hoofstuk V.**
20. P. Maylam, Explaining the apartheid city: 20 years of South African urban historiography, *Journal of Southern African Studies* 21(1), Special issue: Urban studies and urban change in Southern Africa, March 1995, p. 28; L.J. Oakenfull, *Urban planning. A chronicle and reflections on urban land use planning practice in South Africa*, pp. 7-8; A. Mabin & D.P. Smit, Reconstructing South Africa's cities? The making of urban planning 1900-2000, *Planning Perspectives* 12(2), 1997, pp. 196, 198; T.B. Floyd, *Town planning in South Africa*, p. 45.


© University of Pretoria

Die *Naturellen (Stadsgebieden) Wet van 1923*[21] het, benewens die bepalings wat reeds in die vorige hoofstuk uiteengesit is,[22] die skeiding tussen die beplanning vir swart stedelike woonbuurtes (lokasies) en die beplanning vir die res van stedelike Suid-Afrika wetlik beliggaam.[23] Die Provinsiale Rade het in 1925 wetlike mag verkry om vir stadsbeplanningskemas voorsiening te maak en dit te beheer. Dit was egter eers in 1931 dat die Transvaalprovinsie die leiding geneem het en 'n ordinansie aangeneem het wat provinsiale stadsbeplanningskemas en woonbuurtgoedkeuringsprosedures vereis het. Die *Transvaal Woonbuurt en Stadsbeplanning Ordinansie van 1931*,[24] in navolging van soortgelyke Britse wetgewing van 1919, het van munisipaliteite vereis om 'n groter mate van beheer oor en regulering van stedelike beplanning en ontwikkeling uit te oefen wat grondgebruik (sonering), behuisingsdigtheid, en gebougrootte en -ligging betref. Dit sou wetlik die uitleg van woonbuurtes reguleer en 'n einde bring aan die lukrake, dikwels onekonomiese en oneffektiewe, uitleg van woonbuurtes waar behoorlike tegniese en beplanningsbeginsels nie toegepas is nie. Stadsbeplanning en die gepaardgaande eienaarskap en bewoning van openbare behuisingskemas het in die praktyk 'n besliste rasse-ondertoon openbaar en op stedelike eksklusiwiteit — rassesonering — neergekom. Al vier provinsies binne die Unie van Suid-Afrika het teen 1947 ordinansies aanvaar wat vir stadsbeplanningskemas (en *de facto* rassesonering) voorsiening gemaak het.[25]

Stedelike plaaslike owerhede het ook die magte tot hulle beskikking volgens die *Slumswet van 1934*[26] gebruik om geboue, en selfs ganse woonbuurtes, onbewoonbaar te verklaar, en die inwoners na alternatiewe huisvesting te verskuif. Segregasie is, soos reeds in die voorafgaande paragraaf aangedui is, meestal as maatstaf vir hierdie optredes gebruik: ras-geïntegreerde, oorvol en swak-gedienste geboue, straatblokke en woonbuurtes in die middestad is onbewoonbaar verklaar; en die inwoners is op 'n rassebasis (blankes eerste) na nuut-beplande, ordelike openbare behuisingskemas verskuif. Ten spyte daarvan dat geen nuwe wetgewing aangeneem is om rassesonering binne stedelike gebiede te wettig nie het stadsbeplanning (en -beplanners) wel rassesonering, met natuurlike en mensgemaakte

---

21. Unie van Suid-Afrika, *Naturellen (Stadsgebieden) Wet van 1923 (Wet 21 van 1923)* (Kaapstad, 1923).
22. **Kyk Hoofstuk V.**
23. S. Parnell, Creating racial privilege: The origins of South African public health and town planning legislation, *Journal of Southern African Studies* 19(3), September 1993, p. 488; A. Mabin & D.P. Smit, Reconstructing South Africa's cities? The making of urban planning 1900-2000, *Planning Perspectives* 12(2), 1997, p. 199; E. Haarhoff, Appropriating modernism: Apartheid and the South African township. Paper presented at the 14th IPHS Conference, Urban transformation: Controversies, contrasts and challenges, 12-15 July 2010, Istanbul, Turkey, p. 3.
24. Transvaalse Provinsiale Administrasie, *Transvaal Woonbuurt en Stadsbeplanning Ordinansie (Ordinansie 11 van 1931)* (Pretoria, 1931).
25. M.F. Drake, Centralised control: Historical overview of a planning pre-occupation, *Planning History* 15(2), 1993, p. 45; P. Maylam, Explaining the apartheid city: 20 years of South African urban historiography, *Journal of Southern African Studies* 21(1), Special issue: Urban studies and urban change in Southern Africa, March 1995, pp. 27-29; L.J. Oakenfull, *Urban planning. A chronicle and reflections on urban land use planning practice in South Africa*, pp. 4-5; J. Muller, Parallel paths: The origins of planning education and the planning profession in South Africa, *Planning History* 15(2), 1993, pp. 6, 7; A. Mabin & D.P. Smit, Reconstructing South Africa's cities? The making of urban planning 1900-2000, *Planning Perspectives* 12(2), 1997, p. 200; P. Maylam, *South Africa's racial past: The history and historiography of racism, segregation and apartheid*, pp. 159-160; L.J. Oakenfull, Fifty years of planning practice: Missing the link, *in* Planning History Study Group, *Proceedings of the symposium on South African planning history*, pp. 59-63; T.B. Floyd, *Town planning in South Africa*, pp. 51-59.
26. Unie van Suid-Afrika, *Slumswet van 1934 (Wet 53 van 1934)* (Kaapstad, 1934).



© University of Pretoria

buffersones, onderskryf en in die praktyk toegepas. In die Transvaalse stedelike gebiede het die Witwatersrand en Pretoria Gesamentlike Stadsbeplanningskomitee as deel van hulle normale *modus operandi* in hulle oorweging vir die "beste" (model)-persele vir woongebiede segregasie en rassesonering as maatstaf gebruik.[27]

Die Transvaal Stadsbeplanningsvereniging het in 1919 tot stand gekom. Hierdie vereniging het in verskeie stadsbeplanningsbehoeftes voorsien, onder meer as 'n liggaam wat kundige beplanningsinsette kon lewer; wetgewingsvoorstelle kon maak; die gebrek aan vooruitbeplanning in die optrede van stedelike plaaslike owerhede kon uitwys; die gebrek aan en noodsaaklikheid van samewerking tussen die nasionale regeringsdepartemente en plaaslike owerhede kon uitlig; en die noodsaak vir die opleiding van Suid-Afrikaanse stadsbeplanners kon verkondig. Hierdie vereniging het vir meer as 'n dekade waardevolle beplanningsinsette gelewer met as hoogtepunt die uiteindelike aanvaarding van die eerste *Transvaal Woonbuurt en Stadsbeplanning Ordinansie* in 1931.[28]

Ná die aanvaarding van die *Ordinansie van 1931* het die aanvraag na die dienste van stadsbeplanners toegeneem. Die meeste van die Transvaalse munisipaliteite, ook Pretoria, wat verplig was om beplanningskemas daar te stel, het by die Witwatersrand en Pretoria Gesamentlike Stadsbeplanningskomitee aangesluit. Weens die tekort aan ervare stadsbeplanners in Suid-Afrika, en op aanbeveling van bogenoemde komitee, is die Britse firma van Adams, Thompson en Fry aangestel. Longstreth Thompson (1890-1973) van hierdie firma het as streeksbeplanner vir die munisipaliteite van die Witwatersrand en Pretoria gedurende 1935-1939 opgetree en verskeie maande per jaar in Suid-Afrika deurgebring. Hy het weer op sy beurt Suid-Afrikaanse verteenwoordigers aangestel waaronder die Britse stadsbeplanner P.J. Bowling en T.B. Floyd. Bowling kan as die invloedrykste stadsbeplanner gedurende die laat 1930's en die 1950's in Suid-Afrika beskou word, terwyl Floyd die eerste voltydse stadsbeplanner in die land was wat in die vroeë 1930's begin praktiseer het.[29] Die Suid-Afrikaanse Instituut van Stadsbeplanning is in 1944 as 'n tak van die Britse Instituut van Stadsbeplanning gestig. Die vernaamste beplanningsaktiwiteit van die Suid-Afrikaanse tak was om

---

27. A. Mabin, Origins of segregatory urban planning in South Africa, c. 1900-1940, *Planning History* 13(3), 1991, pp. 11-12, 14; A. Mabin & D.P. Smit, Reconstructing South Africa's cities? The making of urban planning 1900-2000, *Planning Perspectives* 12(2), 1997, p. 202.
28. M.F. Drake, Centralised control: Historical overview of a planning pre-occupation, *Planning History* 15(2), 1993, p. 45; J. Muller, Parallel paths: The origins of planning education and the planning profession in South Africa, *Planning History* 15(2), 1993, pp. 6, 7; F.J. Potgieter, Major shifts in planning practice in South Africa since World War II, *in* Planning History Study Group, *Proceedings of the symposium on South African planning history*, p. 144.
29. A. Mabin, Origins of segregatory urban planning in South Africa, c. 1900-1940, *Planning History* 13(3), 1991, pp. 10-11; J. Muller, Parallel paths: The origins of planning education and the planning profession in South Africa, *Planning History* 15(2), 1993, p. 8; A. Mabin & D.P. Smit, Reconstructing South Africa's cities? The making of urban planning 1900-2000, *Planning Perspectives* 12(2), 1997, pp. 200-201; F.J. Potgieter, Major shifts in planning practice in South Africa since World War II, *in* Planning History Study Group, *Proceedings of the symposium on South African planning history*, p. 144; A. Mabin, *The map of Gauteng: Evolution of a city-region in concept and plan*. Occasional paper 5. Gauteng City-Region Observatory, pp. 8-9; T.B. Floyd, *Town planning in South Africa*, pp. 9, 47-50; A. Mabin, Conflict, continuity and change: Locating "properly planned native townships" in the forties and fifties, *in* Planning History Study Group, *Proceedings of the symposium on South African planning history*, p. 330.



© University of Pretoria

voorleggings en kommentaar te lewer vir die regeringsaangestelde Sosiale en Ekonomiese Beplanningsraad. [30]

Veral twee invloedryke beraadslagings oor stadsbeplanning het in die laat 1930's en vroeë 1940's plaasgevind, naamlik die Kongres oor Stadsbeplanning in 1938[31] en die Simposium oor die Heropbou van Suid-Afrika in 1943. Beide hierdie byeenkomste is by die Universiteit van die Witwatersrand gehou en het 'n vooruitskouende inslag openbaar omdat kwessies rondom rassediskriminasie met erns bejeën en daaroor beraadslaag is. Die 1938-kongres het onder meer rassevooroordeel beredeneer en die toepassing van moderne en modernistiese beplanningsidees is aan die hand van hipotetiese projekte gedemonstreer. In hierdie verband kan die hipotetiese "model native township for 20 000 inhabitants" wat deur Roy Kantorowich (1917-1996), 'n baanbrekerargitek en -stadsbeplanner, beplan is, genoem word.[32] Die 1943-simposium se tema van maatskaplike heropbou het sosio-politieke besorgdheid oor regverdigheid en gelykheid in die na-oorlogse Suid-Afrikaanse beplanningsmilieu beredeneer. Die beplanningsimplikasies van sowel segregasie as integrasie is ontleed. Teenstrydighede binne die Suid-Afrikaanse modernistiese beweging het tydens hierdie beraadslagings duidelik na vore getree: daar was pleidooie vir radikale maatskaplike veranderinge te midde van die aanvaarding van en funksionering binne die bestaande segregasiestrukture.[33]

Die Thornton-komitee is in 1939 deur die Departement van Gesondheid aangestel om ongekontroleerde buite-stedelike vestiging te ondersoek. Hierdie komitee was onder voorsitterskap van Sir Edward Thornton, voorsitter van die Sentrale Woningsraad. Die komiteeverslag het die onbeheerde vestiging in buite-stedelike gebiede waar verskillende rassegroepe geïntegreerd (in die woorde van die komitee: "living cheek by jowl") met mekaar gewoon het, bevestig en afgryse daaroor uitgespreek. Die stedelike plaaslike owerhede was veral besorg oor hoe hierdie vestigings, wat nie onder hulle beheer was nie, hulle gebiede, infrastruktuur en dienstevoorsiening, wat reeds onvoldoende en oorlaai was, sou beïnvloed. In hierdie tyd is 'n Buite-stedelike Gebiede Gesondheidsraad vir die Transvaalprovinsie geskep as 'n vorm van plaaslike regering vir alle gebiede

30. J. Muller, Parallel paths: The origins of planning education and the planning profession in South Africa, *Planning History* 15(2), 1993, p. 8.
31. 'n Volledige uitgawe van die *South African Architectural Record* is in 1938 aan die konferensieverrigtinge en -aanbevelings gewy.
32. R. Kantorowich, A model native township for 20 000 inhabitants, *in* The South African Architectural Record, *Townplanning. Proceedings of a congress devoted to townplanning*, pp. 73-84, 102-105.
33. J. Muller, Parallel paths: The origins of planning education and the planning profession in South Africa, *Planning History* 15(2), 1993, p. 7; A. Mabin & D.P. Smit, Reconstructing South Africa's cities? The making of urban planning 1900-2000, *Planning Perspectives* 12(2), 1997, p. 202; M. Oranje, Learning from language: South African planners, planning and plans from the 1920s to the present, *in* Planning History Study Group, *Proceedings of the symposium on places, people and planning I*, pp. 74-75; The South African Architectural Record, *Townplanning. Proceedings of a congress devoted to townplanning*, pp. 3-4, 73-84, 102-105; F. Demissie, Controlling and 'civilising natives' through architecture and town planning in South Africa, *Social Identities: Journal for the Study of Race, Nation and Culture* 10(4), 2004, p. 488; E. Haarhoff, Appropriating modernism: Apartheid and the South African township. Paper presented at the 14th IPHS Conference, Urban transformation: Controversies, contrasts and challenges, 12-15 July 2010, Istanbul, Turkey, pp. 2-3.


© University of Pretoria

aangrensend tot stedelike plaaslike owerhede. Hierdie liggaam was nie in staat om die ontwikkeling in buite-stedelike gebiede onder bedwang te bring nie. Van die redes hiervoor was die onbeheersde swart verstedeliking in hierdie tyd en die Smuts-regering se oorlogspoging wat belangriker as nasionale beleid, selfs "noodsaaklike" segregasie, was.[34]

Die verslag van die Sosiale en Ekonomiese Beplanningsraad (1942-1944) het 'n sterk modernistiese inslag openbaar met die klem op sentrale staatsbeheer en verantwoordelikheid vir 'n omvattende sosiaal-maatskaplike, ekonomiese en grondgebruikplan vir Suid-Afrika, met inagneming van die land se natuurlike en menslike hulpbronne. Binne die Suid-Afrikaanse konteks is die gedagtes van stedelike segregasie en die beplanning van aparte, afgeskeide rasgebaseerde sones en woonbuurtes met "beskermende" buffers tussenin, onderskryf. 'n Ingrypende nasionale beleid van residensiële segregasie is aanbeveel teenoor die bestaande *ad hoc*-segregasie binne stedelike gebiede. Die feit dat van die aanbevelings té idealisties en onprakties was en dit die destydse outonomie van die provinsiale administrasies bedreig het, het veroorsaak dat weinig van hierdie aanbevelings in die praktyk gerealiseer het.[35]

## 3. Die vergestalting van stadsbeplannings- en argitektoniese beginsels en -praktyke in die beplanning en ontwerp van model swart stedelike woonbuurtes

Die Sosiale en Ekonomiese Beplanningsraad het in sy 1944-verslag enkele stadsbeplanningsbeginsels aangeraak:

> The [Social and Economic] Planning Council has indicated in the Fifth Report that it regards the separation of residential areas of different races ... as a function of town

34. P. Maylam, Explaining the apartheid city: 20 years of South African urban historiography, *Journal of Southern African Studies* 21(1), Special issue: Urban studies and urban change in Southern Africa, March 1995, p. 25; A. Mabin, Suburbs on the veld, modern and postmodern, Draft article, 2005, pp. 14-15; A. Mabin, Origins of segregatory urban planning in South Africa, c. 1900-1940, *Planning History* 13(3), 1991, p. 14; A. Mabin, Comprehensive segregation: The origins of the *Group Areas Act* and its planning apparatuses, *Journal of Southern African Studies* 18(2), 1992, p. 413.
35. M.F. Drake, Centralised control: Historical overview of a planning pre-occupation, *Planning History* 15(2), 1993, pp. 44-45; P. Maylam, Explaining the apartheid city: 20 years of South African urban historiography, *Journal of Southern African Studies* 21(1), Special issue: Urban studies and urban change in Southern Africa, March 1995, p. 25; M. Oranje & A. Merrifield, National spatial development planning in South Africa 1930-2010: An introductory comparative analysis, *Town and Regional Planning* 56, 2010, p. 32; A. Mabin & D.P. Smit, Reconstructing South Africa's cities? The making of urban planning 1900-2000, *Planning Perspectives* 12(2), 1997, pp. 203-204; A. Mabin, Comprehensive segregation: The origins of the *Group Areas Act* and its planning apparatuses, *Journal of Southern African Studies* 18(2), 1992, pp. 414-416; P. Wilkinson, A discourse of modernity: The social and economic planning council's fifth report on regional and town planning, 1944, *in* Planning History Study Group, *Proceedings of the symposium on South African planning history*, pp. 265-267; A. Mabin, *The map of Gauteng: Evolution of a city-region in concept and plan*. Occasional paper 5. Gauteng City-Region Observatory, pp. 10-11; The South African Institute of Town Planners/Die Suid-Afrikaanse Instituut vir Dorpsbeplanners, *Summer School/Somerskool*, pp. 2-3; P. Wilkinson, Providing adequate shelter: The South African state and the resolution of the African housing crisis, 1948-1954, *in* D.C. Hindson, (ed.), *Working papers in southern African studies III*, p. 66; E. Haarhoff, Appropriating modernism: Apartheid and the South African township. Paper presented at the 14th IPHS Conference, Urban transformation: Controversies, contrasts and challenges, 12-15 July 2010, Istanbul, Turkey, pp. 3-4; A. Mabin, Conflict, continuity and change: Locating "properly planned native townships" in the forties and fifties, *in* Planning History Study Group, *Proceedings of the symposium on South African planning history*, pp. 314-315.


© University of Pretoria

> planning in this country ...[36] The union has a large and growing permanently urbani[s]ed non-European population. The Council ... therefore, urges that in the lay-out of new townships, the replanning of existing ones and the erection of state-subsidised housing schemes, full use should be made of the principle of planned neighbourhoods, protected from other neighbourhoods by 'green belts' of cultivated and park land and at the same time reasonably close to work places.[37] ... since the tendency to erect locations miles away from places of work is undesirable, imposing insupportable burdens in time and money on the people, ...[38]

Voortspruitend uit bogenoemde beginsels, volg dan die beginsel van noodsaaklike, sistematiese en geïntegreerde streeksbeplanning vir 'n "decent urban life" vir beide blanke en swart stedelinge. In die geval van swart stedelike behuising was daar tot en met die laat 1940's geen koördinering tussen aangrensende stedelike plaaslike owerhede oor die plasing van swart stedelike woonbuurtes nie. Bowenal het die skeiding (*segregasie*) van gesondheid, behuising en stadsbeplanning, en die ressortering daarvan onder verskillende regeringsdepartemente, ook vir verskillende rasse, 'n geïntegreerde benadering vir alle stedelinge teengewerk. Die totstandkoming van die Witwatersrand-Streek Raadgewende Raad vir Nie-Blanke Behuising in 1947 kan wel in hierdie verband as 'n voorbeeld en poging tot gekoördineerde streeksbeplanning en optrede genoem word.[39] Die swart stedelike behuisingsverpligtinge en gepaardgaande finansiële las in die na-oorlogsjare was vir die plaaslike owerhede op die Witwatersrand, asook dié van Pretoria en Vereeniging, ondraaglik om sonder bystand van die nasionale regering en werkgewers aan te pak. Daar is onder meer ooreengekom dat die totale gebied onder die jurisdiksie van bogenoemde plaaslike owerhede as 'n ekonomiese, geografiese en fisiese geheel beskou moes word en dat die oplos van die swart stedelike behuisingsprobleem op 'n streeksbasis beplan en beredder moes word.[40]

Bogenoemde verwysing na 'n "decent urban life" onderskryf die humanitêre aanslag in moderne stadbeplanning waar die mens (en die gemeenskap wat saam 'n woonbuurt bewoon) meer as tevore sentraal gestaan en as belangrik geag is. Daar moes in die praktiese behoeftes van die inwoners

36. U.G. 34-1944: Union of South Africa, *Social and Economic Planning Council: Report No. 5: Regional and Town Planning*, para. 31, p. 5.
Beklemtoning deur myself.
37. U.G. 34-1944: Union of South Africa, *Social and Economic Planning Council: Report No. 5: Regional and Town Planning*, para. 31, p. 5.
Beklemtoning deur myself.
38. U.G. 34-1944: Union of South Africa, *Social and Economic Planning Council: Report No. 5: Regional and Town Planning*, para. 26.
39. D.G. Tees, Witwatersrand Regional Advisory Council for Non-European Housing, *South African Treasurer* 19, October 1947, pp. 189-190.
40. A. Mabin & D.P. Smit, Reconstructing South Africa's cities? The making of urban planning 1900-2000, *Planning Perspectives* 12(2), 1997, pp. 193, 198, 205; I. Evans, *Bureaucracy and race. Native administration in South Africa*, pp. 123, 148-150, 158-159, 285; P. Wilkinson, A discourse of modernity: The social and economic planning council's fifth report on regional and town planning, 1944, *in* Planning History Study Group, *Proceedings of the symposium on South African planning history*, pp. 265-266; T.B. Floyd, *Town planning in South Africa*, p. 62; D.G. Tees, Witwatersrand Regional Advisory Council for Non-European Housing, *South African Treasurer* 19, October 1947, pp. 189-190; A. Mabin, Conflict, continuity and change: Locating "properly planned native townships" in the forties and fifties, *in* Planning History Study Group, *Proceedings of the symposium on South African planning history*, pp. 311, 319-320.


© University of Pretoria

waarvoor beplan is, voorsien word in ooreenstemming met hulle ekonomiese posisie én ooreenkomstig menswaardige standaarde wat gesondheid, veiligheid en gemak sou verseker. Ten einde hierdie beginsel te verwesenlik is navorsing oor die groep waarvoor beplan word noodsaaklik: inligting oor hulle dag-tot-dag bestaan van reis, werk, rus, opvoeding en ontspanning; hulle sosiologiese, politieke, sielkundige en veral ekonomiese omstandighede; en hulle gebruike en voorkeure. Stedelike swartes moes as mense gesien en nagevors word, nie as gesiglose werkers of arbeidseenhede nie.[41]

In ooreenstemming met die beherende modernistiese inslag, was daar voortdurende pogings om die patroon van swart vestigings binne die stedelike omgewing deur middel van gepolitiseerde, uitsluitende, diskriminerende en (rasse)-sonering, en die afbreek van onbeheerde en onbeheersde vestigings (plakkersgebiede) te dikteer (en dikwels te beperk). Hierdie beplanningsingesteldheid word met die optrede van ’n chirurg vergelyk wat die “ongesonde” gedeeltes “verwyder” ten einde die gesondheid en welsyn van die gemeenskap in stand te hou en te bevorder. Daar was voorts ook toenemende sistematiese openbare pogings om die grootte, oppervlakte, ventilasie en konstruksiestandaarde — die ruimte — van swart stedelike behuising te beheer en te reguleer.[42]

Die modernistiese beklemtoning van ’n tegniese en wetenskaplike benadering het ook in beplanningsbeginsels tot uiting gekom. Die ontwerp en uitleg van swart stedelike subekonomiese woonbuurtes was gebaseer op die rasionalisasie en standaardisasie van konstruksieprosesse om behuisingstrukture wat aan minimumstandaarde voldoen het teen die laagste moontlike koste tot stand te bring — die beginsels van bekostigbaarheid en tegniese effektiwiteit dus. Daar is voorts beklemtoon dat beheer oor en die bestuur van stedelike swartes slegs moontlik was deur die daarstelling van voldoende skuiling in “properly planned native townships”.[43] Hierdie proses is prakties vergestalt in tegnies-wetenskaplike navorsing oor “native housing” en “planned native

41. P.H. Connell *et al.*, *Native housing: A collective thesis*, pp. 87-90, 94-101; C.B. Schoeman, *’n Kritiese ondersoek na Bantoebehuising en standaarde met spesifieke verwysing na die blanke gebiede van Pretoria en Johannesburg*, M.Sc.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1975, pp. 64-65, 70.
42. A. Mabin & D.P. Smit, Reconstructing South Africa’s cities? The making of urban planning 1900-2000, *Planning Perspectives* 12(2), 1997, p. 194; P. Maylam, *South Africa’s racial past: The history and historiography of racism, segregation and apartheid*, pp. 159-160; S. Parnell, South African cities: Perspectives from the ivory tower or urban studies, *Urban Studies* 34, 1997, p. 896; P. Ramarumo, Social marginalisation through zoning — a historical review, *in* Planning History Study Group, *Proceedings of the symposium on South African planning history*, pp. 121-123; L. Pernegger, & S. Godehart, *Townships in the South African geographic landscape — physical and social legacies and challenges*, pp. 6-7; M. Oranje, Learning from language: South African planners, planning and plans from the 1920s to the present, *in* Planning History Study Group, *Proceedings of the symposium on places, people and planning I*, pp. 73-74, 76, 80; L.J. Oakenfull, Fifty years of planning practice: Missing the link, *in* Planning History Study Group, *Proceedings of the symposium on South African planning history*, pp. 61-62, 64; P. Maylam, Explaining the apartheid city: 20 years of South African urban historiography, *Journal of Southern African Studies* 21(1), Special issue: Urban studies and urban change in Southern Africa, March 1995, p. 29; I. Evans, *Bureaucracy and race. Native administration in South Africa*, p. 299; P. Wilkinson, A discourse of modernity: The social and economic planning council’s fifth report on regional and town planning, 1944, *in* Planning History Study Group, *Proceedings of the symposium on South African planning history*, p. 270; A. Mabin, Conflict, continuity and change: Locating “properly planned native townships” in the forties and fifties, *in* Planning History Study Group, *Proceedings of the symposium on South African planning history*, p. 318.
43. I. Evans, *Bureaucracy and race. Native administration in South Africa*, p. 119.


© University of Pretoria

townships" wat op argitektoniese en stadsbeplanningsbeginsels, afkomstig van die moderne argitektuur- en standsbeplanningsbewegings,[44] gebaseer was. Twee uitstaande voorbeelde uit hierdie tydperk is die navorsing oor 'n model vir 'n "native housing scheme" wat deur vyf argitektuurstudente aan die Universiteit van die Witwatersrand in 1938 gedoen, en waarna reeds vroeër verwys is, en in 1939 onder die titel *Native housing*[45] gepubliseer is. 'n Tweede navorsingstuk was daarop gemik om 'n leemte in Suid-Afrikaanse behuisingswetgewing te vul én om tegniese oplossings vir die behuisingsvraagstuk te vind. Dit moet in gedagte gehou word dat daar voor 1947 geen eenvormige minimumvereistes waaraan behuisingstrukture moes voldoen, was nie, slegs arbitrêre regulasies wat van tyd tot tyd op grond van praktiese ondervinding aangepas is. In 1947, na afloop van 'n konferensie wat deur die Departement van Gesondheid en sy Behuisingsdirektoraat aangebied is, is 'n memorandum opgestel met minimum- en maksimumstandaarde vir akkommodasie/behuising, vir blankes en swartes afsonderlik. Hierdie standaarde is gebruik vir verdere navorsing, veral deur die Nasionale Bounavorsingsinstituut (NBNI)[46] van die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad (WNNR), op versoek van die Nasionale Behuisings- en Plannekommissie, oor die ontwikkeling van model "native housing with minimum standards". Hierdie standaarde was spesifiek daarop gemik om die grootte en koste van geboue in te perk, en is deur die Vereniging van Nie-Blanke Sake Administrateurs[47] versoek en verwelkom. Bestaande swart stedelike behuisingsinisiatiewe sou dan voorts aan hierdie standaarde gemeet en geëvalueer kon word. Die finale navorsing is, na vele hersienings, in 1951[48] gepubliseer. Die riglyne vir maksimumstandaarde vir swart stedelike behuising is hoofsaaklik deur kostes bepaal. Minimumstandaarde[49] vir swart stedelike behuising is op grond van gesondheids-, geriewe- en gerieflikheidsoorwegings vasgestel. Hierdie tegnies-wetenskaplike beplanningsbeginsel het voorts met modernistiese entoesiasme in die ontwerp van verskeie minimumplanne vir "native housing" in Suid-Afrika deur die Argitektuurafdeling, onder leiding van die argitekte Paul Connell (1915-1997) en Douglas Calderwood (1919-2009), van die NBNI neerslag gevind. Riglyne vir die uitleg van swart stedelike woonbuurtes[50] is ook opgestel en versprei. Die hoogtepunt was die fisiese vergestalting van die "model native township"-eksperiment,

---

44. Hier kan verwys word na hoogs-aangeskrewe internasionale beplanningsmodelle gedurende hierdie tydperk, naamlik die Amerikaanse "Neighbourhood Unit" en die Britse "New Town".
L. Pernegger, & S. Godehart, *Townships in the South African geographic landscape — physical and social legacies and challenges*, p. 9.
45. P.H. Connell, C. Irvine-Smith, K. Jonas, R. Kantorowich & F.J. Wepener, *Native housing: A collective thesis* (Johannesburg, 1939).
46. Die NBNI het in 1945 tot stand gekom na aanleiding van pogings deur die Nasionale Behuisings- en Plannekommissie en die Departement van Handel en Nywerheid om ondersoeke te loods na behuisingskostes in samehang met behuisingstandaarde Die NBNI het in 1946 deel van die WNNR geword.
47. Hierdie vereniging het in 1944 op inisiatief van die munisipale Bestuurders van Naturellesake aan die Witwatersrand tot stand gekom.
48 National Building Research Institute, *Interim reports of the research committee on minimum standards of accommodation* (Series DS 1-9. Pretoria, 1949); Nasionale Behuisings- en Plannekommissie, *Minimum standaarde van wonings vir nie-blankes* (Pretoria, 1951).
49. Hierdie standaarde is gedefinieer as die minimumstandaarde wat vir die instandhouding van gesondheid, aanvaarbare morele gedrag, en die integriteit en veiligheid van gesinslewe nodig was. Daar is onder meer standaarde neergelê vir die minimum aantal vertrekke per huis, minimum vertrekgroottes en – plafonhoogtes, asook die voorsiening van aparte toiletgeriewe.
50. National Housing Office, *Guide to the planning of non-European townships* (Pretoria, 1951).


© University of Pretoria

en van modernisering, in die modelwoonbuurt van Kwa-Thema in Springs (1950-1954) wat dan as (ideale of model-) voorbeeld vir die ontwerp van swart stedelike behuising in ander dele van die land gedurende die 1950's gedien het.[51]

Enkele argitektoniese of ontwerpbeginsels in die daarstelling van swart stedelike woonbuurtes en behuising gedurende die 1930's en 1940's kan geïdentifiseer word. Argitektuur of ontwerp kan in hierdie konteks gedefinieer word as die ordening van die beskikbare ruimte op so 'n manier dat dit die beste in die behoeftes van die bewoners van sodanige ruimte voorsien, terwyl dit steeds so ekonomies en effektief as moontlik uitgevoer word. Bogenoemde definisie ontbloot twee belangrike, dog uiters beperkende, ontwerpbeginsels, naamlik koste en dan die gevolglike ingekorte ruimte of spasie. Hierdie beginsels kan die kreatiwiteit van die ontwerper/argitek óf aan bande lê óf tot groter inisiatief, kreatiwiteit, visualiserings en verbeelding om die beperkinge te bowe te kom, en variasie en estetiese kwaliteit te verseker, aanleiding gee. Beskikbare ruimte verwys hier na sowel die ruimte binne die wooneenheid as die ruimte tussen wooneenhede, en kan deur digtheid (kyk volgende paragraaf) aangedui of gekwantifiseer word. Inligting oor die inwoners en hulle behoeftes, die beskikbare ruimte, asook die bekostigbaarheid en lewensduurte van behuisingstrukture is bepalende faktore vir die deurvoering van hierdie ontwerpbeginsels.[52]

---

51. F. Demissie, Controlling and 'civilising natives' through architecture and town planning in South Africa, *Social Identities: Journal for the Study of Race, Nation and Culture* 10(4), 2004, pp. 487, 490-496, 501, 505; D.M. Calderwood, The planning of non-European residential areas in South Africa, *National Building Research Institute Bulletin* 7, December 1951, pp. 1-24; P.H. Connell, *Sub-economic housing practice in South Africa*, p. 22; D.M. Calderwood & P.H. Connell, Minimum standards of accommodation for the housing of non-Europeans in South Africa, *National Building Research Institute Bulletin* 8, June 1952, pp. 1-23; M.D.A. Baldocchi, *Survey of housing practice in the Union of South Africa*, pp. 33, 35-37, 138-141, 144-148, 154-165, 167, 170-190, 228-229, 283-291; D.M. Calderwood, *Native housing in South Africa*, D.Arch. Thesis, University of the Witwatersrand, 1953, pp. 24-45; A. Nel & J.A. van Zyl, *Stad en dorp*, pp. 133-136; L.J. Oakenfull, Fifty years of planning practice: Missing the link, *in* Planning History Study Group, *Proceedings of the symposium on South African planning history*, pp. 63- 64; P. Wilkinson, Providing adequate shelter: The South African state and the resolution of the African housing crisis, 1948-1954, *in* D.C. Hindson, (ed.), *Working papers in southern African studies III*, pp. 65, 80-81; A. Mabin, *The map of Gauteng: Evolution of a city-region in concept and plan*. Occasional paper 5. Gauteng City-Region Observatory, p. 13; E. Haarhoff, Appropriating modernism: Apartheid and the South African township. Paper presented at the 14th IPHS Conference, Urban transformation: Controversies, contrasts and challenges, 12-15 July 2010, Istanbul, Turkey, pp. 5-7; I. Evans, *Bureaucracy and race. Native administration in South Africa*, pp. 54, 119-143, 295; C.B. Schoeman, *'n Kritiese ondersoek na Bantoebehuising en standaarde met spesifieke verwysing na die blanke gebiede van Pretoria en Johannesburg*, M.Sc.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1975, pp. 8-10, 33-62; D.M. Calderwood, Native housing policies and problems, *in* The South African Institute of Town Planners/Die Suid-Afrikaanse Instituut vir Dorpsbeplanners, *Summer School/Somerskool*, pp. 133, 141; D.M. Calderwood, An approach to low cost urban native housing in South Africa, *The Town Planning Review* 24(4), January 1954, pp. 312-328; M. Stals, *Fragmentation & unity. The search for the design of a 'model township'. The case of Atteridgeville, Pretoria*, M.Sc. Dissertation, Katholieke Universiteit Leuven, 1998, pp. 9, 17-18, 23-24, 27-30, 34-40, 97-98; A. Mabin, Conflict, continuity and change: Locating "properly planned native townships" in the forties and fifties, *in* Planning History Study Group, *Proceedings of the symposium on South African planning history*, pp. 305-306, 328-333; P. Morris, *Soweto*, p. 14; C.J.P. le Roux, The question of housing for Africans in Mangaung at Bloemfontein, 1945-1964, *Historia* 45(2), November 2000, p. 469.
52. C.B. Schoeman, *'n Kritiese ondersoek na Bantoebehuising en standaarde met spesifieke verwysing na die blanke gebiede van Pretoria en Johannesburg*, M.Sc.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1975, p. 63; N.L. Hanson & W.G. Tomkyns, City of Johannesburg: Competition for non-European houses: Assessors' report, *South African Architectural Record* 29, September 1944, pp. 220-228; M. Simon & L. Aronson, Non-European housing competition, *South African Architectural Record* 30, February 1945, pp. 28-30; R.M. Frean, Aesthetics in the planning and lay-out of low-cost native housing, *South African Architectural Record*, January 1957, pp. 22-34; D.M., Calderwood, *Native housing in South Africa*, D.Arch. Thesis, University of the Witwatersrand, 1953, pp. 33, 39, 48; D.M. Calderwood, Native housing policies and problems, *in* The South African Institute of Town Planners/Die Suid-Afrikaanse Instituut vir Dorpsbeplanners, *Summer School/Somerskool*, pp. 140, 153; D.M. Calderwood, *Town planning — with particular reference to housing layouts*, pp. 7, 9; M. Stals, *Fragmentation & unity. The search for the design of a 'model township'. The case of Atteridgeville, Pretoria*, M.Sc. Dissertation, Katholieke Universiteit Leuven, 1998, pp. 21-22; M.D.A. Baldocchi, *Survey of housing practice in the Union of South Africa*, pp. 132-134.



© University of Pretoria

Soos reeds aangedui is, is intensiewe navorsing oor bogenoemde faktore, veral teen die einde van die 1930's en in die 1940's, onderneem, en is minimumstandaarde vir die oprigting van swart stedelike behuising en woonbuurtes uiteengesit. Gestandaardiseerde huisplanne en woonbuurtuitleg (wat vir gesondheid, vars lug en sonlig, privaatheid, dienste, fasiliteite en infrastruktuur voorsiening maak); bekostigbare boumetodes (met inagneming van gehalte boumateriaal, lae onderhoudskoste en die huurbetaalvermoë van inwoners); digtheidvasstellings (per woonbuurt, wooneenhede en vertrekke); landskap- of terreinoorwegings (kontoere/topografie, oop ruimtes en tuine); en afstand (tussen woon- en werkplek, asook beskikbare vervoerinfrastruktuur) is teoreties geformuleer, en selfs visueel (sketsplanne) aan stedelike plaaslike owerhede beskikbaar gestel.[53]

Die argitek en eerste hoof van die Argitektuur-Afdeling van die NBNI van die WNNR, Paul Connell het in 1947 die volgende realiteite geïdentifiseer wat die argitektoniese aspekte van swart stedelike behuising tot op daardie stadium prakties beïnvloed het: die oorweldigende omvang van die behuisingstekort; die sielkundige impak van die ekonomiese en kulturele aanpassing van stedelike swartes en die problematiek om binne daardie konteks geldige en gedifferensieerde behoeftebepalings en behuisingstandaarde daar te stel; en die uitdaging om met 'n uiters beperkte begroting op kreatiewe en innoverende wyse die akute en baie spesifieke "small house problem" aan te pak en te beredder. Connell het ook die estetiese (en sielkundige) kontras tussen die eentonigheid en verveligheid ("drabness and monotony") van die swart stedelike woonbuurtes en die sjarme en lewendige kleurrykheid ("charm and vitality") van die tradisionele swart argitektuur beklemtoon.[54] Die woonbuurtuitleg met die meganiese herhaling van rye en rye eenderse huisies met weinig plantegroei het in sy mening enige betekenisvolheid, intimiteit en gemeenskapsgevoel vernietig. Dit het die swart stedelinge waarskynlik met 'n gevoel van onpersoonlikheid, van onbelangrikheid, selfs marginalisasie, gelaat. Volgens hom het die feit dat die werklike samelewingsposisie van swart stedelinge een van marginalisasie en onpersoonlike arbeidsverrigters was die sielkundige impak van die visuele woonbuurtuitleg verder verhoog. Die argitektoniese problematiek (en mislukking?) was dus daarin geleë om binne bogenoemde beperkende realiteite nie net behuisingstrukture van aanvaarbare standaarde op te rig nie, maar 'n geborge omgewing daar te stel waar stedelike swartes en hulle gesinne kon tuis voel.[55]

---

53. C.B. Schoeman, *'n Kritiese ondersoek na Bantoebehuising en standaarde met spesifieke verwysing na die blanke gebiede van Pretoria en Johannesburg*, M.Sc.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1975, pp. 63-106; N.L. Hanson & W.G. Tomkyns, City of Johannesburg: Competition for non-European houses: Assessors' report, *South African Architectural Record* 29, September 1944, pp. 220-222; M.D. Baldocchi, Sport grounds and town planning. Sound town-planning takes ample care of outdoor recreational needs, *Munisipale Aangeleenthede*, September 1944, p. 19; T.B. Floyd, *Township layout*, pp. 26-28; D.M. Calderwood, Site selection in non-European housing estate layouts, *National Building Research Institute Bulletin* 7, December 1951, pp. 1-7; D.M., Calderwood, *Native housing in South Africa*, D.Arch. Thesis, University of the Witwatersrand, 1953, pp. 39-41, 46-94.
54. P.H. Connell, Native housing and its architectural aspects, *South African Architectural Record* 32(6), June 1947, p. 168.
55. P.H. Connell, Native housing and its architectural aspects, *South African Architectural Record* 32(6), June 1947, pp. 166-170; D.M. Calderwood, *Native housing in South Africa*, D.Arch. Thesis, University of the Witwatersrand, 1953, p. 41; M.D.A. Baldocchi, *Survey of housing practice in the Union of South Africa*, pp. 58-62.


© University of Pretoria

In 'n verdere navorsingstuk wat Connell in 1947 vir die NBNI van die WNNR onderneem het — *Sub-economic housing practice in South Africa* — verskaf hy 'n oorsig en reflekteer hy oor die totstandkoming en karaktertrekke van subekonomiese huisvesting in Suid-Afrika van 1930-1946.[56] Hy ontbloot die volgende argitektoniese beginsels, uitdagings, geleenthede en mislukkings in die totstandkoming van swart stedelike behuising: stadsingenieurs was in die meeste gevalle (vanweë koste-implikasies) vir die ontwerp van behuisingstrukture en woonbuurtes verantwoordelik en nie argitekte nie; subekonomiese huisvesting impliseer kostebesnoeiing met 'n gevolglike strakke, gestroopte, eentonige en herhalende dog onsamehangende voorkoms; die strakke reëlmatige of roosteruitlegvorm van woonbuurtes (die grootste ontwerpstruikelblok),[57] die skaal van behuisingstrukture, en die eentonige en oninteressante kleure en teksture waartoe die ontwerp kostegewys beperk is. Tog is daar gevalle waar die voorkoms van hierdie behuising verbeter is, omdat aandag en tyd (nie noodwendig koste nie) aan die basiese proporsies en ontwerp van detailaspekte geskenk is. Volgens Connell kon die aanwending van kleur, deur die inwoners self en volgens hulle plattelandse tradisies, die argitektoniese skaakmat wat deur koste en gevolglike eentonigheid teweeggebring is, beredder. Ook die aanplant van gras en bome in oop ruimtes en die aanlê van tuine, meestal in die vorm van groentetuine met munisipale aanmoediging en ondersteuning, kon en het in enkele gebiede die strakheid en eentonigheid van hierdie huisvesting versag.[58] Connell se bevindinge en aanbevelings word deur Calderwood in sy waarnemings van swart stedelike behuising in die tydperk voor 1947 geëggo. Calderwood verwys ook na ruimtevermorsing, gebrek aan privaatheid, variasies in vertrekgroottes, en variasies in die ontwerpe tussen verskillende plaaslike owerhede as kenmerkend van die behuisingsverskaffing voor 1947.[59]

## 4. Die raamwerk waarbinne die Pretoriase plaaslike owerheid die (model) swart stedelike woonbuurt van Atteridgeville moes oprig

Die daarstelling van die model swart stedelike woonbuurt van Atteridgeville deur die stedelike plaaslike owerheid van Pretoria in die 1930's en 1940's moes binne 'n bepaalde nasionale en plaaslike wetgewende, administratiewe, finansiële, ekonomiese en behuisingsraamwerk plaasvind. Die

56. P.H. Connell, *Sub-economic housing practice in South Africa*, South African Council for Scientific and Industrial Research: National Building Research Institute, series DR 1 (Pretoria, 1947).
57. Connell identifiseer vier ontwerpprobleme met die tradisionele roosteruitleg ten spyte van die kostevoordele daaraan verbonde: vermorsing van spasie aan strate; terreinkontoere word net gedeeltelik in ag geneem; die minderheid van huise in 'n straatblok het 'n noordelike oriëntasie; en die feit dat alle huise 'n straatfront het waar gemeenskaplike aktiwiteite plaasvind, en kinders dan in die (gevaarlike) strate speel.
58. P.H. Connell, *Sub-economic housing practice in South Africa*, pp. i-iii, 9,-10, 30-37; M.D.A. Baldocchi, *Survey of housing practice in the Union of South Africa*, p. 1.
59. D.M. Calderwood, *Native housing in South Africa*, D.Arch. Thesis, University of the Witwatersrand, 1953, pp. 18, 21, 41-43; M. Stals, *Fragmentation & unity. The search for the design of a 'model township'. The case of Atteridgeville, Pretoria*, M.Sc. Dissertation, Katholieke Universiteit Leuven, 1998, p. 20.


© University of Pretoria

belangrikste algemene aspekte van hierdie raamwerk is reeds in voorafgaande hoofstukke uiteengesit, maar sal hier toegespits op die Pretoriase plaaslike owerheid en sy swart stedelike inwoners aangedui word.

Toe daar in 1935 daadwerklik met die beplanning van Atteridgeville begin is,[60] was die bepalings van die *Naturelle (Stadsgebiede) Wet, 1923, Wysigingswet (Wet 25 van 1930)*[61] ten opsigte van die (i) verskaffing en finansiering van swart stedelike behuising, op ’n gesegregeerde basis en binne goedgekeurde en geproklameerde swart stedelike gebiede; en (ii) die toepassing van instromingsbeheer om die aantal stedelike swartes aan wie huisvesting verskaf moes word, in samehang met arbeidsbehoeftes, te beperk, van toepassing. Die bepalings van die *Wet tot Wysiging van die Wette op Naturelle (Wet 46 van 1937)*[62] en die *Naturelle (Stadsgebiede)-Konsolidasiewet van 1945*[63] wat eweneens bogenoemde twee verpligtinge wetlik verfyn het, was ook later van toepassing.[64]

Dit blyk dat die Pretoriase stedelike owerheid klaarblyklik instromingsbeheermaatreëls tot sy voordeel en ter vermindering van sy behuisingsverpligting toegepas het. Howard Rogers van die Departement van Naturellesake het reeds in 1933 verklaar dat in Pretoria is die beskikbare instromingsbeheermaatreëls

> in fullest operation and Natives not actually in employment are under strict control. A reception depôt for the residence of Natives seeking work has been established by the Government and a large hostel for the accommodation of male Natives has been provided by the Municipality.[65]

Hierdie uitspraak strook egter nie met die realiteit van oorbewoning in die swart stedelike woonbuurtes onder beheer van die Stadsraad van Pretoria nie. Daar was ’n laksheid en besluitloosheid oor presies wat om met stedelike swartes in die “blanke” stedelike gebied te doen. Blankes wou hierdie swartes, wat na aan hulle gewoon het, verwyder hê; indien die Stadsraad van Pretoria aan hierdie versoek gehoor wou gee, sou dit ’n groot finansiële las en verantwoordelikheid skep om alternatiewe huisvesting op te rig en die krotbuurtes op te ruim. Die situasie het gedurende die oorlogsjare landswyd verder versleg as gevolg van die tydelike opskorting van instromingsbeheermaatreëls, asook die paswette, ten einde in die

60. Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/3/2/1/15, Minutes of the Native and Asiatic Administration Committee (under the Minutes of the Public Health Committee), 20 September 1935, item 9: Additional housing for natives, p. 148; Transvaalse Argiefbewaarplek (TAB), Pretoria: MPA 1/1/1/67, Notule van die Stadsraad van Pretoria, 25 Oktober 1935, item 1(c), p. 21.
61. Union of South Africa, *Natives (Urban Areas)Act, 1923 Amendment Act, 1930 (Act 25 of 1930),* pp. 196, 198.
62. Union of South Africa, *Native Laws Amendment Act of 1937 (Act 46 of 1937)*, pp. 674, 676, 678, 686, 688, 690, 692, 694, 696, 698, 700, 702, 710, 712, 714, 716, 718, 720, 722.
63. Unie van Suid-Afrika, *Naturelle (Stadsgebiede)-Konsolidasiewet van 1945,* pp. 122, 124, 126, 128, 130, 132, 134, 136.
64. P.H. Connell, *Sub-economic housing practice in South Africa*, p. 14; D.M. Calderwood & P.H. Connell, Minimum standards of accommodation for the housing of non-Europeans in South Africa, *National Building Research Institute Bulletin* 8, June 1952, p. 1; C.B. Schoeman, *’n Kritiese ondersoek na Bantoebehuising en standaarde met spesifieke verwysing na die blanke gebiede van Pretoria en Johannesburg*, M.Sc.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1975, pp. 15-16; P.H. Gúenault & R.J. Randall, Urban native housing in South Africa, *Race Relations Journal*, November 1940, pp. 76, 79; D.M. Calderwood, *Native housing in South Africa*, D.Arch. Thesis, University of the Witwatersrand, 1953, p. 5; L. Silberman, Housing legislation and finance in South Africa, *South African Architectural Record*, June 1943, pp. 115-118.
65. H. Rogers, *Native administration in the Union of South Africa*, p. 196.



© University of Pretoria

arbeidsbehoeftes van toenemende industrialisasie en die oorlogspoging te voldoen. Hierdie situasie het ook in die gebiede onder beheer van die Stadsraad van Pretoria gegeld: daar is beweer dat tot soveel as 'n 1 000 swartes die Pretoria-gebied per maand binnegekom het. Die getal stedelike swartes binne die munisipale grense van die Stadsraad van Pretoria het van 34 000 in 1936 tot 53 000 in 1946[66] toegeneem. Die Stadsraad van Pretoria is hierdeur totaal oorweldig en die instandhouding van en lewensomstandighede in bestaande woonbuurtes het daaronder gely en geen voorsiening is vir die toenemende toestromende stedelike swartes gemaak nie.[67]

Artikel 23 van die *Naturelle (Stadsgebiede)-Konsolidasiewet van 1945*[68] het stedelike plaaslike owerhede gematig om onder meer deur middel van permitte en dienskontrakregistrasies beheer oor die toegang en beweging van stedelike swartes binne hulle geproklameerde gebiede uit te oefen. Die Stadsraad van Pretoria was een van die eerste Transvaalse gebiede wat van 1 April 1946 die aanbod van die nasionale regering aanvaar het om self die administrasie van dienskontrakte te fasiliteer waar dit voorheen deur die nasionale regering onderneem is. Dit het ook die daarstelling van ontvangsdepots en arbeidsburo's vir swartes wat in hulle stedelike gebiede werk kom soek het, behels. Die inkomste wat uit dienskontrakregistrasies gegenereer is, het die Swart Inkomsterekening aangevul.[69] Hierdie besluit het waarskynlik nie net oor toegangsbeheer van stedelike swartes gegaan nie, maar dienskontrakregistrasiefooie is ook as 'n bron van addisionele inkomste beskou.

Bogenoemde stadsgebiedewetgewing het die wetlike prosedures en prosesse wat die Pretoriase plaaslike owerheid moes volg alvorens met die uitleg en oprigting van Atteridgeville kon begin word, duidelik uiteengesit. Allereers moes die toestemming en goedkeuring van die Departement van Naturellesake bekom word vir die geskiktheid van die woonbuurtterrein; vir die algemene woonbuurtplan en -erfuitleg (opgestel deur 'n landmeter), asook vir 'n sleutelplan vir oriëntasie ten opsigte van treinstasies en aangrensende woonbuurtes; en vir die voldoende beskikbaarheid en voorsiening van water, elektrisiteit, sanitasie en ander infrastruktuur en dienste. Die algemene woonbuurtplan moes die volgende aspekte

---

66. R.P.A. Dauskardt, Local state, segregation and transport provision: The Atteridgeville bus boycott, 1947, *The South African Geographical Journal* 71(2), September 1989, p. 109.
67. Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/1/1/86, Minutes of the City Council of Pretoria, 21 December 1945, Notice of Motion, pp. 495-497; H.O. Mönnig, *'n Analise van die sosiaal-kulturele lewe in Hovesground: 'n stedelike Bantoewoonbuurt*, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1959, pp. 27-28; R.P.A. Dauskardt, Local state, segregation and transport provision: The Atteridgeville bus boycott, 1947, *The South African Geographical Journal* 71(2), September 1989, p. 109; M. Stals, *Fragmentation & unity. The search for the design of a 'model township'. The case of Atteridgeville, Pretoria*, M.Sc. Dissertation, Katholieke Universiteit Leuven, 1998, p. 41; J.F. Eloff, *'n Volkekundige studie van aanpassing en ontwikkeling in die gesinslewe van die naturelle van Atteridgeville*, M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1952, pp. 78-79; M. Malan, *The black community of Pretoria, 1923-1939*, M.A. Dissertation, University of Pretoria, 1996, pp. 51-52, 55.
68. Unie van Suid-Afrika, *Naturelle (Stadsgebiede)-Konsolidasiewet van 1945*, Artikel 23, pp. 154, 156, 158, 160, 162.
69. E. Hellmann & L. Abrahams (eds), *Handbook on race relations in South Africa*, pp. 237-238; P.A. Linington, *Native administration in the Union of South Africa*, pp. 174-176; C.V. Bothma, *'n Volkekundige ondersoek na die aard en ontstaansoorsake van tsotsigroepe en hulle aktiwiteite in die stedelike gebied van Pretoria*, M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1951, p. 6; Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/1/1/86, Minutes of the City Council of Pretoria, 26 October 1945, item 4: Registration regulations: Transfer of control to urban local authorities, pp. 184-187.



© University of Pretoria

aantoon: residensiële, besigheids-, spesiale en opvoedkundige persele; oop ruimtes en parke; straatwydtes; kontoere en topografiese verskynsels soos vleie, riviere, damme, heuwels, rotsformasies, uitgrawings, en grotte; bome; en hutte, huise, krale, spoorlyne, paaie en voetpaadjies. Toestemming om met die voorgenome woonbuurt voort te gaan (en stedelike swartes uit krotbuurtes daarheen te verskuif en te vergoed), is slegs verleen na 'n deeglike bestudering van die voorlegging, en selfs inspeksies deur sowel die Departement van Naturellesake (en sy Inspekteurs) as die Departement van Gesondheid. Indien toestemming verkry is en aan al die vereistes volgens relevante provinsiale[70] en stadsordinansies, en die Aktekantoor voldoen is, was die stedelike plaaslike owerheid gemagtig om fondse te leen vir die aankoop van die grond en die oprigting van infrastruktuur en behuising. In die geval van Atteridgeville was dit subekonomiese lenings. Hierdie lenings is aangevul met fondse uit die Swart Inkomsterekening (onderhewig aan streng voorwaardes om wanpraktyke te voorkom);[71] skenkings uit die Algemene Inkomsterekening; en lenings uit algemene munisipale fondse, rentevry of teen baie lae koerse.[72]

Stedelike plaaslike owerhede is ook ingevolge Artikels 22 en 23(3) van die *Naturellen (Stadsgebieden) Wet van 1923*[73] verplig en gemagtig om, met goedkeuring van die provinsiale Administrateur en die Minister van Naturellesake, regulasies uit te vaardig wat die interne bestuur en beheer van swart stedelike woonbuurtes sou reguleer en vergemaklik. Vir konsekwentheid is "model"-/voorbeeldregulasies deur die Departement in 1924 opgestel; stedelike plaaslike owerhede kon hierdie regulasies dan aanpas en aanvul om hulle spesifieke omstandighede te pas. Die Stadsraad van Pretoria se lokasie-/swart woonbuurtregulasies is op 12 Desember 1925 deur Administrateurskennisgewing 561 goedgekeur, en met die proklamasie van Atteridgeville as 'n swart stedelike woonbuurt was hierdie regulasies, soos wat dit deur die jare aangepas is, ook op Atteridgeville van toepassing.[74]

---

70. In die geval van Atteridgeville, *Ordinansie 11 van 1931* van die Transvaalprovinsie.
71. Die Swart Inkomsterekening van die Pretoriase stedelike owerheid is befonds uit die inkomstes van boetes vir die oortreding van munisipale regulasies binne swart stedelike woonbuurtes; die inkomste verkry uit dienskontrakregistrasies; die inkomste uit huurgeld (saamgestelde bedrag wat verskeie dienste ingesluit het) vir swart stedelike munisipale huisvesting; en die verkope van sorghumbier. Die Munisipaliteit van Pretoria het die monopoliestelsel vir die brou en verkoop van sorghumbier gevolg waarvolgens slegs die betrokke munisipaliteit bier mag brou en in biersale verkoop
**Kyk Hoofstuk V** vir wetgewingwysigings in 1944, 1945 en 1946 met betrekking tot die gebruik van die inkomstes wat uit biersaalverkope gegenereer is vir uitgawes in die oprigting van subekonomiese behuisingskemas.
72. J.S. Allison, Urban native legislation, *Race Relations* 7(4), November 1940, pp. 58-60; H. Rogers, *Native administration in the Union of South Africa*, p. 187; P.A. Linington, *Native administration in the Union of South Africa*, pp. 168-169; M.M.S. Bell, *The politics of administration: A study of the career of Dr. D.L. Smit with special reference to his work in the Department of Native Affairs, 1934-1945*, M.A. Dissertation, Rhodes University, 1978, p. 18; T.B. Floyd, *Township layout*, pp. 74-77; Central Housing Board, Housing in urban native areas, *Race Relations* 7(4), 1940, pp. 65-67; B. Spence, The problem of the location. A report on housing conditions in ten Transvaal locations, *South African Architectural Record* 28, February 1943, p. 28; P. Morris, *A history of black housing in South Africa*, p. 23; E. Hellmann & L. Abrahams (eds), *Handbook on race relations in South Africa*, pp. 260-263; L. Silberman, Housing legislation and finance in South Africa, *South African Architectural Record*, June 1943, p. 118; P.H. Connell, *Sub-economic housing practice in South Africa*, pp. 45-47; Appendix VI.
73. Union of South Africa, *Native (Urban Areas) Act of 1923 (Act 21 of 1923)*, Article 22 & Article 23(3), pp. 174, 176, 178, 180, 182.
74. Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA1/3/2/1/16, Minutes of the Native and Asiatic Administration Committee (under the Minutes of the Public Health Committee), May 1937, item 4(3): pp. 67-68; H. Rogers, *Native administration in the Union of South Africa*, p. 194; Appendix J: Government Notice No. 672 of 1924, pp. 305-312; P.A. Linington, *Native administration in the Union of South Africa*, p. 178; J.S. Allison, Urban native legislation, *Race Relations* 7(4), November 1940, p. 61; J.D.R. Jones,



© University of Pretoria

Die 1937-Stadsgebiedewet het vir periodieke sensusopnames deur stedelike plaaslike owerhede voorsiening gemaak wat hulle in staat sou stel om (met ministeriële goedkeuring) "oortollige"/surplus swartes uit hulle gebiede te verwyder. Hierdie beheermeganisme sou dan die getal swartes binne die stedelike gebied wat gehuisves moes word, kon beperk, en die behuisingsverpligting tot 'n mate verlig. Die Pretoriase plaaslike owerheid was een van 'n minderheid stedelike plaaslike owerhede wat wel in 1938 'n sensusopname onderneem het.[75]

Wetgewing wat spesifiek op swart stedelike gesondheids- en behuisingstoestande, -finansiering en die opruiming van krotbuurtes betrekking gehad het, was ook ter sake, naamlik die *Volksgezondheidswet van 1919*,[76] die *Woningswet van 1920* (soos gewysig in 1934, 1936, 1944, en 1945),[77] en die *Slumswet van 1934*.[78] Twee nasionale liggame, voortspruitend uit hierdie wetgewing, en onder beheer van die nasionale Departement van Gesondheid, is hier van belang: die Sentrale Woningsraad (1920-1944) en die Nasionale Behuisings- en Beplanningskommissie (1944-1957). Beide die Raad en die Kommissie was oorkoepelend (nasionaal) onder meer verantwoordelik vir die administrasie en verskaffing van lenings en advies aan plaaslike owerhede oor woonbuurtuitleg, huisplanne en die oprigting van behuising. Ná 1945 het die Kommissie beheer oor die verskaffing en prys van boumateriaal uitgeoefen. Die feit dat hierdie behuisingsbeheerliggame onder die Departement van Gesondheid geressorteer het, het tot 'n fokus op behuising<u>standaarde</u> aanleiding gegee, en nie soseer die <u>tegniese</u> aspekte van behuisingsoprigting of -konstruksie nie.[79]

---

Native urban administration. The functions of native advisory boards, *Race Relations Journal* 13(2), May 1946, p. 56; D. du Bruyn & M. Oelofse, "A hygienic native township shall be developed": The founding and development of Batho as Bloemfontein's "model location" (c.1918-1939), *Historia* 64(2), November 2019, p. 73; E. Hellmann & L. Abrahams (eds), *Handbook on race relations in South Africa*, p. 238; R.D. Coertze, *Die adviserende komiteestelsel en politieke organisasie soos aangetref in die stedelike gebied van Pretoria met besondere verwysing na toestande in Atteridgeville*, M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1958, pp. 92-97; M. Malan, *The black community of Pretoria, 1923-1939*, M.A. Dissertation, University of Pretoria, 1996, pp. 139-141; R.D. Coertze, *Atteridgeville. 'n Stedelike Bantoewoonbuurt*, pp. 56-58, 288-297.

75. P.A. Linington, *Native administration in the Union of South Africa*, p. 172; J.S. Allison, Urban native legislation, *Race Relations* 7(4), November 1940, p. 60; P. Morris, *Soweto*, p. 9; Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/1/1/70, Minutes of the City Council of Pretoria, 28 November 1938, item 6: Native census: 1938, pp. 266-274; R.D. Coertze, *Atteridgeville. 'n Stedelike Bantoewoonbuurt*, pp. 4, 11-12.

76. Unie van Suid-Afrika, *Volksgezondheidswet van 1919 (Wet 36 van 1919)* (Kaapstad, 1919).

77. Unie van Suid-Afrika, *Woningswet van 1920 (Wet 35 van 1920)* (Kaapstad, 1920); Unie van Suid-Afrika, *Behuising (Wysigings) Wet (Wet 68 van 1934)* (Kaapstad, 1934); Unie van Suid-Afrika, *Behuising Wysigingswet (Wet 31 van 1936)* (Kaapstad, 1936); Unie van Suid-Afrika, *Behuising Wysigingswet (Wet 49 van 1944)* (Kaapstad, 1944); Unie van Suid-Afrika, *Behuising (Noodmagte) Wet (Wet 45 van 1945)* (Kaapstad, 1945).

78. Unie van Suid-Afrika, *Slumswet van 1934 (Wet 53 van 1934)* (Kaapstad, 1934).

79. P.H. Connell, *Sub-economic housing practice in South Africa*, pp. 14, 16-19, 45; S.M. Malinga, *The establishments of black townships in South Africa with particular reference to the establishment of Daveyton township on the East Rand*, M.A. Mini-Dissertation, Rand Afrikaans University, 1997, p. 26; T.B. Floyd, *Town planning in South Africa*, p.43; P. Wilkinson, A discourse of modernity: The social and economic planning council's fifth report on regional and town planning, 1944, *in* Planning History Study Group, *Proceedings of the symposium on South African planning history*, p. 269; D.M. Calderwood & P.H. Connell, Minimum standards of accommodation for the housing of non-Europeans in South Africa, *National Building Research Institute Bulletin* 8, June 1952, p. 1; D.M. Calderwood, Site selection in non-European housing estate layouts, *National Building Research Institute Bulletin* 7, December 1951, p. 1; C.B. Schoeman, *'n Kritiese ondersoek na Bantoebehuising en standaarde met spesifieke verwysing na die blanke gebiede van Pretoria en Johannesburg*, M.Sc.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1975, pp. 15-16; P.H. Gúenault & R.J. Randall, Urban native housing in South Africa, *Race Relations Journal*, November 1940, pp. 75, 78-79; Central Housing Board, Housing in urban native areas, *Race Relations* 7(4), 1940, pp. 63, 65-70; P. Morris, *A history of black housing in South Africa*, p. 4; D.M. Calderwood, *Native housing in South Africa*, D.Arch. Thesis, University of the Witwatersrand, 1953, pp. 5-7; M.D.A. Baldocchi, *Survey of housing practice in the Union of South Africa*, pp. 84-92, 135-136: L.


© University of Pretoria

Die stedelike plaaslike owerheid van Pretoria is met ernstige en byna onoorkomelike finansiële uitdagings en struikelblokke tydens die beplanning en oprigting van Atteridgeville gekonfronteer. Veral drie uitdagings is ter sake: i) die oprigtingskoste[80] van swart stedelike behuising wat grotendeels die verantwoordelikheid van die plaaslike owerheid was; ii) die ekonomiese posisie van die swart stedelike inwoners wat die betaling van huurgeld aan bande gelê het; en iii) die impak en ekonomiese eise van die Tweede Wêreldoorlog wat die koste en beskikbaarheid van boumateriaal, asook die betaalvermoë van swart stedelike huurders negatief geraak het.[81]

Soos reeds voorheen genoem, was daar verskeie metodes om huisvesting aan stedelike swartes gedurende die eerste helfte van die 20ste eeu te voorsien. Volgens die Bloemfonteinskema is stedelike swartes toegelaat om met munisipale finansiële hulp en onderhewig aan sekere voorskrifte hulle eie huisvesting op ’n munisipale erf te bou. Erwe is aan swartes verhuur en die geld vir voorgeskrewe boumateriaal is aan swartes geleen. Die koste van die boumateriaal is by die maandelikse huurgeld van die erwe gevoeg. In sommige gevalle het stedelike plaaslike owerhede onder hierdie skema huisvesting opgerig deur van swart of kleurlingarbeiders gebruik te maak wat die oprigtingskoste arbeidsgewys baie goedkoper — selfs tot 40% — gemaak het. Die arbeidskostevoordeel van hierdie skema, asook die feit dat dit nie ’n groot kapitaaluitleg en subsidiëring behels het nie, is egter deur verskeie nadele oorskadu: krotbuurtes kon nie vinnig opgeruim word nie; die oprigting van verblyfstrukture het stadig plaasgevind; en die duursaamheid van die huise onder hierdie skema was menigmaal onder verdenking. Volgens die Johannesburg-skema is huisvesting deur die munisipaliteit (met blanke arbeid en privaatkontrakteurs) vir swart huurders opgerig. Die feit dat blanke “beskaafde” arbeid, in ooreenstemming met segregasie-arbeidspraktyke, gebruik is, het die boukoste in sekere gevalle met tot meer as 100% verhoog; oprigtingskoste kunsmatig en onnodig laat toeneem; en die finansiële en ekonomiese las op onderskeidelik stedelike plaaslike owerhede en swart stedelike huurders ondraaglik gemaak.[82] Tog is hierdie metode deur die meerderheid stedelike plaaslike owerhede en in die grootste stedelike sentra gevolg vanweë die voordele daaraan verbonde: die opruiming van krotbuurtes en die hervestiging en

---

Silberman, Housing legislation and finance in South Africa, *South African Architectural Record*, June 1943, pp. 113-118.

80. Oprigtingskoste word hier as ’n oorkoepelende term gebruik en sluit die volgende kostes in: kapitaal-/leningterugbetaling en rentedelging; aankoop van grond; boukostes (boumateriaal en arbeid); en instandhoudingskoste.

81. K. Sevenhuysen, Swart stedelike behuisingsverskaffing in Suid-Afrika, *ca*. 1923-1948: “wanneer meer minder kos” — finansiële verliese versus welsyns- en gesondheidswinste, *Contree* 64, Julie 2012, pp. 111-112; C.R. Duff, The burden of native housing, *Trek* 13(4), April 1949, pp. 12-13; Anon, Houses for African workers: A general review of the position, *South African Outlook* 77, March 1947, p. 44; M.D.A. Baldocchi, *Survey of housing practice in the Union of South Africa*, p. 3; F.W. Jameson, The housing of natives by public bodies. Address before the annual conference of the Transvaal Municipal Association, at Pretoria, on October 7th, 1936, *Race Relations* 4(1), February 1937, pp. 28-29.

82. Tydgenootlike ekonome het die standpunt gehuldig dat die verhoogde arbeidskoste, wat deur die gebruik van blanke vakmanne teweeggebring is, as ’n blanke arbeidsubsidie gereken moes word wat óf uit die Algemene Munisipale Inkomsterekening verhaal moes word óf deur ’n spesiale staatsubsidie vereffen moes word. Dit was onbillik om van stedelike swartes te verwag om huurgeld gebaseer op lone wat baie hoër as hulle eie was, te betaal.
Die antropoloog Ellen Hellmann verwoord dit soos volg: “… why should Natives earning 3*s*. 6*d*. per day pay rents for houses built by white workmen earning 3*s*. 6*d*. per hour?”
E. Hellmann & L. Abrahams (eds), *Handbook on race relations in South Africa*, p. 250.
Beklemtoning deur myself.



© University of Pretoria

huisvestiging van groot getalle swart stedelinge kon vinnig plaasvind; en die huise wat deur blanke vakmanne gebou is, is as baie duursamer beskou. ’n Derde boumetode, wat merendeels net voor en gedurende die oorlogsjare (1939-1945) in gebruik was, was die sogenaamde departementele/munisipale bouskema. Die agtergrond tot hierdie metode was dat ’n tekort aan blanke vakmanne vanweë toenemende industrialisasie en deelname aan die Tweede Wêreldoorlog ontstaan het, terwyl die tekort aan opgeleide ambagsmanne en die styging in lewenskoste net nog hoër lone tot gevolg gehad het. Blanke bouvakbonde was voorts daarteen gekant dat swartes as vakmanne en bouers opgelei word uit vrees vir kompetisie van dié goedkoop arbeidsbron. Stedelike plaaslike owerhede het onder hierdie omstandighede stedelike verblyfstrukture deur (swart) munisipale bouers laat oprig. Bou- en arbeidskostes is met soveel as 40% verminder omdat die winsmotief nie voorrang geniet nie. Bowendien kon stedelike plaaslike owerhede ook swart vakmanne gebruik sonder om die blanke bouvakbonde die harnas in te jaag omdat swart bouers net binne die munisipale departementele raamwerk gebruik is. Met die oprigting van Atteridgeville is die Johannesburgse skema/metode gevolg.[83]

’n Verdere metode wat teen September 1947 deur die Stadsraad van Pretoria vir die Vlakfontein-woonbuurt, later Mamelodi genoem, bekendgestel en gepropageer is, kan as die “kraal- of lapa-bouskema” beskryf word. Hiervolgens sou die tradisionele plattelandse swart boustruktuur — die rondawel — die problematiek van swart stedelike behuising rakende oprigtings- en huurkoste, en oprigtingstyd kon oplos. Die Stadsraad van Pretoria het volgens sy (waarskynlik onrealisties-propagandisties-oordrewe) beraminge beweer dat die kraal-bouskema met (volop) tradisionele materiaal en (goedkoop) ongeskoolde swart werkers binne vyf jaar die behuisingstekort in Pretoria op daardie stadium (6 000 huise) sou kon uitwis. Indien die Johannesburgse skema gevolg word, sou dit nader aan

83. E. Hellmann & L. Abrahams (eds), *Handbook on race relations in South Africa*, pp. 250-253; D. Welsh, The growth of towns, *in* M. Wilson & L.M. Thompson (eds), *The Oxford history of South Africa II: South Africa, 1870-1966*, p. 235; P. Morris, *A history of black housing in South Africa*, pp. 24, 28, 36, 139; E.H. Brookes, Some municipal problems and how the Institute can help, *Race Relations* 2, January-February 1934, p. 14; Central Housing Board, Housing in urban native areas, *Race Relations* 7(4), 1940, pp. 64-65; S.T. van der Horst, The African worker in urban areas, *Race Relations* 13(2), 1946, p. 23; T.R.H. Davenport, African townsmen? South African *Natives (Urban Areas)* legislation through the years, *African Affairs* 68(271), April 1969, p. 103; H.J. van Eck, *Report of housing committee on the state and the housing situation*, p. 44; W.J.S. Coetzee, *Die ekonomiese aspekte van naturellebehuising in Suid-Afrika*, M.A.-verhandeling, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, 1954, pp. 44, 52; P.B. Rich, Administrative ideology, urban social control and the origins of apartheid theory, 1930-1939, *Journal of African Studies* 7(2), Summer 1980, pp. 74-76; P. Maylam, The rise and decline of urban apartheid in South Africa, *African Affairs* 89, 1990, p. 76; J.S. Allison, Urban native legislation, *Race Relations* 7(4), November 1940, p. 60; D.H. Darvill, Construction of native housing by native labour, *South African Municipal Magazine* 30(352), December 1946, pp. 11-13; Anon, Houses for African workers: A general review of the position, *South African Outlook* 77, March 1947, p. 44; D. du Bruyn, *Gardens, gardening culture and the development of a semi-vernacular garden style in Batho, Mangaung, 1918-1939*, DPhil. Thesis, University of the Free State, 2018, pp. 295-301; D. du Bruyn & M. Oelofse, “A hygienic native township shall be developed”: The founding and development of Batho as Bloemfontein’s “model location” (c.1918-1939), *Historia* 64(2), November 2019, pp. 63-69; A.J. Cutten, Native housing, *Race Relations Journal* 19(1), 1952, p. 22; C. le Roux, J.R. Cooper as township manager of Mangaung at Bloemfontein 1923-1945, *Navorsinge van die Nasionale Museum Bloemfontein* 26(1), December 2010, p. 23; P.H. Gúenault & R.J. Randall, Urban native housing in South Africa, *Race Relations Journal*, November 1940, pp. 81-82; M.D.A. Baldocchi, *Survey of housing practice in the Union of South Africa*, p. 69; L. Silberman, Housing legislation and finance in South Africa, *South African Architectural Record*, June 1943, p. 118; P.H. Connell, *Sub-economic housing practice in South Africa*, pp. 43-45; P.H. Connell *et al.*, *Native housing: A collective thesis*, p. 183; Anon, Pretoria’s kraal scheme, *South African Municipal Magazine* 31(364), December 1947, pp. 13-15; M. Stals, *Fragmentation & unity. The search for the design of a ‘model township’. The case of Atteridgeville, Pretoria*, M.Sc. Dissertation, Katholieke Universiteit Leuven, 1998, pp. 19, 51.



© University of Pretoria

30 jaar neem om dieselfde hoeveelheid strukture op te rig. Die kraal-bouskema het fel kritiek ontlok, onder meer omdat die woningstrukture as "primitief", swak belig, onhigiënies, sonder noodsaaklike geriewe, ongerieflik, 'n brandgevaar, en nie as duursaam beskou is nie. Hierdie skema is na twee jaar laat vaar.[84]

Die huishuur gevra deur die stedelike plaaslike owerhede in Suid-Afrika vir swart huisvesting was 'n swaar las op die swartes en wel om twee redes: (i) omdat die pogings van stedelike plaaslike owerhede om aanvanklik swart behuisingskemas op 'n ekonomiese basis te bedryf, waarvolgens die uitgawes[85] wat bestee is deur die inkomste uit huurgeld gedelg moes word, tot redelike hoë huur aanleiding gegee het; en (ii) omdat die arbeid van stedelike swartes as goedkoop arbeid beskou is, kon hulle onmoontlik nie 'n ekonomiese huur uit hulle karige besoldiging bekostig nie. Daarom is ekonomiese behuisingskemas vir stedelike swartes, wat in 1920 ingestel is, in 1936 deur subekonomiese behuisingskemas vervang. Die verliese wat op laasgenoemde skemas gely is, is deur die staat en stedelike plaaslike owerhede op verskillende tye in verskillende verhoudings gedra. Die huurgeld is gesubsidieer sodat die subekonomiese huur binne perke van swart lone geval het. Dit is egter opvallend dat 'n minderheid stedelike plaaslike owerhede in die 1930's en 1940's vir subekonomiese lenings aansoek gedoen het wat hulle in staat sou stel om hulle behuisingsverpligting met nasionale regeringshulp na te kom. Die Pretoriase stedelike owerheid was in 1937 een van net 36 stedelike plaaslike owerhede wat huislenings by die regering onder die subekonomiese leningskema aangegaan het.[86]

---

84. J.W. Macquarrie Shanty-towns or rondavels? Pretoria native housing scheme, *South African Outlook* 77, October 1947, p. 160; B.B. Mdledle, Pretoria mud-hut township, *South African Outlook* 77, October 1947, p. 160; M.P. Atteridge, Mrs. Atteridge on new native housing plan, *Rand Daily Mail*, 6 October 1947, p. 6; Anon, Pretoria's kraal scheme, *South African Municipal Magazine* 31(364), December 1947, pp. 13-15; J. Walker, & G.M. van der Waal (compilers), *A working history of Mamelodi*, p. 10.

85. Uitgawes het uit drie kostes bestaan: behuisinginstandhoudings- en herstelkostes; kostes vir noodsaaklike dienste soos sanitasie, elektrisiteit, water, paaie, administrasie en mediese dienste; en leningsrente- en betalingskostes.
Ontleders van behuisingsuitgawes gedurende die tydperk onder bespreking, onder andere A.J. Cutten (stadsbeplanner in die Behuisingsdirektoraat van die Nasionale Behuisings- en Beplanningkommissie), het daarop gewys dat om van swart stedelinge te verwag om die uitgawes aan administratiewe en mediese dienste te betaal, buitensporig was, en selfs as onbillik en oneties beskou kon word. Hy voer onder meer aan dat hierdie dienste in elk geval gelewer is en moes word of formele swart stedelike woonbuurtes opgerig is of nie, aangesien dit in openbare gesondheids- en landsekonomiebelang was.

86. W.J.S. Coetzee, *Die ekonomiese aspekte van naturellebehuising in Suid-Afrika*, M.A.-verhandeling, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, 1954, pp. 51-52, 67; L. Callinicos, *A people's history of South Africa II. Working life: Factories, townships and popular culture on the Rand, 1886-1940*, p. 72; J.D.R. Jones & A.L. Saffery, Social and economic conditions of native life in the Union of South Africa, *Bantu Studies* 8(1), March 1934, p. 93; P. Morris, *A history of black housing in South Africa*, p. 148; E. Hellmann & L. Abrahams (eds), *Handbook on race relations in South Africa*, pp. 242, 247-249; B.S. van As, *Stedelike naturellebehuising in Wes-Kaapland I*, M.A.-verhandeling, Universiteit van Stellenbosch, 1955, p. 16; J.P.C. Mostert, *Die politieke, maatskaplike en ekonomiese implikasies van die swart verstedeliking in Suid-Afrika, 1939-1948*, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1985, pp. 120-122; D.M. Calderwood, *Native housing in South Africa*, D.Arch. Thesis, University of the Witwatersrand, 1953, p. 33; D.M. Calderwood, Native housing, *South African Annual Review: A social and economic survey of the Union year 1953* 1(1), January 1953, pp. 37-38; Central Housing Board, Housing in urban native areas, *Race Relations* 7(4), November 1940, p. 63; I. Evans, *Bureaucracy and race. Native administration in South Africa*, pp. 133-134; P.H. Gúenault & R.J. Randall, An introduction to the housing problem, *South African Journal of Economics*, June 1940, pp. 155-156; A.J. Cutten, Native housing, *Race Relations Journal* 19(1), 1952, pp. 22-24; P. Wilkinson, A discourse of modernity: The social and economic planning council's fifth report on regional and town planning, 1944, *in* Planning History Study Group, *Proceedings of the symposium on South African planning history*, p. 276; M.D.A. Baldocchi, *Survey of housing practice in the Union of South Africa*, pp. 25, 66, 86.


© University of Pretoria

Ten einde die omvang van die las wat huishuur op stedelike swartes se inkomste geplaas het, vas te stel, moet die verhouding tussen hierdie subekonomiese huurbedrag en die inkomste van stedelike swart huurders vasgestel word. Daar moet ook bepaal word of hierdie huurbedrag gegewe die inkomstekonteks van swart stedelinge "regverdig en redelik" was.[87] Dit is belangrik om daarmee rekening te hou dat dit hier nie oor abstrakte swart stedelinge wat netjies binne statistiese berekeninge ingepas het, gaan nie. Die werklike ekonomiese vermoë van die swart stedelike huurders woonagtig in munisipale swart woonbuurtes en hulle spesifieke behoeftes moet in ag geneem en vasgestel word.[88] Gedurende 1940 het swart stedelike gesinne (vyf lede per gesin) in Johannesburg tussen 20% en 24% en in sommige gevalle gedurende die oorlogsjare soveel as 32,5%[89] van hulle inkomste aan huurgeld en vervoer bestee. Hierdie persentasie het wel binne die internasionaal-aanvaarbare standaard (tussen 15% en 25%) vir ongeskoolde werkers geval. Die voorbehoud was wel dat hierdie persentasie by subekonomiese groepe so veel as moontlik moes afneem. Inaggenome die wetenskaplik-onaanvaarbare "hongerdieet" ('n besteding van slegs 57% van die bedrag wat as die absolute minimum gereken is) waartoe swart stedelike gesinne in Johannesburg weens uitgawes aan huur en vervoer gedwing is, kan met reg beweer word dat die uitgawes aan huur en vervoer té hoog vir hulle skamele inkomste en ekonomiese vermoë was. Die sentrale en plaaslike owerhede het dus, soos elders in die wêreld, geen keuse gehad as om die behuising (en vervoer) van die laagbesoldigde swart arbeiders te subsidieer nie.[90]

---

87. **Kyk Hoofstuk V;** Union of South Africa, *Native (Urban Areas) Act of 1923 (Act 21 of 1923)*, Article 9, p. 156.
J.S. Allison, Urban native legislation, *Race Relations* 7(4), November 1940, p. 59; M.M.S. Bell, *The politics of administration: A study of the career of Dr. D.L. Smit with special reference to his work in the Department of Native Affairs, 1934-1945*, M.A. Dissertation, Rhodes University, 1978, p. 18.
88. Vir 'n volledige bespreking van die ekonomiese vermoë van stedelike swartes in Suid-Afrika gedurende die 1940's, kyk K. Sevenhuysen, Behuisingsverskaffing in Suid-Afrika gedurende die veertigerjare: die finansiële vermoë van stedelike swart mense in perspektief, *Historia* 48(2), November 2003, pp. 127-142.
89. Die Van Eck-komitee — wat die behuisingsituasie gedurende 1943-1944 ondersoek het — het in sy verslag aanbeveel dat, met inagneming van die lae gesinsinkomste van stedelike swartes, 'n swart gesin van vyf lede woonagtig in 'n munisipale swart woonbuurt aan die Rand 17,67% van hulle inkomste aan huurgeld moes betaal. Hierby moet die noodsaaklik en gedwonge uitgawe aan vervoer (vanweë die segregasie-afstand tussen swart woonbuurtes en swart werksplekke), wat 6% van die gemiddelde maandelikse inkomste behels het, gevoeg word. Die uitgawe aan huur en vervoer het dus 23% (teenoor die internasionaal-aanbevole 20-25%) van die gemiddelde swart stedelike gesin se inkomste uitgemaak. Wat by hierdie berekeninge in aanmerking geneem moet word, is dat beide die Van Eck-komitee se persentasies as die persentasies voorgehou deur die armoede-indekslyn teoreties van aard was; die werklikheid was meermale veel erger. Die goedkoopste munisipale huisvesting aan die Rand het 20% van die swart stedelike inkomste beloop en indien die werklike vervoerkoste in berekening gebring word, het stedelike swartes 32,5% (teenoor die internasionaal-aanbevole 20-25%) van hulle inkomste aan huur en vervoer bestee.
Die armoede-indekslyn — 'n meetinstrument om die absolute minimuminkomste aan te dui wat nodig was om *teoreties* gesond te kan voortbestaan — het uitgawes aan die volgende aspekte in berekening gebring: kos, klere, brandstof, beligting, skoonmaakmiddels, vervoer, belasting en huishuur. Die armoede-indekslyn is in 1940 op £8 vir gesinne in die Witwatersrand-Pretoria-gebied vasgestel, en in 1944 het dit tot £12.11.11. gestyg.
90. M. Janisch, *A study of African income and expenditure in 987 families in Johannesburg*, pp. 7, 16; M. Janisch, Health and social welfare services for natives in urban areas, *Race Relations* 7(4), 1940, p. 83; Central Housing Board, Housing in urban native areas, *Race Relations* 7(4), 1940, pp. 63-64; P.H. Connell *et al.*, *Native housing: A collective thesis*, pp. 170-175, 196-197; H.J. van Eck, *Report of housing committee on the state and the housing situation*, pp. vi, 13, 48; E. Hellmann & L. Abrahams (eds), *Handbook on race relations in South Africa*, pp. 269-270; E. Hellmann, Social services for urban Africans. Shall the poor carry their own poverty?, *Race Relations Journal*, November 1941, pp. 52-54; P.H. Gúenault & R.J. Randall, Urban native housing in South Africa, *Race Relations Journal*, November 1940, pp. 79-82; P.H. Connell, *Sub-economic housing practice in South Africa*, pp. ii, 3, 8; South African Institute of Race Relations, Evidence submitted to the Native Laws Commission of Enquiry I: Urban areas, *Race Relations* 14(2), 1947, p. 30; W.S. Lunn, "One shilling a week". Some suggested improvements in sub-economic housing, *South African Municipal Magazine* 25, September 1941, pp. 3-9; P.H. Gúenault & R.J. Randall, An introduction to the housing problem, *South African Journal of Economics*, June 1940, pp. 148-149, 153; D.M. Calderwood, Native housing, *South African Annual Review: A social and economic survey of the Union year 1953* 1(1), January 1953, p. 42; M.D.A. Baldocchi, *Survey of housing practice in the Union of South Africa*, pp. 26, 32-33, 70-72; H.J. van Eck, *Report of housing committee on the*



© University of Pretoria

Wat die situasie vir stedelike swartes vererger het, was die feit dat stedelike swartes nie altyd 'n keuse tussen vervoermiddels (treine en busse) gehad het nie. Gedurende die eerste helfte van die 20ste eeu kan twee fases in die voorsiening van treinvervoer (en spoorverbindings) tussen swart stedelike woonbuurtes en die werkplekke van hulle inwoners onderskei word. Aanvanklik, van 1902 af, is tak- en hoofspoorlyne aangelê en uitgebrei om stedelike swartes te vervoer. Die spoorlynuitgawes (aanlê- en bedryfskostes) is deur ekonomiese treinvervoerfooie gefinansier. Van 1906 af is subekonomiese fooie op swart reisigers gehef, en die verlies is deur die spoorwegmaatskappy (in staatsbesit) gedra. Namate meer en meer swart stedelike woonbuurtes wetlik verder van die stadskerne en werkplekke verskuif en opgerig is, en busvervoerfooie meer kompeterend begin word het, het dit al hoe moeiliker geraak om treinvervoer ekonomies te bedryf, en die verliese te absorbeer. Die gevolg hiervan was dat die spoorwegmaatskappy (Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens) van die 1920's af huiwerig was, en selfs geweier het, om sonder finansiële, konstruksievoltooiingsdatum-, en passasierswaarborge van stedelike plaaslike owerhede spoorlyne uit te brei na nuutontwikkelde swart stedelike woonbuurtes. Dikwels is ook op 'n verbod op busvervoer aangedring. Stedelike plaaslike owerhede was op hulle beurt huiwerig om terreine vir swart stedelike woonbuurtontwikkeling te kies, sonder die waarborge van spoorlynvervoer. Dit het weer tot vertragings in die oprigting van swart stedelike woonbuurtes aanleiding gegee. Swart stedelinge was die slagoffers in hierdie skaakmatsituasie en is grootliks gedwing om van busvervoer tussen woon- en werksplek gebruik te maak. Dit het hulle van vervoeropsies en die keuse vir goedkoper vervoer ontneem.[91] Hierdie situasie het ook in die 1940's en vroeë 1950's in Atteridgeville gegeld waar die Stadsraad van Pretoria nie in staat was om tot waarborge aan die spoorwegmaatskappy toe te stem nie.

In die lig van bogenoemde benarde ekonomiese posisie van stedelike swartes in Johannesburg (waar die meeste sosio-ekonomiese opnames onder swart stedelike gesinne in Suid-Afrika gedurende die 1940's gedoen is) moet vasgestel word hoe die situasie onder die inwoners van die model swart stedelike woonbuurt van Atteridgeville daarmee vergelyk het. Verskeie opnames is voor die verskuiwing na Atteridgeville en gedurende die 1940's in Atteridgeville deur sowel die Stadsraad van Pretoria as die Beardmore-kommissie[92] onderneem. Wat verder van belang is, en nie by die 1940-opname ter sake was

*state and the housing situation*, pp. vi, 13, 48; U.G. 31-1944: Union of South Africa, *Report of the commission appointed to enquire into the operation of bus services for non-Europeans on the Witwatersrand and the districts of Pretoria and Vereeniging*, paras. 70, 75, 76, 80, p. 3; para. 129, p. 6; para. 172, p. 12; paras. 178-179, 188-190, 192-193, p. 13; para. 200, p. 14; E. Wix, *The cost of living. An enquiry into the cost of essential requirements for African families living in Johannesburg, Pretoria and the Reef towns, August-December 1950*, pp. 1-21; National Building Research Institute, *Interim reports of the research committee on minimum standards of accommodation*, pp. 2, 9.

91. G.H. Pirie, African township railways and the South African state, 1902-1963, *Journal of Historical Geography* 13(3), July 1987, pp. 283-284, 287-288, 293-294; U.G. 31-1944: Union of South Africa, *Report of the commission appointed to enquire into the operation of bus services for non-Europeans on the Witwatersrand and the districts of Pretoria and Vereeniging*, paras. 98-99, 102, p. 4; paras. 103, 105, p. 5.

92. U.G. 31-1944: Union of South Africa, *Report of the commission appointed to enquire into the operation of bus services for non-Europeans on the Witwatersrand and the districts of Pretoria and Vereeniging* (Pretoria, 1944).


© University of Pretoria

nie, is die impak van die Tweede Wêreldoorlog op stedelike swartes se inkomstes en uitgawes. Weens prysstygings en tekorte gedurende die oorlog, het ongeskoolde werkers van 1943 af ’n lewenskostetoelaag ontvang (rofweg 20% van hulle lone); daar was ook loonvasstellings vir ongeskoolde werkers. In Atteridgeville het hierdie twee aspekte die gemiddelde gesinsinkomste met 60,56% laat styg. Voedselpryse het egter tussen 1940 en 1944 in Atteridgeville spesifiek met gemiddeld 63,05% gestyg; die prys van mieliemeel, ’n stapelvoedsel, het met soveel as 90% gedurende die genoemde tydperk gestyg. ’n Swart stedelike gesin (vyf lede) in Atteridgeville het in 1944 ’n gemiddelde inkomste van £9.6.8 per maand gehad, maar die gemiddelde uitgawes het £12.8.9 beloop; ’n tekort van £3.2.1 (33,26%). Die armoede-indekslyn is in 1944 op £12.11.11 vasgestel, 25,9% meer as die gemiddelde inkomste, wat die benarde situasie onomwonde in kwantitatiewe terme uitstippel. Drie tipes uitgawes was ononderhandelbaar, naamlik belasting (£0.1.8 = 1,25%), huur vir ’n tweekamer-huis (£0.18.0 = 9,64%), en vervoer (£0.14.0 = 7,5%); eers daarna kon die oorblywende geld aan voedsel (£5.15.3 = 83,17%) en ander uitgawes (brandstof en klere: £2.19.10 = 32,05%) bestee word. In Atteridgeville het die gemiddelde uitgawes aan huur (die kleinste huis) en vervoer in 1944 gemiddeld 17,14% beloop wat binne die internasionaal-aanvaarbare standaard vir ongeskoolde werkers was. Indien ’n groter huis gehuur is, sou die inkomstetekort verder verhoog het, en nog minder geld vir voedsel beskikbaar gelaat het.[93]

Die tekort aan en hoë koste van boumateriaal, die hoë ontwikkelings- en instandhoudingskoste van swart woonbuurtes, en die tekort aan en hoë koste van blanke arbeid het die finansieringsverpligtinge en -probleme van stedelike plaaslike owerhede gedurende die eerste helfte van die twintigste eeu toenemend vererger. Dit is, soos reeds verduidelik is, verder aangeblaas deur die ekonomiese eise van die land se deelname aan die Tweede Wêreldoorlog. Daar was ’n tekort aan boumateriaal — veral ingevoerde timmerhout en sinkplate — met voortspruitende boubeperkings. Die sentrale behuisingsorganisasies het in hierdie konteks nie daadwerklik opgetree en aangedui hoe die beskikbare boumateriaal vir noodsaaklike behuisingsprojekte en die oorkoepelende behuisingsnood aangewend moes word nie. Die Sentrale Woningsraad het wel met ander, beskikbare, boumateriale geëksperimenteer om die tekort aan

93. U.G. 31-1944: Union of South, Africa *Report of the commission appointed to enquire into the operation of bus services for non-Europeans on the Witwatersrand and the districts of Pretoria and Vereeniging*, paras.192-193, pp. 13-14; para.200, p. 14; paras. 205-206, pp. 14-15; paras. 210-217, p. 15; paras. 231-235, pp. 16-19; R.D. Coertze, *Atteridgeville. ’n Stedelike Bantoewoonbuurt*, pp. 33, 152, 180, 182; City Council of Pretoria, Atteridgeville — a model township near Pretoria, *South African Architectural Record*, July 1943, p. 162; Pretoria City Council, Atteridgeville native township, Pretoria, *Public Works of South Africa*, April 1948, pp. 27-28; Anon, Atteridgeville native township, Pretoria, *Municipal Affairs* 10(155), July 1948, p. 27; Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/4/14/1/1, Minutes of the Native and Asiatic Administration Committee, 12 May 1939, item 4: Question of rental of houses: New Native Location, pp. 337-338; Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/4/14/1/3, Minutes of the Native and Asiatic Administration Committee, 10 October 1941, item 1B: Housing, pp. 196-199; P.H. Gúenault & R.J. Randall, An introduction to the housing problem, *South African Journal of Economics*, June 1940, pp. 149, 153; J.F. Eloff, *’n Volkekundige studie van aanpassing en ontwikkeling in die gesinslewe van die naturelle van Atteridgeville*, M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1952, p. 130; R.P.A. Dauskardt, Local state, segregation and transport provision: The Atteridgeville bus boycott, 1947, *The South African Geographical Journal* 71(2), September 1989, pp. 110-111; National Building Research Institute, *Interim reports of the research committee on minimum standards of accommodation*, p. 9.


© University of Pretoria

hout teen te werk. In die plek van hout in die dak-en deurraamkonstruksies is beton gebruik en asbesplaatdeure is in die plek van houtdeure gebruik. Na beraming het die groothandelprys van boumateriaal gedurende die tydperk 1939-1948 met meer as 100% gestyg. Boukoste het tussen 1938 en 1949 met 125% gestyg — ’n gemiddelde styging van 11% per jaar. Die eenheidskoste van verblyfstrukture, veral dié van ’n subekonomiese aard, het met tussen 60% en 100%, vergeleke met die vooroorlogse syfers, gestyg. Die gevolg van die geweldige toename in behuisingskoste en skaarste aan boumateriaal was dat baie stedelike plaaslike owerhede, ook die Stadsraad van Pretoria, in 1943 behuisingskemas vir swartes gedeeltelik of geheel en al gestaak het. Na die beëindiging van die oorlog in September 1945, het dit tyd geneem vir die situasie in die boubedryf, veral die beskikbaarheid en bekostigbaarheid van boumateriaal, om te normaliseer as gevolg van die devaluering van geldeenhede; die impak van internasionale gebeure; plaaslike tekorte aan boumateriaal; en verhoogde vervaardigingskostes. Daarna is regeringsvoorkeur aan industriële boubedrywighede en behuisingskemas vir blankes, veral vir die gesinne van terugkerende soldate, verleen.[94]

Wat die beskikbaarheid van boumateriaal betref, het die Stadsraad van Pretoria in hierdie verband ’n skrywe, gedateer 21 Augustus 1942, van die Sekretaris van die Sentrale Woningsraad ontvang. Die Stadsraad is meegedeel dat die gebruik van ingevoerde boumateriaal vir die oprig van alle tipe huise (blank en swart) onmiddellik gestaak moes word en plaaslike plaasvervangende materiaal gebruik moes word.[95]

Die voorgeskrewe munisipale administratiewe raamwerk is deur die Stadsraad van Pretoria gevolg met die daarstelling en funksionering van ’n Gesondheidskomitee (vir sake rakende openbare gesondheid, insluitende behuisingskemas, krotbuurte, aansteeklike siektes, en die higiëne van watervoorsiening) en ’n Naturellesakekomitee (Native and Asiatic Affairs Committee), sedert 1945 bekend as die Departement van Naturelle en Asiatiese Sake, wat as’t ware ’n munisipaliteit in die

---

94. J. vd B. Breedt, Die Suid-Afrikaanse oorlogsekonomie gedurende die Tweede Wêreldoorlog I, *Militaria* 13(1), 1983, pp. 59-60, 65-66; J.P.C. Mostert, Behuisingsprobleme van die verstedelikte swarte in Suid-Afrika, 1939-1948, *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 12(3), Desember 1987, pp. 38-39, 41-44, 50, 81; W.J.S. Coetzee, *Die ekonomiese aspekte van naturellebehuising in Suid-Afrika*, M.A.-verhandeling, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, 1954, pp. 25, 33-34, 36, 41; D.L. Smit, *Verslag van die interdepartementele komitee in sake die maatskaplike, ekonomiese en gesondheidstoestande van naturelle in stedelikegebiede*, par. 148, p. 13; W.H. van Schalkwyk, *Die beleid van die Suid-Afrikaanse regering ten opsigte van die stedelike swartes, 1945-1953*, M.A.-verhandeling, Randse Afrikaanse Universiteit, 1983, p. 170; E. Thorrington-Smith, An approach to native housing in South Africa. An example of an African new town at Umlazi, Durban, *Journal of the Town Planning Institute* 37(9), July 1951, p. 206; E.M. Holland, An experiment in slum clearance, *Race Relations* 7(4), November 1940, p. 72; P.H. Connell, *Sub-economic housing practice in South Africa*, p. 1; P. Morris, *A history of black housing in South Africa*, pp. 36, 135; P.H. Connell, Native housing and its architectural aspects, *South African Architectural Record* 32(6), June 1947, p. 170; D.M. Calderwood, Native housing, *South African Annual Review: A social and economic survey of the Union year 1953* 1(1), January 1953, p. 37; C. le Roux, J.R. Cooper as township manager of Mangaung at Bloemfontein 1923-1945, *Navorsinge van die Nasionale Museum Bloemfontein* 26(1), December 2010, p. 24; C.J.P. le Roux, The question of housing for Africans in Mangaung at Bloemfontein, 1945-1964, *Historia* 45(2), November 2000, p. 481; D.M. Calderwood, *Native housing in South Africa*, D.Arch. Thesis, University of the Witwatersrand, 1953, p. 3; M.D.A. Baldocchi, *Survey of housing practice in the Union of South Africa*, pp. 3, 14; Anon, The Central Housing Board, *South African Architectural Record*, June 1943, p. 134.
95. Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/1/1/79, Minutes of the City Council of Pretoria, 31 August 1942, item 8: Building materials for housing schemes, pp. 9-10.


© University of Pretoria

kleine vir alle sake rakende stedelike swartes in Pretoria was. Aan die stuur van die stelsel van beheer oor swart stedelike woonbuurtes was die Bestuurder van die munisipale Departement van Naturellesake/Naturelle en Asiatiese Sake met ondersteuning van gelisensieerde Superintendente van Lokasies. Superintendente van Lokasies is op hulle beurt deur die munisipale polisie, administratiewe klerke en tolke in hulle pligte ondersteun. Die verkiesing en raadpleging van ’n Swart Adviesraad (in Pretoria was al die lede verkose, ’n uitsondering vergeleke met die res van die land waar die meerderheid van die lede benoem is) was ook reeds in werking ten tyde van die oprigting van Atteridgeville. Die versoeke en voorstelle van die Swart Adviesraad is maandeliks deur die munisipale Departement van Naturelle en Asiatiese Sake onder die aandag van die Stadsraad van Pretoria gebring. Ten einde die Swart Adviesrade meer effektief te maak, was die blok- of wykstelsel met blok- of wykskomitees en blokmanne in beheer van straatblokke in Atteridgeville in gebruik. Hierdie stelsel het die delegering van gesag behels en swart verantwoordelikheid vir ’n bepaalde blok en die inwoners daarvan bevorder.[96]

96. Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/1/1/81, Minutes of the City Council of Pretoria, 28 October 1943, item 4: Introduction of block system in locations, pp. 244-245; Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/1/1/94, Minutes of the City Council of Pretoria, 30 January 1948, item 1: Location residents: Behaviour during the festival season, p. 202; F. Stark (red.), *Pretoria, eenhonderdjare — one hundred years*, p. 31; M. Naidoo, 29 April 2008, *Stories from the Asiatic Bazaar. Laws Marabastad*, www.muthalnaidoo.co.za/stories-from-the-asiatic-bazaar-othermenu-96/113-laws-marabastad, access: 26 October 2011; R. Geyer, Die Marabastadonluste van 28 Desember 1942, *Militaria* 26(1), 1996, p. 56; J.E.H. Grobler, The Marabastad riot, 1942, *Contree* 32, 1992, p. 25; H.J. Simons, Some aspects of urban native administration, *Race Relations* 7(4), Fourth Quarter, 1940, pp. 106, 109; A.J. Cutten, The planning of a native township, *Race Relations Journal* 18(2), 1951, p. 85; M.M.S. Bell, *The politics of administration: A study of the career of Dr. D.L. Smit with special reference to his work in the Department of Native Affairs, 1934-1945*, M.A. Dissertation, Rhodes University, 1978, p. 18; J.D.R. Jones, Native urban administration. The functions of native advisory boards, *Race Relations Journal* 13(2), May 1946, pp. 53, 58-60; D. du Bruyn & M. Oelofse, “A hygienic native township shall be developed”: The founding and development of Batho as Bloemfontein’s “model location” (c.1918-1939), *Historia* 64(2), November 2019, p. 73; L. Reyburn (compiler), *The urban African in local government: A study of the advisory board system and its operation*, pp. 18-22, 35, 37; V.E. Mashumi, *Deracialising service rendering in Pretoria, Atteridgeville and Mamelodi*, M.A. Dissertation, University of Pretoria, 1997, pp. 18-19, 21-23; C.V. Bothma, *’n Volkekundige ondersoek na die aard en ontstaansoorsake van tsotsigroepe en hulle aktiwiteite in die stedelike gebied van Pretoria*, M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1951, p. 19; R.D. Coertze, *Die adviserende komiteestelsel en politieke organisasie soos aangetref in die stedelike gebied van Pretoria met besondere verwysing na toestande in Atteridgeville*, M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1958, pp. 103-108, 111-121, 126-128, 131-133; R.D. Coertze, *Atteridgeville. ’n Stedelike Bantoewoonbuurt*, pp. 10-11, 297-299.


© University of Pretoria

## 5. Atteridgeville: Beplanning, ontwerp en uitleg, en daarstelling van infrastruktuur, 1930's-1940's

Die struktuur vir hierdie gedeelte van die hoofstuk is gebaseer op tydgenootlike uiteensettings[97] van hoe die totstandkoming van 'n nuwe (model) swart stedelike woonbuurt aangepak behoort te gewees het. Waar van hierdie aspekte in die totstandkoming van Atteridgeville ontbreek, of waar bykomende aspekte in Atteridgeville aangebring is, sal dit as sodanig aangetoon, en waar moontlik verduidelik word.

Beplanning, ontwerp en uitleg

Twee uiteenlopende aspekte het die behoefte aan (en gevolglike beplanning vir) nog 'n swart stedelike woonbuurt onder beheer van die Stadsraad van Pretoria in die hand gewerk, naamlik die haglike toestande in die bestaande woonbuurte weens swart stedelike toestroming in die 1930's en lakse optrede deur die Stadsraad van Pretoria wat oorbewoning vererger het; en dan waarskynlik ook die totstandkoming van die Suid-Afrikaanse Yster- en Staalkorporasie (Yskor) in 1928. Daar was sprake dat 'n swart stedelike woongebied ten weste van die stad die behoefte aan swart werkers by Yskor, wat gedurende die 1930's verder ontwikkel het, en hulle huisvesting sou vergemaklik. Yskor het in 1934 met produksie begin; en kort daarna in 1936, is planne vir 'n swart woonbuurt wes van sentraal-Pretoria gefinaliseer.[98]

Volgens 'n opname van die Gesondheidsafdeling van die Munisipaliteit van Pretoria wat in 1930 onderneem is, is bevind dat die bevolkingsdigtheid in die bestaande woonbuurtes van Schoolplaats (87 huise met 1 330 inwoners ), Bantule (294 huise met 1 774 inwoners), Hove's Ground (144 huise

97. S.M. Malinga, *The establishments of black townships in South Africa with particular reference to the establishment of Daveyton township on the East Rand*, M.A. Mini-Dissertation, Rand Afrikaans University, 1997, pp. i-ii; J. Walker, & G.M. van der Waal (compilers), *A working history of Mamelodi*, table of contents; J.E. Mathewson, *The establishment of an urban Bantu township with special reference to Daveyton*, M.A. Dissertation, Potchefstroom University, 1957, table of contents; D. van Eeden, *Die invloed van slegte behuising op die gesondheid van die Bantoebevolking in sekere Transvaalse gebiede*, M.Sc.-verhandeling, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, 1955, pp. 19-21; C.B. Schoeman, *'n Kritiese ondersoek na Bantoebehuising en standaarde met spesifieke verwysing na die blanke gebiede van Pretoria en Johannesburg*, M.Sc.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1975, pp. 37, 41-42, 44-47, 52-57, 65-66, 71-85, 91-106; A.J. Cutten, Native housing, *Race Relations Journal* 19(1), 1952, p. 23; P. Morris, *Soweto*, pp. 27-28, 79-80, 97, 131, 159, 179, 233; T.B. Floyd, *Township layout*, pp. 53-54, 68; D.M. Calderwood, *Native housing in South Africa*, D.Arch. Thesis, University of the Witwatersrand, 1953, pp. 135-136; F.W. Jameson, The housing of natives by public bodies. Address before the annual conference of the Transvaal Municipal Association, at Pretoria, on October 7th, 1936, *Race Relations* 4(1), February 1937, pp. 30-31.

98. M. Mulaudzi, *Service delivery and public participation: An exploratory case study of Atteridgeville-Saulsville between 1995 and 2005*, M.A. Dissertation, University of Pretoria, 2006, p. 53; Van Der Waal & Associates, *Atteridgeville soul city: A community that can lead the African Renaissance*, 16 November 1999, p. 1; R.P.A. Dauskardt, Local state, segregation and transport provision: The Atteridgeville bus boycott, 1947, *The South African Geographical Journal* 71(2), September 1989, p. 109; M. Stals, *Fragmentation & unity. The search for the design of a 'model township'. The case of Atteridgeville, Pretoria*, M.Sc. Dissertation, Katholieke Universiteit Leuven, 1998, p. 41; R.D. Coertze, *Die adviserende komiteestelsel en politieke organisasie soos aangetref in die stedelike gebied van Pretoria met besondere verwysing na toestande in Atteridgeville*, M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1958, p. 91; R.D. Coertze, *Atteridgeville. 'n Stedelike Bantoewoonbuurt*, p. 414.



© University of Pretoria

met 1 452 inwoners) en Marabastad (397 huise met 4 649 inwoners) uiters ongewens en ongesond was. Hierdie woonbuurtes is as berugte, vuil en afgryslike fisiese en maatskaplike krotbuurtes beskryf wat gekenmerk is deur swak behuising, gebrek aan privaatheid, oorvol huisvesting, swak dreinering, gebrekkige was – en kookfasiliteite, en onvoldoende riolering — alles aspekte wat die moreel en die moraal van die inwoners negatief beïnvloed het.[99] Die sendeling Junod, wat sedert 1931 onder die swart inwoners van Marabastad en Bantule werksaam was, het die omstandighede soos volg beskryf:

> When I came to Pretoria in 1931, ... the congestion and over-crowding were ... beyond any description. As a regular visitor of the Tsonga people there, going from home to home, one could fully appreciate the impact of squalor, dirt, poverty and promiscuity on young and old in the Bantu family...[100]

Ten einde oorbewoning en die openbare gesondheidsgevaar uit te skakel (én natuurlik uiteindelike residensiële segregasie daar te stel), sou 700 nuwe huise benodig word; indien die inwoners van Schoolplaats en Marabastad ook verskuif moet word, sou dubbeld soveel huise benodig word. Onder toenemende druk van kerke, ander welsynsorganisasies, en selfs die Departement van Naturellesake het die Stadsraad van Pretoria in 1935 besluit om met die uitleg en ontwikkeling van ’n nuwe swart woonbuurt te begin. Die toestaan van subekonomiese lenings vir swart stedelike behuising van 1936 af het waarskynlik grootliks tot hierdie besluit bygedra.[101] Die lakse optrede van die Stadsraad van Pretoria om die toestande in Bantule te verbeter, kan hoofsaaklik aan die finansiële las wat dit op blanke belastingbetalers sou beteken, toegeskryf word. Met die instelling van subekonomiese lenings, sou die sentrale regering vir ’n gedeelte van die verlies wat as gevolg van stedelike swartes se onvermoë om ekonomiese huurgeld te betaal, verantwoordelik wees. Veral drie stadsraadslede het hulle in die 1930’s vir die verskuiwing van inwoners van Marabastad, Bantule, en Hove’s Ground na Atteridgeville beywer, naamlik Patricia Atteridge, Frank Walton Jameson, en J.J. de Jong. Uiteindelik sou dit vyf jaar van herhalende versoeke en ernstige oorwegings oor waar die nuwe swart

---

99. R.D. Coertze, Die gesinslewe in Atteridgeville, *in* J.F. Eloff, & R.D. Coertze (reds.), *Etnologiese studies in Suidelike Afrika*, p. 292; L. van Biljon, Pretoria: Genesis and the successive evolutionary layers, *Planning History. Bulletin of the International Planning History Society* 15(2), 1993, p. 40; Anon, From the slums of Bantule to Saulsville, *Pretoriana* 25, December 1957, pp. 26-28; V.E. Mashumi, *Deracialising service rendering in Pretoria, Atteridgeville and Mamelodi*, M.A. Dissertation, University of Pretoria, 1997, p. 10; M. Mulaudzi, *Service delivery and public participation: An exploratory case study of Atteridgeville-Saulsville between 1995 and 2005*, M.A. Dissertation, University of Pretoria, 2006, p. 53; City Council of Pretoria, Atteridgeville — a model township near Pretoria, *South African Architectural Record*, July 1943, p. 159; R.D. Coertze, *Die adviserende komiteestelsel en politieke organisasie soos aangetref in die stedelike gebied van Pretoria met besondere verwysing na toestande in Atteridgeville*, M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1958, p. 91; J.F. Eloff, *’n Volkekundige studie van aanpassing en ontwikkeling in die gesinslewe van die naturelle van Atteridgeville*, M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1952, pp. 78-79; M. Malan, *The black community of Pretoria, 1923-1939*, M.A. Dissertation, University of Pretoria, 1996, pp. 156-159, 162-166, 170-172; R.D. Coertze, *Atteridgeville. ’n Stedelike Bantoewoonbuurt*, pp. 9, 12-13.
100. H.P. Junod, The Bantu population of Pretoria, *in* S.P. Engelbrecht *et al.* (samestellers), *Pretoria (1855-1955): geskiedenis van die stad Pretoria*, p. 77.
101. Dit is belangrik om te let op die feit dat subekonomiese lenings selfs voor 1936 (van 1 Januarie 1935 af) vir die oprigting van swart stedelike behuising beskikbaar was, mits dit vir die opruiming van ’n krotbuurt en die verskuiwing van krotbuurtinwoners nodig was. Dit was inderdaad die geval met Marabastad en die oprigting van Atteridgeville. In die lig hiervan blyk die versuim en traagheid van die Stadsraad van Pretoria om die haglike situasie te beredder selfs groter en meer skandalig te wees.


© University of Pretoria

woonbuurt opgerig moes word, hoe dit gefinansier (subekonomiese of ekonomiese finansiering) moes word, en hoe dit moes lyk, neem voordat die nuwe "model" swart woonbuurt uiteindelik 'n werklikheid sou word.[102]

Verskeie terugslae is in die verkryging van 'n geskikte terrein beleef: terreine is deur die blanke belastingbetalers en die Stadsraad van Pretoria afgekeur omdat dit te na aan blanke woonbuurtes geleë was en die segregasiebeleid sou teenwerk. Van die terreine is verder deur die Minister van Naturellesake in Junie en Julie 1936 verwerp.[103] Eers op 28 September 1936 het stadsraadslid Atteridge voorgestel dat die nuwe woonbuurt dertien kilometer wes van Pretoria op stadsgrond, waarvan 404, 68 hektaar daarvoor afgesonder sou word, opgerig moes word. Hierdie voorstel het tot die amptelike besluit deur die Stadsraad van Pretoria gelei om 'n swart woonbuurt op bogenoemde terrein op te rig. Hierdie terrein is ook deur die Minister van Naturellesake goedgekeur. Vanuit 'n stedelike segregasie-oogpunt was hierdie 'n "ideale" terrein: dit was afgeskei van "blanke" Pretoria deur die *cordon sanitaire* van die munisipale plantasie, die polisiehondeskut en die nywerheidskompleks van Yskor **(Kyk Kaart 2)**. Die Swart Adviesraad het hulle ontevredenheid uitgespreek omdat hulle nie om hulle mening (en advies) oor die ligging en geskiktheid van die terrein, die afstand van die stad af, en die beskikbare vervoerfasiliteite gevra is nie.[104]

---

102. Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/3/2/1/15, Minutes of the Native and Asiatic Administration Committee (under the Minutes of the Public Health Committee), 20 September 1935, item 9: Additional housing for natives, p. 148; Transvaalse Argiefbewaarplek (TAB), Pretoria: MPA 1/1/1/67, Notule van die Stadsraad van Pretoria, 25 Oktober 1935, item 1(c), p. 21.; Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA1/3/2/1/16, Minutes of the Native and Asiatic Administration Committee (under the Minutes of the Public Health Committee), 20 August 1937, item 5(B), p. 10; Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/1/1/70 , Minutes of the City Council of Pretoria, 30 September 1938, Notice of Motion: Housing of natives in Pretoria, pp. 102-104; M.P. Atteridge, Mrs. Atteridge on new native housing plan, *Rand Daily Mail*, 6 October 1947, p. 6; R.D. Coertze, Die gesinslewe in Atteridgeville, *in* J.F. Eloff, & R.D. Coertze (reds.), *Etnologiese studies in Suidelike Afrika*, p. 292; P. Hlahla, Atteridgeville: The turmoil and triumphs. The first black township in Pretoria to have street names, *Pretoria News*, 10 September 2003, p. 4; M. Malan, *The black community of Pretoria, 1923-1939*, M.A. Dissertation, University of Pretoria, 1996, pp. 52-53, 65-66, 170; R.D. Coertze, *Atteridgeville. 'n Stedelike Bantoewoonbuurt*, p. 414; P.H. Gúenault & R.J. Randall, Urban native housing in South Africa, *Race Relations Journal*, November 1940, pp. 75, 79.

103. Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/3/2/1/15, Minutes of the Native and Asiatic Administration Committee (under the Minutes of the Public Health Committee), 23 January 1936: Sites for the native location, p. 191; Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/3/2/1/15, Minutes of the Public Health Committee, 21 April 1936 item: Sites for the native location, p. 221; Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/3/2/1/15, Minutes of the Public Health Committee, 26 June 1936 item 1: Sites for the native location, p. 286; Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/3/2/1/15, Minutes of the Public Health Committee, 17 July 1936 item 15: Native location sites, p. 296; R.D. Coertze, Die gesinslewe in Atteridgeville, *in* J.F. Eloff, & R.D. Coertze (reds.), *Etnologiese studies in Suidelike Afrika*, p. 292; M. Stals, *Fragmentation & unity. The search for the design of a 'model township'. The case of Atteridgeville, Pretoria*, M.Sc. Dissertation, Katholieke Universiteit Leuven, 1998, pp. 41-42; R.D. Coertze, *Atteridgeville. 'n Stedelike Bantoewoonbuurt*, p. 9.

104. Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/1/1/68, Notule van die Stadsraad van Pretoria, 28 September 1936, p. 44; Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/3/2/1/15, Minutes of the Public Health Committee, 20 November 1936 item 5: Establishment of new location, pp. 361-362; Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/3/2/1/15, Minutes of the Native and Asiatic Administration Committee (under the Minutes of the Public Health Committee), 20 March 1936, item 7: Tenders for sites for the new location, p. 220; Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/3/2/1/15, Minutes of the Native and Asiatic Administration Committee, (under the Minutes of the Public Health Committee) 24 June 1936, item 1: Question of the establishment of the new location, p. 286; R.D. Coertze, Die gesinslewe in Atteridgeville, *in* J.F. Eloff, & R.D. Coertze (reds.), *Etnologiese studies in Suidelike Afrika*, p. 292; Van der Waal & Associates, *Atteridgeville. Heritage route*, Atteridgeville timeline; R.P.A. Dauskardt, Local state, segregation and transport provision: The Atteridgeville bus boycott, 1947, *The South African Geographical Journal* 71(2), September 1989, p. 110; M. Stals, *Fragmentation & unity. The search for the design of a 'model township'. The case of Atteridgeville, Pretoria*, M.Sc. Dissertation, Katholieke Universiteit Leuven, 1998, pp. 47-48; R.D. Coertze, *Die adviserende komiteestelsel en politieke organisasie soos aangetref in die stedelike gebied van Pretoria met besondere verwysing na toestande in Atteridgeville*, M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1958, p. 91; J.F. Eloff, *'n Volkekundige studie van*



© University of Pretoria

Kaart 2: Die oriëntasie van Atteridgeville ten opsigte van buffersones en vervoerroetes, 1940's




Uit: R.P.A. Dauskardt, Local state, segregation and transport provision: The Atteridgeville bus boycott, 1947, *The South African Geographical Journal* 71(2), September 1989, p. 111.

Die Stadsraad van Pretoria is voorts op 28 Oktober 1936 skerp deur Sir Edward Thornton, die Sekretaris vir Openbare Gesondheid, gekritiseer vir die traagheid en oponthoud om iets aan die skokkende toestande in die bestaande swart woonbuurtes te doen. Thornton het die jaarlikse vergadering van die Pretoria Kinderwelsynsvereniging bygewoon. Volgens Thornton was daar al verskeie geleenthede waar besluite geneem is om iets aan die situasie te doen, maar dan het blanke belange en politieke magspel die planne in die wiele gery. Hy het die Stadsraad van Pretoria versoek om onverwyld iets aan die saak te doen om die klad op hulle naam te verwyder en die gesondheid van blanke en swart inwoners te beskerm. Hy het die woonomstandighede as skandelik beskryf "with all the resultant wastage of life and suffering which is entailed, particularly among the children".[105]

Alvorens met die oprigting van huise teen die einde van 1939 begin is, is twee belangrike opnames gedoen: 'n opname van die swart stedelike bevolking in die bestaande ongewenste woonbuurtes is gedoen ten einde die behuisingsbehoefte te bepaal, en die behuisingsbehoefte is op 3 000 huise vasgestel; en navorsing is landwyd onder elf stedelike gebiede gedoen oor die administrasie en

*aanpassing en ontwikkeling in die gesinslewe van die naturelle van Atteridgeville*, M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1952, p. 79; R.D. Coertze, *Atteridgeville. 'n Stedelike Bantoewoonbuurt*, p. 9.
Kyk ook na Ezekiel Mphahlele se beskrywing van die gebrek aan kommunikasie tussen die Stadsraad van Pretoria en die huiseienaars van Marabastad: E. Mphahlele, *Down Second Avenue*, pp. 151-152.

105. Anon, Pretoria City Council criticised by Sir Edward Thornton: "Non-Europeans disgracefully housed", *Rand Daily Mail*, 28 October 1936.



© University of Pretoria

oprigtingskostes van verskillende tipes huise in swart stedelike woonbuurtes.[106]

Die behuisingsbehoefte van 3 000 huise sou net genoeg wees om die inwoners van Marabastad en Schoolplaats soontoe te verskuif, asook die *oortollige* gesinne van Bantule, veral Hove's Ground, met ruimte vir 'n geringe bevolkingsaanwas. Hierdie skema het dus net die verskuiwing en vervanging van *sekere* krotbuurtes behels, en het dus nie die bestaande behuisingstekorte ten volle beredder nie, en ook nie voorsiening vir enige surplus huisvesting gemaak nie. Volgens die Stadsraad van Pretoria was die doel van die behuisingskema inderdaad net om die inwoners van Schoolplaats en Marabastad te akkommodeer, en hierdie doelwit is grootliks teen 1947, toe 1224 huise reeds voltooi en 'n verdere 309 in aanbou was, bereik.[107]

Terwyl die beplanningsfase (1930-1936) aan die gang was en die eerste fase van die Atteridgeville-behuisingskema (1 500 huise) suksesvol gedurende die Tweede Wêreldoorlog voltooi is (teen 1942), het die situasie in die bestaande woonbuurtes toenemend vererger. Die Departement van Naturellesake het in 1942 'n inspeksie van die toestande in die swart woongebiede onder beheer van die Stadsraad van Pretoria gedoen. Die bevindinge is in die Heald-verslag vervat.[108] Marabastad is op 23 Oktober 1942 as "consisted of native-built houses, constructed of inferior materials and conforming to no recognised structural or hygienic standards"[109] in die verslag beskryf. Die Heald-verslag het die situasie in Bantule-Hoves'Ground ondersoek en die versuim van munisipale verpligtinge in dié gebied soos volg ontbloot:

> In regard to the Bantule location, it was admitted that this area has been neglected for some time past and has not received its fair share of expenditure on maintenance and development works. The reason for this appears to be the absence of any defined policy regarding the future of this area.[110]

Daar is aanbeveel dat daar dadelik 600 ekstra huise in Atteridgeville gebou moes word om die verskuiwing en hervestiging van Marabastad te voltooi en ook om die inwoners van Bantule (indien besluit sou word om hierdie woonbuurt ook te verskuif in plaas daarvan om broodnodige verbeteringe aan te bring) en Hove's Ground na Atteridgeville te verskuif. Die Stadsraad van Pretoria het in 1942

---

106. R.D. Coertze, Die gesinslewe in Atteridgeville, *in* J.F. Eloff, & R.D. Coertze (reds.), *Etnologiese studies in Suidelike Afrika*, p. 292; R.D. Coertze, *Atteridgeville. 'n Stedelike Bantoewoonbuurt*, pp. 11-12.
107. R.D. Coertze, Die gesinslewe in Atteridgeville, *in* J.F. Eloff, & R.D. Coertze (reds.), *Etnologiese studies in Suidelike Afrika*, p. 292; Pretoria City Council, Atteridgeville native township, Pretoria, *Public Works of South Africa*, April 1948, p. 23; Anon, Atteridgeville native township, Pretoria, *Municipal Affairs* 10(155), July 1948, p. 23.
108. R.D. Coertze, Die gesinslewe in Atteridgeville, *in* J.F. Eloff, & R.D. Coertze (reds.), *Etnologiese studies in Suidelike Afrika*, p. 293; H.O. Mönnig, *'n Analise van die sosiaal-kulturele lewe in Hovesground: 'n Stedelike Bantoewoonbuurt*, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1959, pp. 26-27.
109. H.P. Junod, The Bantu population of Pretoria, *in* S.P. Engelbrecht *et al.* (samestellers), *Pretoria (1855-1955): geskiedenis van die stad Pretoria*, p. 77.
110. C.A. Heald, Unpublished interdepartmental report on an inspection of the Pretoria urban area carried out during the period 28-September-1942 — 01-October-1942, p. 1.



© University of Pretoria

besluit om 400 huise in Atteridgeville vir die ontruiming van Hove's Ground goed te keur. Ten opsigte van Bantule is erken dat die munisipale huise herstelwerk benodig, maar dat die oorbevolking nie so erg was dat Bantule as geheel verskuif moes word nie. Op daardie stadium het die situasie in die boubedryf, veral betreffende die beskikbaarheid van boumateriaal, sodanig versleg dat boubedrywighede landswyd grootliks gestaak of baie afgeskaal is, en dit het dan ook instandhoudings- en herstelwerk geraak.[111]

Eers in November 1945, na die beëindiging van die Tweede Wêreldoorlog, het die Stadsraad van Pretoria die besluit geneem dat die inwoners van Hove's Ground na Atteridgeville verskuif moes word sodra die vestiging van die inwoners van Marabastad afgehandel is (dit sou eers in 1955 wees). Daarna sou inwoners van Bantule na Atteridgeville verskuif word. Alles het natuurlik van die bou en beskikbaarheid van addisionele huise in Atteridgeville afgehang.[112]

Na die behoeftebepaling was die volgende stap in die beplanningsfase die terreinbestudering en die ontwerp en uitleg van die woonbuurt. N.T. Cooper was die eerste dorps-/stadsbeplanner en die eerste Direkteur van die Dorpsbeplanning- en Argitektuurafdeling van die Stadsingenieursdepartement van die Stadsraad van Pretoria. Hy was verantwoordelik vir die ontwerp van Atteridgeville se uitleg in samewerking met die Witwatersrand en Pretoria Streeksbeplanningskantoor, veral P.J. Bowling, die streekstadsbeplanningskonsultant. Die terrein waarop Atteridgeville uitgelê is, het 'n unieke landskap gehad vergeleke met die ander swart woonbuurtes in Pretoria: dolomietkoppies en Bankenveld-plantegroei het die woonbuurt omring **(Kyk Bylaag I: Foto 1)**. Die koppies in die woonbuurt het uitsigte oor die hele woonbuurt verskaf en ook as oriënteringsbakens gedien. Die woonbuurt het 'n noordelike ligging of uitsig gehad. Daar is bepaal dat die grond aanvaarbaar vir boubedrywighede was, en ook dat die bogrond vir tuinmaak geskik was, iets wat tot voordeel van tuinmaak deur die inwoners sou wees. Die plan het uit eenvoudige geometriese of radiale patrone

---

111. C.A. Heald, Unpublished interdepartmental report on an inspection of the Pretoria urban area carried out during the period 28-September-1942 — 01-October-1942, p. 18; Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/4/14/1/4, Minutes of the Native and Asiatic Administration Committee, 16 November 1942, item 2: Report of Manager of the Native and Asiatic Administration Department, p. 227; Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/1/1/79, Minutes of the City Council of Pretoria, 22 December 1942, item 3: Report of the inspection of Pretoria locations, hostels, compounds, etc., pp. 390-392; Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 3/4/1093, Correspondence File 89/8: Report of inspection of Pretoria locations, hostels, compounds, etc. Inspection Mr. C.A. Heald, 1942-1943; Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/3/2/1/19, Minutes of the Public Health Committee, 20 August 1943, item (M): Native locations: Bantule, Hove's Ground and Marabas, pp. 299-300; M. Malan, *The black community of Pretoria, 1923-1939*, M.A. Dissertation, University of Pretoria, 1996, pp. 56-59; H.O. Mönnig, *'n Analise van die sosiaal-kulturele lewe in Hovesground: 'n Stedelike Bantoewoonbuurt*, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1959, pp. 28-29; R.D. Coertze, *Atteridgeville. 'n Stedelike Bantoewoonbuurt*, p. 21.
112. Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/1/1/84, Minutes of the City Council of Pretoria, 30 April 1945, item 1: Report of the Superintendent, Bantule location: March 1945, pp. 384-388; Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/1/1/86, Minutes of the City Council of Pretoria, 30 November 1945, Notice of Motion, p. 379; H.O. Mönnig, *'n Analise van die sosiaal-kulturele lewe in Hovesground: 'n Stedelike Bantoewoonbuurt*, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1959, pp. 28-29; R.D. Coertze, *Atteridgeville. 'n Stedelike Bantoewoonbuurt*, p. 43. H.P. Junod, The Bantu population of Pretoria, *in* S.P. Engelbrecht *et al.* (samestellers), *Pretoria (1855-1955): geskiedenis van die stad Pretoria*, p. 78; Van der Waal & Associates, *Atteridgeville. Heritage route*, Atteridgeville timeline; M. Stals, *Fragmentation & unity. The search for the design of a 'model township'. The case of Atteridgeville, Pretoria*, M.Sc. Dissertation, Katholieke Universiteit Leuven, 1998, p. 45.


© University of Pretoria

bestaan, aangepas by die terreinkontoere, wat om verskillende middelpunte ontwikkel is **(Kyk Bylaag II: Woonbuurtplan 1)**. Dit het 'n onreëlmatige straatpatroon tot gevolg gehad wat uitleg-eentonigheid teengewerk het **(Kyk Bylaag II: Woonbuurtplan 2)**. Die hoofstraat is deur 'n reguit teerpad (met straatligte), met 'n afsonderlike fietsrypad, met die middestad van Pretoria verbind waar dit by Kerkstraat-Wes aangesluit het. Twee toegange tot die woonbuurt is beplan. Huise van verskillende ontwerpe en groottes is ook vir afwisseling langs mekaar geplaas, en verskillend geposisioneer **(Kyk Bylaag I: Foto 2)**. Dit het egter veroorsaak dat min huise noord gefront het, en het nie werklik die eentonigheid verbreek nie. Die huise is netjies gespasieer, netjieser as in ander swart gebiede, met ruimte vir tuintjies rondom die huise **(Kyk Bylaag II: Woonbuurtplan 3, en Bylaag I: Foto 3)**. Die terrein is, volgens algemene stadsbeplanningsbeginsels en -standaarde, uitgemeet sodat daar vir 5 800 persele voorsiening gemaak is. Daar is ook in die uitleg ruim aan oop en "groen"-gebiede aandag gegee. Die planne om die nuwe swart woonbuurt daar te stel, is in 1936 gefinaliseer.[113]

Nadat die planne vir die woonbuurt gefinaliseer is, moes die planne al die prosesse en prosedures van goedkeuring deur die Transvaalprovinsie en die Departemente van Gesondheid en Naturellesake en voldoening aan die stadsordinansies deurloop. Dit het ook die proklamasie van die gebied as 'n swart stedelike woonbuurt onder die jurisdiksie van die Stadsraad van Pretoria, ingevolge die *Naturellen (Stadsgebieden) Wet van 1923*[114] behels. Ingevolge Regeringskennisgewing No. 1840 van 11 Desember 1936 is die voorgestelde gebied dan as 'n lokasie/swart woonbuurt geproklameer.[115]

---

113. Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 3/4/1645, Correspondence File 125/4: New Native Location lay-out: Plan and plans of dwelling; Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/1/1/74, Minutes of the City Council of Pretoria, 30 April 1940, item 3(B): Lighting of road to New Native Location, p. 73; Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/1/1/80, Minutes of the City Council of Pretoria, 30 June 1943, item 1: Construction of concrete cycle track, Pretoria West-Atteridgeville location, p. 467; B.W.B. Ball, *Planning for separate racial groups in Pretoria*, M.Sc. Dissertation, University of Pretoria, 1968, p. 24; T.B. Floyd, *Township layout*, Figure 25 Pretoria location, between pp. 28 & 29; Van Der Waal & Associates, *Atteridgeville soul city: A community that can lead the African Renaissance*, 16 November 1999, pp. 1, 3; H.P. Junod, The Bantu population of Pretoria, *in* S.P. Engelbrecht *et al.* (samestellers), *Pretoria (1855-1955): geskiedenis van die stad Pretoria*, p. 81; M.J. Louw, *'n Geografiese studie van funksionele differensiasie in die metropolitaanse gebied van Pretoria*, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Suid-Afrika, 1964, pp. 242, 281; R.D. Coertze, Die gesinslewe in Atteridgeville, *in* J.F. Eloff, & R.D. Coertze (reds.), *Etnologiese studies in Suidelike Afrika*, p. 293; City Council of Pretoria, Atteridgeville — a model township near Pretoria, *South African Architectural Record*, July 1943, p. 159; Pretoria City Council, Atteridgeville native township, Pretoria, *Public Works of South Africa*, April 1948, pp. 22, 27; Anon, Atteridgeville native township, Pretoria, *Municipal Affairs* 10(155), July 1948, p. 25; M. Stals, *Fragmentation & unity. The search for the design of a 'model township'. The case of Atteridgeville, Pretoria*, M.Sc. Dissertation, Katholieke Universiteit Leuven, 1998, pp. 48, 56-57, 60, 63; J.F. Eloff, *'n Volkekundige studie van aanpassing en ontwikkeling in die gesinslewe van die naturelle van Atteridgeville*, M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1952, p. 77; R.D. Coertze, *Atteridgeville. 'n Stedelike Bantoewoonbuurt*, pp. 13-14, 44.
114. Unie van Suid-Afrika, *Naturellen (Stadsgebieden) Wet van 1923 (Wet 21 van 1923)*, Artikel 1(1&2), pp. 142, 144; V.E. Mashumi, *Deracialising service rendering in Pretoria, Atteridgeville and Mamelodi*, M.A. Dissertation, University of Pretoria, 1997, pp. 8, 16.
115. H.P. Junod, The Bantu population of Pretoria, *in* S.P. Engelbrecht *et al.* (samestellers), *Pretoria (1855-1955): geskiedenis van die stad Pretoria*, pp. 78-79; K. Espag (ed.), Pretoria 1885-2005, *Supplement to Rekord*, 2005, p. 65; V.E. Mashumi, *Deracialising service rendering in Pretoria, Atteridgeville and Mamelodi*, M.A. Dissertation, University of Pretoria, 1997, p. 8; L. van Biljon, Pretoria: Genesis and the successive evolutionary layers, *Planning History. Bulletin of the International Planning History Society* 15(2), 1993, p. 40; H. Heydenrych, & A. Swiegers, *Discover Pretoria*, p. 20; M. Stals, *Fragmentation & unity. The search for the design of a 'model township'. The case of Atteridgeville, Pretoria*, M.Sc. Dissertation, Katholieke Universiteit Leuven, 1998, p. 42; R.D. Coertze, *Die adviserende komiteestelsel en politieke organisasie soos aangetref in die stedelike gebied van Pretoria met besondere verwysing na toestande in Atteridgeville*, M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1958, p. 91; R.D. Coertze, *Atteridgeville. 'n Stedelike Bantoewoonbuurt*, p. 10.


© University of Pretoria

Die volgende stap in die beplanningsfase was die verkryging van finansiële ondersteuning in die vorm van subekonomiese lenings van die Sentrale Woningsraad, en dus die sentrale regering. Hierdie stap het reeds op 26 Februarie 1937 plaasgevind. Daar is beplan om die woonbuurt met 3 000 huise en alle noodsaaklike dienste en infrastruktuur op te rig teen ’n koste van £700 000. Die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog het egter verhoed dat die voorgestelde behuisingskema ten volle geïmplementeer kon word. Die Stadsraad van Pretoria het vir die boekjaar tot 31 Desember 1939 ’n bedrag van £660 000 van die sentrale regering ontvang om die voorgestelde en goedgekeurde subekonomiese behuisingskema in die nuwe swart woonbuurt uit te voer. Die Sentrale Woningsraad was nie bereid om die £15 000 wat vir die aanlê van die spoorlyn en die £25 000 wat vir die vergoeding van die inwoners van die ou swart woonbuurtes begroot is as ’n subekonomiese lening toe te staan nie. Hierdie £40 000 is wel as ’n lening toegestaan. Tot en met 30 Junie 1947 het die Stadsraad van Pretoria £510 000 bestee en op daardie stadium is bereken dat ’n totale bedrag van £590 000 nodig sou wees om 1 533 huise op te rig.[116]

Lenings vir subekonomiese behuising het behels dat die huurbedrag so vasgestel moes word dat die verpligte verlies op die behuisingskema, nadat administrasiekoste afgetrek is, teen ’n koers van 10% van die oprigtingskoste, in ’n 1:2-verhouding onderskeidelik tussen die plaaslike en die sentrale owerhede verdeel moes word. Die administrasiekoste was egter in die praktyk baie hoër as die vereiste 10% van die oprigtingskoste. Die Stadsraad van Pretoria moes hierdie ekstra uitgawes alleen subsidieer. Die verlies wat die plaaslike owerheid in die geval van Pretoria dus moes dra, was hoër as dié van die sentrale regering. Weens die gebruik van blanke arbeid om die bouwerk te doen, was die uitgawes buite verhouding tot die inkomste van die swart inwoners en dus ook tot die huurgeld wat hulle kon bekostig. ’n Jaarlikse verlies van tussen £28 000 en £30 000 per jaar is deur die Stadsraad van Pretoria gedra, ongeveer £2 per huis per maand, terwyl die sentrale regering ’n verdere verlies van £20 000 moes dra. Hierdie ekstra uitgawes moes uit ander fondse verkry word, en was klaarblyklik die rede waarom hierdie behuisingskema nie groter in omvang was nie. Die impak van

116. Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/3/2/1/15, Minutes of the Native and Asiatic Administration Committee (under the Minutes of the Public Health Committee), 20 November 1936, item 16(d): Establishment of the location, p. 368; Transvaal Argiefbewaarplek (TAB), Pretoria: MPA 1/1/1/68, Notule van die Stadsraad van Pretoria, 29 Januarie 1937, item 11, pp. 44-46; Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/1/1/65, Minutes of the City Council of Pretoria, 26 February 1937, item 2: Establishment of the new location, p. 44; Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/4/14/1/1, Minutes of the Native and Asiatic Administration Committee, 20 August 1937, item 8, p. 19; Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/1/1/64, Minutes of the City Council of Pretoria, 24 August 1937, item 1: Establishment of location, p. 399; Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/1/1/92, Minutes of the City Council of Pretoria, 31 July 1947, item 11: Conversion of old sub-economic houses to a National Housing loan under the new formula: Atteridgeville, p. 248; Anon, From the slums of Bantule to Saulsville, *Pretoriana* 25, December 1957, p. 27; R.D. Coertze, *Die adviserende komiteestelsel en politieke organisasie soos aangetref in die stedelike gebied van Pretoria met besondere verwysing na toestande in Atteridgeville*, M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1958, p. 91; R.D. Coertze, *Atteridgeville. ’n Stedelike Bantoewoonbuurt*, pp. 10, 19; P.H. Gúenault & R.J. Randall, Urban native housing in South Africa, *Race Relations Journal*, November 1940, p. 77; Pretoria City Council, Atteridgeville native township, Pretoria, *Public Works of South Africa*, April 1948, p. 23; Anon, Atteridgeville native township, Pretoria, *Municipal Affairs* 10(155), July 1948, p. 23.


© University of Pretoria

die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog op boumateriaal en boukoste het waarskynlik ook daarin ’n rol gespeel.[117]

Die oprigtingskoste van die huise was aanvanklik £140 vir ’n tweekamer-skakelhuis; £175 vir ’n driekamerhuis; £160 vir ’n driekamer-skakelhuis; £195 vir ’n vierkamerhuis. Hierdie huise het alle afwerkings ingesluit en is slegs deur blanke arbeid opgerig. Teen 1943 het die koste en bekombaarheid van boumateriaal die oprigtingskoste met tussen 15% en 20% laat toeneem. Die was veral die pryse van yster, sinkplaat en staal vir vensterrame wat die hoogte ingeskiet het. Die huise wat aanvanklik teen £140 opgerig is, het toe £163 beloop. Daar was veral ’n tekort aan yster, afkomstig van Yskor wat op oorlogsproduksie gefokus was, hout, houtdeure en elektriese kragtoerusting.[118]

Die feit dat die verliese wat gely is uit ander fondse as die Swart Inkomsterekening verkry moes word, en die blanke belastingbetalers van Pretoria uiteindelik daarvoor verantwoordelik was,[119] is in 1946 deur die dienende burgermeester, C.W. Sinclair, met verwysing na die totstandkoming van Atteridgeville soos volg in filantropiese terme regverdig:

> It only became possible after considerable cost, but despite this, the ratepayers of Pretoria have borne the burden without any complaint. And that is only right, for the more fortunate among us must realise that it is our duty and privilege to carry the less fortunately placed, whether they are black or white.[120]

Die verliese wat die Stadsraad van Pretoria weens die subekonomiese aard van die behuisingskema gely het, vererger deur die styging in behuisingskoste weens die oorlog, het uiteindelik die tweede fase van die Atteridgeville behuisingskema gekelder. Net 1 533 van die beplande 3 000 huise is volgens die subekonomiese finansiële model voltooi. Die Stadsraad het op 31 Julie 1947 besluit om nie enige verdere huise op te rig voordat ’n meer ekonomiese model gevind kon word nie. Dit was dan ook die rede vir die alternatiewe boumetodes waarmee in die oprigting van huisvesting in die

117. Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/3/2/1/22, Minutes of the Public Health Committee, 13 January 1949, item B, p. 413; R.D. Coertze, Die gesinslewe in Atteridgeville, *in* J.F. Eloff, & R.D. Coertze (reds.), *Etnologiese studies in Suidelike Afrika*, pp. 292-293; Stadsraad van Pretoria, *Die stad Pretoria: amptelike gids*, p. 217; S.P. Engelbrecht *et al.* (compilers), *Pretoria 1855-1955. Centenary album: Pretoria's first century in illustration*, p. 110; H.P. Junod, The Bantu population of Pretoria, *in* S.P. Engelbrecht *et al.* (samestellers), *Pretoria (1855-1955): geskiedenis van die stad Pretoria*, pp. 79-80; Pretoria City Council, Atteridgeville native township, Pretoria, *Public Works of South Africa*, April 1948, pp. 23, 27; Anon, Atteridgeville native township, Pretoria, *Municipal Affairs* 10(155), July 1948, p. 23.
118. Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/4/14/1/2, Minutes of the Native and Asiatic Administration Committee, 18 March 1940, item 1, pp. 162, 164; Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/3/2/1/17, Minutes of the Public Health Committee, 13 October 1942, item 7, p. 143; City Council of Pretoria, Atteridgeville — a model township near Pretoria, *South African Architectural Record*, July 1943, p. 162; Pretoria City Council, Atteridgeville native township, Pretoria, *Public Works of South Africa*, April 1948, pp. 27-28; R.D. Coertze, *Atteridgeville. 'n Stedelike Bantoewoonbuurt*, pp. 19, 21.
119. Pretoria City Council, Atteridgeville native township, Pretoria, *Public Works of South Africa*, April 1948, p. 23; Anon, Atteridgeville native township, Pretoria, *Municipal Affairs* 10(155), July 1948, p. 23.
120. C.W. Sinclair, Success of Pretoria municipal housing scheme, *Outspan* 40(1026), 25 October 1946, p. 93.


© University of Pretoria

Vlakfontein (later Mamelodi) swart woonbuurt geëksperimenteer is.[121]

’n Laaste aspek wat in hierdie fase aangeraak moet word, is naamgewing van die nuwe swart woonbuurt. Nie net die naamgewing van die woonbuurt self nie, maar ook die name van skole, parke en die strate is hier van belang. Naamgewing, of dan eerder die vernoeming van ’n persoon, hou dikwels verband met die erkenning van ’n persoon se bydrae tot en opoffering vir ’n bepaalde saak. In die geval van hierdie nuwe woonbuurt, het die naam van die woonbuurt en die name van skole erkenning verleen aan blanke stadsraadslede en munisipale amptenare wat ’n rol in die totstandkoming van die woonbuurt gespeel het. Ook swart leiers uit die gemeenskap is vernoem. Die Stadsraad van Pretoria het in die naamgewingsproses die inwoners van die nuwe swart woonbuurt direk betrek. Daar is besluit dat die naam van die woonbuurt deur die nuwe inwoners gekies moes word, dat daar eenstemmigheid oor die naam moes wees, en dat die naam simboliese betekenis vir die nuwe inwoners moes inhou. Die inwoners is op 23 Februarie 1939 versoek om voorstelle van geskikte name aan die Swart Adviesraad voor te lê.[122]

Die nuwe woonbuurt is aanvanklik op 23 September 1939, op aanbeveling van die Swart Adviesraad, *MotseMogolo* (*Motsemoholo*) genoem, ’n Sothowoord wat as “groot dorp/plek” of “hoofdorp” vertaal kan word. Dit het ook die bynaam van Phelindaba gehad, wat daarna verwys het dat alle argumente nou iets van die verlede was of dat die taak afgehandel is. Uiteindelik is op die naam Atteridgeville besluit na verdere vertoë van ’n nuut-verkose Swart Adviesraad omdat nie alle inwoners oor die aanvanklike naam saamgestem het nie. Tydens ’n openbare vergadering op 19 Maart 1940 in Marabastad is die woonbuurt hernoem na Atteridgeville, ’n besluit wat op 30 April 1940 deur die Stadsraad van Pretoria bekragtig is. Die woonbuurt is vernoem na die filantroop mev. Myrtle Patricia Atteridge (1900-1989), op daardie stadium ’n stadsraadslid (later onderburgermeester) en die voorsitter van die Naturelle- en Asiatiese Administrasiekomitee van die Munisipaliteit van Pretoria. Sy is die byname van *MmaBatho* (“mother of the people”) en *Mmadisopo* (“the soup mother”) gegee vanweë haar poging om die regte en armoedige lewensomstandighede van stedelike swartes, veral

121. Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/4/8/1/3, Minutes of the Housing Committee, 15 May 1946, item 8: Native housing, pp. 141-146; Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/4/14/1/8, Minutes of the Native and Asiatic Administration Committee, 17 July 1947, item 30: Conversion of old sub-economic houses to a National Housing loan under the new formula: Atteridgeville, p. 178; D.F. Cambell, Pretoria to build 5 000 native houses, *Rand Daily Mail*, 21 July 1947, p. 3; Pretoria City Council, Atteridgeville native township, Pretoria, *Public Works of South Africa*, April 1948, pp. 27-28; M. Stals, *Fragmentation & unity. The search for the design of a ‘model township’. The case of Atteridgeville, Pretoria*, M.Sc. Dissertation, Katholieke Universiteit Leuven, 1998, pp. 45, 59; R.D. Coertze, *Atteridgeville. ’n Stedelike Bantoewoonbuurt*, pp. 15-16, 32-33.

122. Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/4/14/1/1, Minutes of the Native and Asiatic Administration Committee, 13 June 1939, item 7: Naming of the location, p. 364; Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/4/14/1/3, Minutes of the Native and Asiatic Administration Committee, 11 February 1941, item 10: Naming of school, p. 25; Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/1/1/76, Minutes of the City Council of Pretoria, 31 March 1941, item 3: Naming of schools at Atteridgeville, pp. 391-392; P. Hlahla, Atteridgeville: The turmoil and triumphs. The first black township in Pretoria to have street names, *Pretoria News*, 10 September 2003, p. 4; M. Stals, *Fragmentation & unity. The search for the design of a ‘model township’. The case of Atteridgeville, Pretoria*, M.Sc. Dissertation, Katholieke Universiteit Leuven, 1998, p. 51.


© University of Pretoria

dié in Marabastad, Bantule en later in Atteridgeville, gedurende die 1930's en 1940's te bevorder. Sy was veral daarvoor bekend dat sy sop in die winter, melk in die somer, brood en lemoene aan skoolkinders verskaf het **(Kyk Bylaag I: Foto 4)**.[123]

Die Hofmeyr Hoërskool is na W.H. Hofmeyr vernoem, ook 'n voorsitter van die Naturelle- en Asiatiese Administrasiekomitee van die Munisipaliteit van Pretoria in die 1930's, wat die skool in 1941 geopen het. 'n Laerskool is ook na F.W. Jameson vernoem vir sy rol in die daarstelling van Atteridgeville. Hy was gedurende die 1930's 'n prominente lid van die Naturelle- en Asiatiese Administrasiekomitee van die Stadsraad van Pretoria. Nog 'n laerskool is na J.J. de Jong vernoem; hy was die argitek verantwoordelik vir die opstel van die huisplanne en het as koördinerende amptenaar vir die Atteridgeville-behuisingskema opgetree. Die Mbolekwa sportgronde en rugbyveld is vernoem na Cronje Mbolekwa, 'n politikus, lid van die Atteridgeville Swart Adviesraad gedurende die 1940's, en een van die stigters van die sokkervereniging onder swartes in Pretoria. Die gemeenskapsaal is na wyle S.P. Matseke, 'n veteraanleier onder die stedelike swartes van Pretoria, vernoem. Die sportgronde is in Maart 1948 hernoem na die Phelindaba-Sportstadium nadat die Stadsraad van Pretoria besluit het om nie in die toekoms mense wat steeds lewe, te vernoem nie.[124]

Die Swart Adviesraad het die Stadsraad van Pretoria in Maart 1944 ingelig dat hulle in Atteridgeville deur naamgewing erkenning aan die Bestuurder van die munisipale Departement van Naturellesake (J.R. Brent) en die Superintendent van Lokasie (J.S. Hardy) wil gee (ten spyte van voorvalle van swart inwonerwrywing en -ontevredenheid) "as a token of appreciation for their untiring efforts, and

---

123. Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/4/14/1/2, Minutes of the Native and Asiatic Administration Committee, 22 September 1939, item 3: Minutes of Native Advisory Board, p. 45; Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/1/1/74, Minutes of the City Council of Pretoria, 30 April 1940, item 9: Proposed name change of location, pp. 63-64; M.P. Atteridge, Mrs. Atteridge on new native housing plan, *Rand Daily Mail*, 6 October 1947, p. 6; G.M. van der Waal, Do you know Atteridgeville? *Muniforum* 25(9), September/October 1995, p. 3; T. Makube, Tshwane's jazz mecca, *Sunday World*, 17 December 2000, p. 18; P.E. Raper, *Dictionary of Southern African place names*, pp. 64, 363; Guiding SA, 2022, Atteridgeville, https://guidingsa.com/gp-cities-and-towns/atteridgeville, access: 12 August 2023; L. Ramphele, 18 March 2015, The community of Atteridgeville wants to honour Mrs. Patricia Atteridge, https://www.702.co.za/articles/2155/the-community-of-atteridgeville-wants-to-honour-mrs-patricia-atteridge, access: 12 August 2023; Van Der Waal & Associates, *Atteridgeville soul city: A community that can lead the African Renaissance*, 16 November 1999, p. 2; R.D. Coertze, Die gesinslewe in Atteridgeville, *in* J.F. Eloff, & R.D. Coertze (reds.), *Etnologiese studies in Suidelike Afrika*, p. 292; H.P. Junod, The Bantu population of Pretoria, *in* S.P. Engelbrecht *et al.* (samestellers), *Pretoria (1855-1955): geskiedenis van die stad Pretoria*, p. 81; Van der Waal & Associates, *Atteridgeville. Heritage route*, Atteridgeville timeline, Atteridgeville tourist attractions; J.F. Eloff, *'n Volkekundige studie van aanpassing en ontwikkeling in die gesinslewe van die naturelle van Atteridgeville*, M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1952, p. 79; R.D. Coertze, *Atteridgeville. 'n Stedelike Bantoewoonbuurt*, pp. 18-19; N. Mokgatle, *The autobiography of an unknown South African*, p. 220.

124. Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/4/14/1/3, Minutes of the Native and Asiatic Administration Committee, 11 February 1941, item 10: Naming of school, p. 25; Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/1/1/72, Minutes of the City Council of Pretoria, 31 July 1939, item 7: Overtime: Architect-in-charge, New Native Location, p. 60; Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/1/1/95, Minutes of the City Council of Pretoria, 30 March 1948, item 10: Mbolekwa Sports Ground: Atteridgeville: Proposed changing of name, p. 103; G.M. van der Waal, Do you know Atteridgeville? *Muniforum* 25(9), September/October 1995, p. 3; T. Makube, Tshwane's jazz mecca, *Sunday World*, 17 December 2000, p. 18; P. Hlahla, Atteridgeville: The turmoil and triumphs. The first black township in Pretoria to have street names, *Pretoria News*, 10 September 2003, p. 4; Van der Waal & Associates, *Atteridgeville. Heritage route*, Atteridgeville timeline, Atteridgeville tourist attractions; R.D. Coertze, *Atteridgeville. 'n Stedelike Bantoewoonbuurt*, p. 22.



© University of Pretoria

interest they have shown for the Bantu people of the Pretoria Urban Locations".[125] Beide Brent en Hardy het tot die voorgestelde naamgewing toegestem mits hulle swart name gebruik word, naamlik onderskeidelik Ramosa en Rathapelo.[126] Geen bevestiging dat hierdie naamgewing wel plaasgevind het, kon opgespoor word nie.

Atteridgeville was die eerste swart woonbuurt in Pretoria wat straatname (vir 58 strate) gehad het. Inwoners van Atteridgeville is versoek om name aan die Swart Adviesraad voor te lê. Baie min voorstelle is ingedien, en dié wat wel voorgestel is, was die name van blankes wat gepoog het om die omstandighede van stedelike swartes in Pretoria te verbeter. Die Bestuurder van die munisipale Departement van Naturellesake, die Swart Adviesraad, en die Superintendent van Lokasie het inwoners toe versoek om meer geskikte name vir die strate voor te lê. Name van swart leiers wat voorgestel en aanvaar is, was onder andere Mathobela, Botoman, Maraba, Komane en Mandhlala. Die straatname is op uithangbordjies aangebring.[127]

Harry Lawrence (1901-1973), die destydse Minister van Binnelandse Sake en Volksgesondheid, het Atteridgeville amptelik op 5 Augustus 1940 geopen. Die Stadsraad van Pretoria het aanvanklik die Minister van Naturellesake versoek om die opening waar te neem, maar hierdie versoek het nie gerealiseer nie **(Kyk Bylaag I: Foto 5)**. Die opening is ook deur Opperhoof Seeiso Griffiths Moshoeshoe van Lesotho bygewoon **(Kyk Bylaag I: Foto 6)**. Op daardie stadium was die eerste 720 huise reeds voltooi, nadat daar met die bouwerk van huisvesting in Atteridgeville in Junie 1939 begin is, en van die inwoners van Marabastad het reeds ingetrek.[128]

---

125. Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/1/1/82, Minutes of the City Council of Pretoria, 30 March 1944, item 12: Naming of new hall and sportsground, Atteridgeville, p. 122.
126. Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/1/1/82, Minutes of the City Council of Pretoria, 30 March 1944, item 12: Naming of new hall and sportsground, Atteridgeville, pp. 121-122.
127. Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/4/14/1/1, Minutes of the Native and Asiatic Administration Committee, 19 September 1938, item 3: Minutes of the Native Advisory Board, p. 200; Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/4/14/1/3, Minutes of the Native and Asiatic Administration Committee, 11 February 1941, item 10: Naming of Streets, p. 25; Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/4/14/1/4, Minutes of the Native and Asiatic Administration Committee, 18 May 1942, item 3, p. 142; Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/4/14/1/4, Minutes of the Native and Asiatic Administration Committee, 15 June 1942, item 3: Naming of new streets in Atteridgeville, p. 142; P. Hlahla, Atteridgeville: The turmoil and triumphs. The first black township in Pretoria to have street names, *Pretoria News*, 10 September 2003, p. 4; M. Stals, *Fragmentation & unity. The search for the design of a 'model township'. The case of Atteridgeville, Pretoria*, M.Sc. Dissertation, Katholieke Universiteit Leuven, 1998, p. 60; J.F. Eloff, *'n Volkekundige studie van aanpassing en ontwikkeling in die gesinslewe van die naturelle van Atteridgeville*, M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1952, p. 77; R.D. Coertze, *Atteridgeville. 'n Stedelike Bantoewoonbuurt*, p. 13.
128. Archives of the Department of Architecture, University of Pretoria, Van der Waal Pretoria Collection 207, Invitation: Official opening of Atteridgeville, 5 August 1940; Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/1/1/74, Minutes of the City Council of Pretoria, 29 May 1940, item 7: Official opening of the New Native Location, p. 135; Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/4/14/1/2, Minutes of the Native and Asiatic Administration Committee, 14 June 1940, item 4(c): Official opening of the location, p. 242; R.D. Coertze, *Atteridgeville. 'n Stedelike Bantoewoonbuurt*, pp. 19, 41; J. Moolman, Die vestiging van die Bantoe in Pretoria. Referaat gelewer tydens die Kongres van die Vereniging vir Aardrykskunde-Onderwys, p. 13; J.F. Eloff, *'n Volkekundige studie van aanpassing en ontwikkeling in die gesinslewe van die naturelle van Atteridgeville*, M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1952, p. 79; Van der Waal & Associates, *Atteridgeville. Heritage route*, Atteridgeville timeline; T. Makube, Tshwane's jazz mecca, *Sunday World*, 17 December 2000, p. 18.


© University of Pretoria

Daarstelling van infrastruktuur

Soos in die Inleiding aangetoon is, behels die daarstelling van infrastruktuur verskeie aspekte. In die geval van Atteridgeville word drie aspekte onderskei, naamlik

i) die verskaffing van *noodsaaklike dienste* soos sanitasie en riolering, paaie en stormwaterdreineringstelsels, water, elektrisiteit, vullisverwydering, telefoonverbindings, padverbindings (busvervoer), spoorverbindings (treinvervoer), en 'n begraafplaas;

ii) die verskaffing van *openbare fasiliteite* soos opvoedings-, ontspannings-, gesondheids-, welsyns-, godsdienstige, handels- en inkoopfasiliteite, 'n poskantoor en polisiestasie; en

iii) die verskaffing van infrastruktuur vir die *bestuur en administrasie* van die swart stedelike woonbuurt.[129]

In sommige gevalle sal die munisipale en gesondheidspersoneel betrokke by bogenoemde infrastruktuur ook aangedui en bespreek word.

Daar is in Oktober 1937 met die terreinuitleg, en die aanlê van water en riolering begin, en die maak van paaie, uitmerk van persele, en die voorsiening van elektrisiteit het in 1938 en 1939 plaasgevind. J.J. de Jong, 'n argitek van die Stadsingenieursdepartement van die Stadsraad van Pretoria, sou die Atteridgeville-behuisingskema koördineer en bestuur, en is op 17 Februarie 1938 as die raadgewende argitek vir hierdie skema aangestel.[130]

Wat die aanlê en verskaffing van noodsaaklike dienste betref, was die meeste van bogenoemde infrastruktuur en dienslewering gedurende die 1940's in Atteridgeville beskikbaar en is die diensgeld vir hierdie dienste by die saamgestelde huurgeld ingesluit. Die huurgeld het dus, benewens die perseelhuur, administratiewe onkoste; gratis water, aangelê tot binne in elke huis; elektrisiteit (beligting en kragpunte); asblikke en vullisverwydering; straatherstelwerk en -beligting; binnenshuise spoelriolering, bad-/stortgeriewe en ander sanitêre dienste; en gesondheidsdienste ingesluit. Daar is voorsiening vir die afloop van stormwater gemaak met inagneming van die natuurlike kontoere van die terrein. Water vir die woonbuurt is aangelê in ooreenstemming met bestaande regulasies: daar is waterreservoirs opgerig, en watervoorsiening vir brandbestryding is ook daargestel. 'n Washuis met wasgoeddrade en elektriese kragpunte vir strykwerk is opgerig om die afloop van waswater higiënies en weg van woonerwe te reguleer. Die hoofstrate van Atteridgeville het straatligte gehad, negentien van die 58 strate was geteer, en bome is langs die belangrikste strate geplant. 'n Laning sederbome

129. M. Lamont, Provision of housing and infrastructure, *in* W.P. Mostert & J.M. Lötter (eds), *South Africa's demographic future*, p. 147; B. Goodall, *The Penguin dictionary of human geography*, pp. 235-236.

130. Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/1/1/67, Minutes of the City Council of Pretoria, 17 February 1938, item 2: Report of the Manager of the Native and Asiatic Administration Department, p. 95; R.D. Coertze, *Atteridgeville. 'n Stedelike Bantoewoonbuurt*, pp. 13-15.



© University of Pretoria

is by die hoofingang tot die woonbuurt aangeplant. ’n Begraafplaas, wat as deel van noodsaaklike dienste beskou word, is in 1945 voltooi. Die terrein het vir 20 000 grafte voorsiening gemaak wat as voldoende vir die daaropvolgende twintig jaar beskou is.[131]

Inwoners van Atteridgeville, waarvan 80% gedurende die 1940’s in Pretoria werksaam was, het aanvanklik nie baie opsies gehad om die afstand tussen woon- en werkplek af te lê nie. Hulle kon van die beskikbare busvervoer gebruik maak, of per fiets, of te voet hulle werkplek bereik. Die privaatmaatskappy wat die busdiens bedryf het, die South African Native Omnibus Company, was ’n affiliaal-maatskappy van die Great Northern Transport Company aan wie die Stadsraad van Pretoria die lisensie vir padvervoer toegeken het. Weens finansiële nood het die privaatmaatskappy in 1942 om ’n 100% tariefverhoging (van 2d. na 4d. per dag) aansoek gedoen. Hierdie verhoging het tot die eerste massabusboikot deur die inwoners van Atteridgeville aanleiding gegee. Die Stadsraad van Pretoria het onderneem om uit eie fondse die busdiens te subsidieer met 1d. per rit. Die nuutgevormde Public Utility Transportation Company (PUTCO) is in 1945 versoek om die roete te bedryf. ’n Nog groter busboikot het in van 1 Maart tot 8 April 1947 plaasgevind. ’n Sameloop van omstandighede het hierdie busboikot veroorsaak: die Stadsraad van Pretoria het besluit om die finansiële las van die busvervoersubsidie te verlig en het die subsidie van 1 Maart 1947 opgehef; dit was dieselfde datum waarop ’n lank-reeds goedgekeurde PUTCO-tariefverhoging in werking getree het. Die gevolg was ’n verhoging van 50% in bustariewe (van die gesubsidieerde 3d. na 6d. per dag).[132] Tydens die

---

131. Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/4/14/1/1, Minutes of the Native and Asiatic Administration Committee, 12 May 1939, item 4: Question of rental of houses: New Native Location, pp. 337-338; Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/4/14/1/2, Minutes of the Native and Asiatic Administration Committee, 25 January 1940, item 16: Site for cemetery, p. 120; Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/4/14/1/2, Minutes of the Native and Asiatic Administration Committee, 25 January 1940, item 17: Electrical installations in houses: New Native Location, p. 120; Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/4/14/1/2, Minutes of the Native and Asiatic Administration Committee, 12 February 1940, item 10: Proposed cemetery site, p. 135; Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/4/14/1/2, Minutes of the Native and Asiatic Administration Committee, 12 February 1940, item 3(b): Water supply to the new location, p. 129; Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/4/14/1/2, Minutes of the Native and Asiatic Administration Committee, 11 March 1940, item 6: Report of the City Engineer, p. 150; Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/1/1/73, Minutes of the City Council of Pretoria, 28 March 1940, item: Rubbish removal services, New Native Location, p. 395; Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/4/14/1/2, Minutes of the Native and Asiatic Administration Committee, 25 June 1940, item 15: Site for a rubbish dump, p. 120; Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/1/1/80, Minutes of the City Council of Pretoria, 30 April 1943, item 11: Proposed native cemetery: Atteridgeville, pp. 234-235; Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/1/1/83, Minutes of the City Council of Pretoria, 31 Augustus 1944, item 9: Ash cans for Atteridgeville, pp. 108-109; Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/1/1/85, Minutes of the City Council of Pretoria, 31 August 1945, item 7: Fire-fighting equipment: Atteridgeville, p. 337; Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/1/1/87, Minutes of the City Council of Pretoria, 30 April 1946, item 5: Proposed washhouse-laundry: Atteridgeville, pp. 391-392; R.D. Coertze, Die gesinslewe in Atteridgeville, *in* J.F. Eloff, & R.D. Coertze (reds.), *Etnologiese studies in Suidelike Afrika*, p. 293; H.P. Junod, The Bantu population of Pretoria, *in* S.P. Engelbrecht *et al*. (samestellers), *Pretoria (1855-1955): geskiedenis van die stad Pretoria*, p. 79; D. van Eeden, *Die invloed van slegte behuising op die gesondheid van die Bantoebevolking in sekere Transvaalse gebiede*, M.Sc.-verhandeling, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, 1955, p. 13; Van der Waal & Associates, *Atteridgeville. Heritage route*, Atteridgeville timeline; City Council of Pretoria, Atteridgeville — a model township near Pretoria, *South African Architectural Record*, July 1943, p. 159; M. Stals, *Fragmentation & unity. The search for the design of a ‘model township’. The case of Atteridgeville, Pretoria*, M.Sc. Dissertation, Katholieke Universiteit Leuven, 1998, pp. 47-48, 50; R.D. Coertze, *Atteridgeville. ’n Stedelike Bantoewoonbuurt*, pp. 14-15, 33, 43.
132. Die busgeld was aanvanklik 4*d*. per dag minus 1*d*. per dag munisipale subsidie = 3*d*. per dag wat in 1947 na 6*d*. per dag verhoog is = 50% verhoging.
R.P.A. Dauskardt, Local state, segregation and transport provision: The Atteridgeville bus boycott, 1947, *The South African Geographical Journal* 71(2), September 1989, p.111.


© University of Pretoria

staking het PUTCO-busse nie die woonbuurt binnegegaan nie, en is ’n afgeskaalde diens gelewer. Inwoners van Atteridgeville het tydens die boikotaksie op drie alternatiewe maniere by die werk uitgekom: deur na hulle werkplek te stap, deur van privaatvervoer (taxi’s, vragmotors en perdekarre) gebruik te maak, en om saam met jongmense ’n geleentheid op hulle fietse te kry. Die privaatvervoer het inwoners dieselfde fooi as die verhoogde bustarief gekos. Die boikot is beëindig nadat PUTCO onderneem het om steeds die ou tarief te vra, maar die roete is verkort en inwoners sou die laaste drie (van dertien) kilometer per voet moes aflê. Die Stadsraad van Pretoria wou/kon geen subsidietoegewings maak nie, en het die standpunt gehuldig dat werkgewers die vervoeronkoste van hulle werkers moes subsidieer, wat inderdaad gedurende 1947 gerealiseer het, mits werkers daarvoor gevra het. Daar was gedurende die 1940’s ten minste twintig gemeenskapsversetoptredes deur die inwoners van Atteridgeville teen die gebrekkige (in kwaliteit en kwantiteit) busvervoerdienste. Daar was dus duidelik nóg voldoende, nóg bekostigbare vervoer beskikbaar wat die inwoners toenemend gegrief en laat saamstaan het in hulle ontevredenheid, hoofsaaklik teen die Stadsraad van Pretoria en sy munisipale amptenare wat hulle, as deel van die segregasiebeleid, verder van hulle werksplekke af verskuif het.[133]

’n Spoorverbinding tussen Atteridgeville (met ’n spoorwegstasie) en Pretoria het, ongelukkig, eers op 20 November 1958 gerealiseer, ten spyte van die hoop wat Burgermeester Sinclair in 1946 uitgespreek dat daar spoedig ook ’n spoorlyn aangelê sou word. Hierdie toedrag van sake, soos reeds vroeër in hierdie hoofstuk uiteengesit is, was die gevolg van die feit dat die Stadsraad van Pretoria

133. Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/4/14/1/2, Minutes of the Native and Asiatic Administration Committee, 11 August 1939, item 4: Minutes of the Native Advisory Board, p. 29; Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/4/14/1/2, Minutes of the Native and Asiatic Administration Committee, 6 October 1939, item 5: Transport of natives, p. 63; Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/4/14/1/2, Minutes of the Native and Asiatic Administration Committee, 25 January 1940, item 20: Transport to and from the location, p. 121; Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/4/14/1/2, Minutes of the Native and Asiatic Administration Committee, 19 April 1940, item 10: Transport services, p. 191; Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA1/4/14/1/2, Minutes of the Native and Asiatic Administration Committee, 19 April 1940, item 29: Transport services, p. 211; Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/4/14/1/2, Minutes of the Native and Asiatic Administration Committee, 19 July 1940, item 30: Transport services, p. 270; Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/4/14/1/2, Minutes of the Native and Asiatic Administration Committee, 2 October 1940, item 1: Transport to and from the location, p. 314; Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/4/14/1/3, Minutes of the Native and Asiatic Administration Committee, 11 March 1941, item 5: Transport services, p. 211; Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/4/14/1/3, Minutes of the Native and Asiatic Administration Committee, 16 June 1941, item 9: Increase in bus fare, p. 115; Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/1/1/81, Minutes of the City Council of Pretoria, 17 August 1943, item 2: Complaints re bus service between Atteridgeville and City: Great North Transport Company, pp. 7-12; U.G. 31-1944: Union of South Africa, *Report of the commission appointed to enquire into the operation of bus services for non-Europeans on the Witwatersrand and the districts of Pretoria and Vereeniging*, paras. 30-32, 35, 40, 44, p. 2; para. 81, p. 3; paras. 85, 88, 92, 95, p. 4; para. 144, p. 10; para. 12, p. 21; Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/1/1/90, Minutes of the City Council of Pretoria, 28 February 1947, item 1: Withdrawal of subsidy: Public Utility Transport Corporation, p. 337; R.D. Coertze, Die gesinslewe in Atteridgeville, *in* J.F. Eloff, & R.D. Coertze (reds.), *Etnologiese studies in Suidelike Afrika*, p. 293; D. van Eeden, *Die invloed van slegte behuising op die gesondheid van die Bantoebevolking in sekere Transvaalse gebiede*, M.Sc.-verhandeling, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, 1955, p. 13; Van der Waal & Associates, *Atteridgeville. Heritage route*, Atteridgeville timeline; R.P.A. Dauskardt, Local state, segregation and transport provision: The Atteridgeville bus boycott, 1947, *The South African Geographical Journal* 71(2), September 1989, pp. 110-114; Pretoria City Council, Atteridgeville native township, Pretoria, *Public Works of South Africa*, April 1948, p. 27; Anon, Atteridgeville native township, Pretoria, *Municipal Affairs* 10(155), July 1948, p. 25; M. Stals, *Fragmentation & unity. The search for the design of a ‘model township’. The case of Atteridgeville, Pretoria*, M.Sc. Dissertation, Katholieke Universiteit Leuven, 1998, p. 64; J.F. Eloff, *’n Volkekundige studie van aanpassing en ontwikkeling in die gesinslewe van die naturelle van Atteridgeville*, M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1952, p. 81; R.D. Coertze, *Atteridgeville. ’n Stedelike Bantoewoonbuurt*, pp. 15, 35-37.


© University of Pretoria

nie bereid en finansieel in staat was om tot waarborge aan die staatsspoorwegmaatskappy toe te stem nie.[134] Sendeling Junod het hierdie hoop in 1955 herhaal:

> It should be stated ... that a very grave hardship for all our Pretoria Native people, wherever they are, is the very inadequate and expensive system of transportation provided for them, when it does exist. ... It is to be hoped that in all future schemes, provision for adequate and cheap transport will be made, especially through electrified railway lines.[135]

’n Laaste aspek van die infrastruktuur vir noodsaaklik dienste is die daarstel van ’n telefoonverbinding vir dringende kommunikasie. Aanvanklik was die dringendste behoefte dié aan drie telefone, een elk vir die polisie, die kliniek en die Superintendent van die Lokasie, vir wie ’n telefoonverbinding noodsaaklik uit die aard van hulle funksies was. Ook in hierdie geval is vertragings in die installering van dienste ondervind vanweë oorlogtydse materiaaltekorte. Dit kan ook verklaar waarom inwoners van Atteridgeville nie aanvanklik vir telefoonverbindings aansoek gedoen het nie.[136]

Wanneer daar na die infrastruktuur vir openbare fasiliteite wat reeds teen die einde van die 1940’s in Atteridgeville opgerig is, gekyk word, is dit duidelik dat die meeste van die voorgeskrewe fasiliteite reeds daargestel was. Wat opvoedkundige fasiliteite betref, is vyf laerskole en een hoërskool, elk met sportfasiliteite, aanvanklik saam met die eerste huise opgerig. Die Transvaalse Onderwysdepartement het finansieel tot die oprigting van die skole bygedra deurdat die skoolgeboue by die Stadsraad van Pretoria gehuur is. Daar is ook voorsiening vir naskoolse/tersiêre onderrig gemaak wat ’n skoolgebou vir klasse gebruik het, naamlik ’n universiteitskollege, die Kolege Ya Bana Ba Afrika, met 26 studente in 1947 ingeskryf vir ’n B.A.- en B.Econ.-grade; ’n onderwyskollege vir die opleiding van swart onderwysers; en ’n volwasse opvoedkundige skema wat aandklasse vir volwassenes aangebied het. Die oprigting van ’n crèche (kinders van een maand tot twee jaar), en kleuterskole (vir ouderdom twee tot vyf jaar, en vir ouderdom vyf tot sewe jaar) is beplan, saam met

134. Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/4/14/1/1, Minutes of the Native and Asiatic Administration Committee, 18 March 1938, item 9: Railway facilities to the new location, p. 130; Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/4/14/1/1, Minutes of the Native and Asiatic Administration Committee, 12 May 1939, item 1(f): Railways, p. 331; Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/4/14/1/4, Minutes of the Native and Asiatic Administration Committee, 13 February 1942, item 12: Construction of a railway line guaranteed against loss, p. 71; Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/4/14/1/8, Minutes of the Native and Asiatic Administration Committee, 14 May 1947, item 31: Construction of railway line to Atteridgeville, pp. 116-117; Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/4/14/1/8, Minutes of the Native and Asiatic Administration Committee, 13 February 1947, item 6, p. 6; C.W. Sinclair, Success of Pretoria municipal housing scheme, *Outspan* 40(1026), 25 October 1946, p. 93; Van Der Waal & Associates, *Atteridgeville soul city: A community that can lead the African Renaissance*, 16 November 1999, p. 4; G.H. Pirie, African township railways and the South African state, 1902-1963, *Journal of Historical Geography* 13(3), July 1987, pp. 283-284, 287-288, 293-294; R.P.A. Dauskardt, Local state, segregation and transport provision: The Atteridgeville bus boycott, 1947, *The South African Geographical Journal* 71(2), September 1989, p. 111; M. Stals, *Fragmentation & unity. The search for the design of a ‘model township’. The case of Atteridgeville, Pretoria*, M.Sc. Dissertation, Katholieke Universiteit Leuven, 1998, pp. 64-65; R.D. Coertze, *Atteridgeville. ’n Stedelike Bantoewoonbuurt*, pp. 39-40.

135. H.P. Junod, The Bantu population of Pretoria, *in* S.P. Engelbrecht *et al.* (samestellers), *Pretoria (1855-1955): geskiedenis van die stad Pretoria*, p. 80.

136. Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/4/14/1/2, Minutes of the Native and Asiatic Administration Committee, 25 January 1940, item 18: Installation of telephones, p. 121; Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/4/14/1/2, Minutes of the Native and Asiatic Administration Committee, 20 January 1941, item 3(p): Telephones, p. 378.



© University of Pretoria

’n sentrum vir huisvlytopleiding en ’n ambagsopleidingsentrum.[137]

Benewens die voorsiening vir oop ruimtes wat in die uitleg van Atteridgeville gemaak is, is die volgende sport- en ontspanningsfasiliteite ten aanvang opgerig: ’n grassokkerveld met pawiljoen en stalletjies vir verversings; twee ander sokkervelde; een rugbyveld; twee tennisbane; twee korfbalbane; en ’n atletiekbaan. Hokkie is op sokkervelde en krieket op beskikbare sportgronde gespeel. Daar was ook drie klubs vir mansontspanning wat in sale vergader het. Twee kinderspeelparke wat met gras en bome beplant is, was beskikbaar. Daar is in 1940 teen die bou van ’n biersaal en ’n eethuis in Atteridgeville besluit nadat ondersoek ingestel is na die koste daarvan. Skakelhuise is as ’n tydelike maatreël vir beide hierdie fasiliteite, wat ’n groot rol in die ontspanning van veral stedelike swart mans gespeel het, gebruik. Bioskoopteaters het ook aanvanklik in Atteridgeville ontbreek; daar was wel twee teaters in Marabastad waar stedelike swartes films kon gaan kyk. Die Stadsraad van Pretoria kon, weens die oorlogtydse probleme in die boubedryf, eers teen die einde van 1946 voortgaan met die gemeenskapsentrum wat beplan is. Die infrastruktuur vir sport en ontspanning, byvoorbeeld die aanlê en instandhouding van sportgronde en die verskaffing van sporttoerusting, is uit die Swart Inkomsterekening befonds, spesifiek uit die inkomste wat uit die biersaalwinste en dienskontrakregistrasies verkry is.[138]

---

137. Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/4/14/1/1, Minutes of the Native and Asiatic Administration Committee, 9 May 1938, item 3(10): Report of Manager, Native and Asiatic Administration Department, p. 150; Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/4/14/1/1, Minutes of the Native and Asiatic Administration Committee, 13 June 1939, item 3(n): Church, school and business sites, p. 356; Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/4/14/1/2, Minutes of the Native and Asiatic Administration Committee, 25 January 1940, item 3(n): School sites, p. 128; Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/4/14/1/2, Minutes of the Native and Asiatic Administration Committee, 12 February1940, item 2(n): Erection of schools, p. 128; Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/4/14/1/2, Minutes of the Native and Asiatic Administration Committee, 12 February 1940, item 2(m): Erection of craft centre, p. 128; Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/1/1/84, Minutes of the City Council of Pretoria, 31 January 1945, item 9: Proposed non-European Place of Safety and Detention: Atteridgeville, pp. 90-91; Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/1/1/84, Minutes of the City Council of Pretoria, 31 January 1945, item 8: Proposed Bantu creche at Atteridgeville, pp. 89-90; Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/1/1/84, Minutes of the City Council of Pretoria, 31 January 1945, item 9: Proposed non-European Place of Safety and Detention: Atteridgeville, pp. 90-91; Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/1/1/85, Minutes of the City Council of Pretoria, 31 August 1945, item 6: Homecraft Training Centre, Atteridgeville, pp. 336-337; Anon, Pretoria will train native servants, *Rand Daily Mail*, 29 July 1947, p. 4; Stadsraad van Pretoria, *Die stad Pretoria: amptelike gids*, p. 217; S.P. Engelbrecht *et al.* (compilers), *Pretoria 1855-1955. Centenary album: Pretoria's first century in illustration*, p. 110; H.P. Junod, The Bantu population of Pretoria, *in* S.P. Engelbrecht *et al.* (samestellers), *Pretoria (1855-1955): geskiedenis van die stad Pretoria*, p. 80; R.D. Coertze, Die gesinslewe in Atteridgeville, *in* J.F. Eloff, & R.D. Coertze (reds.), *Etnologiese studies in Suidelike Afrika*, p. 293; City Council of Pretoria, Atteridgeville — a model township near Pretoria, *South African Architectural Record*, July 1943, p. 159; Pretoria City Council, Atteridgeville native township, Pretoria, *Public Works of South Africa*, April 1948, p. 23; Anon, Atteridgeville native township, Pretoria, *Municipal Affairs* 10(155), July 1948, p. 23; M. Stals, *Fragmentation & unity. The search for the design of a 'model township'. The case of Atteridgeville, Pretoria*, M.Sc. Dissertation, Katholieke Universiteit Leuven, 1998, p. 57; M. Malan, *The black community of Pretoria, 1923-1939*, M.A. Dissertation, University of Pretoria, 1996, p. 210; R.D. Coertze, *Atteridgeville. 'n Stedelike Bantoewoonbuurt*, pp. 22, 141, 98-199.

138. Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/4/14/1/1, Minutes of the Native and Asiatic Administration Committee, 9 September 1937, item 2: Report of the Manager of the Native and Asiatic Administration Department, p. 26; Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/4/14/1/2, Minutes of the Native and Asiatic Administration Committee, 14 July 1939, item 2(f): Temporary beer depot, p. 4; Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/4/14/1/2, Minutes of the Native and Asiatic Administration Committee, 25 January 1940, item 7: Beer hall, p. 119; Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/4/14/1/2, Minutes of the Native and Asiatic Administration Committee, 19 September 1940, item 2(i): Beer depot, p. 299Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/4/14/1/4, Minutes of the Native and Asiatic Administration Committee, 20 July 1942, item 26: Fencing of tennis court, p. 166; Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/1/1/89, Minutes of the City Council of Pretoria, 29 November 1946, item 11: Community Centre: Atteridgeville, pp. 354-355; Stadsraad van Pretoria, *Die stad Pretoria: amptelike gids*, p. 217; S.P. Engelbrecht *et al.* (compilers), *Pretoria 1855-1955. Centenary album: Pretoria's first century in illustration*, p. 110; H.P. Junod, The Bantu population of Pretoria, *in* S.P. Engelbrecht *et al.* (samestellers), *Pretoria*


© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Welsyns- en gesondheidsinfrastruktuur en dienste in Atteridgeville is nie net deur die stedelike plaaslike owerheid van Pretoria befonds nie; van hierdie dienste is deur die nasionale en provinsiale regerings befonds. Welsynsdienste is deur amptenare, hoofsaaklik maatskaplike werkers, van die Welsynsafdeling van die Departement van Naturellesake van die Munisipaliteit van Pretoria verskaf. Die dienste wat gedurende die 1940's in Atteridgeville beskikbaar was, het op gesinsorg; die bestryding van jeugmisdaad; hulpverlening aan verwaarloosde en hulpbehoewende kinders; en voedselverspreiding (sopkombuis) gefokus. Daar was voorts weeklikse vertonings van gekeurde films, dikwels opvoedkundig, in Atteridgeville. 'n Biblioteek, onder beheer van die Carnegie-Biblioteekskema, het leesstof tot beskikking van die inwoners van Atteridgeville gestel. Hierdie biblioteek, wat oorspronklik in Marabastad geleë was, is tydelik in 'n driekamer-huis gehuisves weens die gebrek aan fondse om 'n biblioteekgebou op te rig. Raadslid Atteridge het vir 'n jaar die biblioteek gesubsidieer as gevolg van 'n gebrek aan fondse. 'n Plek van Veiligheid, onder die sorg van 'n matrone, is van 1949 af in vier tweekamer-woonhuise gehuisves waar sorgbehoewende kinders tydelike huisvesting kon kry, terwyl daar op 'n beslissing van die kinderhof gewag is.[139]

Twee klinieke is aanvanklik in Atteridgeville opgerig waar die Munisipale Gesondheidsdepartement onder beheer van die Mediese Gesondheidsbeampte en sy personeel, dokters, verpleegsters en vroedvroue drie tipes dienste gelewer het. Hierdie munisipale amptenare was gemoeid met omgewingsdienste wat die monitering van watervoorsiening en vullisverwydering, en die ondersoek en beheer van voedselverkope en -verspreiding behels het. Naas omgewingsdienste, is persoonlike gesondheids- of kliniekdienste gelewer wat voorgeboortesorg; bevallings; nageboortesorg; die

---

*(1855-1955): geskiedenis van die stad Pretoria*, pp. 80-81; R.D. Coertze, Die gesinslewe in Atteridgeville, *in* J.F. Eloff, & R.D. Coertze (reds.), *Etnologiese studies in Suidelike Afrika*, p. 293; D. van Eeden, *Die invloed van slegte behuising op die gesondheid van die Bantoebevolking in sekere Transvaalse gebiede*, M.Sc.-verhandeling, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, 1955, p. 13; C.V. Bothma, *'n Volkekundige ondersoek na die aard en ontstaansoorsake van tsotsigroepe en hulle aktiwiteite in die stedelike gebied van Pretoria*, M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1951, pp. 20-23, 86-87; Pretoria City Council, Atteridgeville native township, Pretoria, *Public Works of South Africa*, April 1948, p. 27; Anon, Atteridgeville native township, Pretoria, *Municipal Affairs* 10(155), July 1948, p. 25; I.O. Marinus, Recreation for the Bantu in Pretoria, *Vigor* 2(3), June 1949, p. 53; M. Stals, *Fragmentation & unity. The search for the design of a 'model township'. The case of Atteridgeville, Pretoria*, M.Sc. Dissertation, Katholieke Universiteit Leuven, 1998, p. 58; R.D. Coertze, *Atteridgeville. 'n Stedelike Bantoewoonbuurt*, pp. 21, 32, 42.

139. Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/4/14/1/2, Minutes of the Native and Asiatic Administration Committee, 19 September 1940, item 17: Construction of a place of safety, p. 201; Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/4/14/1/3, Minutes of the Native and Asiatic Administration Committee, 11 March 1941, item 4(h): Establishment of library, p. 38; Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/4/14/1/3, Minutes of the Native and Asiatic Administration Committee, 12 May 1941, item 7: Establishment of library, p. 89; Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/1/1/84, Minutes of the City Council of Pretoria, 31 January 1945, item 9: Proposed non-European Place of Safety and Detention: Atteridgeville, pp. 90-91; Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/1/1/94, Minutes of the City Council of Pretoria, 27 February 1948, item 1: Place of Safety: Atteridgeville, pp. 363-364; E. Hellmann & L. Abrahams (eds), *Handbook on race relations in South Africa*, p. 249; C.V. Bothma, *'n Volkekundige ondersoek na die aard en ontstaansoorsake van tsotsigroepe en hulle aktiwiteite in die stedelike gebied van Pretoria*, M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1951, pp. 23-24; Stadsraad van Pretoria, *Die stad Pretoria: amptelike gids*, p. 217; S.P. Engelbrecht *et al.* (compilers), *Pretoria 1855-1955. Centenary album: Pretoria's first century in illustration*, p. 110; H.P. Junod, The Bantu population of Pretoria, *in* S.P. Engelbrecht *et al.* (samestellers), *Pretoria (1855-1955): geskiedenis van die stad Pretoria*, p. 80; R.D. Coertze, Die gesinslewe in Atteridgeville, *in* J.F. Eloff, & R.D. Coertze (reds.), *Etnologiese studies in Suidelike Afrika*, p. 293; City Council of Pretoria, Atteridgeville — a model township near Pretoria, *South African Architectural Record*, July 1943, p. 159; R.D. Coertze, *Die adviserende komiteestelsel en politieke organisasie soos aangetref in die stedelike gebied van Pretoria met besondere verwysing na toestande in Atteridgeville*, M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1958, pp. 32, 91.



© University of Pretoria

welsyn en gesondheid van voorskoolse kinders (tot vyf jaar); die gesondheid van skoolkinders; die behandeling van tering en geslagsiektes; die inenting en immunisering teen kindersiektes; tandheelkunde; en die behandeling van buitepasiënte ingesluit het. Laastens is voorkomende gesondheidsdienste ook verskaf. Hierdie dienste het hoofsaaklik op voeding gefokus met voedingsdienste in die vorm van ’n sopkombuis (opgerig deur die Munisipaliteit) waar sop, brood en vrugte gratis aan voorskoolse en skoolkinders verskaf is, en dan ook die bedryf van munisipale markte waar vars vrugte en groente teen kosprys aan die inwoners van Atteridgeville verkoop is. Gedurende die oorlogsjare was daar ook ’n voedselverspreidingsdepot waar geblikte melk, groente en rys teen vasgestelde pryse aan inwoners beskikbaar gestel is. ’n Polikliniek is eers in 1951 in Atteridgeville opgerig, hoofsaaklik weens die opskorting van boubedrywighede gedurende die oorlog. Daar is aangevoer dat ’n hospitaal vir Atteridgeville eers later, nadat die polikliniek in volle werking is, oorweeg sou word.[140]

Verskeie kerke is gedurende die 1940’s in Atteridgeville, op die persele wat daarvoor beplan is, as godsdienstige infrastruktuur opgerig. Die koste vir die oprigting van hierdie infrastruktuur is grootliks deur die blanke gemeentes van die betrokke kerk gefinansier, aangesien die gemeentes in Atteridgeville nie finansieel sterk genoeg was om dit self te kon doen nie. In die toestaan van persele is voorkeur aan die kerke wat in Marabastad gesloop is, gegee. Die eerste kerk wat in Atteridgeville gebou is, was die Switserse Sending Presbiteriaanse Kerk. Hierdie kerkgebou is op 22 Februarie 1942 voltooi en word as ’n argitektoniese juweel beskryf. Die hoeksteen van die Metodistekerk is op 30 Junie 1946 gelê. Hierdie kerk is gebou met bakstene van die kerk wat in Marabastad gesloop is. Die Verenigde Hervormde Kerk, met ’n kenmerkende kerktoring, is deur die bekende argitek Herman

140. Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA1/4/14/1/1, Minutes of the Native and Asiatic Administration Committee, 20 January 1938, item 3(15): Report of the Manager of the Native and Asiatic Administration Department, p. 80; Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/4/14/1/2, Minutes of the Native and Asiatic Administration Committee, 25 January 1940, item 11: Temporary clinic, p. 119; Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/4/14/1/2, Minutes of the Native and Asiatic Administration Committee, 12 February 1940, item 2(m): A polyclinic, p. 128; Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/4/14/1/4, Minutes of the Native and Asiatic Administration Committee, 11 May 1942, joint meeting of Public Health Committee and Native and Asiatic Administration Committee, p. 125; Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/1/1/83, Minutes of the City Council of Pretoria, 30 November 1944, item 5: Proposed establishment of a dental clinic in Atteridgeville, pp. 368-369; Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/1/1/89, Minutes of the City Council of Pretoria, 29 November 1946, item 15: Proposed polyclinic at Atteridgeville, pp. 340-341; C.V. Bothma, *’n Volkekundige ondersoek na die aard en ontstaansoorsake van tsotsigroepe en hulle aktiwiteite in die stedelike gebied van Pretoria*, M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1951, pp. 24-25; Stadsraad van Pretoria, *Die stad Pretoria: amptelike gids*, p. 217; S.P. Engelbrecht *et al.* (compilers), *Pretoria 1855-1955. Centenary album: Pretoria's first century in illustration*, p. 110; H.P. Junod, The Bantu population of Pretoria, *in* S.P. Engelbrecht *et al.* (samestellers), *Pretoria (1855-1955): geskiedenis van die stad Pretoria*, p. 80; R.D. Coertze, Die gesinslewe in Atteridgeville, *in* J.F. Eloff, & R.D. Coertze (reds.), *Etnologiese studies in Suidelike Afrika*, p. 293; M. Sibanda, Pheli legend in the making, *City Press*, 6 April 2003, p. 9; Van Der Waal & Associates, *Atteridgeville soul city: A community that can lead the African Renaissance*, 16 November 1999, p. 4; E. Gordin, Shopping problems in the Pretoria location, *Race Relations* 12(2), 1945, p. 34; City Council of Pretoria, Atteridgeville — a model township near Pretoria, *South African Architectural Record*, July 1943, pp. 159-160; Pretoria City Council, Atteridgeville native township, Pretoria, *Public Works of South Africa*, April 1948, pp. 23, 27; Anon, Atteridgeville native township, Pretoria, *Municipal Affairs* 10(155), July 1948, pp. 23-24; M. Stals, *Fragmentation & unity. The search for the design of a ‘model township’. The case of Atteridgeville, Pretoria*, M.Sc. Dissertation, Katholieke Universiteit Leuven, 1998, p. 58; J.F. Eloff, *’n Volkekundige studie van aanpassing en ontwikkeling in die gesinslewe van die naturelle van Atteridgeville*, M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1952, p. 141; M. Malan, *The black community of Pretoria, 1923-1939*, M.A. Dissertation, University of Pretoria, 1996, p. 176; R.D. Coertze, *Atteridgeville. ’n Stedelike Bantoewoonbuurt*, pp. 32, 43.


© University of Pretoria

Vermooten ontwerp en op 11 Mei 1947 voltooi.[141]

Baie beperkte handelsinfrastruktuur (besighede en winkels) is aanvanklik in Atteridgeville opgerig. Twee moontlike verklarings kan verskaf word, naamlik dat baie van die werkers wat in Atteridgeville gewoon en in die Pretoria gewerk het by handelaars in Pretoria (Bantule en Marabastad) gekoop het. 'n Verdere verklaring is dat dit problematies was om geld wat vir subekonomiese behuising geleen is, vir die bou van winkels te gebruik. Vyftien driekamer-huise is toe vir winkels afgesonder. In 1945 het die ondersoekverslag[142] na aankoopfasiliteite in die swart woonbuurtes van die Pretoria-omgewing wat die Pretoria Gesamentlike Raad vir Blankes en Swartes op versoek van die Instituut vir Rasseverhoudinge uitgevoer het, bevind dat daar vyftien winkels in Atteridgeville was: twaalf algemene handelaars en kafees; twee slaghuise en een melkery. Al hierdie winkels is deur swartes bestuur omdat ander rasse nie toegelaat is om in Atteridgeville handel te dryf nie, 'n besluit wat volgens die verslag deur die inwoners verwelkom is. Die winkels is as ongeorden en baie vuil beskryf; daar is ook beweer dat die winkels nie goed bestuur is nie, en nie oor voldoende voorrade beskik het nie. Meer slaghuise en melkerye is voorgestel. Daar is bevind dat die winkels in Bantule goedkoper as in Atteridgeville was, beter bestuur is, en oor meer voorrade beskik het.[143]

Die kommunikasie-infrastruktuur vir die inwoners van Atteridgeville het 'n poskantoor en telegraafdiens ingesluit. Soos reeds genoem, was 'n telefoonverbinding nie tot die inwoners se beskikking nie. 'n Poskantoor is eers in 1952 in Atteridgeville opgerig. In die tussentyd het die Assistent-Superintendent van Lokasies, J.S. Hardy, van Maart 1940 as posagent vir Atteridgeville

141. Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/4/14/1/2, Minutes of the Native and Asiatic Administration Committee, 6 October 1939, item 2(c): Church sites, p. 57; Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/1/1/73, Minutes of the City Council of Pretoria, 27 November 1939, item 1: Church sites: New Native Location, pp. 56-57; R.D. Coertze, Godsdiens in Atteridgeville, *in* J.F. Eloff, & R.D. Coertze (reds.), *Etnologiese studies in Suidelike Afrika*, p. 337; City Council of Pretoria, Atteridgeville — a model township near Pretoria, *South African Architectural Record*, July 1943, p. 159; Van der Waal & Associates, *Atteridgeville. Heritage route*, Atteridgeville timeline, Atteridgeville tourist attractions; M. Stals, *Fragmentation & unity. The search for the design of a 'model township'. The case of Atteridgeville, Pretoria*, M.Sc. Dissertation, Katholieke Universiteit Leuven, 1998, pp. 50, 59; M. Malan, *The black community of Pretoria, 1923-1939*, M.A. Dissertation, University of Pretoria, 1996, pp. 217-219; R.D. Coertze, *Atteridgeville. 'n Stedelike Bantoewoonbuurt*, pp. 14, 42.
142. E. Gordin, Shopping problems in the Pretoria location (*Race Relations* 12(2), 1945).
143. Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/4/14/1/1, Minutes of the Native and Asiatic Administration Committee, 16 June 1938, item 15(a): Minutes of the Native Advisory Board, p. 168; Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/4/14/1/1, Minutes of the Native and Asiatic Administration Committee, 16 January 1939, item 5: Trading on boundary of new location, p. 277; Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/4/14/1/1, Minutes of the Native and Asiatic Administration Committee, 13 June 1939, item 3(m): Church, school and business sites, p. 355; Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/4/14/1/3, Minutes of the Native and Asiatic Administration Committee, 11 February 1941, item 3(r): Bantu-Batho dairy, p. 15; Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/4/14/1/3, Minutes of the Native and Asiatic Administration Committee, 18 April 1941, item 2(2): Dairy premises, p. 62; Stadsraad van Pretoria, *Die stad Pretoria: amptelike gids*, p. 217; S.P. Engelbrecht *et al.* (compilers), *Pretoria 1855-1955. Centenary album: Pretoria's first century in illustration*, p. 110; H.P. Junod, The Bantu population of Pretoria, *in* S.P. Engelbrecht *et al.* (samestellers), *Pretoria (1855-1955): geskiedenis van die stad Pretoria*, p. 80; R.D. Coertze, Die gesinslewe in Atteridgeville, *in* J.F. Eloff, & R.D. Coertze (reds.), *Etnologiese studies in Suidelike Afrika*, p. 293; Van Der Waal & Associates, *Atteridgeville soul city: A community that can lead the African Renaissance*, 16 November 1999, p. 4; E. Gordin, Shopping problems in the Pretoria location, *Race Relations* 12(2), pp. 34-35; M. Stals, *Fragmentation & unity. The search for the design of a 'model township'. The case of Atteridgeville, Pretoria*, M.Sc. Dissertation, Katholieke Universiteit Leuven, 1998, pp. 49-50, 58; M. Malan, *The black community of Pretoria, 1923-1939*, M.A. Dissertation, University of Pretoria, 1996, pp. 159-160, 201-203; R.D. Coertze, *Atteridgeville. 'n Stedelike Bantoewoonbuurt*, pp. 14, 22, 32, 42.


© University of Pretoria

opgetree. Pos vir die inwoners van Atteridgeville sou met die bestaande busdiens vervoer word en deur sy kantoor versprei word.[144] Die daarstelling van 'n telegraafdiens as kommunikasiekanaal het ook met vertragings en onbevredigende diens gepaard gegaan. Alle telegramme vir die inwoners van Atteridgeville sou net een keer per dag deurgestuur word, wat die aard en spoed van hierdie kommunikasiemiddel ondermyn het. Die Superintendent van Lokasies, W.J. Swart, het hom en sy kantoor bewillig om die inhoude van telegramme telefonies te ontvang sodra dit in Pretoria aangekom het, en dit dan na die ontvangers daarvan te neem. Dit sou vertraging in hierdie diens uitskakel.[145]

Die oprigting van 'n polisiestasie in Atteridgeville het deel van die infrastruktuur vir openbare fasiliteite vir die handhawing van wet en orde, en vir die beskerming van die inwoners teen misdadige en kriminele elemente uitgemaak. Korrespondensie tussen die Stadsraad van Pretoria en die Distriksbevelvoerder van die Suid-Afrikaanse Polisie (SAP) het tussen Julie 1939 en Januarie 1940 plaasgevind oor die aard en finansiële verantwoordelikheid van 'n polisieteenwoordigheid in Atteridgeville.[146] Uiteindelik is besluit dat as 'n tydelike maatreël 'n driekamer-voorbeeldhuis aan die SAP verhuur sou word vir gebruik as 'n polisiestasie. Raadslid Atteridge het, ter wille van kontinuïteit, aanbeveel dat 'n swart polisiesersant en 'n swart polisiekonstabel van Marabastad na Atteridgeville oorgeplaas moes word. Hierdie polisielede was onder gesag van 'n blanke bevelvoerder. Gereelde patrollies het snags plaasvind.[147]

'n Laaste infrastruktuurkategorie wat in Atteridgeville opgerig is, handel oor strukture wat met die bestuur en administrasie van die nuwe swart stedelike woonbuurt verband hou. 'n Administrasiegebou is by die ingang tot die woonbuurt op 'n effense hoogte beplan, wat 'n uitsig oor die hele gebied sou verleen. Die oprigting van hierdie gebou is ook uitgestel en teen die einde van 1946 was daar aanduidings dat daar met die oprigting voortgegaan sou word. 'n Kantoor in die administrasiegebou sou ook as Noodhulpfasiliteit ingerig word. Daar is ook vir die bou van twee woonhuise vir blanke personeellede, onder andere vir die Superintendent van Lokasie, in Atteridgeville beplan.[148]

---

144. Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/4/14/1/2, Minutes of the Native and Asiatic Administration Committee, 12 February 1940, item 6: Temporary postal arrangements, p. 133; Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/4/14/1/2, Minutes of the Native and Asiatic Administration Committee, 19 April 1940, item 23: Temporary postal arrangements, p. 207; Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/4/14/1/4, Minutes of the Native and Asiatic Administration Committee, 17 February 1943, item 13: Telegrams addressed to Atteridgeville, p. 312; Van Der Waal & Associates, *Atteridgeville soul city: A community that can lead the African Renaissance*, 16 November 1999, p. 4.
145. Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/4/14/1/4, Minutes of the Native and Asiatic Administration Committee, 17 February 1943, item 13: Telegrams addressed to Atteridgeville, p. 312.
146. Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/4/14/1/2, Minutes of the Native and Asiatic Administration Committee, 11 August 1939, item 8: Establishment of a police station, p. 34; Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/4/14/1/2, Minutes of the Native and Asiatic Administration Committee, 25 January 1940, item 5: Temporary police station, p. 117.
147. Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/4/14/1/1, Minutes of the Native and Asiatic Administration Committee, 20 January 1938, item 3(15): Report of the Manager of the Native and Asiatic Administration Department, p. 80; Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/4/14/1/2, Minutes of the Native and Asiatic Administration Committee, 19 April 1940, item 8: Temporary police station, p. 190; City Council of Pretoria, Atteridgeville — a model township near Pretoria, *South African Architectural Record*, July 1943, pp. 159-160.
148. Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/4/14/1/1, Minutes of the Native and Asiatic Administration Committee, 20


© University of Pretoria

Dit sal hier relevant wees om aan te toon wie die munisipale amptenare was wat in hierdie administrasiegebou werksaam sou wees: "The council appointed full-time staff to advise the residents on anything from health, to sport to social activities."[149] Die Superintendent van Lokasies gedurende die verskuiwing van Marabastad na Atteridgeville was J.S. Hardy. 'n Departement van Naturelle en Asiatiese Administrasie is in 1945 deur die Munisipaliteit van Pretoria tot stand gebring onder leiding van J.R. Brent (Bestuurder) en Chris (C.W.) Prinsloo (Assistent-Bestuurder). Drie onderafdelings is voorts in Maart 1945 daargestel met drie, akademies hoogs-gekwalifiseerde, direkteure aan die hoof daarvan: S.F. Kingsley vir die oostelike gedeeltes van Pretoria, Dirk Ziervogel (Departement van Bantoestudies, Universiteit van Suid-Afrika) en Hannes (J.F.) Eloff (later van die Departement Argeologie, Universiteit van Pretoria). Hannes Eloff is in 1945 as Superintendent van Atteridgeville aangestel. In 1947 het Eloff die Bestuurder van 'n nuwe afdeling van die Naturelle en Asiatiese Administrasie Departement van die Munisipaliteit van Pretoria geword, naamlik die Welsyns- en Ontspanningsafdeling. Hierdie afdeling was verantwoordelik vir die organisasie en administrasie van alle ontspanningsaktiwiteite, asook die voorsiening van sportapparaat, wat tot voordeel van die swart stedelike bevolking in Pretoria was. Munisipale amptenare van bogenoemde departement is as sportinstrukteurs en -organiseerders aangestel om na die fisiese gesondheid van die inwoners om te sien, met sportklubs saam te werk, en wedstryde te organiseer[150] en is as "waarskynlik meer suksesvol as dié van enige stad in die land"[151] beskryf.

Inwoners van Atteridgeville was nie altyd tevrede met die optrede van die Superintendent nie, of eerder met die lokasieregulasies wat hy moes toepas nie. Daar was gereeld klagtes oor sy optrede

---

January 1938, item 3(15): Report of the Manager of the Native and Asiatic Administration Department, p. 80; Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/1/1/89, Minutes of the City Council of Pretoria, 30 September 1946, item 10: Establishment of a first-aid post at Atteridgeville by the St. John Ambulance Association, pp. 83-84; Stadsraad van Pretoria, *Die stad Pretoria: amptelike gids*, p. 217; S.P. Engelbrecht *et al.* (compilers), *Pretoria 1855-1955. Centenary album: Pretoria's first century in illustration*, p. 110; H.P. Junod, The Bantu population of Pretoria, *in* S.P. Engelbrecht *et al*. (samestellers), *Pretoria (1855-1955): geskiedenis van die stad Pretoria*, p. 81; City Council of Pretoria, Atteridgeville — a model township near Pretoria, *South African Architectural Record*, July 1943, p. 159; Pretoria City Council, Atteridgeville native township, Pretoria, *Public Works of South Africa*, April 1948, p. 27; Anon, Atteridgeville native township, Pretoria, *Municipal Affairs* 10(155), July 1948, p. 25; J.F. Eloff, *'n Volkekundige studie van aanpassing en ontwikkeling in die gesinslewe van die naturelle van Atteridgeville*, M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1952, p. 78; R.D. Coertze, *Atteridgeville. 'n Stedelike Bantoewoonbuurt*, pp. 21-22.

149. L. van Biljon, Pretoria: Genesis and the successive evolutionary layers, *Planning History. Bulletin of the International Planning History Society* 15(2), 1993, p. 40.

150. Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/1/1/76, Minutes of the City Council of Pretoria, 30 April 1941, item 8: Retirement of A.C. Lowe, Superintendent of Locations, p. 264; Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/1/1/84, Minutes of the City Council of Pretoria, 28 February 1945, item 7: Vacancies for three temporary Superintendent of Locations: Native and Asiatic Administration Department, pp. 204-205; J.E.H. Grobler, The Marabastad riot, 1942, *Contree* 32, 1992, p. 25; J. Walker, & G.M. van der Waal (compilers), *A working history of Mamelodi*, p. 8; E. Judson, A life history of J.F. Eloff, *Research by the National Cultural History Museum* 6, 1997, p. 3; C.V. Bothma, *'n Volkekundige ondersoek na die aard en ontstaansoorsake van tsotsigroepe en hulle aktiwiteite in die stedelike gebied van Pretoria*, M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1951, pp. 19-23; I.O. Marinus, Recreation for the Bantu in Pretoria, *Vigor* 2(3), June 1949, p. 52; Pretoria City Council, Atteridgeville native township, Pretoria, *Public Works of South Africa*, April 1948, p. 27; Anon, Atteridgeville native township, Pretoria, *Municipal Affairs* 10(155), July 1948, p. 25; J.F. Eloff, *'n Volkekundige studie van aanpassing en ontwikkeling in die gesinslewe van die naturelle van Atteridgeville*, M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1952, pp. 186-187, 190; Anon, Pretoria's kraal scheme, *South African Municipal Magazine* 31(364), December 1947, p. 13.

151. J.F. Eloff, *'n Volkekundige studie van aanpassing en ontwikkeling in die gesinslewe van die naturelle van Atteridgeville*, M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1952, p. 186.


© University of Pretoria

teenoor inwoners wat agterstallig was met hulle huur; substandaard buitegebou opgerig het wat dan summier afgebreek moes word; aan wie huisvesting en handelslisensies toegestaan is; en ook oor klopjagte deur die munisipale polisie onder sy beheer om oorbewoning en onwettige bierbrouery te bekamp. Tog was die oorwegende ingesteldheid dat die posisie van Superintendent nodig en noodsaaklik was om sake in die woonbuurt te bestuur. Die inwoners het verwag dat die Superintendent simpatiek na hulle klagtes sou luister; nie te besig sou wees om aan hulle probleme aandag te gee nie; en, indien nodig, hulle versoeke, klagtes, en probleme maandeliks in sy verslag aan die Stadsraad van Pretoria oor te dra.[152] Die paternalistiese verhouding tussen Superintendent en inwoners, kenmerkend van die eerste helfte van die 20ste eeu, het ook in Atteridgeville gegeld — die meeste swart inwoners het die Superintendent as hulle "vader"[153] beskou, terwyl ander hom selfs as hulle "kaptein"[154] gesien het. Die Superintendent het ook met alle ander munisipale amptenare wat dienste in Atteridgeville gelewer het, saamgewerk, en funksies gekoördineer. Hierdie amptenare was ook in staat om die Superintendent op hoogte van sake — hetsy gesondheid, oorbewoning, of ontspanningsaktiwiteite — oor die welsyn en doen en late van die inwoners te hou. Die grootste enkele probleem gedurende die eerste paar jaar van Atteridgeville se bestaan was dat Superintendente mekaar as gevolg van verplasings en bedankings vinnig opgevolg het: van 1940-1948 het ses munisipale amptenare hierdie pos in Atteridgeville beklee.[155] Dit neem gewoonlik 'n ruk voordat die Superintendent die vertroue van die inwoners wen.

## 6. Atteridgeville: Verskuiwing en behuisingstrukture

Die vestiging van swart inwoners in Atteridgeville het uit verskeie onlosmaaklike en gekoördinerende komponente bestaan, naamlik die daarstelling van die nuwe woningstrukture (met die gepaardgaande noodsaaklike dienste en infrastruktuur); die beplanning van wanneer die inwoners van die kortbuurtes (of gedeeltes daarvan) verskuif moes word en hulle onhigiëniese huisvesting terselfdertyd afgebreek moes word; die fisiese verskuiwing of "trek" na Atteridgeville; die aankoms in Atteridgeville en "ontsmetting" van die nuwe huisbewoners se besittings en huisraad; en die uiteindelike intrek in die nuwe woningstruktuur **(Kyk Bylae I: Foto's 7-11)**.

152. R.D. Coertze, *Die adviserende komiteestelsel en politieke organisasie soos aangetref in die stedelike gebied van Pretoria met besondere verwysing na toestande in Atteridgeville*, M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1958, pp. 98-102, 129-142, 307-308; R.D. Coertze, *Atteridgeville. 'n Stedelike Bantoewoonbuurt*, pp. 288-297, 302-306.
153. R.D. Coertze, *Atteridgeville. 'n Stedelike Bantoewoonbuurt*, p. 302.
154. R.D. Coertze, *Atteridgeville. 'n Stedelike Bantoewoonbuurt*, p. 302.
155. R.D. Coertze, *Die adviserende komiteestelsel en politieke organisasie soos aangetref in die stedelike gebied van Pretoria met besondere verwysing na toestande in Atteridgeville*, M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1958, pp. 98-102, 129-142, 307-308; R.D. Coertze, *Atteridgeville. 'n Stedelike Bantoewoonbuurt*, pp. 288-297, 302-306.


© University of Pretoria

Verskuiwing uit krotbuurtes

Die eerste stap in verskuiwing van die inwoners van Marabastad, Schoolplaats en Bantule na Atteridgeville is in 1937 geneem toe die destydse Minister van Naturellesake, Piet Grobler (1873-1942), die verskuiwingsvoorstel goedgekeur het. Soos reeds genoem, het die Sentrale Woningsraad op aanbeveling van die sentrale regering geweier om die koste van die verskuiwing en die kompensasie aan die inwoners deur middel van 'n subekonomiese lening te subsidieer. Die Stadsraad van Pretoria was verplig om 'n gewone/ekonomiese lening daarvoor uit te neem. Die besluit van die Stadsraad van Pretoria om bogenoemde kostes teen die Swart Inkomsterekening af te skryf, is (ten regte) deur die sentrale regering gekritiseer: dit was die Stadsraad van Pretoria se versuim om daadwerklik en konsekwent teen toestroming op te tree wat grootliks tot oorbevolking in die verskuifde gebiede aanleiding gegee het. Uiteindelik is die kompensasiebedrae uit die Algemene Inkomsterekening, en nie die Swart Inkomsterekening nie, verhaal.[156]

Daar was redelike weerstand onder sommige swart inwoners van die krotbuurtes teen die verskuiwing. Volgens burgermeester Sinclair het die Munisipaliteit van Pretoria "encountered a good deal of opposition from the more conservative residents, who were unwilling to leave Marabastad for what were then, to them, the hypothetical amenities of Atteridgeville."[157] Soos reeds genoem was J.S. Hardy die Superintendent van Lokasies gedurende die verskuiwing. Hy was skynbaar ongewild onder die swart inwoners van Marabastad. Die inwoners het hom as "diktatoriaal en onsimpatiek" teenoor hulle probleme, griewe en belange ervaar wat tot grootskaalse ontevredenheid en gegriefdheid teenoor hom (en by implikasie die Munisipaliteit en die Stadsraad van Pretoria) aanleiding gegee het. Hardy was veral ongewild as gevolg van die wyse waarop die verskuiwings na Atteridgeville beplan is en uiteindelik, skynbaar nie altyd gekoördineerd nie, plaasgevind het. Die feit dat van die inwoners se huise in Marabastad gesloop is en Hardy klaarblyklik nie dadelik aan hulle huise in Atteridgeville toegeken het nie, het hom onbetroubaar en ongenaakbaar laat voorkom.[158]

Die eerste 31 gesinne van Marabastad is van 26 tot 29 Mei 1940 na Atteridgeville verskuif met 1 Junie 1940 as okkupasiedatum. Daarna is agt gesinne per dag na Atteridgeville verskuif. Alle huisraad is voor toelating tot Atteridgeville "ontsmet". Teen Oktober 1946 is 90% van die inwoners

156. Anon, From the slums of Bantule to Saulsville, *Pretoriana* 25, December 1957, p. 27; R.D. Coertze, *Atteridgeville. 'n Stedelike Bantoewoonbuurt*, pp. 22, 40.
157. C.W. Sinclair, Success of Pretoria municipal housing scheme, *Outspan* 40(1026), 25 October 1946, p. 93.
158. Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/4/14/1/3, Minutes of the Native and Asiatic Administration Committee, 16 June 1941, item 12: Removal of residents from Marabastad to Atteridgeville, p. 117; J.E.H. Grobler, The Marabastad riot, 1942, *Contree* 32, 1992, pp. 25, 29; R. Geyer, Die Marabastadonluste van 28 Desember 1942, *Militaria* 26(1), 1996, p. 56.


© University of Pretoria

van Marabastad reeds na Atteridgeville verskuif. Ten spyte van bogenoemde gevalle van ongelukkigheid en ontevredenheid was daar geen gerapporteerde gevalle van verset of geweld tydens die verskuiwings nie en dit blyk dat stedelike swartes hulle volle samewerking tydens die proses verleen het. Die rede hiervoor kan waarskynlik geleë wees in die feit dat daar samesprekings vooraf tussen die Stadsraad van Pretoria en die Swart Adviesraad, namens die verskuifde inwoners, was om onsekerhede en bekommernisse onder inwoners te bespreek.[159]

Vergoeding van tussen £15 en £160 per huis is aan inwoners van Marabastad wat hulle huise besit het, uitbetaal, wat 10% van die waarde van ’n bepaalde woonstruktuur was. Die vergoedingsbedrag is bereken op die gemiddeld van die munisipale waardasie en die waardasie van die waardeerder wat deur perseeleienaars aangestel is. Byna al die huiseienaars in Marabastad het die vergoedingsbedrae aanvaar. ’n Bedrag is ook vir vervoeruitgawes aan inwoners van Marabastad uitbetaal.[160]

Tog moet in gedagte gehou word dat van die inwoners van Marabastad eiendomsreg op hulle huise gehad het. In Atteridgeville was daar geen eiendomsreg op die grond (erf) of die huise nie. Van die begin van Atteridgeville se ontstaan was daar herhaaldelik en voortdurend uit blanke en swart geledere versoeke dat ’n gedeelte van Atteridgeville vir ekonomiese huisvesting gereserveer moes word waar inwoners erwe kon huur en dan hulle eie huise (onderhewig aan munisipale voorskrifte) kon bou. Die Stadsraad van Pretoria het hierdie versoeke ernstig oorweeg en ’n huurkontrak is in 1942 opgestel. Twee faktore het egter veroorsaak dat hierdie skema nie gedurende die 1940’s gerealiseer het nie: die boumateriaaltekorte en prysstygings in die boubedryf as gevolg van die oorlogsituasie; en die feit dat blanke bouvakbonde oorgehaal sou moes word om in te stem dat swart

---

159 Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/4/14/1/1, Minutes of the Native and Asiatic Administration Committee, 9 February 1939, item 7: Memorandum on the establishment of the new location, p. 284;Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/4/14/1/2, Minutes of the Native and Asiatic Administration Committee, 25 January1940, item 2: Removal of the first batch of natives, p. 320; Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/4/14/1/2, Minutes of the Native and Asiatic Administration Committee, 14 May 1940, item 3: Minutes of Native Advisory Board, p. 224; Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/1/1/74, Minutes of the City Council of Pretoria, 27 June 1940, item 1: Removal of first native families to Atteridgeville, pp. 217-218; Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/4/14/1/2, Minutes of the Native and Asiatic Administration Committee, 9 December 1940, item 2(e): Report of the Native and Asiatic Administration Committee, p. 355; Van der Waal & Associates, *Atteridgeville. Heritage route*, Atteridgeville timeline; Guiding SA, 2022, Atteridgeville, https://guidingsa.com/gp-cities-and-towns/atteridgeville, access: 12 August 2023; L. Ramphele, 18 March 2015, The community of Atteridgeville wants to honour Mrs. Patricia Atteridge, https://www.702.co.za/articles/2155/the-community-of-atteridgeville-wants-to-honour-mrs-patricia-atteridge, access: 12 August 2023;_C.W. Sinclair, Success of Pretoria municipal housing scheme, *Outspan* 40(1026), 25 October 1946, p. 93; J.F. Eloff, *’n Volkekundige studie van aanpassing en ontwikkeling in die gesinslewe van die naturelle van Atteridgeville*, M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1952, p. 79; R.D. Coertze, *Atteridgeville. ’n Stedelike Bantoewoonbuurt*, pp. 17-18, 40-41; M. Malan, *The black community of Pretoria, 1923-1939*, M.A. Dissertation, University of Pretoria, 1996, p. 53.

160. Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/4/14/1/1, Minutes of the Native and Asiatic Administration Committee, 12 May 1939, item 3: Compensation, p. 320; Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/1/1/75, Minutes of the City Council of Pretoria, 30 September 1940, item 2: Question of payment of compensation to owner-occupiers removed from Marabastad, pp. 161-162;Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/4/14/1/2, Minutes of the Native and Asiatic Administration Committee, 13 November 1940, item 2(R), p. 340; Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/4/14/1/4, Minutes of the Native and Asiatic Administration Committee, 17 August 1942, item 2(T), p. 174; C.W. Sinclair, Success of Pretoria municipal housing scheme, *Outspan* 40(1026), 25 October 1946, p. 93; T.J. Chiloane, *The establishment of black settlement areas in and around Pretoria with special reference to Mamelodi, 1900-1970*, M.A. Dissertation, Rand Afrikaans University, 1990, p. 98.


© University of Pretoria

en kleurlingbouers, -vakmanne en -kontrakteurs vir die skema gebruik kon word.[161]

Behuisingstrukture

Voordat die huisvesting finaal ontwerp en op boumateriaal besluit is, is ’n aantal toets- of voorbeeldhuise in April 1938 opgerig waar die voorlopige planne gebruik is en van ’n verskeidenheid boumateriaal gebruik gemaak is om die beste kwaliteit teen die minimumkoste te verseker. Op grond hiervan is die finale beplanning en ontwerp gedoen. Twee soorte huise — enkel- en skakelhuise — met tussen twee en vyf kamers elk, asook ’n badkamer en kombuis, is vir Atteridgeville deur die argitek J.J. de Jong ontwerp en in twee groepe gebou: tweekamer-skakelhuise, driekamer-skakelhuise, driekamerhuise, vierkamerhuise, en vyfkamerhuise, met voorstoepe vir alle huise **(Kyk Bylaag II: Huisplanne 1 tot 9)**. Daar is in Junie 1939 met bouwerk aan die huise in Atteridgeville begin. Hierdie huise is gebou van harde steen met assementvloere, staalraamvensters, gespitste sinkdakke met ’n dakraamwerk van hout en ’n baksteenskoorsteen, en binnenshuise spoelriolering, stort-,/bad- (Groep II) en wasgoedwasgeriewe, asook stoor-/spensgeriewe (Groep II). Die binnemure, met (beoogde) sement- of kalkafwerking, is net plafonhoogte gebou (Groep I), maar geen plafonne is ingesit nie. Twee staltipe-houtbuitedeure is voorsien, maar geen binnedeure nie. Elke huis is van water, elektrisiteit vir beligting en kragpunte, en van ’n Dover nommer 7-koolstoof voorsien. Instandhouding is deur die Munisipaliteit volgens ’n jaarliks-begrote bedrag gedoen. Instandhouding het verf van al die dakke, die deeglike skoonmaak van die huise, en die bespuiting van huise twee maal per jaar teen plae ingesluit.[162]

Die Sentrale Woningsraad het in reaksie op die beperking van boumateriaalinvoere van hout en sinkplate, waarna reeds vroeër verwys is, in Junie 1943 voorbeeldplanne met foto’s van

---

161. Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/1/1/78, Minutes of the City Council of Pretoria, 27 February 1942, item 1: Notarial contract of lease: The proposed native village at Atteridgeville, pp. 86-87; C.V. Bothma, *’n Volkekundige ondersoek na die aard en ontstaansoorsake van tsotsigroepe en hulle aktiwiteite in die stedelike gebied van Pretoria*, M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1951, p. 9; R.D. Coertze, *Atteridgeville. ’n Stedelike Bantoewoonbuurt*, p. 17.

162. Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/4/14/1/1, Minutes of the Native and Asiatic Administration Committee, 13 October 1937, item E, p. 32; Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 3/4/1645, Correspondence File 125/4: New Native Location lay-out: Plan and plans of dwelling; Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/1/1/75, Minutes of the City Council of Pretoria, 29 November 1940, item 1: Installation of plugs in houses at Atteridgeville for electric appliances, p. 38; H.P. Junod, The Bantu population of Pretoria, *in* S.P. Engelbrecht *et al.* (samestellers), *Pretoria (1855-1955): geskiedenis van die stad Pretoria*, p. 79; Stadsraad van Pretoria, *Die stad Pretoria: amptelike gids*, p. 217; R.D. Coertze, Die gesinslewe in Atteridgeville, *in* J.F. Eloff, & R.D. Coertze (reds.), *Etnologiese studies in Suidelike Afrika*, p. 293; D. van Eeden, *Die invloed van slegte behuising op die gesondheid van die Bantoebevolking in sekere Transvaalse gebiede*, M.Sc.-verhandeling, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, 1955, p. 13; M.J. Louw, *’n Geografiese studie van funksionele differensiasie in die metropolitaanse gebied van Pretoria*, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Suid-Afrika, 1964, p. 242; City Council of Pretoria, Atteridgeville — a model township near Pretoria*, South African Architectural Record*, July 1943, pp. 159-162; Pretoria City Council, Atteridgeville native township, Pretoria, *Public Works of South Africa*, April 1948, p. 27; Anon, Atteridgeville native township, Pretoria, *Municipal Affairs* 10(155), July 1948, p. 25; M. Stals, *Fragmentation & unity. The search for the design of a ‘model township’. The case of Atteridgeville, Pretoria*, M.Sc. Dissertation, Katholieke Universiteit Leuven, 1998, pp. 51-56; J.F. Eloff, *’n Volkekundige studie van aanpassing en ontwikkeling in die gesinslewe van die naturelle van Atteridgeville*, M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1952, pp. 77, 129-133; R.D. Coertze, *Atteridgeville. ’n Stedelike Bantoewoonbuurt*, pp. 12-13, 15, 19-20, 142; N. Mokgatle, *The autobiography of an unknown South African*, p. 220.



© University of Pretoria

eksperimentele huise bekendgestel. Van hierdie huise is in Atteridgeville opgerig, het uit drie vertrekke bestaan, en hout en sinkplaat is met betonbalke in die dakkonstruksie en asbesplate vir deure vervang. Die vervangingsmateriaal het tot verbeterde temperatuurregulering aanleiding gegee: warmer in die winter en koeler in die somer. Daar is ook aangevoer dat dit tot interessante variasie en selfs kleurafwisseling aanleiding sou gee indien hierdie huise tussen die ander, eenderse, huise opgerig sou word.[163]

Die huise is in twee groepe opgerig: die eerste groep van 980 huise is van 1940-1943 gebou, en die tweede groep van 553 huise is van 1945-1950 gebou.[164] Die impak van die Tweede Wêreldoorlog op die boubedryf en boumateriaalbenodigdhede kan duidelik uit bogenoemde gesien word, en dan spesifiek die opskorting van boubedrywighede gedurende die laaste jare van die oorlog.

Die erwe/persele was reghoekig in vorm en was tussen 40 tot 50 voet by 80 tot 90 voet, met ander woorde tussen 12.192 meter tot 15.24 meter by 24.384 meter tot 27.432 meter ($297m^2$ tot $418m^2$) in oppervlakte. Alle erwe is met draad omhein en die Munisipaliteit van Pretoria het tuinmaak deur die swart inwoners van Atteridgeville aangemoedig met positiewe gevolge, veral omdat aanvanklike hulp aan die inwoners verleen is. Elke huisgesin het twee vrugtebome van die Stadsraad van Pretoria ontvang; baie inwoners het blomme en groente in hulle tuine aangeplant, en ook potplante aangehou **(Kyk Bylaag I: Foto's 12 en 13)**. Gereelde inspeksies is gedoen om te verseker dat huise en erwe skoongehou word, veral waar die inwoners hoenderhokke opgerig het en dit nie aan munisipale gesondheidsregulasies voldoen het nie.[165]

Aanvanklik is net vir behuisingstrukture vir gesinne beplan en daarmee begin. Daar was egter met

---

163. Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/4/14/1/4, Minutes of the Native and Asiatic Administration Committee, 14 November 1941, item 5: Roofing of houses at present under construction at Atteridgeville, pp. 10-12; Anon, The Central Housing Board, *South African Architectural Record*, June 1943, p. 134; City Council of Pretoria, Atteridgeville — a model township near Pretoria, *South African Architectural Record*, July 1943, p. 162; R.D. Coertze, *Atteridgeville. 'n Stedelike Bantoewoonbuurt*, p. 20.
164. M. Stals, *Fragmentation & unity. The search for the design of a 'model township'. The case of Atteridgeville, Pretoria*, M.Sc. Dissertation, Katholieke Universiteit Leuven, 1998, p. 51; R.D. Coertze, *Atteridgeville. 'n Stedelike Bantoewoonbuurt*, p. 19.
165. Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/4/14/1/1, Minutes of the Native and Asiatic Administration Committee, 9 September 1937, item 2: Report of the Manager of the Native and Asiatic Administration Department, p. 26; Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/4/14/1/1, Minutes of the Native and Asiatic Administration Committee, 9 September 1937, item 11, pp. 32-34; Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/1/1/74, Minutes of the City Council of Pretoria, 30 April 1940, item 6: Contract no. 712: Supply and erection of fencing for New Native Location housing scheme, pp. 60-62; Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/1/1/74, Minutes of the City Council of Pretoria, 23 July 1940, item 13: Supply of fruit trees: Sub-economic houses at New Native Location, p. 288; Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/1/1/76, Minutes of the City Council of Pretoria, 30 April 1941, item 3: Erection of fowl runs at Atteridgeville, pp. 260-261; Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/1/1/88, Minutes of the City Council of Pretoria, 30 August 1946, item 1: Provision of fowl runs and coal boxes in Atteridgeville, p. 494; D. van Eeden, *Die invloed van slegte behuising op die gesondheid van die Bantoebevolking in sekere Transvaalse gebiede*, M.Sc.-verhandeling, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, 1955, p. 13; P.H. Connell, *Sub-economic housing practice in South Africa*, p. 24; City Council of Pretoria, Atteridgeville — a model township near Pretoria, *South African Architectural Record*, July 1943, p. 159; M. Stals, *Fragmentation & unity. The search for the design of a 'model township'. The case of Atteridgeville, Pretoria*, M.Sc. Dissertation, Katholieke Universiteit Leuven, 1998, pp. 48, 56, 62; J.F. Eloff, *'n Volkekundige studie van aanpassing en ontwikkeling in die gesinslewe van die naturelle van Atteridgeville*, M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1952, p. 77; R.D. Coertze, *Atteridgeville. 'n Stedelike Bantoewoonbuurt*, pp. 13, 41, 142.


© University of Pretoria

gereelde tussenposes besprekings oor 'n behuisingskema (hostel) vir enkellopendes, wat afgeskei van die gesinswonings opgerig sou word. Dit het nie gedurende die 1940's gerealiseer nie. Enkellopende swartes is as 'n tydelike maatreël van 1942 af in 50 driekamerhuise geakkommodeer.[166]

Die bevolkingsdigtheid in Atteridgeville het, as gevolg van subverhuring (ten einde die huurgeld by te bring en ekonomies te oorleef), van 5.20 persone per huis in 1943 tot 7.04 persone per huis in 1947 toegeneem. Hierdie digtheidsituasie het aan oorbevolking gegrens en was die gevolg van 'n gebrek aan streng toelatingsbeheer. Na 'n sensusopname in Julie 1946, is baie strenger beheer oor veral die toelating van loseerders uitgeoefen om oorbevolking in bedwang te hou. Teen die middel van 1948 het Atteridgeville, volgens munisipale statistiek, 8 957 inwoners in die 1553 subekonomiese munisipale huise gehuisves.[167]

'n Laaste aspek wat ondersoek vereis, is die bekostigbaarheid van huisvesting in Atteridgeville. Die huishuur vir die huise in Atteridgeville is ingevolge Administrateurskennisgewing 184 van 17 April 1940 (Groep I-huise),[168] soos gewysig deur Administrateurskennisgewing 398 van 4 Oktober 1944 (Groep II-huise),[169] vasgestel. Die huurgeld per huis is gedurende die 1940's op die volgende bedrae per maand vir die eerste groep huise vasgestel: tweekamer-skakelhuise = £0.18.0.; driekamer-skakelhuise = £1.3.0.; driekamerhuise = £1.5.6.; vierkamerhuise = £1.8.0.; en vyfkamerhuise = £1.13.6. Die Groep II-huise se huishuur was £0.8.0. per maand per huistipe hoër.[170]

Die burgemeester van Pretoria het klaarblyklik in 1944 'n onderneming aan die inwoners van

---

166. Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/4/14/1/2, Minutes of the Native and Asiatic Administration Committee, 6 October 1939, item 9(a): Report of the sub-committee, p. 65; Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/1/1/77, Minutes of the City Council of Pretoria, 26 November 1941, item 4: Proposed erection of native hostel, pp. 407-408; Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/1/1/78, Minutes of the City Council of Pretoria, 29 May 1942, items 1 & 3: Furnishing of 50 3-roomed sub-economic houses at Atteridgeville for use as temporary bachelor quarters, pp. 296-298; City Council of Pretoria, Atteridgeville — a model township near Pretoria, *South African Architectural Record*, July 1943, p. 162; M. Stals, *Fragmentation & unity. The search for the design of a 'model township'. The case of Atteridgeville, Pretoria*, M.Sc. Dissertation, Katholieke Universiteit Leuven, 1998, p. 60.
167. M. Stals, *Fragmentation & unity. The search for the design of a 'model township'. The case of Atteridgeville, Pretoria*, M.Sc. Dissertation, Katholieke Universiteit Leuven, 1998, p. 60; R.D. Coertze, *Atteridgeville. 'n Stedelike Bantoewoonbuurt*, pp. 41-42; Pretoria City Council, Atteridgeville native township, Pretoria, *Public Works of South Africa*, April 1948, p. 23; Anon, Atteridgeville native township, Pretoria, *Municipal Affairs* 10(155), July 1948, p. 23.
168. R.D. Coertze, *Atteridgeville. 'n Stedelike Bantoewoonbuurt*, p. 33.
169. R.D. Coertze, *Atteridgeville. 'n Stedelike Bantoewoonbuurt*, p. 33.
170. Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/4/14/1/1, Minutes of the Native and Asiatic Administration Committee, 12 May 1939, item 4: Question of rental of houses: New Native Location, pp. 337-338; Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/4/14/1/2, Minutes of the Native and Asiatic Administration Committee, 19 April 1940, item 29: Transport services, p. 211;Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/4/14/1/3, Minutes of the Native and Asiatic Administration Committee, 16 October 1941, item 1B: Housing, pp. 196-199; J.F. Eloff, *'n Volkekundige studie van aanpassing en ontwikkeling in die gesinslewe van die naturelle van Atteridgeville*, M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1952, p. 130; R.D. Coertze, *Atteridgeville. 'n Stedelike Bantoewoonbuurt*, p. 33; City Council of Pretoria, Atteridgeville — a model township near Pretoria, *South African Architectural Record*, July 1943, p. 162; R.P.A. Dauskardt, Local state, segregation and transport provision: The Atteridgeville bus boycott, 1947, *The South African Geographical Journal* 71(2), September 1989, pp. 110-111; U.G. 31-1944: Union of South Africa, *Report of the commission appointed to enquire into the operation of bus services for non-Europeans on the Witwatersrand and the districts of Pretoria and Vereeniging*, para. 82, pp. 3-4; Pretoria City Council, Atteridgeville native township, Pretoria, *Public Works of South Africa*, April 1948, pp. 27-28; Anon, Atteridgeville native township, Pretoria, *Municipal Affairs* 10(155), July 1948, p. 27.


© University of Pretoria

Atteridgeville gegee dat uitgawes aan huur en vervoer nie £1 per maand sou oorskry nie.[171] Hierdie onderneming is egter deur die Beardmore-kommissie as vals bewys deurdat verteenwoordigers van die Munisipaliteit geen kennis daarvan gedra het nie, en ook geen bewys daarvan in Stadsraadsbesluite opgespoor kon word nie.[172] Soos reeds vroeër in die hoofstuk aangedui is, het die Beardmore-kommissie se intensiewe ontleding in 1944 van die inkomstes en uitgawes van die inwoners van Atteridgeville bevind dat indien die kleinste huis gehuur word, die huishuur en vervoer 17,14% van die inkomste van die gemiddelde swart gesin van vyf lede in Atteridgeville sou beloop. Indien 'n driekamer-skakelhuis gehuur is, sou die uitgawes aan huur en vervoer tot 19.80% van so 'n gesin se inkomste verhoog. Wat blanke amptenare as 'n "very nominal rent, which includes light and water" [173] kon beskou het, was waarskynlik nie die ervaring van die gemiddelde swart inwoners van Atteridgeville nie. Die subverhuring van kamers, met die gepaardgaande oorbevolking, kan moontlik as die meer realistiese aanduiding beskou word dat die huurgeld (en vervoer) 'n swaar (té swaar?) ekonomiese las vir stedelike swart inwoners van die model swart woonbuurt van Atteridgeville was.

## 7. Slot

Die geskiedenis en ontwikkeling van dorps- en stadsbeplanning in Suid-Afrika, met die gepaardgaande Europese en Amerikaanse beïnvloeding, en die navolging van modernistiese tendense het die stedelike landskap en uitleg gedurende die eerste helfte van die 20ste eeu grootliks verander. Hierdie verandering het filosofies-teoretiese beginsels vir ordelike woonbuurtontwikkeling daargestel en in die praktiese realiteit van beplanning, sonering en woonbuurtuitleg neerslag gevind. Dit was veral die idees rondom beheer wat in 'n meesterplan (die "model") tot uiting gekom het wat regerings en amptenare geïnspireer en moed gegee het om die wanordelike en onhigiëniese werkerklaswoonbuurtes chirurgies te verwyder en beter (die beste?) woonbuurtes te beplan, te ontwerp en uit te lê.

Sekere stadsbeplanningsbeginsels aan die orde gedurende die eerste helfte van die 20ste eeu is op model swart woonbuurtes toegepas, en die neerslag daarvan was tot 'n groot mate in die beplanning, ontwerp en uitleg van Atteridgeville sigbaar. Die sonerings- of rasseskeidingsbeginsel was beslis ter sprake en het polities vir veral die blanke inwoners van Pretoria sin gemaak, al het dit 'n enorme finansiële las op die blanke belastingbetalers en die Stadsraad van Pretoria geplaas. Ongelukkig het

171. R.P.A. Dauskardt, Local state, segregation and transport provision: The Atteridgeville bus boycott, 1947, *The South African Geographical Journal* 71(2), September 1989, p. 110.
172. U.G. 31-1944: Union of South Africa, *Report of the commission appointed to enquire into the operation of bus services for non-Europeans on the Witwatersrand and the districts of Pretoria and Vereeniging*, para. 82, pp. 3-4.
173. C.W. Sinclair, Success of Pretoria municipal housing scheme, *Outspan* 40(1026), 25 October 1946, p. 93.



© University of Pretoria

die skeidingsbeginsel die beginsel dat woon- en werkplek van stedelike swartes redelik na aan mekaar moes gewees het om die las (vermorsing?) van tyd en geld op stedelike werkers te voorkom, teengewerk. Die humanitêre aanslag in moderne stadsbeplanning en die doel om ’n menswaardige stedelike bestaan vir die swart werkersklas daar te stel, is wel aan voldoen indien ’n mens dit met die vorige krotbuurttoestande vergelyk. Tog het die inwoners van Atteridgeville baie selde die vryheid gehad om keuses uit te oefen oor waar en hoe hulle ’n menswaardige bestaan sou wou voer. Die beklemtoning en toepassing van die modernistiese tegnies-wetenskaplike benadering is beslis in die beplanning van Atteridgeville sigbaar. Wetenskaplike ondersoeke is geloods, ander bouskemas is besoek, toetshuise is opgerig, en daar is met boumateriaal geëksperimenteer. Die beginsels van bekostigbaarheid en tegniese effektiwiteit het, ten spyte van die moeilike oorlogsituasie, die botoon gevoer.

Argitektoniese of ontwerpbeginsels wat gedurende die 1930’s en 1940’s teoreties vir model swart woonbuurtes neergelê is, het merendeels in Atteridgeville visueel tot uiting gekom. Daar is met kostebesparing, effektiwiteit en inwonersbehoeftes in gedagte die meeste van die beskikbare (en bekostigbare) ruimte gemaak. Die grootte en uitleg van huise het vir ruimte- en behoeftevariasies voorsiening gemaak. Wat twee aspekte betref, het die ontwerp van Atteridgeville positief van die norm afgewyk. Eerstens is die huisplanne deur ’n argitek (J.J. de Jong) en nie deur ’n stadsingenieur geteken of ontwerp nie. Tweedens het die uitleg van Atteridgeville nie die gebruiklike en saai roosteruitleg gevolg nie, maar ’n radiale patroonuitleg. Die rede daarvoor was waarskynlik eerder in die praktiese realiteit van die terreinkontoere geleë as in ’n daadwerklike afwyking van die norm.

’n Vraag wat steeds in die agtergrond figureer en op ’n antwoord aandring, is hoe perfek of volmaak was die model swart woonbuurt wat teoreties geïdealiseer en gevisualiseer, en in die daarstelling van Atteridgeville prakties tot uitvoer gekom het? Vervolgens sal hierdie vraag in die slothoofstuk aan die hand van tydgenootlike kriteria en uitsprake gemeet, beoordeel en geëvalueer word. ’n Slotbesinning oor die konsep van “model native townships” in Suid-Afrika as die “toppunt van perfeksie” sal ook aangebied word.


© University of Pretoria

## VII HOE "PERFEK" WAS DIE "MODEL"? ATTERIDGEVILLE GEMEET AAN TYDGENOOTLIKE STANDAARDE VIR 'N "MODEL NATIVE TOWNSHIP"

Ten aanvang van hierdie proefskrif is die navorsingsoogmerk onomwonde gestel dat die verskynsel van "model native townships" in Suid-Afrika gedurende die eerste helfte van die 20ste eeu, met Atteridgeville as gevallestudie, op 'n veelvlakkige, genuanseerde en gebalanseerde wyse ondersoek, vergelyk, en uiteindelik histories-gekontekstualiseerd en -gekonseptualiseerd geëvalueer sal word. Dié vergelyking, evaluering en waarde-oordeel sal in hierdie hoofstuk aan die hand van tydgenootlike en eietydse tegnies-wetenskaplike kriteria plaasvind. Hierdie kriteria sal hoofsaaklik op die fisiese en meetbare (kwantitatiewe) eienskappe en praktiese vergestalting van die model swart stedelike woonbuurt fokus. Vir 'n historiese waarde-oordeel is dit egter noodsaaklik om bykomende nuutsgeskepte evalueringskriteria daar te stel en aan te wend om die denkrigtings, ideologieë, kragte, prosesse en tendense wat onderliggend, en dikwels onbewustelik, aan die werk was, en die fisiese vergestalting van die model swart stedelike woonbuurt onderlê het, in die evalueringsproses in ag te neem. Hierdie aspekte kan as die kwalitatiewe, dikwels onmeetbare, dog uiters relevante en betekenisvolle beïnvloedingsfaktore beskryf word.

Alvorens bogenoemde twee kategorieë van evalueringskriteria beskryf en toegepas kan word, is dit voorts noodsaaklik om die spesifieke aspekte wat nie in hierdie hoofstuk geëvalueer en vergelyk kan en sal word nie, aan te toon om sodoende dit wat wel ondersoek en geëvalueer gaan word, presies te begrens. Die rede hiervoor is dat daar 'n groot aantal evaluerings- en vergelykingsmoontlikhede in die bestudering van model swart stedelike woonbuurtes geïdentifiseer kan word. Evalueringsmoontlikhede wat beslis verdere ondersoek, vergelyking en evaluering regverdig, maar buite die begrensing van hierdie hoofstuk (en proefskrif) val, is onder meer die volgende: 'n gedetailleerde ondersoek na die daarstelling deur die Stadsraad van Pretoria van Danville en Atteridgeville as onderskeidelik 'n blanke en swart modelwoonbuurt vir die arm werkersklas in Pretoria gedurende die 1930's en 1940's;[1] vergelykende navorsing oor Bantule as 'n model swart woonbuurt van die 1920's[2] (en modelkrotbuurt in die 1930's)[3] en Atteridgeville as 'n model swart woonbuurt van die 1930'en 1940's,[4] beide daargestel deur die Stadsraad van Pretoria; 'n vergelykende studie van twee model swart woonbuurtes wat onderskeidelik deur die Stadsrade van Port Elizabeth

1. City Council of Pretoria, Proclamation Hill township — a European sub-economic housing scheme, *South African Architectural Record*, July 1943, pp. 163-166; C.W. Sinclair, Success of Pretoria municipal housing scheme, *Outspan* 40(1026), 25 October 1946, pp. 13, 15, 93.
2. F.J. Nöthling, Behuisingskemas vir gekleurdes in Pretoria, 1900-1924, *Contree* 8, Januarie 1980, pp. 24-31.
3. Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/1/1/84, Minutes of the City Council of Pretoria, item 1: Report of the Superintendent, Bantule location: 31 March 1945, pp. 384-387.
4. City Council of Pretoria, Atteridgeville — a model township near Pretoria, *South African Architectural Record*, July 1943, pp. 159-162; M. Stals, *Fragmentation & unity. The search for the design of a 'model township'. The case of Atteridgeville, Pretoria* (M.Sc. Dissertation, Katholieke Universiteit Leuven, 1998).


© University of Pretoria

(McNamee Model Native Village, New Brighton)[5] en Pretoria (Atteridgeville) gedurende die 1930's en 1940's opgerig is; en 'n vergelykende ontleding aan die hand van stadsbeplannings- en argitektoniese kriteria, onderskeidelik van die 1940's en die 1950's, van Atteridgeville en Kwa-Thema wat beide as "model" en "properly planned" swart woonbuurtes in hulle onderskeie tydperke beskryf en geïdealiseer is.[6] Bogenoemde evalueringsaspekte en modelwoonbuurtes sal wel in die evaluering van Atteridgeville genoem word, en selektiewe vergelykings met hierdie aspekte en woonbuurtes sal gemaak word; die soeklig sal egter gedetailleerd op Atteridgeville val.

Die historiese beskrywing van swart woonbuurtes in "model"-terme moet eweneens nagespeur word ten einde Atteridgeville binne die relevante historiese fase te evalueer. Dit blyk dat drie duidelike beskrywingsfases onderskei kan word. Die eerste fase kan as die Bloemfontein-fase beskryf word; dan volg die kreatiewe, innoverende, en selfs idealisties-entoesiastiese, modernistiese fase; en laastens kan die rigiede, tegnies-resepmatige, en intens-wetenskaplik-nagevorsde apartheidsfase onderskei word. Die Bloemfontein-fase kan na die einde van die 19de en die begin van die 20ste eeu teruggevoer word. Reeds in 1892, in die 1920's, en selfs tot in die 1930's is daar na swart woonbuurtes in Bloemfontein, veral die swart woonbuurt van Batho, wat in 1918 tot stand gekom het, as "model locations" verwys.[7] Met die oprigting van verdere huise deur die Stadsraad van Pretoria in Bantule van September 1922 tot Junie 1923 is by implikasie na Bantule as Pretoria se eerste "modellokasie" verwys. Die nuwe wonings is as 'n "'picture of beauty' [beskryf] terwyl 'n selfvoldane [S]tadsraad geglo het dat dit die begin van 'n spogbuurt was wat dié van Bloemfontein nog na die kroon sou steek".[8] Die tweede fase het waarskynlik in 1931, na die aanvaarding van die *Transvaal Woonbuurt en Stadsbeplanning Ordinansie* van 1931,[9] 'n aanvang geneem. Daar is enkele

5. A. Schauder, A social and housing policy for the urban Bantu. Being an address delivered to the Annual Congress of Native Advisory Boards of the Union of South Africa, at Port Elizabeth, December 1949, with supplementary technical data furnished by City Engineer, Port Elizabeth (Port Elizabeth, 1949); A. Schauder, Generous housing for South Africa's natives (*Optima* 3(4), December 1953); A. Schauder, Generous housing for South Africa's natives (*Lantern*, April 1954); A. Schauder, Eliminating South Africa's native slums (*Optima* 6(4), 1956); E.M. Holland, An experiment in slum clearance (*Race Relations* 7(4), November 1940); J.P. McNamee, Slum elimination pays handsome dividends. Some experiences in Port Elizabeth (*Municipal Magazine* 23, January 1940); G. Begg, The municipality of the city of Port Elizabeth: The design of dwellings and layout of townships for sub-economic housing (*South African Architectural Record*. July1943).
6. M. Stals, *Fragmentation & unity. The search for the design of a 'model township'. The case of Atteridgeville, Pretoria* (M.Sc. Dissertation, Katholieke Universiteit Leuven, 1998); A.C. Steenkamp, *Space, power and the body — the civil and uncivil as represented in the Voortrekker Monument and the Native Township Model* (PhD. Thesis, Technical University of Delft, 2008); D.M. Calderwood, Native housing, *South African Annual Review: A social and economic survey of the Union year 1953* 1(1), January 1953, pp. 37-42; D.M. Calderwood, *Native housing in South Africa*, D.Arch. Thesis, University of the Witwatersrand, 1953, pp. 135-138, 179-189.
7. D. du Bruyn, *Gardens, gardening culture and the development of a semi-vernacular garden style in Batho, Mangaung, 1918-1939*, DPhil. Thesis, University of the Free State, 2018, pp. 301-302; C. le Roux, J.R. Cooper as township manager of Mangaung at Bloemfontein 1923-1945, *Navorsinge van die Nasionale Museum Bloemfontein* 26(1), December 2010, p. 42; D. du Bruyn & M. Oelofse, "A hygienic native township shall be developed": The founding and development of Batho as Bloemfontein's "model location" (c.1918-1939), *Historia* 64(2), November 2019, pp. 47, 49-50, 60, 70-73.
8. F.J. Nöthling, Behuisingskemas vir gekleurdes in Pretoria, 1900-1924, *Contree* 8, Januarie 1980, p. 30.
Kyk ook M. Friedman, *A history of Africans in Pretoria with special reference to Marabastad, 1902-1923*, M.A. Dissertation, University of South Africa, 1994, pp. 134-135: notules van die Stadsraad van Pretoria verwys reeds in 1912 na die daarstelling van 'n "model location" toe die aanvanklike beplanning vir Bantule gedoen is.
9. Transvaalse Provinsiale Administrasie, *Transvaal Woonbuurt en Stadsbeplanning Ordinansie (Ordinansie 11 van 1931)* (Pretoria, 1931). **Kyk Hoofstuk VI.**


© University of Pretoria

verwysings na 'n "model native township" wat in 1931 deur die argitekte Kallenbach, Kennedy en Furner ontwerp is. Hulle ontwerp vir 'n nuwe swart dorpsgebied (op daardie stadium 'n uitbreiding van Klipspruit/Pimville, later Orlando genoem) het die eerste landswye kompetisie vir sodanige ontwerp, wat deur die Stadsraad van Johannesburg uitgeskryf is, gewen. Hierdie ontwerp was baie idealisties met 'n radiale uitlegpatroon, atomistiese grondverdeling en -benutting, pleine, parke, en strate wat al hierdie aspekte verbind het. Dit is beslis uit 'n Westerse oogpunt ontwerp, aangesien die belangrike verbindingsrol van strate in die uitleg grootliks irrelevant vir stedelike swartes sonder motors was. In hierdie fase het Roy Kantorowich (1917-1996) ook die ontwerp van die hipotetiese "model native township for 20 000 inhabitants" in 1938 bekendgestel.[10] Hierdie was die fase toe stadsbeplanners en argitekte aktief by die ontwerp van woonbuurte, ook swart stedelike woonbuurtes, betrokke geraak het. Die model swart woonbuurtes van McNamee (Port Elizabeth) en Atteridgeville vorm histories deel van hierdie fase. Die derde en laaste fase kan na die einde van 1940's en die 1950's teruggevoer word met die totstandkoming van die NBNI van die WNNR. Grootskaalse tegniese navorsing[11] oor die daarstelling van minimumstandaarde vir swart stedelike behuising; oor die laagste moontlike koste; en oor die mees effektiewe boumetodes vir swart stedelike behuising vorm deel van hierdie apartheidsfase. Die hoogtepunt van die model swart woonbuurt-eksperiment is prakties in die bou van die voorbeeld- en vertoonwoonbuurt van Kwa-Thema in Springs (1950-1954)[12] vergestalt.

'n Laaste aspek wat hier ter inleiding neergestip moet word, is dat die evalueringsgrondslag van Atteridgeville gefokus sal wees op die aanname dat Atteridgeville ***'n*** model swart woonbuurt van die onderhawige tydperk was, en nie ***die*** model swart woonbuurt nie, laasgenoemde kwalifisering is bykans onmoontlik om te maak en te bewys.

Die reeds-genoemde twee kategorieë van evalueringskriteria sal vervolgens gedetailleerd geïdentifiseer, bespreek en verduidelik word. Die evalueringsuitsprake van historiese navorsers (eietyds en hedendaags); munisipale amptenare en ander blankes werksaam onder stedelike swartes;

---

10. M.C. Oranje, *The language game of South African urban and regional planning: A cognitive mapping from the past into the future*, PhD. Thesis, University of Pretoria, 1997, p. 50; G.M. van der Waal, *Van mynkamp tot metropolis. Die boukuns van Johannesburg 1886-1940*, pp. 152, 164, 171; Southern African Built Environment, 2023, Artefacts: Model Native Township, https://www.artefacts.co.za/main/buildings, access: 8 August 2023; C.M. Chipkin, Preparing for apartheid: Pretoria and Johannesburg, *in* R.C. Fisher *et al.* (eds), *Architecture of the Transvaal*, p. 156; R. Kantorowich, A model native township for 20 000 inhabitants, *in* The South African Architectural Record, *Townplanning. Proceedings of a congress devoted to townplanning*, pp. 73-84, 102-105; P.B. Rich, Administrative ideology, urban social control and the origins of apartheid theory, 1930-1939, *Journal of African Studies* 7(2), Summer 1980, p. 78; P.H. Connell *et al.*, *Native housing: A collective thesis*, pp. 39-49, 94-101.
11. Hier moet verwys word na die saambring van hierdie navorsing in 'n 5cm-dik rooi bundel — *Research studies on the costs of urban Bantu housing* — met oor die 800 bladsye van navorsingsresultate, wat in 1954 deur die NBNI van die WNNR uitgegee, en onder munisipale amptenare vir verwysing en toepassing versprei is.
12. A.C. Steenkamp, *Space, power and the body — the civil and uncivil as represented in the Voortrekker Monument and the Native Township Model*, PhD. Thesis, Technical University of Delft, 2008, pp. 2-3, 156-157.


© University of Pretoria

en die professionele uitsprake van eietydse en hedendaagse argitekte en stadsbeplanners sal aangehaal en ontleed word. Waar enkele uitsprake en herinneringe van tydgenootlike inwoners nagespoor kon word, sal dit ook as evalueringsbewyse aangehaal en ontleed word.

Twee oorkoepelende evalueringsvrae, wat dus op antwoorde aandring, is hoe "perfek" was die model swart woonbuurt-verskynsel vir die historiese konteks waarbinne dit prakties neerslag gevind het; en hoe "perfek" was Atteridgeville as 'n model swart woonbuurt gemeet aan tydgenootlike kriteria vir model swart woonbuurtes?

## 1. Hoe "perfek" was die model swart woonbuurt-verskynsel vir die historiese konteks waarbinne dit prakties neerslag gevind het?

Hierdie evalueringskategorie is noodsaaklik vir 'n kwalitatiewe historiese waarde-oordeel en bestaan uit nuutgeskepte evalueringskriteria om vas te stel hoe die verskynsel van die model swart woonbuurt binne die ideologiese en beleidsraamwerk van Suid-Afrika gedurende die eerste helfte van die 20ste eeu ingepas het. Die aanname kan gemaak word dat die historiese konteks geskik, of eerder ideaal ("perfek") was vir die daarstelling van model swart woonbuurtes. Tog kan ook beweer word dat dié verskynsel en die historiese konteks waarbinne dit plaasgevind het mekaar wedersyds beïnvloed en versterk het.

Die neerslag van die ideologiese raamwerk geskoei op aspekte van moderniteit, die welsynstaat, die sanitasie-sindroom, filantropie, patriargalisme en paternalisme, segregasie, en liberalisme in die daarstelling van spesifiek Atteridgeville, as toonbeeld van model swart woonbuurtes, sal aangetoon word. Daarmee saam sal die praktiese vergestalting van die segregasiebeleid — rassesonering en woonbuurtskeiding, aparte finansiële en administratiewe stelsels, en 'n swart raadgewende forum met inspraak in die bestuur van die swart stedelike woonbuurt — in Atteridgeville aangedui en geëvalueer word. Van hierdie aspekte sal ook in die volgende afdeling van die hoofstuk aangedui word — die teenwoordigheid en identifisering van ideologiese kenmerke is verwikkeld en ineengestrengeld van aard, en kan dus nie waterdig gekompartementaliseer word nie.

Die mate waartoe die model swart woonbuurt die heersende ideologiese standpunte en visies van leidende politici, staats- en munisipale amptenare betrokke by Naturellesake, stadsbeplanning, en argitektoniese ontwerp weerspieël het, kan beslis as 'n kriteria gebruik word om oor die "model"-


© University of Pretoria

aard van 'n bepaalde woonbuurt te besluit.[13]

Jameson, wat as ingenieur deel van die Sentrale Woningraad was, het in sy voorgestelde uitleg- en huisontwerpidees wat in 1937 aan stedelike plaaslike owerhede voorgehou is, 'n kompromie tussen bekostigbaarheid en maatskaplike opheffing en welsyn voorgestaan. Sy idees en uitgangspunte het prakties in die "model" swart woonbuurt van McNamee in Port Elizabeth neerslag gevind.[14] Jameson se beklemtoning van 'n balans tussen koste, opheffing en welsyn, herinner aan die tydgenootlike gedagtes rondom die *welsynstaat*, *filantropie* en *liberalisme*.

Die Sentrale Woningsraad het teen die einde van 1940 'n memorandum uitgereik met tegniese riglyne, voorskrifte en spesifikasies wat stedelike plaaslike owerhede kon gebruik om 'n "aanvaarbare" terrein, woonbuurtuitleg en huisplanne vir voorgenome swart stedelike woonbuurtes aan die Raad vir goedkeuring voor te lê. Hierdie memorandum het dus nie uitdruklik (minimum)-standaarde neergelê nie, maar eerder stedelike plaaslike owerhede, wat van die nasionale regering se leningsfasiliteite vir subekonomiese behuising wou gebruik maak, van raad en "aanvaarbare" voorbeeldplanne voorsien. Die Raad het dit beklemtoon dat 'n groot verantwoordelikheid op die skouers van die stedelike plaaslike owerhede gerus het: hulle moes die behuisingskemas, veral die kwaliteit van boumateriaal en -werk, met 'n ferm hand bestuur; huurgeld met oorleg en realisme vasstel; verskuiwings uit krotbuurtes versigtig en higiënies (ontsmetting van meubels en besittings) hanteer; en na die nuwe swart intrekkers met gelyke mates van omgee, opvoeding en raad, en dissipline omsien.[15] Veral laasgenoemde advies is kenmerklik van die *paternalistiese* verhouding tussen stedelike plaaslike owerhede (en administrasie) en die swart stedelike inwoners.

Die neerslag van elemente van die *sanitasie-sindroom* in die oproep tot menswaardige behuising ten einde die fisiese en geestelike gesondheid van stedelike swartes te verseker, is opmerklik in die volgende uitsprake van onderskeidelik Jameson en A.J. Cutten, 'n voormalige voorsitter van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Rasseverhoudinge. Jameson het in 1937 verklaar dat

> most well informed Europeans appreciate the immense importance, from a public health and welfare point of view, of providing healthful conditions for the Native in the interests of the European. Public Health Officers are unanimous in warning Europeans against the folly of allowing unhealthy Native housing conditions in locations adjacent to European habitations, not only because there is danger to the Natives, but because there is danger to the Europeans where Natives live under such conditions.[16]

---

13. J. Robinson, *The power of apartheid: State, power and space in South African cities*, p. 131.
14. J. Robinson, *The power of apartheid: State, power and space in South African cities*, pp. 65, 131; S. Lunderstedt, 21 July 2021, Today in Kimberley's history 21 July, www.kimberley.org.za/tag/frank-walton-jameson, access: 10 February 2022; F.W. Jameson, The housing of natives by public bodies. Address before the annual conference of the Transvaal Municipal Association, at Pretoria, on October 7th, 1936, *Race Relations* 4(1), February 1937, pp. 27-34.
15. Central Housing Board, Housing in urban native areas, *Race Relations* 7(4), 1940, pp. 63, 65-70.
16. F.W. Jameson, The housing of natives by public bodies. Address before the annual conference of the Transvaal Municipal



© University of Pretoria

Cutten het sy benadering geëggo:

> the White Man '*in his own interests*' should see the African is decently housed and kept healthy, physically and mentally. It is clearly obvious that the health of the European is dependent upon keeping African servants and workers free of disease and infection.[17]

Sendeling Junod, wat, soos reeds genoem, sedert die 1930's in Marabastad werksaam was, het die daarstellingsproses en die uiteindelike praktiese vergestalting van Atteridgeville soos volg in 1955 verwoord:

> Managers of our native affairs, medical officers, members of joint councils, ministers of all churches and missions: all were pressing for action. Intelligent European opinion started moving and, for anyone who knew Marabastad of the early thirties, it is a matter of great satisfaction that its inhabitants have now found real homes, under proper conditions of hygiene, under strict, but sympathetic, supervision in Atteridgeville, or as they call it, Phelindaba.[18]

Sy beskrywing van die proses openbaar heelwat van die tydsgees en die (meestal onbewustelike) ideologiese raamwerk waarbinne blankes, en spesifiek munisipale amptenare, gefunksioneer het: kenmerke van filantropie, liberalisme, die welsynstaat, selfs blanke meerderwaardigheid, en bowenal die twee uiteenlopende kenmerke van *paternalisme* (onderstreep in die aanhaling) blyk duidelik uit bogenoemde beskrywing.

Dit blyk dat die inwoners van Atteridgeville nie die *beherende* en toesigfunksie van die Superintendent van die Lokasie en die munisipale polisie noodwendig as negatief en as 'n indringing van hulle privaatheid beskou het nie. Dit was asof die teenwoordigheid van bogenoemde gesagsfigure 'n mate van beskerming gebied het, en in die geval van Atteridgeville (en Pretoria) blyk dit dat die gesags- en wetstoepassingsfunksie in die meeste gevalle met diskresie en regverdigheid toegepas en as sodanig beleef is. Die skrywer Naboth Mokgatle was in sy *The autobiography of an unknown South African*, as voormalige inwoner van Marabastad en nuwe intrekker in Atteridgeville in 1948, die volgende mening toegedaan:

> Many African families which had lived in rooms in Marabastad and Schonplaats [*sic*] now enjoyed living in houses on their own, free from the control of landlords. Their landlord became the City Council of Pretoria ... Pretoria City Council deserves credit here..., unlike Johannesburg and the municipalities of other big cities in the country ... [Pretoria] never fenced their locations and waived the entrance permits ... There were improvements in the raiding for beer on African homes in Atteridgeville. Instead of state police coming in to raid for beer, as was the case in all locations in the country, raids were conducted by municipal police, all Africans, under the supervision of the superintendent

---

Association, at Pretoria, on October 7th, 1936, *Race Relations* 4(1), February 1937, p. 27.

17. A.J. Cutten, Native housing, *Race Relations Journal* 19(1), 1952, pp. 23-24.
Beklemtoning deur Cutten.

18. H.P. Junod, The Bantu population of Pretoria, *in* S.P. Engelbrecht *et al.* (samestellers), *Pretoria (1855-1955): geskiedenis van die stad Pretoria*, p. 77.
Beklemtoning deur myself.



© University of Pretoria

or his assistant.[19]

Ten spyte daarvan dat die pogings van die Stadsraad van Pretoria, spesifiek die Naturelle en Asiatiese Administrasiekomitee van die Stadsraad (as *aparte* administratiewe komitee) in redelike positiewe terme beskryf word: "[e]ven the street names and name of the location were given great consideration in their attempt to cater for the spiritual, material and social welfare in the overall planning of the location",[20] is die *mening en advies van die inwoners* van Marabastad, via die Swart Adviesraad, nie altyd na behore verkry en in ag geneem nie. Dit blyk uit die beskrywing deur die skrywer Ezekiel Mphahlele, ook 'n voormalige inwoner Marabastad, waar hy aanvoer dat "[t]hose who owned houses in Marabastad were most grieved because compensation was utterly low. Also, they hadn't been consulted, and they had owned their houses, which they wouldn't be allowed to do in the new location."[21] Die afleiding kan gemaak word dat die insae van swart inwoners vir minder belangrike sake (naamgewing van die woonbuurt, parke, skole en ontspanningsfasiliteite) ingewin is, terwyl die blankes die besluite rakende die belangriker/belangrikste sake (namens die swart inwoners) geneem is — 'n duidelike voorbeeld van paternalistiese optrede. In hierdie verband het Patricia Atteridge in Oktober 1947 haar duidelike misnoeë met die optrede van die Stadsraad van Pretoria uitgespreek omdat dieselfde prosedure met die voorgestelde behuisingskema by Vlakfontein (later Mamelodi) gevolg is: "I understand that the natives themselves have never been consulted in regard to the scheme through their Advisory Board. I was under the impression that this procedure was legally compulsory."[22]

Die optrede van die inwoners van Atteridgeville tydens die naamgewingsproses toon kenmerke van die *patriargale stelsel*: die name van die woonbuurt en skole wat deur die swart inwoners voorgestel is, is na blankes vernoem; die voorstelle vir straatname was ook aanvanklik die name van blankes totdat die inwoners versoek is om dit met swart name te vervang. Die afleiding kan gemaak word dat dit, soos die sosiale historikus Van Onselen aandui,[23] deel van die vernoemingsproses binne 'n patriargale familie-opset uitgemaak het.

Ook voorbeelde van die (vereiste) *paternalistiese optrede* van swart inwoners wat hulle dankbaarheid en waardering teenoor die blanke patriarge en paternaliste, in hierdie geval die blanke munisipale amptenare en raadslede, moes betoon, is opgespoor. Dit mag dalk net 'n blanke persepsie wees, maar

19. N. Mokgatle, *The autobiography of an unknown South African*, p. 221.
20. M. Malan, *The black community of Pretoria, 1923-1939*, M.A. Dissertation, University of Pretoria, 1996, p. 65.
21. E. Mphahlele, *Down Second Avenue*, pp. 151-152.
22. M.P. Atteridge, Mrs. Atteridge on new native housing plan, *Rand Daily Mail,* 6 October 1947, p. 6.
23. C. van Onselen, The social and economic underpinnings of paternalism and violence on the maize farms of the south-western Transvaal, 1900-1950, *Journal of Historical Sociology* 5(2), June 1992, pp. 139-145.


© University of Pretoria

dit was deel van die blanke gedagtewêreld:[24] inwoners wat uit krotbuurtes verskuif is, so is in 1940 aangevoer, "gratefully take full advantage of the new amenities provided",[25] en 'n anonieme skrywer (net bekend as N.M.) het in 1947 beweer dat die inwoners van 'n model swart woonbuurt "have shown their appreciation [vir die oprigting van hulle modelwoonbuurt] by their excellent behaviour."[26]

Daar is bewerings dat die oprigting van Atteridgeville, dertien kilometer van Kerkplein af, meer met die toepassing van residensiële *segregasie* op aandrang en tot voordeel van blankes (veral blanke munisipale belastingbetalers) as met die strewe na die daarstelling van 'n model swart stedelike woonbuurt (en krotbuurtopruiming) tot voordeel van die swart stedelinge te doen gehad het. Hierdie aanname is soos volg deur Mokgatle verwoord:

> I, together with others, opposed the building of Atteridgeville on the principle of opposing segregation and colour discrimination, because most of the city councillors agreed to build Atteridgeville not so much to house Africans in better houses but as a policy of making segregation work and to remove the Africans from European residential areas.[27]

Die *segregasionistiese finansiële skeiding* tussen blanke en swart uitgawes en inkomstes was in die meeste gevalle 'n futiele rekenkundige oefening, aangesien die koste van swart stedelike behuising, soos reeds vroeër aangetoon is, buite verhouding tot die inkomste en betaalvermoë van swart inwoners was. Die volgende uitsprake deur Burgemeester Sinclair in 1946 vat die problematiese aard van hierdie finansiële beleid goed saam. Dit ontbloot die onpraktiese aard van die segregasiebeleid en wys op die *paternalistiese, liberale, welsyns- en filantropiese wyse* waarop blanke belastingbetalers en blanke amptenare hierdie dilemma beredder het:

> The very expensive aspect of the Atteridgeville scheme itself is good proof of a deliberate effort to do the right thing. [28]
> We are going ahead with this scheme, because we have no doubt that it is the right and proper thing to do. [29]

Ten spyte van bogenoemde voorneme en "onbaatsugtige" blanke optredes, het die finansiële las op die stedelike plaaslike owerheid van Pretoria uiteindelik die botoon gevoer en die finale sê gehad. Die Stadsraad van Pretoria het in 1947 die bussubsidie van Atteridgeville-inwoners en ook die tweede fase van die Atteridgeville-behuisingskema weens die finansiële kostes daaraan verbonde gestaak.

24. J. Robinson, *The power of apartheid: State, power and space in South African cities*, p. 77.
25. Central Housing Board, Housing in urban native areas, *Race Relations* 7(4), 1940, p. 69. Beklemtoning deur myself.
26. Anon, Houses for African workers: A general review of the position, *South African Outlook* 77, March 1947, p. 44. Beklemtoning deur myself.
27. N. Mokgatle, *The autobiography of an unknown South African*, pp. 220-221.
28. H.P. Junod, The Bantu population of Pretoria, *in* S.P. Engelbrecht *et al.* (samestellers), *Pretoria (1855-1955): geskiedenis van die stad Pretoria*, p. 80.
29. C.W. Sinclair, Success of Pretoria municipal housing scheme, *Outspan* 40(1026), 25 October 1946, p. 93.


© University of Pretoria

Die Stadsraad van Pretoria kan met 'n redelike mate van historiese realisme geloof word vir die *(model)-wyse* waarop probleme suksesvol opgelos en uitdagings met sensitiwiteit benader is. In hierdie opsig kan die aanvanklike onenigheid oor die naam van die woonbuurt genoem word, asook die toestaan van 'n bussubsidie tot 1947 as 'n manier om die probleem met die daarstelling van spoorvervoer te beredder. Die grootste uitdaging was beslis die finansiële las en die toename in oprigtingskoste en beskikbaarheid van boumateriaal as gevolg van die oorlogtydse situasie. Hierdie struikelblokke is suksesvol beredder, selfs al het dit die opskorting van die behuisingskema na die eerste fase behels, omdat dit kostegewys nie meer geregverdig kon word en moontlik was nie.

Die aanhang van die model swart woonbuurt-verskynsel, as deel van die *modernistiese invloed*, met hoë behuisingstandaarde deur stedelike plaaslike owerhede het onoorkomelike inherente teenstrydighede openbaar. Die standaarde wat aangehang is en wat plaaslike owerhede gepoog het om met model swart woonbuurtes te verwesenlik, was standaarde wat binne 'n Westerse konteks, vanuit Westerse persepsies en met Westerse hulpbronbeskikbaarheid in gedagte, bedink en geformuleer is. Hierdie standaarde het tot 'n groot mate nie die ekonomiese vermoë van die inwoners vir wie die huisvesting opgerig is, in ag geneem nie. Indien die huisvesting nie bekostig en in stand gehou kon word nie, het die standaarde 'n finansiële (vir die owerhede) en ekonomiese (vir die bewoners) hindernis geword wat uiteindelik die kwaliteitsbelewing van die "perfekte" huisvesting teengewerk en die daarstelling daarvan bykans onmoontlik gemaak het.[30]

Na aanleiding van die aangeduide bewyse van die verwantskap tussen die praktiese realisering van model swart woonbuurtes en die ideologiese en konseptuele konteks gedurende die eerste helfte van die 20ste eeu in Suid-Afrika, hoe "perfek" was die model swart woonbuurt-verskynsel vir die historiese konteks waarbinne dit prakties neerslag gevind het? Die bewering kan gemaak word dat die model swart woonbuurt-verskynsel byna naatloos binne die tydgenootlike ideologiese en konseptuele raamwerk ingepas en dit selfs versterk het. Oorkoepelend en veralgemenend kan beweer word dat die ideologies-historiese konteks kenmerke van <u>beheer en dissipline</u> (patriargalisme, sterk paternalisme en konserwatiewe segregasie); <u>meerderwaardigheid en voorskriftelikheid</u> (modernisme, patriargalisme, sterk paternalisme, sterk segregasie en sosiogeniëring); <u>differensiasie en diskriminasie</u> (klasse- en rasse-onderskeid op grond van Sosiale Darwinisme en die sanitasie-sindroom); <u>omgee, opheffing en gewetensplig</u> (die welsynstaat met tuinstede, swak paternalisme, liberale segregasie en liberalisme); 'n <u>humanitêre aanslag</u> (modernisme, die welsynstaat, filantropie en liberalisme); en <u>idealisme gekortwiek deur finansiële en ekonomiese realiteite</u> (modernistiese entoesiastiese idealisme gestuit deur die finansiële eise van die Tweede Wêreldoorlog, die oprigtingskoste van behuising, en

30. P. Morris, *A history of black housing in South Africa*, pp. 2, 146.



© University of Pretoria

die armoedige ekonomiese vermoë van swart stedelinge) openbaar het — alles eienskappe wat in die daarstelling van model swart woonbuurtes tot uiting gekom het. Met redelike historiese akkuraatheid kan dus aangevoer word dat die model swart woonbuurt *ongekwalifiseerd* as "perfek" vir en "in pas" met die betrokke tydsgees geëvalueer kan word, en inderdaad ook die tydsgeeskenmerke in die hand gewerk en verder versterk het.

## 2. Hoe "perfek" was Atteridgeville as 'n model swart woonbuurt gemeet aan tydgenootlike kriteria vir model swart woonbuurtes?

Die kriteria in hierdie evalueringskategorie fokus hoofsaaklik op wetenskaplike en gestandaardiseerde minimumkriteria *van die tyd*, wat vir model werkersklasbehuising in die algemeen, en vir model swart woonbuurtes in die besonder daargestel is. Die oorsprong van die geïdentifiseerde en gekose kriteria kan gevind word in die Slumregulasies van die Munisipaliteit van Pretoria ingevolge die *Slumswet van 1934 (Wet 53 van 1934)*;[31] in die bronne van Catherine Bauer (1934),[32] Frank Walton Jameson (1937),[33] die Sentrale Woningsraad (1940),[34] Paul Connell (1947);[35] in die Universele Verklaring van Menseregte van die Verenigde Nasies ("die reg op behuising", 1948);[36] en in die navorsingsverslae van die Nasionale Bounavorsingsinstituut (1949, 1951, 1952).[37]

Die beplanning en daarstelling van Atteridgeville in die laat 1930's en vroeë 1940's het plaasgevind op 'n tydstip vóór die opstel van amptelike en gestruktureerde kriteria en minimumstandaarde en standaardplanne vir "model" swart stedelike behuising. Dit het egter, soos reeds genoem, nie beteken

31. Unie van Suid-Afrika, *Slumswet van 1934 (Wet 53 van 1934)* (Kaapstad, 1934) en munisipale Slumregulasies ingevolge Artikel 32 van genoemde wetgewing. Munisipale regulasies het minimumvereistes vir die handhawing van openbare gesondheid ten opsigte van die volgende aspekte neergelê: vloerspasie, lugspasie, lig deur middel van vensters, ventilasie, skeiding van geslagte, toiletgeriewe, kombuisgeriewe, badkamers, die berging van voedsel, watervoorsiening, klerewasgeriewe, higiëne van persele, plaagbestryding, verf/kalk van persele, en die herstel en instandhouding van persele.
Transvaal Archive Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/3/2/1/18, Minutes of the Public Health Committee, 21 July 1941, Municipality of Pretoria: Slums regulations, pp. 204-209; M.D.A. Baldocchi, *Survey of housing practice in the Union of South Africa*, pp. 86-88.
32. University of Minnesota Press, 2023, https://www.upress.umn.edu/book-division/books/modern-housing, access: 10 August 2023.
33. J. Robinson, *The power of apartheid: State, power and space in South African cities*, pp. 65, 131; J. Robinson, The politics of urban form: Differential citizenship and township formation in Port Elizabeth 1925-1945, *Kronos: Journal of Cape History* 20, November 1993, pp. 54-55; S. Lunderstedt, 21 July 2021, Today in Kimberley's history 21 July, www.kimberley.org.za/tag/frank-walton-jameson, access: 10 February 2022; F.W. Jameson, The housing of natives by public bodies. Address before the annual conference of the Transvaal Municipal Association, at Pretoria, on October 7th, 1936, *Race Relations* 4(1), February 1937, pp. 27-34.
34. Central Housing Board, Housing in urban native areas, *Race Relations* 7(4), 1940, pp. 63-70.
35. P.H. Connell *et al.*, *Native housing: A collective thesis*, pp. 98-101; P.H. Connell, *Sub-economic housing practice in South Africa*, pp. 18-23, 27-28; Appendices I, III (3), IV, V.
36. Human Rights Education Associates, n.d., The right to housing: Introduction, www.hrea.org/index, access: 3 August 2014.
37. National Building Research Institute, *Interim reports of the research committee on minimum standards of accommodation*, Series DS 9, pp. 2, 9, 16-24, 26-31, 36-40; Nasionale Behuisings- en Plannekommissie, *Minimum standaarde van wonings vir nie-blankes*, pp. 1-12; C.J.P. le Roux, The question of housing for Africans in Mangaung at Bloemfontein, 1945-1964, *Historia* 45(2), November 2000, p. 469; J.E. Jennings, The role of native housing research in the provision of housing for the urban Bantu I, *Municipal Affairs* 18 (205), September 1952, pp. 12, 15.


© University of Pretoria

dat daar nie reeds nie-amptelik sekere standaarde neergelê, planne voorgestel, advies voorsien en onder stedelike plaaslike owerhede versprei is nie. In hierdie verband moet die pogings van Jameson genoem word. Vanweë sy beroep en posisie, in die Sentrale Woningsraad en afwisselend in die Johannesburgse en Pretoriase stadsrade, het sy mening oor die ontwerp en ligging van swart stedelike woonbuurtes, met inagneming van dorps- of stadsbeplanningsbeginsels, baie gewig gedra en groot invloed gehad. Hy het ontwerpvoorstelle van te klein erwe en onbevredigend-ontwerpte huise afgekeur. Sy grootste bydrae gedurende die 1930's was 'n skryfstuk oor "native housing" wat hy opgestel het, aan belangstellendes gestuur het, en wat in 1937 in die *Race Relations Journal*[38] verskyn het. Hy het sy idees en ondervinding op skrif gestel nadat hy vele navrae oor die beplanning van "geskikte" ("suitable") swart stedelike behuisingskemas ontvang het.[39]

Twee verdere dokumente wat op grond van die praktiese werkersklasbehuisingsrealiteite van die 1930's (in Brittanje) en die 1940's in Suid-Afrika nagevors en gepubliseer is, kan as nie-amptelike, dog bestaande en eietydse, kriteria of standaarde beskou word. Die aktivis Catherine Bauer het vereistes (standaarde) in haar boek *Modern housing* (New York, 1934) uiteengesit wat maatskaplike, mediese en tegniese geldigheid aan die gewenstheid van die daarstelling en toepassing van amptelike minimumstandaarde vir subekonomiese werkersklasbehuising verleen het. Selfs in die 21ste eeu word hierdie werk steeds as rigtinggewend en werkbaar met praktiese instruksies beskou.[40] Sy het vyf redelike en toepaslike minimumstandaarde, elk met onderskeie vereistes, geïdentifiseer, naamlik menswaardigheid ("decency"), gesondheid, aangenaamheid ("amenity"), gemak en gerieflikheid, en veiligheid.[41] Daar is reeds na die bron van Connell, wat 'n oorsig oor subekonomiese behuisingspraktyke in Suid-Afrika teen 1947 saamgestel het, verwys. Connell onderskryf bogenoemde standaarde van Bauer met betrekking tot ruimte vir slaap-, toilet- en kombuisgeriewe, lig, lug (ventilasie), higiëne, gesondheid en privaatheid, maar aangepas by Suid-Afrikaanse en swart stedelike woonbuurtomstandighede, soos klimaat, topografie, gebruike en voorkeure.[42]

In die voorafgaande hoofstuk is verwys na die memorandum wat in 1947, na afloop van 'n konferensie wat deur die Departement van Gesondheid en sy Behuisingsdirektoraat aangebied is,

---

38 F.W. Jameson, The housing of natives by public bodies. Address before the annual conference of the Transvaal Municipal Association, at Pretoria, on October 7th, 1936, *Race Relations* 4(1), February 1937, pp. 27-34.

39. J. Robinson, *The power of apartheid: State, power and space in South African cities*, pp. 65, 131; S. Lunderstedt, 21 July 2021, Today in Kimberley's history 21 July, www.kimberley.org.za/tag/frank-walton-jameson, access: 10 February 2022; F.W. Jameson, The housing of natives by public bodies. Address before the annual conference of the Transvaal Municipal Association, at Pretoria, on October 7th, 1936, *Race Relations* 4(1), February 1937, pp. 27-34.

40. University of Minnesota Press, 2023, https://www.upress.umn.edu/book-division/books/modern-housing, access: 10 August 2023; M.D.A. Baldocchi, *Survey of housing practice in the Union of South Africa*, pp. 283-286; P.H. Connell *et al.*, *Native housing: A collective thesis*, pp. 94-101.

41. P.H. Connell, *Sub-economic housing practice in South Africa*, p. 22, Appendix V, pp. i-iii; G.E. Pearse, Housing in South Africa: Introduction, *South African Architectural Record*, June 1943, p. 113.

42. P.H. Connell *et al.*, *Native housing: A collective thesis*, pp. 98-101; P.H. Connell, *Sub-economic housing practice in South Africa*, pp. 18-23; Appendices I, III (3), IV, V.


© University of Pretoria

opgestel is met minimum- en maksimumstandaarde vir akkommodasie/behuising, vir blankes en swartes afsonderlik.[43] Die hoofoogmerk was om minimumstandaarde vas te stel ten einde die "health, comfort, convenience and welfare"[44] van inwoners te beskerm. Dit blyk dat die minimumstandaarde wat van 1947 af geformuleer is, wegbeweeg het van standaarde gebaseer op rasse- en ekonomiese onderskeid — "'anything is'"[45] "'good enough for Natives'"[46] — en dat die fokus meer op noodsaaklike standaarde vir gesondheid, fatsoenlikheid, funksionele doeltreffendheid in woonhuise, en 'n menswaardige gesinslewe, ongeag ras en klas, was. Die uiteindelike doel met hierdie standaarde was om die gesondheid (minimumstandaarde vir lugvolume, ventilasie, sonlig, watervoorraad, sanitasie, gemak en stilte), menswaardigheid (aparte en private slaap- en toiletgeriewe), en gesinslewe (privaatheid, voorsiening van geriewe vir ontspanning, etes, studies, vermaak en rus vir elke gesinslid) van die huisbewoners te beskerm; en lewensomstandighede deur behuising in swart stedelike woonbuurtes daar te stel wat goeie (model?)-burgerskap (deur gemeenskapsfasiliteite) onder die inwoners sou bevorder. Vier basiese vereistes vir "goeie" (model)-behuising is voorgehou, naamlik dat behuising sosiaal-maatskaplik geldig en relevant moes wees ten einde maatskaplike wanpraktyke te ontmoedig en 'n gesonde gesinslewe binne die bepaalde gemeenskap te bevorder; dat behuising gesondheid moes beskerm; dat die huisvesting permanent en duursaam van aard moes wees om 'n lewensduur van 30 tot 40 jaar te waarborg; en dat behuising (sub)ekonomies van aard en binne die betaal- en oprigtingsvermoë van onderskeidelik die bewoner en die oprigter daarvan moes wees.[47]

Hierdie evalueringskategorie omvat dan stadsbeplannings-, argitektoniese, struktureel-duursame, toeganklikheids-, verblyfbeskermings-, ekonomiese, gesondheid-, maatskaplike en kulturele toepaslikheidskriteria. Indien Atteridgeville aan hierdie kriteria sou voldoen, en dan as 'n model of ideale woonbuurt gekwantifiseer kan word, behoort die meer kwalitatiewe aspekte van modelbehuising — *voldoende*, *geskikte*, of *menswaardige* behuising — wat aspekte soos 'n *aangename* leefruimte wat 'n *gemaklike* en *gerieflike* leefervaring, en beter *lewenskwaliteit*

43. National Building Research Institute, *Interim reports of the research committee on minimum standards of accommodation,* Series DS 9, p. 19; Appendix II, pp. ix-xiii; M.D.A. Baldocchi, *Survey of housing practice in the Union of South Africa*, pp. 288-291.
44. National Building Research Institute, *Interim reports of the research committee on minimum standards of accommodation,* Series DS 9, p. 2.
45. B. Spence, The problem of the location. A report on housing conditions in ten Transvaal locations, *South African Architectural Record* 28, February 1943, p. 34.
46. P.H. Gúenault & R.J. Randall, Urban native housing in South Africa, *Race Relations Journal*, November 1940, p. 79.
47. C.J.P. le Roux, The question of housing for Africans in Mangaung at Bloemfontein, 1945-1964, *Historia* 45(2), November 2000, p. 469; J.E. Jennings, The role of native housing research in the provision of housing for the urban Bantu I, *Municipal Affairs* 18 (205), September 1952, pp. 12, 15; F.R Rodseth *et al.*, Native housing research in South Africa, *National Building Research Institute Bulletin* 6, June 1951, p. 7; G. White, Bantoebehuising in stedelike gebiede, *Bantoe* 1(7), Oktober 1954, p. 10; National Building Research Institute, *Interim reports of the research committee on minimum standards of accommodation*, Series DS 9, p. 19, Appendix II, p. ix; Nasionale Behuisings- en Plannekommissie, *Minimum standaarde van wonings vir nie-blankes*, p. 1; C.B. Schoeman, *'n Kritiese ondersoek na Bantoebehuising en standaarde met spesifieke verwysing na die blanke gebiede van Pretoria en Johannesburg*, M.Sc.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1975, pp. 8-10; M.D.A. Baldocchi, *Survey of housing practice in the Union of South Africa*, pp. 33, 138-164, 167; P.H. Connell *et al.*, *Native housing: A collective thesis*, p. 85; D.M. Calderwood, *Native housing in South Africa*, D.Arch. Thesis, University of the Witwatersrand, 1953, pp. 17-27.


© University of Pretoria

veronderstel, ook beoordeel kan word.[48]

Stadsbeplanningskriteria

Soos reeds genoem, het die Sentrale Woningsraad in 1940 'n memorandum, wat stedelike plaaslike owerhede kon gebruik om onder meer 'n "aanvaarbare" terrein en woonbuurtuitleg aan die Raad vir goedkeuring voor te lê, uitgereik. Die minimumgrootte van erwe is op 50 voet by 50 voet (15.24 meter by 15.24 meter = <u>232.26m$^2$</u>) vasgestel. 'n Lys van noodsaaklike dienste (water en stormwaterdreinering, riolering en sanitasie; beskerming teen brande; vullisverwydering; paaie, padafwerkings, en fietspaaie; elektrisiteit en straatligte) en infrastruktuur (administrasiegeboue, oop ruimtes, klinieke, skole, speelgronde, kerke, wasgoedwasgeriewe, biersale, eethuise en ontspanningsgeriewe) wat deel van die beplanning en uitleg moes uitmaak, is beskikbaar gestel. Daar is voorstelle gemaak oor die rigtingplasing (noord-oostelik) van huise, die aanplant van bome, en die voorsiening van grond (en ruimte) vir individuele tuine.[49]

In hierdie opsig is sekere terreine wat die Stadsraad van Pretoria voorgelê het, afgekeur voordat die uiteindelike terrein waarop Atteridgeville opgerig is, goedgekeur is. Soos in die vorige hoofstuk aangedui is, was die erfgroottes in Atteridgeville tussen 40 tot 50 voet by 80 tot 90 voet, met ander woorde tussen 12.192m tot 15.24m by 24.384m tot 27.432m (<u>297m$^2$ tot 418m$^2$</u>) in oppervlakte. Die erfgroottes het dus die minimumvereistes oorskry. Die noodsaaklike dienste en infrastruktuur wat in Atteridgeville beplan én opgerig is, het met bogenoemde uiteensetting ooreengestem. Waar spesifieke strukture weens die oorlogse bouprobleme nie opgerig kon word nie, is van die huise vir die gespesialiseerde dienste en infrastruktuur, soos in die voorafgaande hoofstuk aangedui is, gebruik.

Burgemeester Sinclair, later ondersteun deur 'n hedendaagse navorser, het die voldoening aan bogenoemde kriteria in die beplanning en uitleg van Atteridgeville soos volg beaam:

> From its establishment the township was well designed with <u>all the required services</u>, such as water, electricity and sewerage[50] ... and with <u>all the amenities</u>, including churches,

---

48. Human Rights Education Associates, n.d., The right to housing: Introduction, www.hrea.org/index, access: 3 August 2014; A.C. Steenkamp, *Space, power and the body — the civil and uncivil as represented in the Voortrekker Monument and the Native Township Model*, PhD. Thesis, Technical University of Delft, 2008, pp. 143-144; M. Stals, *Fragmentation & unity. The search for the design of a 'model township'. The case of Atteridgeville, Pretoria*, M.Sc. Dissertation, Katholieke Universiteit Leuven, 1998, p. 22.
49. Central Housing Board, Housing in urban native areas, *Race Relations* 7(4), 1940, pp. 65-70; A.J. Cutten, Native housing, *Race Relations Journal* 19(1), 1952, p. 23; G.E. Pearse, Housing in South Africa: Introduction, *South African Architectural Record*, June 1943, p. 113; M.D. Baldocchi, Sport grounds and town planning. Sound town-planning takes ample care of outdoor recreational needs, *Munisipale Aangeleenthede*, September 1944, p. 19; B. Spence, The problem of the location. A report on housing conditions in ten Transvaal locations, *South African Architectural Record* 28, February 1943, pp. 36, 38; National Building Research Institute, *Interim reports of the research committee on minimum standards of accommodation*, Series DS 9, pp. 23-24, 27-28.
50. M. Mulaudzi, *Service delivery and public participation: An exploratory case study of Atteridgeville-Saulsville between 1995 and 2005*, M.A. Dissertation, University of Pretoria, 2006, p. 58.



© University of Pretoria

a high school, clinics, shopping centres, playing fields and recreation grounds.[51]

Floyd, soos reeds genoem, die eerste voltydse stadsbeplanner in Suid-Afrika, het die volgende uitspraak oor Atteridgeville se uitleg gemaak:

> The main feature of this design are the radiating primary road pattern and internal development of blocks. Full advantage is taken of the fact that little traffic occurs on the local roads of a location. The use of internal development has resulted in a great saving of road area. Ample provision is made for open spaces and school sites in the layout.[52]

Die gebalanseerde toepassing van die modernistiese stadsbeplanningsbeginsels van kostebesparing en effektiewe aanwending van beskikbare ruimte blyk duidelik uit sy uitspraak.

In aansluiting hierby het die gerekende Suid-Afrikaanse antropoloog Ellen Hellmann die uitleg van Atteridgeville soos volg beskryf:

> ... providing houses only, ..., is not enough. If the people are to derive benefit from the improved housing facilities offered, then other facilities — educational, health, recreational, and a wide range of social welfare services — must be provided to enable neighbourhood units to function and to develop a spirit of civic unity. When Pretoria laid out Atteridgeville, it proceeded to establish units in this sense. Houses, roads, schools, clinics, crèches were provided at one and the same time, one 'unit' being completed before the next was commenced.[53]

Hierdie uitleg is in ooreenstemming met die "neighbourhood unit"-konsep, kenmerkend van die modernistiese internasionale beplanningsmodelle.[54] Een van die leidende argitekte van die tydperk, Calderwood van die Argitektuurafdeling van die NBNI, het vanselfsprekend bogenoemde konsep ondersteun, maar ook soos volg gewaarsku:

> In Native housing schemes, the first object is to supply shelter at minimum cost to the tenant, and the second to create an environment conducive to living a full and happy life, resulting in the development of good citizens for the community of tomorrow.[55]

Sendeling Junod het die uitleg en woonbuurtplan van Atteridgeville met positiewe byvoeglike naamwoorde geskets:

> The plan of Atteridgeville is based on a simple geometrical pattern, adapted to the contours at the site. Coming from Pretoria, a very fine avenue of cedar trees leads into the main entrance to the township, and many pleasant churches have already been erected which give the impression of a well established and contented community.[56]

---

51. C.W. Sinclair, Success of Pretoria municipal housing scheme, *Outspan* 40(1026), 25 October 1946, p. 93. Beklemtoning deur myself.
52. T.B. Floyd, *Township layout*, p. 28.
53. E. Hellmann & L. Abrahams (eds), *Handbook on race relations in South Africa*, p. 249.
54. M. Stals, *Fragmentation & unity. The search for the design of a 'model township'. The case of Atteridgeville, Pretoria*, M.Sc. Dissertation, Katholieke Universiteit Leuven, 1998, p. 49.
55. D.M. Calderwood, *Native housing in South Africa*, D.Arch. Thesis, University of the Witwatersrand, 1953, p. 113.
56. H.P. Junod, The Bantu population of Pretoria, *in* S.P. Engelbrecht *et al.* (samestellers), *Pretoria (1855-1955): geskiedenis van die stad Pretoria*, p. 81.



© University of Pretoria

’n Hedendaagse beoordeling van Atteridgeville deur ’n argitekfirma was minder positief: “..., the township’s powerful radial plan failed to make a statement. This was due to the monotony of the standardised ... public housing and absence of large buildings.”[57]

Eentonigheid, die doodsteek vir enige stadsbeplanner, was dus ongelukkig deel van die uitleg van Atteridgeville met eenderse huise in lang reguit rye aan weerskante van die straat. Hierdie eentonigheid is tot ’n mate teengewerk deur die “verbeeldingryke” uitleg en deurdat huise op verskillende wyses op erwe geplaas is. Verder het die plasing van oop ruimtes en parke tussen huise ook die eentonigheid verbreek. Die voorsiening van groot genoeg erwe sodat die inwoners ’n blom- en groentetuin kon aanlê, was ook ’n manier om dodelike eenvormigheid teen te werk en bewoners in staat te stel om hulle menslikheid en individualiteit uit te druk. Die beklemtoning van die menslikheidsaspek binne die voorsiening van massabehuising spruit voort uit die modernistiese beklemtoning van die mens as ’n integrale deel van die huisvesting wat hy/sy bewoon.[58] Jameson beklemtoon in sy kriteria die heilsame invloed van groot-genoeg erwe wat tuinmaak in die hand werk: “The cultivation of soil ... conduces to an atmosphere of home life, order and well-being ...”.[59]

Gemeet aan die geïdentifiseerde stadsbeplanningskriteria kan verklaar word dat Atteridgeville aan die meeste van die kriteria voldoen het, en sommige self oorskry het. Die genoemde noodsaaklike dienste en infrastruktuur is in die uitlegfase voor beplan. Die enigste negatiewe kommentaar hou met die eentonigheid van die uitleg verband, ten spyte van die pogings tot ’n visuele interessante radiale uitlegpatroon.

Argitektoniese kriteria

Argitekte het met idealistiese entoesiasme deel van die ontwerpspanne van model swart woonbuurtes in die 1930’s en 1940’s geword. Die feit dat duursame (met goeie boumateriaal wat min onderhoud sou vereis) subekonomiese huisvesting ontwerp en opgerig moes word, het argitekte verplig om met kreatiewe en funksionele, dog beperkende, idees vorendag te kom. Daar is voorgestel dat enige onnodige afwerkings, versierings en huishoudelike toerusting in die ontwerp van huise nie aanvanklik

57. Van Der Waal & Associates, *Atteridgeville soul city: A community that can lead the African Renaissance*, 16 November 1999, p. 2.
58. J.F. Eloff, *’n Volkekundige studie van aanpassing en ontwikkeling in die gesinslewe van die naturelle van Atteridgeville*, M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1952, p. 78; B. Floyd, *Township layout*, pp. 26-27; E. Haarhoff, Appropriating modernism: Apartheid and the South African township, Paper presented at the 14th IPHS Conference, Urban transformation: Controversies, contrasts and challenges, 12-15 July 2010, Istanbul, Turkey, p. 7; B. Spence, The problem of the location. A report on housing conditions in ten Transvaal locations, *South African Architectural Record* 28, February 1943, p. 35; M.D.A. Baldocchi, *Survey of housing practice in the Union of South Africa*, p. 181.
59. F.W. Jameson, The housing of natives by public bodies. Address before the annual conference of the Transvaal Municipal Association, at Pretoria, on October 7th, 1936, *Race Relations* 4(1), February 1937, p. 32.


© University of Pretoria

in alle huise ingesluit word nie. Enkele vertoonhuise kan opgerig word en verdere afwerking en toerusting kan later volg, soos geld beskikbaar raak. Die daarstelling van huisvesting was belangriker as huisvesting met 'n té hoë standaard van afwerking. Daar moes 'n ontwerpstrewe na 'n balans tussen veiligheid, gesondheid, gemak en bekostigbaarheid gevind word. Die algemene beginsel is daargestel dat die argitektoniese aspekte van die huisvesting nie van so 'n aard moes wees dat dit oordrewe addisionele uitgawes sou behels nie.[60]

In die ontwerp van woningstrukture moes nie net die uitleg van die huis nie, maar ook digtheid en die ruimte (erf) rondom die huis in ag geneem word. Kriteria soos privaatheid; plek vir 'n wasgoeddraad; ruimte vir kinders om in te speel; plek vir tuinmaak; en genoegsame ruimte vir vars lig en sonlig is aan argitekte voorgehou. Argitekte (en stedelike plaaslike owerhede) moes oordeel, tegniese vaardighede en verbeelding gebruik in die ontwerp van huisplanne. Die primêre kriteria , soos wat reeds by die vorige afdeling aangetoon is, was die ontwerp van goedkoop en duursame strukture wat die inwonersbehoefte aan skuiling sou bevredig; daarna kon aandag gegee word aan die daarstelling van 'n omgewing wat tot 'n aangename en gerieflike leefervaring aanleiding kon gee.[61]

Die huisplanne van Atteridgeville het positiewe en komplimenterende kommentaar van die Sentrale Woningsraad en die leidende argitek Calderwood ontlok. Voorbeeldplanne is deur die Sentrale Woningsraad in 1940 beskikbaar gestel **(Kyk Bylaag II: Huisplan 10)**, en die behuisingstrukture van Atteridgeville (en Port Elizabeth) wat sedert die einde van die 1930's gebou is, is as voorbeelde geloof. Die aanbevole uitleg van die wonings en die geriewe (binnenshuise toilet- en stortgeriewe, elektrisiteit- en watervoorsiening in die huise, en stowe) wat ten minste ingesluit moes word, was tot 'n groot mate op die woningstrukture van Atteridgeville gebaseer.[62] Calderwood het op sy beurt aangevoer dat die Atteridgeville-planne 'n verbeterde plan vergeleke met dié van Orlando (Johannesburg) en McNamee Village (Port Elizabeth) was "as it provides for separate sleeping and, by the bathroom arrangement, gives the bedrooms a certain amount of seclusion".[63] Verdere positiewe punte in die Atteridgeville-

---

60. A. Mabin, Conflict, continuity and change: Locating "properly planned native townships" in the forties and fifties, *in* Planning History Study Group, *Proceedings of the symposium on South African planning history*, p. 306; D.M. Calderwood, *Town planning — with particular reference to housing layouts*, pp. 13-14; E. Haarhoff, Appropriating modernism: Apartheid and the South African township, Paper presented at the 14th IPHS Conference, Urban transformation: Controversies, contrasts and challenges, 12-15 July 2010, Istanbul, Turkey, p. 7; M.D. Baldocchi, Sport grounds and town planning. Sound town-planning takes ample care of outdoor recreational needs, *Munisipale Aangeleenthede*, September 1944, p. 15; City Council of Pretoria, Atteridgeville — a model township near Pretoria, *South African Architectural Record*, July 1943, p. 160; National Building Research Institute, *Interim reports of the research committee on minimum standards of accommodation*, Series DS 9, p. 28; Appendix II, p. ix; C.B. Schoeman, *'n Kritiese ondersoek na Bantoebehuising en standaarde met spesifieke verwysing na die blanke gebiede van Pretoria en Johannesburg*, M.Sc.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1975, p. 29.
61. D.M. Calderwood, The planning of non-European residential areas in South Africa, *National Building Research Institute Bulletin* 7, December 1951, pp. 5, 24; National Building Research Institute, *Interim reports of the research committee on minimum standards of accommodation*, Series DS 9, p. 26; D.M. Calderwood, *Native housing in South Africa*, D.Arch. Thesis, University of the Witwatersrand, 1953, p. 113.
62. Central Housing Board, Housing in urban native areas, *Race Relations* 7(4), 1940, pp. 64, 68.
63. D.M. Calderwood, *Native housing in South Africa*, D.Arch. Thesis, University of the Witwatersrand, 1953, p. 19.


© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ontwerp is die voorsiening van 'n stoorarea en 'n agterdeur wat by die ander woongebiede ontbreek. Die vertrekgroottes vergelyk ook beter met die groottes wat in 1947 as die minimumstandaard voorgehou is.[64]

Ten spyte van bogenoemde positiewe verwysing na die beter-ontwerpte huisplanne van Atteridgeville vergeleke met dié van McNamee Village in Port Elizabeth, het die waarnemende Stadsklerk van Pretoria in Januarie 1943 krities-bekommerd daarop gewys dat die Stadsraad van Port Elizabeth in 'n korter tyd baie meer subekonomiese huise vir die McNamee-behuisingskema opgerig het as wat die geval in Atteridgeville was.[65] Hy verskaf egter nie redes vir hierdie stand van sake nie; albei behuisingskemas is gedurende die oorlogsjare gebou en behoort met dieselfde uitdagings in die boubedryf gekonfronteer gewees het. 'n Moontlike verklaring mag wees dat die Port Elizabethse Stadsraad 'n baie groter en omvangryker veelrassige krotbuurtopruiming- en hervestigingskema aangepak het waar drie afsonderlike woonbuurtes opgerig moes word vir die verskuiwing en hervestiging van die inwoners van die voormalige krotbuurt. Dit het die plaaslike owerheid waarskynlik in staat gestel om verskillende boukontrakteurs gelyk aan te stel sodat meer huise terselfdertyd opgerig kon word. Klaarblyklik was boukoste in Port Elizabeth laer, vergeleke met die res van die land.[66]

Die argitek Betty Spence het in haar 1943-ondersoek na swart stedelike behuising bevind dat die oorwegende belewing (en klagtes) van Suid-Afrikaanse inwoners van swart stedelike woonbuurtes was: dat die kamergroottes té klein was; dat mure nie afgepleister is nie; dat plafonne nie geïnstalleer is nie; en dat daar 'n werklike behoefte aan 'n veranda of 'n buitestoep was, al is dit nie as 'n noodsaaklike element beskou nie.[67] Wanneer bogenoemde tekortkominge in die woningstrukture met die strukture wat in Atteridgeville opgerig is, vergelyk word, blyk dit dat daar wel beplan is om die binnemure met pleister of kalk af te werk, maar dit het waarskynlik as gevolg van boumateriaalkoste en -tekorte nie gerealiseer nie. Plafonne is ook nie in die Atteridgeville-huise geïnstalleer nie weens die kostebesparing wat dit meegebring het. Die feit dat die gemiddelde kamergroottes in Atteridgeville groter as die minimum was, en dat daar vir stoepe en stoorruimtes voorsiening gemaak is, het die leefervaring van Atteridgeville-inwoners positief beïnvloed.

---

64. M. Stals, *Fragmentation & unity. The search for the design of a 'model township'. The case of Atteridgeville, Pretoria*, M.Sc. Dissertation, Katholieke Universiteit Leuven, 1998, pp. 30-31.
65. Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 3/4/1093, File 89/8, Report of inspection of Pretoria locations, hostels, compounds, etc. Inspection Mr. C.A. Heald, 1942-1943, 5 January 1943.
66. G. Begg, The Municipality of the City of Port Elizabeth: The design of dwellings and lay-out of townships for sub-economic housing, *South African Architectural Record*, July 1943, pp. 149-150; F.W. Jameson, The housing of natives by public bodies. Address before the annual conference of the Transvaal Municipal Association, at Pretoria, on October 7th, 1936, *Race Relations* 4(1), February 1937, p. 29.
67. B. Spence, The problem of the location. A report on housing conditions in ten Transvaal locations, *South African Architectural Record* 28, February 1943, pp. 34-35; National Building Research Institute, *Interim reports of the research committee on minimum standards of accommodation*, Series DS 9, pp. 21-22.


© University of Pretoria

Die ontwerp van die Atteridgeville-woningstrukture het aan die meerderheid van die genoemde kriteria voldoen wanneer kriteria soos gemak, bekostigbaarheid en duursaamheid, en privaatheid in ag geneem word. Kriteria waaraan nie voldoen is nie was die oprigtingspoed van woningstrukture, en die gebrek aan afgepleisterde binnemure en plafonne.

Struktureel-duursame kriteria

Struktureel-duursame kriteria of standaarde verwys na die versekering dat gebouestrukture met minimale instandhouding ’n ekonomies-aanvaarbare lewensduur van ten minste 30 jaar sal hê. ’n Voorvereiste hiervoor is goeie (blanke) vakmanskap en boumateriaal van die hoogste moontlike kwaliteit. Voorbeeldplanne is, soos reeds genoem, deur die Sentrale Woningsraad in 1940 beskikbaar gestel. Die duursame boumateriaal wat vir die mure, dak en vloere voorgestel is, was tot ’n groot mate op die woningstrukture van Atteridgeville gebaseer.[68]

Die skrywer Mokgatle het die kwaliteit en aard van die woningstrukture in die volgende beskrywing bevestig:

> Though we were first opposed to its construction, the first houses built there turned out to be far better than our old homes at Marabastad. They were of good bricks, with good gardens, concrete baths built in, a good running water system, one tap in the yard and one in the bathroom, electric light, a coal stove, steel windows and two doors, one in front and one at the back. All had cement floors, but no ceilings or doors in the rooms, with the walls of the rooms not up to the ceiling. The houses were not plastered or painted inside. There were houses of four types, with two rooms, three rooms, four rooms and a few with five rooms. Compared with Marabastad and Schonplaats [*sic*] they were really a great improvement for the Africans of Pretoria. The location was also an improvement on Bantule-Newclare, which was far better than Marabastad and Schonplaats [*sic*].[69]...Atteridgeville provided many Africans with privacy which they never enjoyed in Marabastad and Schonplaats [*sic*].[70]

’n Eietydse navorsing wat intensiewe veldwerk in Atteridgeville onderneem het, het verklaar dat “[d]ie toestande ten opsigte van behuising ... ’n onbeskryflike verbetering [was] bo die huisvestingsgeriewe wat in Marabastad bestaan het ... en in ander Bantoewoonbuurtes aan die orde

68. A.C. Steenkamp, *Space, power and the body — the civil and uncivil as represented in the Voortrekker Monument and the Native Township Model*, PhD. Thesis, Technical University of Delft, 2008, pp. 143-144; M. Stals, *Fragmentation & unity. The search for the design of a ‘model township’. The case of Atteridgeville, Pretoria*, M.Sc. Dissertation, Katholieke Universiteit Leuven, 1998, p. 22; C.J.P. le Roux, The question of housing for Africans in Mangaung at Bloemfontein, 1945-1964, *Historia* 45(2), November 2000, p. 469; Central Housing Board, Housing in urban native areas, *Race Relations* 7(4), 1940, pp. 64, 68; D.M. Calderwood, Native housing, *South African Annual Review: A social and economic survey of the Union year 1953* 1(1), January 1953, p. 37; National Building Research Institute, *Interim reports of the research committee on minimum standards of accommodation*, Series DS 9, pp. 23-24.
69. N. Mokgatle, *The autobiography of an unknown South African*, p. 220.
Kyk ook C.M. Chipkin, Preparing for apartheid: Pretoria and Johannesburg, *in* R. Fisher *et al*. (eds), *Architecture of the Transvaal*, pp. 155-156.
70. N. Mokgatle, *The autobiography of an unknown South African*, p. 221.


© University of Pretoria

was".[71]

Die hedendaagse historikus Tom Lodge het die gebouestrukture beskryf as "...for its time Atteridgeville housing was of a relatively high quality".[72]

Die struktureel-duursame aard van die Atteridgeville-woningstrukture blyk in ooreenstemming met die genoemde kriteria te wees. Die huise is deur blanke bouers opgerig, wat 'n hoë standaard veronderstel het, en goeie boumateriaal is gebruik. Die enigste probleem in hierdie konteks was dat die kwaliteit en beskikbaarheid van die boumateriaal deur die oorlogtydse tekorte en prysstygings beïnvloed is.

Toeganklikheidskriteria

Toeganklikheidskriteria of -standaarde verwys na die ligging van en toegang tot dienste, hulpbronne, fasiliteite en infrastruktuur. Dit omvat ook behuising wat die gesondheid, veiligheid, gemak en voeding van die inwoners verseker deur die volhoubare toegang tot natuurlike en gemeenskaplike hulpbronne; veilige drinkwater; energiebronne vir kook, verhitting en beligting; sanitasie en wasfasiliteite; voedselbergplekke; vullisverwydering; dreinering; temperatuurreguleringsmeganismes; en nooddienste. Toeganklikheid behels geskikte behuising wat toegang (en dus ook vervoer) tot werksgeleenthede, gesondheidsorg, skole, kindersorg, ontspanning, winkels en ander sosiale fasiliteite insluit. Ten einde die reg op gesondheid van inwoners te beskerm, moet behuising ook afgeskei van besoedelingspersele en -bronne geleë wees. Behuising moet voorts toeganklik wees vir diegene wat daarop geregtig is, en dit sluit alle benadeelde groepe in die gemeenskap in wat spesiale behuisingsbehoeftes het en waaraan spesiale aandag geskenk moet word.[73]

Die inwoners van Atteridgeville het toegang tot die meeste noodsaaklike dienste en openbare fasiliteite gehad, wat met inagneming van die uitdagende oorlogsimpak op die boubedryf gelewer kon word: 'n Hedendaagse stadsbeplanner verklaar dat "...proper housing and adequate community

---

71. R.D. Coertze, *Atteridgeville. 'n Stedelike Bantoewoonbuurt*, p. 43.
72. T. Lodge, Political organisations in Pretoria's African townships, 1940-1963, *in* B. Bozzoli (ed.), *Class, community and conflict: South African perspectives*, p. 402.
73. Human Rights Education Associates, n.d., The right to housing: Introduction, www.hrea.org/index, access: 2014-08-03; D.M. Calderwood, Site selection in non-European housing estate layouts, *National Building Research Institute Bulletin* 7, December 1951, p. 2; D.M. Calderwood, The planning of non-European residential areas in South Africa, *National Building Research Institute Bulletin* 7, December 1951, pp. 4-5; M.D. Baldocchi, Sport grounds and town planning. Sound town-planning takes ample care of outdoor recreational needs, *Munisipale Aangeleenthede*, September 1944, p. 19; F.W. Jameson, The housing of natives by public bodies. Address before the annual conference of the Transvaal Municipal Association, at Pretoria, on October 7th, 1936, *Race Relations* 4(1), February 1937, pp. 30-31; National Building Research Institute, *Interim reports of the research committee on minimum standards of accommodation*, Series DS 9, pp. 17, 27-31.


© University of Pretoria

facilities were provided",[74] en hierdie infrastruktuur is beskou as "...the minimum standard required for modern urban life..."[75] "[and] to safeguard the welfare of the community."[76] Patricia Atteridge het die toegang van Atteridgeville-inwoners tot dienste, hulpbronne, fasiliteite en infrastruktuur met trots soos volg uitgebeeld:

> Churches and schools were built on modern lines to provide the schooling and moral development necessary. Recreational facilities and a library were provided. With a clinic, a soup kitchen and shops, it is a self-contained community, and a contented one. This is what it ought to be.[77]

Die voorsiening van elektrisiteit (beligting en kragpunte) vir elke woonhuis was uitsonderlik vir die tydperk. Binnenshuise watervoorsiening, toilet- en bad-/stortgeriewe was voorts 'n aanduiding van die Stadsraad van Pretoria se pogings om die lewensomstandighede van die swart inwoners te verbeter.[78] In Atteridgeville is voorsiening vir die toeganklikheid tot huisvesting vir 'n verskeidenheid van groepe gemaak, naamlik gesinne, enkellopendes en ook vir sorgbehoewende kinders in die Plek van Veiligheid, terwyl daar op 'n beslissing van die kinderhof gewag is.

Die vlak van toeganklikheid tot

> fasiliteite ... kan alleen as omvangryk vir die dertiger- en veertigerjare beskryf word. Die geheel het na uiterlike beplanning nie veel verskil van wat in die dertiger- en veertigerjare van 'n behuisingskema vir mindergegoede Blankes [Proklamasieheuwel-/Danville-skema] verwag kon word nie.[79]

Die huisvesting dienste en infrastruktuur kan dus met ander werkersklasbehuising vergelyk word, waar ras klaarblyklik in 'n mindere mate die kwaliteit van die beskikbaarheid (en toeganklikheid) tot dienste, infrastruktuur en behuising bepaal het.

Soos reeds aangedui was die beskikbaarheid, bekostigbaarheid en keuse van vervoerinfrastruktuur 'n netelige kwessie vir sowel die Stadsraad van Pretoria as die inwoners van Atteridgeville. Die ligging van Atteridgeville — dertien kilometer (agt myl; in ooreenstemming met voorskrifte)[80] — is meer deur die segregasiebeleid as deur gesonde oordeel en met inagneming van die afstand, tyd en koste van vervoer tussen woon- en werkplek, bepaal.[81] Hierdie ontoeganklikheid inherent aan die

---

74. L. van Biljon, Pretoria: Genesis and the successive evolutionary layers, *Planning History. Bulletin of the International Planning History Society* 15(2), 1993, p. 40.
75. P.H. Gúenault, The African in local government, *Race Relations* 13(2), 1946, p. 39.
76. P.H. Gúenault, The African in local government, *Race Relations* 13(2), 1946, p. 41.
77. M.P. Atteridge, Mrs. Atteridge on new native housing plan, *Rand Daily Mail,* 6 October 1947, p. 6.
78. M. Stals, *Fragmentation & unity. The search for the design of a 'model township'. The case of Atteridgeville, Pretoria*, M.Sc. Dissertation, Katholieke Universiteit Leuven, 1998, p. 95.
79. R.D. Coertze, Die gesinslewe in Atteridgeville, *in* J.F. Eloff, & R.D. Coertze (reds.), *Etnologiese studies in Suidelike Afrika*, p. 293.
80. F.W. Jameson, The housing of natives by public bodies. Address before the annual conference of the Transvaal Municipal Association, at Pretoria, on October 7th, 1936, *Race Relations* 4(1), February 1937, p. 30.
81. D.M. Calderwood, Site selection in non-European housing estate layouts, *National Building Research Institute Bulletin* 7, December 1951, p. 2; M. Stals, *Fragmentation & unity. The search for the design of a 'model township'. The case of Atteridgeville, Pretoria*, M.Sc. Dissertation, Katholieke Universiteit Leuven, 1998, p. 61.


© University of Pretoria

segregasionistiese ligging en uitleg van die woonbuurt het die "model"-aard van Atteridgeville ernstig in gedrang gebring.

Wat noodsaaklike dienste en infrastruktuur betref, kan Atteridgeville onteenseglik as 'n modelwoonbuurt beskou word. Ongelukkig het die toeganklikheid tot werksgeleenthede (vanweë die afstand tussen woon- en werkplek) en tot bekostigbare en tydbesparende vervoerinfrastruktuur as deel van hierdie kriteria die modelervaring teengewerk en benadeel.

Verblyfbeskermingskriteria

Met verblyfbeskermingskriteria of -standaarde word bedoel dat alle mense in enige verblyfooreenkoms 'n mate van beskerming teen gedwonge uitsetting, teistering en ander dreigemente geniet. Dit behels ook dat 'n owerheid 'n verpligting het om hierdie beskerming wetlik te verleen.[82]

Die inwoners van Atteridgeville is die belangrikste verblyfbeskermingskriterium ontneem, naamlik dié van eiendomsreg. Binne die segregasiekonteks kon stedelike swartes nie eiendom (grond of verblyfstrukture) besit nie. 'n Mate van 'n uitsondering het bestaan wanneer stedelike swartes hulle eie huise kon bou binne ekonomiese behuisingskemas. Dit was dan ook die versugting van baie van die eertydse inwoners van Marabastad vandat verskuiwing na Atteridgeville die eerste keer genoem is. Die Stadsraad van Pretoria het hierdie versoek ernstig opgeneem, herhaaldelik ondersoek, en daar is selfs 'n kontrak vir sodanige skema opgestel. Die oorlogtydse impak op die boubedryf en die swak ekonomiese posisie van stedelike swartes het egter 'n ekonomiese behuisingskema waar inwoners, binne streng munisipale voorskrifte, hulle eie huisvesting kon oprig, gedurende die 1940's nie realisties en uitvoerbaar gemaak nie.

Indien inwoners van Atteridgeville nie hulle huurgeld kon betaal nie, was dit die (onaangename) plig van die Superintendent van die Lokasie om hulle uit hulle huise te sit. Verblyfbeskerming was dus afhanklik van die betaling van huurgeld. Die Stadsraad van Pretoria het wel gepoog om die huurgeld en die ekonomiese vermoë van die bewoners met mekaar te versoen. Binne die moeilike oorlogtydse ekonomiese situasie was dit geensins 'n maklike taak nie.

Die beskerming van Atteridgeville se handelsfasiliteite teen blanke indringing en kompetisie deur slegs handelslisensies aan swart inwoners van Atteridgeville toe te ken, kan as 'n positiewe beskermingsmaatreël beskou word. Dit is ook so deur die inwoners van Atteridgeville beskou. Die Pretoria Gesamentlike Raad vir Blankes en Swartes het in sy ondersoek na handelsfasiliteite in die swart

82. Human Rights Education Associates, n.d., The right to housing: Introduction, www.hrea.org/index, access: 3 August 2014.



© University of Pretoria

woonbuurtes van Pretoria in 1944 soos volg oor bogenoemde aspek verslag gedoen:

> Africans in Pretoria [specifically Atteridgeville] 'congratulate the municipality on the progressive step it has taken in giving Africans exclusive trading rights in their own location. This step will enable Africans to learn to serve their own people and acquire business knowledge and technique.'[83]

Die beskerming van handelsfasiliteite kan as 'n positiewe verwikkeling beskou word. Verblyfbeskerming is deur die inwoners self verkry indien huurgeld gereeld betaal is, maar dit was gegewe die moeilike oorlogtydse ekonomiese omstandighede nie altyd 'n haalbare moontlikheid nie. Daar was egter geen eiendomsreg (en -beskerming) nie ten spyte van die aandrang daarop en pogings om dit te bewerkstellig. Hierdie was 'n pertinente tekortkoming.

Ekonomiese kriteria

Ekonomiese kriteria of standaarde verwys na die bekostigbaarheid van behuising (vir sowel die oprigter as die bewoner), verkieslik sonder subsidie. Dit omvat behuising waarvan die vlak van ekonomiese koste van so 'n aard is dat dit nie die vervulling van ander basiese behoeftes, veral voedsel, deur die bewoners in gedrang bring nie. Die owerheid moet seker maak dat behuising bekostigbaar is vergeleke met die inkomste van inwoners en waar nodig moet subsidies verskaf word aan diegene wat nie behuising kan bekostig nie. Verder moet huurders teen buitensporige huurgeld of huurgeldverhogings beskerm word.[84]

Die Sentrale Woningsraad het die Stadsraad van Pretoria in sy 1940-memorandum geloof vir die tenderprosedure wat gevolg is en wat aansienlike besparing teweeggebring het, omdat tenders vir meer as 100 huise op 'n slag aangevra is. Ander plaaslike owerhede is aangeraai om 'n soortgelyke prosedure te volg.[85] Die finansiële las op die Stadsraad van Pretoria het egter rasionele ekonomiese kriteria versaak: "[t]he one and seemingly insuperable obstacle is provided by the *exceptionally heavy loss which the City Council is forced to bear on the village*"[86] en die beskrywing van hierdie onderneming as die "good, but <u>expensive</u> Atteridgeville housing scheme"[87] bevestig hierdie

83. E. Gordin, Shopping problems in the Pretoria location, *Race Relations* 12(2), 1945, p. 35.
84. A.C. Steenkamp, *Space, power and the body — the civil and uncivil as represented in the Voortrekker Monument and the Native Township Model*, PhD. Thesis, Technical University of Delft, 2008, pp. 143-144; M. Stals, *Fragmentation & unity. The search for the design of a 'model township'. The case of Atteridgeville, Pretoria*, M.Sc. Dissertation, Katholieke Universiteit Leuven, 1998, p. 22; Human Rights Education Associates, n.d., The right to housing: Introduction, www.hrea.org/index, access: 3 August 2014; C.J.P. le Roux, The question of housing for Africans in Mangaung at Bloemfontein, 1945-1964, *Historia* 45(2), November 2000, p. 469; D.M. Calderwood, Native housing, *South African Annual Review: A social and economic survey of the Union year 1953* 1(1), January 1953, p. 37; D.M. Calderwood & P.H. Connell, Minimum standards of accommodation for the housing of non-Europeans in South Africa, *National Building Research Institute Bulletin* 8, June 1952, p. 3; W.S. Lunn, "One shilling a week". Some suggested improvements in sub-economic housing, *South African Municipal Magazine* 25, September 1941, pp. 3-9.
85. Central Housing Board, Housing in urban native areas, *Race Relations* 7(4), 1940, p. 68.
86. Pretoria City Council, Atteridgeville native township, Pretoria, *Public Works of South Africa*, April 1948, p. 27.
87. Pretoria City Council, Atteridgeville native township, Pretoria, *Public Works of South Africa*, April 1948, p. 28.



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

argument.

Soos in die vorige hoofstuk aangedui is, het die gemiddelde uitgawes aan huur (die kleinste huis teen £0.18.0 per maand) en vervoer in 1944 gemiddeld 17,14% van die totale gesinsinkomste beloop wat binne die internasionaal-aanvaarbare standaard (15-25%) vir ongeskoolde werkers was. Indien 'n groter huis gehuur is, sou die inkomstetekort verder verhoog het, en nog minder geld vir voedsel beskikbaar gelaat het. Onder die volgende kriteria sal aangedui word dat gesondheidsgewys 'n driekamerhuis as die minimumstandaard beskou is: 'n driekamer-skakelhuis se huurgeld het 12,32% en 'n driekamerhuis 13,66% van die gemiddelde gesinsinkomste beloop. Indien die vervoeruitgawe (7,50% van die gesinsuitgawes) in berekening gebring word, het hierdie persentasies onderskeidelik tot 19,82% en 21,16% gestyg. Die beskikbare inkomste vir gesonde voedsel het dan net nog verder afgeneem. Jameson het in 1937 aangedui dat huurgeld (plus vervoer) in Suid-Afrika nie meer as 'n kwart (25%), eerder 'n sesde (16,67%), van die inkomste moes beloop nie. [88]

Dit blyk wel dat die huurgeld wat die inwoners van Atteridgeville moes betaal, in die meeste gevalle, binne hulle vermoëns was. In hierdie opsig het Patricia Atteridge in 1947 verklaar dat

> [a] Native Advisory Board is elected by householders who are not in arrears in rent. The most recent election revealed the startling fact that most house holders have paid their rents up to date. This, for a native sub-economic scheme is very satisfactory.[89]

Wat oprigtingskoste van woningstrukture betref, het die Stadsraad van Pretoria, gegewe die oorlogsjareproblematiek en die vereiste om blanke bouers te gebruik, wel aan die ekonomiese kriteria voldoen. Huisvesting is so goedkoop as moontlik en sonder onnodige afwerkings opgerig. Dit was egter nie finansieel-volhoubaar nie, omdat dit aan die ekonomiese vermoë (onvermoë?) van die inwoners gekoppel was. Subekonomiese huisvesting was 'n té swaar las vir die plaaslike owerhede. Ten spyte van die subekonomiese aard was die huishuur steeds 'n (té?) groot uitgawe vir die gemiddelde swart stedelike gesin om by te bring en het dit 'n té groot gedeelte (saam met vervoeruitgawes) van die swart gesinsinkomste behels. In hierdie opsig is nie aan ekonomiese kriteria voldoen nie, aangesien minder geld beskikbaar was om 'n gesonde dieet te kon volg.

Gesondheidskriteria

Gesondheidskriteria of -standaarde verwys na woonbuurt- en woningomstandighede wat die

---

Beklemtoning deur myself.

88. F.W. Jameson, The housing of natives by public bodies. Address before the annual conference of the Transvaal Municipal Association, at Pretoria, on October 7th, 1936, *Race Relations* 4(1), February 1937, p. 29.

89. M.P. Atteridge, Mrs. Atteridge on new native housing plan, *Rand Daily Mail,* 6 October 1947, p. 6.



© University of Pretoria

gesondheid van die inwoners bevorder. Dit veronderstel behuising wat aan die inwoner voldoende ruimte; fisiese veiligheid; beskerming teen weersomstandighede; en beskerming teen gesondheidsgevare soos strukturele bedreigings en siektes, verskaf. Plaagbeheer is veral belangrik, nie net wanneer inwoners van krotbuurtes na nuwe woonbuurtes verskuif word nie, maar op ’n gereelde basis. Digtheid, oftewel, die aantal persone per woning, is hier veral van deurslaggewende belang.[90]

Die minimumstandaarde het teen 1947 bepaal dat, ten einde digtheid en oorbewoning te beperk, 80% van alle huise uit ten minste drie kamers moes bestaan waar nie meer as vyf mense gehuisves kon word nie. Bogenoemde persentasie is in 1949 na 72% verlaag. In Atteridgeville, wat voor die 1947-bepaling beplan en opgerig is, het 79,96% van die huise in die behuisingskema uit meer as twee kamers bestaan.[91]

Eietydse navorsers verwys na die woonbuurt- en woningomstandighede se impak op die gesondheid van die inwoners as ’n “netjiese Munisipale behuisingskema” wat ’n “skoon en netjiese indruk”[92] op die besoeker maak. Die mening is ook gehuldig dat ’n mens in Atteridgeville getref word “deur die skoon en netjiese strate en die wyse waarop die lokasie as geheel deur die munisipale owerheid versorg word.”[93]

Die Stadsraad van Pretoria het grootliks aan die eietydse gesondheidskriteria voldoen met die daarstelling van gesondheidsfasiliteite en dienste, die toepassing van plaagbeheer, en streng toepassing van gesondheidsregulasies, byvoorbeeld by die oprigting van hoenderhokke wat wel toegelaat is, mits dit aan munisipale regulasies voldoen het. Die hoeveelheid huise wat aan die digtheidsgesondheidskriterium van driekamerhuise voldoen het, was ook meer as die minimumstandaard. Die feit dat die huur- en voervoeruitgawes ’n té groot gedeelte van die gesinsinkomste uitgemaak het en dan té min geld vir ’n gesonde dieet beskikbaar gelaat het, moet as ’n bykomende kriteriumveranderlike in gedagte gehou word.

---

90. A.C. Steenkamp, *Space, power and the body — the civil and uncivil as represented in the Voortrekker Monument and the Native Township Model*, PhD. Thesis, Technical University of Delft, 2008, pp. 143-144; M. Stals, *Fragmentation & unity. The search for the design of a ‘model township’. The case of Atteridgeville, Pretoria*, M.Sc. Dissertation, Katholieke Universiteit Leuven, 1998, p. 22; Human Rights Education Associates, n.d., The right to housing: Introduction, www.hrea.org/index, access: 3 August 2014; C.J.P. le Roux, The question of housing for Africans in Mangaung at Bloemfontein, 1945-1964, *Historia* 45(2), November 2000, p. 469; Central Housing Board, Housing in urban native areas, *Race Relations* 7(4), 1940, pp. 68-69; D.M. Calderwood, Native housing, *South African Annual Review: A social and economic survey of the Union year 1953* 1(1), January 1953, p. 37.
91. C.J.P. le Roux, The question of housing for Africans in Mangaung at Bloemfontein, 1945-1964, *Historia* 45(2), November 2000, p. 469; R.D. Coertze, *Atteridgeville. ’n Stedelike Bantoewoonbuurt*, pp. 19-20; National Building Research Institute, *Interim reports of the research committee on minimum standards of accommodation,* Series DS 9, p. 20; Appendix II, pp. ix, xi; C.B. Schoeman, *’n Kritiese ondersoek na Bantoebehuising en standaarde met spesifieke verwysing na die blanke gebiede van Pretoria en Johannesburg*, M.Sc.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1975, p. 58.
92. D. van Eeden, *Die invloed van slegte behuising op die gesondheid van die Bantoebevolking in sekere Transvaalse gebiede*, M.Sc.-verhandeling, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, 1955, p. 13.
93. J.F. Eloff, *’n Volkekundige studie van aanpassing en ontwikkeling in die gesinslewe van die naturelle van Atteridgeville*, M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1952, p. 78.


© University of Pretoria

Maatskaplike kriteria

Maatskaplike kriteria of standaarde verwys na woonbuurt- en woonomstandighede wat ’n gesonde gesinslewe verseker en maatskaplike euwels, soos misdaad, teenwerk.[94]

Sendeling Junod het bogenoemde maatskaplike kriteria in terme van Atteridgeville in 1955 soos volg verwoord:

> Atteridgeville, a model village, which has proved that, when good conditions are provided, crime and delinquency fall to a minimum. I would not be surprised if it were found , as was the case in Vereeniging, that the simple move of Bantu people from an old slum into a decent township had decreased the incidence of crime by 85%.[95]

’n Onbekende eietydse skrywer het hierop voortgebou deur aan te voer dat

> the people who moved to Atteridgeville soon experienced the benefit of the change, for since 1939 this has been a Bantu garden city in the making, and life there is characterised by an orderly pattern, clean and tidy streets and houses, excellent educational, health and social services and a low incidence of crime.[96]

Salaminah Huma, ’n voormalige verpleegster werksaam in Atteridgeville van 1942-1982, het in 2003 toe sy reeds 91 jaar oud was, die volgende in herinnering geroep ten opsigte van misdaad: “We did not have [the high rate of] crime like we do now [2003], as it was safe for me to ride my bicycle after midnight to attend to a delivery”.[97]

Indien die maatskaplike kriteria aan bogenoemde uitsprake gemeet word, blyk dit dat Atteridgeville in ’n baie hoë mate daaraan voldoen het. Misdaadstatistiek is nie nagevors nie en bogenoemde aannames en persepsies kon dus nie kwantitatief bewys word nie.

Kulturele toepaslikheidskriteria

Kulturele toepaslikheidskriteria impliseer dat die manier waarop behuising opgerig word; die materiaal wat gebruik word; en die beleidsaspekte wat dit onderlê kulturele uitdrukking en behuisingsverskeidenheid in ag moet neem. Verder moet die ontwikkeling en modernisering van

---

94. A.C. Steenkamp, *Space, power and the body — the civil and uncivil as represented in the Voortrekker Monument and the Native Township Model*, PhD. Thesis, Technical University of Delft, 2008, pp. 143-144; M. Stals, *Fragmentation & unity. The search for the design of a ‘model township’. The case of Atteridgeville, Pretoria*, M.Sc. Dissertation, Katholieke Universiteit Leuven, 1998, p. 22; C.J.P. le Roux, The question of housing for Africans in Mangaung at Bloemfontein, 1945-1964, *Historia* 45(2), November 2000, p. 469.
95. H.P. Junod, The Bantu population of Pretoria, *in* S.P. Engelbrecht *et al.* (samestellers), *Pretoria (1855-1955): geskiedenis van die stad Pretoria*, p. 80.
96. Anon, From the slums of Bantule to Saulsville, *Pretoriana* 25, December 1957, p. 27.
97. M. Sibanda, Pheli legend in the making, *City Press*, 6 April 2003, p. 9.


© University of Pretoria

behuising in die algemeen die kulturele dimensies van behuising in stand hou, terwyl dit steeds vir moderne tegnologiese fasiliteite voorsiening moet maak.[98]

Dit blyk dat die model swart woonbuurt, geskoei op Westerse standaarde, nie altyd die (kulturele) gebruike en behoeftes van die stedelike inwoners in ag geneem het nie. ’n Paar voorbeelde om hierdie waarneming te staaf is die feit dat ’n gesonde en netjiese omgewing nie altyd gehandhaaf is nie en deur die oprigting van ander strukture deur die inwoners van Atteridgeville gekortwiek is. So is hoenderhokke tussen die netjiese huise opgerig. Die amptelike bevel om hierdie strukture, wat nie aan vasgestelde gesondheidsregulasies voldoen het nie, af te breek, het hewige kritiek vanuit inwonergeledere ontlok. ’n Strukturele toevoeging wat munisipale amptenare wel toegelaat het, was dié van ’n lapa aan die voor- of agterkant van die huis. Sommige navorsers tref ’n ooreenkoms tussen hierdie struktuur en soortgelyke strukture onder swartes in hulle tradisionele gebiede. Van die Atteridgeville-inwoners het ook verkies om nie die binnenshuise koolstowe vir kookdoeleindes te gebruik nie (dit is in die meeste gevalle as ’n stoor- en pakruimte gebruik), maar eerder buite oor ’n oop vuur kos te maak. Dit kan na hulle tradisionele gewoontes herlei word, maar kon ook die gevolg van gerief gewees het. Die binnenshuise koolstowe het die vertrekke in die somer baie warm gemaak.[99]

Die volkekundige Roelof Coertze was selfs die mening toegedaan dat die fasiliteite wat deel van die Atteridgeville behuisingskema uitgemaak het dalk té Westers was, en méér was as wat hulle vir hulleself in Marabastad tot stand gebring het.[100] Hy beweer “die ‘luukse’ aard van die munisipale huisvesting [was] ver bo die standaard ... wat die meeste inwoners as vereiste sou stel.”[101] Hierdie uitsprake bring moontlik die kulturele toepaslikheid van die infrastruktuur van Atteridgeville in gedrang.

Die argitek Connell sluit by Coertze aan wanneer hy aanvoer dat die uitleg en ontwerp van swart stedelike woonbuurtes, ten spyte van grootskaalse verbetering in die behuisings- en gesondheidstandaarde, in die algemeen die swart tradisionele argitektuur heeltemal buite rekening gelaat het met die beklemtoning en navolging van Westerse uitlegte en ontwerpe. Dit het onder meer die gevolg gehad dat ’n intimiteits- en gemeenskapsgevoel ontbreek het met gevolglike gevoelens

98. Human Rights Education Associates, n.d., The right to housing: Introduction, www.hrea.org/index, access: 3 August 2014.
99. Transvaal Archive Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/4/14/1/3, Minutes of the Native and Asiatic Administration Committee, 18 April 1941, item 2(t): Fowl runs, p. 58; M. Stals, *Fragmentation & unity. The search for the design of a ‘model township’. The case of Atteridgeville, Pretoria*, M.Sc. Dissertation, Katholieke Universiteit Leuven, 1998, pp. 61-63; J.F. Eloff, *’n Volkekundige studie van aanpassing en ontwikkeling in die gesinslewe van die naturelle van Atteridgeville*, M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1952, p. 78; R.D. Coertze, *Atteridgeville. ’n Stedelike Bantoewoonbuurt*, pp. 44-45, 142.
100. R.D. Coertze, Die gesinslewe in Atteridgeville, *in* J.F. Eloff, & R.D. Coertze (reds.), *Etnologiese studies in Suidelike Afrika*, p. 294.
101. R.D. Coertze, *Atteridgeville. ’n Stedelike Bantoewoonbuurt*, p. 196.


© University of Pretoria

van apatie, onbelangrikheid en marginalisering onder die inwoners van swart stedelike woonbuurtes. Verder het die feit dat tradisionele kleurversierings van wonings nie toegelaat en dit nie plaasgevind het nie eentonigheid versterk. Hy het ook verklaar dat die visuele perspektief en behoeftes van die swart bewoners nie in ag geneem is nie.[102]

Die standpunte van beide Coertse en Connell kan na aspekte van die segregasie-ideologie teruggevoer word, naamlik die beskerming en bewaring van die swart kulture, en die geleidelike (en aparte) ontwikkeling en aanpassing van stedelike swartes by die Westerse kultuur (in hierdie geval, die Westerse stadsbeplanning, argitektuur en huisplanne). Die Stadsraad van Pretoria het dan ook in die oprigting van Vlakfontein (later Mamelodi) gepoog om die tradisionele swart argitektuur in die uitleg en huisplanne te gebruik. Dit was egter nie ’n geslaagde poging nie.

Wanneer blanke uitsprake in ag geneem word, kan aangevoer word dat Atteridgeville nie aan kulturele toepaslikheidskriteria voldoen nie. Die feit dat die kultuurtoepaslike (vanuit ’n blanke perspektief) woningstrukture by Vlakfontein oorwegend deur swart stedelinge afgekeur is, dui in alle waarskynlikheid daarop dat ’n diskrepansie tussen blanke menings oor en swart belewinge van die Westerse stedelike kultuur en die aanpassing van swartes daarby bestaan het.

Menswaardigheidskriteria

Menswaardigheidskriteria of -standaarde verwys na *voldoende, geskikte* of *menswaardige* behuising wat die inwoners se fisiese en geestelike gesondheid sou verseker. Dit verwys met ander woorde na die emosionele en sielkundige belewing van die woonbuurt en die verblyfstrukture, en of die inwoners van die woonbuurt en wonings dit as ’n *aangename* leefruimte wat ’n *gemaklike* leefervaring en beter *lewenskwaliteit* as vroeër behels het, ervaar.[103] Op die mees basiese vlak behels hierdie kriterium die erkenning dat “[t]he Native housing problem is ... a <u>human</u> problem”[104] en dat model swart woonbuurtes wat die mens — die swart stedeling — voor oë hou en “breathe an atmosphere of home life”[105] uiteindelik die toets van “model”-wees sou slaag.

---

102. P.H. Connell, Native housing and its architectural aspects, *South African Architectural Record* 32(6), June 1947, pp. 168-171; F. Demissie, Controlling and ‘civilising natives’ through architecture and town planning in South Africa, *Social Identities: Journal for the Study of Race, Nation and Culture* 10(4), 2004, p. 497; R.M. Frean, Aesthetics in the planning and lay-out of low-cost native housing, *South African Architectural Record*, January 1957, pp. 22-34.
103. Human Rights Education Associates, n.d., The right to housing: Introduction, www.hrea.org/index, access: 3 August 2014; A.J. Cutten, Native housing, *Race Relations Journal* 19(1), 1952, p. 23.
104. F.W. Jameson, The housing of natives by public bodies. Address before the annual conference of the Transvaal Municipal Association, at Pretoria, on October 7th, 1936, *Race Relations* 4(1), February 1937, p. 27.
105. F.W. Jameson, The housing of natives by public bodies. Address before the annual conference of the Transvaal Municipal Association, at Pretoria, on October 7th, 1936, *Race Relations* 4(1), February 1937, p. 28.


© University of Pretoria

Die doel van die Stadsraad van Pretoria met die oprigting van Atteridgeville is deur 'n moderne stadsbeplanner soos volg uiteengesit: "The council then put the wheels in motion to provide living conditions 'worthy of human habitation' for its black population."[106]

'n Woordvoerder van die Stadsraad van Pretoria het in 1943 verklaar dat die Stadsraad van Pretoria

> ... set out to improve the circumstances of its Native community by the elimination of slums and the provision of respectable residential areas, together with many up-to-date amenities for educational, social and hygienic advancement... the reaction of the inhabitants to their new and improved environment provide convincing proof of the ... success of the scheme. Everywhere the houses are surrounded by well laid out gardens and much other evidence that the people living there are happy and contented.[107]

Tydens die ondersoek van die Beardmore-kommissie na die busdienste in Atteridgeville het die Kommissie in sy verslag dit onomwonde gestel dat dit uit getuienis voor die Kommissie geblyk het dat daar 'n versugting onder inwoners was "to own property and to 'live like human beings'".[108] Patricia Atteridge het wel ingenome verklaar dat "[t]he Africans were perfectly willing to go [from Marabastad to Atteridgeville], as they were going from slums to houses with decent human amenities."[109]

Zacharia Zebulon Mashao (ook bekend as "ZZ") het in 1945 na Atteridgeville getrek. Hy het Atteridgeville in 2003 soos volg beskryf: "All the streets in the township were tarred, there was water-borne sewerage and electricity and the township was beautiful and worthy to be called a residential area".[110] Dit behoort nie té vergesog te wees om hieruit die afleiding te maak dat Atteridgeville tot 'n mate nader beweeg het aan die ontwykende aangename en gerieflike leefervaring van 'n woongebied — 'n tuiste, en nie net 'n blyplek nie.

Sendeling Junod het in 1955 die Stadsraad van Pretoria lof toegeswaai en beweer dat "... Pretoria has made a praiseworthy effort to give a substantial part of its native population conditions of living which would honour any human community".[111] Hierdie weergawes van die situasie in Atteridgeville

106. L. van Biljon, Pretoria: Genesis and the successive evolutionary layers, *Planning History. Bulletin of the International Planning History Society* 15(2), 1993, p. 40.
Beklemtoning deur myself.
107. City Council of Pretoria, Atteridgeville — a model township near Pretoria, *South African Architectural Record*, July 1943, p. 159.
108. U.G. 31-1944: Union of South Africa *Report of the commission appointed to enquire into the operation of bus services for non-Europeans on the Witwatersrand and the districts of Pretoria and Vereeniging*, par. 35(d), p. 2.
Beklemtoning deur myself.
109. M.P. Atteridge, Mrs. Atteridge on new native housing plan, *Rand Daily Mail,* 6 October 1947, p. 6.
Beklemtoning deur myself.
110. P. Hlahla, Atteridgeville: The turmoil and triumphs. The first black township in Pretoria to have street names, *Pretoria News*, 10 September 2003, p. 4.
Beklemtoning deur myself.
111. H.P. Junod, The Bantu population of Pretoria, *in* S.P. Engelbrecht *et al.* (samestellers), *Pretoria (1855-1955): geskiedenis van die stad Pretoria*, p. 80.
Beklemtoning deur myself.



© University of Pretoria

gedurende die 1940's het ongelukkig net vir 'n baie kort tydperk vir 'n baie klein gedeelte van stedelike swartes onder beheer van die Stadsraad van Pretoria gegeld teen 'n astronomiese koste vir die plaaslike owerheid.

Indien die aanvanklike situasie in Atteridgeville met die krotbuurttoestande van Marabastad vergelyk word, het dit verseker aan aspekte van die menswaardigheidskriteria voldoen. Dit was beslis aangenamer, gemakliker en gesonder om in Atteridgeville te woon. Tog het die inwoners in Atteridgeville nie eiendomsreg van hulle huise gehad nie, wat uit die bevindinge van die Beardmore-kommissie klaarblyklik as sinoniem met menswaardigheid beskou is.

Die tien tydgenootlike kriteria en hoe Atteridgeville as modelwoonbuurt daaraan gemeet is, word in die volgende tabel uitgebeeld:

Tabel 2: Atteridgeville gemeet aan tydgenootlike kriteria

| KRITERIA | POSITIEF | NEGATIEF | GEVOLGTREKKING |
|---|---|---|---|
| **Stadsbeplanning** | Voldoen aan terrein- en uitlegvereistes. | Eentonigheid. | **90%** |
| **Argitektuur** | Gestroopte afwerking, met gemak en privaatheid. | Neem lank om te bou; onafgepleisterde binnemure en geen plafonne nie. | **80%** |
| **Struktureel-duursaam** | Gehalte arbeid en voorgestelde boumateriaal. | Koste van blanke arbeid. | **90%** |
| **Toeganklikheid** | Voorgeskrewe dienste en infrastruktuur. | Vervoerontoeganklikheid. | **60%** |
| **Verblyfbeskerming** | Handelsregte beskerm. Huurgeldbetaling gekoppel aan verblyfreg. | Geen eiendomsreg nie. | **70%** |
| **Ekonomies-haalbaar** | Kostes is so laag as moontlik gehou. | Las té swaar vir Stadsraad en inwoners. | **50%** |
| **Gesondheid** | Voldoen aan (en oorskry) digtheidsriglyne. | Ekonomiese las van huurgeld werk hongerdieet in die hand. | **70%** |
| **Maatskaplik** | Klaarblyklike afname in misdaad. | Afname in misdaad nie onteenseglik bewysbaar nie. | **70%** |
| **Kultureel-toepaslik** | Swart inwoners inkorporeer kulturele en Westerse standaarde. | Blanke amptenare onder die indruk dat Westerse standaarde te hoog is. Kulturele argitektuur afgeskeep. | **70%** |
| **Menswaardigheid** | Groot verbetering op krotbuurtes. | Geen eiendomsreg nie. | **80%** |
| **TOTAAL** | | | **73%** |

Ontwerp en saamgestel deur K. Sevenhuysen (Pretoria, 2023).


© University of Pretoria

## 3. Atteridgeville — 'n "model native township", vír en ín sy tyd?

Die eietydse verwysings na Atteridgeville as 'n "model native township" is oorvloedig in kwantiteit en kwaliteit. Hierdie verwysings was in die meeste gevalle by monde van blankes (wat nie noodwendig as legitiem beskou behoort te word nie) — munisipale amptenare; ander blankes werksaam onder die voormalige inwoners van Marabastad en dan later onder die nuwe intrekkers van Atteridgeville; asook blankes in diens van die Sentrale Woningsraad en die Departement van Naturellesake; en dan ook historici wat die argiefdokumentasie van die Stadsklerk van Pretoria bestudeer het:

> The best examples of these types [of dwellings] are to be seen in the new Pretoria ... location scheme. These designs show a great step forward in providing for the sociological, sanitary, and hygienic needs of the family.[112]
>
> The only other location in the Union that could compare favourably with the Pretoria location [Atteridgeville] was that of Port Elizabeth... Bantule fell far short of the Atteridgeville standard, ...[113]
>
> ... a first class Native Location like Atteridgeville... the new model Location at Atteridgeville ...[114]
>
> The aim of the City Council of Pretoria's Native and Asiatic Affairs Committee (NAAC) was to create a model location.[115]
>
> Bantu people who formerly lived in hovels are today [1946] housed in neat, up-to-date, houses, in which they take an enormous pride. The houses are well furnished, and it is a pleasure to find how much the possession [*sic*] of such a house in a model location can enhance the self-respect of the occupants.[116]
>
> Generally regarded as one of the two best and held by many as *the* best native location in the Union ... Atteridgeville has developed into what one might term a 'showplace' of its kind in the Union, and there are few visitors to South Africa who, provided they are interested in native affairs, do not make a special effort when they are in Pretoria, to visit Atteridgeville.[117]
>
> There is no gainsaying the fact that Atteridgeville is a model village. [118]
>
> Baie deskundiges beskou hierdie skema as die beste van sy soort in Suid-Afrika.[119]
>
> [It] is universally regarded as one of the best efforts by South African municipalities for

112. Central Housing Board, Housing in urban native areas, *Race Relations* 7(4), 1940, p. 68.
113. Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 3/4/1093, File 89/8, Report of inspection of Pretoria locations, hostels, compounds, etc. Inspection Mr. C.A. Heald, 1942-1943, 15 October 1942.
114. Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA 1/1/1/85, Minutes of the City Council of Pretoria, 29 June 1945, item 8: Proposed establishment of a maintenance section, Native and Asiatic Administration Department, p. 148.
115. M. Malan, *The black community of Pretoria, 1923-1939*, M.A. Dissertation, University of Pretoria, 1996, p. 65.
116. C.W. Sinclair, Success of Pretoria municipal housing scheme, *Outspan* 40(1026), 25 October 1946, p. 93.
117. Pretoria City Council, Atteridgeville native township, Pretoria, *Public Works of South Africa*, April 1948, p. 23.
118. Pretoria City Council, Atteridgeville native township, Pretoria, *Public Works of South Africa*, April 1948, p. 27.
119. Stadsraad van Pretoria, *Die stad Pretoria: amptelike gids*, p. 217.



© University of Pretoria

their Bantu population.[120]

Die beskrywing van Atteridgeville as 'n "model native township" deur argitekte (eietyds en hedendaags) kan as meer geloofwaardig beoordeel word. Tog was hulle deel van die modernistiese entoesiasme met Atteridgeville as die spoggerige vertoonstuk en vergestalting van hulle teoretiese idealisme en visualiserings: So verklaar Calderwood "... as the Second World War commenced, Pretoria was completing a very good Native Township at Atteridgeville".[121] Die gevolgtrekkings van Marisa Stals in haar meestersverhandeling in argitektuur verskaf meer realistiese gevolgtrekkings oor die aard van Atteridgeville as 'n model swart woonbuurt vír en ín sy tyd. Sy identifiseer drie elemente wat Atteridgeville as "uniek", "verskillend/beter", en dan selfs as 'n "model" en "'n voorbeeld vir ander" kan laat uitstaan, veral dan vergeleke met die latere standaardbouplanne van die 1950's, naamlik:

> [t]he honest intention of the small minority of the local White society who truly believed in alleviating the inhuman living conditions in the existing African urban community in early 20th century Pretoria;
> [t]he morphology of the urban layout in terms of the provision of a social infrastructure, as well as the engineering infrastructure and services;
> and more importantly,
> [t]he quality of the dwelling units' typology as compared with the NBRI's NE 51 Standard Plans [of the 1950s].[122]
> The PCC [Pretoria City Council] had the intention of making Atteridgeville a 'model township'. Their initial plan to facilitate adequate and qualitative public and community facilities had the potential of truly making Atteridgeville 'different' if not 'better' than the existing locations of Pretoria. Great care had been taken with the urban layout, choice, positioning and amount of public facilities ... that would have contributed to a positive quality of urban life.[123]

Daar kan met redelike oortuiging gebaseer op eietydse en hedendaagse evaluerings en uitsprake verklaar word dat Atteridgeville *gekwalifiseerd* as 'n model swart woonbuurt gemeet aan tydgenootlike kriteria vir model swart woonbuurtes beoordeel kan word. Atteridgeville was nie "perfek" nie, veral nie finansieel vir die Stadsraad van Pretoria, en dan ook nie vir die inwoners nie. Hulle het nie hulle huise besit nie; die vervoersituasie was uiters problematies, en ekonomies en tydsgewys uitmergelend — Atteridgeville as model swart woonbuurt het dus gefaal wat betref die afstandkriterium; en bowenal het die inwoners binne die segregasionistiese beleidskonteks nie werklik 'n keuse gehad oor waar hulle kon woon nie. Daar is vír hulle besluit en beplan, baie selde

120. H.P. Junod, The Bantu population of Pretoria, *in* S.P. Engelbrecht *et al.* (samestellers), *Pretoria (1855-1955): geskiedenis van die stad Pretoria*, p. 78.
121. D.M. Calderwood, *Native housing in South Africa*, D.Arch. Thesis, University of the Witwatersrand, 1953, p. 3. Beklemtoning deur myself.
122. M. Stals, *Fragmentation & unity. The search for the design of a 'model township'. The case of Atteridgeville, Pretoria*, M.Sc. Dissertation, Katholieke Universiteit Leuven, 1998, p. 92.
123. M. Stals, *Fragmentation & unity. The search for the design of a 'model township'. The case of Atteridgeville, Pretoria*, M.Sc. Dissertation, Katholieke Universiteit Leuven, 1998, pp. 94-95.


© University of Pretoria

sáám met hulle.[124]

## 4. Slotbesinning

’n Historiese evaluering van “model native townships” in Suid-Afrika tot die 1940’s van die 20ste eeu ten einde te bepaal of dit as “the pinnacle of perfection” getipeer kan word, noodsaak ’n versigtige besinning deur die historiese navorser. In hierdie besinning en evaluering wat in die derde dekade van die 21ste eeu plaasvind, is dit van kardinale belang vir die navorser om tussen die beskrywings van “vogue” en “woke” te onderskei en ’n balans tussen hierdie uitgangspunte te vind. In hierdie opsig verwys “vogue” na die historiese konteks, van wat as aanvaarbaar en geldend binne ’n heersende tydperk beskou is;[125] ***en*** “woke” na hiperbewus, sensitief (selfs obsessief) wees vir diskriminerende en uitbuitende woordgebruik en interpretasies.[126] Dit behoort nie die een of die ander te wees nie, maar ’n **bewustheid** van beide. Die bewese en geleefde diskriminerende aspekte tydens die segregasietydperk moet gekonfronteer en erken word, en met ’n kontekstuele verledebegrip verklaar en verduidelik word. Ontkenning, ignorering en stilte is die grootste sondebok in hierdie evaluerende wisselwerking tussen die verlede en die hede. Hierdie uitgangspunt behoort tot balans, nuanse en beter histories-verwante begrip, uitsprake en evaluering aanleiding te gee. Dit veronderstel egter die onbevange dog kritiese bestudering van die verledegetuienisse voordat daar in die hede gekritiseer of selfs krities geëvalueer en ’n oordeel gevel word.

In noue aansluiting hierby moet die historikus ’n verdere kwessie uitklaar: moet die getuienis en wete, uit ’n agternaperspektief en met inagneming van die gedeelde ervaringe en geleefde realiteit, van die belewinge van die lydende partye onder die segregasiebeleid tot ’n morele evaluering en sterk afkeur[127] of ’n histories-gekontekstualiseerde en -gekonseptualiseerde besinning aanleiding gee? Moet die uitgangspunt dié van die ontslape Aartsbiskop Desmond Tutu wees van

> because the tree [segregation] was bad the fruit [model native townships] also had to be bad ... that ultimately it is irrelevant whether racism [or segregation/modernism/paternalism] sometimes produced good results?[128]

Is ’n meer histories-metodologies-gepaste nabetragting eerder dié van die afgestorwe skrywer Dan Sleigh, soos verwoord in sy credo vir geskiedenisnavorsing? Hy verklaar dat

> [d]it word verwag dat die geskiedkundige hom [*sic*] toespits op ontleding en vertolking van dokumente in hul verskeidenheid van vorms (tekste, kaarte, planne, ensomeer),

---

124. G.M. van der Waal, *Van mynkamp tot metropolis. Die boukuns van Johannesburg 1886-1940*, p. 171.
125. Oxford Languages, 2023, https://languages.oup.com/google-dictionary-en/, access: 15 May 2023.
126. Algemene Woordeboek van Eietydse Afrikaans (AWEA), 2023, https://viva-afrikaans.org/, toegang: 15 Mei 2023.
127. D. du Bruyn & M. Oelofse, “A hygienic native township shall be developed”: The founding and development of Batho as Bloemfontein’s “model location” (c.1918-1939), *Historia* 64(2), November 2019, p. 77.
128. D. Tutu, Foreword, *in* T.R.H. Davenport & C. Saunders, *South Africa. A modern history*, Fifth edition, p. xix.



© University of Pretoria

> moreel neutraal bly, objektiwiteit nastreef en subjektiwiteit afsweer, redelik en ewewigtig is in sy [*sic*] uitsprake, nie die waardes en oordele van die hede op verlede gebeure toepas nie, nie veralgemenings maak of ander s'n herhaal nie, en dat hy [*sic*] alle tekens van onkunde en vooroordeel uit sy [*sic*] werk weer en geen politieke ideologie in sy teks bedryf nie.[129]

Wat ook voor oë gehou moet word, is dat hierdie historiese evaluering 'n veelheid van ineengestrengelde aspekte in ag moet neem: die historiese konteks; die heersende en beïnvloedende konseptuele gedagtewêreld; die blanke beleidmakers en -uitvoerders; diegene aan die ontvangkant van die beleid — die mense (blanke belastingbetalers en swart inwoners); die fisiese strukture wat tot stand gekom het; die belewinge en persepsies van die skeppers én die inwoners van die fisiese strukture; en die interpretasies en persepsies van die navorser.

Die "model native township" was 'n fragment, 'n kategorie van grondgebruik, van 'n "model"-wêreld wat teoreties verbeel, bedink en gevisualiseer is. Dit kan voorts as 'n boublok in die daarstelling van paternalistiese beheer en toesig oor swart stedelike inwoners getipeer word, terwyl paternalisme in sy voorskriftelike sin die grondslag vir die "model" daargestel het.[130] In hierdie visualisering, daarstelling en beheer was die fokus op liberale of sagte paternalisme, die sogenaamde "minder negatiewe" of "meer positiewe" kant van paternalisme. Tog moet erken word dat die "naelstring"-kenmerke van paternalisme die rol van blankes as agente van omgee, sorg en gewetensplig beklemtoon het,[131] terwyl die swart inwoners teenoor wie gewetensussend opgetree het, grootliks passiewe ontvangers — die arbeidspionne en -kommoditeite — van hierdie welsyn was.

Die teenstrydighede en inkonsekwenthede inherent aan sowel paternalisme as segregasie moenie noodwendig as 'n struikelblok in historiese evaluering gesien word nie. Dit moet eerder as 'n hulpmiddel gesien word om al die nuanses en subtiele onderstrominge te herken, want dit

> provide historians with the means with which to evaluate moral conduct. They allow us, simultaneously, to empathise with political actors' fears and dilemmas; as well as to criticise the shortcomings of their political perspectives.[132]

Die morele verpligting wat baie blankes ervaar het (of voorgegee het om te ervaar?) en aan filantropie gegrens het, is in 1940 soos volg verwoord

---

129. M. Burden, 1 Augustus 2023, Dan Sleigh "een van mees toegewyde historici van sy tyd", https://www.netwerk24.com/netwerk24/kunste/boeke/dan-sleigh-een-van-mees-toegewyde-historici-van-sy-tyd, toegang: 18 Augustus 2023.
130. A.L. Torr, Lamontville — Durban's "model village": The realities of township life, 1934-1960, *Journal of Natal and Zulu History* 10, 1987, p. 117.
131. I. Evans, *Bureaucracy and race. Native administration in South Africa*, pp. 282-283; R. Kadalie, 21 Julie 2020, Die slagofferslas en boeie van wit skuld, https://maroelamedia.co.za/debat/meningsvormers/die-slagofferlas-en-boeie-van-wit-skuld/, toegang: 21 Julie 2020.
132. D. Atkinson, Patriarchalism and paternalism in South African "native administration" in the 1950s, *Historia* 54(1), May 2009, p. 278.



© University of Pretoria

> [in the] fulfilment of our ideal [model?] of trusteeship towards the less privileged[133] ...in the exercise of our 'trusteeship', ... , we are faced with a complex of problems which demand the best of which we are capable in thought and action... apart from governmental or municipal intervention, apart from all theorizing, the matter is largely a personal one. The best lubricant is Christian kindliness and forbearance.[134]

Dit is baie moeilik om 'n regverdige oordeel te vel en te evalueer of hierdie morele verpligting voorgee was en of dit werklik sekere blankes voortgedryf het om die lewensomstandighede van stedelike swartes met opregtheid te verbeter, al was dit dan binne 'n moreel-gedoemde en verdoemende segregasieraamwerk.

Selfs waar ondertone van die sanitasie-sindroom sterk deurskemer, het die verpligting, met meerderwaardige ondertone, wat blankes op hulleself gelê het, sterk na vore getree:

> The European population of South Africa, more particularly that in urban areas, is just beginning to realise that it owes a duty to the native and that given satisfactory living conditions and a healthy environment, he becomes an efficient and law abiding citizen.[135]

Die twee teenstrydige komponente van moderniteit is reeds vroeër geïdentifiseer en beide die vernuwende en kreatiewe "modernisation as adventure"[136] en die rigiede en beherende "modernisation as routine"[137] kon gedurende die onderhawige tydperk geïdentifiseer, geanaliseer en hier geëvalueer word. In sy eenvoudigste vorm en toegepas op die navorsingstema kan die inherente teenstrydighede in — die twee pole van — modernisme as die mens versus struktuur aangetoon word.[138] Aanvanklik is die model bedink, ontwikkel en daargestel om 'n oplossing vir die mense in krotbuurtes te vind en 'n beter ruimte te skep — 'n "model of space".[139] Hier het die filantropie, sagte paternalisme en liberale segregasie die oorhand gehad, en kan die beweging (en verskuiwing!) van die negatiewe na die kreatiewe as progressie (vooruitgang) geëvalueer word. As gevolg van die regerings- en beleidsverandering (segregasie na apartheid) het die struktuur en die beheer van die mens aan die hand van die struktuur begin oorheers[140] — 'n "model of governance"[141] en beheer.[142]

---

133. J.S. Allison, Urban native legislation, *Race Relations* 7(4), November 1940, p. 54.
134. J.S. Allison, Urban native legislation, *Race Relations* 7(4), November 1940, p. 62.
135. G.E. Pearse, Preface, *in* P.H. Connell *et al.*, *Native housing: A collective thesis*, p. i.
136. M.C. Oranje, *The language game of South African urban and regional planning: A cognitive mapping from the past into the future*, PhD. Thesis, University of Pretoria, 1997, p. 49.
137. M.C. Oranje, *The language game of South African urban and regional planning: A cognitive mapping from the past into the future*, PhD. Thesis, University of Pretoria, 1997, p. 49.
138. L. van Biljon, Pretoria: Genesis and the successive evolutionary layers, *Planning History. Bulletin of the International Planning History Society* 15(2), 1993, p. 43.
139. S.M. Jackson, Cape colonial architecture, town planning, and the crafting of modern space in South Africa, *Africa Today* 51, 2005, p. 34.
140. H.J. Simons, The claims of the African in municipal government, *Race Relations* 13(2), 1946, p. 48; J. Robinson, The politics of urban form: Differential citizenship and township formation in Port Elizabeth 1925-1945, *Kronos: Journal of Cape History* 20, November 1993, pp. 56-57.
141. S.M. Jackson, Cape colonial architecture, town planning, and the crafting of modern space in South Africa, *Africa Today* 51, 2005, p. 35.
142. A.C. Steenkamp, *Space, power and the body — the civil and uncivil as represented in the Voortrekker Monument and the Native Township Model*, PhD. Thesis, Technical University of Delft, 2008, pp. 139, 141; S. Hall & B. Gieben (eds), *Formations of modernity*, p. 257; H.J. Simons, The claims of the African in municipal government, *Race Relations* 13(2), 1946, p. 48; S.M.



© University of Pretoria

Hier het verstarring en steriliteit ingetree met "finale" resepmatige voorbeeldplanne; onwrikbare burokrasie; en het die vervanging in swart administrasie van paternalisme en morele oordeel in die nie-toepassing van sekere wetsbepalings met professionaliteit en meedoënlose afdwinging van wetsbepalings die botoon gevoer. Hierdie verskuiwing van die kreatiewe na die rigiede kan as regressie (agteruitgang) geëvalueer word. 'n Nie-te-vergesogte afleiding kan gemaak word dat beide segregasie en apartheid in modernistiese terme as "suksesvol" geëvalueer kan word omdat elkeen 'n ander element van modernistiese teenstrydigheid openbaar het.

Die absolute verbluffende aanhang van, obsessie met, selfs geloof in die wetenskap en die rede onder moderniste as oplossing vir die probleme van die tyd deur middel van doeltreffendheid, beplanning en sanitasie is moeilik om te begryp en te evalueer. Argitektuur en stadsbeplanning, onder invloed van modernisme, het lewe, wetenskap en kuns gesintetiseer. Dit het die impetus verleen om die mens se omgewing te verbeter deur die praktiese toepassing van kennis afkomstig van die eietydse ekonomie, wetenskap en kuns aan die hand van drie afhanklike elemente: 'n wetenskaplike teorie (die beskikbaarheid van relevante feitelike wetenskaplike kennis); 'n logiese program (die interpretasie van die teorie soos van toepassing op mense en hulle behoeftes, en die opstel van beginsels en standaarde vir die optrede wat daaruit moes voortspruit); en die praktiese optrede (die praktiese interpretasie en toepassing deur konkrete/realistiese omstandighede in ag te neem waarbinne die program uitgevoer en gerealiseer kon word).[143] Daar is idealisties gedurende die 1940's beweer dat

> [r]ealisation depend[s on] all the workers by hand and by brain who must shape the future of mankind. The planned town will come as an integral part of planned society. And with it will come the ... task and opportunity: To create for the 'good life' a beautiful world to live in.[144]

In sy evaluering van hierdie idealisme voer die stadsbeplanner Mark Oranje aan dat

> ... reason, as expressed through science and practised by rational 'men', was able to provide the information/intelligence ... to better understand the dynamics and challenges ..., and act upon it... The logic was simple — the better the intelligence, and the stronger the will, the better the plan and the surer the realisation of the desired outcomes.[145]

Die stadsbeplanner Peter Wilkinson lig die sluier effens sodat die navorser groter begrip verkry vir

---

Jackson, Cape colonial architecture, town planning, and the crafting of modern space in South Africa, *Africa Today* 51, 2005, p. 51; A. Mabin & D.P. Smit, Reconstructing South Africa's cities? The making of urban planning 1900-2000, *Planning Perspectives* 12 (2), 1997, p. 205; L.J. Oakenfull, Fifty years of planning practice: Missing the link, *in* Planning History Study Group, *Proceedings of the symposium on South African planning history*, pp. 59, 65; I. Evans, *Bureaucracy and race. Native administration in South Africa*, pp. 294-295.

143. K. Jonas, Introduction, *in* The South African Architectural Record, *Townplanning. Proceedings of a congress devoted to townplanning*, pp. 3-4; I. Evans, *Bureaucracy and race. Native administration in South Africa*, pp. 285-286.

144. K. Jonas, Introduction, *in* The South African Architectural Record, *Townplanning. Proceedings of a congress devoted to townplanning*, p. 4.

145. M. Oranje & A. Merrifield, National spatial development planning in South Africa 1930-2010: An introductory comparative analysis, *Town and Regional Planning* 56, 2010, p. 31.



© University of Pretoria

die beheptheid en obsessiewe gedrewenheid wat daar bestaan het om model (swart) woonbuurtes te verbeel, te visualiseer en in die praktyk te laat realiseer:

> From our ... vantage point in the [third decade of the 21st century], this set of ideas must appear naive, antiquated and even faintly ridiculous. But it was not so — or at least it seems not to have been so for a substantial proportion of the literate, educated population of the time — and it requires an act of historical imagination to understand the belief that such people invested in the concepts of 'modernity' and 'progress'.[146]

Twee modernistiese teenstrydighede moet laastens evaluerend uitgewys word. Inherent aan die woord "model" is die teenpool — die "nie-model". Die krotbuurtes (Marabastad en Bantule) word gejukstaponeer met die model (Atteridgeville).[147] Die realiteit hiervan word in skryende woorde en sonder om doekies om te draai in die volgende aanhaling geskets: "Atteridgeville, the council's 'beautiful dam into which all the dirty pools of squatter camps were drained'".[148] Die verskuiwing van die krotbuurtinwoners na die model swart woonbuurt het nie met 'n towerstafswaai alles in "ideale"/model-omstandighede verander nie. Die veranderende ruimte het nie die einde van probleme, diskriminasie, ingeperkte vryheid en lyding beteken nie. Die inwoners (en die betrokke munisipale amptenare) "... continue to face human and economic problems which the abstract and ordering language of planning could not incorporate [nor solve]".[149]

Die historiese evaluering van die blanke beleidmakers en -uitvoerders gedurende die betrokke tydperk moet met omsigtigheid aangepak word. Hulle was immers "neither heroes, nor villains"[150] en moes hulle weg as "kinders van hulle tyd" tussen verskeie tydgenootlike politieke, arbeids- en finansiële eise vind. Daar moet in gedagte gehou word dat hulle uitsprake nie op sigwaarde en woordeliks aanvaar en vanselfsprekend as geloofwaardig beskou kan word nie. Veral eietydse uitsprake, hoe waardevol ook al om die tydsgees uit te beeld, moet met historiese behoedsaamheid benader word. Van hierdie uitsprake was suiwer deel van beeldpoetsing en kompetisie tussen vooraanstaande munisipaliteite om te kyk wie die beste model swart woonbuurt kon daarstel. Hierdie uitsprake moet in 'n historiese evaluering met agterdog bejeën word en aan betroubare bronne vir geldigheid getoets word. Tog was daar persone op wie se woorde peil getrek kon word.

Die feit dat die *Woningswet van 1920 (Wet 35 van 1920)* tot 1949 nege keer gewysig is, was 'n

146. P. Wilkinson, A discourse of modernity: The social and economic planning council's fifth report on regional and town planning, 1944, *in* Planning History Study Group, *Proceedings of the symposium on South African planning history*, p. 248.
147. N. Elleh, Perspectives on the architecture of Africa's underprivileged urban dwellers, *Social Dynamics* 37(1), March 2011, p. 67.
148. R.P.A. Dauskardt, Local state, segregation and transport provision: The Atteridgeville bus boycott, 1947, *The South African Geographical Journal* 71(2), September 1989, p. 110.
149. J. Robinson, Administrative strategies and political power in South Africa's black townships 1930-1960, *Urban Forum* 2(2), 1991, p. 70.
150. M. Oranje, Learning from language: South African planners, planning and plans from the 1920s to the present, *in* Planning History Study Group, *Proceedings of the symposium on places, people and planning I*, p. 71.


© University of Pretoria

duidelike bewys dat die regering wel gepoog het om die toenemende behuisingskrisis te probeer beredder, dat die wetgewing nie volmaak was nie, en by veranderende omstandighede moes aanpas.[151] Dieselfde geld vir die talle wysigings aan die stadsgebiedewetgewing. Daar was egter ’n groot gaping tussen effektiewe wetgewing en die konsekwente praktiese en realistiese toepassing daarvan, veral omdat swart stedelike behuisingsverskaffing finansiële opofferings (ten regte) van blanke stadsrade en blanke belastingbetalers vereis het.

Om ’n utopiese, teoreties-ideologiese ontwerp in steen-en-sement te laat realiseer het baie uitdagings gebied. Hierdie uitdagings was inherent aan die beplanning vir die bereddering van die behuisingstekort en die fisiese oprigting van woningstrukture, naamlik moed en deursettingsvermoë aan die kant van blanke amptenare; swart getallebeperkings deur middel van instromingsbeheermaatreëls; tegniese leiding en ondersteuning in die vorm van minimumstandaarde en prosedure-uiteensettings; vinnige dog kwaliteitsoprigting van strukture; boumateriaal in voldoende voorrade; voldoende en beskikbare fondse; genoegsame (en goedkoop swart) arbeid; die samewerking van blanke bouvakbonde en vakmanne (om swart bouers in swart woongebiede toe te laat om te bou); en blanke belastingbetalers om finansiële bydraes te lewer, én aan te hou lewer.[152]

Die redes vir en aard van bogenoemde uitdagings is reeds bespreek en ontleed. Die een oorheersende kenmerk van hierdie uitdagings was dat die omvang daarvan geweldig en verlammend was, veral die finansiële las en verliese.[153] Daar was in die meeste gevalle ’n skreiende kontras tussen “the dream of the theorist”[154] en die finansiële realiteit waarmee die munisipale amptenaar gekonfronteer is, soos wat ook in die geval van Atteridgeville uitgewys is waar die tweede fase van die subekonomiese behuisingskema laat vaar is. “Financial parsimony meant that the ideal of the ‘model’ or ‘garden’ village was never [fully] realised...[these townships] were far from being quaint, green and picturesque.”[155] Desnieteenstaande was daar enorme verbetering en vooruitgang, soos wat uit die

151. C.J.P. le Roux, The question of housing for Africans in Mangaung at Bloemfontein, 1945-1964, *Historia* 45(2), November 2000, p. 467.
152. I. du Plessis, Johannesburg’s “model white housing scheme” in the civic social imaginary: The genesis of a white Afrikaner welfarist node, 1933-1937, *Historia* 61(2), November 2016, p. 15; D. du Bruyn & M. Oelofse, “A hygienic native township shall be developed”: The founding and development of Batho as Bloemfontein’s “model location” (c.1918-1939), *Historia* 64(2), November 2019, p. 47; D.M. Calderwood, Native housing, *South African Annual Review: A social and economic survey of the Union year 1953* 1(1), January 1953, p. 36; Anon, Houses for African workers: A general review of the position, *South African Outlook* 77, March 1947, p. 44; National Building Research Institute, *Interim reports of the research committee on minimum standards of accommodation,* Series DS 9, pp. 16, 18; N.T. Vally, *The “model township” of Sharpeville: The absence of political action and organisation, 1960-1984*, M.A. Dissertation, University of the Witwatersrand, 2010, pp. 7, 54; D.M. Calderwood, *Native housing in South Africa*, D.Arch. Thesis, University of the Witwatersrand, 1953, p. 46; P.H. Connell *et al.*, *Native housing: A collective thesis*, pp. 3-4, 14-15, 47-48.
153. D.M. Calderwood, *Native housing in South Africa*, D.Arch. Thesis, University of the Witwatersrand, 1953, p. 16; P.H. Connell *et al.*, *Native housing: A collective thesis*, pp. 47-48.
154. M.P. Atteridge, Mrs. Atteridge on new native housing plan, *Rand Daily Mail,* 6 October 1947, p. 6.
155. P. Maylam, Explaining the apartheid city: 20 years of South African urban historiography, *Journal of Southern African Studies* 21(1), Special issue: Urban studies and urban change in Southern Africa, March 1995, p. 30.
Kyk ook M. Stals, *Fragmentation & unity. The search for the design of a ‘model township’. The case of Atteridgeville, Pretoria*, M.Sc. Dissertation, Katholieke Universiteit Leuven, 1998, p. 96.



© University of Pretoria

evaluering van Atteridgeville vroeër in die hoofstuk duidelik geblyk het:

> [o]nly those who have seen a slum area and the subsidised housing which has taken its place, and, perhaps even more, those social workers who are able to gain some impression of the effect upon the outlook and character of slum dwellers which improved housing has made, can attempt to evaluate this ... social service in the final currency of human lives.[156]

Vir baie munisipaliteite, en gewis ook in die geval van Pretoria, was beriggewing oor die daarstelling van model swart woonbuurtes deel van beeldboupropaganda en mededinging met ander plaaslike owerhede, en pogings om in die proses te probeer vergoed vir jare se oogluikende pligsversuim en nalatigheid om na behore na die swart werkers onder hulle beheer om te sien en hulle op 'n menswaardige vlak te huisves: "Atteridgeville was planned as a model location which could compensate for all the neglect of the City Council of Pretoria and its refusal to acknowledge Blacks or provide for their needs."[157]

Tog moet die Stadsraad van Pretoria, wat die ware en werklike motiewe dan ook was, *gekwalifiseerd* geloof word vir die aanpak van die behuisingskema en die deurvoering van 'n gedeelte daarvan vir 'n fraksie[158] van die swart inwoners onder hulle jurisdiksie te midde van baie moeilike oorlogse bou-omstandighede. In die woorde van Junod:

> Pretoria will be found to have done, on the whole, a consistent job of work in development of our locations and Native residential areas. Not that our city has been blameless. We know too well how much 'laissez-faire' there has been in the past, how often private interest have opposed reasonable solutions. But when we look in <u>retrospect</u> on the problems facing local authorities, since Union, and since the huge industrial growth of the country started, the correct picture of the efforts made is <u>much more positive than negative</u>.[159]

Een persoon wat bo alle twyfel een van die grootste, indien nie dié grootste nie, bydrae tot die ontstaan, ontwikkeling, karakter van, en positiewe herinneringe aan Atteridgeville gelewer het, was Patricia Atteridge. Soos reeds uitgewys is, was sy bekend vir haar omgee, menslikheid, empatie en praktiese optrede om die welsyn van swartes te verbeter te midde van 'n dikwels ontmenslikende en strakke beleidsraamwerk. Sy is deur die swart inwoners gerespekteer; sy het hulle belange op die hart gedra; en daar kan beweer word dat sy swart inwoners se wense verteenwoordig het. Sy het self

---

156. P.H. Gúenault & R.J. Randall, An introduction to the housing problem, *South African Journal of Economics*, June 1940, p. 161.
157. M. Malan, *The black community of Pretoria, 1923-1939*, M.A. Dissertation, University of Pretoria, 1996, p. 333.
158. Die swart inwoners van Atteridgeville het teen 1946 afgerond 20% (10 000: 50 000) van die totale swart stedelike bevolking onder jurisdiksie van die Stadsraad van Pretoria uitgemaak.
U.G. 31-1944: Union of South Africa *Report of the commission appointed to enquire into the operation of bus services for non-Europeans on the Witwatersrand and the districts of Pretoria and Vereeniging*, par. 222, p. 16; M.D.A. Baldocchi, *Survey of housing practice in the Union of South Africa*, p. 67.
159. H.P. Junod, The Bantu population of Pretoria, *in* S.P. Engelbrecht *et al.* (samestellers), *Pretoria (1855-1955): geskiedenis van die stad Pretoria*, p. 76.
Beklemtoning deur myself.


© University of Pretoria

verklaar dat sy "a prominent interest in native welfare in Pretoria"[160] gehad het. Meer as 90 inwoners van Atteridgeville, die meeste van hulle 97 jaar en ouer, het in 2015 beplan om haar graf te gaan besoek om haar te vereer vir haar onvermoeide pogings om hulle lewensomstandighede, eers in Marabastad en later in Atteridgeville, te verbeter.[161]

Die belangrikste element in die navorsing en evaluering van model werkersklaswoonbuurtes is die inwoners — die mense wat die struktuur, die modelskepping, bewoon en ervaar.[162] Modernisme het met sy internasionale beplannings- en ontwerpbeginsels in sy edelste doelwit gefaal, naamlik om wêreldwyd maatskaplik-relevante behuisingsoplossings te verskaf, gefokus op omstandighede vir 'n gesinslewe, gesondheid en 'n aangename leefervaring. Die grootste probleem in Suid-Afrika was die belewing, die leefervaring, van swart stedelike inwoners, selfs in model swart woonbuurtes van

> a feeling of belonging nowhere, with no permanence and no security[163]

en die gewaarwording

> that they [housing structures] comprise only the very minimum demanded by decency, [and] that they are given rather as a charity than as a necessity of life to which [blacks have] a right.[164]
>
> Perhaps the central problem in the processes [housing provision, creation of model native townships] concerned was the most obvious one — that planning accorded no voice to the people who would live in the townships — no real recognition of these people as subjects capable of being authors of their own intentions — people capable of speaking of themselves and for themselves.[165]

Die modernistiese, kreatiewe, innoverende en modeloplossing vir werkersklasbehuising is as 'n *utopie* verbeel, bedink, gevisualiseer en geteoretiseer. Met ander woorde dit is as 'n "denkbeeldige [woonbuurt] waar vrede, geluk en welvaart heers; as 'n ideale verblyfoord"[166]; as 'n regverdige, verdraagsame en oordeelkundig-bestuurde gemeenskap; 'n woonbuurt waar alles perfek is, veral met betrekking tot wetgewing, regering en maatskaplike omstandighede — 'n aardse voorstelling van die paradys[167] gevisualiseer. In die praktyk het dit egter in 'n meer *eutopiese* struktuur tot uiting gekom; met ander woorde 'n goeie/geskikte/menswaardige plek; meer realisties as utopie omdat dit nie 'n onmoontlike of 'n onrealistiese 'ideale' plek/woonbuurt veronderstel nie.[168] Dalk was dit wel steeds

160. M.P. Atteridge, Mrs. Atteridge on new native housing plan, *Rand Daily Mail,* 6 October 1947, p. 6.
161. L. Ramphele, 18 March 2015, The community of Atteridgeville wants to honour Mrs. Patricia Atteridge, https://www.702.co.za/articles/2155/the-community-of-atteridgeville-wants-to-honour-mrs-patricia-atteridge, access: 12 August 2023.
162. J. Moolman, Die vestiging van die Bantoe in Pretoria. Referaat gelewer tydens die Kongres van die Vereniging vir Aardrykskunde-Onderwys, p. 55.
163. E. Haarhoff, Appropriating modernism: Apartheid and the South African township, Paper presented at the 14th IPHS Conference, Urban transformation: Controversies, contrasts and challenges, 12-15 July 2010, Istanbul, Turkey, p. 8.
164. B. Spence, The problem of the location. A report on housing conditions in ten Transvaal locations, *South African Architectural Record* 28, February 1943, p. 26.
165. A. Mabin, Conflict, continuity and change: Locating "properly planned native townships" in the forties and fifties, *in* Planning History Study Group, *Proceedings of the symposium on South African planning history*, p. 337.
166. F.F. Odendal & R.H. Gouws (reds.), *Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal*, p. 1240.
167. B. Goodall, *The Penguin dictionary of human geography*, p. 492.
168. B. Goodall, *The Penguin dictionary of human geography*, p. 147; A.J. Cutten, The planning of a native township, *Race Relations*



© University of Pretoria

onrealisties in 'n segregasionistiese Suid-Afrika van die 1940's? Die regressie van utopie na eutopie het nog verder gestrek na outopie [G. *ou* geen + *topos* plek (nie)]. Dit is waarskynlik hoe die swart stedelike inwoners van model swart woonbuurtes in Suid-Afrika hulle lewensomstandighede ervaar het: die 'geen plek' waar swartes nie kon tuis voel nie en nie in vrede, regverdigheid, gelykheid, vryheid en welvaart kon woon nie.[169] Hierdie is 'n baie pessimistiese, siniese, selfs oordrewe en grootliks teoretiese evaluering van die verwronge uiteinde van die model swart woonbuurt. Daar is duidelike bewyse en uitsprake gelewer dat swart inwoners van Atteridgeville die woonbuurt as veel beter as die krotbuurt van Marabastad ervaar en beleef het. Die illusie moet egter nie geskep word dat dit 'n perfekte en ideale woonbuurt was nie. Dit was beter, beslis nie die beste nie.

Binne die segregasieraamwerk van die eerste helfte van die 20ste eeu was dit teoreties-tegnies moontlik om model werkersklaswoonbuurtes te bedink en te ontwerp wat aan die "toppunt-van-perfeksie"-standaard kon voldoen. Dit het grootliks in die praktyk misluk, alhoewel dit beter woonomstandighede as voorheen tot stand gebring het. Daar is ook genoeg bewysmateriaal voorsien om onomwonde te verklaar dat die model swart woonbuurtes eerder vir die skeppers as die bewoners daarvan die "ideale" woonbuurt moes wees as deel van gewetensplig, om versuim te beredder en gewetens te sus.

Diepgaande kennis en ontledingsnuanses van historiese gebeure (en strukture) dra by tot verbeterde analitiese vaardighede en toenemende insig en begrip. Daar is binne die lank-reeds bestaande historiese paradigma van die versigtige ondersoek en deursoek van beskikbare bewysmateriaal om die oorsprong, ontwikkeling en uiteinde van die modelwoonbuurt-konsep te ontbloot en te ontrafel, gepoog om alle kante van die konsep (en die struktuur) te belig. Historici se verstaan bly steeds net benaderd, onduidelik en nie presies nie.[170] Daar is waarskynlik steeds meer onsekerheid, teenstrydighede en weersprekings, as sekerheid; steeds meer vrae as beperkte en beperkende antwoorde. Tog is daar hopelik ook ontblotende en verantwoordbare gevolgtrekkings, groter genuanseerde begrip, waaksame empatie, 'n oomblik van verstaan, van effense verdraagsaamheid, van diepere insig in die denke en optrede van verledemense en van wat hulle as betekenisvol beskou het — die daarstelling van "model native townships": 'n strukturele erfenis uit 'n geensins-perfekte verledetydperk.

---

*Journal* 18(2), 1951, pp. 87, 91; Sentrum vir Politieke en Verwante Terminologie in Suider-Afrikaanse Tale (CEPTSA), *Nuwerwetse politieke woordeboek. Terme, begrippe en gebruike in die politiek en politieke wetenskappe*, p. 91.

169. A.C. Steenkamp, *Space, power and the body — the civil and uncivil as represented in the Voortrekker Monument and the Native Township Model*, PhD. Thesis, Technical University of Delft, 2008, pp. 138, 192-193; I. Evans, *Bureaucracy and race. Native administration in South Africa*, p. 295

170. C.T. Welch, The influence of socio-political factors on the historical development of urban settlements in South Africa, *in* Planning History Study Group, *Proceedings of the symposium on South African planning history*, p. 33; P. Maylam, *South Africa's racial past: The history and historiography of racism, segregation and apartheid*, pp. 10, 226.



© University of Pretoria

# VIII BYLAE

## Bylaag I: Foto's

**Foto 1**: Terrein van Atteridgeville-ontwikkeling met dolomietkoppies en Bankenveld-plantegroei




Uit: Archives of the Department of Architecture, University of Pretoria, Van der Waal Pretoria Collection 206, Photograph: New native housing site looking south-east, August 1937.

**Foto 2**: Huise van verskillende ontwerpe is vir afwisseling langs mekaar geplaas



Uit: Pretoria City Council, Atteridgeville native township, Pretoria, *Public Works of South Africa*, April 1948, p. 22.



© University of Pretoria

**Foto 3**: Spasie rondom huise beskikbaar vir die maak van tuine




Uit: Archives of the Department of Architecture, University of Pretoria, Van der Waal Pretoria Collection 206, Photograph: Backyard view of houses in Moroe Street, Atteridgeville, 1940.

**Foto 4**: Mev. Patricia Atteridgeville — *Mmadisopo* — by swart kinders wat sop ontvang



Uit: Archives of the Department of Architecture, University of Pretoria, Van der Waal Pretoria Collection 206, Photograph: Mrs. Atteridge feeding the community: Atteridgeville, 1940.

Luister na die volgende klankgreep waar 'n 85-jarige-inwoner van Atteridgeville, *Mmamoagi*, in 2015 bogenoemde toneel presies soos in die foto beskryf: https://soundcloud.com/primediabroadcasting/mmamoagi-in-honour-of-mrs-p-atteridgewed-084822-to-085323.

L. Ramphele, 18 March 2015, The community of Atteridgeville wants to honour Mrs. Patricia Atteridge, https://www.702.co.za/articles/2155/the-community-of-atteridgeville-wants-to-honour-mrs-patricia-atteridge, access: 12 August 2023.



© University of Pretoria

**Foto 5**: Uitnodiging na die amptelike opening van Atteridgeville op 5 Augustus 1940



CITY COUNCIL OF PRETORIA.

Official Opening

OF

Atteridgeville

THE NEW NATIVE LOCATION.

MONDAY, 5TH AUGUST, 1940

AT 10.30 A.M.

BY

The Hon. H. G. LAWRENCE, K.C.

Minister of the Interior and of Public Health.

STADSRAAD VAN PRETORIA.

Amptelike Opening

VAN

Atteridgeville

DIE NUWE NATURELLELOKASIE.

MAANDAG, 5 AUGUSTUS 1940

OM 10.30 V.M.

DEUR

Sy Edele H. G. LAWRENCE K.C.

Minister van Binnelandse Sake en Volksgesondheid.

Uit: Archives of the Department of Architecture, University of Pretoria, Van der Waal Pretoria Collection 207, Photograph: Official opening of Atteridgeville, 1940.

**Foto 6**: Hooggeplaastes tydens die amptelike opening van Atteridgeville op 5 Augustus 1940



Uit: Van der Waal & Associates, *Atteridgeville. Heritage route*, Atteridgeville timeline.



© University of Pretoria

**Foto 7**: Mev Atteridge by 'n huis in Marabastad wat afgebreek word tydens die verskuiwing na Atteridgeville



Uit: Archives of the Department of Architecture, University of Pretoria, Van der Waal Pretoria Collection 206, Photograph: House in Marabastad, 1940.

**Foto 8**: Eerste intrekkers op pad na Atteridgeville, 1940




Uit: Archives of the Department of Architecture, University of Pretoria, Van der Waal Pretoria Collection 206, Photograph: First tenants on the move, Pelindaba Road, May 1940.



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Foto 9**: Die huis waar nuwe intrekkers se huisinhoud ontsmet is voordat 'n nuwe huis betrek mag word




Uit: Archives of the Department of Architecture, University of Pretoria, Van der Waal Pretoria Collection 206, Photograph: Fumigation house, 1940.

**Foto 10**: Eerste intrekkers besig om in te trek




Uit: Archives of the Department of Architecture, University of Pretoria, Van der Waal Pretoria Collection 206, Photograph: No 19 Moroe St, First tenants moving in, May 1940.

**Foto 11**: Eerste intrekkers voor 'n skakelhuis




Uit: Archives of the Department of Architecture, University of Pretoria, Van der Waal Pretoria Collection 206, Photograph: Nos. 19 and 21 Moroe St, Showing first occupants, May 1940.



© University of Pretoria

**Foto 12**: Voorbeeld van tuinmaak deur die inwoners van Atteridgeville



Uit: Pretoria City Council, Atteridgeville native township, Pretoria, *Public Works of South Africa*, April 1948, p. 26.

**Foto 13**: Voorbeeld van tuinmaak deur die inwoners van Atteridgeville



Uit: Pretoria City Council, Atteridgeville native township, Pretoria, *Public Works of South Africa*, April 1948, p. 26.


© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Bylaag II: Huis- en woonbuurtplanne**

Groep I, Huisplan 1: Tweekamer-skakelhuis




Uit: M. Stals, *Fragmentation & unity. The search for the design of a 'model township'. The case of Atteridgeville, Pretoria*, M.Sc. Dissertation, Katholieke Universiteit Leuven, 1998, p. 52.




Uit: R.D. Coertze, *Atteridgeville. 'n Stedelike Bantoewoonbuurt*, p. 23.



© University of Pretoria

Groep I, Huisplan 2: Driekamer-skakelhuis




Uit: M. Stals, *Fragmentation & unity. The search for the design of a 'model township'. The case of Atteridgeville, Pretoria*, M.Sc. Dissertation, Katholieke Universiteit Leuven, 1998, p. 52.




Uit: R.D. Coertze, *Atteridgeville. 'n Stedelike Bantoewoonbuurt*, p. 24.



© University of Pretoria

Groep I, Huisplan 3: Driekamerhuis




Uit: M. Stals, *Fragmentation & unity. The search for the design of a 'model township'. The case of Atteridgeville, Pretoria*, M.Sc. Dissertation, Katholieke Universiteit Leuven, 1998, p. 52.




Uit: R.D. Coertze, *Atteridgeville. 'n Stedelike Bantoewoonbuurt*, p. 25.



© University of Pretoria

Groep I, Huisplan 4: Vierkamerhuis




Uit: M. Stals, *Fragmentation & unity. The search for the design of a 'model township'. The case of Atteridgeville, Pretoria*, M.Sc. Dissertation, Katholieke Universiteit Leuven, 1998, p. 53.




Uit: R.D. Coertze, *Atteridgeville. 'n Stedelike Bantoewoonbuurt*, p. 26.



© University of Pretoria

Groep I, Huisplan 5: Vyfkamerhuis




Uit: M. Stals, *Fragmentation & unity. The search for the design of a 'model township'. The case of Atteridgeville, Pretoria*, M.Sc. Dissertation, Katholieke Universiteit Leuven, 1998, p. 53.




Uit: R.D. Coertze, *Atteridgeville. 'n Stedelike Bantoewoonbuurt*, p. 27.



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Groep II, Huisplan 6: Tweekamer-skakelhuis




Uit: M. Stals, *Fragmentation & unity. The search for the design of a 'model township'. The case of Atteridgeville, Pretoria*, M.Sc. Dissertation, Katholieke Universiteit Leuven, 1998, p. 54.




Uit: R.D. Coertze, *Atteridgeville. 'n Stedelike Bantoewoonbuurt*, p. 28.



© University of Pretoria

Groep II, Huisplan 7: Driekamer-skakelhuis




Uit: M. Stals, *Fragmentation & unity. The search for the design of a 'model township'. The case of Atteridgeville, Pretoria*, M.Sc. Dissertation, Katholieke Universiteit Leuven, 1998, p. 54.




Uit: R.D. Coertze, *Atteridgeville. 'n Stedelike Bantoewoonbuurt*, p. 29.



© University of Pretoria

Groep II, Huisplan 8: Driekamerhuis




Uit: M. Stals, *Fragmentation & unity. The search for the design of a 'model township'. The case of Atteridgeville, Pretoria*, M.Sc. Dissertation, Katholieke Universiteit Leuven, 1998, p. 55.




Uit: R.D. Coertze, *Atteridgeville. 'n Stedelike Bantoewoonbuurt*, p. 30.



© University of Pretoria

Groep II, Huisplan 9:  Vierkamerhuis




Uit:   M. Stals, *Fragmentation & unity.  The search for the design of a 'model township'.  The case of Atteridgeville, Pretoria*, M.Sc. Dissertation, Katholieke Universiteit Leuven, 1998, p. 55.




Uit:   R.D. Coertze, *Atteridgeville.  'n Stedelike Bantoewoonbuurt*, p. 30.



© University of Pretoria

Huisplan 10**:** Voorgestelde planne van die Sentrale Woningsraad, 1940




Uit: Central Housing Board, Housing in urban native areas, *Race Relations* 7(4), 1940, p. 69.

Woonbuurtplan 1: Radiale uitlegpatroon van Atteridgeville




Uit: Anon, Atteridgeville native township, Pretoria, *Municipal Affairs* 10(155), July 1948, p. 27.


© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Woonbuurtplan 2: Onreëlmatige straatpatroon wat eentonigheid teenwerk




Uit: P.H. Connell, *Sub-economic housing practice in South Africa*, South African Council for Scientific and Industrial Research: National Building Research Institute, series DR 1, figure 48.

Woonbuurtplan 3: Gedetailleerde plan wat erfplasing van huise en spasie rondom huise aantoon




Uit: Pretoria City Council, Atteridgeville native township, Pretoria, *Public Works of South Africa*, April 1948, p. 25.



© University of Pretoria

# IX BRONNE

## I ARGIVALE BRONNE

**Archives of the Department of Architecture, University of Pretoria**
Van der Waal Pretoria Collection 206, Photographs, 1937-1940.
Van der Waal Pretoria Collection 207, Invitation: Official opening of Atteridgeville, 5 August 1940.

**Transvaal Archives Depot (TAD), Pretoria: MPA — Town Clerk of Pretoria**
<u>Minutes of the City Council of Pretoria</u>
MPA 1/1/1/64, Minutes of the City Council of Pretoria, 24 August 1937.
MPA 1/1/1/65, Minutes of the City Council of Pretoria, 26 February 1937.
MPA 1/1/1/67, Minutes of the City Council of Pretoria, 17 February 1938.
MPA 1/1/1/70, Minutes of the City Council of Pretoria, 30 September 1938.
MPA 1/1/1/70, Minutes of the City Council of Pretoria, 28 November 1938,
MPA 1/1/1/72, Minutes of the City Council of Pretoria, 31 July 1939.
MPA 1/1/1/73, Minutes of the City Council of Pretoria, 27 November 1939.
MPA 1/1/1/73, Minutes of the City Council of Pretoria, 28 March 1940.
MPA 1/1/1/74, Minutes of the City Council of Pretoria, 30 April 1940.
MPA 1/1/1/74, Minutes of the City Council of Pretoria, 29 May 1940.
MPA 1/1/1/74, Minutes of the City Council of Pretoria, 27 June 1940.
MPA 1/1/1/74, Minutes of the City Council of Pretoria, 23 July 1940.
MPA 1/1/1/75, Minutes of the City Council of Pretoria, 30 September 1940.
MPA 1/1/1/75, Minutes of the City Council of Pretoria, 29 November 1940.
MPA 1/1/1/76, Minutes of the City Council of Pretoria, 31 March 1941.
MPA 1/1/1/76, Minutes of the City Council of Pretoria, 30 April 1941.
MPA 1/1/1/77, Minutes of the City Council of Pretoria, 26 November 1941.
MPA 1/1/1/78, Minutes of the City Council of Pretoria, 27 February 1942.
MPA 1/1/1/78, Minutes of the City Council of Pretoria, 29 May 1942.
MPA 1/1/1/79, Minutes of the City Council of Pretoria, 31 August 1942.
MPA 1/1/1/79, Minutes of the City Council of Pretoria, 22 December 1942.
MPA 1/1/1/80, Minutes of the City Council of Pretoria, 30 April 1943.
MPA 1/1/1/80, Minutes of the City Council of Pretoria, 30 June 1943.
MPA 1/1/1/81, Minutes of the City Council of Pretoria, 17 August 1943.
MPA 1/1/1/81, Minutes of the City Council of Pretoria, 28 October 1943.
MPA 1/1/1/82, Minutes of the City Council of Pretoria, 30 March 1944.
MPA 1/1/1/83, Minutes of the City Council of Pretoria, 31 August 1944.
MPA 1/1/1/83, Minutes of the City Council of Pretoria, 30 November 1944.
MPA 1/1/1/84, Minutes of the City Council of Pretoria, 31 January 1945.
MPA 1/1/1/84, Minutes of the City Council of Pretoria, 28 February 1945.
MPA 1/1/1/84, Minutes of the City Council of Pretoria, 31 March 1945.
MPA 1/1/1/84, Minutes of the City Council of Pretoria, 30 April 1945.
MPA 1/1/1/85, Minutes of the City Council of Pretoria, 29 June 1945.
MPA 1/1/1/85, Minutes of the City Council of Pretoria, 31 August 1945.
MPA 1/1/1/86, Minutes of the City Council of Pretoria, 26 October 1945.
MPA 1/1/1/86, Minutes of the City Council of Pretoria, 30 November 1945.
MPA 1/1/1/86, Minutes of the City Council of Pretoria, 21 December 1945.
MPA 1/1/1/87, Minutes of the City Council of Pretoria, 30 April 1946.
MPA 1/1/1/88, Minutes of the City Council of Pretoria, 30 August 1946.
MPA 1/1/1/89, Minutes of the City Council of Pretoria, 30 September 1946.
MPA 1/1/1/89, Minutes of the City Council of Pretoria, 29 November 1946.


© University of Pretoria

MPA 1/1/1/90, Minutes of the City Council of Pretoria, 28 February 1947.
MPA 1/1/1/92, Minutes of the City Council of Pretoria, 31 July 1947.
MPA 1/1/1/94, Minutes of the City Council of Pretoria, 30 January 1948.
MPA 1/1/1/94, Minutes of the City Council of Pretoria, 27 February 1948.
MPA 1/1/1/95, Minutes of the City Council of Pretoria, 30 March 1948.
Minutes of the Public Health Committee of the City Council of Pretoria
MPA 1/3/2/1/15, Minutes of the Public Health Committee, 21 April 1936.
MPA 1/3/2/1/15, Minutes of the Public Health Committee, 26 June 1936.
MPA 1/3/2/1/15, Minutes of the Public Health Committee, 17 July 1936.
MPA 1/3/2/1/15, Minutes of the Public Health Committee, 20 November 1936.
MPA 1/3/2/1/17, Minutes of the Public Health Committee, 13 October 1942.
MPA 1/3/2/1/18, Minutes of the Public Health Committee, 21 July 1941.
MPA 1/3/2/1/19, Minutes of the Public Health Committee, 20 August 1943.
MPA 1/3/2/1/22, Minutes of the Public Health Committee, 13 January 1949.
Minutes of the Native and Asiatic Administration Committee of the City Council of Pretoria (under the Minutes of the Public Health Committee)
MPA 1/3/2/1/15, Minutes of the Native and Asiatic Administration Committee (under the Minutes of the Public Health Committee), 20 September 1935.
MPA 1/3/2/1/15, Minutes of the Native and Asiatic Administration Committee (under the Minutes of the Public Health Committee), 23 January 1936.
MPA 1/3/2/1/15, Minutes of the Native and Asiatic Administration Committee (under the Minutes of the Public Health Committee), 20 March 1936.
MPA 1/3/2/1/15, Minutes of the Native and Asiatic Administration Committee, (under the Minutes of the Public Health Committee) 24 June 1936.
MPA 1/3/2/1/15, Minutes of the Native and Asiatic Administration Committee (under the Minutes of the Public Health Committee), 20 November 1936.
MPA1/3/2/1/16, Minutes of the Native and Asiatic Administration Committee (under the Minutes of the Public Health Committee), May 1937.
MPA1/3/2/1/16, Minutes of the Native and Asiatic Administration Committee (under the Minutes of the Public Health Committee), 20 August 1937.
Minutes of the Housing Committee of the City Council of Pretoria
MPA 1/4/8/1/3, Minutes of the Housing Committee, 15 May 1946.
Minutes of the Native and Asiatic Administration Committee of the City Council of Pretoria
MPA 1/4/14/1/1, Minutes of the Native and Asiatic Administration Committee, 20 August 1937.
MPA 1/4/14/1/1, Minutes of the Native and Asiatic Administration Committee, 9 September 1937.
MPA 1/4/14/1/1, Minutes of the Native and Asiatic Administration Committee, 13 October 1937.
MPA 1/4/14/1/1, Minutes of the Native and Asiatic Administration Committee, 20 January 1938.
MPA 1/4/14/1/1, Minutes of the Native and Asiatic Administration Committee, 18 March 1938.
MPA 1/4/14/1/1 , Minutes of the Native and Asiatic Administration Committee, 9 May 1938.
MPA 1/4/14/1/1, Minutes of the Native and Asiatic Administration Committee, 16 June 1938.
MPA 1/4/14/1/1, Minutes of the Native and Asiatic Administration Committee, 19 September 1938.
MPA 1/4/14/1/1, Minutes of the Native and Asiatic Administration Committee, 16 January 1939.
MPA 1/4/14/1/1, Minutes of the Native and Asiatic Administration Committee, 9 February 1939.
MPA 1/4/14/1/1, Minutes of the Native and Asiatic Administration Committee, 12 May 1939.
MPA 1/4/14/1/1, Minutes of the Native and Asiatic Administration Committee, 13 June 1939.
MPA 1/4/14/1/2, Minutes of the Native and Asiatic Administration Committee, 14 July 1939.
MPA 1/4/14/1/2, Minutes of the Native and Asiatic Administration Committee, 11 August 1939.
MPA 1/4/14/1/2, Minutes of the Native and Asiatic Administration Committee, 22 September 1939.
MPA 1/4/14/1/2, Minutes of the Native and Asiatic Administration Committee, 6 October 1939.
MPA 1/4/14/1/2, Minutes of the Native and Asiatic Administration Committee, 25 January 1940.
MPA 1/4/14/1/2, Minutes of the Native and Asiatic Administration Committee, 12 February 1940.
MPA 1/4/14/1/2, Minutes of the Native and Asiatic Administration Committee, 11 March 1940.



© University of Pretoria

MPA 1/4/14/1/2, Minutes of the Native and Asiatic Administration Committee, 18 March 1940.
MPA 1/4/14/1/2, Minutes of the Native and Asiatic Administration Committee, 19 April 1940.
MPA 1/4/14/1/2, Minutes of the Native and Asiatic Administration Committee, 14 May 1940.
MPA 1/4/14/1/1, Minutes of the Native and Asiatic Administration Committee, 14 June 1940.
MPA 1/4/14/1/2, Minutes of the Native and Asiatic Administration Committee, 25 June 1940.
MPA 1/4/14/1/2, Minutes of the Native and Asiatic Administration Committee, 19 July 1940.
MPA 1/4/14/1/2, Minutes of the Native and Asiatic Administration Committee, 19 September 1940.
MPA 1/4/14/1/2, Minutes of the Native and Asiatic Administration Committee, 2 October 1940.
MPA 1/4/14/1/2, Minutes of the Native and Asiatic Administration Committee, 13 November 1940.
MPA 1/4/14/1/2, Minutes of the Native and Asiatic Administration Committee, 9 December 1940.
MPA 1/4/14/1/2, Minutes of the Native and Asiatic Administration Committee, 20 January 1941.
MPA 1/4/14/1/3, Minutes of the Native and Asiatic Administration Committee, 11 February 1941.
MPA 1/4/14/1/3, Minutes of the Native and Asiatic Administration Committee, 11 March 1941.
MPA 1/4/14/1/3, Minutes of the Native and Asiatic Administration Committee, 18 April 1941.
MPA 1/4/14/1/3, Minutes of the Native and Asiatic Administration Committee, 12 May 1941.
MPA 1/4/14/1/3, Minutes of the Native and Asiatic Administration Committee, 16 June 1941.
MPA 1/4/14/1/3, Minutes of the Native and Asiatic Administration Committee, 10 October 1941.
MPA 1/4/14/1/3, Minutes of the Native and Asiatic Administration Committee, 16 October 1941.
MPA 1/4/14/1/4, Minutes of the Native and Asiatic Administration Committee, 14 November 1941
MPA 1/4/14/1/4, Minutes of the Native and Asiatic Administration Committee, 13 February 1942,
MPA 1/4/14/1/4, Minutes of the Native and Asiatic Administration Committee (Joint meeting with the Public Health Committee), 11 May 1942.
MPA 1/4/14/1/4, Minutes of the Native and Asiatic Administration Committee, 18 May 1942.
MPA 1/4/14/1/4, Minutes of the Native and Asiatic Administration Committee, 15 June 1942.
MPA 1/4/14/1/4, Minutes of the Native and Asiatic Administration Committee, 20 July 1942.
MPA 1/4/14/1/4, Minutes of the Native and Asiatic Administration Committee, 17 August 1942.
MPA 1/4/14/1/4, Minutes of the Native and Asiatic Administration Committee, 16 November 1942.
MPA 1/4/14/1/4, Minutes of the Native and Asiatic Administration Committee, 17 February 1943.
MPA 1/4/14/1/8, Minutes of the Native and Asiatic Administration Committee, 13 February 1947.
MPA 1/4/14/1/8, Minutes of the Native and Asiatic Administration Committee, 14 May 1947.
MPA 1/4/14/1/8, Minutes of the Native and Asiatic Administration Committee, 17 July 1947.

<u>Correspondence files of the City Council of Pretoria</u>

MPA 3/4/1093, Correspondence File 89/8: Report of inspection of Pretoria locations, hostels, compounds, etc. Inspection Mr. C.A. Heald, 1942-1943.
MPA 3/4/1645, Correspondence File 125/4: New Native Location lay-out: Plan and plans of dwelling.

**Transvaalse Argiefbewaarplek (TAB), Pretoria: MPA — Stadsklerk van Pretoria**

<u>Notules van die Stadsraad van Pretoria</u>

MPA 1/1/1/67, Notule van die Stadsraad van Pretoria, 25 Oktober 1935.
MPA 1/1/1/68, Notule van die Stadsraad van Pretoria, 28 September 1936.
MPA 1/1/1/68, Notule van die Stadsraad van Pretoria, 29 Januarie 1937.

## II REGERINGSPUBLIKASIES

**Verslae**

HEALD, C.A., Unpublished interdepartmental report on an inspection of the Pretoria urban area carried out during the period 28-September-1942 — 01-October-1942. Pretoria, 1942.
U.G. 22-1932: UNIE VAN SUID-AFRIKA, *Verslag van die Ekonomiese Naturellekommissie (Kommissie insake ekonomiese en maatskaplike toestande van die naturelle), 1930-1932*. Pretoria, 1932.
U.G. 8-1940: UNION OF SOUTH AFRICA, *Report of the committee to investigate the*


© University of Pretoria

*administration of areas which are becoming urbanised but which are not under local government control*. Cape Town, 1940.

An47-1943, UNIE VAN SUID-AFRIKA, *Departement van Naturellesake, Verslag van die interdepartementele komitee in sake die maatskaplike, ekonomiese en gesondheidstoestande van naturelle in stedelikegebiede*. Pretoria, 1942.

SMIT, D.L., *Verslag van die interdepartementele komitee in sake die maatskaplike, ekonomiese en gesondheidstoestande van naturelle in stedelikegebiede*. Pretoria, 1942.

U.G. 30-1944: UNIE VAN SUID-AFRIKA, *Verslag van die Nasionale Gesondheidskommissie, 1942-1944*. Pretoria, 1944.

U.G. 31-1944: UNION OF SOUTH AFRICA, *Report of the commission appointed to enquire into the operation of bus services for non-Europeans on the Witwatersrand and the districts of Pretoria and Vereeniging*. Pretoria, 1944.

U.G. 34-1944: UNION OF SOUTH AFRICA, *Social and Economic Planning Council: Report No. 5: Regional and Town Planning*. Pretoria, 1944.

U.G. 28-1948: UNIE VAN SUID-AFRIKA, Departement van Naturellesake, *Verslag van die Naturellewette-kommissie, 1946-48*. Pretoria, 1948.

UNION OF SOUTH AFRICA, *Report of departmental committee appointed to enquire into and to report upon the question of residence of natives in urban areas and certain proposed amendments of the Native Urban Areas Act no. 21 of 1923*. Cape Town, 1935.

VAN ECK, H.J., *Report of housing committee on the state and the housing situation*. Pretoria, 1944.

**Wetgewing (en Ordinansie)**

REPUBLIEK VAN DIE ORANJE-VRYSTAAT, *Erkenning van Woonbuurtes Wet (Wet van 1894)*. Bloemfontein, 1894.

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA, *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (Wet 108 van 1996)*. Hoofstuk 2 Handves van regte. Pretoria, 1996.

TRANSVAALSE PROVINSIALE ADMINISTRASIE, *Transvaal Woonbuurt en Stadsbeplanning Ordinansie (Ordinansie 11 van 1931)*. Pretoria, 1931.

UNIE VAN SUID-AFRIKA, *Behuising (Noodmagte) Wet (Wet 45 van 1945)*. Kaapstad, 1945.

UNIE VAN SUID-AFRIKA, *Behuising (Wysigings) Wet (Wet 68 van 1934)*. Kaapstad, 1934.

UNIE VAN SUID-AFRIKA, *Behuising Wysigingswet (Wet 31 van 1936)*. Kaapstad, 1936.

UNIE VAN SUID-AFRIKA, *Behuising Wysigingswet (Wet 49 van 1944)*. Kaapstad, 1944.

UNIE VAN SUID-AFRIKA, *Naturellen Grond Wet van 1913 (Wet 27 van 1913)*. Kaapstad, 1913.

UNIE VAN SUID-AFRIKA, *Naturellen (Stadsgebieden) Wet van 1923 (Wet 21 van 1923)*. Kaapstad, 1923.

UNIE VAN SUID-AFRIKA, *Naturelle (Stadsgebiede) Konsolidasiewet van 1945 (Wet 25 van 1945)*. Kaapstad, 1945.

UNIE VAN SUID-AFRIKA, *Naturelle (Stadsgebiede) Wet, 1923, Wysigingswet* van *1930 (Wet 25 van 1930*. Kaapstad, 1930.

UNIE VAN SUID-AFRIKA, *Naturelletrust en -Grond Wet van 1936 (Wet 18 van 1936)*. Kaapstad, 1936.

UNIE VAN SUID-AFRIKA, *Slumswet van 1934 (Wet 53 van 1934)*. Kaapstad, 1934.

UNIE VAN SUID-AFRIKA, *Suid-Afrika Wet van 1909*. Kaapstad, 1909.

UNIE VAN SUID-AFRIKA, *Volksgezondheidswet van 1919 (Wet 36 van 1919)*. Kaapstad, 1919.

UNIE VAN SUID-AFRIKA, *Voorkoming van Onwettige Plakkery Wet* (*Wet 41 van 1944)*. Kaapstad, 1944.

UNIE VAN SUID-AFRIKA, *Wet op Huurgelden (No. 13 van 1920)*. Kaapstad, 1920.

UNIE VAN SUID-AFRIKA, *Wet tot Wysiging van die Wette op Naturelle van 1937 (Wet 46 van 1937)*. Kaapstad, 1937.

UNIE VAN SUID-AFRIKA, *Woningswet van 1920 (Wet 35 van 1920)*. Kaapstad, 1920.

UNION OF SOUTH AFRICA, *Native Laws Amendment Act of 1937 (Act 46 of 1937)*. Cape Town, 1937.



© University of Pretoria

UNION OF SOUTH AFRICA, *Native Laws Amendment Act of 1944 (Act 36 of 1944)*. Cape Town, 1944.
UNION OF SOUTH AFRICA, *Native (Urban Areas) Act of 1923 (Act 21 of 1923)*. Cape Town, 1923.
UNION OF SOUTH AFRICA, *Native (Urban Areas) Consolidation Act (Act 25 of 1945)*. Cape Town, 1945.
UNION OF SOUTH AFRICA, *Natives (Urban Areas)Act, 1923 Amendment Act, 1930 (Act 25 of 1930)*. Cape Town, 1930.
UNION OF SOUTH AFRICA, *Representation of Natives Act (Act 12 of 1936)*. Cape Town, 1936.
ZUID-AFRIKAANSCHE REPUBLIEK, *Goudwet (Wet 8 van 1885)*. Pretoria, 1885.

## III PERSOONLIKE MEDEDELINGS

ORANJE, prof. M.C., Departementshoof, Departement Stads- en Streeksbeplanning, Universiteit van Pretoria, 18 Maart 2004.

## IV KOERANTARTIKELS

ANON, Pretoria City Council criticised by Sir Edward Thornton: "Non-Europeans disgracefully housed". *Rand Daily Mail*, 28 October 1936.
ANON, Pretoria will train native servants. *Rand Daily Mail*, 29 July 1947.
ATTERIDGE, M.P., Mrs. Atteridge on new native housing plan. *Rand Daily Mail*, 6 October 1947.
CAMBELL, D.F., Pretoria to build 5 000 native houses. *Rand Daily Mail*, 21 July 1947.
DU PREEZ, H., Kyk net wat die townships jou alles kan bied. *Rapport*, 14 November 2004.
ESPAG, K. (ed.), Pretoria 1885-2005. *Supplement to Rekord*, 2005.
HLAHLA, P., Atteridgeville: The turmoil and triumphs. The first black township in Pretoria to have street names. *Pretoria News*, 10 September 2003.
MAKUBE, T., Tshwane's jazz mecca. *Sunday World*, 17 December 2000.
SIBANDA, M., Pheli legend in the making. *City Press*, 06 April 2003.
WALDNER, M., Pretoria, o Pretoria. *Rapport*, 25 Augustus 2002.

## V TYDSKRIFARTIKELS

ABEL-SMITH, B., The Beveridge report: Its origins and outcomes. *International Social Security Review* 45(1-2), 1992.
ALLISON, J.S., Some aspects of urban native administration. *Race Relations* 7(4), November 1940.
ALLISON, J.S., Urban native legislation. *Race Relations* 7(4), November 1940.
ANDREWS, G.R., Review essay: Comparing the comparers: White supremacy in the United States and South Africa. *Journal of Social History* 20, 1986/7.
ANON, Atteridgeville native township, Pretoria. *Municipal Affairs* 10(155), July 1948.
ANON, The Central Housing Board. *South African Architectural Record*, June 1943.
ANON, From the slums of Bantule to Saulsville. *Pretoriana* 25, December 1957.
ANON, Houses for African workers: A general review of the position. *South African Outlook* 77, March 1947.
ANON, Pretoria's kraal scheme. *South African Municipal Magazine* 31(364), December 1947.
ARNOLD, J.L., Architectural history and urban history. *Journal of Urban History* 17(1), 1990.
ATKINSON, D., Patriarchalism and paternalism in South African "native administration" in the 1950s. *Historia* 54(1), May 2009.
BAINES, G., Community resistance and collective violence: The Port Elizabeth Defiance Campaign and the 1952 New Brighton riots. *South African Historical Journal* 34, May 1996.


© University of Pretoria

BAINES, G., The contradictions of community politics: The African petty bourgeoisie and the New Brighton Advisory Board c. 1937-1952. *Journal of African history* 35(1), 1994.

BAINES, G., The politics of welfare. The provision of housing and services in New Brighton, Port Elizabeth, c. 1920-1944. *Kronos* 22, 1995.

BAINES, G., A progressive South African city? Port Elizabeth and influx control, ca. 1923-1953. *Journal of Urban History*, November 2004.

BALDOCCHI, M.D., Sport grounds and town planning. Sound town-planning takes ample care of outdoor recreational needs. *Munisipale Aangeleenthede*, September 1944.

BEAVON, K.S.O., Black townships in South Africa: *Terra icognito* for urban geographers. *South African Geographical Journal* 64(1), 1982.

BEGG, G., The municipality of the city of Port Elizabeth: The design of dwellings and layout of townships for sub-economic housing. *South African Architectural Record*. July1943.

BERGH, J.S., Die ontstaan van Pretoria se eerste Bantoewoonbuurt. *Historia* 19(1), Mei 1974.

BERGH, J.S., White supremacy twenty years on: Opportunities for comparative historical research. *Historia* 48(1), May 2003.

BICKFORD-SMITH, V., Introduction: The case for studying cities and nationalisms. *Journal of Urban History: Special Issue on Cities and Nationalisms* 38(5), 2012.

BICKFORD-SMITH, V., South African urban history, racial segregation and the unique case of Cape Town? *Journal of Southern African Studies* 21(1), March 1995.

BICKFORD-SMITH, V., Urban history in the new South Africa: Continuity and innovation since the end of apartheid. *Urban history* 35(2), 2008.

BICKFORD-SMITH, V., Writing and teaching urban history in Africa in the twenty-first century. Reports on colloquium sessions. *South African Historical Journal* 50, 2004.

BREEDT, J.VD B., Die Suid-Afrikaanse oorlogsekonomie gedurende die Tweede Wêreldoorlog. *Militaria* 13(1) & 13(2), 1983.

BRICKLEY, P., Teaching post-modern history: A rational option for the classroom? *Teaching History* 74, January 1994.

BROOKES, E.H., Some municipal problems and how the Institute can help. *Race Relations* 2, January-February 1934.

BUITENDAG, F.W.C. The emergence of the urban African. *Race Relations Journal* 18(3), August 1951.

CALDERWOOD, D.M., An approach to low cost urban native housing in South Africa. *The Town Planning Review* 24(4), January 1954.

CALDERWOOD, D.M., Native housing. *The South African Annual Review: A social and economic survey of the Union year 1953* 1(1), January 1953.

CALDERWOOD, D.M., The planning of non-European residential areas in South Africa. *National Building Research Institute Bulletin* 7, December 1951.

CALDERWOOD, D.M., Site selection in non-European housing estate layouts. *National Building Research Institute Bulletin* 7, December 1951.

CALDERWOOD, D.M. & P.H. CONNELL, Minimum standards of accommodation for the housing of non-Europeans in South Africa. *National Building Research Institute Bulletin* 8, June 1952.

CANNADINE, D., How does it work? The city in history. *Encounter* 61(4), 1983.

CARRUTHERS, E.J., Urban land claims in South Africa: The case of Lady Selborne township, Pretoria, Gauteng. *Kleio* 32, 2000.

CARTER, M., Cities and buildings: Perspectives on architecture and its place in urban history. *Urban History Review* 14, 1986.

CENTRAL HOUSING BOARD, Housing in urban native areas. *Race Relations Journal* 7(4), November 1940.

CHRISTOPHER, A.J., From Flint to Soweto: Reflections on the colonial origins of the apartheid city. *Area* 15, 1983.

CHRISTOPHER, A.J., Roots of urban segregation: South Africa at Union, 1910. *Journal of Historical Geography* 14(2), 1988.



© University of Pretoria

CITY COUNCIL OF PRETORIA, Atteridgeville — a model township near Pretoria. *South African Architectural Record*, July 1943.
CITY COUNCIL OF PRETORIA, Proclamation Hill township — a European sub-economic housing scheme. *South African Architectural Record*, July 1943.
CONNELL, P.H., Native housing and its architectural aspects. *South African Architectural Record* 32(6), June 1947.
COOPER, J.R., The municipality of Bloemfontein: Native housing and accommodation. *South African Architectural Record* 28(6), 1943.
CRAIS, C., South Africa and the pitfalls of postmodernism. *South African Historical Journal* 31, November 1994.
CUTTEN, A.J., Native housing. *Race Relations Journal* 19(1), 1952.
CUTTEN, A.J., The planning of a native township. *Race Relations Journal* 18(2), 1951.
DARVILL, D.H., Construction of native housing by native labour. *South African Municipal Magazine* 30(352), December 1946.
DAUSKARDT, R.P.A., Local state, segregation and transport provision: The Atteridgeville bus boycott, 1947. *The South African Geographical Journal* 71(2), September 1989.
DAVENPORT, T.R.H., African Townsmen? South African *Natives (Urban Areas)* legislation through the years. *African Affairs* 68(271), April 1969.
DAVENPORT, T.R.H., The triumph of colonel Stallard: The transformation of the *Natives (Urban Areas) Act* between 1923 and 1937. *South African Historical Journal* 2, November 1970.
DE BRUYN, J., Geskiedenis en antropologie: onderweg na 'n mensliker geskiedenis? *Historia* 27(2), September 1982.
DE JONG, R.C., "The need for a total removal". An exploratory survey of the urbanisation of Africans in Pretoria, with particular emphasis on the townships that disappeared during this process. *Research by the National Cultural History Museum* 4, 1995.
DE KLERK, J., Swart behuisingstekort. *Volkshandel* 45(1), Maart 1984.
DE KLERK, P., Die Suid-Afrikaanse geskiedenis in vergelykende perspektief — 'n metodologiese ondersoek. *Historia* 44(2), November 1999.
DE KLERK, P., Vergelyking in die bestudering van geskiedenis. *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal* 6, 1974.
DEMISSIE, F., Controlling and 'civilising natives' through architecture and town planning in South Africa. *Social Identities: Journal for the Study of Race, Nation and Culture* 10(4), 2004.
DRAKE, M.F., Centralised control: Historical overview of a planning pre-occupation. *Planning History* 15(2), 1993.
DU BRUYN, D., The Batho heritage route. *Culna* 65, November 2010.
DU BRUYN, D. & M. OELOFSE, "A hygienic native township shall be developed": The founding and development of Batho as Bloemfontein's "model location" (c.1918-1939). *Historia* 64(2), November 2019.
DU BRUYN, D. & M. OELOFSE, "The idea of beautifying the surroundings": Bloemfontein's (Mangaung) Batho location a "garden location"? (ca. 1918-1939). *New Contree* 8, July 2020.
DU PLESSIS, I., Johannesburg's "model white housing scheme" in the civic social imaginary: The genesis of a white Afrikaner welfarist node, 1933-1937. *Historia* 61(2), November 2016.
DUFF, C.R., The burden of native housing. *Trek* 13(4), April 1949.
DUNCAN, D., Liberals and local administration in South Africa: Alfred Hoernlé and the Alexandra Health Committee, 1933-1943. *The International Journal of African Historical Studies* 23(3), 1990.
ELLEH, N., Perspectives on the architecture of Africa's underprivileged urban dwellers. *Social Dynamics* 37(1), March 2011.
ELOFF, C.C., Aspekte van plaaslike en streek-geskiedenis: teorie en praktyk. *Contree* 35, Junie 1994.
ELOFF, C.C., "History from below": 'n Oorsig. *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal* 25(1), 1991.
EPPRECHT, M., The native village debate in Pietermaritzburg, 1848-1925: Revisiting the 'sanitation



© University of Pretoria

syndrome'. *Journal of African History* 58(2), 2017.
FREAN, R.M., Aesthetics in the planning and lay-out of low-cost native housing. *South African Architectural Record*, January 1957.
FREUND, B., Urban history in South Africa. *South African Historical Journal* 52, 2005.
GEYER, R., Die Marabastadonluste van 28 Desember 1942. *Militaria* 26(1), 1996.
GILIOMEE, H., The making of the apartheid plan, 1929-1948. *Journal of Southern African Studies* 29(2), 2003.
GORDIN, E., Shopping problems in the Pretoria location. *Race Relations* 12(2), 1945.
GROBLER, J.E.H., The Marabastad riot, 1942. *Contree* 32, 1992.
GRUNDLINGH, A., Herhistorisering en herposisionering: perspektiewe op aspekte van geskiedbeoefening in hedendaagse Suid-Afrika. *Historia* 46(2), November 2001.
GRUNDLINGH, A., Sielkunde vir die historikus: praktiese moontlikheid of idealistiese wensdenkery? *Historia* 27(2), September 1982.
GRUNDLINGH, A., Sosiale geskiedenis en die dilemma in Afrikanergeskiedskrywing. *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal* 19(1), 1987.
GÚENAULT, P.H., The African in local government. *Race Relations* 13(2), 1946.
GÚENAULT, P.H. & R.J. RANDALL, An introduction to the housing problem. *South African Journal of Economics*, June 1940.
GÚENAULT, P.H. & R.J. RANDALL, Some financial aspects of urban native segregation. *Race Relations Journal* 7(4), November 1940.
GÚENAULT, P.H. & R.J. RANDALL, Urban native housing in South Africa. *Race Relations Journal* 7(4), November 1940.
HANSON, N.L. & W.G. TOMKYNS, City of Johannesburg: Competition for non-European houses: Assessors' report. *South African Architectural Record* 29, September 1944.
HAVEMANN, E.A., Principles underlying urban native administration in the Union. *Race Relations* 18(1), 1951.
HELLMANN, E., Social services for urban Africans. Shall the poor carry their own poverty? *Race Relations Journal*, November 1941.
HERSHBERG, T., The new urban history: Towards an interdisciplinary history of the city. *Journal of Urban History* 5, 1978.
HEYDENRYCH, L., Geskiedenis en geografie – terug aarde toe. *Historia* 27(2), September 1982.
HOLLAND, E.M., An experiment in slum clearance. *Race Relations* 7(4), November 1940.
JACKSON, S.M., Cape colonial architecture, town planning, and the crafting of modern space in South Africa. *Africa Today* 51, 2005.
JAMESON, F.W., The housing of natives by public bodies. Address before the annual conference of the Transvaal Municipal Association, at Pretoria, on October 7th, 1936. *Race Relations* 4(1), February 1937.
JANISCH, M., Health and social welfare services for natives in urban areas. *Race Relations* 7(4), November 1940.
JENNINGS, J.E., The role of native housing research in the provision of housing for the urban Bantu I. *Municipal Affairs* 18 (205), September 1952.
JONES, J.D.R., Native urban administration. The functions of native advisory boards. *Race Relations Journal* 13(2), May 1946.
JONES, J.D.R. & H.S. BLOOM, Natives in urban areas: The *Natives (Urban Areas) Act, 1923* as amended by *Acts 25 of 1930 and 46 of 1937*, paraphrased and analysed with comments. *Race Relations* 4(4), November 1937.
JONES, J.D.R. & A.L. SAFFERY, Social and economic conditions of native life in the Union of South Africa. Findings of the Native Economic Commission, 1930-1932, collated and summarised. *Bantu Studies* 7(3), September 1933.
JONES, J.D.R. & A.L. SAFFERY, Social and economic conditions of native life in the Union of South Africa. *Bantu Studies* 8(1), March 1934.
JOYCE, P., The end of social history. *Social History* 20(1), January 1995.



© University of Pretoria

JUDSON, E., A life history of J.F. Eloff. *Research by the National Cultural History Museum* 6, 1997.
KALLAWAY, P., F.S. Malan, The Cape liberal tradition, and South African politics, 1908-1924, *The Journal of African History* 15(1), 1974.
KHOSA, M.M., Changing patterns of "black" bus subsidies in the apartheid city, 1944-1986. *GeoJournal* 22(3), 1990.
LE ROUX, C.J.P. Cooper as township manager of Mangaung at Bloemfontein 1923-1945. *Navorsinge van die Nasionale Museum Bloemfontein* 26(1), December 2010.
LE ROUX, C.J.P., The question of housing for Africans in Mangaung at Bloemfontein, 1945-1964. *Historia* 45(2), November 2000.
LE ROUX, C.J.P., The role of T.M. Mapikela in the municipal administration of black affairs in Bloemfontein 1902-1945. *Historia* 42(2), November 1997.
LE ROUX, C.J.P., Rol van die Naturelle-adviesraad op plaaslike bestuursvlak in Bloemfontein, 1923-1948. *Contree* 25, April 1989.
LUBBE, H.J. "Swart gevaar" in beeld: visuele propaganda in *Die Burger* gedurende die parlementêre verkiesingstryd van 1928 en 1929. *Kleio* XXVI, 1994.
LUBOVE, R., The urbanization process: An approach to historical research. *Journal of the American Institute of Planners* 33, January 1965.
LUNN, W.S., "One shilling a week". Some suggested improvements in sub-economic housing. *South African Municipal Magazine* 25, September 1941.
MABIN, A., A century of South African housing acts 1920-2020. *Urban Form* 31, 2020.
MABIN, A., Comprehensive segregation: The origins of the *Group Areas Act* and its planning apparatuses. *Journal of Southern African Studies* 18(2), 1992.
MABIN, A., Origins of segregatory urban planning in South Africa, c. 1900-1940. *Planning History* 13(3), 1991.
MABIN, A., Suburbs on the veld, modern and postmodern. Draft article, 2005.
MABIN, A. & D.P. SMIT, Reconstructing South Africa's cities? The making of urban planning 1900-2000. *Planning Perspectives* 12(2), 1997.
MABOGUNJE, A.L., Urban planning and the post-colonial state in Africa: A research overview. *African Studies Review* 33(2), September 1990.
MACQUARRIE, J.W., Shanty-towns or rondavels? Pretoria native housing scheme. *South African Outlook* 77, October 1947.
MANICOM, L., Ruling relations: Rethinking state and gender in South African history. *Journal of African History* 33, 1992.
MARINUS, I.O., Recreation for the Bantu in Pretoria. *Vigor* 2(3), June 1949.
MASON, J., Book Reviews. *The seed is mine: The life of Kas Maine, a South African sharecropper, 1894-1985*. *Journal of American History* 84(2), September 1997.
MAYLAM, P., "Dead horses, the baby and the bathwater": "Post-theory" and the historian's practice. *South African Historical Journal* 42, May 2000.
MAYLAM, P., Explaining the apartheid city: 20 years of South African urban historiography. *Journal of Southern African Studies* 21(1), Special issue: Urban studies and urban change in Southern Africa, March 1995.
MAYLAM, P., The rise and decline of urban apartheid in South Africa. *African Affairs* 89, 1990.
MCNAMEE, J.P., Slum elimination pays handsome dividends. Some experiences in Port Elizabeth. *Municipal Magazine* 23, January 1940.
MDLEDLE, B.B., Pretoria mud-hut township. *South African Outlook* 77, October 1947.
MOHL, R., The new urban history and its alternatives. *Urban History Yearbook*, 1983.
MOSTERT, J.P.C., Behuisingsprobleme van die verstedelikte swarte in Suid-Afrika, 1939-1948. *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 12(3), Desember 1987.
MOSTERT, J.P.C., Black urbanisation. A historical perspective. *Journal for Contemporary History* 11(1), April 1986.
MOSTERT, J.P.C., Owerheidshantering van die swart verstedelikingsprosesgedurende die tweede Smutsbewind. *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 13(3), Desember 1988.



© University of Pretoria

MOSTERT, J.P.C., Die rol van swart verstedeliking in die algemene verkiesing van 1948. *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 10(3), Desember 1985.

MOSTERT, J.P.C., Die Tweede Wêreldoorlog: impetus vir versnelde swart verstedeliking in Suid-Afrika. *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 11(2), Augustus 1986.

MULLER, J., Parallel paths: The origins of planning education and the planning profession in South Africa. *Planning History* 15(2), 1993.

NASIALI, M., Citizens, squatters and asocials: The right to housing and the politics of difference in post-liberation France. *American Historical Review* 119(2), April 2014.

NÖTHLING, F.J., Behuisingskemas vir gekleurdes in Pretoria, 1900-1924. *Contree* 8, Januarie 1980.

OLIVIER, N.J.J., The presence and employment of blacks in the urban areas of South Africa: A historical survey of legislation. *Acta Juridica* 1, 1984.

ORANJE, M. & A. MERRIFIELD, National spatial development planning in South Africa 1930-2010: An introductory comparative analysis. *Town and Regional Planning* 56, 2010.

PARNELL, S., Creating racial privilege: The origins of South African public health and town planning legislation. *Journal of Southern African Studies* 19(3), September 1993.

PARNELL, S., Racial segregation in Johannesburg: The *Slums Act*, 1934-1939. *South African Geographical Journal* 70(2), September 1988.

PARNELL, S., Sanitation, segregation and the *Natives (Urban Areas) Act*: African exclusion from Johannesburg's Malay location, 1897-1925. *Journal of Historical Geography* 17(3), 1991.

PARNELL, S., South African cities: Perspectives from the ivory tower or urban studies. *Urban Studies* 34, 1997.

PARNELL, S.M., The ideology of African home-ownership: The establishment of Dube, Soweto, 1946-1955. *South African Geographical Journal* 73, 1991.

PARNELL, S.M., Shaping a racially divided society: State housing policy in South Africa, 1920-1950. *Environment and Planning C: Government and Policy* 7, 1989.

PARNELL, S. & A. MABIN, Rethinking urban South Africa. *Journal of Southern African Studies* 21(1), March 1995.

PEARSE, G.E., Housing in South Africa: Introduction. *South African Architectural Record*, June 1943.

PHILLIPS, H., (Un)precedented times? An interview by Julie Parle with Howard Phillips. *Historia* 65(1), May 2020.

PIRIE, G.H., African township railways and the South African state, 1902-1963. *Journal of Historical Geography* 13(3), July 1987.

PIRIE, G.H., South African urban history. *Urban History Yearbook.* 1985.

PRETORIA CITY COUNCIL, Atteridgeville native township, Pretoria. *Public Works of South Africa*, April 1948.

RICH, P.B., Administrative ideology, urban social control and the origins of apartheid theory, 1930-1939. *Journal of African Studies* 7(2), Summer 1980.

RICH, P.B., Ministering to the white man's needs: The development of urban segregation in South Africa, 1913-1923. *African Studies* 37(2), 1978.

ROBINSON, J., Administrative strategies and political power in South Africa's black townships 1930-1960. *Urban Forum* 2(2), 1991.

ROBINSON, J., "A perfect system of control?" State power and "native locations" in South Africa. *Environment and Planning D: Society and Space* 8(2), 1990.

ROBINSON, J., The politics of urban form: Differential citizenship and township formation in Port Elizabeth 1925-1945. *Kronos: Journal of Cape History* 20, November 1993.

ROBINSON, J., "Progressive Port Elizabeth": Liberal politics, local economic development and the territorial basis of racial domination, 1923-1935. *GeoJournal* 22(3), 1990.

RODSETH, F.R., F. VAN HEERDEN & J.E. JENNINGS, Native housing research in South Africa. *National Building Research Institute Bulletin* 6, June 1951.

ROSS, R., Paternalism, patriarchy and Afrikaans. *South African Historical Journal* 32, May 1995.

SAPIRE, H. & J. BEALL, Introduction: Urban change and urban studies in Southern Africa. *Journal of Southern African Studies* 21(1), March 1995.



© University of Pretoria

SAUNDERS, C., What of regional history? Towards a history of the Western Cape. *South African Historical Journal* 22(1), 1990.
SAVAGE, M., The imposition of pass laws on the African population in South Africa, 1916-1984. *African Affairs* 85(339), April 1986.
SCHAUDER, A., Eliminating South Africa's native slums. *Optima* 6(4), 1956.
SCHAUDER, A., Generous housing for South Africa's natives. *Optima* 3(4), December 1953.
SCHAUDER, A., Generous housing for South Africa's natives. *Lantern*, April 1954.
SEVENHUYSEN, K., Owerheidsbeheer en -wetgewing rakende stedelike swart behuising voor en gedurende die Tweede Wêreldoorlog. *Historia* 40(1), Mei 1995.
SEVENHUYSEN, K., Swart stedelike behuisingsverskaffing in Suid-Afrika, *ca*. 1923-1948: "wanneer meer minder kos" — finansiële verliese versus welsyns- en gesondheidswinste. *Contree* 64, Julie 2012.
SEWELL, W.H., Marc Bloch and the logic of comparative history. *History and Theory* 2, 1967.
SIDZUMO, S.C., Location advisory boards. *South African Outlook* 70, April 1940.
SILBERMAN, L., Housing legislation and finance in South Africa. *South African Architectural Record*, June 1943.
SIMONS, H.J., The claims of the African in municipal government. *Race Relations* 13(2), 1946.
SIMONS, H.J., Some aspects of urban native administration. *Race Relations* 7(4), Fourth Quarter, 1940.
SINCLAIR, C.W., Success of Pretoria municipal housing scheme. *Outspan* 40(1026), 25 October 1946.
SKOCPOL, T. & M. SOMERS, The uses of comparative history in macrosocial inquiry. *Comparative Studies in Society and History* 22, 1980.
SMIT, P., Historiese grondslae van swart verstedeliking in Suid-Afrika. *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal* 19, November 1987.
SOUTH AFRICAN INSTITUTE OF RACE RELATIONS, Evidence submitted to the Native Laws Commission of Enquiry I: Urban areas. *Race Relations* 14(2), 1947.
SPENCE, B., The problem of the location. A report on housing conditions in ten Transvaal locations. *South African Architectural Record* 28, February 1943.
SPIES, F.J. DU T., Leemtes in die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing. *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal* 3, November 1971.
STAVE, B.M., In pursuit of urban history. Conversations with myself and other: A view from the United States. *South African Historical Journal* 15(1), 1983.
STENT, G.E., Migrancy and urbanization in the Union of South Africa. *Africa: Journal of the International African Institute* 18(3), July 1948.
STEYN, J.N. & J.J. OLIVIER, Veranderende ruimtelike patrone van swart stedelike woongebiede en tuislanddorpe in Suid-Afrika: 1904-1975. *Die Suid-Afrikaanse Geograaf* 6(2), September 1978.
SUTCLIFFE, A., Urban history in the eighties. Reflections on the H.J. Dyos memorial conference. *Journal of Urban History* 10, 1984.
SUTTIE, M.L., A select bibliography of South African history: Articles, theses and papers, 1990-1992. *South African Historical Journal* 28, May 1993.
SUTTIE, M.L., A select bibliography of South African history: Articles, theses and papers, 1990-1993. *South African Historical Journal* 30, May 1994.
SUTTIE, M.L., A select bibliography of South African history: Articles, theses and papers, 1994. *South African Historical Journal* 32, May 1995.
SUTTIE, M.L., A select bibliography of South African history: Books, 1990-1992. *South African Historical Journal* 29, November 1993.
SUTTIE, M.L., A select bibliography of South African history: Books, 1990-1993. *South African Historical Journal* 31, November 1994.
SUTTIE, M.L., A select bibliography of South African history: Books, 1994. *South African Historical Journal* 33, November 1995.
SWANSON, M.W., Reflections on the urban history of South Africa: Some problems and possibilities. *African Urban Notes*, 1969.



© University of Pretoria

SWANSON, M.W. The sanitation syndrome: Bubonic plague and urban native policy in the Cape Colony, 1900-1909. *Journal of African History* 18(3), 1977.
SWANSON, M.W., Urban origins of separate development. *Race* 10(1), July 1968.
TEES, D.G., Witwatersrand Regional Advisory Council for Non-European Housing. *South African Treasurer* 19, October 1947.
THORRINGTON-SMITH, E. An approach to native housing in South Africa. An example of an African new town at Umlazi, Durban. *Journal of the Town Planning Institute* 37(9), July-August 1951.
TORR, A.L., Lamontville — Durban's "model village". The realities of township life, 1934-1960. *Journal of Natal and Zulu History* 10, 1987.
TORR, L., Providing for the "better-class native". The creation of Lamontville, 1923-1933. *South African Geographical Journal* 69(1), 1987.
TRIBE, J., The indiscipline of tourism. *Annals of Tourism Research* 24(3), 1977.
VAN AS, B.S., Bantoebehuising — belangrike aspekte. *Bantoe* 1, Januarie 1957.
VAN AS, B.S., Die posisie van die swartman in blanke stadsgebiede. *Tydskrif vir Rasse-aangeleenthede* 29(1), Januarie 1978.
VAN BILJON, L., Pretoria: Genesis and the successive evolutionary layers. *Planning History. Bulletin of the International Planning History Society* 15(2), 1993.
VAN DER HORST, S.T., The African worker in urban areas. *Race Relations* 13(2), 1946.
VAN DER WAAL, G.M., Do you know Atteridgeville? *Muniforum* 25(9), September/October 1995.
VAN DER WAAL, G.M., Lady Selbourne roep heelwat herinneringe op. *Muniforum* 21(5), Mei/Junie 1994.
VAN DER WAAL, G.M., Marabastad was eerste swart gebied. *Muniforum* 21(10), Oktober/November 1993.
VAN EEDEN, E.S., Challenging traditional ways of thinking and doing local/regional history research in South Africa: Some global learning and sharing. *International Journal of Local and Regional History*, 2014.
VAN EEDEN, E.S., Debating some past and present research frameworks and methodologies in history on places and their peoples in South Africa. *African Historical Review* 45(2), 2013.
VAN EEDEN, E.S., Pioneering regional history studies in South Africa: Reflections within the former Section for Regional History at the Human Sciences Research Council (HSRC). *Historia* 59(1), May 2013.
VAN EEDEN, E.S., Regional, local, urban and rural history as nearby spaces and places: Historiographical and methodological reflections. *New Contree* 63, January 2012.
VAN JAARSVELD, F.A., Geskiedenis en sosiologie. *Historia* 28(1), Mei 1983.
VAN ONSELEN, C., The reconstruction of a rural life from oral testimony: Critical notes on the methodology employed in the study of a black South African sharecropper. *The Journal of Peasant Studies* 20(3), April 1993.
VAN ONSELEN, C., The social and economic underpinnings of paternalism and violence on the maize farms of the south-western Transvaal, 1900-1950. *Journal of Historical Sociology* 5(2), June 1992.
VENABLES, L.I., The relations of a municipality with its African people. *Race Relations* 13(2), 1946.
WHITE, G., Bantoebehuising in stedelike gebiede. *Bantoe* 1(7), Oktober 1954.
WILKINSON, P., Housing policy in South Africa. *Habitat International* 22(3), 1998.
ZAGORIN, P., History, the referent, and narrative: Reflections on postmodernism now. *History and Theory* 38(1), February 1999.

## VI LITERATUUR

AFRICAN NATIONAL CONGRESS, *The Reconstruction and Development Programme: A policy framework*. Johannesburg, 1994.



© University of Pretoria

AUSTIN, D., *Politics in Ghana, 1946-1960*. London, 1964.
BAINES,G., The New Brighton advisory board, c. 1923-1952: Its legitimacy and legacy. Paper presented at the fifth triennial History Workshop: Structure and experience in the making of apartheid, University of the Witwatersrand, February 1990.
BAINES, G.F., *A history of New Brighton, Port Elizabeth, South Africa, 1903-1953. The Detroit of the Union*. New York, 2002.
BALDOCCHI, M.D.A., *Survey of housing practice in the Union of South Africa*. Prepared as part of the Regional Conference on Housing Research in Africa south of the Sahara. Pretoria, 1952.
BALL, B.W.B., *Planning for separate racial groups in Pretoria*. M.Sc. Dissertation, University of Pretoria, 1968.
BARKER, F., P. HULME & M. IVERSEN, *Postmodernism and the re-reading of modernity*. Manchester, 1992.
BARTMANN, J.F.T. (red.), *Verstedeliking as kultuurhistoriese verskynsel*. Bundel van kongresreferate van die 1990-kongres van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Kultuurgeskiedenis. Pretoria, 1991.
BEAUREGARD, R.A. & S. BODY-GENDROT (eds), *The urban moment: Cosmopolitan essays of the late twentieth century city*. Thousand Oaks, 1999.
BECKINSALE, R.P. (ed.), *Urbanisation and its problems*. Oxford, 1970.
BEINART, W., *Twentieth-century South Africa*. New York, 1994.
BEINART, W. & S. DUBOW (eds), *Segregation and apartheid in 20th century*. London, 1994.
BELL, M.M.S., *The politics of administration: A study of the career of Dr. D.L. Smit with special reference to his work in the Department of Native Affairs, 1934-1945*. M.A. Dissertation, Rhodes University, 1978.
BERRY, B.J.L., *The human consequences of urbanization*. London, 1973.
BOOYSEN, J.J., Bevolkingsverhoudinge binne Suid-Afrika, *in* VAN JAARSVELD, F.A. (red.), *Verstedeliking in Suid-Afrika*. Pretoria, 1985.
BOTHA, W.F. (hoofred.), *Woordeboek van die Afrikaanse taal XII P — Q*. Paarl, 2005.
BOTHMA, C.V., *'n Volkekundige ondersoek na die aard en ontstaansoorsake van tsotsigroepe en hulle aktiwiteite in die stedelike gebied van Pretoria*. M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1951.
BOTTOMLEY, J. & T. GOUWS, Paradigmatic confusion in the history of the "New South Africa". Paper presented at the Biennial Conference of the Historical Association of South Africa. Potchefstroom, 1996.
BOZZOLI, B., From governability to ungovernability: Race, class and authority in South Africa's black cities. Paper presented at the Institute for Advanced Social Research, University of the Witwatersrand, March 1996.
BOZZOLI, B. (ed.), *Class, community and conflict: South African perspectives*. Johannesburg, 1987.
BRAND, G.A., *Administratiewe vraagstukke in verband met die stadsnaturel*. M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1957.
BRITS, J.P., *Op die vooraand van apartheid. Die rassevraagstuk en die blanke politiek in Suid-Afrika, 1939-1948*. Pretoria, 1994.
BRITS, J.P., *The Penguin concise dictionary of historical and political terms*. London, 1995.
BUTLER, J., *Cradock. How segregation and apartheid came to a South African town*. (edited by R. Elphick & J. Hopkins). London, 2017.
BUTLER, J., R. ELPHICK & D. WELSH (eds), *Democratic liberalism in South Africa: Its history and prospect*. Cape Town, 1987.
CALDERWOOD, D.M., *Native housing in South Africa*. D.Arch. Thesis, University of the Witwatersrand, 1953.
CALDERWOOD, D.M., Native housing policies and problems, *in* THE SOUTH AFRICAN INSTITUTE OF TOWN PLANNERS/DIE SUID-AFRIKAANSE INSTITUUT VIR DORPSBEPLANNERS, *Summer School/Somerskool*. Johannesburg, 1959.
CALDERWOOD, D.M., *The planning of non-European areas in South Africa*. National Building Research Institute. Pretoria, 1951.



© University of Pretoria

CALDERWOOD, D.M., *Town planning — with particular reference to housing layouts*. Pretoria, 1956.
CALLINICOS, L., *A people's history of South Africa I. Gold and workers, 1886-1924*. Johannesburg, 1980.
CALLINICOS, L., *A people's history of South Africa II. Working life. Factories, townships and popular culture on the Rand, 1886-1940*. Johannesburg, 1987.
CALLINICOS, L., *A people's history of South Africa III. A place in the city. The Rand on the eve of apartheid*. Braamfontein, 1993.
CANNADINE, D. & D. REEDER (eds), *Exploring the urban past: Essays in urban history by H.J. Dyos*. Cambridge, 1982.
CANNADINE, D., Conclusion. Urban history in the United Kingdom: The 'Dyos phenomenon' and after, *in* CANNADINE, D. & D. REEDER (eds), *Exploring the urban past: Essays in urban history by H.J. Dyos*. Cambridge, 1982.
CELL, J.W., *The highest stage of white supremacy. The origins of segregation in South Africa and the American South*. Cambridge, 1982.
CHILOANE, T.J., *The establishment of black settlement areas in and around Pretoria with special reference to Mamelodi, 1900-1970*. M.A. Dissertation, Rand Afrikaans University, 1990.
CHIPKIN, C.M., Preparing for apartheid: Pretoria and Johannesburg, *in* FISHER R.C., S. LE ROUX & E. MARÉ (eds), *Architecture of the Transvaal*. Pretoria, 1998.
CLARK, E.A., *History, theory, text: Historians and the linguistic turn*. Cambridge, 2004.
COERTZE, R.D., *Die adviserende komiteestelsel en politieke organisasie soos aangetref in die stedelike gebied van Pretoria met besondere verwysing na toestande in Atteridgeville*. M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1958.
COERTZE, R.D., *Atteridgeville. 'n Stedelike Bantoewoonbuurt*. Pretoria, 1969.
COERTZE, R.D., Die gesinslewe in Atteridgeville, *in* ELOFF, J.F. & R.D. COERTZE (reds.), *Etnologiese studies in Suidelike Afrika*. Pretoria, 1972.
COERTZE, R.D., Godsdiens in Atteridgeville, *in* ELOFF, J.F. & R.D. COERTZE (reds.), *Etnologiese studies in Suidelike Afrika*. Pretoria, 1972.
COETZEE, W.J.S., *Die ekonomiese aspekte van die naturellebehuising in Suid-Afrika*. M.A.-verhandeling, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, 1954.
CONNELL, P.H., C. IRVINE-SMITH, K. JONAS, R. KANTOROWICH & F.J. WEPENER, *Native housing: A collective thesis*. Johannesburg, 1939.
CONNELL, P.H., *Sub-economic housing practice in South Africa*. South African Council for Scientific and Industrial Research: National Building Research Institute, series DR 1. Pretoria, 1947.
CRONJE, G. & J.D. VENTER, *Die patriargale familie. 'n Kultuurhistoriese en kultuursosiologiese studie*. Kaapstad, 1973.
CUTHBERTSON, G., C. PUCKRIN & R. SCHEEPERS, *Renaming of Pretoria: Report of the city of Tshwane*. Pretoria, 2004.
DAVENPORT, R., Historical background of the apartheid city, *in* SWILLING, M., R. HUMPHRIES & K. SHUBANE, *The apartheid city in transition*. Cape Town, 1991.
DAVENPORT, T.R.H., *The beginnings of urban segregation in South Africa. The Natives (Urban Areas) Act of 1923 and its background.* Rhodes University Occasional Papers XV. Grahamstown, 1971.
DAVENPORT, T.R.H., *South Africa. A modern history*. Third edition. Johannesburg, 1987.
DAVENPORT, T.R.H., *South Africa. A modern history*. Fourth edition. Johannesburg, 1991.
DAVENPORT, T.R.H. & C. SAUNDERS, *South Africa. A modern history*. Fifth edition. New York, 2000.
DAVIDSON, J., History and anthropology, *in* LAMBERT, P. & P. SCHOFIELD (eds), *Making history. An introduction to the history and practices of a discipline*. New York, 2004.
DE KIEWIET, C.W., *A history of South Africa: Social and economic*. London, 1966.
DE KOCK, W.J. (hoofred.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek I.* Kaapstad, 1968.
DE KOCK, W.J. & D.W. KRÜGER (hoofreds.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek II.* Kaapstad, 1986.


© University of Pretoria

DE SCHRYVER, R., *Historiografie. Vijfentwintig eeuwen geschiedschrijving van West-Europa*. Leuven, 1990.

DE VILLIERS, C.M., *Die vryetydsbesteding van volwasse manlike Bantoe in die gebied Pretoria-Witwatersrand-Vereeniging I.* D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1972.

DROBNICK, J. (ed.), *Aural cultures*. Toronto, 2004.

DU BRUYN, D., *Gardens, gardening culture and the development of a semi-vernacular garden style in Batho, Mangaung, 1918-1939*. DPhil. Thesis, University of the Free State, 2018.

DU PLESSIS, I., Johannesburg's model white housing scheme, then and now (1937-2010): Statecraft, street life and the sources of the social imaginary. Seminar delivered at the Department of Sociology, University of Pretoria, 15 April 2010.

DU PLESSIS, I., Living in 'Jan Bom': Making and imagining lives after apartheid in a council housing scheme in Johannesburg. Seminar delivered at the University of Pretoria, 8 March 2004.
See also: DU PLESSIS, I., Living in 'Jan Bom': Making and imagining lives after apartheid in a council housing scheme in Johannesburg. *Current Sociology* 52(5), September, 2004.

DUBOW, S., *Racial segregation and the origins of apartheid in South Africa, 1919-1936*. London, 1989.

DUBOW, S. & A .JEEVES (eds), *South Africa's 1940s: Worlds of possibilities*. Cape Town, 2005. 1989.

DYOS, H.J., Some historical reflections on the quality of urban life, *in* CANNADINE, D. & D. REEDER (eds), *Exploring the urban past: Essays in urban history by H.J. Dyos*. Cambridge, 1982.

DYOS, H.J. (ed.), *The study of urban history*. London, 1968.

ELOFF, J.F., 'n *Volkekundige studie van aanpassing en ontwikkeling in die gesinslewe van die naturelle van Atteridgeville*. M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1952.

ELOFF, J.F. & R.D. COERTZE (reds.), *Etnologiese studies in Suidelike Afrika*. Pretoria, 1972.

ENGELBRECHT, S.P., J.A.I. AGAR-HAMILTON, A.N. PELZER & H.P.H. BEHRENS (compilers), *Pretoria 1855-1955. Centenary album: Pretoria's first century in illustration*. Pretoria, 1955.

ENGELBRECHT, S.P., J.A.I. AGAR-HAMILTON, A.N. PELZER & H.P.H. BEHRENS (samestellers), *Pretoria (1855-1955): geskiedenis van die stad Pretoria*. Pretoria, 1955.

EVANS, I., *Bureaucracy and race. Native administration in South Africa*. Berkeley, 1997.

EVANS, R.J., *In defence of history*. London, 2000.

FAULKNER, H.W., *Locational stress on Sydney's metropolitan fringe*. Ph.D. Thesis, Australian National University, Canberra, 1978.

FISHER R.C., S. LE ROUX & E. MARÉ (eds), *Architecture of the Transvaal*. Pretoria, 1998.

FLOYD, T.B., Die geskiedenis van stadsbeplanning in Suid-Afrika, *in* THE SOUTH AFRICAN INSTITUTE OF TOWN PLANNERS/DIE SUID-AFRIKAANSE INSTITUUT VIR DORPSBEPLANNERS, *Summer School/Somerskool*. Johannesburg, 1959.

FLOYD, T.B., *Town planning in South Africa*. Pietermaritzburg, 1960.

FLOYD, T.B., *Township layout*. Pietermaritzburg, 1951.

FOURIE, J.J., Stedelike geskiedenis: 'n histories-metodologiese ondersoek, *in* RANDSE AFRIKAANSE UNIVERSITEIT, *Geskiedenis navorsingsprojek. Die geskiedenis van die Afrikaner aan die Rand, 1886-1961: oorsig III*. Johannesburg, 1974.

FOWLER, H.W. & F.G. FOWLER, *The concise Oxford dictionary of current English*. Oxford, 1990.

FRASER, D. & A. SUTCLIFFE, Introduction, *in* FRASER, D. & A. SUTCLIFFE (eds), *The pursuit of urban history*. London, 1983.

FRASER, D. & A. SUTCLIFFE (eds), *The pursuit of urban history*. London, 1983.

FREDERICKSON, G.M., *White supremacy. A comparative study in American and South African history*. New York, 1981.

FREUND, B., *The African city: A history*. Cambridge, 2007.

FRIEDMAN, M., *A history of Africans in Pretoria with special reference to Marabastad, 1902-1923*. M.A. Dissertation, University of South Africa, 1994.

GIDDENS, A., *Conversations with Anthony Giddens: Making sense of modernity*. Stanford, 1998.



© University of Pretoria

GILIOMEE, H., *Die Afrikaners. 'n Biografie*. Kaapstad, 2004.
GOODALL, B., *The Penguin dictionary of human geography*. London, 1987.
GOUWS, T. & J. BOTTOMLEY, "Al was ons ook daar, ons weet dis nie waar nie" — Metodologie en geskiedskrywing in postmodernistiese perspektief. Referaat gelewer tydens die Tweejaarlikse Konferensie van die Historiese Genootskap van Suid-Afrika. Potchefstroom, 1996.
GRUNDLINGH, L.W.F., *Stedelike geskiedenis: hoe maak' 'n mens 'n nuwe kultivar vir 'n ou vat?* Professorale intreerede, Randse Afrikaanse Universiteit, 29 September 2004.
GULDI, J., Landscape and place, *in* GUNN, S. & L. FAIRE (eds), *Research methods for history*. Edinburgh, 2012.
GUNN S. & L. FAIRE, Introduction: Why bother with method?, *in* GUNN, S. & L. FAIRE (eds), *Research methods for history*. Edinburgh, 2012.
GUNN, S. & L. FAIRE (eds), *Research methods for history*. Edinburgh, 2012.
GUTKIND, E.A., *International history of city development VI. Urban development in Western Europe: the Netherlands and Great Britain*. New York, 1971.
HAARHOFF, E., Appropriating modernism: Apartheid and the South African township. Paper presented at the 14th IPHS Conference, Urban transformation: Controversies, contrasts and challenges, 12-15 July 2010, Istanbul, Turkey.
HAINES, R., *The politics of philanthropy and race relations: The South African Joint Councils, c. 1920-1955*. PhD. Thesis, University of London, 1991.
HAINES, R. & G. BUIJS (eds), *The struggle for social and economic space: Urbanization in twentieth century South Africa.* Institute for Social and Economic Research. Special publication number 3. Durban, 1985.
HALL, S. & B. GIEBEN (eds), *Formations of modernity*. Oxford, 1992.
HAMMOND-TOOKE, W.D. (ed.), *The Bantu-speaking peoples of southern Africa*. London, 1974.
HARRISON, R., History and sociology, *in* LAMBERT, P. & P. SCHOFIELD (eds), *Making history. An introduction to the history and practices of a discipline*. New York, 2004.
HARRISON, R., The 'new social history' in America, *in* LAMBERT, P. & P. SCHOFIELD (eds), *Making history. An introduction to the history and practices of a discipline*. New York, 2004.
HARRISON, R., A. JONES & P. LAMBERT, 'Scientific' history and the problem of objectivity, *in* LAMBERT, P. & P. SCHOFIELD (eds), *Making history. An introduction to the history and practices of a discipline*. New York, 2004.
HATTINGH, P.S. & A.C. HORN, Pretoria, *in* LEMON, A. (ed.), *Homes apart: South Africa's segregated cities*. Bloomington, 1991.
HATTINGH, P.S. & J.J. OLIVIER, Swart verstedeliking in Suid-Afrika. 'n Fasemodel van prosesse en ruimtelike strukture, *in* VAN JAARSVELD, F.A. (red.), *Verstedeliking in Suid-Afrika*. Pretoria, 1985.
HELLMANN, E. & L. ABRAHAMS (eds), *Handbook on race relations in South Africa*. London, 1949.
HERSHBERG, T., The future of urban history, *in* FRASER, D. & A. SUTCLIFFE (eds), *The pursuit of urban history*. London, 1983.
HEYDENRYCH, H. & A. SWIEGERS, *Discover Pretoria*. Pretoria, 1999.
HEYSTEK, B.H., *Swart verstedeliking aan die Oosrand tot 1923*. M.A.-verhandeling, Randse Afrikaanse Universiteit, 1988.
HIMMELFARB, G., Telling it as you like it: Postmodernist history and the flight from fact, *in* JENKINS, K. (ed.), *The postmodern history reader*. London, 1997.
HINDSON, D.C. (ed.), *Working papers in southern African studies III*. Johannesburg, 1983.
HOCKETT, H.C., *The critical method in historical research and writing*. New York, 1963.
HOME, R., British colonialism and the South African urban landscape, *in* PLANNING HISTORY STUDY GROUP, *Proceedings of the symposium on places, people and planning I*. Pretoria, 1994.
HUMAN SCIENCES RESEARCH COUNCIL, *RSA 2000: Dialogue with the future. Black urbanization*. Pretoria, 1985.
JANISCH, M., *A study of African income and expenditure in 987 families in Johannesburg*.



© University of Pretoria

Johannesburg, 1941.
JANSE VAN RENSBURG, A., Marabastad's historical future, *in* PLANNING HISTORY STUDY GROUP, *Proceedings of the symposium on places, people and planning II*. Pretoria, 1994.
JENKINS, K. (ed.), *The postmodern history reader*. London, 1997.
JONAS, K., Introduction, *in* THE SOUTH AFRICAN ARCHITECTURAL RECORD, *Townplanning. Proceedings of a congress devoted to townplanning*. Johannesburg, 1938.
JUNOD, H.P., The Bantu population of Pretoria, *in* ENGELBRECHT, S.P., J.A.I. AGAR-HAMILTON, A.N. PELZER & H.P.H. BEHRENS (samestellers), *Pretoria (1855-1955): geskiedenis van die stad Pretoria*. Pretoria, 1955.
KAMMEN, C. *On doing local history: Reflections on what local historians do, why and what it means*. Lanham ,1986.
KANTOROWICH, R., A model native township for 20 000 inhabitants, *in* THE SOUTH AFRICAN ARCHITECTURAL RECORD, *Townplanning. Proceedings of a congress devoted to townplanning*. Johannesburg, 1938.
KAPP, P.H., Die plek van opleiding in die teoretiese aspekte van geskiedenis in die universiteitsillabus. Referaat gelewer tydens die Geskiedenisberaad van die Geskiedeniskommissie van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. Pretoria, Januarie 1999.
KGARI-MASONDO, M.C., *"A superstitious respect for the soil"?: Environmental history, social identity and land ownership — a case study of forced removals from Lady Selborne and their ramifications, c. 1905-1977*. D.Phil. Thesis, University of Stellenbosch, 2008.
KING, M.T., Working with/in the archives, *in* GUNN, S. & L. FAIRE (eds), *Research methods for history*. Edinburgh, 2012.
KIRK, N., History, language, ideas and postmodernism: A materialistic view, *in* JENKINS, K. (ed.), *The postmodern history reader*. London, 1997.
KOCH, E., "Without visible means of subsistence": Slumyard culture in Johannesburg 1918-1940, *in* BOZZOLI, B. (ed.), *Town and countryside in the Transvaal: Capitalist penetration and popular response*. Johannesburg, 1983.
LABUSCHAGNE, F.L. & L.C. EKSTEEN (reds.), *Pharos verklarende Afrikaanse woordeboek*. Kaapstad, 2010.
LAMBERT, P., Social history in Germany, *in* LAMBERT, P. & P. SCHOFIELD (eds), *Making history. An introduction to the history and practices of a discipline*. New York, 2004.
LAMBERT P. & P. SCHOFIELD, Interdisciplinarity, *in* LAMBERT, P. & P. SCHOFIELD (eds), *Making history. An introduction to the history and practices of a discipline*. New York, 2004.
LAMBERT P. & P. SCHOFIELD, Introduction, *in* LAMBERT, P. & P. SCHOFIELD (eds), *Making history. An introduction to the history and practices of a discipline*. New York, 2004.
LAMBERT P. & P. SCHOFIELD, Social movements and theory into history, *in* LAMBERT, P. & P. SCHOFIELD (eds), *Making history. An introduction to the history and practices of a discipline*. New York, 2004.
LAMBERT, P. & P. SCHOFIELD (eds), *Making history. An introduction to the history and practices of a discipline*. New York, 2004.
LAMONT, A.M., Provision of housing and infrastructure, *in* MOSTERT, W.P. & J.M. LÖTTER (eds), *South Africa's demographic future*. Pretoria, 1990.
LAWRENCE, R.J., Methodologies in contemporary housing research: A critical review, *in* VESTBRO, D.U., Y. HÜROL & N. WILKINSON (eds), *Methodologies in housing research*. Gateshead, 2005.
LEMON, A. The apartheid city, *in* LEMON, A. (ed.), *Homes apart: South Africa's segregated cities*. Bloomington, 1991.
LEMON, A. (ed.), *Homes apart: South Africa's segregated cities*. Bloomington, 1991.
LEPPERT, R., The social discipline of listening, *in* DROBNICK, J. (ed.), *Aural cultures*. Toronto, 2004.
LEWSEN, P., Liberals in politics and administration, 1936-1948, *in* BUTLER, J., R. ELPHICK & D. WELSH (eds), *Democratic liberalism in South Africa: Its history and prospect*. Cape Town,



© University of Pretoria

1987.
LIEBENBERG, B.J. & S.B. SPIES (eds), *South Africa in the 20th century*. Pretoria, 1993.
LIEBENBERG, B.J., K.W. SMITH & S.B. Spies, (eds), *A bibliography of South African history, 1978-1989*. Pretoria, 1992.
LIEBENBERG, E.C., Verstedeliking en die kultuurhistoriese belangrikheid van 'plek' as 'n geografiese ervaring, *in* BARTMANN, J.F.T. (red.), *Verstedeliking as kultuurhistoriese verskynsel*. Bundel van kongresreferate van die 1990-kongres van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Kultuurgeskiedenis. Pretoria, 1991.
LININGTON, P.A., *Native administration in the Union of South Africa*. Pretoria, 1949.
LODGE, T., Political organisations in Pretoria's African townships, 1940-1963, *in* BOZZOLI, B. (ed.), *Class, community and conflict: South African perspectives*. Johannesburg, 1987.
LORIMER, L.T. (ed.), *The Encyclopedia Americana. International edition XIV*. Danbury, 1992.
LOUW, M.J., 'n *Geografiese studie van funksionele differensiasie in die metropolitaanse gebied van Pretoria*. D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Suid-Afrika, 1964.
LUTHER, J., F. PHEIFFER & R.H. GOUWS (reds.), *Handwoordeboek van die Afrikaanse taal*. Kaapstad, 2015.
MABIN, A., Conflict, continuity and change: Locating "properly planned native townships" in the forties and fifties, *in* PLANNING HISTORY STUDY GROUP, *Proceedings of the symposium on South African planning history*. Pietermaritzburg, 1993.
MABIN, A., *The map of Gauteng: Evolution of a city-region in concept and plan*. Occasional paper 5. Gauteng City-Region Observatory. Johannesburg, 2013.
MALAN, M., *The black community of Pretoria, 1923-1939*. M.A. Dissertation, University of Pretoria, 1996.
MALAN, M., *The establishment of Atteridgeville and the creation of an infrastructure, 1935-1943*. Honours Research Essay, University of Pretoria, 1989.
MALINGA, S.M., *The establishments of black townships in South Africa with particular reference to the establishment of Daveyton township on the East Rand*. M.A. Mini-dissertation, Rand Afrikaans University, 1997.
MAPENA, I.O.H.M., *Policy for urban blacks in the Republic of South Africa*. Pietersburg, 1978.
MARQUARD, L., *The native of South Africa*. Johannesburg, 1948.
MARWICK, A., *The nature of history*. Hong Kong, 1970.
MASHABELA, H., *Townships of the PWV*. SAIRR. Johannesburg, 1984.
MASHUMI, V.E., *Deracialising service rendering in Pretoria, Atteridgeville and Mamelodi*. M.A. Dissertation, University of Pretoria, 1997.
MASLOW, A.H., *Motivation and personality*. New York, 1954.
MATHEWSON, J.E., *The establishment of an urban Bantu township with special reference to Daveyton*. M.A. Dissertation, Potchefstroom University, 1957.
MAYLAM, P., *South Africa's racial past: The history and historiography of racism, segregation and apartheid*. Hampshire, 2001.
MAYLAM, P. & I. EDWARDS (eds), *The people's city: African life in twentieth-century*. Durban, 1999.
MOKGATLE, M.M.N., *The autobiography of an unknown South African*. London, 1971.
MÖNNIG, H.O., 'n *Analise van die sosiaal-kulturele lewe in Hovesground: 'n stedelike Bantoewoonbuurt*. D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1959.
MOOLMAN, J.H., Die vestiging van die Bantoe in Pretoria. Referaat gelewer tydens die Kongres van die Vereniging vir Aardrykskunde-Onderwys. Potchefstroom, 1969.
MORRIS, P., *A history of black housing in South Africa*. Johannesburg, 1981.
MORRIS, P., *Soweto*. Johannesburg, 1980.
MORRIS, W. (ed.), *The Grolier international dictionary I*. Danbury, 1988.
MOSTERT, J.P.C., *Die politieke, maatskaplike en ekonomiese implikasies van die swart verstedeliking in Suid-Afrika, 1939-1948*. D.Phil.-proefskrif, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1985.
MOSTERT, W.P. & J.M. LÖTTER (eds), *South Africa's demographic future*. Pretoria, 1990.



© University of Pretoria

MOUTON, J., *How to succeed in your Master's and Doctoral studies. A South African guide and resource book*. Pretoria, 2001.
MPHAHLELE, E., *Down Second Avenue*. London, 1959.
MULAUDZI, M., *Service delivery and public participation: an exploratory case study of Atteridgeville-Saulsville between 1995 and 2005*. M.A. Dissertation, University of Pretoria, 2006.
MULLER, C.F.J., F.A. VAN JAARSVELD, T. VAN WYK & M. BOUCHER (eds), *South African history and historians. A bibliography*. Pretoria, 1979.
MUSTERD, S. & W. OSTENDORF (eds), *Urban segregation and the welfare state. Inequality and exclusion in western cities*. London, 2000.
MYERS, S.B., The contribution made by garden cities in the development of residential planning in South Africa, *in* PLANNING HISTORY STUDY GROUP, *Proceedings of the symposium on South African planning history*. Pietermaritzburg, 1993.
NASIONALE BEHUISINGS- EN PLANNEKOMMISSIE, *Minimum standaarde van wonings vir nie-blankes*. Pretoria, 1951.
NATIONAL BUILDING RESEARCH INSTITUTE, *Interim reports of the research committee on minimum standards of accommodation.* Series DS 1-9. Pretoria, 1949.
NATIONAL BUILDING RESEARCH INSTITUTE, *Research studies on the costs of urban Bantu housing*. South African Council for Scientific and Industrial Research: National Building Research Institute, series DR 10. Pretoria, 1954.
NATIONAL HOUSING OFFICE, *Guide to the planning of non-European townships*. Pretoria, 1951.
NEL, A. & J.A. VAN ZYL, *Stad en dorp*. Kaapstad, 1962.
NELL, J.T., *Die huisbediende in die stedelike gebied van Pretoria*. M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1961.
NEPGEN, C.C., *Die sosiale gewete van die Afrikaanssprekendes*. Stellenbosch, 1938.
NICHOLAS, S., History and psychoanalysis, *in* LAMBERT, P. & P. SCHOFIELD (eds), *Making history. An introduction to the history and practices of a discipline*. New York, 2004.
NÖTHLING, F.J., Die vestiging van gekleurdes in en om Pretoria, 1900-1914. Pretoria, 1977. *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis* 45(1), Pretoria, 1984.
O'MEARA, D., *Volkskapitalisme. Class, capital and ideology in the development of Afrikaner nationalism, 1934-1948*. Johannesburg, 1983.
OAKENFULL, L.J., Fifty years of planning practice: Missing the link, *in* PLANNING HISTORY STUDY GROUP, *Proceedings of the symposium on South African planning history*. Pietermaritzburg, 1993.
OAKENFULL, L.J., *Urban planning. A chronicle and reflections on urban land use planning practice in South Africa*. Johannesburg, 2021.
OAKES, D. (ed.), *Reader's Digest illustrated history of South Africa. The real story*. Cape Town, 1991.
ODENDAL, F.F. & R.H. GOUWS (reds.), *Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal.* Kaapstad, 2005.
OLIVIER, N.J.J., *Ons stedelike naturellebevolking*. Johannesburg, 1958.
ORANJE, M.C., *The language game of South African urban and regional planning: A cognitive mapping from the past into the future*. PhD. Thesis, University of Pretoria, 1997.
ORANJE, M., Learning from language: South African planners, planning and plans from the 1920s to the present, *in* PLANNING HISTORY STUDY GROUP, *Proceedings of the symposium on places, people and planning I*. Pretoria, 1994.
OSBORNE, P., Modernity is a qualitative, not a chronological, category: Notes on the dialectics of differential historical time, *in* BARKER, F., P. HULME & M. IVERSEN, *Postmodernism and the re-reading of modernity*. Manchester, 1992.
OXFORD DICTIONARY TRUST, *Oxford South African concise dictionary*. Grahamstown, 2010.
PAGE, D., *Die teorie en toepassing van streeksbeplanning. 'n Handleiding vir die studie van navorsingsmetodes en die opstel en implementering van streekplanne*. Pretoria, 1981.
PAGE, D., *Die verstedeliking van Bantoegebiede van Transvaal*. D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Suid-Afrika, 1964.



© University of Pretoria

PAMPALLIS, J., *Foundations of the New South Africa*. Cape Town, 1991.
PEACOCK, R., *Die geskiedenis van Pretoria, 1855-1902*. D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1955.
PERNEGGER, L. & S. GODEHART, *Townships in the South African geographic landscape — physical and social legacies and challenges*. Pretoria, 2007.
PHILLIPS, R.E., *The Bantu in the city*. Lovedale, 1938.
PLANNING HISTORY STUDY GROUP, *Proceedings of the symposium on places, people and planning I*. Pretoria, 1994.
PLANNING HISTORY STUDY GROUP, *Proceedings of the symposium on places, people and planning II*. Pretoria, 1994.
PLANNING HISTORY STUDY GROUP, *Proceedings of the symposium on South African planning history*. Pietermaritzburg, 1993.
POLLOCK, N.C., The development of urbanization in Southern Africa, *in* BECKINSALE, R.P. (ed.), *Urbanisation and its problems*. Oxford, 1970.
POSEL, D., The case for a welfare state: Poverty and the politics of the urban African family in the 1920s and 1940s, *in* DUBOW, S. & A. JEEVES (eds), *South Africa's 1940s: Worlds of possibilities*. Cape Town, 2005.
POSEL, D., Curbing African urbanization in the 1950s and 1960s, *in* SWILLING, M., R. HUMPHRIES & K. SHUBANE *The apartheid city in transition*. Cape Town, 1991.
POTGIETER, F.J., Major shifts in planning practice in South Africa since World War II, *in* PLANNING HISTORY STUDY GROUP, *Proceedings of the symposium on South African planning history*. Pietermaritzburg, 1993.
PRETORIA CITY COUNCIL, *Bantu residential areas in Pretoria*. Pretoria, 1965.
RALINALA, R.M., *Urban apartheid and African responses: Aspects of life in Mamelodi township, 1953-1990*. Ph.D. Thesis, University of Cape Town, 2002.
RAMARUMO, P., Social marginalisation through zoning — a historical review, *in* PLANNING HISTORY STUDY GROUP, *Proceedings of the symposium on South African planning history*. Pietermaritzburg, 1993.
RANDSE AFRIKAANSE UNIVERSITEIT, *Geskiedenis navorsingsprojek. Die geskiedenis van die Afrikaner aan die Rand, 1886-1961: oorsig III*. Johannesburg, 1974.
RAPER, P.E., *Dictionary of Southern African place names*. Stellenbosch, 1987.
REEDER, D., Introduction. H.J. Dyos and the urban process, *in* CANNADINE, D. & D. REEDER (eds), *Exploring the urban past: Essays in urban history by H.J. Dyos*. Cambridge, 1982.
REYBURN, L. (compiler), *The urban African in local government: A study of the advisory board system and its operation*. Johannesburg, 1960.
RICH. P.B., *White power and the liberal conscience: Racial segregation and South African liberalism, 1921-1960*. Johannesburg, 1984.
ROBERTS, M., The Annales school and historical writing, *in* LAMBERT, P. & P. SCHOFIELD (eds), *Making history. An introduction to the history and practices of a discipline*. New York, 2004.
ROBERTS, M., Postmodernism and the linguistic turn, *in* LAMBERT, P. & P. SCHOFIELD (eds), *Making history. An introduction to the history and practices of a discipline*. New York, 2004.
ROBINSON, J., *The power of apartheid: State, power and space in South African cities*. Oxford, 1996.
ROGERS, H., *Native administration in the Union of South Africa*. Johannesburg, 1933.
ROSS, R. J. & G.J. TELKAMP (eds), *Colonial cities*. Dordrecht, 1985.
ROUSSEAU, J.S., *Die politieke implikasies van swart verstedeliking in Suid-Afrika*, 1939-1946. M.A.-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1978.
RÜSEN, J., *Studies in metahistory*. Pretoria, 1993.
SARAKINSKY, M., *From "freehold township" to "model township". A political history of Alexandra, 1905-1983*. Dissertation series 5, University of the Witwatersrand. Johannesburg, 1984.
SAUNDERS, C., *The making of the South African past: Major historians on race and class*. Cape Town, 1988.



© University of Pretoria

SAUNDERS, C., *Writing history. South Africa's urban past and other essays*. Pretoria, 1992.
SAUNDERS, C. (advisory editor), *An illustrated dictionary of South African history*. Johannesburg, 1994.
SAUNDERS, F.A., *Native Economic Commission, 1931. Urban native areas. Notes upon section 7, paragraphs (2), (5) and (8)*. Grahamstown, 1931.
SCHAUDER, A., A social and housing policy for the urban Bantu. Being an address delivered to the Annual Congress of Native Advisory Boards of the Union of South Africa, at Port Elizabeth, December 1949, with supplementary technical data furnished by City Engineer, Port Elizabeth. Port Elizabeth, 1949.
SCHOEMAN, C.B., 'n *Kritiese ondersoek na Bantoebehuising en standaarde met spesifieke verwysing na die blanke gebiede van Pretoria en Johannesburg*. M.Sc.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1975.
SENTRUM VIR POLITIEKE EN VERWANTE TERMINOLOGIE IN SUIDER-AFRIKAANSE TALE (CEPTSA), *Nuwerwetse politieke woordeboek. Terme, begrippe en gebruike in die politiek en politieke wetenskappe*. Johannesburg, 2002.
SEVENHUYSEN, K., "Model native townships" in South Africa during the first half of the 20th century: Conceptualisation, contextualisation, and visualisation. Pre-recorded paper at the Cities in a Changing World: Questions of Culture, Climate and Design Conference (A conference on architecture, urbanism, planning, sociology, health, environments, infrastructure and economies) that took place virtually (and in New York) from 16-18 June 2021, organised by Amps (Architecture_Media_Politics_Society), an international research organisation based in the United Kingdom. New York, 2021.
SEVENHUYSEN, K., "'n Naelstring, 'n ketting, 'n prisma, en 'n hoefyster": Nuanse en balans in historiese navorsing, kommentaar en interpretasie. Referaat gelewer by die Nasionale Kongres van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Kultuurgeskiedenis. Pretoria, 12 Mei 2023.
SEVENHUYSEN, K., "Sien is ... verstaan!" Skematiese en visuele voorstellings van die konsepte "model swart woonbuurt" en "paternalisme". Referaat gelewer by die Studentesimposium vir Sosiale en Geesteswetenskappe, Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns (SAAWK). Pretoria; Oktober 2020.
SEVENHUYSEN, K., *Swart stedelike behuisingsverskaffing in Suid-Afrika, ca. 1900-1948: ekonomiese en ideologiese werklikhede*. M.A.-miniverhandeling, Universiteit van Pretoria, 2001.
SHAFER, R.J., *A guide to historical method*. Chicago, 1980.
SHELL, R.C.-H., *Children of bondage. A social history of the slave society at the Cape of Good Hope, 1652-1838*. Johannesburg, 1994.
SMIT, P. & J.J. BOOYSEN, *Swart verstedeliking. Proses, patroon en strategie*. Pretoria, 1981.
SMITH, K., *The changing past. Trends in South African historical writing*. Johannesburg, 1988.
SPARKS, S., Modernist planning in South Africa. WiSER seminar, University of the Witwatersrand, May 2021.
STADSRAAD VAN PRETORIA, *Die stad Pretoria: amptelike gids*. Kaapstad, 1952.
STALS, M., *Fragmentation & unity. The search for the design of a 'model township'. The case of Atteridgeville, Pretoria*. M.Sc. Dissertation, Katholieke Universiteit Leuven, 1998.
STARK, F. (red.), *Pretoria, eenhonderdjare — one hundred years*. Pretoria, 1955.
STEENKAMP, A.C., *Space, power and the body — the civil and uncivil as represented in the Voortrekker Monument and the Native Township Model*. PhD. Thesis, Technical University of Delft, 2008.
SUZMAN, H., *A digest of the Native Laws (Fagan) Commission*. Donaldson Blueprint Series no. 1, South African Institute of Race Relations. Johannesburg, 1948.
SWANSON, M.W., The joy of proximity. The rise of Claremont, *in* MAYLAM, P. & I. EDWARDS (eds), *The people's city: African life in twentieth-century*. Durban, 1999.
SWANSON, M.W., Reflections on the urban history of South Africa: Some problems and possibilities, with special reference to Durban, *in* WATTS, H.L. (ed.), *Focus on cities*. Proceedings of a



© University of Pretoria

conference organised by the Institute for Social Research at the University of Natal, Durban, 8th - 12th July 1968. Durban, 1970.

SWART, C.F. & A.M. LAMONT, *Die stad. Sosiologie, beplanning en ontwikkeling*. Johannesburg, 1984.

SWILLING, M., R. HUMPHRIES & K. SHUBANE *The apartheid city in transition*. Cape Town, 1991.

TAYLOR, B., *Controlling the burgeoning masses: Removals and residential developments in Port Elizabeth's black areas, 1900s-1990*. Rhodes University, Institute for Social and Economic Research, Development Studies Working Paper 51, 1991.

TEMPELHOFF, J.W.N., *Verhuidiglikte verlede — aspekte van die hermeneutiese verstaanmetode in geskiedenis*. Vanderbijlpark, 2002.

THE SOUTH AFRICAN ARCHITECTURAL RECORD, *Townplanning. Proceedings of a congress devoted to townplanning*. Johannesburg, 1938.

THE SOUTH AFRICAN INSTITUTE OF TOWN PLANNERS/DIE SUID-AFRIKAANSE INSTITUUT VIR DORPSBEPLANNERS, *Summer School/Somerskool*. Johannesburg, 1959.

THOMPSON, L., *A history of South Africa*. New Haven, 1990.

THORNHILL, C., Regerings- en administratiewe reëlings vir 'n stedelike gemeenskap, *in* VAN JAARSVELD, F.A. (red.), *Verstedeliking in Suid-Afrika*. Pretoria, 1985.

TORR, L., Lamontville: A history, 1930-1960, *in* MAYLAM, P. & I. EDWARDS (eds), *The people's city: African life in twentieth-century*. Durban, 1999.

TOULMIN, S.E., *Cosmopolis: The hidden agenda of modernity*. New York, 1990.

TUTU, D., Foreword, *in* DAVENPORT T.R.H. & C. SAUNDERS, *South Africa. A modern history*. Fifth edition. New York, 2000.

VALLY, N.T., *The "model township" of Sharpeville: The absence of political action and organisation, 1960-1984*. M.A. Dissertation, University of the Witwatersrand, 2010.

VAN AS, B.S., *Stedelike naturellebehuising in Wes-Kaapland I*. M.A.-verhandeling, Universiteit van Stellenbosch, 1955.

VAN DER MERWE, I.J., *Die stad en sy omgewing. Inleiding tot nedersettingsgeografie*. Stellenbosch, 1987.

VAN DER WAAL, G.M., *Van mynkamp tot metropolis. Die boukuns van Johannesburg 1886-1940*. Pretoria, 1986.

VAN DER WAAL, G.M., Visie op die stad, *in* BARTMANN, J.F.T. (red.), *Verstedeliking as kultuurhistoriese verskynsel*. Bundel van kongresreferate van die 1990-kongres van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Kultuurgeskiedenis. Pretoria, 1991.

VAN EEDEN, D., *Die invloed van slegte behuising op die gesondheid van die Bantoebevolking in sekere Transvaalse gebiede*. M.Sc.-verhandeling, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, 1955.

VAN JAARSVELD, F.A., *Geskiedkundige verkenninge*. Pretoria, 1974.

VAN JAARSVELD, F.A., *Moderne geskiedskrywing: opstelle oor 'n nuwe benadering tot geskiedenis*. Johannesburg, 1982.

VAN JAARSVELD, F.A., *Omstrede Suid-Afrikaanse verlede*. Johannesburg, 1984.

VAN JAARSVELD, F.A., Stad en historikus, *in* VAN JAARSVELD, F.A., *Geskiedkundige verkenninge*. Pretoria, 1974.

VAN JAARSVELD, F.A., *Stedelike geskiedenis as navorsingsveld van die Suid-Afrikaanse historikus*. Randse Afrikaanse Universiteit Publikasiereeks B3. Johannesburg, 1973.

VAN JAARSVELD, F.A., *Verstedelikings- en stedelike geskiedenis as studiegebied vir eietydse geskiedenisbeoefening: 'n historiografiese benadering*. Instituut vir Eietydse Geskiedenis, lesingreeks 1. Bloemfontein, 1972.

VAN JAARSVELD, F.A. (red.), *Verstedeliking in Suid-Afrika*. Pretoria, 1985.

VAN NIEKERK, T. & J. WOLVAARDT (eds), *Oxford South African concise dictionary*. Cape Town, 2010.

VAN ONSELEN, C., *New Babylon. New Nineveh. Everyday life on the Witwatersrand, 1886-1914*.



© University of Pretoria

Johannesburg, 2001.
VAN ONSELEN, C., *The seed is mine: The life of Kas Maine, a South Africans sharecropper 1894-1985*. Johannesburg, 1996.
VAN SCHALKWYK, W.H., *Die beleid van die Suid-Afrikaanse regering ten opsigte van die stedelike swartes*. M.A.-verhandeling, Randse Afrikaanse Universiteit, 1983.
VAN ZYL, M.E., *Swart verstedeliking in Vereeniging, 1923-1960*. D.Phil.-proefskrif, Vista Universiteit, Vanderbijlpark, 1993.
VESTBRO, D.U., Y. HÜROL & N. WILKINSON (eds), *Methodologies in housing research*. Gateshead, 2005.
WALKER, J. & G.M. VAN DER WAAL (compilers), *A working history of Mamelodi*. Human Sciences Research Council. Pretoria, 1991.
WATTS, H.L. (ed.), *Focus on cities*. Proceedings of a conference organised by the Institute for Social Research at the University of Natal, Durban, 8th - 12th July 1968. Durban, 1970.
WELCH, C.T., The influence of socio-political factors on the historical development of urban settlements in South Africa, *in* PLANNING HISTORY STUDY GROUP, *Proceedings of the symposium on South African planning history*. Pietermaritzburg, 1993.
WELSH, A.S., *The law relating to natives in urban areas*. Johannesburg, 1942.
WELSH, D., The growth of towns, *in* WILSON, M. & L.M. THOMPSON (eds), *The Oxford history of South Africa II. South Africa, 1870-1966*. Oxford, 1971.
WESSELS. A. & M.E. WENTZEL, *Die invloed van relevante kommissieverslae sedert Uniewording op regeringsbeleid ten opsigte van swart verstedeliking en streekontwikkeling*. Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing: Instituut vir Geskiedenisnavorsing, IGN-T1. Pretoria, 1989.
WIGGERS, A.J., R.F. LISSENS, A. DEVREKER, N.H. KUIPER & J. PRESSER (hoofreds.), *Grote Winkler Prins X*. Amsterdam, 1970.
WILKINSON, P., A discourse of modernity: The social and economic planning council's fifth report on regional and town planning, 1944, *in* PLANNING HISTORY STUDY GROUP, *Proceedings of the symposium on South African planning history*. Pietermaritzburg, 1993.
WILKINSON, P., Providing adequate shelter: The South African state and the resolution of the African housing crisis, 1948-1954, *in* HINDSON, D.C. (ed.), *Working papers in southern African studies III*. Johannesburg, 1983.
WILSON, M. & L.M. THOMPSON (eds), *The Oxford history of South Africa II. South Africa, 1870-1966*. Oxford, 1971.
WILSON, R.A.B., Garden cities: Do theory and practice meet?, *in* PLANNING HISTORY STUDY GROUP, *Proceedings of the symposium on places, people and planning I*. Pretoria, 1994.
WIX, E., *The cost of living, An enquiry into the cost of essential requirements for African families living in Johannesburg, Pretoria and the Reef towns, August — December 1950*. SAIRR. Johannesburg, 1950.
WOLMARANS, D.J., *Die ekonomiese motiewe en prinsipes van Bantoehandelaars in Atteridgeville en Saulsville, Pretoria*. M.Com-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1968.
WORDEN, N., *The making of modern South Africa. Conquest, segregation and apartheid*. Oxford, 1994.

## VII PAMFLETTE

GREATER PRETORIA METROPOLITAN COUNCIL, *Maotwana. Township tourist attractions*. Pretoria, 2000.
VAN DER WAAL & ASSOCIATES, *Atteridgeville. Heritage route*. Pretoria, *c.* 1999.
VAN DER WAAL & ASSOCIATES, *Atteridgeville soul city: A community that can lead the African Renaissance*. Pretoria, 1999.


© University of Pretoria

## VIII ELEKTRONIESE BRONNE

ALGEMENE WOORDEBOEK VAN EIETYDSE AFRIKAANS (AWEA), 2023. https://viva-afrikaans.org/. Toegang: 15 Mei 2023.

BURDEN, M., 1 Augustus 2023. Dan Sleigh "een van mees toegewyde historici van sy tyd". https://www.netwerk24.com/netwerk24/kunste/boeke/dan-sleigh-een-van-mees-toegewyde-historici-van-sy-tyd. Toegang: 18 Augustus 2023.

COLLINS DICTIONARY, 2022. https://www.collinsdictionary.com/dictionary/english-thesaurus/administration. Access: 16 April 2022.

DARLEY, G. 2004. Hill, Octavia (1838-1912). *Oxford dictionary of national biography*. http://www.oxforddnb.com. Access: 20 December 2018.

DIGITAL HUMANITIES INITIATIVE, 2014. *Soweto Historical GIS project*. http://www.dhinitiative.org/projects/shgis. Access: 14 September 2014.

FAINSTEIN, S.S., 5 August 2021. Urban planning. https://www.britannica.com/topic/urban-planning. Access: 17 March 2022.

GRUNDLINGH, A., 1993. Social history and Afrikaner historiography in a changing South Africa: Problems and potential. http://sas-space.sas.ac.uk. Access: 15 September 2014.

GUIDING SA, 2022. Atteridgeville. https://guidingsa.com/gp-cities-and-towns/atteridgeville. Access: 12 August 2023.

HUMAN RIGHTS EDUCATION ASSOCIATES, N.d. The right to housing. International and regional instruments for protection and promotion: United Nations, Universal Declaration of Human Rights. www.hrea.org/index. Access: 3 August 2014.

HUMAN RIGHTS EDUCATION ASSOCIATES, N.d. The right to housing: Introduction. www.hrea.org/index. Access: 3 August 2014.

IXL LEARNING, 2023. https://www.vocabulary.com/dictionary/evaluation. Access: 9 July 2023.

JENSENIUS, A.R., 11 June 2018. Disciplinarities: intra, cross, multi, inter, trans. https://www.arj.no disciplinarities-2. Access: 4 November 2019.

KADALIE, R., 21 Julie 2020. Die slagofferslas en boeie van wit skuld. https://maroelamedia.co.za/debat/meningsvormers/die-slagofferlas-en-boeie-van-wit-skuld/. Toegang: 21 Julie 2020.

KELLAGHAN, T., 2010. Evaluation research. https://www.sciencedirect.com/science/article/pii/B9780080448947013269. Access: 9 July 2023.

KRLEV, G., 14 May 2019. The death of the literature review and the rise of the dynamic knowledge map. https://blogs.lse.ac.uk. Access: 15 July 2019.

LUNDERSTEDT, S., 21 July 2021. Today in Kimberley's history 21 July. www.kimberley.org.za/tag/frank-walton-jameson. Access: 10 February 2022.

MERRIAM-WEBSTER DICTIONARY, 2021. https://www.merriam-webster.com/dictionary/zeitgeist. Access: 26 September 2021.

MERRIAM-WEBSTER DICTIONARY, 2023. https://www.merriam-webster.com/dictionary/evaluation. Access: 9 July 2023.

MEYER, S.B. & B. LUNNAY, 2013. The application of abductive and retroductive inference for the design and analysis of theory-driven sociological research. *Sociological Research Online* 18(1). https://doi.org/10.5153/sro.2819. Access: 9 July 2023.

NAIDOO, M., 29 April 2008. *Stories from the Asiatic Bazaar. Laws Marabastad*. www.muthalnaidoo.co.za/stories-from-the-asiatic-bazaar-othermenu-96/113-laws-marabastad. Access: 26 October 2011.

NEDIGER M., 5 June 2020. What is data visualization? https://www.venngage.com/blog/data-visualization/#1. Access: 9July 2023.

OXFORD LANGUAGES, 2023. https://languages.oup.com/google-dictionary-en/. Access: 15 May 2023.

PIETERS, B., 23 Januarie 2020. https://afriforum.co.za/sosiale-ingenieurswese-op-die-puk-as-n-



© University of Pretoria

mens-dit-nog-puk-mag-noem/. Toegang: 28 November 2021.

RADIOSONDERGRENSE (RSG), 21 April 2023. Potgooi https://www.rsg.co.za/rsg/potgooi-resultaat/?_sf_s=oppenheimer. Program: Op en Wakker, Onderhoud met Michael Cardo, getiteld 'Harry Oppenheimer — Die koning van diamante', oor sy boek *Harry Oppenheimer: Diamonds, gold and dynasty* (Johannesburg, 2023). Toegang: 8 Julie 2023.

RAMPHELE, L., 18 March 2015. The community of Atteridgeville wants to honour Mrs. Patricia Atteridge. https://www.702.co.za/articles/2155/the-community-of-atteridgeville-wants-to-honour-mrs-patricia-atteridge. Access: 12 August 2023.

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA, 2012. Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika: Hoofstuk 2 Handves van regte. www.justice.gov.za/legislation/constitution/SAConstitution-web-afr. Toegang: 2014-08-04.

SOUTHERN AFRICAN BUILT ENVIRONMENT, 2023. Artefacts: Model Native Township. https://www.artefacts.co.za/main/buildings. Access: 8 August 2023.

UNIVERSITY OF MINNESOTA PRESS, 2023. https://www.upress.umn.edu/book-division/books/modern-housing. Access: 10 August 2023.



© University of Pretoria